UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# Die Opbou van die Afrika Onafhanklike Kerke deur die Opleiding van Leraars en Profete

DEUR

JOHANN LODEWYK LUDIKE

VOORGELÊ TER VERVULLING VAN DIE VEREISTES VAN DIE GRAAD

DOCTOR DIVINITATIS (DD)

*in die Fakulteit Teologie*

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA

PROMOTOR: PROF. P.J. VAN DER MERWE

JANUARIE 2001

© University of Pretoria

Vir ons dogtertjie Leandi en pa Lood

Opgedra aan hulle en Hom wat hulle veilig in sy arms hou.

Sonder hulle offervaardige voorbeeld en lewens van offerande sou dit my aan die inspirasie ontbreek het om die werk aan te pak.

*Een uur om die oorwinning te behaal en ewigheid om dit te vier*
(Robert Moffat)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


# Inhoudsopgawe

**Voorwoord**........................................11

**HOOFSTUK 1**........................................15

**INLEIDING**........................................15
**1.1 Basiese probleemstelling en hipotese**........................................15
1.1.1 Die opbou van die AOK........................................15
1.1.2 Teologiese opleiding in die geval van die AOK........................................16
1.1.3 Probleemareas ten opsigte van opleiding........................................18
**1.2 Die relevansie van die studie**........................................20
**1.3 Metodologie en aanpak**........................................22
1.3.1 Werkswyse........................................22
1.3.2 Begrippe........................................31

**HOOFSTUK 2**........................................35

**DIE VERSKYNSEL VAN AFRIKA-ONAFHANKLIKE KERKE: OORSPRONG, ONTWIKKELING EN KARAKTER**........................................35
**2.1 Inleiding**........................................35
**2.2 Uit Afrika altyd iets nuuts**........................................35
2.2.1 Donatisme........................................35
2.2.2 Koptiese en Etiopiese kerke........................................36
2.2.3 Église de Jésus-Christ sur Terre par le Prophète Simon Kimbangu (EJCSK)........................................36
2.2.4 Die Braide-beweging en die Aladura Kerk........................................36
2.2.5 Die *Unzondelelo*- en *Balokale*-bewegings........................................37
**2.3 Ontwikkeling in Suider-Afrika**........................................38
2.3.1 Inleiding........................................38
2.3.2 Die Etiopiese kerkgroep........................................38
2.3.3 Die Sionisties-Etiopiese kerkgroep........................................39
2.3.4 Die Gees-tipe kerke........................................40
2.3.5 Die nadere tipering van die fenomeen Geeskerke........................................44
2.3.6 Die profetiese bediening........................................45
2.3.7 'n Herevaluering........................................46
2.3.8 Verdere ontwikkelinge van die fenomeen........................................48
**2.4 Ontstaansfaktore**........................................49
2.4.1 Sosio-politieke faktore........................................49
2.4.2 Etniese faktore........................................49
2.4.3 Teologiese faktore........................................49
2.4.4 Denominasionalisme........................................50
2.4.5 Kultureel-godsdienstige faktore........................................50
**2.5 Evaluering van die AOK**........................................51
2.5.1 Tipering........................................51
2.5.2 Die groei in die AOK........................................52

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



**HOOFSTUK 3** .......... 53

**HISTORIESE OORSIG VAN DIE TEOLOGIESE OPLEIDING VAN DIE AOK (TYDPERK 1800-1970)** .......... 53

**3.1 Teen die agtergrond van die sendingkerke se opleiding** .......... 53
3.1.1 Die Skotse Sendinggenootskap en andere .......... 53
3.1.2 Die Paryse Evangeliese Sendinggenootskap se invloed .......... 55
3.1.3 Die Stofberg Teologiese Skool .......... 56
3.1.4 Gevolgtrekking .......... 56
**3.2 Die opleiding van Sioniste** .......... 58
3.2.1 Eerste fase .......... 58
3.2.2 Ekumeniese opleidingsfase: (1950-1970) .......... 59
**3.3 Samevatting: die situasie vra na 'n nuwe paradigma** .......... 63

**HOOFSTUK 4** .......... 65

**GEKONTEKSTUALISEERDE OPLEIDING** .......... 65

**4.1 Die dialektiese spanning van kontekstualisering van opleiding by die AOK** .......... 65
*4.1.1 Praxis* en *theoria* .......... 66
4.1.2 Verabsolutering, relativering en pluralisme .......... 67
4.1.3 Kulturele adaptasie of anti-kulturele benadering .......... 68
4.1.4 Inkulturasie — statiese ekwilibrium of dinamiese transformasie? .......... 69
4.1.5 Charismatiese of amptelike opleiding? .......... 73
4.1.6 Krag of waarheidsbediening? Dualisme of holisme? .......... 74
4.1.7 Die dinamies-ekwivalente-vertalingsmodel van kontekstualisering versus die formele-korrespondensie-model .......... 75
**4.2 Kontekstualisering** .......... 76
4.2.1 Oorsprong en ontwikkeling van die term .......... 76
4.2.2 Christus en kultuur .......... 78

**HOOFSTUK 5** .......... 84

**KERKBESKOUING, AOK EN KERKOPBOU** .......... 84

**5.1 Kerkbeskouing** .......... 84
**5.2 AOK se kerkwees teen die agtergrond van TAG en *ubuntu*** .......... 85
5.2.1 AOK waar die *ubuntu* verchristelik is .......... 86
*5.2.2 Notae ecclesiae* en kerkwees .......... 86
*5.2.3 Notae ecclesiae* en *koinonia* .......... 87
5.2.4 Kortliks oor die *notae* .......... 87
**5.3 Kerkopbou en teologiese opleiding** .......... 93
5.3.1 Kerkopbou en kontekstualisering .......... 93
5.3.2 Teologiese vertrekpunt vir kontekstualisering .......... 94
5.3.3 Die betekenis van teologiese opleiding in die lewe van 'n kerk .......... 98
5.3.4 Teologiese opleiding en kerklike opbou .......... 100
5.3.5 Die inherente spanning in teologie .......... 100
5.3.6 Modelle van teologiese opleiding .......... 101

**HOOFSTUK 6** ..... 102

**MODELLE VAN TEOLOGIESE OPLEIDING** ..... **102**
**6.1 Inleiding: Opleidingsmodelle en klassifisering** ..... **102**
6.1.1 Tradisionele model van opleiding (TM) teenoor TOE ..... 103
6.1.2 TOE en TM – komplementerend? ..... 105
6.1.3 TM en TOE – dialekties tot mekaar? ..... 105
**6.2 Die suiwer TOE-Model** ..... **106**
6.2.1 Die doel van TOE ..... 106
6.2.2 Bronne en onderrigelemente ..... 107
6.2.3 Die verhouding student en dosent ..... 108
6.2.4 Metodiek ..... 108
6.2.5 Standaarde ..... 108
6.2.6 Teologiese beginsels met die oog op opleiding van profete en leraars ..... 110
**6.3 Die plaaslike ekumeniese opleidingsmodel (PEOM)** ..... **112**
6.3.1 Ekumeniese vertrekpunt ..... 112
6.3.2 Visie ..... 113
6.3.3 Strategie ..... 113
6.3.4 Bronne ..... 113
6.3.5 Evaluering ..... 114
6.3.6 'n Konsepmeestersplan ..... 114
6.3.7 Sinkroniese beplanning en verloop ..... 117
**6.4 Didache Instituut (DI)** ..... **117**
6.4.1 Inleiding ..... 117
6.4.2 Die doelstellings ..... 117
6.4.3 Kursusinhoud ..... 117
6.4.4 Metode van onderrig ..... 118
6.4.5 Samewerking ..... 118
6.4.6 Oorskakeling na ekstensiemodel ..... 119
6.4.7 Kontekstualisering soos toegepas op genesingsbediening ..... 119
**6.5 Die Nehemia Instituut (NI) (Korrespondensie model)** ..... **120**
6.5.1 Die ontstaan en doel van die instituut ..... 120
6.5.2 Die ontwikkeling van kursusmateriaal; toelating ..... 120
6.5.3 Strategie ..... 120
6.5.4 Aktualisering van kursusinhoud ..... 121
6.5.5 Eksaminering ..... 121
6.5.6 Kontekstualisering ..... 121
**6.6 Timotheus Opleidingsinstituut (TOI)** ..... **122**
6.6.1 Ontstaan en doel ..... 122
6.6.2 Metode ..... 122
6.6.3 Kurrikulering ..... 123
6.6.4 Eksaminering ..... 123
6.6.5 Dosentewerwing en -opleiding ..... 123
6.6.6 Samewerking ..... 123
6.6.7 Die vrug van TOI ..... 123
6.6.8 Evaluering ..... 124
**6.7 Fambidzano** ..... **125**
6.7.1 Oorsprong, doelwit en inhoud ..... 125
6.7.2 Standaard en metodologie ..... 125
6.7.3 Probleme wat ervaar word ..... 126
6.7.4 Kontekstualisering ..... 126

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



6.7.5 Doel wat bereik is ... 126
6.7.6 Evaluering ... 126
**6.8 Mukhanyo Bybelskool ... 127**
6.8.1 Ontstaan en doel ... 127
6.8.2 Metodiek ... 127
6.8.3 Profete-opleiding ... 128
6.8.4 Evaluering ... 129
**6.9 CRICA (Christ the Rock Independent Churches) Ministries ... 129**
6.9.1 Oorsprong en doel ... 129
6.9.2 Profetiese genesingsbediening ... 130
**6.10 Samevattende evaluering en gevolgtrekkinge ... 130**
6.10.1 Dialogiese hantering van verskille in interpretasie en tradisie ... 130
6.10.2 Ten opsigte van die metodiek ... 130
6.10.3 Onafhanklikheid en selfvoorsiening ... 131
6.10.4 Spesialisasie ... 131
6.10.5 'n Multidimensionele benadering kom nog kort: 'n Holistiese benadering gevra ... 131
6.10.6 Ruimte vir verbetering ... 131
**6.11 Opleiding in die *International Pentecostal Church* (IPC) ... 132**
6.11.1 Die model waarvolgens IPC se opleiding funksioneer ... 132
6.11.2 Skolastiese standaarde ... 132
6.11.3 Baruti of baprofeti? ... 132
6.11.4 Genesingsbediening ... 132
6.11.5 Verdere behoefte aan lering ... 133
6.11.6 Evaluasie ... 133
**6.12 Opleiding in die *International Assemblies of God* (IAOG) ... 134**
6.12.1 Ontstaan en ontwikkeling ... 134
6.12.2 Die opleidingsmodel ... 135
6.12.3 'n Genesingsbediening ... 135
6.12.4 Evaluering ... 136

**HOOFSTUK 7 ... 137**

**DIE PROFETE-AMP IN DIE AOK ... 137**
**7.1 Inleiding ... 137**
**7.2 Die roeping van die profeet by AOK ... 137**
7.2.1 Ooreenkomste met tradisionele Afrika-godsdienstigheid (TAG) ... 137
7.2.2 Roeping van profete soos deur AOK getransformeer ... 137
7.2.3 Verskillende roepingsverstaan ... 139
7.2.4 Die vorming van die profeet ... 139
**7.3 Die Genesingsbediening (GB) by die AOK-profete ... 140**
7.3.1 Die onderskeid van magie, toordery en godsdiens ... 140
7.3.2 Diagnose (*Ukupropheta*) ... 141
7.3.3 Beskouing van sonde en siekte ... 143
7.3.4 Prediking, gebedsgenesing en die rituele van die *Bapropheti* en *Baruti* ... 145
7.3.5 Besetenheid en eksorsisme ... 145
7.3.6 'n Westerse dualisme versus 'n Afrika-holisme ... 150
**7.4 Sionistiese siening van genesing ... 151**
7.4.1 Ooreenkomste met TAG ... 151
7.4.2 Verskille met TAG ... 151

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



7.4.3 Die oplossing: Die situasie vra om 'n teologiese opleiding wat holisties is en 'n genesingsbediening wat toorderyteorie kan vervang ... 151
7.4.4 Weste se siening van genesing: opleiding en magie ... 152
**7.5 Evaluering van AOK-profetisme in Bybelse perspektief ... 153**
7.5.1 Kontinuïteit tussen profete van die AOK en Ou Testament? ... 153
**7.6 Teologiese opleiding en die pastoraat: Die Gees van onderskeiding ... 155**
7.6.1 Metodologie ... 155
7.6.2 Gees van onderskeid as uitkomste ... 156
7.6.3 Onderskei ware en valse terapeutiese rolle ... 157
7.6.4 Integrasie van metodes ... 158
7.6.5 Onderskei siek en gesonde metodes ... 158
7.6.6 Samevatting ... 159
**7.7 Psigiatriese toestande ... 159**
7.7.1 Tradisionele verstaan ... 159
7.7.2 Hantering ... 160
7.7.3 Evaluering ... 161

**HOOFSTUK 8 ... 162**

**DIE BEDIENING VAN DIE GENESING EN TEOLOGIESE OPLEIDING ... 162**
**8.1 'n Bybelse begronding ... 162**
8.1.1 Die opdrag: heil vir die hele mens ... 162
8.1.2 Genesing en genesingsgemeenskap ... 162
**8.2 Die verdiskontering van genesing en genesingsbediening in teologiese opleiding ... 165**
8.2.1 Kategetiese fase ... 165
8.2.2 Die skolastiese model van opleiding ... 165
8.2.3 Die Victoriaanse tye ... 167
8.2.4 Genesing in die Na-Victoriaanse tye ... 168
8.2.5 Die moderne tyd ... 168
**8.3 Moet 'n basiese teologiese opleiding ten opsigte van genesingsbediening verskaf word? ... 169**
8.3.1 Inleiding ... 169
8.3.2 Grondhouding vir die ontwerp van 'n opleidingsmodel ... 170
8.3.3 Spesifieke uitkomste met 'n opleidingsmodel vir genesingsbediening ... 171
**8.4 Verskillende modelle vir teologiese opleiding ten opsigte van 'n genesingsbediening (GB) ... 171**
8.4.1 Die inkulturasiemodel van GB ... 171
8.4.2 Inheems-eklektiese inkulturasie in missionêr-pastorale benaderings ... 176
8.4.3 Multidissiplinêre model ... 180
8.4.4 Konfrontasiemodel ... 185
8.4.5 Dissipelskapmodel ... 188
8.4.6 Die kritiek van die dispensasionele model ... 190
8.4.7 Die integrasie- of multidimensionele ekumeniese genesingsmodel ... 190

**HOOFSTUK 9 ... 196**

**DIE LERAAR IN DIE AOK ... 196**
**9.1 Inleiding ... 196**
9.1.1 Die onderskeid tussen leraar en profeet ... 196

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




9.1.2 Die leraar en leierskapspatroon ... 197
**9.2 Roeping van die leraar ... 197**
9.2.1 Drome en visioene ... 197
9.2.2 Evaluerende opmerkings ... 197
9.2.3 Die roeping en die bevestiging by die Etiopiese leraar ... 198
9.2.4 Opleiding ... 199
**9.3 Ekklesiologie ... 199**
9.3.1 Organisasie ... 199
9.3.2 Tug ... 199
9.3.3 Evaluerende opmerkings ... 199
**9.4 Skrifhantering ... 200**
9.4.1 AOK se leraars en profete se hantering van die Skrif ... 200
9.4.2 Westerse Skrifuitleg met die oog op prediking in die Afrikakonteks ... 200
9.4.3 In teologiese opleiding – evaluering ... 201
**9.5 Erediens en prediking ... 202**
9.5.1 Prediking ... 202
9.5.2 Liturgiese sang ... 202
9.5.3 Spreek in tale ... 203
9.5.4 Sakramente ... 203
**9.6 Die kontekstualisering van die leer ... 207**
9.6.1 Dood en begrafnis ... 207
9.6.2 Eskatologie ... 207
9.6.3 Evaluering; teologiese opleiding van die AOK ... 208
9.6.4 Christologie ... 209
9.6.5 Pneumatologie ... 210
9.6.6 Samevattend ... 211

**HOOFSTUK 10 ... 213**

**DIE TEOLOGIESE OPLEIDING VAN LERAARS ... 213**
**10.1 Inleiding ... 213**
10.1.1 Vereistes waaraan die opleidingsmodel moet voldoen ... 214
**10.2 Die kerugmatiese model ... 214**
10.2.1 Oorsprong en begronding ... 214
10.2.2 Evaluerende opmerkings ... 215
10.2.3 Opleiding en die gees van toewyding aan die hand van *marturia* ... 216
10.2.4 Kerugma en kontekstualisering ... 217
**10.3 Koinonia ... 220**
10.3.1 Ten opsigte van die metodiek van aanbieding en kommunikasie ... 220
10.3.2 Interdissiplinêre sowel as multidissiplinêre opleiding ... 221
10.3.3 Koinonia en gemeensaamheid ... 222
10.3.4 Kerkopbou en herstel ... 222
10.3.5 Sistematiese, inheems-teologiese refleksie ... 223
10.3.6 Metodiek van dialoog ... 224
10.3.7 Leierskap multidimensioneel beskou ... 227
10.3.8 Sosiale en politieke betrokkenheid ... 228
**10.4 Diakonia ... 231**
**10.5 Die multidimensionele, ekumeniese kerkopbou-model as agtergrond vir teologiese opleiding ... 232**
10.5.1 Integrasie en sinkroniese balans van dimensies ... 232

10.5.2 Die model deurbreek dualisme....234
10.5.3 Die model verleen 'n dieptedimensie aan TOE....235
10.5.4 Die sosiale koinoniaat....236
10.5.5 Die integrasie van sommige ander modelle, paradigmas en dimensies....236
10.5.6 Balans en wisselwerking tussen sinkronie en diakronie....237

**HOOFSTUK 11....238**

**KURRIKULERING....238**
**11.1 Inleiding....238**
**11.2 Kurrikulumontwikkeling....238**
**11.3 Die doelwit van die NKR....239**
**11.4 Die Strategie....239**
11.4.1 Leraars en profete....239
**11.5 Kurrikulering in konsep....240**
11.5.1 Kurrikulumdoelstellings....241
11.5.2 Kurrikulêre benadering....241
11.5.3 Sillabustemas....242
11.5.4 Waardes vir kurrikulering....243
**11.6 Oorbrugging en integrasie....246**
11.6.1 Die model van Onderwys en Opleiding....246
**11.7 Die vrug van NKR....248**
**11.8 Evaluering....249**
11.8.1 NKR en prestasie....249
11.8.2 Problematiek en kritiek....249
11.8.3 Integriteit....250
11.8.4 Eenheid en pluraliteit....250
11.8.5 Integritiet gekontroleer....250
11.8.6 Oplossing uit die dilemma: vernuwing....251

**HOOFSTUK 12....253**

**REFLEKSIE: DIE TEOLOGIESE OPLEIDING VAN PROFETE EN LERAARS TEEN DIE AGTERGROND VAN KERKLIKE OPBOU....253**
**12.1 Kerugmatiese, koinoniale en diakonale vertrekpunte – sinkronies en diakronies benader....253**
**12.2 Kerkopbou en kontekstualisering....254**
12.2.1 Christologie....254
12.2.2 Doop, nagmaal en begrafnis....255
12.2.3 Transformasie en teologiese opleiding....257
12.2.4 Magie en beskerming teen magie....258
12.2.5 Transformasie deur teologiese opleiding....259
12.2.6 'n Bybelse pastorale grondhouding van balans: die hantering van *ukuthwasa* as eksemplaar....263
**12.3 TOE....269**
12.3.1 TOE, finansies en die kweekhuiseffek....269
12.3.2 Slotsom....270
12.3.3 Kontekstualisering van kerkopbou in kurrikulum....270
12.3.4 Kontekstualisering van die vakke....272

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



12.3.5 Ensiklopediese evaluering van kurrikulering en onderrig ... 279
**12.4 Die koinoniale dimensie ... 281**
12.4.1 Koinonia bring in voeling met behoeftes ... 281
12.4.2 Koinonia wil die volgende — ... 281
12.4.3 Koinonia by kerkopbou en kontekstualisering ... 282
12.4.4 Koinonia laat TOE tot sy reg kom ... 282
12.4.5 Evaluering ... 283

**HOOFSTUK 13 ... 286**

**SLOTSOM ... 286**
**13.1 Stellings ... 286**

**LITERATUURLYS ... 288**

**BYLAE ... 307**
**VRAELYS ... 307**
**EKSEMPLARIESE STOF ... 312**
**PROGRAMME: HEALING AND CHURCH DEVELOPMENT ... 312**
**14.1 Verslag, werkswyse, strategie ... 312**
**14.2 Course in a Diaconal Healing Ministry for Prophets of the African Independent Churches ... 312**
14.2.1 Unit Standard 1: Introduction to healing ministry ... 312
14.2.2 Unit Standard 2: A multi-dimensional pastoral-ecumenical approach to healing ministry ... 314
14.2.3 Unit standard 3: Individual eschatology and death ... 316
**14.3 Course in a Koinonial Healing Ministry for AIC prophets or ministers against the background of a church development ministry ... 317**
14.3.1 Unit Standard 4: Groups and the local healing and training centre ... 317
14.3.2 Unit standard 5: The origins, development and fruits of AIC with special reference to a healing and church development ministry ... 320
14.3.3 Standard unit 6: Traditional, scientific and ministerial perspectives on medical, emotional and psychological disorders – description ... 322
14.3.4 Unit standard 7: Traditional, scientific and ministerial perspectives on medical, emotional and psychological disorders – diagnosis, treatment and ministry ... 325
***14.4 Kerygma* and *martyreia* ... 328**
14.4.1 Preaching ministry for ministers of the African Independent Churches against the background of church development ... 328
14.4.2 Witnessing ministry for prophets or ministers of the African Independent Churches against the background of a church development ministry – martyreia dimension (witnessing intension) ... 330

**Sleutelterme 333**
**Opsomming 334**
**Summary 336**

# Voorwoord

## AGTERGROND

Hierdie studie is die eindproduk van 'n onderneming wat gerig was oor 'n tydperk van vyf jaar en het alreeds by die navorser se meestergraadstudies begin met 'n studie oor die AOK se profete en leraars. Daarby is die ander vakke naamlik Praktiese Teologie en Nuwe Testament so gekies om die hooftema van die kontekstualisering van Teologiese Opleiding in die milieu van die AOK te dien. Dit bestaan dus uit integrasie van die kennis van verskeie vakdissiplines.

Die onderwerp is breed aangepak, maar daar is uiteindelik spesifiek gefokus op die profete en die ontwerp van 'n teologiese opleidingsmodel met die oog op 'n genesingsbediening, omdat dit die leemte was wat uit die praktyk geblyk het en nie noodwendig die persoonlike voorkeur van die navorser verteenwoordig nie. Dit moes ook grootliks uit refleksie uit die praktyk geaktualiseer en weer geïntegreer word in die opleidingsmodel van die AOK in die geheel.

Andersyds moes hierdie studie geïnkorporeer word by die daaglikse werkpraktyk van die navorser se voogposisie in die Getuienisaksie en Uitreik van die NG Gemeente Magalieskruin. Ook dank aan die gemeente se geestelike en deels fisiese steun om die projek in die kleine 'n sukses te maak. Daar is nie gepoog om groot suksesse te behaal anders as om 'n proses te bestudeer en sukses op kleinprojekvlak te behaal nie. Daar is eers 'n breë beplanning gedoen en later meer in die detail.

Die skrywer se taal, Afrikaans, het neerslag gevind in die skripsie, maar die praktiese taalgebruik was hoofsaaklik in een van die handelstale, te wete Engels, maar met die gebruikmaak van talle inheemse taalfrases, soos Sotho en Nguni. Vir hierdie doel is die eksemplariese materiaal in Engels opgestel en dan ook in Wes-Tswana vertaal.

Hieruit is dit af te lei dat die navorsing meer as bloot akademies wou wees. Die antwoorde wou die navorser deels in die praktyk gaan soek met die moontlikheid om konsepte daar te stel wat later met vrug deur projekleiers op opleidingsgebied gebruik kan word.

## DANK EN ERKENNING

Ek wil eerstens die Here dank wat my met die middele, gesondheid, krag geseën het en Sy voortdurende leiding van sy Gees van oorwinning. Ook dank vir ondersteuning van my familie wat die Here vir my kon voorsien wat dit vir my moontlik gemaak het om hierdie studie en navorsing van stapel te stuur.

Aan die NG Kerk Reitz-Wes en die NGKA Reitz-Wes waar ek die geleentheid gegun is om die taal Suid Sotho te kon aanleer en oor vier jaar waar ek kon arbei in die kultuur van die Afrika-mens, wat vir my alhoewel moeilik in die begin, later 'n heuglike ervaring was. Vir dr Ena la Cock se inspirasie om my liefde en begrip aan te wakker vir die vasgevangde sieke, maar ook die bevrydende en genesende krag van die Here self te soek. Vir ds Tinus Meintjies, my oudkollega te Reitz (NGKA Moederkerk), wat my ook akademies gestimuleer het.

My dank aan wyle Rev Edgar Mahon van die eertydse bakermat van die AOK, Etembeni en dr Roelie van der Spuy, my gewese kollega in die NGKA wat my nie-amptelike mentors was en my ondersteun het met my aan-en-af verblyf op die sendingstasie van Etembeni. Hier het die Here vir my en my vrou gesorg soos wat hy vir Elia by die Kritspruit gesorg het. Hier het ons die ervaring van 'n verbintenis ("bonding") met die Afrika-mens geleer.

Ek kan my dank ook aan baie instansies oor dra.

1) Prof. Crafford se bydrae om in die AOK profetisme te stimuleer en die studieleiding aan die begin om my op die regte spoor te plaas. So ook prof Van der Merwe se offervaardige in-

sette en toegewyde belangstelling en menslike studieleiding in die navorsing. Ook grootliks vir sy leiding om die werk tegnies af te rond was onbaatsugtig. Ook vir sy kennis oor opleiding wat hy met my gedeel het.

2) Dank aan die profete van die Temba-Winterveld gebied wat hulle samewerking gegee het asook vir die Didaché Instituut waar my belangstelling geprikkel is in die navorsing en wat my die oop deur gegee het om van hulle studente oor 'n volle jaar tydperk te gebruik. Die ander institute en kerke wat my te woord gestaan het, verdien vermelding. Veral aan een van die profete Samuele Mothobi, ook dosent aan DI, wat die reëlings moes tref en saam deelgeneem het aan die navorsing, kom my dank toe.

Ek wil ook die SAW in die persoon van kol K Voster bedank vir die voorreg om van hulle vertalersopleidingskursusse gebruik te kon maak. Vir Dora Morapa wat met haar verpleegkundige agtergrond bereid was om die vertalingskursus te deurloop en die stof saam met Ben Molekoa deur te sien. Ook vir Ben Molekoa wat vir my verdere onderrig gegee het in Noord-Sotho.

Ook vir dr Loffie Naude my eertydse kollega by die DI en huidige hoof van die kwaliteitsversekering by SAKO wat my die geleentheid gegun het om saam met hom vir 'n paar maande deel kon wees van 'n leerskool. Ook vir Cindy Zulu by wie ek meer in die besonder kon leer. Ook vir Paul Banting vir geleenthede gebied om kontrakwerk te kon doen vir CLT wat my baie verryk het.

Laastens wil ek NERMIC bedank, veral vir die konferensies wat ek kon bygewoon het en in die besonder prof HL Pretorius en GC Oosthuizen wat my perspektiewe verbreed het.

## TERME EN AFKORTINGS

### Lys van Bybelvertalings

| | |
|---|---|
| OABV | Ou Afrikaanse Bybelvertaling (1933 of 1953) |
| NABV | Nuwe Afrikaanse Bybelvertaling |
| NIV | The New International Version |
| KJAV | The King James Authorised Version |
| GNT | Greek New Testament (Eds. Aland, K et al.) |
| OSBV (PEKS) | Ou Sesotho Bybelvertaling.- Phetolêlô E Kgalê (Sesotho) |
| NSBV (PENS) | Nuwe Sesotho Bybelvertaling.- Phetolêlô E Ntjha (Sesotho) |
| OBT-TYNT | Old Bible Translation – Thulangano Ya Ntlha' Tswana,1987 |

### Afkortings

| | |
|---|---|
| AAST | All African School of Theology |
| AGS | Apostoliese Geloofsending |
| AHCZ | Apostolic Holy Church in Zion |
| AICA | African Independent Churches Association |
| AMEC | African Methodist Episcopal Church |
| AOK | Afrika-onafhanklike kerk(e) |
| ASK | Algemene Sinodale Kommissie |
| ATR | African traditional religion |
| BOOV | Basiese onderwys en opleiding vir volwassenes |
| BTO | Basiese teologiese opleiding |

| | |
|---|---|
| CCAC in Z | Christian Catholic Apostolic Church in Zion (sedert 1905) |
| CCC in Z | Christian Catholic Church in Zion |
| CGK | Christelike Gereformeerde Kerk |
| CI | Christelike Instituut |
| CLT | Christian Life Training |
| CWWR | Church(es) with Western relation(s) |
| DD LL T NQF | *Discussion Document - Lifelong Learning Through National Qualification Framework* |
| DI | Didaché Instituut |
| EGKA | Evangeliese Gereformeerde Kerk in Afrika |
| EJCSK | Eglise de Jesus Christ sur la terre par le Prophete Simon Kimbangu |
| Eks stof | Eksemplariese stof |
| EMMS | Edinburgh Medical Missionary Society |
| ETQA | Education and training quality (assurance) authority |
| GB | Genesingsbediening |
| HOO | Hoër Onderwys en Opleiding |
| IAG | International Assemblies of God |
| IPC | International Pentecostal Church |
| ISWEN | Instituut vir Sendingwetenskaplike en Ekumeniese Navorsing |
| KMWB | Kerk(e) met Westerse bande |
| LC | Local centre |
| MBBRC | Moshoeshoe Berean Bible Readers Church |
| MBG | Model vir genesingsbediening |
| NERMIC | *Research Unit For Indigenous / Independent Churches and New Religious Movements* |
| NI | Nehemia Instituut |
| NKR | Nasionale Kwalifikasie Raamwerk |
| NMC | Ntsikana Memorial Church |
| NQF | National Qualification Framework |
| NSL | Nasionale standaarde-liggaam |
| NT | Nuwe Testament |
| OOGO | Opvoedkundige en Opleidingsgehalte-owerheid |
| OOGVO | Opvoedkundige en Opleidingsgehalteversekeringsowerheid |
| OOKB | Onderwys- en opleidingskwaliteitbeheer |
| OT | Ou Testament |
| PESG | Paryse Evangeliese Sendinggenootskap |
| PS | Plaaslike sentrum (leierskool) |
| RGN | Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing |
| RKK | Roomskatolieke Kerk |
| SAKO | Suid-Afrikaanse Kwalifikasieowerheid (Eng: *SAQA*) |
| SANW | Suid-Afrikaanse Nasionale Weermag |
| SAQA | South African Qualification Authority (Afr: *SAKO*) |

| | |
|---|---|
| SEVTO | Sentrum vir Voortgesette Teologiese Opleiding |
| SGB | Standards generating body |
| Sh | Shona |
| SOL | Standaarde-ontwikkelingsliggaam (ame) |
| S-S | Suid-Sotho |
| STG | Sentrum vir Teologie en Gemeenskap |
| TAG | Tradisionele Afrika-godsdienste of godsdienstigheid |
| TEE | Theological training in extension |
| TEF | Theological Education Fund |
| TH | Theology of Healing |
| TOE | Teologiese Opleiding deur Ekstensie |
| TOI | Timotheus Opleidingsinstituut |
| Tsw. | Tswana |
| TT | Theological Training |
| TVG | Teologie van Genesing |
| UG | Uitkomsgerig |
| V | Venda |
| VOO | Voortgesette Onderwys en Opleiding |
| VTO | Voortgesette Teologiese Opleiding |
| WRK | Wêreldraad van Kerke |
| W-Tsw | Wes-Tswana |
| Xh | Xhosa |
| ZCC | Zion Christian Church |
| Zu | Zulu |

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



## SAMEVATTING

**Die Opbou van die Afrika Onafhanklike Kerke deur die Opleiding van Leraars en Profete**

DEUR
JOHANN LODEWYK LUDIKE

PROMOTOR: PROF PJ VAN DER MERWE
DEPARTEMENT: GODSDIENS- EN SENDINGWETENSKAP
GRAAD: DOCTOR DIVINITATIS (DD)

Die waardering van die Afrika-onafhanklike kerke het gedurende die twintigste eeu grootliks verander, vanaf negatief tot positief. Die meer positiewe waardering hang saam met 'n ruimer en meer akkommoderende ekklesiologiese beeld waartoe gedurende die afgelope nagenoeg veertig jaar in die Sendingwetenskap gekom is.

Teologiese opleiding as 'n onderneming onder die AOK het in die verlede gemengde sukses behaal. Westerse kerke het geneig om hulle eie model na die AOK oor te plant. Daar was min bereidheid om in terme van inheemse behoeftes en strukturele tradisies te dink. Aan die kant van die AOK was daar weer agterdog oor die motiewe van Westerse kerke en is sodanige opleidings relatief swak ondersteun. Vanuit Bybelse en historiese gegewens wil hierdie proefskrif 'n meer geloofwaardige opleidingsbenadering aanbied wat ook kerkopbou in die hand sal werk.

Heling speel 'n sleutelrol in feitlik al die AOK en skakel met die sogenaamde profeetamp, 'n unieke funksie of bediening in die AOK.

Die proefskrif stel 'n geïntegreerde of ekumeniese-genesingsopleidingsmodel voor om die AOK se profete in teologiese opleiding te betrek. Dit kom daarop neer dat integrasie bewerk moet word tussen tradisionele benadering, Westerse medies-biologiese metodes, sowel as Bybelse pastorale bedieningsmetodes. Daar moet vir 'n kragontmoetende benadering en vertrekpunt ruimte gemaak word, maar dit moet verder begelei word na 'n waarheidsontmoeting met die groot Waarheid wat 'n persoonlike ontmoeting is.

By die leraars word 'n multidimensionele ekumeniese kerkopboumodel voorgestel wat kerugma, koinonia en diakonia sinkronies en diakronies benut.

Aanduidings in die praktyk (aan die hand van diakonia en koinonia as assesseringskriteria) was was dat derglike opleiding 'n transformasieproses begin het wat tot groter balans kan lei. Van die profete wat oorspronklik bloot diakonies te werk gegaan het, het tot 'n verchristelikte *ubuntu* of koinonia beweeg. Die leraars is weer kruisbestuif deur meer koinoniale insigte wat onder andere uitmond in diakoniese uitkomste.

Ook die Westerse kerke of sendende kerke moet tot groter balans in eie denke en benadering kom. Eensydige beklemtonings, soos op die kerugma, kerkplanting, persoonlike vroomheid of geloofservarings of aan die ander kant op diakonia, moet plek maak vir 'n meer gebalanseerde en holistiese benadering. Sommige opleidingsinstitute is goeie evangelisasiekatalisators maar, gaan gebrek om aan ware klinies-pastorale insigte. Eksegeties-hermeneutiese insigte word selde kontekstualiserend gekommunikeer. Materiaal is dikwels nog eensydig sinkronies of diakronies en kultuurontkennend.

Indien die Westerse opleiding enigsins relevant wil wees, sal hulle meer van koinonia moet maak as die verlore dimensie in Westerse kerklike lewe, maar 'n lewende werklikheid in die

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



AOK. Sonder die element van koinonia wat kontekstualisering verseker en die dualismes van teorie en praktyk, ekstraksie en abstraksie deurbreek, sal die Westerse instansies irrelevant in teologiese opleiding van die AOK bly.

Aan die ander kant sal die Westerse instansies moet waak teen 'n ooroptimistiese siening van die AOK en byvoorbeeld redeneer dat alle kerke op een of ander manier sinkretisties is en dat die AOK toegelaat moet word om hulle eie gang te gaan. Dit is nie alleen histories onrealisties nie, maar ontken ook die onderlinge verbondenheid en verantwoordelikheid van die een, heilige, algemene en Christelike kerk.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# Developing the African Independent Churches by Training of Ministers and Prophets

BY

JOHANN LODEWYK LUDIKE

PRESENTED FOR THE DEGREE

DOCTOR DIVINITATIS (DD)

*in the Faculty of Theology*

UNIVERSITY OF PRETORIA

PROMOTER: PROF. P.J. VAN DER MERWE

JANUARY 2001

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



## SUMMARY

Appraisal of the African indigenous/independent/initiated churches (AIC's) changed quite markedly during the twentieth century: from negative (at the beginning of the century) to positive (at the end thereof). The more positive judgement followed a change during the past forty years of Missiological understanding of the essence and role of church.

Theological training during the past fifty years of the leaders of the AIC's had mixed success. Western churches tended to transplant their own model to the AIC's and did not really try to accommodate indigenous needs or structural traditions. On the other hand the AIC's tended to be suspicious of the motives of Western churches. Therefore they tried to be self-sufficient in training.

This dissertation aimed to develop a more credible and viable approach in such training from Biblical and historical perspectives. Another aim was to make such training subservient of the ideal of developing of the AIC's as church.

Healing plays a key role in the AIC's with the so-called prophetical office as a unique function and ministry.

The dissertation proposes an integrated or ecumenical healing model to address the training needs of the prophets. The model aims to integrate Western medical-biological methods, traditional African healing and Biblical-ministerial principles. A ministry of confronting the powers (as accepted in many AIC's) must be transformed toward meeting the Truth and focused toward building a personal relationship between the ill member and his/her Saviour linked with the koinonia of the faith community.

In the case of the ministers a multidimensional, ecumenical church development model is proposed which aims to realise kerygma, koinonia and diaconia in a synchronical and diachronical manner.

Preliminary indications from such training (done as part of this research) were that a transformation process was started which promised *inter alia* greater balance between diaconia and koinonia. Prophets, who formerly operated solely in the diaconial sphere of healing, began to show greater appreciation of the importance of koinonia (albeit a Christianised *ubuntu*). The ministers began to understand that true koinonia couldn't be separated from diaconia, since it follows from the faith relationship with God.

On the other hand it became clear that Western churches also need some re-examination of their own traditions, theological presuppositions, ideas and missiological strategies. No church can afford to focus on one or two aspects in training, like kerygma, church planting, personal piety or experiential faith, or diaconia on the other hand. What is needed is a balanced, holistic view and approach. Many places of training are excellent catalysts of evangelism, but do not really succeed in training for the healing ministry, because e.g. clinical input is precluded due to a strict pietistic understanding of the ministry. Exegesis and hermeneutical skills are not really contextualised and therefore tend to remain an ethereal ideal. Training material suffer either from synchronical or diachronical one-sidedness, or cultural/contextual ignorance.

If Western churches' or training institutes' ideal is relevancy in the training of the AIC's, much more must be made of koinonia – the lost dimension in Western Christianity, but a living reality in the AIC's. Without the element of koinonia contextualisation will be nothing but an idle dream, because it facilitates the bridging of dualisms (such as theory and practice, extraction and abstraction etc), which proofed to be the undoing of many training enterprises in Africa.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



On the other hand Western churches and agencies must guard against an over-optimistic view of the AIC phenomenon. In many instances such a view is justified with the argument that all churches are or have been syncretistic in one way or another. Therefore the AIC's must be left to their own resources to develop a true African Christianity and ecclesiastical model. However, such argument is not historical realistic and denies the mutuality, interdependency and mutual responsibility of the one, holy, universal and Christian church.

# Hoofstuk 1

# INLEIDING

## 1.1 BASIESE PROBLEEMSTELLING EN HIPOTESE

Die basiese probleemstelling is soos volg: (1) Kan die Afrika-onafhanklike kerke (AOK) deur die opleiding van hulle ampsdraers opgebou word? (2) Indien ja, hoe behoort so 'n opleidingsmodel daar uit te sien?

- Wat leer die geskiedenis? Is daar presedente? Watter foute kan aangedui word?
- Wat behels die huidige konteks, dit wil sê kerklik en opvoedkundig?

Die hipotese behels dat dit moontlik is om die AOK vrugbaar op te bou of in die opbouproses te begelei deur die teologiese opleiding van leraars en profete, mits die opleiding daarop afgestem en behoefte- en konteksgerig is, natuurlik sonder om die Woord los te laat. Dit behels onder andere opleiding wat die dialektiek van beide ontuis en tuis in die konteks te wees, ondervang.

Soos later aangetoon sal word, is daar 'n sterk element van tradisionele Afrika-godsdienstigheid in die AOK. Kerkopbou sou in hierdie geval dus ook beteken dat hierdie tradisionele godsdienstigheid omgebuig word na gekontekstualiseerde Christelikheid. Dit is egter nie iets wat namens die AOK gedoen kan word nie, maar moet in die ontmoeting van die AOK met Woord en Gees realiseer. Om dieselfde rede kan teologiese opleiding gerig op die AOK nie slaag sonder hulle heelhartige samewerking nie.

Tegelykertyd beteken dit dat Westerse betrokkenheid by so 'n onderneming bereid en in staat moet wees om die (historiese en kulturele) gekontekstualiseerdheid van die eie teologie, Christelikheid en kerkwees raak te sien en te verdiskonteer. Dit kom dus neer op 'n ervaring van hernieude selfontdekking. Dit laat sulke vennote ook besef dat hulle nie regtig die senior vennote in so 'n onderneming kan wees nie.

Uiteindelik gaan dit om inkulturasie, 'n proses wat nooit afgesluit nie, nie vir die AOK of vir die kerke met Westerse bande (KMWB) nie.

### 1.1.1 Die opbou van die AOK

In watter mate is dit moontlik om van kerkopbou by die AOK te praat? Het die AOK nodig om as kerke opgebou te word?

Hierdie vraag moet begin by die vraag of die AOK hoegenaamd as kerke beskou moet word of as kerke in wording? Daar is diegene wat weier om die AOK as kerke te beskou en sal hoogstens na hulle as sektes verwys. Ander (soos Crafford) is bereid om hulle as kerke te aanvaar, maar op voorwaarde dat hulle ook as kerke in wording beskou word.

Dan is daar ook diegene wat hulle volledig as kerke aanvaar, ja selfs as die kerke van die toekoms, met die implikasie dat die tradisionele Westerse kerke op pad uit is.[1]

---

[1] Hierdie vraag is egter nie in hierdie studie as wesenlik hanteer nie, aangesien die fokus juis op die opbou en ontwikkeling van die AOK val en nie op hulle geskiedenis nie.

Die hele konsep en teorie van kerkopbou kan ook nie kritiekloos aanvaar word nie. Dit moet krities oorweeg word. Die verskil tussen kerkopbou en gemeentebou moet ook oorweeg word. Aan die ander kant was daar geen bedoeling om die hele prakties-teologiese gesprek rondom kerkopbou te deurgrond of selfs weer te gee nie.

Alle kerke het altyd opbou nodig. Dit is in ooreenstemming met die Reformatoriese slagspreuk: *Ecclesia reformata semper reformanda.*

### 1.1.2 Teologiese opleiding in die geval van die AOK

Die amp van leraar is algemeen in die Reformatoriese kerke van toepassing. In die AOK is dit uitwisselbaar met die sogenaamde biskopamp. In beide gevalle fokus die funksionering op leierskap, bestuur en prediking.

Die profeetamp by die AOK is iets eie aan dié kerke. Dit moet nie aan die hand van profetisme in die Ou Testament verstaan word nie, maar behoort ook nie geheel en al daarvan losgemaak te word nie. In AOK-verband fokus die amp op diagnose van siekte en genesing. Die belangrikheid van hierdie amp in die AOK dui op die sentrale waarde van 'n genesingsbediening in dié kerke.

Vir die doel van hierdie studie word hoofsaaklik gekyk na die twee ampte van leraar en profeet. Ek gaan van die hipotetiese voorveronderstelling uit dat daar by beide die AOK-leraars en -profete diegene is wat 'n bediening probeer volg wat Bybels meer toereikend is en as sodanig die opdrag van Jak 5:13-15 ernstig probeer neem. Hulle is die groep wat meer vatbaar is vir opleiding en met die nodige skoling kan hulle tot 'n meer geloofwaardige bediening gehelp word.[2] 'n Opleidingstrategie sal inhou dat hierdie groep eerste geteiken word en dat die res geleidelik deur hulle invloed betrek sal word.

Daar is een skool wat sê dat die AOK se profete onopleibaar is, omdat jy nie 'n profeet kan oplei nie. HL Pretorius huldig hierdie standpunt (my gesprek met prof Pretorius na aanleiding van sy lesing te NERMIC-kongres, 26 Junie 1997). Die ander skool, byvoorbeeld die van D Crafford, maak ruimte vir opleiding en wil juis klem lê op die nodigheid van die opbou van die kerke (Crafford 1993:9).

Die AOK gaan uit van 'n direkte, charismatiese omgang met die Bybel (Gilliland 1996:265). Daarom is die opleiding van ampsdraers of leiers definitief eiesoortig en, volgens Westerse standaarde, meestal gebrekkig. 'n Belangrike rede daarvoor is dat daar by baie AOK 'n agterdog teenoor Westers-geïnisieerde teologiese opleiding bestaan. Aan die ander kant sou 'n mens nie kan veralgemeen en die stelling maak dat die AOK nie oop is vir opleiding nie, omdat daar baie voorbeelde is van AOK-leiers wat daarvoor toeganklik geblyk te gewees het (Gilliland 1986: 627).

Dit is in elk geval duidelik dat teologiese opleiding wat op die AOK gerig is, geen hoop op sukses kan hê, tensy dit met hulle persepsies rekening hou en op hulle behoeftes en besondere omstandighede afgestem is nie.

#### *1.1.2.1 Leraars en profete*

Soos reeds genoem, maak die ampstruktuur van die AOK daarvoor voorsiening dat daar naas die amp van die leraar ook 'n amp van die profeet bestaan.

Baie sendelinge en Westerse sendingwetenskaplikes het in die verlede geneig om die amp van die profeet in inheemse kerke te ignoreer. Die vernaamste rede daarvoor was waarskynlik

---

2 Onder andere tel die genesingsbediening van Walther Matitta onder hierdie meer geloofwaardige groep, alhoewel sy kerk dit grootliks verloor het (Van der Spuy 1995:182).

dat dit op geen wyse ingepas het by die kerkordelike model wat aan hulle bekend was en wat hulle as Bybels en in elk geval normatief beskou het nie.

Vir die doeleindes van die studie is met 'n duidelike onderskeid tussen die twee ampte gewerk, aangesien hulle bedieninge andersoortig daar uitsien. Die term wat baie keer vir die leraar gebruik word, naamlik *moruti* of *umfundisi*, dui op 'n kerugmatiese en veral didaktiese funksie. Daarteenoor dui *umprofeti* op die funksie van diagnosering en die voorskryf van behandeling vir die sieke (Kiernan 1975:197). Die leraar staan dus nader aan die Bybelse profetiese amp wat die Woordverkondiging betref, terwyl die profeet nader aan die genesingsbediening van die tradisionele Afrika-godsdienste (TAG) verkeer. Die (Sionistiese) profeet het volgens Oosthuizen (sj:153) van nature geen bediening van verkondiging of evangeliese proklamasie nie. "Profesie" moet dus meer in terme van die identifisering en konfrontering van die bonatuurlike kragte en invloede verstaan word.

Aan die ander kant is die twee funksies van profeet en leraar by sekere AOK, veral in die ontstaanstadium, met mekaar verweef (Kiernan 1975:199). Dit sou dus 'n fout wees om hierdie twee ampte in isolasie van mekaar te beskou.

R van der Spuy wil hê dat ons die profeetamp op voetspoor van D Crafford sien as 'n nuwe amp wat aanvanklik 'n mengsel van die Bybelse en TAG-elemente mag wees, maar wat begelei en opgebou moet word tot groter beklemtoning van verkondiging (Van der Spuy 1995:145).

#### *1.1.2.2 Basiese teologiese opleiding met die oog op 'n bediening van genesing?*

Vir die doel van hierdie studie word uitgegaan van die geloofsapriori dat goddelike genesing nie net tot die apostoliese tyd behoort het nie, maar dat dit vandag nog plaasvind en dat dit ook 'n opdrag is van God wat vandag nog geld (Jak. 5:13-15) (Kelsey 1973:101,220).

Vir dié doel wil ons dan 'n model die lig laat sien wat die proses kan stimuleer om tot 'n eie geloofwaardige genesingsbediening (GB) te kan kom. Indien dit bereik sou kon word, sou dit kurrikulêr ingeskakel kon word by die Nasionale Kwalifikasieraamwerk.

Die uitdaging sou wees om deur teologiese opleiding (natuurlik met die innerlike werking van die Heilige Gees) die profete se teologie van genesing evangelies te transformeer. Dit sou egter op talle maniere benader kon word.

Volgens HL Pretorius (1997, te Nermic-konferensie) het hierdie transformasie alreeds begin. Profete hanteer nie meer siek mense alleen nie, maar verwys hulle ook vir mediese ondersoeke, wat daarop dui dat hulle die biologiese oorsake van siektes snap. Hy maak egter veel van die roeping van die profeet en lei daarvan af dat hulle nie opgelei kan word nie.

#### *1.1.2.3 Behoefte aan opleiding of nie?*

Teologiese opleiding van profete kan dus net op hulle roeping volg. Opleiding met die oog op 'n moontlike roeping is nie realisties nie. Dit geld in 'n hoë mate ook die leraars.

Die kliniese pastoraat kan gebruik word met die oog op die AOK se profete-opleiding. Die keerkant is dat die kliniese pastoraat die waarde van die opleiding van lekewerkers ook meer behoort te besef, aangesien die onderlinge pastoraat in die kerke met Westerse bande (KMWB) in die slag gebly het (De Jongh van Arkel 1988:7).

JA Beckford (1985:87) wat 'n uitgebreide studie van "genesers" in die sogenaamde nuwe godsdienste gemaak het, meen dat daar by sommige van die bewegings 'n onbeperkte moontlikheid vir opleiding bestaan. As gevolg van hulle holistiese kosmologie lyk dit asof opleiding nie net by die geestelike terrein moet stilstaan nie, maar ander dissiplines ook moet betrek.

'n Belangrike deel van die probleem is dat daar tot op hede weinige, indien enige, opleiding van genesers of profete *met die oog op 'n genesingsbediening* gerealiseer het. Profete word wel ingeskakel by 'n algemene teologiese-opleidingsprogram, maar die probleem daarmee is dat dit

nie relevant genoeg gekontekstualiseer is nie. 'n Belangrike rede daarvoor kan wees dat daar min belangstelling deur profete geopenbaar word. Aan die ander kant is dit ook moontlik dat so 'n behoefte nog net nie raakgesien is nie.

So 'n opleiding moet egter komprehensief benader word sodat die leraar ook daarby betrek word. Die gevaar lê daarin dat die profetiese bediening in die AOK gesien word as synde 'n genesingsbediening alleen. Ons sou die tipe bediening egter nie kon losmaak van die prediking en meer in besonder van die leraarsamp nie. De Villiers (1977:6): "Die boodskap van die Ryk beteken die genesing van die menslike lewe, bevryding." Genesing word in verband gebring met al die ander aspekte en al die ander aspekte met dié van genesing. Volgens Markus 16:18-20 word die genesingsopdrag saam met die kerugmatiese en pastorale opdragte gegee – gaan verkondig, gaan leer, gaan genees, gaan doop – en wel as blywende imperatiewe.

Laastens spreek dit vanself dat opleiding van beide leraar en profeet uiteindelik ook kerklike opbou in die oog moet hê.

### 1.1.3 Probleemareas ten opsigte van opleiding

Dit kom daarop neer dat die Westerse opleidingsinstansies nie genoegsaam gekontekstualiseer was om die kulturele behoeftes van die AOK aan te spreek nie, onder andere omdat daar nie goeie begrip vir die wêreld en godsdienstigheid van die Afrika-mens was nie, terwyl eie tradisies en modelle kritiekloos as norm aanvaar is.

Stephen Neill het gesê dat die swakheid van die ganse Christelike uitreik juis in die geval van teologiese opleiding na vore gekom het, onder andere vanweë die onwilligheid van kerke om op dié punt met mekaar saam te werk. Dit lei tot 'n grootskaalse tekort aan fasiliteite, mannekrag en literatuur in inheemse tale (Neill 1964:518-519).

Die hele problematiek is egter nie so eenvoudig op te los asof kerke hulle kragte en fasiliteite moet saamsnoer nie. Die grootste problematiek is daarin geleë soos JH Kane (1978:103) dit uitdruk: "... theological training was patterned after the classical kind so common to the West." Dit gaan dus oor die naïewe veronderstelling dat Westerse teologiese modelle, sisteme, teologieë net so in 'n Afrika-konteks oorgeplant kan word.

Al hierdie Westerse modelle het strawwe toetse deurloop (Zorn:1975:79). Die Westerse wêreld het, omdat hy nie integrerend en holisties gedink het nie, in gebreke gebly om 'n model vir 'n Afrika-wêreldbeeld voor te stel wat prakties werkbaar is. H Nolan (1962:145) reageer teenoor die Westerse opvoedingsisteem soos volg: "The system which we import are systems which we acknowledge to be full of imperfections, the sources of many difficulties and dangers at home. We bind on the new converts a burden heavy and grievous to be borne, a burden nor we nor our fathers were able to bear ..." Vervolgens: "In so acting we have adopted a false method of education." Dit is so dat die Skrif merendeels in 'n holistiese wêreldbeeld sy beslag gevind het. Die sprong van Afrika-konteks na 'n Westerse konteks na 'n Bybelse konteks is onnodig en kan vergelyk word met die Joodse Christene wat van Griekse gelowiges verwag het om die kerk via die Judaïsme binne te kom (Winter 1969:421).

Teologiese opleiding behels dus die problematiek van skolastiese modelle wat sonder meer teologiese skoling onderlê en wat boonop vanuit 'n gesekulariseerde wetenskaplike agtergrond min of geen ruimte laat vir goddelike genesing (na aanleiding van Jakobus 5:13-15). Teologiese opleiding was te akademies en dit was gerat om die kerk in stand te hou. Die koninkryk is nie altyd as visie nagejaag nie. Daar is te veel op akademiese meriete gekonsentreer en die leierskapselement het onder die indruk gekom van die status wat 'n akademiese kwalifikasie meebring – dus selfdiens, eerder as diens aan die gemeenskap van die gelowiges (Ward 1996:30). Die meeste studente vind hulle dan ook na afstudering vervreem van die eie gemeenskap (Mzibuko 1987:312).

Theron (1995:45) wys terreine soos Skrifgebruik, hermeneutiek, kerkopbou en genesingsbediening uit as terreine waarop die behoefte aan 'n gekontekstualiseerde opleiding mees aktueel was, maar dat veral ten opsigte van kurrikulering en die teologiese afleweringsisteem gefaal is.

### *1.1.3.1 Teologiese en hermeneutiese misverstande*

Ons onderskei inleidend drie areas:

a) Jesus Christus word as gevolg van die a-historiese of piëtistiese verkondiging en opleiding nie deur sommige AOK na waarde geskat is nie. Christus is deur die sendelinge verkondig as die Een wat die mens van sondes kom verlos het. Die meeste tradisionele swart volkere ag verlossing van sondes nie regtig as lewensnoodsaaklik of selfs van sentrale belang nie (Nussbaum 1984:254). Heil het meer met die balans van kragte en magte te doen. Die gevaar is dat Christus ook nie as 'n sentrale figuur beskou word nie.

(b) Dit word grootliks onderlê deur 'n mitiese, fundamentalistiese gebruik van die Skrif en magiese beskouing van die wonderwerke van Christus wat ook uitkristaliseer in die prediking (Hofland 1979:17, Nussbaum 1987:185, Horn 1963:1-9). In die eksegese en prediking word oor die algemeen na duidelike riglyne en lesse gesoek. In hierdie disposisionele didaktiek is die AOK-predikers geneig om 'n paar temas te herhaal en daar vas te haak. Daar is ook nie genoegsame sistematiek nie. Wat 'n sentrale tema behels, word gedagtes baie herhaal en gefragmenteerd aangebied (Pauw 1960:139).

Ook is daar al baie gekonsentreer om opleiding vir die leraars te verskaf met kursusmateriaal wat nie heeltemal geslaag het om die nood raak te vat nie en was 'n Bybelse teologie rondom 'n genesingsbediening iets waaraan teologiese opleiding nog te kort skiet. Een van die oogmerke sou dan wees om verder te gaan as die blote opleiding van leraars, maar ook verder te kontekstualiseer tot die opleidingsvlak van die profete.

(c) JH Kane (1978:60) se waarneming in hierdie verband is van belang: "Christians facing with the aftermath of the belief in witchcraft and attended need for healing are joining the new religious movement of charismatic healing." Die AOK is dus die resultaat van swart lidmate wat 'n kerklike heenkome buite die KMWB gaan soek het, omdat laasgenoemde kerke weinig erkenning aan hulle behoeftes gegee het, terwyl eersgenoemde die tradisionele wêreld en kultuur van die swartman geadem het.

Dan is daar ook die Westerse misverstaan van die konteks en behoeftes van die AOK: "... All expressions of evil, the counterpoint of life, have been humped together and labelled witchcraft. This is a pejorative label and one that is inappropriate. [It boils down to] values misunderstood and marginalization." Die AOK is deur die Westerse kerke gedemoniseer en gesektariseer.

A en B (teenoor C) sê vir ons alreeds dat daar 'n stuk dialektiek in TO is wat verdiskonteer moet word. Die dialektiek gee aanleiding tot 'n tweeledige identiteitskrisis, by beide die AOK en die Westerse opleidingsinstansies.

AO Mojola (1987:139) praat van die naakte evangeliese kern waarna gesoek moet word, gestroop van die Westerse interpretasie daarvan. Die klassieke teologiese opleiding kon nie daarin slaag om na die fokuspunt van die tradisionele swartman se behoeftes en vrese deur te dring nie. Dit het dus ongedeerd en met allerlei vrese gevul gebly. Volgens FJ King (1994:34 ev) sal transformasie noodwendig plaasvind as die swartman met die Heilige Gees se werk in aanraking kom. Die vraag is net of die ou wynsakke die Heilige Gees se werk kan absorbeer en of dit nie die wynsakke noodwendig moet skeur en laat bars nie.[3]

---

[3] Die beeld van die wynsakke na aanleiding van die gedeelte in Markus 2:18-22 het vele teoloë geïnspireer. Sundkler het dit gebruik om die sinkretistiese trekke onder Zulu Sioniste te beskryf (Sundkler 1961:238). D Cassidy het weer gepraat van die "bursting of the wineskins" wat hy op die rigiede strukture van die KMWB van toepassing gemaak het. Hy druk die verdringing van die Heilige Gees se werking vanuit die tradisionele KMWB soos volg uit: "... Hide-bound traditionalism and of Christian factio-

Die grootste toets sal daarin geleë wees of die vrees vir die voorvaders verwyder kan word en plek kan maak vir 'n persoonlike en intieme geloofsvertroue in die Here Jesus Christus (King 1994:23). Die gevaar is dat die evangelie die gevangene van die begrippe en kategorieë van die AOK word.

### *1.1.3.2 Sosio-ekonomiese nood*

'n Groot problematiek wat nooit misgekyk moet word nie, is die sosio-ekonomiese nood waaronder die AOK gebuk gaan. Hier maak die AOK deel uit van die totale nood van die agtergeblewe gemeenskappe wat hulle in 'n sterk oorgangsfase na die moderne kultuur bevind. 'n Mens dink veral aan werkloosheid en armoede en hoë kindersterftesyfers. Volgens Kritzinger (1982: 14-17) sal die kerk ekumenies hieraan aandag moet gee deur die kundiges en leiers toe te rus vir die taak. In die Afrika-konteks is die profete en leraars die leiers met die meeste invloed op hulle kerke.

Dan is die nood ook geleë in Westerse kultuurimperialisme in die skoolstelsel. Swartmense word met 'n rasionalistiese wetenskaplike en dikwels elitistiese opvoeding gekonfronteer wat hulle nie altyd in hulle Afrika-konteks help nie. Daar is 'n geweldige tekort aan opgeleide vakmanskap wat deur die skoolstelsel aangehelp word (Oosthuizen 1985:226).

Ook is daar fisiese behoeftes en psigiese nood in opleiding wat lank grootliks geïgnoreer is. Dit geld die student sowel as sy konteks.

### *1.1.3.3 'n Stuk dialektiek in teologiese opleiding*

Boweal kan ons sê dat die problematiek in teologiese opleiding nie so maklik oplosbaar is nie, aangesien daar nie 'n reg of verkeerd is nie, maar eerder 'n stuk dialektiek in opleiding wat beide die gevare van piëtisme en sinkretisme inhou. Miskien kan dit die beste gesien word in die stelling van Charles Nyamiti (1994:60): "This is indeed a new movement that expresses concretely our desire to turn away from a ready-made system; formulae and abstract concepts toward a person Jesus Christ whom we recognize as our Ancestor."[4]

## 1.2 DIE RELEVANSIE VAN DIE STUDIE

Die AOK is, as ons dit as groep met ander kerke in Suid-Afrika vergelyk, een van die Christelike groepe wat die vinnigste en mees indrukwekkende groei vertoon. Volgens die nuutste syfers van 1996-sensus, behoort 28 persent van die Christene in Suid-Afrika tot die AOK-groep. Dit dui op 'n groei van 8% sedert die sensusopname van 1980.

As gevolg van die vinnige groei van die AOK (sien tabel 1) bestaan die moontlikheid dat dit gepaard gaan met 'n skeeftrekking van die Christelike teologie en die dimensies van kerugma,

---

nalism are often blocking the flow (of the wine) with lethal corks. The new wine being created by the work of the Spirit..." (Cassidy 1983:232).

'n Mens sou ook kon sê dat die AOK uit die Westerse verpakte kategorieë van die evangelie gebreek en gebars het.

Die beeld kan dus soos 'n tweesnydende swaard werk. Teenoor die gevaar van sinkretisme staan krampagtige tradisiehandhawing wat ook op teologiese instellings van toepassing gemaak kan word.

Onderliggend aan die beeld lê die gedagte dat die evangelie die nuwe wyn is wat nie in die ou wynsakke van die uitgediende wettiese Judaïstiese godsdiens gegooi kan word of vermeng kan word nie. Die nuwe wyn moet in nuwe velsakke gegooi word sodat dit saam met die wyn kan uitsit, terwyl die ou sakke nie meer kan uitsit nie en daarom bars, skeur of lek. So gaan beide wyn en sak verlore.

Die beeld maak egter ruimte vir die brei en vernuwing van die ou wynsakke sonder die noodwendige weggooi daarvan. (Vgl. Woord teen Lig Robinson 1987:83) "...Allowing God to bring fresh wineskins into being. But first the old wineskins must burst. Only this way will a thirsty world be able to drink." (Cassidy 1983:232:233).

[4] Vir die verdiskontering van dialektiek, sien strategie, 1.3.1.4.5 (p 25) en finale model: Hoofstuk 12.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


*Tabel 1*

Godsdienstige statistiek: Suid-Afrika 1996

| *Godsdiens / Denominasie* | *Ledetal (in duisende)* | *%* |
|---|---|---|
| Christene | 31 804 | 75,49 |
| Zion Christian kerke | 4 091 | 9,71 |
| NG Kerk-familie | 3 729 | 8,85 |
| Katolieke kerke | 3 623 | 8,60 |
| Metodiste-kerke | 2 970 | 7,05 |
| Pinkster- / Charismatiese kerke | 2 330 | 5,53 |
| Anglikaanse kerke | 1 694 | 4,02 |
| AGS | 1 188 | 2,82 |
| Lutherse kerke | 1 112 | 2,64 |
| Presbiteriaanse kerke | 771 | 1,83 |
| Ibandla LamaNazaretha | 480 | 1,14 |
| Baptiste-kerke | 463 | 1,10 |
| Congregational kerke | 455 | 1,08 |
| Ortodokse kerke | 34 | 0,08 |
| Ander Apostoliese kerke | 3 720 | 8,83 |
| Ander Sioniste-kerke | 2 283 | 5,42 |
| Etiopiese tipe kerke | 847 | 2,01 |
| Ander Calvinistiese kerke | 409 | 0,97 |
| Ander Afrika-onafhanklike kerke | 244 | 0,58 |
| Ander Christelike kerke | 1 336 | 3,17 |
| Moslems | 586 | 1,39 |
| Hindoes | 569 | 1,35 |
| Judaïste | 72 | 0,17 |
| Afrika-tradisioneel | 17 | 0,04 |
| Ander godsdienste | 202 | 0,48 |
| Geen godsdiens | 4 908 | 11,65 |
| Geen antwoord, ander (nie nader beskryf) | 3 964 | 9,41 |
| TOTALE BEVOLKING | 42 130 | 100,00 |

koinonia en diakonia. Die gevaar van 'n verwronge kerkbegrip is dus altyd dreigend. 'n Vername oorsaak is die meesal ondoeltreffende opleiding van die leraars en die profete. Ook bestaan daar nie juis 'n leerkultuur in die AOK nie (Theron 1995:45).

Die interessante is dat daar in Suid-Afrika tog verskeie voortreflike teologiese opleidingsentra bestaan wat op die AOK gerig is, maar dat slegs enkeles by benadering daarin slaag om hulle doel te bereik. Die rede vir die gebrek aan sukses is meestal dat sulke opleiding 'n Westerse opleidingsmodel volg wat nie genoegsaam gekontekstualiseer is om die kerklike en kulturele behoeftes van die AOK aan te spreek nie. Dit sluit sake in soos hermeneutiese Skrifgebruik, 'n genesingsbediening, die koinonialisering van *ubuntu*, diakonale vaardighede, leierskaps- en be-

b1510 8417
i15685640

stuursvaardighede en kerkopbou. Verder moet dit insluit 'n model van teologiese kurrikulering, effektiewe aflewering en assessering wat die behoefte wat 'n Afrika-teologie en -konteks daarstel, kan ondervang (Theron 1995:45).

Dit is egter nie al redes vir die KMWB se onbetrokkenheid of dalk onaanvaarbaarheid by die AOK-groep nie. DS Gilliland noem nog oorsake soos onkunde, onbetrokkenheid, trots en die ander rede: vrees. Omdat die AOK nader staan aan die tradisionele Afrika-godsdienstigheid (TAG) en dit konfronteer, is hulle rituele en gebruike dikwels vreemd of selfs verontrustend.

Hoewel die redes vir onbetrokkenheid van die KMWB by die AOK-groep begryp word, maak dit nie regtig sin nie. Óf die AOK is 'n groot sendingveld en dan behoort daar daarvan werk gemaak te word, óf die AOK verteenwoordig 'n groot groep Christene waarmee ekumene en selfs koinonia beoefen kan word. Ons kan hulle egter nie as 'n tussengroep beskou wat tot gevolg kan hê dat ons apaties bly of nie bereid is om verantwoordelikheid te aanvaar nie (Gilliland 1986:265).

## 1.3 METODOLOGIE EN AANPAK

Dit wat tot hiertoe aangebied is, bied reeds genoeg gronde vir die stelling dat hierdie studie 'n geweldige komplekse en wye veld dek en dat die studie om dié rede nie enkeldissiplinêr of enkeldimensioneel aangepak kan word nie.

### 1.3.1 Werkswyse

#### *1.3.1.1 Vooraf*

Die volgende het as agtergrond by hierdie studie gedien:

- Onderrigervaring by Didaché Instituut gedurende 1993 en opleiding van AOK-leiers namens die NG Kerk Kroonstad (met Nehemia-stof) gedurende 1995.
- Gestruktureerde MDiv-studie gerig op AOK-profetisme: geskiedenis, religieuse en kerklike konteks (afgehandel 1995).

#### *1.3.1.2 Bronnestudie*

Die studie het begin met omvangryke bronnestudie: histories, volkekundig en teologies-tematies (veral rondom Missiologie en Praktiese Teologie). Bronnestudie het uit die aard van die saak voortgeduur tot en met die afhandeling van die proefskrif.

#### *1.3.1.3 Besoeke en onderhoude*

Besoeke en onderhoude was gerig op kerke, opleidingsinstansies en onderwysowerhede.

(a) Vyf opleidingsinstansies is besoek en met vyf kerke se verteenwoordigers is onderhoude gevoer. Die kerke se onderhoude en die studente en dosente het noodwendig oorvleuel (omdat die meeste van die opleidingsinstansies bande met van die kerke gehad het met wie onderhoude gevoer is), maar vrae is ten opsigte van elk gedifferensieer. Onderhoude het aan die hand van 'n standaard-gespreksagenda plaasgevind.

Die opleidingsinstitute was die volgende: Didaché Instituut (DI), Timotheus Opleidingsinstituut (TOI), Nehemia Bybelskool, Christ the Rock Independent Churches Association (CRICA), Mukhanyo Bybelskool, Tshwane Teologiese Kollege, Fambidzano (laasgenoemde is bestudeer, maar geen onderhoud is met 'n verteenwoordiger gevoer nie).

Die kerke was die volgende: International Assemblies of God (IAOG – Samuele Mothobi), International Pentecostal Church (IPC), Church of Christ (Frank Ntsuntsha en Zacharia Buthe-

lezi), Church of the Apostolic Saints (Antonio Nculele) en die Wesleyan Independent Church (Lena Lemmert).

*Beperkinge:* Die gesprekke was nie altyd op die hoogste vlak van kerkleiding nie, weens die ontoeganklikheid van sekere leiers. Verskeie briewe en pogings was hier vrugteloos.

(b) Onderhoude met betrekking tot en verkennende studie van nuwe onderwyskonteks in Suid-Afrika is gevoer. Onderhoude is gevoer met amptenare van die Departement Onderwys en van die Suid-Afrikaanse Kwalifikasie-owerheid (SAKO). Wetgewing en riglyndokumentasie het op dié wyse onder die aandag gekom.

#### *1.3.1.4 Eksperimentele toepassing: leerprogram-ontwikkeling*

Hier gaan dit om onderrig van leraars-profete (Temba-Winterveld) aan die hand van 'n onderrigprogram wat uit die model van die proefskrif voortgevloei het. Dit het onder die vaandels van DI en die NG Kerk Magalieskruin se sendingkommissie geskied en het 'n jaar geduur. Dit het heelwat materiaal opgelewer wat as eksemplariese stof aan die proefskrif toegevoeg is. Die eksemplariese stof bestaan uit:

- Stof wat in die onderrigsituasie verfyn en verder ontwikkel is
- Refleksie op stof en onderrigervaring
- Assessering van onderrig deur 'n aantal kandidate.

##### 1.3.1.4.1 Die betrokkenheid van Didaché Instituut

Didaché Instituut het vantevore onwetend profete opgelei (deur die insette van mnr Stefan de Beer), maar met hierdie projek is daar vir die eerste keer bewustelik op hulle as groep gefokus. Die rol van DI was meer infrastruktureel van aard. DI het uiteindelik ook die sertifikate uitgereik.

##### 1.3.1.4.2 Die betrokkenheid van die NG Kerk Magalieskruin

Die uitreik na die AOK was die vrug van die NG Kerk Magalieskruin se Uitreik- en Getuienisaksie. Dit het deel uitgemaak van 'n breër visie ten opsigte van uitreik en getuienisaksie.

Die NG Kerk van Magalieskruin is gemotiveer om by die nood van lidmate van die AOK betrokke te raak. Die nood is soos volg uitgespel:

- Baie lede van die AOK is nog vasgevang in tradisioneel heidense praktyke van voorvaderaanbidding en rituele offers. Daar is dikwels ook 'n groot mate van dinamisme en magie teenwoordig wat met die Christendom gesinkretiseer word.
- Die doel sal nie wees om hulle kultuur as sodanig te verander nie, maar om konstruktief betrokke te wees by lering om hulle te lei tot die Skrif en te skool om die regte Skrifgebruik toe te pas. Dit is in antwoord daarop dat hulle die Skrif meestal baie fundamentalisties verstaan en dikwels magies ontleed (Hofland 1979:17, Horn 1963:1-9).
- Baie ervaar nie geloofsekerheid nie, omdat hulle vasgevang is in animistiese en magiese vrese. Hulle moet gehelp word Christus te leer ken as die Een wat alle vrees uitdryf, omdat aan Hom alle mag gegee is.
- Hulle gewoontes moet nie verander word nie, maar *gevange geneem word om aan Christus gehoorsaam gemaak te word* (2 Kor 11: 5).
- Vir hierdie doel word voorgestel 'n basiese profeet-leraar-opleidingsprojek met 'n sterk evangelisasie-dimensie.

Hierna is 'n dubbele aksie geloods, te wete opleiding (wat een oggend per week plaasgevind het) en 'n beperkte navorsingsprojek wat daarmee verweef is (laasgenoemde vir die doeleindes van hierdie studie).

#### 1.3.1.4.3 Seleksie van proefgroep van profete vir kursus in genesingsbediening

Die seleksie was nie net gebaseer op 'n persoonlike keuse om in te skakel nie, maar was meestal ook ingeskrewe studente van DI. Die groep het min of meer in twee groepe uiteen geval, te wete 'n Temba- en die Winterveldgroep.

Na aanleiding van Oosthuizen (ongepubliseerde aantekeninge, sj:1) se indeling het ek die Temba-groep hoofsaaklik as *"bapostoli"* beskou." Die Winterveld-groep sou meer as *"amazioni"* beskryf kon word.

Dieselfde twee groepe sou ook volgens DS Gilliland se onderskeiding gekenskets kon word as sou hulle varieer tussen 'n primêre evangelies-pentekostalistiese groep en inheems-eklektiese groep.[5]

Dit sou ook moontlik wees om 'n derde soort indeling te volg, naamlik die van leraar-profeet en die van profeet-leraar. In elke geval val die klem op die eerste funksiebeskrywing, terwyl die tweede funksie 'n meer aanvullende betekenis gehad het.[6]

*Beperkinge:*

Aanvanklik is die hantering van stof met ses profete van die DI begin waarvan een 'n werk gekry het, ons dus vir 'n ruk verlaat het en weer teruggekeer het. Een profeet is ook oorlede. Onder hulle het hulle weer groepe van vakleerlinge gehad met wie hulle hulle onderrigstof hanteer het. Nie al die groepe was altyd standhoudend en suksesvol nie, maar drie groepe wat aangegaan het se resultate was positief. (Na aanleiding van beperking by Kinsler 1978;235*)*.

#### 1.3.1.4.4 Doelwit

1) Die eerste doelwit van die program was om die model vir teologiese opleiding in die algemeen, maar ook vir profete-opleiding in die besonder, te verfyn. Verder was die benadering dat prediking deel van 'n genesingsbediening moet wees en dat dit nie los daarvan staan nie.

Hierdie projek wou ook skakeling met ander instansies bewerkstellig. (Nie die wiel van vooraf uitvind nie. Stof van verskeie institute sou vir selfstudie benut word). Die gedagte was om by wyse van ondersoek en analise van swak en sterkpunte ("swot"-analise) van die beste metodes gebruik te maak. Dus: om voort te bou op vorige werk en resultate, maar dit ook in 'n nuwe model te giet met die oog op 'n basiese opleiding van profete en voortgesette opleiding van leraars. Vir dié doel is 'n meervlakkige en multidissiplinêre, multidimensionele benadering ten opsigte van die profete en die leraars onderskeidelik geïmpliseer. (Sien onderhoud met Didaché se studente, par 6.4, Oates 1973:61, Malan 1994:29). Dit moes ook (ander) aspekte van kerkopbou in die oog hê

Dit beteken dat geoordeel is dat die bestaande kursusse nie genoegsaam gekontekstualiseer is nie, maar dat dit potensiaal daartoe gehad het. Die onderhawige kursus wou 'n leemte identifiseer en vul, maar nie sonder die deelname van die kerke aan wie die diens gelewer sou word nie. Hiervoor is beplanningsessies gehou met verteenwoordigers uit van die kerkgroepe. Die proses wou nie voorskryf nie, maar reeds die behoeftes aanspreek en sodoende 'n diens lewer.

---

[5] Die groepe is in die hoofstuk 12 meer presies getipeer en beskryf in 'n poging om tot meer werkbare kategorieë met die oog op teologiese opleiding te kom. Sien Hoofstuk 12.

Daar is drie maande later met 'n verdere groep in Soshanguwe begin met die bedoeling dat hulle as kontrolegroep sou dien. Hulle is op 'n ander uitreikbasis hanteer. Hulle sou beskryf kon word as 'n mengsel van sekondêre evangelies-pentekostalistiese en inheems-eklektiese groepe (Gilliland 1986:267-269). Vanweë logistiese probleme moes die groep egter laat vaar word, maar is weer in 2000 vervat.

[6] Onder hulle tel Frank Ntsuntsha, gewese toordokter, wat nie meer 'n profeet was nie, maar meer as evangelis opgetree het. Zacharia Buthelezi het nog gependel tussen evangeliese en TAG-metodes.

2) In die verlengde vorm daarvan is 'n Leierskoolprojek of lokale sentrum voorsien wat gehalte-opleiding in geloofwaardige Skrifuitleg aan leraars sou bied. Die program is hanteer as 'n jaar-kursus en dus as kortkursus.

Die motivering was dat die Bybel nie net beskikbaar gestel word nie, maar ook die skoling oor hoe die Bybel gehanteer moet word. Aan hermeneutiese problematiek moes dus prioriteit verleen word. Dit word uitgedruk en gemotiveer deur die wekroep van die Etiopiër. "Hoe sou ek kon (verstaan) as niemand dit vir my uitlê nie?" (Hand. 8:31)

3) Daar moes egter verder gegaan word om die profete 'n geloofwaardige en beveiligde opleiding in genesingsbediening te bied (Mofokeng 1998:120) en dit te baseer op die voorbeeld van profete wat 'n geloofwaardige lyn van 'n genesingsbediening verteenwoordig (vergelyk 1.1.2 hierbo).

### 1.3.1.4.5 Strategie

1) Dit het daaruit bestaan dat grootliks van 'n Pauliniese dissipelskapsmetode gebruik gemaak is: 2 Tim 2:2: "... Vertrou dit toe aan betroubare manne wat bekwaam sal wees om ander te leer." (Vergelyk Smith 1959:41, Winter 1969:448). Koinonia word ook hiermee gestig.

2) Ons hoop om die dialektiek op die volgende wyse te verdiskonteer: "To begin where people are not, is to share an irrelevant message. To stay where people are not, is to share an irrelevant message. To stay where people are and never lead them on to the fullness of God's News, is to share a truncated Gospel. The humble sensitivity of love will avoid both." (Dayton & Frazer 1985:118). Sien ook verdiskontering in hoofstuk 12.

### 1.3.1.4.6 Onderrigelemente en -aanbiedinge

Daar is besluit om van twee van die belangrikste komponente van die TOE-program (TOE: teologiese opleiding in ekstensie), naamlik werkboeke en seminare, gebruik te maak.

'n Basiese pastoraal-profetiese kursus wat oop is vir almal, sou op 'n jaar-tot-jaar-basis aangebied word. Dit sou opgevolg word deur 'n kursus in meer gespesialiseerde pastoraat.

Die stofontwikkeling sou bloot die bal aan die rol sit wat hopelik sou lei tot verdere stimulering en nuwe insigte.

Die sleutel is teologiese opleiding wat spesialiseer op die bediening van genesing ('n terrein wat grootliks onderontgin is), maar wat net so wel vir die opleiding van leraars aangepas kan word. Kinsler (1978:33) praat in die verband van differensiasie in aanbieding van stof vir verskillende groepe en vlakke.

Aspekte van die missionêre diakonaat moet noodwendig in werking kom. Daar word integrerend van verskeie institute se stof gebruik gemaak. In die verlengde van die projek wat nie noodwendig die doelwit van die skripsie is nie, word fasilitering by die aangewese instituut gedoen, omdat hulle in verskeie vlakke en opleidingsbehoeftes voorsien (omdat hierdie 'n veelvlakkige opleiding of multi-dissiplinêre opleiding wou wees).

### 1.3.1.4.7 Programbeplanning

Dit is onder twee oorhoofse indelingsbeginsels gedoen, naamlik diakronie en sinkronie. Dit moet nie as fases gesien word nie, maar as dimensies.

#### 1.3.1.4.7.1 Diakroniese beplanning

Dit wil die opleiding stap vir stap beplan, maar ook voorsiening maak vir nuwe insigte en refleksie op die toepassing namate daarmee vordering gemaak word. Die opleiding het wesenlik te doen met die kontekstualisering van inhoude en is uiteindelik gemik op kerkopbou.

In die geval van die eksemplaar van 'n genesingsbediening as opleidingstema gaan dit om probleemstelling, teologiese besinning oor 'n Bybelse genesingsbediening, teologiese besinning oor ander perspektiewe op siekte en genesing, teologiese pastorale ontwerp van 'n plaaslike, gekontekstualiseerde genesingsbediening. Dit moet nie verstaan word as 'n liniêr-progressiewe proses nie, maar as 'n diakroniese, reflekterende, gemeenskaplike selfontdekkende groeiervaring. Ander begrippe wat hier van toepassing is, is vertaling (van onderrigstof)[7], assimilasie en transformasie. (Sien ook Bate (1994b:244) se model van inkulturasie van "coping healing," asook Ericson (1978:126)).

## 1. Nukleus -of kleinprojekfase (Januarie – Junie 1997)

(Ook didaktiese fase genoem[8])

Hierdie fase het in der waarheid uit die volgende drie fases bestaan:

(a) Klimatisering: Dit het bestaan uit kleingroep-betrokkenheid in die vorm van Bybelstudies, gebedsgeleenthede, eredienste op plekke by te woon. Die doel was om vertroue te bou en die konteks te verken.

(b) Versameling van inligting:

- Kort gespreksvraelyste (sien Bylae agter) is ingespan om die geestelike vlak en kennisinhoud te vas te stel van leraars, profete, lidmate, studente (ook vlak van opleiding by opleidingsinstitute opgedoen).
- Daarmee saam is 'n inventaris opgestel van beskikbare bronne en hulpbronne, soos geboue en leerstof (Kinsler 1953:66). (SAKO se kwaliteitsversekeringsmeganismes en kontrolelys ("check list") verskaf uitstekende riglyne in die opsig – vergelyk SAQA sa).[9]

Hierdie fase moes versigtig en oor 'n lang tyd geskied, aangesien die AOK agterdogtig is oor fortuinsoekers en geestelike imperialiste. Verder moet vraelysstudies in swart gemeenskappe met groot omsigtigheid aangepak word vanweë allerlei kulturele faktore.[10]

(c) Kort kursusse: 'n Dissipelskapkursus en toerustingskursusse het handig te pas gekom (Kinsler 1978:36, Hodges 1953:59). Kursusse (of dele van kursusse) hier ingespan is *Eba setho se Phelang* en *Masterlife*. Elke groep is aangemoedig om in groepsbespreking 'n eie vertaling en kontekstualisering te waag.[11]

Die doelwit van die fase was om 'n kerngroep of nucleus te selekteer en op te bou.[12] 'n Leierskool (wat op Dinsdagoggende gefunksioneer het) was een van die vrugte daarvan.

## 2. Die Studiegroepfase (Julie 1997 – November 1997)

A) Formele opleiding begin. Groepsdinamiese beginsels word al hoe meer toegepas met klem op koinonia. Elke groep spreek sy eie gedragskodes en tye van byeenkoms af en verkies 'n eie

---

7 Vir hierdie doel is gebruik gemaak van vertalers en adviseurs ("informators") wat deur die SANW se Departement Tale opgelei is.

8 Die didaktiese fase word voorafgegaan deur die informasiefase van kerkplanting wat nie vir ons studie so van belang is nie, omdat die studente reeds bekeer was en 'n mate van skoling agter die rug gehad het. Nietemin is daar van die eerste fase van die aspekte van informasieprosesse soos vertaling en fenomenologiese studie gebruik gemaak. Die sinkroniese elemente van diakonia, leitourgia, marturia en koinonia het ook gefunksioneer, maar in 'n meer eksperimentele mate.

Die didaktiese en informasiefases is van minder belang, aangesien die model wat ontwerp is meer op basiese en voortgesette opleiding toegespits is en ons van studente en dosente gebruik gemaak het wat alreeds op 'n tersiêre vlak is.

9 Die kwaliteitversekring was die wat by leerprogramnavorsing geld. Hier het die prosesse van probleemformulering, hipotese, dataverameling deur gespreksvraelys, prosessering, evaluering ens plaasgevind. Die navorser en die studieleier sou die rol van eksterne assessor en fasiliteerder vertolk. (Sien ook CLT 2000a, asook SAQA sa).

10 Sien oor navorsingstappe ook meer by Hiebert & Hiebert Meneses (1995:9-18) (ook voetnoot 178) en hoofstuk 12 (p 279).

11 Meer ten opsigte van kleinprojekeksperimentering, sien Zorn (1975:86), sowel as die eksemplariese stof (Aanhangsel 14.3), plus refleksie daarop (hoofstuk 12).

12 Oor die opbou en ontwikkeling van 'n groep met die oog op die stigting van 'n sentrum vergelyk ook Naude (sj:3).

studieleier. (Vergelyk ook Kinsler 1953:45). Groepe funksioneer nou meer onafhanklik en is meer toegewyd.

Die onderrigmateriaal was basiese stof wat bestaan het uit modules van Nehemia en Didaché se opleidingskursusse vir profete wat uitgebrei en gekontekstualiseer met die oog op die profetiese genesingsbediening. Ook is eksemplariese materiaal verskaf met die oog op die voortgesette opleiding van profeet/leraar (Kinsler 1978:242).

Die volgende stappe is gevolg[13]:

1) Die uitnodiging: Nooi eerste die leiers, dosente en predikante na die studiegroep. (Onder "dosente" word bedoel persone wat reeds op een of ander wyse "doseer" het, hetsy by 'n instansie soos DI of in 'n Bybelskool. Die meeste van hulle het die onderrig wat hulle ontvang het, dadelik weer in hulle eie "dosering" benut. Vir die doel van hierdie projek kan hulle "dosente-studente" genoem word, hoewel hulle soms kortweg studente genoem word.)
2) Die dosente-studente bestaande uit sowat twintig persone (4 groepe) wat een maal per maand vir 'n week lank (5 aande per week by TI of een aand weekliks, indien ander instansies soos DI gebruik is) onderrig ontvang. Ons het hoofsaaklik van Didaché (DI) se studente gebruik gemaak. Die opleiding van die studieleiers of AOK-dosente was 'n prioriteit in hierdie fase.
3) 'n Vraelys is herhaaldelik aangewend vir nuwelinge wat nie in die informasiefase betrokke was nie. (Dit was diagnosties van aard).
4) Ken-mekaar-sessies en ysbrekers[14] is ingespan om vertroue onderling te bou en lede te ontvries.
5) Die visie is vroegtydig uitgespel en werkswyses is verduidelik, soos om 'n leier te kies, dialoog as metode en die beginsel van TOE. Ook is die doelwitte van die studie hier gekommunikeer.
6) Verduidelik die program en die weeklikse sessies.

**3. Fase van die Teologiese Sentrum (Jan 98 ➔)**

(Dit is die ekstensiefase by Norman 1978:81 en die "extension centre" by Daneel 1989:232)

(a) Die Teologiese Sentrum (of leierskool) het afgeskop met 'n kortkursus wat vir dosente in fasilitering van opleiding aangebied is. Hierdie dosente het nie by die Teologiese Sentrum doseer nie, maar het op gereelde tye met hulle eie groepe of skooltjies bymekaar gekom.[15]
(b) 'n Belangrike werkswyse was die van simulasie. Verder het daar ook gedurig nuwe lede bygekom, omdat die dosente deurlopend verdere leiers gewerf het (vergelyk Kinsler 1953:54). Hulle het aanvanklik meer waargeneem as wat hulle meegedoen het. (Sien ook stappe by Kinsler 1978:242).
(c) As gevolg van sterk groei was dit later nodig om meer as een studiegroep te vorm.
(d) Vanweë die gedurige wisseling en die vorming van meer as een groep was dit nodig om gereeld koinoniale versterking te bewerkstellig.
(e) Die Teologiese Sentrum het heelwat op die genesingsbediening gefokus, maar in die normale gang van sake behoort die basiese pastoraal-profetiese opleiding sowel as voortgesette teologiese opleiding (VTO) aandag te geniet.

---

13 Vergelyk ook DI-inligtingstuk, "How to start your own community centre or theological training programme" (Simpson sj:3).

14 Weliswaar nie soos in Westerse konteks nie. Hier gaan dit meer om die opbou van 'n vertrouensverhouding en die afbreek van wantroue en vrese, onder andere deur die verskaffing van versnapperinge en dies meer, asook hulp aan profete op verskeie vlakke. Kenmekaar behels dat elkeen die geleentheid ontvang het om sy kerk, homself, sy bediening en sy persoonlike verhaal bekend te stel.

15 Een student-dosent het selfs sy eie teologiese sentrum ontwikkel.

(f) Vir basiese teologiese opleiding (BTO) is van eie kurrikulering en akkreditering gebruik gemaak.[16] In hierdie verband het ons die toestemmimg van DI verkry vir die inwerking stel van die projek en die gebruik maak van hulle profeet-dosente/studente. Die idee was dat die projek na 'n jaar hersien en herbeplanning gedoen word.

Vergelyk verder oor die teologiese sentrum hoofstuk 6.3.6.3 op p 115.

**4. Die vermenigvuldiging van sentra**

As gevolg van die relatief kort tydperk het hierdie fase nie heeltemal gerealiseer nie. Die meeste dosente was egter besig met eie groepe of skooltjies, terwyl een reeds 'n eie sentrum begin het.

Dit is egter voorsien dat daar 'n vermenigvuldiging van sentra kon plaasvind namate die skooltjies ontwikkel of in momentum toegeneem het.

**5. Diakroniese refleksie en verslagskrywing**

Dit het deurlopend plaasgevind aan die hand van die prosesse van informasie, translasie, assimilasie, transformasie. Refleksie is nie net deur die navorser/skrywer beoefen nie, maar ook deur die dosente/studente. Trouens, hulle refleksie was fonemies en daarom van onmisbare waarde. Soms is die refleksie ook in die stof opgeneem.

a) Informasie. Alhoewel die informasiefase oorgeslaan is, moes noodgewonge aan informasie by verslaggewing aandag gegee word. Dit is grootliks 'n fenomenologie studie.[17]

b) Translasie.[18] 1) Konsepvertaling is opgestel met die volgende twee fases: a) 'n Rofvertaling deur die profete (informante) wat dan deur die vertaler hersien is. b) Die hersiene vertaling word deur die vertalers en informante nogeens hersien.[19] Refleksie en evaluering vind plaas. 2) Die refleksie het onder andere ook neerslag gevind in die eksemplariese stof. Die proses word in siklusse herhaal. 3) Geselekteerde gedeeltes van die eksemplariese stof is opgeneem in die proefskrif.

c) Assimilasie: Onder hierdie term is verstaan die wyse waarop dosente/studente insette opgeneem en geïntegreer het. (Vergelyk ook Hiebert & Hiebert Meneses 1995:13-14 ten opsigte van kultuur en sosiale kennis).

d) Transformasie. Hierdie is 'n stadige en sikliese proses wat ons maar net wil begin beskryf. Die tydperk van 'n jaar wat die onderhawige toetsperiode geduur het, was te kort om dit waar te neem.

**6. Voorstel van 'n nuwe model (Junie 1989 - Desember 1998)**

Die diakroniese refleksie bereik 'n hoogtepunt in die refleksie van Hoofstuk 12 op 'n nuwe teologiese onderrigmodel.

Ten opsigte van 'n pastoraal-profetiese opleiding en leraarsopleiding is daar by wyse van refleksie stof uit die konteks opgeneem. Dit het weer aanleiding gegee tot 'n teologiese teorie wat die model onderlê en wat op twee bene rus: a) Die manier waarop toerusting gegee word (byvoorbeeld TOE); b) Die inhoudelike wat verander en uitgebrei word om profete meer spesifiek te akkommodeer.

---

[16] Vergelyk ook voetnoot 33.

[17] Vergelyk 8.4.1.2.1 op p 172.

[18] Kyk hiervoor voetnoot 7. Vergelyk ook Bates (1995:244), asook Ericson (1978:126).

[19] a en b se fases onder punt 2 verteenwoordig twee metodes wat ons kies om te kombineer. (Nida 1961:71)

### 1.3.1.4.7.2 Sinkroniese beplanning

Die proses is ook sinkronies beplan[20] om 'n kyk van bo, as 't ware 'n helikopteruitsig, te gee op die twee prosesse van kerkopbou en kontekstualisering wat gelyktydig plaasvind. Dus fokus dit meer op die samehang van komponente soos die opleidingsinstansie, vertaling en konteks.

Wanneer sinkronies oor die voorbereiding van die stof en inkulturasie besin en beplan is, was die volgende aspekte van toepassing: (Vergelyk ook Kinsler 1978:198-169)

**1. Die analise van die situasie**

Gesprekke (na aanleiding van 'n kort gespreksvraelys, Bylae) is in dié verband met opleidingsinstansies rondom aspekte van opleiding en ook pastoraal-profetiese bediening gevoer. (Vergelyk ook die informasiefase by Norman 1976:126[21])

Die godsdienshistoriese bestudering van verskeie AOK en hulle leiers het insiggewende inligting na vore gebring wat op 'n diakroniese wyse met mekaar geskakel is en gelei het tot die tipes van leraar en profeet.

**2. Stofontwerp en aanbieding van program**

Hier is grootliks gebruik gemaak van twee onderrigmodelle wat met mekaar versmelt is, te wete TOE[22] en die perspektiwiese integrasiemodel.[23] Dit word ook met 'n voortdurende dialoog tussen navorser en studente ondersteun.

Fase 1 Seminare en werkswinkel oor teologiese opleiding en stofvervaardiging vind plaas. Geselekteerde stof van sekere teologiese instellings dien as kernmateriaal, bygewerk met stof wat skrywer oor die leraar en profete in die AOK opgestel het. (Junie-Aug '97)

Fase 2 Studente werk vooraf en gedurende seminare stof oor die volgende temas uit: Gebedsgenesing, eksorsisme, sonde en siektebeskouing; begrafnisrituele en troosdiens; hantering van rousmart en lyding ens. (Sept-Nov '97) (My eie stof oor profete dien as demonstratiewe stof en vorm 'n raamwerk.)

Fase 3 Studente word in seminare onderrig oor die volgende aspekte: Mediese en sielkundige aspekte van siekte en die hantering daarvan. Kortkursusse in Gemeentebou; ook die sosio-pastoraat, soos gesinsberading, alkohol- en dwelmmisbruik berading, onderskeid tussen neurose en psigoses, hantering van rousmart en sterwensbegeleiding, die verskil tussen magie en genesing ens. (Jan-Mrt '98)

Fase 4 Die vervaardiging en uitbreiding van teologiese stof na refleksie.

Fase 5 Die stof word intussen deur studente onderrig in hulle eie groepe (klasse) en gemeentes. Die stof vind sy beslag as praxis in die gemeente deur die elemente van kerugma, leitourgia, marturia en koinonia. (April-Junie '98) (LW: Die doel was deurgaans om net die teologiese raamwerk vir 'n genesingsbediening te verskaf wat self deur die profete van die AOK ontwerp moes word).

---

[20] Sinkroniese beplanning: Dit wil die verskeie prosesse van kerkopbou en kontekstualisering wat gelyktydig plaasvind, beskryf. Dit beplan en omskryf die werksaamhede van die vertaalinstansie apart, maar ook geïntegreerd met kontekstualisering en opboubeginsels. Dit gaan nie in op die ontwikkeling van die fenomene van kultuur en opbou nie (Deist 1984:250). Dit wil deur die beskrywing van die prosesse van vertaling en onderrig (dialoog) kontekstualisering en kerkopbou integreer, maar gee nie 'n dwarssnit tussen twee fenomene wat vergelyk word (byvoorbeeld die kerkopbou en TAG) soos by die diakroniese proses nie.

[21] Informasiefase: Dit het bestaan uit die opstel van 'n studiestuk oor die fenomeen van die AOK, die geskiedenis, van die teologiese opleiding, die dialektiek in teologiese opleiding, sowel as kontekstualisering (sien hoofstukke 2-3).

[22] Hierdie onderrig- en opleidingsmodel word uitvoerig bespreek in Hoofstuk 6.

[23] Vir dié model vergelyk 8.4.7, p 190.

**3. Vertaling**

Ewewydig met die Leierskoolprogram het 'n span van stofopstellers en vertalers gewerk (na aanleiding van Kinsler 1978:156). Hier is beoog om 'n vertaalkursus aan die dosente en profete te bied wat hulle in staat sal stel om stof te vertaal (soortgelyk aan TOI se vertalingsinstituut wat ook diens aan die privaatsektor lewer). Vertalers is by die SANW se Departement Tale opgelei. Hulle is agterna gebruik om onderrigmateriaal te vertaal.

Dit het behels: 1) Die afbreek van stof in verstaanbare betekenisvolle segmente – dit behels ook die verduideliking van die stof aan die vertalers. 2) Vertaling in dinamies-ekwivalente vorm[24] en nie vormkorrespondensieel nie (vergelyk Norman 1978:81, Nida 1961:78-79). Die vertaal en gebruikmaking van die semantiese domein van genesing van die AOK in 'n lokale situasie is hier van belang. (Vgl kontrolelys by Bate 1994b:264-265). Hieruit volg sistematiese verslaggewing waaruit 'n finale model dan saamgestel word.

**4. Sinkroniese ontleding en kontekstualisering**

Daar is ook probeer om 'n sewe-dimensionele[25] enkodering en dekodering[26] van die boodskap na aanleiding van die wêreldbeeld, kognitiewe proses, taal en kommunikasieproses, gedragsproses, sosiale strukture en algemene media te laat gebeur. (Vgl Hesselgrave 1991:39-47, 64-165). Dit het dus die gebruikmaking van die *drie-kulture-kommunikasiemodel* behels (Hesselgrave en Van Rommen 1978:73).

### *1.3.1.5 Verslaggewing en evaluering*

#### 1.3.1.5.1 Sinkroniese refleksie en verslagskrywing

Na aanleiding van die kontrolelys is gereflekteer op die kognitiewe-, gedrags-, sosiaalstrukturele- en taalprosesse.[27]

Dit het behels 'n eerste groep aspekte soos psigo-mediese behoeftes, antropologiese behoeftes en pastorale behoeftes (wat byvoorbeeld behels 'n behoefte om die Satan te beveg en te oorwin, die behoefte om God se krag in die lewe te ervaar ens).

Die tweede groep wat van belang is, was die van die semiotiese domein van genesing waarvan ons die kontrolelys by Bate (1994b:264-265) en Becken (1972:160-161) kry.[28] Elke domein verteenwoordig 'n paradigma by die verstaan en benadering van die fenomeen van siekte en genesing. Die meeste profete maak eklekties van al hierdie paradigmata gebruik en elkeen maak op sy eie manier 'n sintese daarvan.

---

[24] Vergelyk 4.1.7, p 75.

[25] Die sewe dimensies verteenwoordig die bril (filter) van kulturele prosesse soos die besluitneming; interaksie ens, waardeur die boodskap gaan (ook by Pretorius et al 1987:108).

[26] Vergelyk drieledige kommunikasiemodel, p 173.

[27] Die kontrolevraelys probeer om die semeiotiese domein van genesingsbedieningsaspekte te dek en het die volgende kulturele domeine ingesluit: Westerse kultuur, Christendom en tradisionele Afrika-godsdienstigheid. Verder is daar onder Christendom ook voorsiening gemaak vir verskillende Christelike of kerklike tradisies. Vrae met betrekking tot die Christendom het getoets in watter mate daar na Westerse kultuur of TAG oorgehel is.

In die geval van die Christendom: genesing deur die Heilige Gees, handoplegging en sakramente. In die geval van TAG: siekte genees deur medisyne *(umkhuhlane)*; die rol van die voorvaders; drome ens. In die geval van die pinksterkerke byvoorbeeld die toelaat van emosionele ekspressie, anti-intellektualiteit. In die geval van Westerse kultuur: aspekte soos die ontkenning van wonderwerke, wetenskapsdenke, ontwikkeling van histories-kritiese nadenke oor siekte en genesing. (Vergelyk ook Bate 1994b: 264-265). Vergelyk ook voetnoot 28.

[28] 'n Semiotiese genesingsdomein by Bate word aangewend as kontrolelys om die hele semantiese inhoudgewing te ondervang en die hele veld te dek. (Vraelys in Bylae na aanleiding daarvan opgestel). Dit sluit in vrae soos: verwys u siekes vir Westerse biologiese metodes? Watter metode gebruik u met die genesing van polio, alkoholisme ens? (Bate 1994b:264)

#### 1.3.1.5.2 Teologiese refleksie en evaluering

Dit was nie net deurlopend nie, maar kan ook nooit afgehandel wees nie. Hieruit het dit duidelik geword dat dit nie sinvol is om 'n genesingsbediening uit te werk wat vir alle situasies pas nie, maar om eerder in die opleiding die bal aan die rol te sit vir die eie uitwerk daarvan. Deurlopend moes daar gekyk word na die behoeftes van kontekstualisering en die stof moes aan die hand daarvan omskryf en aangepas word, byvoorbeeld om die genesingsbediening van die profete te akkommodeer. Die leierskoolprojek wou byvoorbeeld eie teologisering en eienaarskap fasiliteer en die teologiese refleksie wat alreeds in die institute begin het, verder neem.

In die laaste fase gaan dit om deurlopende assessering en evaluering van inligting verkry uit die vrae (aan die einde van die eenheidstandaarde) en die resultate word in die finale model ingebou.

#### 1.3.1.5.3 Sinkroniese en diakroniese evaluering en verslaggewing

Die uiteindelike oogmerk was om die resultate van 'n diakroniese en sinkroniese ontleding[29], stofaanbieding en refleksiologiese verslaggewing (ten opsigte van twee prosesse van kerkopbou en kontekstualisering) saam te vat in een model vir profete en leraars.

Met die oog daarop was dit vroeg reeds duidelik dat 'n dubbele paradigmaskuif moes plaasvind: 1) Aan die een kant, in die wyse waarop die pastoraat in die teologiese opleiding aangebied en onderrig is. 2) Aan die ander kant in die AOK profete se eie pastoraat wat meesal 'n vermenging is van die tradisionele kultuur en Christendom. Hierdie dialektiek tussen TAG en kerkopbou is dan in die finale model opgeneem.

Die beplanning was om die "finale" model onder andere te baseer op refleksie wat verkry is (onder andere van die studente) nadat die teologiese teorie in die praktyk getoets is. Dit het behels dat die dimensies van kerugma, diakonia, leitourgia, marturia en koinonia en nog vele ander dimensies as assesseringskriteria[30] gebruik is in die semiotiese domein van genesing en wel teen die agtergrond van kerkopbou en uitkomsgerigte onderwys en opleiding. Die aspekte word egter nou integrerend, dit wil sê beide antiteties en sinteties, bedink en vervat.

### 1.3.2 Begrippe

Begrippe van verskeie wêrelde en kontekste kom in 'n studie soos hierdie bymekaar. Ons kan dit hoofsaaklik in twee groepe verdeel: Westerse teologiese, opvoedkundige en algemene wetenskapstaal; tradisionele Afrika-godsdienstigheid en kultuur. Verder moes daar rekening gehou word met die verskillende taalverbande.

Daar moes enersyds noodgedwonge gekies word vir een term, al sou daar baie ander wees wat dieselfde betekenis kommunikeer. Andersyds is daar dikwels van verskillende vertalings van dieselfde begrippe gebruik gemaak, soos dit in verskillende kontekste aangebied is. In sekere gevalle moes daar selfs nuwe terminologie geskep word, byvoorbeeld rondom die bediening van genesing, omdat nie veel stof die lig gesien het nie. In die meeste gevalle is probeer om uiteensettings of definisies van terme te gee, meestal in die voetnotas.

#### *1.3.2.1 Begripsverheldering en terminologie*

Vir die doeleindes van hierdie skripsie sal ek die volgende terminologie gebruik:

---

29 Oor diakronie en sinkronie vergelyk hff 5.3.2.1.2, 10.5.6 en 12.1.

30 Asseringskriteria is die spesifieke uitkomste afgelei van die behoefte in die konteks sowel as die kritiese kruisveld-uitkomste wat op die ou end opgebreek word in verskeie prestasie kriteria. (Document for Lifelong Training trough a National Qualification Framework, 1996:16).

- *AOK* vir die *Afrika-onafhanklike kerke,* omdat dit algemeen in akademiese kringe gebruik word. Dit wil egter nie die onafhanklikheid van 'n politieke konnotasie kommunikeer wat onafhanklikheid van koloniale moondhede of sendinginstansies beteken nie, maar eerder die aard van die kerke benadruk om eie wortels in Afrika, weg van die kerke met Westerse bande (KMWB), te soek.[31] Daar is ook 'n neiging om die AOK te beskryf as AO/IK vir "Afrika-onafhanklike of inheemse kerke."
- In Engels is die volgende terme in swang:
  - *AIC:* Dit is die mees algemene gebruik in die akademiese wêreld. Dit kan op drie maniere verstaan word:
    - *African Independent Churches*
    - *African Indigenous Churches*
    - *African Initiated Churches*

    Die eerste twee beskrywings loop die gevaar dat dit verwar kan word met kerke wat as vrug van die missionêre arbeid tot stand gebring is.
  - *Independent African Churches:* Dit is die naam wat Daneel voorstel in die konteks van die Shona in Zimbabwe (Daneel 1978:30-31).
  - *Indigenous Churches*: P Makhubu stel in sy boek, Who are the African Independent Churches? (1988;1-2), die term voor.
  - *African Indigenous Churches* word deur NH Ngada (1987:1) voorgestel.
- Vervolgens 'n lys van terme en name in die Afrika-idioom:
  - *Amabandla ama Afrika* (Zulu) en *Dikereke tsa MaAfrika*: West (1975:3) noem hierdie name as die name wat lidmate van die betrokke kerke aan hulleself toeken.
  - *Amazioni* (Zulu) vir Sioniste, *Bapostoli* (Sotho) vir "Apostolics" (wat 'n meer charismatiese trek het) en *Topia* vir die Etiopiese Kerke. Oosthuizen (sj:1-3) sluit dan ook in sy boek oor die profete by hierdie terme aan en op grond daarvan onderskei hy ook bogenoemde drie groepe.
  - Sundkler verskil van Oosthuizen deurdat hy net twee hoofgroepe onderskei: "the Ethiopian type" en "the Zionist type." Daneel wil egter nie dat hierdie onderskeiding, wat volgens hom 'n politieke konnotasie dra, heeltemal op die Shona-kerke van toepassing gemaak word nie (Daneel 1985:40, Oosthuizen, sj:1-3, Sundkler 1961:53, 54).

### *1.3.2.2 Problematiek in terminologie*

Al bogenoemde onderskeidings is egter sinvol vir sover dit die karakter van die Sioniste, wat 'n meer *gees-tipe* of *profetiese kerk* is, onderskei van 'n Etiopiese kerk wat meer as gevolg van politieke redes tot stand gekom het.

Daneel (1979:39) loop weer die gevaar om met sy gees-tipe ("spirit tipe") op 'n te breë groep te wys wat ander kerke as die AOK kan insluit.

Turner (1974:70) gebruik die term "*prophetical healing type of Churches*" wat myns insiens nog nie 'n waterdigte term is om die AOK te groepeer nie, veral omdat Afrika nie daarin funksioneer nie.

Saam met R van der Spuy (1995:17) wil mens op hierdie stadium wys op die problematiek in die terminologie, naamlik dat al bogenoemde terme die AOK tegnies nie heeltemal afgrens van die kerke met Westerse bande (KMWB) nie.

---

[31] West (1975:1) beklemtoon die wegbreek van die AOK om hulle self te regeer (West 1975:1). Oosthuizen (sj:1) beklemtoon weer die feit dat baie van die kerke nie as gevolg van afsplitsings ontstaan het nie, maar eerder spontaan ontstaan het.

Net so is die term "Pentekostalistiese kerke" 'n nog wyer term wat die AOK op dieselfde vlak as baie ander Westerse charismatiese kerke wil plaas (Anderson 1993:7).

Die nuutste onderskeid in terme is dié van *African Initiated Churches* waarvan Thomas Masuku (1996:442) 'n ondersteuner is, omdat dit klem lê op die inisiatief en kreatiwiteit om eie kerke te ontwikkel.

In die Babelse verwarring van terminologie volstaan ons egter by die term *Afrika-onafhanklike kerke* (AOK) om te verwys na die kerke wat 'n besonderse klem op eie identiteit in 'n Afrika-konteks plaas en maak ons voorsiening dat dié 'n redelike afgebakende term is wat algemeen in gebruik is.

### *1.3.2.3 Afbakening*

Daar is allerlei ander terme wat gebruik word om die AOK te tipeer, soos *nieu-heidens*, *nieu-paganisties*, *hebraïsties*, *moslemagtig* en *Christen* (Schlosser 1994:392-404). Alhoewel ons ons vir die doel van hierdie studie toespits op profete en leraars-profete wat Christelik is, wil mens tog aanvaar dat 'n honderd-persent-afbakening nie moontlik is nie. Die studiegebied behels dus ook verwante velde soos die *tradisionele Afrika-godsdienste* (TAG) en *nieu-religieuse bewegings*. Ook word profete en leraars opgelei om juis *TAG*-groepe te bereik.

Vir ons doel wil ons ten opsigte van die AOK wegbeweeg van negatiewe terme soos *sinkretisties*, *kulte*, *sekte* of *separatisties* aangesien dié berus op veralgemenings. Die terme van *reformatories*, *pentekostalisties*, *Sionisties*, *Aldura* of *apostolies* sal noodwendig gebruik word om onderskeid te tref en later sal elkeen nader gedefinieer word.[32]

### *1.3.2.4 Ander terminologie*

Die ander terme is dié van historiese *sendingkerke* wat meer op die eerste sendinggenootskappe dui as wat dit op die hedendaagse kerke met 'n sendingvisie dui of op sendingkerke as produk van sending.

Nog 'n ander term om die AOK van die Westerse kerke af te baken, is die van *kerke met Westerse bande (KMWB)* wat hulle oorspronge in die Westerse Christendom het en die bande steeds op prys stel. Somtyds kan nie verhelp word om in die algemene spreektaal na die *KMWB* te verwys as sendingkerke nie. Baie ander terme word egter in die akademiese wêreld gebruik, byvoorbeeld die historiese kerke, tradisionele kerke, gevestigde kerke, ortodokse kerke en hoofstroomkerke (Sundkler 1961:18, West 1975:3).

Ten opsigte van teologiese onderrig en opleiding word vir die term *teologiese opleiding* gekies, alhoewel dit wyd verstaan word om Bybelopleiding, die basiese teologiese vakke en ook multi-dimensionele kennis in te sluit (byvoorbeeld bestuursopleiding, leiersopleiding, psigo-pastorale opleiding en veral gemeentebou).

Dit wil egter nie afbreek doen aan die feit dat daar op die ou end in hierdie proefskrif 'n toespitsing op die profetebediening is en dat hierin juis die sleutel tot die opleiding van die Sioniste geag word te wees nie. Na die profete- en leraarsopleiding sal onderskeidelik verwys word as *basiese teologiese opleiding* (BTO) en *voortgesette teologiese opleiding* (VTO). By die projek sal ons egter die terme van *BTO*[33] vir die profete reserveer en *VTO*[34] vir die leraars. Die gene-

---

[32] Sien 2.3 en verder.

[33] BTO: Basiese Teologiese Opleiding is 'n persoonlike keuse, omdat daar van die standpunt uitgegaan word dat daar heel waarskynlik 'n paradigmaskuif by die profete moet plaasvind deur fundamentele opleiding en dus moet die profete basiese aspekte van genesingsbediening van nuutsaf leer. Becken (1972:160) praat van die "dauerendes Korrektiv" om 'n fundamentele genesingsbediening tot stand te bring. Die fundamentele skuif verwys nie soseer op die verkeerdheid van die genesingsbediening as wat dit op die paradigmaskuif wys wat in opleiding moet kom wat nog nie die basiese genesingsbediening ontgin het nie.

singsbediening ressorteer dus onder BTO. Dit impliseer nie dat die profete nie ook VTO benodig nie, wat in elk geval deur die meeste institute aangebied word.[35] Verder impliseer dit dat leraars ook BTO kan ontvang in eie kerke of elders.

Die term *opbou* kan breed aangewend word om holisties te dui op die ontwikkeling van 'n amptelike bediening, persoonlike karaktertrekke en situasionele dimensies van koinonia, diakonia en kerugma (Cole 1990-1991:37). Dit kan egter ook sinspeel op die opbou van die kerk as onderafdeling van die ekklesiologie om nader aan die ideale kerk te beweeg. Die opbou as kerkvernuwing en –hervorming is relevant vir die opleiding, omdat dit juis hier is waar die meeste foute dikwels begaan word. Bruno Gutmann is in hierdie opsig 'n voorbeeld waar kerkopbou te veel gekontekstualiseer is (te Velde 1992:19). Daar sal deurgaans verskillende nuanseringe aan opbou gegee word, en die betekenisveld is uit die konteks af te lei.

---

[34] VTO: Dit impliseer dat die leraars al reeds predikante is en net verdere skoling benodig (veral so by die Etiopiese kerke.) Dit is egter nie 'n waterdigte klassifikasie nie, omdat daar leraars is wat ook BTO kan benodig. Die eksemplariese stof het hom met 'n monstergroep besig gehou wat al reeds BTO agter die rug gehad het. Hulle het egter nog nie BTO in 'n bediening van genesing gehad nie. Ook wil ons dat die plaaslike sentrum wat op die been gebring word, alleen op die verskaffing van BTO vir profete toegespits word en op VTO vir sover dit predikkunde en gemeentebou behels. Die implikasie is nie dat die leraars nie ook kan baat by genesingsbedieningsopleiding nie, maar dat hulle heel waarskynlik 'n groot genesingbedieningsrol sal oorneem, omdat die profete in opleiding hulle krag sal of kan verloor. Dit sal veral die geval wees indien hulle met magie besig was.

[35] Sien ook refleksie van kerugmatiese stof (12.4.4, p 282), waar die profete oor koinonia na die meer kerugmatiese bediening beweeg.

# Hoofstuk 2

# DIE VERSKYNSEL VAN AFRIKA-ONAFHANKLIKE KERKE: OORSPRONG, ONTWIKKELING EN KARAKTER

## 2.1 INLEIDING

Die AOK soos ons hulle ken, is die produk van 'n dinamiese kontekstualisering in reaksie op kerke met 'n sterk Westerse karakter, of selfs kerke met Westerse bande (KMWB). Dit was 'n bewuste wegbeweeg van wat hulle ervaar het as 'n koue intellektuele of gerasionaliseerde godsdiens wat kompartementeel en individualisties bedryf word, na 'n belewingsgodsdiens wat die krisis en nood van die totale mens in Afrika kon akkommodeer en hanteer. Mbiti (1969:233) stel dit soos volg: "... They are in their own ways attempts by African people to indigenize Christianity and to interpret and apply it in ways that, perhaps spontaneously, rendering Christianity both practical and meaningful to them." 'n Mens kan egter maklik teen die aspek van belewing vaskyk en die beweging as 'n charismatiese beweging karakteriseer. Weliswaar is dit as ondertone teenwoordig, maar die tendense van Sionisme en tradisionele Afrika-godsdienstigheid (afgekort TAG), sowel as die invloed van 'n situasie van krisis wat diep geestelike behoeftes daarstel, moet nie onderskat word nie (Hanekom 1975:19).

## 2.2 UIT AFRIKA ALTYD IETS NUUTS

### 2.2.1 Donatisme

Die AOK kan in 'n sekere sin met die Donatisme vergelyk word, 'n Noord-Afrikaanse kerklike afskeidingsbeweging van die vierde eeu. Die algemene of katolieke kerk het as draer opgetree van die Romeinse kultuur en het meer aangepas by die behoeftes van die hoë stand van die Romeinse burgerlikes en die Fenesiese middelstand van Karthago. Die kulturele en sosiale behoeftes van die Berbers wat 'n ander taal gepraat het en van 'n laer stand was, is nie in ag geneem nie. Die Donatistiese afskeiding van die Berber-Christene vind plaas nadat die weduwee Lucilla sewentig biskoppe van die Berberstand beïnvloed om teen die kandidaat wat vir die vakante biskopsetel van Karthago benoem is (Caecilianus) standpunt in te neem (Neill 1964:38).

Die Donatistiese afskeiding kan aan talle oorsake toegeskryf word wat op 'n ingewikkelde wyse met mekaar saamhang. [36] Die vernaamste oorsaak was waarskynlik egter die onvermoë van die kerk om homself en sy boodskap te kontekstualiseer. Tot onlangs sou die Donatistiese

[36] Stephen Neill (1964:38). sê hieroor: "It is uncertain to what extent the church had taken this language seriously, and adapted its message to the needs of this more primitive level of population. It seemed clear that linguistic and racial feelings were among the many factors that underlay the Donatist schism...," en ook op dieselfde bladsy: "This schism broke out in the second century, as a result of a grave difference as to the treatment to be accorded to those who had failed in their Christian duty in time of persecution, and rapidly spread through the whole of North-west Africa.

beweging as iets negatiefs beskryf word (voortspruitend uit Cyprianus en Rome se uitspraak: "Extra ecclesiam nulla salus"). Die vraag kan egter gevra word of dit billik is om die Donatisme as sektaries af te maak, terwyl die Westerse kerk van destyds self soveel gebreke geopenbaar het. Daar is vandag trouens teoloë wat die Donatisme as een van die voorlopers van die Reformasie beskou (vergelyk Barret 1968:185-186). Hieruit volg die vraag of ons derglike ontwikkelinge van ons tyd in Afrika nie ook meer positief behoort te beoordeel nie?

Die probleem met die Donatiste was dat hulle later die katalisator geword het in 'n proses van voortgaande en herhaaldelike kerklike verdeling en skeuring in Noord-Afrika. Die Donatisme het ook ernstige afwykings in leer en lewe geopenbaar. Hulle het byvoorbeeld geweier om priesters wat onder vervolgingsdruk geswig het, verder in die amp toe te laat, hulle het martelaarskap verheerlik en selfs gesoek en hulle het 'n gees van wetteloosheid in die platteland aangehelp.

In Egipte het daar ook 'n eie, "inheemse" interpretasie van die evangelie ontwikkel. Dit vertoon egter duidelike monofisitiese en Gnostiese trekke. Egipte was ook die tuiste van Arius. Dit verbaas dan nie dat die Islam later so maklik daar aanvaar is nie (Barret 1968:187). Wat wel verbasend is, is die vinnige wyse waarop die Islam ook in die res van Noord-Afrika posgevat het.

### 2.2.2 Koptiese en Etiopiese kerke

Dat die Koptiese en die Etiopiese kerke in hierdie omstandighede oorleef het, is waarskynlik te wyte aan die feit dat hulle die evangelieboodskap laat wortels skiet het in Afrika-bodem. Dit het onder andere behels die vertaling van die Skrif in Kopties. Hierdie kerke is deur die opkoms van die Islam afgesny van die Weste en hulle het noodwendig 'n unieke Afrika-karakter ontwikkel (Mbiti 1969:230-231). Dit is ook moontlik dat hulle verdraagsaamheid teenoor die monofisitisme tot hulle oorlewing bygedra het (Hildebrandt 1990:22).

### 2.2.3 Église de Jésus-Christ sur Terre par le Prophète Simon Kimbangu (EJCSK)

Telkens sou die fenomeen van inheemswording en onafhanklikheid in die geskiedenis van die kerk in Afrika kop uitsteek, gewoonlik met taamlik ooreenstemmende trekke. 'n Meer resente voorbeeld is die kerk van Simon Kimbangu (1889-1951) wat ontstaan het na 'n roepingsvisioen en die gepaardgaande genesingswonders deur die stigter. Ons sien hier ook al tekens van ambivalensie. Simon begin met sy eie gesange, genoem *Cantiques captes,* gevul met apokaliptiese idees. Nietemin huldig hy 'n Bybelse standpunt om die fetisjes, losbandige danse en poligamie uit te werp (Diangienda 1979:13). Volgens Marie Louise Martin bespeur ons die eerste trekke van 'n Swart bevrydingsteologie (Shank et al 1978:122).

Hierdie tydvak word gekenmerk deur hewige teenstand van die staat teen die kerk van Simon Kimbangu. Die geskiedenis van sy kerk vertel van 'n lang stryd om voortbestaan en erkenning.

Die vernuwing in hierdie kerk en die sukses ten opsigte van opleiding maak dat die kerk deur Westerse kerke in 'n meer positiewe lig gesien word. Daar word sedert 1950 veral erns gemaak met die uniekheid van Christus (Barret 1978:56).

### 2.2.4 Die Braide-beweging en die Aladura Kerk

In die tydvak 1909-1918 het die Garrick Braide-beweging onder die Yoruba ontstaan. Die wortels van die Braide-beweging kan teruggevoer word na die Anglikaanse Nigerdelta-Pastoraat wat verinheemsing nagestreef het. Aanvanklik is die beweging gekenmerk deur 'n "profetiese genesingstipe"-bediening (soos ook deur Turner (1979:123) toegegee). 'n Charismatiese aspek word later deur Braide bygebring.

Die Aladura het weer hieruit ontstaan. Dit is gestig deur Joseph Babalola wat in Desember 1929 deur 'n charismatiese geesgenoot gedoop is. Babalola kom algaande tot 'n nuwe doop- en kerkbeskouing.[37] Roepingsvisioene (in die vorm van drome en openbaringe) het na analogie van Bybelse profete (soos Jesaja) ook 'n belangrike plek in die beweging gekry. Al hoe meer tendense word egter bespeur wat ooreenkomste of raakpunte vertoon met TAG (Hanekom 1975: 13).

Hierdie en ander bewegings wat nou ook as Aladura bestempel word, het al onder erge kritiek deurgeloop.[38] Hulle is al as nativisties en kontra-bewegings bestempel. Hulle is ook van oor-emosionaliteit beskuldig (Sanneh 1989:140). Sulke kritiek word egter gerelativeer deur die feit dat die bewegings grootliks volgens Westerse kategorieë beoordeel is. Sedertdien is daar 'n neiging tot 'n meer ewewigtige beoordeling. Turner het die bewegings byvoorbeeld beoordeel as "a serious piece of indigenous theology" en ook: "Suffice it to say that the *Aladura* attitude is similar to that of the reformed and revivalist at many points in Christian history." (Turner 1979: 227-237).

## 2.2.5 Die *Unzondelelo-* en *Balokale*-bewegings

Erhard Kamphausen (1976:78) voer die ontstaan van die *Unzondelelo*-beweging terug na die besoek van die Metodiste-Episkopaalse herlewingsprediker en sendelingbiskop William Taylor aan Suid-Afrika in 1886. Tydens sy besoek aan verskeie sendingstasies was hy vergesel van Charles Palma as tolk wat hy later met sy missie toevertrou het. Van die begin af het die beweging sterk om emosionele ervarings *(ukuzondelelo)* gesentreer. Onder die oppervlakte was daar egter ook 'n nasionale bewussyn aangespoor deur swartmense se sosiaal-politieke omstandighede.

Die *Balokale* van Oos-Afrika wat in die vyftiger jare uit die werk van die Christian Missionary Society gegroei het, het op baie dieselfde wyse ontstaan. Die man wat die beweging aan die gang gesit het, was biskop CE Stuart van Uganda.

Beide die *Unzondelelo* en *Balokale* het positiewe sowel as negatiewe reaksie van sendingkerke ontlok. Die sondebesef en skuldbelydenis sowel as geloofsekerheid is as iets positief gesien, terwyl die kritiese ingesteldheid teenoor almal wat nie soortgelyke emosionele ervarings gehad het nie, as onvolwasse veroordeel is (Neill 1964:501-502). Daar is verder ook duidelike sinkretistiese tendense. Boonop het die *Balokale* sedert 1948 voortdurend versplinter en gefragmenteer (Barret 1968:183, Neill 1964:501).

Tog het die betrokke kerke vanweë die bewegings grootliks gegroei. In die Metodiste Kerk het dit beteken dat vir die eerste keer uitdrukking gegee is aan selfregering en selfaktualisering. Die bewegings bly smeulend onder die oppervlakte totdat die tydsgees so ontwikkel dat hulle vry voel om in eie reg op die oppervlakte te verskyn. Afskeidings het daarna gekom en so het die bewegings AOK in eie reg geword (Barret 1968:211).

---

[37] Turner wil die Aladura-beweging terugvoer so ver as 1925 toe 'n jong Anglikaanse onderwyser, Josiah Oshitelu, visioene begin ervaar het waarin woorde en frases wat tradisioneel as kragtig beskou is, voorgekom het. Dit lei daartoe dat die klem meer op die gebed begin val het as op fetisjes (Turner 1979:124). Die kerk van die Aladura herleef in die 1930's wanneer Joseph Babalola en Josiah Oshitelu hande vat (Turner 1979:125-226).

[38] *Aladura* het intussen 'n generiese term geword om die profeet-genesende ("spiritual healing") tipe kerk te beskryf. Dit kan selfs vergelyk word met "Sion" in die Suid-Afrikaanse konteks (Turner 1979:100).

## 2.3 ONTWIKKELING IN SUIDER-AFRIKA

### 2.3.1 Inleiding

Die eerste saak van belang is die onderskeid tussen Etiopiese kerke en Sionistiese kerke.

Volgens Kamphausen (1976:460) kan die onderskeid tussen Etiopiese of Sionistiese kerke moeilik op die beginfase van hierdie kerke se geskiedenis van toepassing gemaak word. Etiopiese kerke kan selfs as 'n voor-fase van Sionisme beskryf word. Tog het die verskil tussen die twee redelik gou na vore gekom. Dit het hoofsaaklik te doen met die aanwesigheid of afwesigheid van herlewingstendense of te wel geesteswerking.

Sundkler (1961:38-59) was die eerste om die onderskeid tussen Etiopies en Sionisties te tref.

### 2.3.2 Die Etiopiese kerkgroep

Die Etiopiese benaming is vir daardie onafhanklike kerke gegee wat, alhoewel hulle weggebreek het van KMWB, nog die liturgie en die sober vorm van erediensbelewing behou het.

Die rede vir hulle wegbreek kan grootliks as polities van aard beskou word (Sundkler 1961: 53). Daar was egter ander faktore ook, byvoorbeeld sosiale, emosionele en ekonomiese faktore. Kamphausen (1976:137) deel ons mee dat Dwane ('n stigterslid van een van die eerste Etiopiese kerke) byvoorbeeld ontevrede was met die opvoedingstandaarde van die Wesleyaanse Sendinggenootskap. Verder was daar ongelukkigheid oor die wyse waarop geld spandeer is wat deur Dwane en Masimang ingesamel is (Masimang het later 'n stigterslid van die Etiopiese beweging in Swaziland en Mosambiek geword, te wete die Onafhanklike Metodiste Kerk (1906)).

#### *2.3.2.1 Nehemia Tile*

Nehemiah Tile (1891) weer was ontevrede met die Westerse dominering in die kerk waaraan hy behoort het (Saayman 1991:64). Meer in die besonder het dit behels die feit dat die swart leraars nie kon deel in belangrike besluite rakende die ordening van swart leraars en die toekenning van fondse nie. Tile is ook ordening geweier ofskoon hy 'n vyf jaar periode van approbasie deurgemaak het en beskryf is as 'n "fine specimen of a Tembu, of good descent, behaviour, an eloquent preacher, and most vigorous and earnest worker" (Crafford 1993:49). Die grootste oorsaak vir sy wegbreek van die Metodiste Kerk was egter sy betrokkenheid by die Tembu-politiek waarmee die Metodiste Kerk nie verlief wou neem nie. Dit het onder andere gebeur toe hy Ngangelizwe se hoofraadgewer geword het en dit hom in die posisie geplaas het om as 't ware die Tembu-stam te regeer.

In 1882 verlaat hy die Metodiste Kerk om die Tembu Nasionale Kerk te begin (Sundkler 1961:38). Ook sit hy sy politieke betrokkenheid voort toe hy petisies aan die Kaapse regering stuur met verskeie eise soos dat die paswette opgehef of dat howe uit Tembuland onttrek moes word. Hy beland as gevolg hiervan op 'n stadium in die tronk en moes hom ten einde laaste aan die gesag van landdros Elliot onderwerp op versoek van hoofman Ngangelizwe (Kamphausen 1976:93-104).

Die waarde van Tile se leierskap lê volgens Saayman in die volgende: "The founding of the Tembu Church marked a the trail of a new method, the use of Christian framework within to which express African Equality in an Age of white control." (Saayman 1991:65). Daar was egter ander aspekte ook, soos sy pogings om die Christendom aanvaarbaar te maak vir die Tembu-stam. Dit het hulle in staat gestel om uitdrukking te gee aan baie van hulle sosiale en emosionele aspirasies op kerklike gebied.

Tans is een van die baie kerke wat uit die Tembu Kerk voortgespruit het, nog vol in swang. Dit is die African Reformed Church in South Africa wat hulle hoofkwartiere by die graf van Tile te Mganduli opgerig het (nou bekend as Tilesbury) (Crafford 1991:64).

PJ Mzimba wat onder die invloed van ene Tswe was, het ook 'n stamkerk soortgelyk aan die van Tile tot stand gebring, maar kon net 'n derde van sy vorige gemeente saamneem (Kamphausen 1976:300). Dit was meestal Xhosas wat agtergebly het. Hulle het Mzimba se reg om die geboue te beset, later suksesvol in die hooggeregshof bestry (Du Plessis 1965:458).

#### 2.3.2.2 *Mongena Moses Mokone en James Mata Dwane*

Twee leiers wat die belangrike stigtingsaandeel gehad het in die Etiopiese beweging was Mokone en Dwane. [39] Alhoewel Mokone die beweging begin het, het Dwane spoedig die leierskap op hom geneem. Hy het eers toenadering tot die Anglikane gesoek. Dit het egter nie ware onafhanklikheid beteken nie en toe het hy saam met Mokone die African Methodist Episcopal Church (AMEC) gestig. In 1899 het Dwane Mokone en AMEC agtergelaat om die Etiopiese Orde binne die Church of the Province of South Africa te stig wat tot vandag toe onder swart leierskap bestaan (Groves: 1964:179).

Die drie leiers, te wete Tile, Mokone en Dwane, sou dit in gemeen hê dat hulle vanweë kultureel-politieke redes die kerk verlaat het.

Die vraag kan gevra word of die kategorie "Etiopiese kerke" nog funksioneel is. In watter mate kan daar nog gepraat kan word van sulke kerke, aangesien min hulle so laat noem of klassifiseer? Die hoogtepunt in die groei van sulke kerke blyk ook verby te wees. Baie funksioneer as outonome Swart kerke of het oorgeskakel na Sionistiese gebruike (Crafford 1986:75).

### 2.3.3 Die Sionisties-Etiopiese kerkgroep

Ntsikana (1780-1821) word gesien as van die vroegste leiers wat groot relevansie vir die AOK gehad het. In 'n tyd van politieke spanning in die Oos-Kaap (wat oor 'n tydperk van 200 jaar sou strek) het hy 'n groot bydrae gelewer om die evangelie te inkultureer (Oosthuizen 1986:51). Hy was die seun van Gaba, die persoonlike raadgewer van die koning van die Kira, 'n belangrike Xhosa-stam. As jong seun het hy 'n visioen gehad waarin hy 'n lig sien bo die horings van sy beeste. Die fenomeen van persoonlike – en roepingsvisioene is 'n algemene verskynsel by profete in die AOK.

Hy het ook kontak met sendelinge soos Van der Kemp (sewe maande) gehad en informele opleiding by ds GWA van der Lingen deurloop. So doen hy 'n minimale kennis van Westerse teologie op. Hy leer egter nooit lees of skryf nie.

Ntsikana maak gebruik van simbole wat uit die alledaagse lewe kom en betrekking het op veg, jag, veeboerdery, leierskap en die huwelik, en vul dit met Christelike inhoude. Hy gebruik ook bekende liedere, byvoorbeeld 'n huwelikslied se wysie (*umdodo*), om die Christelike boodskap te dra en so God se lof te besing. Sy gesange soos die "Bell Song" en "Thou art the God of heaven" (*"Ulo Thixo umkhulu ngoselzulwini"*) word modelle en rigtingwysers vir kontekstualisering. Hy ontwikkel ook 'n reputasie as 'n *imboni* (profeet) wat toekomsgebeure voorspel. Dit is egter korrigerend teenoor 'n ander profeet, Makanda, wat oorlogsugtig was en wat in dieself-

---

[39] Mongena Moses Mokone wat in 1887 as 'n predikant in die Metodiste Kerk bevestig is, het hom vroeg reeds as 'n persoon met 'n verantwoordelikheidsin en leierseienskappe bewys. In 1892 begin hy die Kilnertonse Instituut, 'n teologiese seminarie, te Koedoespoort, Pretoria. Hy lewer by die 1895-sinode van die Metodiste Kerk (te Queenstown) 'n beswaarskrif in teen die feit dat swart predikante apart van die wit sinode moes vergader. Nadat sy beswaar taamlik onsimpatiek hanteer is, verlaat hy die kerk en begin die Etiopiese beweging (Oosthuizen 1994:19, Kamphausen 1976 :137).

James Mata Dwane wat sy opvoeding by die Healdtown Sendingstasie ontvang het, het in 1872 teruggekeer om sy bediening daar te begin. Ook hy het gou leiding in sy kerk begin neem. In 1892 was hy een van 25 predikante wat supervisie aanvaar het oor die teologiese studente.

In 1894 is Dwane na Engeland gestuur om fondse in te samel wat hy self geoormerk het vir die oprigting van 'n opleidingsinstituut. Sy sinode het egter met hom hieroor verskil. Dit lei daartoe dat hy die Metodiste Kerk verlaat en hom by Mokone voeg (Crafford 1993:51-54).

de apokaliptiese (of dalk millennialistiese) gees as Nonquase geleer het dat 'n tyd sal kom dat die Swartmense hulle beeste sal moet offer.[40] Die voorouers sou hulle dan te hulp kom (Saayman 1991:54, Oosthuizen:1986:50).

Ntiskana se teologie verskil ook radikaal van 'n profeet soos Sechele van Botswana wat die Skrif pragmatisties in 'n Afrika-konteks wou interpreteer. Laasgenoemde daag Moffat selfs uit oor Salomo se poligamie. Hy het duidelik 'n utilitêre en pragmatiese benadering gehad – "(of) using Christian and tribal religious practise to enhance the well being of his tribe." (Chirenje 1878:17-18). Soos sy tydgenote, Makanda en Nxele, kan sy benadering trouens as nieu-primaal beskryf word (Schlosser 1948:22-27).[41]

Die waarde van Ntsikana lê daarin dat alhoewel baie van sy omvormings sinkretisties[42] voorkom, hy 'n eerlike soeker was wat 'n evangeliese stem in sy profesieë laat hoor het en nie sy eie voordeel gesoek het nie. Hy was geïntegreer met sy gemeenskap en kultuur en het 'n goeie voorbeeld van inheemse kontekstualisering gestel. Ook sien hy die kulturele bedreiging in die Westerse samelewing raak en waarsku hy sy volgelinge daarteen.

Sy nasate stig in 1911 te Pirie 'n kerk wat na hom vernoem is, te wete die *Ntsikana Memorial Church* (NMC). Hierdie kerk is 'n goeie voorbeeld daarvan dat die onderskeiding van Sundkler tussen Etiopies en Sionisties nie waterdig toegepas kan word nie, aangesien dit histories tot die Etiopiese tradisie behoort, maar in lewe en liturgie eerder na die Sionistiese kerkgroep neig (Oosthuizen 1986:60-61). Ntsikana se idees leef voort in byvoorbeeld die liturgiese aanwending van die drom, handeklap en dans. Daar was egter ook 'n gevaar dat Ntsikana se oorleweringe en profesieë misverstaan of verkeerd geïnterpreteer kon word om voorouerverering te sanksioneer. 'n Voorbeeld is Bishop Limbas Church of Christ (*Ibandla lika-Kreste*) (Oosthuizen 1986:61).

Janet Hodgson wys op die verkeerde tipering van Ntsikana se kerk as 'n separatistiese beweging met die konnotasie van sektarisering en eksklusiwisme (verwydering van ander groepe), terwyl die kerk se eintlike doel reeds was om innoverend en integrerend te wees ten opsigte van die inkulturasie van die evangelie en kerk. Sy wys ook op die kreatiewe spanning in die volgelinge van die kerk wat vasgevang is tussen assimilering van die moderne en die kontinuering van die tradisionele (Hodgson 1984:33).

### 2.3.4 Die Gees-tipe kerke

Dit is die benaming wat gebruik word vir kerke wat gekenmerk word deur die soeke na en ervaring van geesteswerkinge in die vorm van genesings en ander gawes soos spreke in tale en profesieë. Reinigingsgebruike en taboes maak 'n belangrike deel uit van hulle etiese geloofsbelewing.

Ons kan hier twee groepe onderskei: die Apostoliese en Sionistiese groep (Crafford 1986:76-77).

---

[40] Millennialisme: die leer van die spoedige aanbreek van 'n eindtyd wat 'n duisendjarige vrederyk insluit. Dit kan voorafgegaan of gevolg word deur 'n periode van swaarkry, dood en oorlog. In Afrika-konteks het dit behels die "eskatologiese" omverwerping van die vyand deur die terugkeer van die Badimo.

[41] Of te wel nieu-tradisionalisties. Dit beskryf diegene wat die ou tradisionele godsdiens se swakplekke wil opvul of stimuleer met nuwe idees. Dit is reaktief teenoor Westerse kultuur en anti-Christelik. Voorbeeld: die slag (of offer) van beeste om die hulp in te roep van die voorouergeeste (Turner 1979:56).

[42] Volgens Turner is hierdie term op alle godsdienste van toepassing. Dit word egter in hierdie verband gebruik vir bewegings wat die intensie het om van beide die tradisionele godsdiens en die Christelike geloof onkrities te vermeng (Turner 1979:56).

#### 2.3.4.1 Die Sionistiese kerkgroep

Die onderskeiding van *Sionisme* en *Apostolies* hang saam met die geskiedkundige ontwikkeling van twee tradisies. In plaas van "apostolies" sou 'n mens ook van "charismaties" kon praat. Die twee benaminge is vandag nog van toepassing.

Die "Sionisme" waarvan hier sprake is, begin in 1894 met die stigting van die "Christian Catholic Church in Zion" in Chicago, Illinois, in Amerika.[43] Die stigter was John Alexander Dowie.[44] Die bekende eerwaarde PL le Roux wat op daardie stadium 'n sendeling in die NG Sendingkerk was, is aan hierdie tradisie en gedagterigting blootgestel deur die blad, *The Leaves of Healing*, wat hy maandeliks van Dowie ontvang het. Die genesingsbediening wat Le Roux beoefen het, het gou posgevat by van sy swart medewerkers, onder andere Daniel Nkonyane wat bekendheid vir wondergenesingskrag verwerf het. Le Roux het sy posisie in die NG Sendingkerk as gevolg van sy nuwe idees oor genesing onhoudbaar geag en in Maart 1903 bedank.

Die Sionisme-gedagte is ook deur Rev J Büchler na Suid-Afrika oorgeplant wat die eerste ampsdraer was van die "Christian Catholic (Apostolic) Church in Zion" (*CCAC in Z*) in Suid-Afrika (Sundkler 1976:56-66, Mahon 1986:12-13).[45] Hy was die swaer van EH Mahon wat later so 'n groot rol in die vestiging van swart Sionisme gespeel het.[46] Tydens ernstige siekte het Mahon die genesingsbediening van Büchler ondergaan. Nadat hy sy gesondheid herwin het, word

---

[43] Vanaf 1905 word "Apostolic" bygevoeg (volgens Mahon 1986:167-170), sodat dit "Christian Catholic Apostolic Church in Zion" word.

[44] "Sionisme" het nie op hierdie stadium charismatiese gawes soos spreek in tale ingesluit nie. Dit het wel taboes en reinigingsgebruike behels, soos die onthouding van rook, sterk drank, varkvleis ensovoorts. Die taboes het in die AGS afgeneem, maar in die Afrika-Sionisme het dit toegeneem namate eie interpretasie 'n sterker rol begin speel het. Die verskerping in die reinigingsgebruike is mooi te sien in die tronke waar skuldgevoelens van die betrokkenes dit op die voorgrond bring (Ollewagen 1986:136.). Kyk ook voetnote 49 en 52.

[45] (a) Alhoewel hy sy steun aan Dowie begin ontsê het (soos ons later sal sien), het Büchler die afgevaardigde van Dowie, Bryant,, net ná 1904 oorgenooi na Suid-Afrika. Bryant het by Wakkerstroom 150 Sioniste gedoop en by Harrismith 60 van Mahon se volgelinge. Büchler se verbintenis met Bryant dui die een oomblik op kontinuïteit met die Sionisme. Daarom sê Crafford (1993:63) dat Bryant se betrokkenheid die daadwerklike begin van Dowie se tipe Sionisme in Suid-Afrika is. Die volgende oomblik vind ons weer diskontinuïteit wanneer Bryant se rol by Mahon in ag geneem word.

Bryant se invloed op Mahon moet egter nie onderskat word nie. Dit was hy wat Mahon in 1920 oorreed het om sy kerk se naam te verander na die *Grace Missionary Society* wat ook die naam was van een van die grootste splintergroepe in Amerika (Van der Spuy se gesprek met Mahon, Edgar — Van der Spuy 1995:33). In hierdie tyd distansieer Mahon hom van die spreke in tale en uitspattige kleredrag van die Sioniste.

Laastens is dit Büchler wat in 1903 die kerknaam van Zion Church vir *Apostolic Faith Mission* verruil. Dit is die kerk waarby Le Roux in 1908 aangesluit het (Sundkler 1976:31).

(b) In 1905 sou *Christian Catholic Apostolic Church in Zion* die amptelike naam vir die kerk van Dowie in Suid-Afrika word (Van der Spuy 1995:36). Dit dui op toenemende pentekostalistiese invloed. Met die koms van John Lake in 1908 het pinksterverskynsels soos spreek in tale en doop met die Heilige Gees by sommige Sionistiese kerke meer aandag ontvang as die Sion-ideaal. Dit is egter betekenisvol dat dieselfde kerke nie die woord "Zion" uit hulle naam wou verwyder nie. "Apostolic" is bloot bygevoeg.

Volgens Oosthuizen was die naam "Christian Catholic Apostolic Church in Zion" reeds sedert die koms van Bryant gebruik. Hy het aanvanklik onder die naam "CCC in Z" gewerk, maar het later in sy korrespondensie "CCAC in Z" gebruik (Oosthuizen 1987:157). Volgens Van der Spuy se korrespondensie met Mahon (1994) lyk dit egter asof die name nog vir 'n geruime tyd afwisselend gebruik is.

Vgl ook afdeling 2.3.4.3. Hier het "Holy Spirit" in 1922 bygekom wat die pentekostalistiese invloed nog meer beklemtoon het.

[46] EH Mahon is in Kimberley gebore van 'n Ierse vader. Hy het 'n drankwinkel in Johannesburg besit (±1886) en kon self goed in die bottel kyk. Onder die invloed van die Heilsleër kom hy tot bekering. Hy raak verlief op Joey Büchler (suster van J Büchler) en trou later met haar. In 1891 is hy na die ou Rhodesië gestuur om sendingwerk te doen. Die klimaat daar het nie met hom geakkordeer nie en hy het teruggekeer na Natal. Mettertyd het hy (namens die Heilsleër) die hele Natal en Oos-Kaap met evangelisasiedienste bedien. Hy het later op die plaas Etembeni by Vergelegen naby Harrismith gaan woon waarvandaan hy te perd en met orkes die hele Basoetoland bedien het. Hy was baie gewild en baie Sotho's sowel as Zulus het na hom gestroom. Talle sou op die manier genesing ontvang en Etembeni het 'n Sionstad in eie reg geword (Oosthuizen 1987:42-45). Hy word deur Crafford en Van der Spuy as die persoon beskou wat naas eerw Le Roux die meeste invloed op die Sionistiese beweging se ontstaan uitgeoefen het (Van der Spuy 1995:64, Crafford 1993:58).

Mahon in Swart kringe 'n yweraar vir die gedagtes van 'n genesingsbediening en 'n Sionstad. Hierdie vorm van Sionisme vind spoedig ingang onder swart leiers soos Titus Msibi. Die Roomse gedagte van suksessie het ook goed ingepas by die hiërargiese denke van die Afrika-mens. Msibi het Mahon byvoorbeeld as 'n soort pous gesien en het besondere waarde daaraan geheg dat hy deur hom (laasgenoemde) georden is (Van der Spuy 1995:96).

Sionisme in die VSA sou later negatief beïnvloed word deur die afname van John Dowie se persoonlike statuur. Hy is al hoe meer as 'n manipuleerder ervaar (Sundkler 1976: 30). In Suid-Afrika sou die beweging egter van krag tot krag gaan. Le Roux en Mahon kan met reg die vaders van Sionisme onder onderskeidelik die Zulus en Sothos genoem word, met Mahon dalk as die sterker figuur (Sundkler 1976:30, Crafford 1993:58, Van der Spuy 1995:64).

### *2.3.4.2 Die pentekostalistiese dimensie*

Die gedagte van Sionisme sou versterk word deur die bykoms van pentekostalisme.[47] Die pentekostalisme waarvan hier sprake is, kan teruggevoer word na die sogenaamde "Azusastraat-herlewing", 'n Pinksterherlewing onder negers (Los Angeles, 1906). Dit is later deur sendingpredikers van die CCAC in Z, soos John Lake[48] en Gypsy Smith, na Suid-Afrika oorgedra. Saam het hulle in Suid-Afrika aan tentveldtogte deelgeneem. Hulle het hulle toegespits op Sionistegroepe en verskeie "Sionstede" besoek. [49] Spreke in tale sou as gevolg van hulle bydrae 'n nuwe aspek van Sionisme word (Sundkler 1975:53).

PL le Roux is later ook tot die pentekostalistiese beweging oorgewen, terwyl Johannes Büchler apaties sou bly. Vir Le Roux het die aanvaarding van die spreke in tale egter meegebring dat hy al minder tuis gevoel het in die Sionisme en hulle uiteindelik vaarwel toegeroep het (Sund-

---

[47] Pentekostalisme: Dit is 'n beweging wat baie klem gelê het op die charismata van die wondergenesing, spreek in tale en die voorbereiding vir die tweede koms van Christus. Tipies piëtisties het hulle hulle toegespits op evangelisasie (wen van siele). Vanweë 'n swakker ekklesiologie was hulle prioriteit nie kerkplanting nie en ook nie infrastruktuur nie. Hierdie klassieke pentekostalisme stem baie ooreen met die moderne charismatiese beweging wat 'n meer onlangse (60's) ontwikkeling is. Die onlangse beweging is egter anders in die opsig dat charismatici nie uit tradisionele kerke wegbeweeg het om eie kerke te stig nie (Clark & Lederle 1991:8-9).

[48] Hy het besluit om na Suid-Afrika te kom nadat hy 'n visioen gehad het. Hy het hier sterk onder die invloed van Bryant gekom. Bryant was die opsiener wat John Dowie benoem het oor die werk van die *CCAC in Zion* in Suid-Afrika en was reeds sedert 1904 in die land (Oosthuizen 1987:14).

Lake speel in hierdie tyd 'n belangrike rol om die kontinuïteit tussen Sionisme en pentekostalisme te beklemtoon. Kort na sy aankoms begin hy in die Sionistiese kerkie die sogenaamde Breëstraatse Tabernakel in Johannesburg (Doornfontein) optree. Sy visie word versterk deur Bryant wat dieselfde herlewingsvisie vir Afrika gekoester het en hy bevestig dat Bryant spesifiek vir dié doel gesalf is (Sundkler 1976:52, Oosthuizen 1987:14). Vgl ook voetnoot 47.

[49] Die "Sionstede" was die verskillende plekke waar die Sioniste "Sion" "herstig" het. Die eerste Sionstad is deur John Dowie naby Chicago, VSA, opgerig, nadat die Christian Catholic (Apostolic) Church in Zion in 1896 gestig is.

Die Sionstad in Amerika sou bloei deurdat lidmate van die CCAC in Z aangemoedig is om daarheen te verhuis. Dit is voorgestel as 'n plek waar die Duisendjarige Vrederyk van vrede en harmonie sou realiseer, met John Dowie as die hersteller daarvan. Hy wou die plek uitbou tot 'n industriële stad, maar sonder sonde, siekte en armoede. Alle gebruike soos rook, gebruik van sterk drank, die eet van varkvleis en Westerse geneeskunde was taboe. Zion City sou dus ook 'n plek wees van wonderwerke en wondergenesings. Dit sou egter nie losstaan van materiële welvaart nie.

WG Voliva is as opsiener van Zion City aangewys. Hy moes ook die droom tot uitvoer bring. Die projek is egter lamgelê deur talle duur hofsake wat Dowie in die begin van die eeu teen koerante aangepak het wat die Sionstad in 'n swak lig wou stel. Die Tabernakel het ook op 'n stadium afgebrand.

Die Sioniste in Afrika het hulle eie interpretasie en kulturele uitdrukking aan die ideaal van 'n Sionstad gegee. Hulle wou hulle eie Sionstede hê en verskeie sulke "stede" het ontstaan (byvoorbeeld Silo by Suurbekom en Moria te Boyene (Pietersburg)). Elkeen moes 'n soort "nuwe Jerusalem" wees waar tekens van die eindtyd aanwesig is, waar gelowiges in 'n soort alternatiewe gemeenskap saam is en waar God op 'n besondere wyse naby is. Veral Moria het bekend geword as 'n plek van groot genesingskrag en baie lidmate van die ZCC het getuig hoe hulle hier van hulle siektes genees is (Sundkler 1976:25,29-30, Oosthuizen 1987:8-10 Hanekom 1975:47,84-85). (Ook Crafford, ongepubliseerde aantekeninge van DI., 57 en 66). Kyk ook voetnoot 44.

kler 1976:53).[50] Hy het hom hierna by die Apostoliese Geloofsending (AGS) aangesluit. Hy word in 1915 tot die leiersposisie van die AGS benoem wat hy sy dood in 1943 beklee.

Hoewel die pentekostalisme en die nastrewe van die charismatiese gawes in Le Roux se geval tot vervreemding met Sionisme gelei het, het die Sionisme in dié tyd heelwat pentekostalistiese invloed ondergaan.

#### 2.3.4.3 *Kontinuïteit tussen pentekostalisme en Sionisme*

Die kontinuïteit tussen Sionisme en pentekostalisme was sterker as die breuk. John Lake het 'n groot rol hierin gespeel. Omdat hy tot die CCAC in Z behoort het, het hy en sy span 'n natuurlike aansluiting by die Sioniste gevind. Hy het groot invloed uitgeoefen op Le Roux en baie swart leiers. Ook het die bediening wat hy gepropageer het, grootliks rondom 'n genesingsbediening gesentreer.

Na Le Roux se vertrek uit die gemeente van Wakkerstroom het die leierskap oorgegaan na Daniel Nkonyane.[51] Dat die pentekostalisme op hom ook invloed uitgeoefen het, blyk daaruit dat hy sy kerk se naam in 1922 soos volg verander: *The Christian Catholic Apostolic Holy Spirit Church in Zion* (Sundkler 1976:58). So word die ideale van Sionisme en pentekostalisme saamgevoeg.

#### 2.3.4.4 *Die verbreiding na buite*

Van die leiersfigure wat vantevore sterk deur Mahon en Le Roux se Sionistiese idees beinvloed is, maar ook meegevoer is deur die pentekostalistiese herlewing, was Edward Lion Motaung en Eliaz Mahlangu van die invloedrykste.

Edward Motaung word in 1912 deur die AGS aangestel as evangelis in Basoetoland. Na ontevredenheid stig hy sy eie kerk, *Zion Apostolic Faith Mission* (ZAFM, 1920). Hier sien ons hoe die apostoliese invloed met die Sionisme gepaar word deur die opname van die term "apostolic" in die kerknaam (Hanekom 1975:39). Die term Sionisme word geleidelik uitgebrei om die geesteswerk (*umoya*) van die pentekostaliste in te sluit.[52] Dit is dieselfde *umoya* wat vantevore in die Sionisme met kragwerking en genesing geassosieer is. Dit dui alles op die kontinuïteit tussen Sionisme en pentekostalisme. Die term Sionisme kan dus in tweërlei sin aangewend word om te dui 1) op die smaller Sionisme van John Dowie, maar ook 2) op die breër verskynsel waar die pentekostalisme bykom (Sundkler 1976:68).

---

[50] Dit lyk of die breuk tussen le Roux en die Sionisme reeds begin het toe hy nie meer verlief wou neem met die uitspattige en onordelike gestaltegewing van Sionistiese idees in sy gemeente te Wakkerstroom nie. Hy het dit veral gehad teen die gebruik van eksterne simbole, soos die dra van stokke, uniforms en simboliese kledingstukke (Sundkler 1976:50-51). Dan is dit ook so dat hy nie meer beheer oor sy gemeente kon uitoefen nie en dat sy medewerker, Daniel Nkonyane, die situasie beheer het. Aan die ander kant wil dit lyk of sy Zulu-medewerkers hom verlaat het, omdat hy hulle eerste verlaat het en van die naam "Zion" wou wegbeweeg (Sundkler 1976:55). Die rede daarvoor was dat hy al meer onder die invloed van die pentekostalisme gekom het. Die breuk met die Sionisme, en die ontvang van die "Pentecost" sou volg, maar eers in 1908, vyf jaar nadat hy twee-derdes van die gemeente te Wakkerstroom gedoop het (Sundkler 1976:50-53).

[51] Soos genoem het Nkonyane se leierskap reeds onder Le Roux na vore gekom. Hy het hierna toenadering tot Mahon gesoek wat sy trek na Charlestown vervoer het waar hy 'n Sionstad sou begin. Dié sentrum sou later groot invloed aan die Rand uitoefen. Die verandering van sy gemeente se naam in 1922 kan as die stigting van 'n nuwe kerk gesien word, los van enige blanke invloed. So is die breuk met Le Roux ook bevestig.

Oosthuizen beskou Nkonyane alreeds sedert sy omwandeling met Le Roux as die Swart Vader van die Sionisme. Ook was hy die meeste geskool en het hy 'n besondere premie op onderwys gelê. Hy het baie gedoen om amptelike erkenning vir die Sionistiese kerke te probeer verkry. Hy het egter elke keer gestuit teen 'n onvriendelike staatsburokrasie wat hom nie werklik erkenning wou gee nie (Oosthuizen 1987:40, Sundkler 1976:58).

[52] Dit is dieselfde *umoya* van die Sionisme wat net 'n verbreding in die pentekostalisme ondergaan het en wat dieselfde kragwerkende genesingsfunksie gehad het. Dit dui alles op die kontinuïteit tussen Sionisme en pentekostalisme. Die term Sionisme kan dus in tweërlei sin aangewend word, naamlik om te dui 1) op die smaller Sionisme van John Dowie, maar 2) ook op die breër Sionisme waar die pentekostalisme bykom (Sundkler 1976:68). Vergelyk ook voetnoot 44.

Mahlangu het weer in Zimbabwe (op daardie stadium Suid-Rhodesië) opgetree met sy *Zion Apostolic Church* wat hy in 1918 gestig het. Hierdie kerk het die genoemde vorm van Sionisme aldaar bekend gestel. Sionistiese kerke wat hierna in Suid-Rhodesië gestig is, het feitlik deurgaans "apostolic" in hulle naam gehad. Voorbeelde daarvan is die kerke van Mtisi en Makamba. Hulle het na hulle terugkeer van kontrakarbeid onderskeidelik die volgende kerke gestig: *The Zion Apostolic Church* met eie Sionstad by Umtali en *The Zion Apostolic Church* in Bikita (Daneel 1987:54). Dan was daar ook A Shoko wat in die ZAFM gedoop is en wat met sy terugkeer in 1931 na Suid-Rhodesië 'n tak gestig van die kerk van Mahlangu.

Ook Mutendi en Lekganyane (voorheen verbonde aan ZAFM van Motaung) het hulle eie Sionstede in Suid-Rhodesië en Boyene (Transvaal) onderskeidelik gestig.

Daneel is van mening dat daar sommige kerke in Zimbabwe is wat nie die benaming Sionisties vir hulleself toegeëien het nie. Die kerk van Johannes Maranke verkies om slegs "apostolic" genoem te word (Crafford 1986:76). Dit doen egter nie afbreek aan die feit dat die kerke saamgegroepeer kan word nie. Dit kan gedoen word op grond van die plek wat tipiese Sionistiese idees, gebruike en verskynsels in sulke kerke inneem (byvoorbeeld geesteservarings, profetisme, genesing, die drieledige onderdompeling by die doop en liturgiese handelinge soos dans en handeklap).

## 2.3.5 Die nadere tipering van die fenomeen Geeskerke

Skematies kan die lyne van tradisie vanaf die inisieerder John Dowie soos volg voorgestel word:

Sionisme: Mahon / Le Roux } → Bryant → Nkonyane → Mabilitsa → Mahlangu → Msibi → Motaung

Pentekostalisme: John G Lake → Bryant → Le Roux → Motaung.

Anderson (1992:64) wil die twee tradisies (in navolging van WJ Hollenweger) saamvat in die een term, *Afrika-pentekostalisme*. Hy redeneer dat die grondliggende fenomeen wesenlik Afrika-negroïdies is en dat die oordrag van die pinksterervaring deur sendelinge maar net die ouer fenomeen laat herleef het. Die term Afrika-pentekostalisme word dus verruim om Sionisme te akkommodeer, maar dan onderskei hy tog weer die volgende drie hoofgroepe: *klassieke pentekostaliste*, *onafhanklike pentekostaliste* en *inheemse pentekostaliste*. Onder laasgenoemde vind ons Sionistiese groepe soos *St John Apostolic Church* gestig deur Ma Nku[53] en die *Zion Apostolic Faith Mission* in 1917 gestig deur Lion Edward Motaung. Laasgenoemde het van die pentekostalistiese AGS weggebreek. In 1920 het Barnabas Lekganyane hom by Motaung aangesluit, maar in 1925 stig hy sy eie kerk, die bekende *Zion Christian Church* (ZCC). Hy noem sy eie seun Edward ter ere van Lion Edward Motaung.[54]

---

[53] Sundkler (1976:80-81) beskryf die wegbreek van Ma Nku in die twintiger jare van die AGS. Dit volg as gevolg van Le Roux se kritiek op vertoon en die millenialistiese leer van profetiese wegraping (rapture). By dié kerk speel die "bad van Bethesda" met bottels genesende water 'n groter rol as in meeste ander AOK (Sundkler 1976:80-81).

[54] Lekganyane het sy eerste vyf jaar saam met Lion Motaung in Lesotho deurgebring. Sundkler (1976:65) stel dit asof Motaung nog aan die AGS behoort het toe hy sy eie *Zion Apostolic Faith Mission* gestig het: "In 1912 he joined the organisation (AGS) and in 1917 he established a Zion city of his own in Lesotho."

Crafford stel dit weer dat Motaung gebreek het van Elias Mahlangu en sy groep. Laasgenoemde was oorspronklik deel van Le Roux se gemeente te Wakkerstroom behoort het en het in 1911 'n eie kerk genaamd *Zion Apostolic Faith Church* te Johannesburg gestig. Dieselfde Mahlangu stig in 1918 die *Zion Apostolic Church* in Suid-Rhodesië.

Crafford wys na aanleiding van Schlosser (1958:185) ook op die moontlikheid dat Lekganyane deur Le Roux of Mahlangu gedoop is. Dit dui op 'n verdere verband, direk of indirek, tussen die ZCC en die AGS.

Dit lyk dan of Lekganyane invloed van beide die AGS en die ZAFM ondergaan het. Dit dui op sy band met beide tradisies, die pentekostalisme en Sionisme.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


Die groot afskeidings van 1917-1920 dui dus op beide kontinuïteit en diskontinuïteit tussen die AOK en die pentekostaliste. Volgens Saayman was die verlies van die pentekostalistiese kerke 'n wins vir die AOK (Saayman 1993:40-42, Sundkler 1976:65-66). Sionisme sou egter sy grootste groei ná hierdie periode beleef (Pretorius 1984:10).

In die fase wat volg en wat ons die vestigingsfase kan noem, kom 'n pastoraal-profetiese bediening tot stand. Dit bestaan uit 'n kombinasie van elemente oorgeneem uit die stamtradisie, tradisionele leierskap en 'n ander sterk leiersfunksie, die van die *isangoma*. Op hierdie punt verskil die Sionistiese AOK van die Etiopiese kerke wat steeds by Westerse leierskapspatrone aangesluit het (Hanekom 1975:63-64). Die Sionisme het in die proses geleidelik van sy pentekostalistiese tradisie wegbeweeg en uiteindelik by 'n punt uitgekom waar hy nie verder as pentekostalisties getipeer kan word nie. Dus, namate pentekostalistiese invloed in die AOK afgeneem het, ontwikkel hulle karakteristieke trekke wat meer in ooreenstemming is met hulle inheemse tradisies.

Anderson se tipologie is dus in stryd met vele ander kenners (waaronder Turner) se siening dat Sionisme as 'n unieke fenomeen ontwikkel het, en 'n poging was om die evangelie in Afrika-konteks tuis te bring. Turner neem byvoorbeeld standpunt in teen Hollenweger se tipering van die AOK as inheems-pentekostalisties (en daarmee ook teen Anderson). Dié tipiese Westers tipologie laat nie reg geskied aan die besondere kenmerke ("distinctive dimensions") van die AOK nie (Turner 1979:112).

## 2.3.6 Die profetiese bediening

Gedurende die vestigingsfase van die Sionisme het 'n eiesoortige profetiese bediening begin posvat en dit is mooi by die ZCC te sien. Waar die stigterprofeet vroeër 'n rondreisende genesingsbediening beoefen het, is daar geleidelik oorgegaan na 'n span van beraders (Kyk ook Becken 1985:19-31). Dit kan ons die roetinering of die institusionalisering van die charisma noem (West 1975:50-51).

Dit beteken egter nie dat die stigterprofeet onbelangrik geword het nie. Sy rol het in die geval van die ZCC in die charismatiese leierskapsrigting ontwikkel. Vanweë die unieke en persoonlike aansprake wat die profeet-leier se posisie onderbou, lei dit tot 'n leierskapskrisis by sy afsterwe. Na die afsterwe van Engenias Lekganyane het sy twee seuns aanspraak gemaak op sy leierskap. Dit lei tot 'n skeuring en sedertdien bestaan die ZCC in twee dele: die met 'n ster as embleem (Joseph Lekganyane) en die met 'n duif as embleem (Edward Lekganyane). Die name van die kerke is dieselfde, omdat beide aanspraak maak op die opvolging.

Sundkler probeer onderskei deur van twee tipes leiers te praat: Die "*chief type*" (Etiopiese kerk) en die "*prophet type*" (Sionistiese kerk). Die "chief type" sou dan 'n forse leier wees met baie status (*izithunzi*) en die "prophet type", 'n maer, senuagtige tipe (Sundkler 1961:106, 114). Die ontwikkeling wat Turner onderskei, kom egter nader aan die waarheid.

Turner wys daarop dat daar in die *Aladura* twee soorte leiers ontwikkel het: (1) die profeet-apostel wat visioene, openbaringe en drome ontvang en uitlê en (2) die biskop wat administratiewe funksies en pastorale prediking behels (Daneel 1987:40). Alhoewel die profeet die kerk deur die genesingsbediening laat groei, is dit die biskop wat die lidmate behou. In Soweto werk die twee, profeet en biskop, saam in die een kerk en nie in twee aparte kerke nie (West 1957: 49). Kiernan (1990:157) neem dieselfde verskynsel waar in KwaMashu. Die profeet se bediening bestaan uit genesingsbediening en uitdrywing van bose magte, bose geeste of demone (*"phume demone"*). Dit gaan uit van 'n magiese en animistiese beskouing van sonde en siekte.

Die opkoms van die profetiese bediening in die AOK is aanvanklik taamlik negatief beoordeel. Daar is byvoorbeeld gesê dat gebruike soos die *"ukuprofetha"*-diagnosering by die Kerk

van Shembe[55], die *"runyaradzo"*-(versoenings)gebruik by die Shona (dieselfde as die *"isibusyso"*-ritueel by die Zulu (Sundkler 1976:272)) en rituele offers 'n vermenging met die tradisioneel godsdienstige gebruike is en is nativisties[56] genoem, terwyl die "deïfikasie" van die profeet as messianisties[57] getipeer is (Daneel 1988:121-123). Vir 'n lang ruk is profetisme in die AOK as 'n brug beskryf waarlangs dié kerke terugbeweeg na die heidendom (so byvoorbeeld Sundkler 1961:297). Dit is as een van die mees negatiewe verskynsels van "Afrika-separatisme" aangedui.

## 2.3.7 'n Herevaluering

Mettertyd word daar al meer gevra om 'n herevaluering van die verskynsel van onafhanklike kerke (byvoorbeeld Kruss 1986:24). Dit was onder andere as gevolg van 'n selfkritiese bewussyn wat onder Westerse teoloë begin ontwaak het en wat hulle minder geneig gemaak het om nie-Westerse kerke sonder meer te kritiseer. Daar is toenemend ingesien dat vroeëre veroordelings van die AOK uitgegaan het van 'n (naïewe) aanvaarding dat die Westerse Christendom, kerke en spiritualiteit die norm uitmaak. So is ook Westerse kultuurwaardes soos dualisme, rasionalisme en individualisme as maatstaf aangelê. Skrywers soos Schlosser, Turner en Kraft begin egter met 'n meer simpatieke en positiewe benadering van die AOK en die verskynsels wat deel daarvan uitmaak (soos profetisme). Dit kan niks minder as 'n paradigmaskuif beskryf word nie (Dierks 1983:42). Dit het nuwe akademiese belangstelling na hierdie studieveld gelok.

### *2.3.7.1 Sekte of kerk*

Die vraag of die beskrywende term "sekte" of "kerk" in hierdie verband gebruik moet word, het sy eie ontwikkeling gehad. Geleidelik sou daar egter 'n kentering kom. Die fenomeen van Sionisme word al meer as kerk beskryf. Crafford (1986:75) verteenwoordig 'n groeiende mening as hy sê dat ons die term kerk eerder moet verruim as om aan ander een te dink. Hy kwalifiseer egter sy standpunt deurdat hy van die AOK praat as "kerke in wording".

'n Probleem wat telkens aangedui word, is die verskynsel van sinkretisme wat volgens baie kenners as kenmerkend van hierdie kerke aangedui word. Turner (1979:90) neem egter die begrip sinkretisme self onder die loep. Dit blyk dan dat die begrip 'n gelade een is wat moeilik die toets van krities-analitiese denke kan deurstaan.

### *2.3.7.2 Profetisme*

Van die vroegste baanbrekers wat die profete meer in 'n gebalanseerde lig begin sien het, was Katessa Schlosser met haar werk, *Propheten in Afrika* (1949). Sy onderskei die godsdienste in Afrika soos volg: "Alteinheimnischen Religionen Afrikas" (oud-inheemse of tradisionele godsdienste van Afrika), Islam, "Missionchristentum-hervorgegangene" (bewegings of kerke wat hulle oorsprong by Christelike sending het). Sy wou die meer primale profete van die profete onderskei wat duidelike Christelike kenmerke openbaar (Schlosser 1949:392-404, ook Turner 1979:70).

---

55 Dit is die bepaling van die oorsaak van siektes volgens die metode van geestelike transferensie (soos in die geval van die toordokter). Sommige van die Winterveld-Temba-profete neem egter standpunt teen die gebruik in. Hulle sê dat by hulle volle bewussyn kan wees as hulle profeteer (Kyk ook voetnote 157 en 261, asook finale hoofstuk).

56 Nativisties: Dit is 'n georganiseerde poging by 'n gemeenskap of beweging om sekere elemente van sy kultuur te laat herleef en terug te keer na die tradisionele godsdiens. Dit behels ook 'n sekere mate van verwerping van die Westerse Christendom en kultuur (Barret 1971:47).

57 Messianisme: Dit is 'n beweging wat sentreer rondom 'n dominante persoonlikheid wat naas spesiale gawes ook nog aanspraak maak op 'n identifikasie met Christus (Barret 1971:46). Johannes Galilee Shembe was egter 'n uitsondering, aangesien hy in gesprek met Becken gestel het dat genesing maar alléén van God kom. Becken stem met Sundkler saam dat Shembe net die "ikoon" van God ("Maske Gottes") was waardeur sy volgelinge iets van God ervaar het (Becken 1985:61, Sundkler 1976:193).

Schlosser het 'n groot invloed op H Turner uitgeoefen. Hiervan getuig sy gebalanseerde siening en evaluering van die fenomeen (Turner 1979:21,45,71-72).

Die Amerikaanse teoloog, Reinold Niebuhr, het met sy klassieke werk, *Christ and culture*, weer invloed uitgeoefen op C Kraft. Dit lei tot sy boek, *Christianity and culture* (1976), waarin ook tot 'n meer gebalanseerde beoordeling van tipies inheemse ontwikkelings in die AOK gekom word.

Latere studies van Daneel het gewys dat daar veral anders na die fenomeen van die profetisme in Zimbabwe gekyk moet word. Mense sluit juis by sulke kerke aan om ontslae te raak van die voorouergeeste. Verskeie kerke (ook plaaslik) maak daarop aanspraak dat hulle nie magie beoefen nie, maar dat hulle die voorouergeeste konfronteer, soos onder andere die kerk van Modise (Anderson 1993:35).

Die skaal swaai hierna dramaties en die gevaar begin dreig van 'n ooroptimistiese benadering, byvoorbeeld deur Anderson wat die profete op dieselfde vlak as die Ou-Testamentiese profetisme stel. Wanneer hy Frederick Modise se *International Pentecostal Church* beskryf en evalueer, ag hy die feit dat profetisme soos by die ZCC glad nie in dié kerk geduld word nie en dat Modise geen ander profeet as geloofwaardig aanvaar as homself nie, as positief. Eintlik behoort dit vir Anderson 'n probleem te skep, omdat baie profete wat hy self as geloofwaardig beskou en selfs op dieselfde vlak die van die Ou Testament plaas, nie deur Modise as geloofwaardig aanvaar word nie. Ook sou mens moeilik kon wegkom van die messiaanse neigings in Modise se kerk waar hy as die *Moemedi* en *parakletos* aanvaar word (kyk Anderson 1991:50-53, Anderson 1993:35, Anderson 1992:193). Anderson neig dus na onkritiese optimisme in sy hantering van die AOK.

Ook die beoordeling van die Aladura is deur hierdie meer simpatieke neiging geraak. Daar is vroeër verwys na H Turner se waardering van die Aladura. Hy is grootliks deur die onderskeid van Katessa Schlosser beïnvloed. Hy plaas die AOK op 'n kontinuum tussen die nieu-heidendom en die Christendom. Hy onderskei vier hooftendense: nieu-primaal[58], sinkretisties, Hebraïstiese bewegings[59] en onafhanklike kerke (Mostert 1986:84, Turner 1979:56-57). By laasgenoemde maak hy gebruik van Sundkler se indeling van Etiopiese en Sionistiese kerke (SA konteks). Die Aladura groepeer hy saam met die Sionisme (Turner 1979:99-100).

Volgens Turner is die AOK om die volgende redes meer positief te waardeer: (1) Hulle verlos die lidmate van hulle vrese van heksery en towery, (2) Die danse en handeklap is geherinterpreteer as 'n alternatiewe, inheems-Christelike uitdrukkingswyse (Turner 1979:98-99).

Ander teoloë sou in hulle hantering van profetisme in die AOK nog verder onderskei. Johnson (1994:176) praat van die volgende profeettipes: isangoma, isangoma-profeet, profeet-isangoma en profeet.

### 2.3.7.3 Messianisme

Laastens sou die term *messianisme* ook om 'n nuwe verstaan vra. Vir 'n ruk is Lekhanyane van leier-deïfikasie beskuldig, terwyl GC Oosthuizen die kerk van Shembe, *Ibandla la Manazaretha*, as nieu-heidens en messianisties beskryf het. Selfs Sundkler (1976:193) het na Shembe as 'n swart messias verwys. Die prentjie het egter veel ingewikkelder geblyk te wees.

Die karakterisering van Shembe se kerk was hoofsaaklik gegrond op hulle gebruik van *izibongo*-lofsange[60] tot eer van Shembe. Jesaja Shembe is daarin onder andere beskryf as "Thixo" ("God", "groot vader"). In die ou *isibongo*-sange word mitiese terme gebruik om die koning te

---

[58] "Nieu-heidens" is sedert die sestigerjare vervang met die term "nieu-primaal" (Turner 1979:56).

[59] Dit is die kerke wat magiese gebruike grootliks laat staan het, maar op fundamentalistiese wyse aan Ou-Testamentiese gebruike vasklou. Dit gaan verder gepaard met die verwerping van die evangeliese leer en die verlossing in Christus (Turner 1979:56).

[60] *Izibongo*: Lofsange om die koning se oorwinning te vier in vredestyd en oorlog.

beskryf en te verheerlik. Sundkler en Daneel betoog dat wanneer Jesaja Shembe *Thixo* genoem word, word daarmee bedoel dat hy God teenwoordig stel, as 't ware deur 'n gesagvolle ikoon te wees van Christus. Daneel sê saam met Sundkler dat die *isibongo* (vereringsname) wat toegeken word, meer in ikoniese sin bedoel word as synde identifikasie van die masker (Shembe) as gesagvolle gestuurde van God.[61] Daneel gaan selfs verder en meen Bybelse konnotasies by die gebruik van die ikoniese leier te vind (Daneel 1987:187, ook Sundkler 1976:190,194).

In die geval van Lekganyane, wys biskop Makhubu in sy boek (1988:37) daarop dat iemand wat die term *Mmpolosi* gebruik om erkenning te gee aan die profeet-geneser, nie noodwendig tot vergoddeliking (deïfikasie) oorgaan nie.

Ook sou daar nie sonder meer van vooroueraanbidding in 'n gemeenteverband gepraat kon word nie, maar moet dit eerder verstaan word as respek en verering (West 1975:178).

### 2.3.8 Verdere ontwikkelinge van die fenomeen

Verstedeliking het tot nuwe ontwikkelings van die AOK gelei. Ons kan dit moderne tendense noem wat interessant genoeg ook Hebraïstiese of selfs Judaïstiese trekke openbaar.

Verstedeliking het oor die algemeen beter geletterdheid meegebring en makliker toegang tot die Bybel. Die Ou-Testamentiese wêreldbeeld is baie naby aan die swartman s'n. Daarom verbaas dit nie dat lede van die AOK aanklank gevind het by gebruike soos besnydenis, poligamie, vas ensovoorts nie. Daar is egter meningsverskil waaraan die opname van Hebraïstiese gebruike toegeskryf moet word. Sommige voer dit terug na die Sionistiese oorspronge van die beweging (wat teruggaan na die visie van Dowie) (Oosthuizen 1989:334). Die onveilige en "besmette" wêreld van die stad roep om apotropaïese en reinigingsrites. Ander meen dat dit te doen het met die stresvolle stadskultuur en die talle maatskaplike probleme wat die verstedelikte swart gemeenskap teister, byvoorbeeld die disintegrasie van die gesinstruktuur. "Bybelse" rites en gebruike bied 'n mate van morele en emosionele sekerheid in 'n pluralistiese samelewing.

In hierdie nuwe omstandighede het die AOK hom bewys as 'n aanpasbare fenomeen. In 1949 het die *sephiri*- en die *manyano*-groepe byvoorbeeld in die geledere van die AOK ontstaan wat hulle veral op die probleem van werkloosheid gerig het (wat uit die verstedeliking voortgevloei het). Geld is gekollekteer en werk is vir mekaar gesoek, nadat daar gebid is. Die *sephiri* het in laataandbyeenkomste saamgetrek om genesingsgebed. So is daar ook in die dieperliggende nood voorsien. Die AOK het dus in verskeie opsigte die voortou geneem soos wat die KMWB nie kon nie.

Dit het weliswaar beteken dat klein, intieme en spontane groepe orals opgespring het en dat die afskeidingsverskynsel so in die hand gewerk is (Sundkler 1961:88). Aan die ander kant was die kleiner groepe die gevolg van legitieme behoeftes (Sundkler 1976:92,291). Verder het die groepe op 'n manier selfs ekumenies meegewerk, omdat ook van die KMWB se lidmate in die geheim by hulle aangesluit het en daar as 't ware 'n dubbele lidmaatskap tot stand gekom het (West 1975:88-89).

---

[61] "Ikoon" dui hier meer op die rol van voorbeeld of gelykenis (parabōlos) wat die leier sou vervul wat God "teenwoordig stel". Dit wil egter ook 'n afstand bring van die vroeëre standpunt dat die kerkleier 'n swart messias uitmaak. Turner sê dat Sundkler se standpunt die gevolg daarvan was dat hy aanvanklik met 'n te klein groep onder die Zulus gewerk het. Hy sê verder: "Since then Sundkler has been steadily qualifying even this modest assertion, and in his latest major work he is concerned to play down the messianic role and to reinterpret some of his earlier data. So that the mediating role of the Zulu prophet does not at least, exclude the Jesus of the New Testament. The notion of the mask or eikon is now suggested to Shembe and others, rather than a Black Christ." (Turner 1979:53).

## 2.4 ONTSTAANSFAKTORE

### 2.4.1 Sosio-politieke faktore

Aanvanklik is die fenomeen van die AOK negatief beoordeel, veral in die tyd van die Etiopiese afskeidings toe politieke motiewe oorheersend was. Steward het dit byvoorbeeld te Lovedale as 'n "cave of Adullum" beskryf waarin leraars van gevestigde kerke met politiek-geïnspireerde denke ingelok word, maar wat uiteindelik niks meer as 'n ruimte van doodsbeendere kan wees nie (Gerdener 1958:190). Dit is ook met geweld onderdruk soos by Bulhoek en Lovedale.

Moontlik het hierdie omstandighede Sundkler beweeg om sosio-politieke faktore en motiewe te beklemtoon. Hy het gesê dat die grootste oorsaak van afskeiding (in die Suider-Afrikaanse konteks) geleë was in die kleurskeidslyn ("colour bar") (Sundkler 1961:65-79). Dat dit 'n faktor was, staan bo alle twyfel, maar dat dit die oorwegende oorsaak was, is deur die tyd as verkeerd bewys (Oosthuizen 1994:14). So ook Barret se siening dat die eintlike oorsaak die sendelinge en sendingkerke se "failure of love" was. Die fenomeen van AOK sou hom later onderskei as polities meestal passief en meeste van die afskeidings het buitendien van bestaande AOK plaasgevind (Barret 1968:84-97). Dit skakel beide teorieë uit. Die ontstaansfaktore was kennelik veel meer ingewikkeld.

### 2.4.2 Etniese faktore

Etniese en kulturele faktore was en is belangrik. Dit behels dat daar volgens stamtradisie en kulturele patrone opgetree word. Daneel (1988:165) sê dat dit veral vanaf die tweede fase van die AOK na vore tree. Hy wys op die verskynsels van suksessie en afkraling as hoofsaaklik etnies van aard en noem dit as van die vernaamste faktore.

Die afsterwe van 'n leier waar die opvolging van leier groepslojaliteite op die spits dryf en tot twiste aanleiding gee, lei dikwels tot afsplitsing. Die verskynsel van "afkraling" het in die tradisionele kultuur gebeur wanneer 'n kraal te groot word. Wanneer 'n kerkgroep te groot word, gebeur dit ook. Die basis daarvan is die swartman se aversie aan massifikasie en onpersoonlikheid.

### 2.4.3 Teologiese faktore

Namate die Bybel in die inheemse tale beskikbaar geword het, het leerstellige verskille belangriker geword. Verder het die KMWB dikwels vanuit Westerse tradisie en vooroordeel geleef en opgetree, en nie so seer vanuit behoorlike teologiese begronding nie. Omdat inheemse Bybellesers nie die Westerse agtergronde geken het nie, het hulle dikwels tot ander standpunte gekom. Dit het veral sake soos poligamie, die geesteswêreld en die badimo, die doop en die gebruik van alkohol gegeld.

Alhoewel die teologiese verskille dikwels belangrik was, was dit selde die belangrikste redes vir afskeiding (Daneel 1988:158). Kerklike verskille het ook belangriker geblyk te wees as teologiese verskille (Van der Spuy 1995:96).

Die relatief min afskeidings van die Rooms-Katolieke Kerk (RKK) en die hoër frekwensie by Protestantse kerke dien in hierdie verband genoem te word.[62] Die premie wat Protestantse kerke en sendelinge op die vertaling van die Bybel in inheemse tale en die ontwikkeling van 'n eie Bybelleesvermoë geplaas het, wil volgens sommiges daarop dui dat teologiese of leerstellige verskille tog belangrik is.[63] Ander wys weer daarop dat die AOK wat van die Protestantse kerke

---

62 Die geval van die afskeiding van Simon Kimbangu is 'n belangrike uitsondering.

63 Die interessante is dat Skrifhantering by die meeste vroeëre en baie huidige sendinggenootskappe fundamentalisties was en is.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



afgeskei het, meestal 'n hïerargiese struktuur ingestel het. Dit dui volgens hulle daarop dat ekklesiologiese verskille belangriker is. Tegelyk verklaar dit waarom die RKK relatief min afskeidings ervaar: sy eie hiërargiese struktuur sluit aan by die tradisionele gesagstruktuur en –patrone van die swartman.

Barret huldig weer die standpunt dat die oorspronklike afskeidingsbewegings hulleself as vernuwingsbewegings gesien het en dat hulle as gevolg van diskrepansies tussen lewe en leer by die KMWB afgeskei het. So byvoorbeeld is die Victoriaanse, puriteinse ideaal van die huwelik as die enigste Bybelse model van die huwelik voorgehou (Barret 1968:144). Dit strook egter volgens die AOK nie met die Ou-Testamentiese huweliksgebruik van poligamie nie. Die Westerse huwelik is ook dikwels as skynheilig gekritiseer (Baeta 1962:133).

### 2.4.4 Denominasionalisme

Denominasionalisme is 'n verskynsel wat voortvloei uit die idee van vrye assosiasie van individue wat op sy beurt 'n vrug van die Franse Revolusie is. Die sendinggenootskappe verteenwoordig 'n besondere vorm daarvan en het dit na die sendingveld oorgedra. Verder is daar die pinksterbeweging en sy basiese kritiek teen geïnstitusionaliseerde kerke. Die pentekostalistiese sendingmodel lê bewustelik nie die klem op kerkplanting nie, maar op die gawes (Makhubu 1988: 23). So is die tafel gedek vir bykans onbeheerde kerklike fragmentasie in die volgende fases van inheemswording (Crafford 1983:17, Daneel 1988:154).

Denominasionalisme het egter geblyk nie 'n oorsaak van skeurings te wees nie, maar eerder 'n kerklike kultuur wat vermeerdering en selfs proliferasie van die AOK in die hand gewerk het. Die KMWB word byvoorbeeld van liefdeloosheid beskuldig omdat hulle toegelaat het dat onderlinge verskille tot afskeiding oorgaan. Daar is nie genoeg gedoen om afskeidings teen te werk of te ontmoedig nie. Dieselfde gees of voorbeeld is volgens Van der Spuy oorgedra na AOK. Liefdeloosheid kan in sulke gevalle as oorsaak aangegee word.

Nog 'n oorsaak was die sendelinge se gebrekkige verstaan van die Afrika-kosmologie (volgens Barret 1974:93, ook Van der Spuy 1995:93) waaruit in sommige gevalle 'n onsensitiewe afskaffing van poligamie voortgevloei het.

Dan was daar ook allerlei ander persoonlike faktore, soos jaloesie en magstryde (Nehemia kursus, N1/2E, p 30).

### 2.4.5 Kultureel-godsdienstige faktore

Teenoor 'n skool wat die sosio-politieke faktore beklemtoon (Sundkler, Oosthuizen, en ander) het teoloë soos Barret, Turner en Martin het die klem al meer op godsdienstige faktore laat val. Barret (1968:95) interpreteer die bewegings as 'n strewe na kulturele onafhanklikheid en integriteit. Turner (1979:23, 213, 395) lê klem op die bestudering van die fenomeen uit 'n godsdienshistoriese en –fenomenologiese hoek. Hy soek die grondoorsaak vir die afskeidingsverskynsel by die inheemse religieuse tradisie. Hy gebruik dit ook om religieus-kulturele behoeftes te verstaan wat sulke afskeidings aanhelp.

West en Kiernan het egter met hulle studies in stedelike gebiede op verdere faktore begin dui.

- Die sosio-ekonomiese konteks waarin die lidmate hulle in die stedelike omgewing weg van die stamopset bevind het, het nuwe geleenthede vir groepvorming en leierskap gebied (West 1975:48). Die AOK het die moontlikheid gebied waar baie gefrustreerde jong leiers hulle ambisies kon uitleef (Crafford 1984:16).
- Die Sioniste verteenwoordig verder meestal die laagste sosio-ekonomiese groep met min geleerdheid. Hulle skei af om eie homogene groepe te vorm met hulle eie simbole en gebruike (Kiernan 1990:33-54). Die "Donkey Church" van Sophiatown het byvoorbeeld ont-

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


staan, omdat die lidmate nie meer die hoë vasgestelde dankoffer in die Metodiste Kerk nie kon bybring nie.

- Die *sephiri-* en die *manyano*-groepe van die AOK het verder 'n hoogs aanpasbare vorm van pastorale ondersteuning geblyk te wees. Die pastorale ondersteuningsrol wat hulle veral ná die Tweede Wêreldoorlog in die stedelike gebiede gespeel het, was iets ongekends (West 1975:88-89).
- Toegang tot Westerse medisyne was op daardie stadium moeilik en duur. Dit het 'n ryp teelaarde gebied vir 'n profetiese genesingsbediening. Alhoewel die leier die nuwe kerk begin, is dit die profeet met sy genesingsbediening wat die kerk laat groei. Laasgenoemde is dan die grootste oorsaak hoekom lidmate uit die KMWB by die AOK aansluit.

In hierdie verband wys Pauw daarop dat die NG Kerk se Nkoma-Sending baie min afskeidings ervaar het. Die lae frekwensie kan toegeskryf word aan die kontekstualisering van die pastoraat deur die beoefening van 'n genesingsbediening en die beskikbaarstelling van basiese skoling aan die breër gemeenskap. Ook het die toerusting van ouderlinge om bediening op buiteposte te hanteer afskeiding teengewerk (Pauw 1994:71, Cronje 1982:98).

## 2.5 EVALUERING VAN DIE AOK

### 2.5.1 Tipering

Dit is bekend dat hierdie bewegings hulleself as Christelike kerke wil sien. Dit bring onmiddellik die klassieke vraag na maatstawwe vir kerkwees na vore. 'n Volgende vraag sou wees of hulle oor die basiese elemente beskik om as kerke te kwalifiseer. Crafford (1986:75) meen dat hulle as kerke in wording beskou moet word. Hy is egter ten gunste daarvan dat hulle "kerke" genoem moet word en nie "sektes" nie (ook Crafford 1984:12).

Daar is stellig verskeie aspekte van die AOK wat Westerse wenkbroue laat lig. Hulle genesingsbediening vertoon byvoorbeeld belangrike ooreenkomste met tradisionele magiese en animistiese genesingspraktyke. Dit het die vraag laat ontstaan of hulle besig is om laasgenoemde onder die kleed van die Christendom voort te sit nie. Of kan die teenoorgestelde nie tog ook in sommige gevalle waar wees nie? Is die siening van Walls nie ook op hulle van toepassing nie?

> Continuity of thought about the final significance of Jesus, continuity in Scripture, of bread and wine, of water. But ... these continuities are cloaked with such heavy veils belonging to their environment that Christians of different times and places must often be unrecognisable to others or indeed even to themselves, as manifestations of a single phenomenon.
>
> (Walls 1982:97)

Om die profetisme van die AOK op dieselfde vlak as die van Ou-Testamentiese profesie te stel, lyk egter nie verdedigbaar nie, omdat eersgenoemde hoofsaaklik met die genesingsbediening te doen het. Ons kan die geloof in die AOK vergelyk met die van die vrou wat aan bloedvloeiing gely het en dit gewaag het om aan Jesus se kleed te raak en genees te word. Dit gaan in die laaste instansie om die genesingskrag van God. Die gevaar bestaan egter dat Sy krag dinamisties en magies beskou word, iets wat beskikbaar is en wat deur hulle na behoefte aangewend word. Daar moet geleer word dat God as Persoon altyd betrokke is. Hoewel Hy genadig is, is Hy ook eiemagtig. Sy kairos is nie dieselfde as die van mense nie, selfs nie van hulle wat tot Hom bid nie. Hy handel in ooreenstemming met sy eie wysheid en word nie deur menslike oorredingspogings gemanipuleer nie.

Dit lyk of baie van hulle idees en handelingswyses nader aan die Bybelse leefwêreld is as die van die Westerse kerke. Die uitdaging is daarin geleë is om dit nie te verander nie, maar dit met Christelike inhoude te vul. So kan hulle steeds 'n geestelike tuiste in die Christendom vind sonder volledige prysgawe van tradisionele idees en kultuur.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Aan die ander kant is daar die gevaar dat die AOK uit hoofde van 'n teologie van verinheemsing en inkulturasie onkrities aanvaar kan word. Hulle kan aangeprys word as die grootste groep Christene in Afrika sonder dat ook aan hulle gesê word dat gelowiges en kerke pelgrims onderweg is wat in hierdie lewe nooit regtig tuis is nie. Dit is dus nodig dat hulle die beginsel van selfkritiek onder leiding van die Heilige Gees leer (Walls 1982:98).

Westerse teologiese-opleidingsinstansies kan hierdie korrektiewe rol vertolk, maar sonder dat hulle verstaan dat die Westerse teologie ook maar op 'n geskiedenis van inheemswording en dikwels sinkretisme teruggaan nie (Sundkler 1976:317). Ook het ons fynere nuanseringe en tiperinge nodig om die AOK beter te kan evalueer, anders is die gevaar groot dat ons hulle almal onder een kam sal skeer. In hierdie opsig het Gilliland fyner onderskeidings probeer aanbied (Gilliland 1986:266).

Dat die fenomeen van AOK 'n duidelike faktor is waarmee rekening gehou moet word, sien ons in hulle groei wat steeds 'n opwaartse kurwe vertoon.

### 2.5.2 Die groei in die AOK

*Tabel 2:*

| Jaar: | Totale swart Christenpopulasie | Totale ledetal | % van die Swart populasie | % van die totale Christendom |
|---|---|---|---|---|
| 1954 | 7 700 000 | 761 000 | 9,6 | — |
| 1960 | 10 900 000 | 1 594 740 | 18,6 | 21 |
| 1970 | 15 800 000 | 2 760 000 | 18,4 | 18,3 |
| **1980** | **21 400 000** | **5 842 000** | **27,3** | **36,3** |
| **1991** | **23 000 000** | **8 000 000** | **32** | **38** |

Die amptelike statistieke van 1996 ten opsigte van die AOK word nie as gesaghebbend aanvaar nie, omdat die sensusvorm antwoorde vrywillig gemaak het. Sowat 30% minder respondente as in die verlede het aangedui of hulle AOK lidmate is of nie is nie.

(Bron: Prof JJ Kritzinger by die NERMIC-kongres van 26 Junie 1997).

# Hoofstuk 3

# HISTORIESE OORSIG VAN DIE TEOLOGIESE OPLEIDING VAN DIE AOK (TYDPERK 1800-1970)

## 3.1 TEEN DIE AGTERGROND VAN DIE SENDINGKERKE SE OPLEIDING

Dit spreek vanself dat die meeste leiers van die AOK van die eerste fase wat teologiese opleiding van een of ander aard ondergaan het, dit by die sendingopleidings deurloop het, omdat hulle lidmate was van die betrokke sendingkerke voor hulle afskeiding. Ander weer het in die beginjare by sulke opleidingsinstansies gestudeer het by gebrek aan eie opleidings (Turner 1979:188). Eersgenoemde was veral die geval met leiers van die Etiopiese kerke wat hulle oplei ding hoofsaaklik by Skotse en Metodiste sendingopleidings ondergaan het. In die tweede geval is 'n goeie voorbeeld Edward Lekganyane van die ZCC wat vanaf 1963 'n driejaarlange evangeliskursus by die Stoffberg Teologiese Skool van Turfloop suksesvol bygewoon het (Hanekom 1975:43).

Die Sioniste se eerste poging om 'n eie gesamentlike teologiese opleiding daar te stel, gaan so ver terug as 1915 toe die AOK saam met swart KMWB die *African Ministers Association* met die oog op so 'n opleiding gestig het. Hierdie poging faal egter omdat die AOK se verteenwoordigers as die minder opgeleides nie genoeg geleentheid gekry het om insette te lewer nie. Hulle breek weg om hulle eie *African Independent Churches Association* te stig met 'n "Joint Council" wat hulle na 1922 bestuur het. Hoewel opleiding 'n doelstelling was, het dit moeilik aan die gang gekom vanweë kroniese onenigheid tussen die lede en die Joint Council (West 1975:143). So was hulle vir hulle formele opleiding nog grootliks van sendinginstansies afhanklik.

### 3.1.1 Die Skotse Sendinggenootskap en andere

Die opleiding van die Skotse Sendinggenootskap het 'n model van Westerse onderwys gevolg wat op 'n elitistiese opleiding neergekom het. Dr James Steward (1870-1905), president van die Algemene Sendingkonferensie in 1904, het hier groot invloed uitgeoefen met sy lesings oor Alexander Duff se opleidingsmodel. Ander sendinggenootskappe is ook daardeur beïnvloed (Gerdener 1958:67). Die benadering wou die Westerse kultuur gebruik as 'n *praeparatio evangelica* (Thomas 1978:54). Die Paryse Evangeliese Sendinggenootskap (PESG) het hierdie benadering begin en later sou die Skotse Sendinggenootskap volg. In die tydperk waarin latere leiers van AOK opgelei is, is hoofsaaklik van sendelinge as dosente gebruik gemaak. Engels of ander handelstale is meestal as voertaal gebruik.

Dan was daar ook die Lutherse opleiding te Oscarsberg wat 'n twee jaar voorbereidingstyd ingesluit het waarin die aanleer van Engels en Geografie baie aandag gekry het (Gerdener 1958:260). Hier is die wetenskap is dus gebruik om die grond voor te berei vir die evangelie.

Die Lutherse benadering het met die Duff-metode ooreengestem deurdat hulle ook 'n voorbereidende of oorbruggingsopleiding gehad het. Dit het twee jaar geduur. In die tweede deel wat

ook twee jaar geduur het, is Nuwe-Testamentiese Grieks ook onderrig. Verder was die medium Engels.

In die geval van Metodiste sendingopleiding is inheemse kerkleiers by geleentheid na die buiteland gestuur om fondse vir opleiding in te samel. Hulle is egter geen inspraak gegun by die opleiding self nie (Kamphausen 1976:137).[64]

Dit ly geen twyfel dat hierdie opleidings aan Westerse standaarde gemeet suksesvol was nie. Dit was daaraan te danke dat hulle nie oorhaastig strukture geskep het nie, bereid was om te eksperimenteer en uit die foute van ander te leer (De Villiers 1972:235). Van Lovedale (Presbiteriaans), Blythswood en Emgwali word gesê dat hulle soos vuurtorings uitgestaan het langs 'n kus wat met skeepswrakke van mislukte pogings besaai was. Die Metodiste het op hulle beurt welslae behaal by Healdtown, Indaledi, Kilnerton en ander (Gerdener 1958:61).

Later het die Metodiste en die Presbiteriane saamgespan om Fort Hare tot stand te bring wat die eerste graadkursus in teologie vir swart studente sou voorsien (Gerdener 1958:61,260). Die meeste van die latere Etiopiese leiers het min of meer in dieselfde tyd hulle opleiding by Healdtown ontvang. Dit is die Afrika-idioom van die Amerikaanse Tuskegee genoem en die Swart teologiese bewussyn sou hier gevoed word.[65]

#### *3.1.1.1 Evaluerende opmerkings*

Die algemene benadering het daarop neergekom dat die opleiding van inheemse werkkragte hand aan hand gegaan het met Westerse enkulturasie. Dit word goed opgesom deur die ideaal van dr. Stewart van die Skotse Sendinggenootskap: "He wanted to bring the native people in line with their European occupants." Dit stem ooreen met die sendingonderwys wat in Indië toepassing gevind het. Daar is die kinders van invloedryke families met kulturele propaganda bereik en is hulle in 'n mate van hulle tradisies en konteks vervreem. Dit het egter geen bydrae gelewer tot die kontekstualisering van die kerk nie. Dieselfde was hier ook van toepassing (Smit 1983:47). Verder het die sendinggenootskappe nie altyd besef dat Westerse wetenskap en geleerdheid op materialisme en rasionalisme berus nie en dat die onderrig daarvan juis sekulariserend gewerk het nie. In die geval van Indië is kennis wat so verwerf is, in sommige gevalle teen die evangelie, kerke en sending gebruik (Thomas 1978:54). Die vraag is al dikwels gevra of hierdie benadering nie tot nadeel van die evangeliese dimensie geskied het nie (Du Plessis 1965:364).

Dwane was reeds as ampsdraer van die Metodiste Kerk krities ingestel teenoor dié kerk se opleiding van inheemse kandidate. Hy het beweer dat die standaarde te kort geskiet het (Kamphausen 1976:137).

Dat die opleiding baie keer laat begin is en nog nie doelmatig was nie, lei ons af uit die feit dat baie swart leraars hulle opleiding by oorsese instansies voortgesit het. Van die bekendste was dan Jabavu en Tiyo Sogo wat hulle opleiding onderskeidelik in Amerika en Skotland ontvang het (Jabavu 1921:92-99).

Die opleidingsmodel wat op daardie stadium gevolg is, moet egter in samehang gesien word met die sendingbenadering wat indertyd dominant was, naamlik die sogenaamde Drieselwebenadering (van Henry Venn en Rufus Anderson). Dit het in sigself uitgegaan van 'n (paternalistiese) pedagogiese filosofie, naamlik dat die jong kerklike gemeenskappe wat as gevolg van Westerse sendingpogings ontstaan het, met verloop van tyd opgevoed moes word tot kerklike volwassenheid. Kerklike volwassenheid is dan in terme van Westerse persepsies en waardes verstaan (Smit sj:43).

---

[64] Vgl voetnoot 39.

[65] Tuskegee was 'n universiteit in die staat Georgia wat die Negers se besondere behoeftes en belange vooropgestel het.

Onder Duitse invloed van onder andere Gustav Warneck het 'n volkskerkgedagte daar bygekom. Dit is geïnterpreteer om onder andere apartheid te sanksioneer of het gewoonlik met paternalisme gepaard gegaan. Volgens Kritzinger et al (1994:9) het dit in effek daartoe gelei dat Westerse kulturele verhewendheid bo twyfel gestel is. Dus het dit in baie gevalle die teenoorgestelde uitwerking gehad as wat Warneck bedoel het, byvoorbeeld dat die pas markeer is ten opsigte van die verinheemsing van opleiding. Lord Kilner se deputasie (1880) was verbaas om so min inheemse leraars te vind en het dit spesifiek as 'n punt van kritiek genoem (Sundkler 1960: 54-56).

### 3.1.2 Die Paryse Evangeliese Sendinggenootskap se invloed

Op 'n stadium was die Paryse Evangeliese Sendinggenootskap (PESG) feitlik die enigste instansie wat ook opleiding aan ander kerke se leiers verskaf het. Dit het daartoe gelei dat die Franse opleidingsmodel wyd nagevolg is.

In die beginjare was dit die reël om van ongeskoolde of weinig geskoolde werkkragte gebruik te maak (veral vir kategete en evangeliste). So het die opleiding van die Paryse Evangeliese Sendinggenootskap gesetel te Moria, Lesotho, bygedra tot die ontwikkeling van tot 22 hoofstasies en 149 buitestasies, met 253 kategete en 187 evangeliste. Die situasie lei daartoe dat die daar al hoe meer hoofstasies ontwikkel het waar kategete opgelei is by 'n normaalskool. Die teologiese opleiding kan so opgesom word:

> Mr. Kruger taught them algebra and geometry as an intellectual gymnastics well as general history, theological subjects and the elements of Greek. Great stress was laid at the elements of singing ... Aline Mabile taught them algebra, history and English literature."
>
> (Ellenberger 1983:252-253)

Die keuring vir die kandidaatskursus met die oog op predikantskap het later 'n eerste- en tweedejaarse onderwyssertifikaat vereis, asook dat 'n paar jaar van approbasietyd deurgegaan moes word toon (Ellenberger 1983:52-253, De Villiers 1972:235).

#### *3.1.2.1 Evaluerende opmerkings*

Eerwaarde Jacotett, die latere hoof van die teologiese skool van die PESG, te Moria, het in 1904 by die Algemene Sendingkonferensie oor die onderwerp "Native churches and their organisation" gepraat en die klem op die verinheemsing van die evangelie laat val. Hy het hom soos volg oor swart opvoeding en opleiding uitgelaat: "He was not to be turned in to a kind of hybrid. We do not want him to be a coloured European." (Ellenberger 1958:257). Daar was dus van vroegsaf 'n ideaal van kontekstualisering.

Die geskiedenis het egter anders verloop. Die PESG het gesukkel het met die kontekstualisering van kerkopbou. Die opleidingsideaal het nie deurgewerk na die praktyk nie.[66]

Ellenberger (1938:118-119) is van mening dat die grootste oorsaak vir die afskeiding op Hebron daaraan te wyte was dat die Franse kerkregeringstelsel te gou ingestel is. Die vraag sou met reg kon gevra word hoekom 'n Westerse stelsel in elk geval sonder die nodige aanpassing ingestel moet word? Indien boonop 'n pedagogiese filosofie van selfstandigwording daaragter lê, reflekteer dit ook op die basiese uitgangspunte van so 'n filosofie.

Ook die verkeerde verstaan van die inheemse ervaring van bekering (*ukuthwasa*) wat met drome en kragontmoeting gepaard gegaan het, het daartoe gelei dat dit nie reg hanteer is deur dr Casalis nie en te kras veroordeel is (Setiloane 1986:192).[67]

---

[66] Vergelyk ook Matitta, (p 58 par 3.2.1)

[67] Vergelyk *ukuthwasa* onder roeping by die profete (par 7.2 p 137) en by die finale model -'n Bybelse pastorale grondhouding (p 263 par12.2.6) As die term hier gebruik word, word dit in verband gebring met 'n fase in bekering waar die betrokke lidmaat wat aan *ukuthwasa* ly, deur 'n geestelike worsteling gaan. So berig Casalis dat een van die soldate van Moshoeshoe 'n ervaring ge-

## 3.1.3 Die Stofberg Teologiese Skool

Ook die Stofberg Teologiese Skool het groot ooreenkomste met die Franse opleiding getoon. Eersgenoemde is as een van die bes toegeruste kweekskole in Afrika beskou. Die opleidingsfilosofie van die NG Kerk vertoon 'n duidelike ontwikkeling sedert daar met die opleiding van inheemse leraars in 1916 begin is. Telkens is die kursus aangepas om veranderde behoeftes te ondervang. Ds Stofberg het die beginsel van moedertaalonderrig beklemtoon. So word sy ideaal bewoord: "Ds. Stofberg denkt dat de opleiding van evangelisten in hun eigene taal geschieden moet. Wat de onderwys betreft sal men zich schikken naar de Departement." (De Villiers 1972: 265). Onderwysopleiding is net soos by die opleiding van die Franse gesien as 'n deurgang na die bedieningsopleiding.

Die opleiding van kategeet-evangeliste kry aandag tot 1965. Al hoe hoër standaarde is gestel. Die opleiding van evangeliste het in die brandpunt gekom. Afsplitsings van die geledere van die NG Kerk het ook plaasgevind en sou verband hou met al hoe hoër akademiese eise wat gestel is vir approbasie. Die gevalle Poho, Mbele en Mariri is goeie voorbeelde daarvan. In die geval Poho het die feit van sy karige opleiding teen hom getel en kon hy nie georden word nie. Dit het daartoe gelei dat hy met 'n groot klomp aantal lidmate uit die kerk is. Dit is gekenskets as 'n Etiopiese afsplitsing (De Villiers 1972:238).

### *3.1.3.1 Evaluerende opmerkings*

Die opleiding met die oog op lekebediening het nie regtig bestaan nie, terwyl dit die meeste aandag gekry het in die Metodiste en Anglikaanse kerke (Sundkler 1960:56). Daar is gevrees dat opleiding van die leke die verskynsel van separatisme sou aanvuur. Die opleiding van kategeet-evangeliste het later ook heeltemal tot 'n einde gekom:

In die vyftiger jare het volgens Sundkler (1960:68) 'n algemene tendens by sendingopleidings in Afrika posgevat. Hy praat selfs van 'n "fundamental change in local leadership situation: "The unordained staf – teachers and catechists – were for different reasons, retreating from their previous central position ..."

## 3.1.4 Gevolgtrekking

### *3.1.4.1 'n Ambivalente prentjie in opvoeding*

Die opleidingsfilosofie van die sendelinge in hierdie tyd kan as ambivalent beskryf word. Hulle stel aan die een kant 'n hoë premie op Westerse opvoeding (geletterdheid). Aan die ander kant is dit hulle strewe om die eie kultuur van die swartman te bewaar (Pakendorf 1993:233, 234). Laasgenoemde ideaal is aktief op gemeentevlak nagestreef, maar in die geval van die opleiding is nog suiwer met Westerse modelle gewerk. Sundkler stel dat hy daarvan oortuig is dat die vertaling van die evangelie nog nie na behore by die onderskeie opleidingsinstansie gerealiseer het

---

had waar hy met die onsienlike kontak gemaak het. Dit het met 'n groot sondebesef en trane gepaard gegaan. Soos Casalis berig: "They thought Makonyane was one of the prophets of the old covenant and started to look at him as inspired" (Setiloane 1986:193). Casalis kon die toedrag nie gebalanseerd hanteer nie. Veral toe Makonyane berig het dat hy in 'n plek was waar die voorouers was. Setiloane GM beskou dit as jammer dat die verchristelikte fenomeen van *ukuthwasa* sonder meer deur Casalis afgeskiet is en stopgesit is. Dit kon die werk van die sendeling tot groot voordeel strek.

Die Metodiste by die Caledonrivier het die geval van Daniël, 'n man van groot kuisheid, anders hanteer. Hy het 'n visie gehad dat die sendelinge sou kom en die Gees uitgestort sal word op alle vlees. Daar is raakgesien dat *ukuthwasa* in 'n Christelike konteks ondergaan is en gevolglik is met groter geduld opgetree. Dit is duidelik dat hierdie hele gebeure nie alles noodwendig reg was nie, maar dat die Metodiste iets probeer verstaan het van die worsteling en soeke na God. Hulle het die persoon wat *ukuthwasa* ervaar het, nie noodwendig gedemoniseer en uitgeban nie, maar hom begelei. Die feit dat Daniël al visies van God gehad het voor die sendelinge se koms, is deur hulle geïnterpreteer as dat God self die akker vir die evangelie mag voorberei.

nie: "Theology is translation and this had hardly begun." (Sundkler 1961:281). Vertaling is dus die speerpunt van teologiese opleiding.

#### 3.1.4.2 *Die suiwer kerugmatiese benadering ontmasker*

Die opleidingsbenaderings van die drie groot sendinginstansies sou nie so veel verskil as wat elkeen 'n verdere uitbreiding behels het op die kerugmatiese model wat kerkplanting as doel gestel het nie (Myklebust 1957:308).[68]

Prof Du Plessis het al in 1910 die versugting uitgespreek dat daar 'n tekort aan beter gekwalifiseerde pastoraat was: "Better staff-training schools are the great missionary desideratum today" (Du Plessis 1965:407). Dit het ongelukkig daartoe gelei dat al hoe hoër standaarde in die opleiding gestel is, maar dat basiese opleiding oor 'n breë front geleidelik uitgefaseer is. So het die klem deurentyd op al hoër standaarde geval in plaas daarvan dat 'n regte inheemse pastoraat nagestreef is.

Die prentjie was egter nie net negatief nie. Die American Board of Foreign Missions (ABFM) word net hierna geprys vir sy bydrae tot die swart inheemse opleiding deur sy daarstelling van die inheemse literatuur en die vertaling van die Bybel in Zulu (Gerdener 1958:257). Verder het Kropf die Lutherse kategismus in Xhosa vertaal en werke oor Ntsikana geskryf. Die vertaling van literatuur was een van die grootste behoeftes by die meeste inheemse bevolkingsgroepe.

#### 3.1.4.3 *Oorgangstyd in teologiese opleiding en introspeksie*

Die eerste helfte van die 20ste eeu kan as 'n oorgangstyd beskryf word, omdat daar steeds gepoog is om projekte van die laat 19de eeu (wat met kerkplanting en verinheemsing te doen gehad het) tot uitvoer te bring. Die vraag is by die sendingkonferensie te Le Zoute, België (1926), gevra na die sukses van sulke projekte en beplanning is vir die toekoms gedoen. Groot klem is op die verstaan van die Afrika-mens geplaas en al meer is gevra hoe die opvoeding gebruik kan word om die kerk op te bou (Lienemann-Perrin 1981:6). Daar is ook 'n meer koinoniale benadering in die vooruitsig gestel.

By Tambaram (1938) twintig jaar later is teologiese opleiding nog as een van die mins bevredigende aspekte van sending beskryf. Dit sou ook weerklank vind op die sendingkonferensie te Whitby (1947). 'n Besondere premie is op die inheemse insette by opvoeding en opleiding en die verinheemsing van die pastoraat geplaas. Dit gaan terug na Jerusalem (1928) waar die inheemse pastoraat en opvoeding beklemtoon is. Ook is sosiale verantwoordelikheid by Jerusalem beklemtoon en by Whitby word sosiale betrokkenheid met die slagspreuk, "Partners in Obedience," uitgelig (Crafford 1987:5-6).[69] Daar is al hoe meer gevra na 'n ekumeniese model van teologiese opleiding.

---

[68] Die kerugmatiese model van kerkplanting het teruggegaan na onder andere die "Drie-selwe-benadering" van Henry Venn en Rufus Anderson. Die kerugmatiese benadering het tot gevolg gehad dat oormatige klem geplaas is op Westerse, eietyds-teoretiese opleiding ten koste van inhoude en waardes wat 'n inheemse pastoraat sou bevorder. Dit het volgens Dayton en Fraser veroorsaak dat die selfteologiseringsbeginsel waarvolgens swart teoloë die evangelie in eie kultuur kon vestig, nie tot sy reg gekom het nie (Dayton 1990:245).

[69] Dit is so omdat daar al meer komprehensief en holisties gedink is en ook meer op sosiale en opleidingsvraagstukke gekonsentreer is, soos wat betrokkenheid by die sosiale nood van mense toegeneem het. Dit het egter die gevaar geloop om 'n soort "social gospel" te word waar oormatige klem op die humanitêre rol van sendende kerke in die politiek geplaas word.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



## 3.2 DIE OPLEIDING VAN SIONISTE

### 3.2.1 Eerste fase

Die opleiding in die eerste fase van die Sioniste fase was nie veel meer as 'n selfopleiding wat neergekom het op die nabootsing van bestaande ampsdraers se bediening nie. Dit kan dus opgesom word as modellering en internalisering, asook indiensopleiding wat by elke konferensie, erediens, kerkvergadering en pastorale geleenthede toepassing gevind het (Daneel 1987:165, Sundkler 1961:125). Die opleiding was dus baie informeel en elementêr.

Voeg hierby dat daar baie fundamentalisties en letterlik, en bowendien ongestruktureerd, met die Skrif omgegaan is. Een van die redes hiervoor was die feit dat baie van die leiers en profete ongeletterd was. So was Nkonyane en Isaiah Shembe altwee ongeletterd. Nkonyane kon dele uit die Skrif aanhaal en hy het die Skrif baie letterlik nagevolg. Hy is hierin deur Shembe nagevolg. Shembe was daarvoor bekend dat hy Christus tot die letter probeer navolg het.[70] Shembe was dan ook trots daaroor dat hy geen geleerdheid gehad het nie. Sy wonderwerke sou daarvoor opmaak. Soos Mohono in verband met Matitta stel, sê Shembe se aanhangers dit oor hom ook: As julle hom opgelei het, sou julle oor hom gespog het (Sundkler 1961:125). Verder het Mohono Molupe oor Matitta van die *Moshoeshoe Berea Bible Readers Church* (MBBRC) gesê: "The PEMS asked that Matitta should go to their theological college at Moria so that he could fit in with their mission and help them spread the fame of the French nation." (Mohono 1991:61). Teologiese opleiding in dié geval is dus as 'n vorm van Westerse kultuurpropaganda opgeneem en 'n gebrek aan so 'n opleidingsagtergrond is as 'n wins vir die betrokke Sionistiese kerk beskou.

#### *3.2.1.1 Kritiese evaluering*

Daar ontwikkel al meer 'n kloof tussen die Westerse teologiese-opleidings wat van elitisme, intellektualisering ensovoorts beskuldig word en die AOK. Die tydperk kan as die van geen of weinig kontekstualisering deur sendinginstansies beskryf word (Bosch 1993:27). Die AOK het ontstaan as 'n reaksie hierop. Die Westerse kerke was glad nie gerat vir die opbloei van die AOK of om in hulle opleidingsbehoeftes te voorsien nie.

Opleiding is vanuit die piëtisme gesien as iets wat die hoofstroomkerke moes beveilig teen die groei van die AOK. Soos die ervaring van die Lutherane te Ceza, Natal, bewys het, is die AOK nie as 'n uitdaging gesien nie. Dit lei daartoe dat daar oormatige klem op die doktrines geplaas is en 'n wal ingewerp is tussen die sendinggenootskappe en die AOK (Sundkler 1976: 250).[71]

---

[70] Dit hou verband met sy "messiaanse trekke".

[71] Die Sweedse sendelinge wat by die Lutherse Sendinggenootskap te Ceza, Natal, oorgeneem het (1904-1942), was geneig om krities te staan teenoor almal wat nie die Sweeds-Lutherse kerktradisies ondersteun het nie.

Die Duitse Lutherane het die droom gehad om 'n kerk te plant volgens die beginsels van die drie-selwe en wat ruimte gelaat het vir die indiensstelling van geskoolde medewerkers. Stefano Mavundla, was so 'n medewerker wat deur hulle as "revivalist" betrek is om sy eie evangelisasiewerk te doen. Hoewel Stefano deur die Swede oorgeneem is, is hy later deur Andreas Mbata vervang wat volgens die Sweedse sendelinge 'n beter dogmatiese skoling gehad het. Stefano het met sy afskeid gesê dat hy weet dat hy nommer een in die boek van God is, aangesien hy 'n "revivalist" is en die gemeente laat groei het, terwyl iemand anders nou net kom oorneem.

Die paternalistiese motiewe van die Sweedse sendelinge het aan die lig gekom in hulle bespreking na die Stefano-geval. Daaruit het geblyk dat hulle alle werkers en predikante wat nie deur hulleself opgelei is nie, gewantrou het. "By being trained at a Swedish seminary they would grow into the doctrine of our church." Dit laat Sundkler (1976:250) sinies opmerk dat baie sendinginstansies gemeen het dat "doctrine and precision in doctrinal statements were to save Africa." Ter wille van leerstellige suiwerheid was hulle bereid om 'n duur prys te betaal, naamlik nie alleen die verwerping van die spiritualiteit van die AOK nie, maar ook die van die ander sendinggenootskappe.

Die AOK is gekenmerk deur lae standaarde in opleiding. Dit moet verstaan word in die lig van die renons van sommige van die profete in Westerse opvoeding in die algemeen en meer in die besonder ook in primêre opvoeding. Volgens Sundkler was die opvoedingspeil van die laagste in vergelyking met ander kerkgroepe (Sundkler 1961:308).

By die Shona-kerke in Zimbabwe het die statistiek ten opsigte van die kinders van die AOK egter geleidelik beter begin vertoon. Kerkaffiliasie het ook nie 'n groot invloed op skoolsyfers uitgeoefen nie (Daneel:1987:115). Waar 'n kerk soos die Ndaza-kerk teen sendingonderwys gekant was, het hulle hulle eie skool begin.

Die gesindheid met betrekking tot onderwys en opleiding van die AOK het ook verbeter namate daar positiewe vordering met opleiding gemaak is. Die volgende pogings verdien vermelding:

Eerstens was daar groepe wat nog nooit 'n premie op opleiding geplaas het nie wat met opleidingsinisiatiewe begin het, byvoorbeeld die *Church of the Lord* (Aladura), Nigerië, wat sy leiers in 1961-1963 na die Mennoniete se Bybelskool te Ilorin gestuur het (Turner 1979:188).

Tweedens het die EJCSK te Kinshasa in 1962 met 'n opleiding begin. Weliswaar het Marie Louise Martin heelwat gedoen om die opleiding te vestig en te laat gedy. 'n Groot seminarie is te N'Kamba gevestig waarvan die opleiding en suksesse geleidelik wye erkenning begin geniet het (Diangianda 1979:35-60, Martin 1978:128).

Laastens maar nie die minste nie verdien die pogings van Inus Daneel vermelding. Hy het in die sewentiger jare met Fambidzano begin, 'n ekumeniese opleiding wat van die opleidingstof van die sendingkerke gebruik gemaak, maar so gestruktureer en aangebied dat die besondere aard en behoeftes van die deelnemende onafhanklike Shona-kerke in aanmerking geneem word.[72]

## 3.2.2 Ekumeniese opleidingsfase: (1950-1970)

### *3.2.2.1 Pogings om ekumeniese opleidings te vestig*

'n Poging wat in hierdie verband aandag verdien, is die van Fred H Burke, 'n Amerikaanse pentekostalis wat in 1947 *The African Bible Training Institute* stig wat later na Rustenburg sou verskuif. Dit is gevolg deur die stigting van die *All African School of Theology* (AAST, 1962) te Springvalley, Witbank, waar Burke hom later gevestig het (Crafford 1984:42). Met sy nie-denominasionele vertrekpunt, korrespondensiekursusse en die gebruik van sewe tale (asook 'n basiese Engelse kursus) het hy meer as 'n duisend leiers geskool (Sundkler 1976:290).

Terselfdertyd was daar in die sestiger jare ook die poging van die *African Ministers Independent Churches Association* (AMICA) wat sy ontstaan alreeds in die 1934 gehad het en in 1956 onder leiding van Ephraim Zwane begin het om studente vir opleiding na Witbank of Sweetwater te stuur (Sundkler 1976:290-292).[73]

In 1972 het die afgestudeerde studente van AAST weer die *All African Association of Assemblies* (AAAA) gestig (Crafford 1984:42). Hulle betekenis lê daarin dat hulle nog meer suksesvol was in die samesnoering van AOK. Sundkler (1976:290) noem dat daar op 'n stadium (gedurende die sewentiger jare) nagenoeg 700 leraars van die AOK op dié wyse saamgebring is.

'n Poging wat aandag getrek het, was die ekumeniese opleiding wat by die Lutherse Kollege te Mapumolo in 1972 begin is. Hulle spesifieke model sou aandag trek, omdat die studente by

---

72 Vir Fambidzano kyk p 125, par 6.7

73 AMICA verskil van AMA (p 53) soos volg: waar AMA oop was vir leraars van alle kerke, is AMICA uit die geledere van AOK geïnisieer en wou dit spesifiek aan AOK se opleidingsbehoeftes voorsien.

dialoog en gesamentlike aksies betrek is en nie daarop gemik is om Lutherane van die AOK te maak nie (Becken 1985:266-267).

Laastens het ook die *Theological Education by Extension College* (TEEC) te Braamfontein tot stand gekom wat nie net aan die KMWB, maar ook aan die AOK toegang tot opleiding gegee het.

#### 3.2.2.2 Die teologiese opleiding van die African Independent Churches Association

Die Christelike Instituut (CI) het sy ontstaan in 1963 onder leiding van dr Beyers Naude, 'n eertydse moderator van die NG Kerk in die Transvaal. Hulle doelwit was rasse-eenheid onder heerskappy van Jesus Christus. Dit sou gedoen word deur studiegroepe in die hele land op die been te bring (De Gruchy 1979:104).

Die CI ontvang kort na sy ontstaan 'n toekenning van die WRK se Theological Education Fund (TEF) vir die vestiging van die leraarsopleiding van die *African Independent Churches Association* (AICA) in die eerste fase van sy mandaat (1965-1970) (Lienemann-Perrin 1981: 136). Die CI het begin met teologiese opfrissingskursusse in die hoofsentra. Die hoofgroepe in die AOK was egter nie bereid om daaraan deel te neem nie, vanweë die CI se hoë politieke profiel (Sundkler 1976:288).

Die AICA is by verskeie geleenthede deur interne splitsings bedreig, veral tussen die hoofraad (bekend as die *African Independent Churches Council*) en die sogenaamde Interim-komitee. Aanvalle is gerig teen die president, Mthembu. Toe die Interim-komitee onder leiding van eerwaarde EVM Maqina nie daarin kon slaag om die hoofraad by 'n konferensie in 1969 te KwaMashu vervang te kry nie, het hulle hulle eie organisasie *Life Aid Independence Churches Association* (LAICA) gestig. Opleiding van huweliksbevestigers, skoling in administrasie en gemeenskapswerk was beoog.

In 1970 het die AICA sy bande met die CI verbreek. Een van die van die redes wat AICA vir die skeuring gegee het, was die CI se beheer van fondse (Crafford en Gous 1993:226). West sê ook dat AICA kritiek gehad het op die CI se hantering van teologiese programme (West 1975: 52).

West (1975:58) meen egter dat die eintlike rede vir die breuk van die CI die interne probleme en dispute in die geledere van die AICA self was. Die kwessie wat die breuk veroorsaak het, het gehandel oor die feit dat sommige hoofraadslede van AICA vir 'n langer tyd aan bewind gebly het as wat die reglement bepaal het. Die stryd bereik 'n hoogtepunt in 1971 by 'n hoofraadsverkiesing. Dr Beyers Naude het probeer bemiddel. 'n Nuwe bepaling waarop besluit is, het 'n volstrekte meerderheid vereis en as gevolg daarvan het van die sittende lede hulle plekke verloor. Dit het groot ontevredenheid gelei (West 1975:58). Onder die ou sisteem sou Manana gekies geword het. Sy nederlaag lei daartoe dat hy AICA verlaat en met die hulp van die NG-leraar, ds N van Loggerenberg, die *Reformed Independent Churches Association* (RICA) tot stand bring (West 1975:157-159).

Die tweede groot oorsaak het inderdaad rondom finansiële beheer gewentel. Daar was in AICA baie meningsverskil oor die aanwending van fondse wat van die CI ontvang is. Verder was daar voortdurende wedywering en struweling in AICA oor poste wat sulke fondse moes bestuur. Laastens was daar ook groot frustrasie in AICA, omdat hulle gevoel het dat hulle te min beheer oor die TEF-toekennings en die CI te veel seggenskap daaroor gehad het (West 1975: 167).

Die CI het algaande 'n leidinggewende rol in die bevrydingstryd begin speel. Onder andere het dit behels dat SPROCAS ("Study Project on Christianity in an Apartheid Society") begin

is.[74] In 1972 het die regering 'n kommissie benoem om sogenaamde ongerymdhede in CI te ondersoek en in 1975 is die organisasie tot geaffekteerde organisasie verklaar (De Gruchy 1984: 24, 1979:110-113). Dit het uiteindelik daartoe gelei dat die CI nie langer buitelandse fondse kon ontvang of hanteer nie, dat sy teologiese skool tot 'n einde gekom het en so ook sy korrespondensiekursusse.

Volgens O' Brein is die meeste van die studente van AICA oorgeneem deur TEEC. 'n Verdere groep het hulle tot die *Institute for Contextual Theology* (ICT) gerig vir opleiding (O' Brein 1991:294).

In 1984 is daar weer onderhandelinge met TEEC gevoer om die opleiding van die AOK oor 'n wye front oor te neem en 'n meer permanente basis daaraan te verleen (Ngada 1985:33). Tans bestaan daar steeds geen amptelike skakeling tussen AICA en TEEC nie, maar baie studente van die AOK word deur TEEC opgelei.

### *3.2.2.3 Kritiese evaluering*

Alhoewel AICA saam met die CI die speelbal van die politiek geword het en dit lamgelê is deur interne stryde in die leiersgroep, het dit tog vyftien studente in 'n teologiese seminarie te Alice gevestig. WAAIC (Women's Association of African Independent Churches) was selfs meer geslaagd. Die verbintenis met die CI het infrastruktuur verskaf. Laastens was die assosiasie van kleiner kerke in 'n groter, ekumeniese liggaam 'n groot voordeel.

Die grootste gebrek van hierdie poging was dat dit nie geslaag het om van die grootste onafhanklike kerke, soos die ZCC, Shembe se *Ibandla lamaNazaretha* en ander groot Etiopiese kerke, in te sluit nie

'n Moeilike probleem wat opgeduik het, was die van leiers wat ná opleiding terugkeer na hulle gemeentes en deur diegene sonder formele opleiding as 'n bedreiging ervaar word. Ook was daar verwagtinge van hoë poste en werksgeleenthede waaraan nie voldoen kon word nie.

Een van die grootste redes vir die mislukking van die opleidingsprojek was die interne bestuursprobleme van die African Independent Churches Council. Die CI het alle rede tot agterdog gehad oor hulle finansiële bestuur (West 1975:156).

Een van die grootste oorsake vir die baie mislukkings om teologiese opleiding vir die AOK daar te stel, word later deur *African Spiritual Churches Association* soos volg aangevoer:

> The real reason for the failure of these attempts to provide theological and leaderships training for our candidates was the irrelevance of the training itself. The seminary had been planned and it had been run, and courses had been given according to the pattern and the tradition of the white churches.

Dieselfde word ook van die TEEC se opleiding en baie ander gesê (Institute for Contextual Theology 1985:10).[75]

---

[74] *The Message* was die dokument wat die spanning tussen die Suid-Afrikaanse regering enersyds en die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke en die CI andersyds verwoord het. *The Message* gaan uit van die standpunt dat apartheid ketters is. SPROCAS 1 was die projek wat die implikasies van *The Message* in die praktyk wou uitspel. Met SPROCAS 2 is die CI al hoe meer oorgeneem deur swart politieke aktiviste en het dr Naudé onder druk gekom om die CI in die vryheidstryd te laat opgaan (De Gruchy 1985:21-23).

[75] Na my wete het TEEC wisselende sukses gehad met die opleiding met ampsdraers van die AOK, omdat hulle nie heeltemal daarin slaag om die AOK se behoeftes op verinheemsde vlak te ondervang nie. Die meeste dosente werk volgens 'n Westerse model. Die Anglikaanse Kerk het meestal die leidende rol geneem. Hiervolgens word duur onbekostigbare geboue deur dosente gehuur wat later groot skulde vir die lidmate impliseer as nie meer met oorsese geld instand gehou kan word nie.

Dit is egter so dat baie studente van die AOK van TEEC se dienste gebruik maak en verneem ek dat TEEC ook meer doen om van die dosente van die AOK (op tutorvlak) te betrek. Dit maak hulle meer relevant in die AOK-konteks. TEEC stel hulle egter nie spesifiek op die AOK in nie. Hulle doelwit is om vir beide KMWB en AOK te opleiding te bied.

Zorn het in sy studie, "Viability in context, the theological seminary in the Third World – seeded or sheltered garden?" gewys op die kweekhuiseffek wat daarop neerkom dat opleidingsinstansies kunsmatig aan die lewe gehou word met buitelandse geld wat te enige tyd onttrek kan word, of dat inheemse kerke te afhanklik raak van buitelandse hulp en opleiding (Lienemann-Perrin 1983:186, Zorn 1975:9). Die buitelandse instansies se hulp werk dus op die lang duur ondermynend ten opsigte van inheemse selfstandigheid en kontekstualisering.

Die krisis van teologiese opleiding in die Derde Wêreld het al meer geblyk baie ingewikkeld te wees, in elk geval nie 'n probleem wat deur verinheemsing alleen opgelos kan word nie. Die TEF het vasgevang geraak in 'n problematiek wat bestaan het uit die volgende knelvrae:

- Moes teologiese opleiding eensydig verbeter word deur standaarde te verhoog en kerke van die Derde Wêreld deur hoëvlakse kundigheid tot emansipasie gehelp word, of,
- Moes kort- of langtermyn-opleidingsprojekte met die oog op verinheemsing aangepak word?
- Moes inheemse tekortkomings met eksterne finansiële en bestuursinisiatiewe te bowe gegaan word en die afhanklikheidsindroom weer so aangehelp word?

Miskien was die grootste fout dat TEF die dialektiek tussen twee verkeerde groothede wou stel, naamlik "technological civilisation and local cultural situation", in plaas van *teks en konteks*.

TEF was meer geslaag in sy derde mandaat (1970-1977) toe hy ondersteuning begin gee het aan opleidingsinstansies wat gebruik gemaak het van die konsep van "teologiese opleiding by wyse van ekstensie" (TOE). Hierdie beginsel is suksesvol in die periode 1963-1968 in Guatemala ontwikkel en op die proef gestel (Lienemann-Perrin 1983:96,198).

Dit was veral *Fambidzano* wat hierdie konsep met vrug ingespan en op sy eie manier ontwikkel het.[76] Die finansies is ook hier as 'n Achilleshiel beskou en aan verwagtinge van hoë poste kon selde voldoen word. Die gevaar het ook gedreig dat die leiers weer in 'n elitisme ingelei sou word (Daneel 1985:69:75, Lienemann-Perrin 1983:189). Tog was die winspunte genoeg, soos die isolasie wat gebreek is, die duisend korrespondensiestudente elke jaar en die ekumeniese bande wat met ander AOK ontwikkel het.

---

Daar is nie formele skakeling tussen die AOK en TEEC op raadsvlak nie. Daar is wel skakeling tussen TEEC en die skool van Kanya. Aartsbiskop Temba Ntongana van die AOK dien op die dagbestuur ("Executive Council") van Kanya. Op ekumeniese gebied speel die *Kukhany'okusha* ook 'n belangrike rol en wel binne die die Council of Swaziland Churches.

Tans bestaan die metodiek van TEEC daaruit om in Swaziland elke ander Saterdag in studiegroepe te vergader. Ofskoon sillabusse gebruik word, word die onderrig nie streng geskeduleer nie. Daar word ooreengekom met die leiers en die studente oor datums van lesings, werkstukke en eksamens.

Die lesings word gekontekstualiseer deur die gesprek wat studente en dosente na aanbieding op papier vas te lê vir volgende leersessies en eksamen. Ook is TEEC deeglik bewus van die dilemma in opleiding van die AOK rondom fundamentalistiese Skrifhermeneuse en word dit ook in die stof aangespreek. Die stof is meesal in Engels en Swazi. Tswana word gebruik in die genesings- en beradingskursus wat op diplomavlak aangebied word en universitêr geakkrediteer is. (Verwysing: faks ontvang van eerw Jill Chatfield, "dean of studies", 15 Mei 1999, op grond van inligting verkry van John Nichols Rodenberg, Kukhany'Okusha, Mbabane, Swaziland).

Dit kom daarop neer dat die een die ander komplementeer — residensiële opleiding (Kanya) en afstandsonderrig (TEEC) (Vergelyk ook Ngada 1985:10, 33

In hierdie opsig lyk dit of TEEC die meeste van alle institute nog gedoen het om die konteks van die AOK te akkommodeer.

[76] Vir Fambidzano kyk p 125 par 6.7

## 3.3 SAMEVATTING: DIE SITUASIE VRA NA 'N NUWE PARADIGMA

Gedurende die sestiger jare het daar al meer voorstelle gekom vir nuwe strukture ten opsigte van teologiese opleiding. Teoloë wat die voortou geneem het was onder andere Steven Mackie, Ivan Illich en Paulo Freire (Lienemann-Perrin 1981:141,173).

Daar was meer gewilligheid om af te sien van die dualistiese, piëtistiese wêreldbeeld wat die Westerse tipe opleidings gekenmerk het. 'n Verdere kenmerk van dié opleidings was dat hulle geskoei was op die Griekse-Romeinse patroon van abstraksie wat teorie en praktyk uitmekaar haal (Bosch 1979:165-166, Conn:1984:249). Ook dít is krities heroorweeg.

Dit was ook 'n tyd waar begin is om na die geslaagdheid van verinheemsingspogings te vra. Veral in die lig gesien die foute wat gemaak is deur die sendinginstansies as gevolg van 'n Westers-monopolistiese wêreldbeeld. Dat dit verkeerdelik afgedwing is, is die duidelikste te sien in die vertaling van die Bybel in inheemse tale, byvoorbeeld die Zulu-vertaling – waar die Zulu-woord vir God lank nie gebruik is nie, maar wel *Uthixo* wat 'n Xhosa-woord was. Ook die vertaling van die abstrakte begrip "God" by die Tswana met 'n persoonlike voornaamwoord in plaas van die onpersoonlike "dit" (Dierks 1983:51).

Daar is ook gevra hoe verinheemsing in die teologiese opleiding neerslag kan vind. Die WRK het begrippe soos ontwestering, relevant-vir-die-situasie, en verinheemsing gebruik, maar in die sestiger jare was hulle ervaring nog te beperk om werklike inhoud daaraan te gee. Vanuit die Derde Wêreld is daar ook nie 'n ander opleidingsmodel aangebied nie (Lienemann-Perrin 1983:119).

Daar was nog altyd drie benaderings ten opsigte van opleiding en leierskap in die inheemse pastoraat gevolg. Die pendulum het gedurig tussen die drie rondgeswaai (Sundkler 1960:66-57, na aanleiding van Leenhardt):

- Diegene wat teen 'n inheemse pastoraat was, omdat hulle gevoel het die Afrika-mens was nog nie ryp genoeg nie.
- Die groep wat die kompromisbenadering van adaptasie en akkommodering gevolg het. Hulle maak grootliks gebruik van half-opgeleide, ongeordende pastore.
- Die groep wat die risiko geloop het om 'n inheemse pastoraat te bedryf.

'n Benadering wat Sundkler nie onderskei nie, was die van die *ekumeniese model* wat in die sestiger jare aan die opkom was.

Voorstelle van nuwe kerkstrukture en opleidingsbenaderings is trouens reeds vroeg in die veertiger jare gemaak. Hier word gedink aan Bruno Gutmann (Kenia, Tanganyika) en Allen (Sjina) wat reeds vroeg in die 20ste eeu standpunte hieroor uitgespreek het en wat gedurende die sestiger jare weer deur Sundkler onder die aandag van sendingwetenskaplikes gebring is. Gutmann wou natuurlike leiers sien wat kontak behou met hulle gemeenskap. Sending het die band verbreek tussen die gemeenskappe en kerk. Sy siening was: "They were trained not because they were leaders in the church. The foreigners wanted them to be trained, and in their own way. They were often as foreign as the foreign missionary."(Sundkler:1960:58).

Die ideaal van 'n inheemse pastoraat het dus in hierdie geval met opleiding begin. Daar is raakgesien dat praktyk en teorie te ver uit mekaar geleë was. Al hoe meer stemme is gehoor vir opleiding deur ervaring. Wat Busia van die kerk gesê het, sou ook van die opleiding gesê word: "For all their influence the Christian Churches are still alien institutions in Africa." (Sundkler 1960:236, 281).

Waar die Sionistiese kerke in baie gevalle skepties teenoor teologiese opleiding gestaan het, het die Etiopiese kerke voortgegaan om hulle kandidate na die opleidings van KMWB te stuur (Du Plessis 1965:365).

Na die twintiger jare was die groei van die Etiopiese kerke meestal verby. Die grootste groei het hierna onder die Sioniste plaasgevind. Hulle het die ander kant van die munt verteenwoor-

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



dig. Vanuit Westerse hoek beoordeel het dit neergekom op 'n totale verwaarlosing van teologiese opleiding. Uit eie hoek gesien was dit egter van die staanspoor af verinheemsing, nie alleen van evangelie en kerk nie, maar ook van opleiding.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


# Hoofstuk 4

# GEKONTEKSTUALISEERDE OPLEIDING

## 4.1 DIE DIALEKTIESE SPANNING VAN KONTEKSTUALISERING VAN OPLEIDING BY DIE AOK

Die stelling kan gemaak word dat die AOK wat onderwys en opleiding betref, tussen twee opsies vasgevang is. Enersyds, "... the Zionist Church can attempt to develop and become relevant to educated people.[77] This would however occur at the risk of losing their old members." (Dlamini 1986:210). Andersyds, as hulle hulle weer net op die ouere lidmate toespits, loop hulle gevaar om die jongeres te vervreem.

Die AOK besef dat 'n positiewe houding teenoor onderwys en opleiding nodig is om 'n uittog van die jeug te voorkom. Die vrees is egter dat hulle kinders in die Westerse onderwysstelsel tot die KMWB oorgehaal sal word (Turner 1979:188).

Die omgekeerde van die spanning wat by die leiers van die AOK teenwoordig is, word deur die instansies ervaar wat teologiese opleiding bied. Allan Tippet (1969:124) verwoord dit as "the conflict between the theory of the church's role in education and the theory of the growth of an indigenous church." Enersyds is daar die eise van akademie en wetenskaplikheid waaraan opleidings blootgestel is. Andersyds die vrees dat 'n kwaliteitsgerigte opleiding nie altyd rekening hou met die eise van die verinheemsing van die pastoraat en kwantitatiewe groei nie (Tippet 1969:91).

Die vind van die korrekte balans in teologiese opleiding kan vergelyk word met die kuns om tussen Skilla en Charibdes deur te stuur. Dit kom daarop neer dat daar twee gevare is wat weerskante dreig:

Wanneer in gebreke gebly word om te kontekstualiseer, ontstaan die gevaar van 'n eksotiese of elitistiese evangelie wat in 'n Westerse mantel toegedraai is en net verstandskennis impliseer. Inheemse begrippe word nie benut en met Christelike inhoude gekersten nie. So 'n teologie word as 't ware in isolasie beoefen (Sundkler 1960:93).

Die ander gevaar is net so duidelik: Om so te kontekstualiseer dat die evangelie oorgelewer word aan 'n nativistiese of sinkretistiese opset wat ver verwyder is van die Bybelse inhoud en bedoeling (Pretorius 1987:112). Dit gebeur wanneer die inheemse kultuur klakkeloos en sonder kritiek aanvaar word en daarby aangepas word (Studiestuk ASK 1991:65). Teks word na die konteks omgebuig.

Ware kontekstualisering bring die situasie by die teks uit. Dit is meer as kennisoordrag en geskied met die bewussyn van die *missio Dei* (Sundkler 1961:41).

---

[77] Hoofsaaklik die jong, opkomende geslag.

Vervolgens 'n paar dialektiese waarhede wat in teologiese opleiding met die oog op kontekstualisering verreken moet word.[78]

### 4.1.1 *Praxis* en *theoria*

*Theoria* kan kortweg beskryf word as 'n teoretiese rekonstruksie of model van 'n deel van die werklikheid. *Praxis* word gewoonlik as 'n bepaalde praktyk opgeneem. Wanneer hulle saam in een asem gebruik word, beteken dit gewoonlik dat dit om dieselfde deel van die werklikheid gaan en dat die teorie metode- en praktykgerig is (of behoort te wees), terwyl die praktyk weer grootliks met so 'n teorie saamhang. Dikwels word teorie en praktyk teenoor mekaar gestel, maar in werklikheid bestaan daar dikwels (of gewoonlik) ook 'n onderlinge afhanklikheid. (Vergelyk ook Burden 1994:121).

Iets van die dialektiek van *praxis* en *theoria* kom na vore in die nadenke en gesprek oor onderwys- en opleidingsbeginsels wat deur die eeue invloed op die Westerse seminariemodel uitgeoefen het. Waar oormatige klem op teorie geplaas is en dit boonop geskakel het met 'n praktykmodel wat min toegewings aan die ideaal van verinheemsing in die Derde Wêreld gemaak het, het dit toenemende kritiek ontlok (Conn 1984:261). Burden (1994:121) toon aan hoe die na-reformatoriese seminariemodel sukkel om die spoke van die verlede soos skolastiek en die eensydige klem op professionele opleiding, ontslae te raak. Hy bring *poiésis* by om die dimensie van hoop in teologiese opleiding te kommunikeer.[79] Conn bevestig hierdie toedrag van sake naamlik dat die historiese ontwikkeling die professionalisme en elitisme (en hiermee saam abstraksionisme) as uitvloeisels van die *theoria* bevoordeel het ten koste van die ander dimensies (Conn 1984:256). Weliswaar is die vergete dimensies mettertyd weer ontdek en is die teologiese opleiding in die Weste geleidelik gekorrigeer.

Hierdie dialektiek openbaar hom op 'n ander manier in die Derde Wêreld. Aan die een kant die teologie van leke met mondelingse refleksiewe dimensie wat sterk praxis gerig is en aan die ander kant die Westerse teologiese insette wat teruggaan op 'n tradisie van geskrewe refleksiewe teoretisering (Conn 1984:261).

Verder gaan die debat ook oor die vraag wat kontekstualisering en sinkretisme is. Volgens Pretorius (1987:113) dreig die gevaar van sinkretisme wanneer die evangelie sonder meer in die kleed van die omringende reseptorkultuur geklee word. Ook dreig sinkretisme van 'n ander soort waar die evangelie geklee gaan in die abstrakte Westerse begripswêreld wat ver van die Derde-Wêreldse konteks verwyder is (Tracy 1981:214).[80]

Conn (1984:259,262) verwys na die volgende gevare by teologiese opleiding:

- Die van *abstraksionisme*. Dit beteken dat teorie en praktyk van mekaar geskei word, soos by baie Westerse opleidings. Tracy sê dat 'n eng Woordgesentreerde bediening altyd gevaar loop om abstrak, droog en verlam te raak (Tracy 1981:214).
- Die gevaar van *elitisme* wat eie is aan leierskapspatrone in Afrika en wat AOK kenmerk waar sulke patrone bo Bybelse patrone verkies word (Conn 1984:263). Teologiese oplei-

[78] Dialektiek: Dit gaan van die standpunt uit dat die waarheid nie staties is nie, maar geleë is in die wisselwerkende dinamiek van konsepte wat mekaar opvolg of mekaar se teenoorgesteldes verteenwoordig (Pretorius 1987:192). Dialektiek beteken dat daar nie net een waarheid is nie.

[79] *Poiésis* beteken die skep of vind van beelde wat in aanbidding, liturgie en belydenis aangewend kan word (Burden 1994:121). Volgens Illich (1971:56) tref Aristoteles 'n verskil tussen *praxis* ("making") en *poiésis* ("acting"): "Making always has an end other than itself...good action itself is its end." Burden will saam met Bosch (1993:431) *poiésis* as hoop en liefdesuiting kwalifiseer: "Die gevaar van die beklemtoning van die *theoria* is dat dit die *praxis* te min beklemtoon, en vice versa. Waar tegnokratiese ontwikkeling *praxis*-gedrewe is, is die gevaar dat dit in teoretiese opleiding by sekere modelle te min beklemtoon kan word." (Burden 1994:121).

[80] Vir die verskillende opleidingsmodelle vergelyk Burden 1994:111-139.

ding, veral waar kandidate uit hulle normale omgewing en konteks geëkstraheer word, kan maklik 'n ongesonde elitisme versterk.

- Die gevaar van *pragmatisme*. Pragmatisme roem hom onder andere op die kerkgroei-effek wat hy tot gevolg het. Een van die gevare van TOE is dat dit aangewend kan word as 'n metode vir die bereiking van praktiese oogmerke (Conn 1984:262). Die probleem met so iets is dat die kandidaat nie toegerus word om prinsipieel-krities te dink en op te tree nie en dat hy sal neig om onkrities binne bestaande patrone en strukture te werk. Hier word gedink aan oordrewe stamverbondenheid ("tribalism") wat behels uitsluitlike leierskap en optrede volgens stamregeringspatrone ("kingship pattern."). Conn maak melding van 'n opname in Oos-Afrika onder besigheidsmense en waartydens bevind is dat net 20 persent van die wat ondervra is, vir die idees en gevoelens van ander ontvanklik was (Conn 1984:264).
- Laastens kan die fout gemaak word dat daar gedink word dat die dialektiek van theoria en praxis opgelos moet word deur vir die een of die ander te kies of die een teen die ander af te speel. 'n Voorbeeld daarvan is 'n vormkorrespondensiële toepassing van voorbeelde uit die Skrif (byvoorbeeld 'n Pauliniese tentmakersbediening) òf die handhawing van 'n voltydse, gesalarieerde bediening (tradisionele praktyk by baie Westerse kerke) (Sundkler 1961:9). Deur beide hierdie dimensies te behou word die elemente van praxis, poiésis en theoria op 'n manier in kreatiewe balans gehou en word die praktyk toelaat om self sy keuse te maak.

Pretorius (1980:264) probeer die balans anders lê: tussen teologiese volwassenheid en intellektuele voortreflikheid. Hy stel dat eersgenoemde die doelwit in andragogie en volwasse opleiding is wat nogal verskil van die pedagogiese benadering (karaktervorming in die *paideia*) (Burden 1994:122). Dit verskil ook van die ander modelle, soos die Berlynse model wat meer klem lê op intellektuele ontwikkeling en akademiese voortreflikheid (Burden 1994:122). Volgens Pretorius lei die oorbeklemtoning van volwassenheid maklik tot irrelevante piëtisme en die oorbeklemtoning van intellektuele toewyding weer tot intellektuele elitisme.[81] Teologiese opleiding van leraars van die AOK moet dus nie net met die oog op geestelike toerusting gegee word nie, maar ook met die oog op intellektuele toerusting (Sundkler 1960:189).

Bosch sê dat die beste modelle van teologiese opleiding daarin slaag om die elemente van praxis, theoria en poiésis in kreatiewe spanning te hou. Poiesis veronderstel volgens hom liefde as grondhouding (Bosch 1993:431).

### 4.1.2 Verabsolutering, relativering en pluralisme

Verabsolutering dreig wanneer slegs een konteks by kontekstualisering in aanmerking geneem word, met ontkenning van ander kontekste. Dit geld vir die Westerse sowel as die tradisionele kontekste (Pretorius 1987:113). Absolutisme lei daartoe dat ander teologieë aan joune ondergeskik geag word. Daar is verskeie teologieë, maar dit beteken nie dat hulle wedersyds uitsluitend is nie (Friedman 1989:80, Kraft 1979:303). Absolutisme in opleiding beteken dat jy jou model beskou as die enigste wat kan werk. Ons weet egter dat daar verskeie kontekste, teologieë en modelle is.

Volgens Alan (1983:78) hou die ander uiterste, relativisme[82], en daaruit voortvloeiende pluralisme, die gevaar in dat dit wat geestelik heilsaam is ("spiritually wholesome") nie onderskei

---

[81] Die aantoon van verskil tussen intellektuele volwassenheid en intellektuele toewyding is nie afgestem op wedersydse uitsluiting nie, maar wedersydse verryking. In sekere modelle kan dit mekaar juis veronderstel.

[82] Relativisme impliseer hier dat die evangelie se geldigheid (en betekenis) in verskillende kulturele kontekste verskil. Kraft sê hieroor: "Cultural validity is a doctrine developed by anthropology (ordinarily referred to as cultural relativism) that maintain that an observer should be careful to evaluate a culture in his own values, goals, and focuses before venturing to compare it (either positively or negatively) with any other culture." (Kraft 1979:49).

word van dit wat geestelik verarmend ("spiritually poor") is nie. Volgens Alan is dit die eerste tree na 'n "undifferentiated syncretism".

Volgens Friedman is pluralisme egter die enigste vertrekpunt waarvandaan 'n middeweg tussen die twee opsies van verabsolutering en relativisme gevind kan word (Gort 1998:80).

### 4.1.3 Kulturele adaptasie of anti-kulturele benadering

In die vyftiger jare tref JH Bavinck (1954:181) 'n onderskeiding tussen twee teenoorgestelde benaderings van verinheemsing by name akkommodasie en adaptasie aan die een kant en *possessio* aan die ander kant. Die eerste behels die benadering waarvolgens die kultuur geakkommodeer word. *Possessio* behels die benadering waarvolgens daar nie aan die inheemse kultuur gekonformeer word nie, maar die kultuur in besit geneem of gekonfronteer word. Bavinck het laasgenoemde verkies, aangesien die akkommodasie van heidense waardes en gewoontes volgens hom kon lei tot sinkretisme.

Hesselgrave (1991:177) het op voetspoor van die siening van Kraft aanvaar dat Bavinck met sy *possessio*-konsep anti-kultureel gedink het. *Possessio* as kontekstualisering beteken oorname van buite sonder kulturele sensitiwiteit (Kraft 1979:360-366, vergelyk ook Niebuhr 1951:45-82).

Teenoor die stelling dat die Pauliniese metode kultuurvyandig of –ontkennend genoem word, moet daarop gewys word dat baie optredes van Paulus daarop dui dat hy die kultuur en konteks van sy gehoor deeglik in ag geneem het. Dit gee Hesselgrave toe as hy sê dat Paulus telkens sy styl verander om aan te pas by sy gehoor (vergelyk byvoorbeeld 1 Kor. 9:20-22).[83] (Kyk ook Hesselgrave 1991:177).

Ons onderskei dus twee uiterste skole: Die een wat kontekstualisering verstaan as identifikasie met die reseptorkultuur (Hesselgrave 1991:177) en die ander benadering wat glo dat die evangelie *per se* teenoor kultuur staan. Hesselgrave (1991:135) gaan egter ook verder en sê om gesagvol te wees, moet die evangelie profeties-krities wees. By totale identifikasie sonder afstand, soos by akkommodasie, dreig sinkretisme (Nida 1960:180). Dit sal dus nie anders kan as dat die Skrif in sommige gevalle so aan die woord gestel word dat dit konfronteer en brandpunte aanspreek nie – of te krap waar dit jeuk nie (Hesselgrave 1989:110).

So is al aangetoon dat konfrontasie en selfs konflik onvermydelik is in die teologiese opleiding, omdat die inheemse kultuur deur die teologiese denke gekonfronteer word. Konflik is nie uitgesluit soos in die teologiese opleidings van die Kimbanguïste en Fambidzano nie (Daneel 1978:163, 183, 197, Turner 1979:182, Martin 1987:128). Die ware kontekstualisering sal egter nie koud teenoor die kultuur kan staan nie en berus op "expressing theological concepts in terms of African situation," and aan die ander kant "not altering of the essential content of Biblical message, but the encasing of this message in a culturally relevant verbal form" (Hesselgrave 1989:110)

'n Voorbeeld van sinkretisme is wanneer die vorme Christelik is, maar die inhoude die van tradisionele godsdienstigheid is. Nicholls onderskei twee tipes sinkretisme:

- *Kulturele sinkretisme* – die "fusie" van Christelike en heidense gebruike deur oorentoesiastiese kontekstualisering met aanvaarding van die dominante posisie van kultuur.
- *Teologiese sinkretisme* impliseer die gelykstel van die supra-kulturele dimensie van die Heilige Gees met die kulturele. Die supra-kulturele word gedegradeer tot die vlak van die sondige kulturele sonder enige dialektiese spanning (Nicolls 1978:31). Hier dreig die gevaar dat

[83] Hesselgrave sê dat Bavinck op voetspoor van Paulus van possessio gebruik maak, dit wil sê as "inbesitname" van 'n kultuur van buite af. Dit word verkeerdelik deur Hesselgrave as (fon)eties (indringend van buite) geïnterpreteer, omdat Bavinck wel ruimte laat vir tranformasie: "... Ze worden wedergeboren en krijgen een volstrekt nieuwe inhoud." En ook: "... het ontaarde vernieuwt en herstelt Hij." (Bavinck 1954:181). (Kyk ook tabel by Hesselgrave 1991:118).

die menslike oordeel sonder die medespreke van die Heilige Gees die agent van die akkulturasieproses raak (Hesselgrave 1991:141).

Adaptasie is die benadering waarvolgens die inheemse kultuur geakkommodeer word sonder om dit te veel te versteur. Maar dit is duidelik iets wat dialekties benader moet word. Pobee (1979:78) stel die balans: "While we affirm what is good in African culture we also want to warn against accepting everything African *en masse* and as useful in the process of adaptation. Some elements had to be modified and even rejected." Adaptasie kan moontlik geregverdig word, indien dit gebalanseerd en Skrifuurlik toegepas word. Paulus se rede op die Areopagus (Hand 14) is dalk 'n goeie voorbeeld.

Dit gaan dus nie net oor proses om die dop met Christelike inhoude vul nie, maar die gedagte van die dop en kern ("husk and kernel") moet verder gevoer word om 'n dubbele, wisselwerkende handeling in te sluit van dialoog en soeke na die waarheid (Kraft 1979:280, Pobee 1979:80).

In die vyftiger en sestiger jare het die konsep adaptasie en die volkekundige terme enkulturasie en akkulturasie[84] ongewild begin raak en is dit vervang met *inkulturasie.*[85] (Vergelyk ook die ontwikkeling van die term in die volgende hoofstuk).

### 4.1.4 Inkulturasie — statiese ekwilibrium of dinamiese transformasie?

Enkulturasie kan beskryf word as 'n geleidelike kondisioneringsproses waaraan elke nuweling of lede van 'n volk tydens hulle normale groeiproses onderhewig is en waartydens die hele kultuurbeeld van die volk of gemeenskap oorgedra en aanvaar word. In die geval van nuwelinge gaan dit ook gepaard met akkulturasie, dit wil sê vervreemding van die vorige kultuur. Volgens Hesselgrave (1991:195) kan 'n punt met enkulturasie bereik word waar "the cultural reality becomes their reality." Dit dui op 'n toestand van rus of ekwilibrium. Dit hou verband met 'n romantiese bewaringsiening van kultuur in volkekunde naamlik dat kulture moet bly wat hulle is en nie invloed of verandering moet ervaar nie, omdat dit anomies inwerk (Hawkins & Bevans 1992:53).[86]

Bosch (1993:449) waarsku teen 'n statiese, steriele verinheemsing van die evangelie: "In Western Church indigenisation had for many centuries been a *fait a accompli*. The Gospel was perfectly *at home* in the West, but still foreign elsewhere." Hier was 'n duidelike beweging van 'n kultuurvyandige na 'n kultuuraanvarende benadering – waar die vroeë kerk krities teenoor die Hellenistiese kultuur gestaan het, het die kerk van die Konstantynse bedeling al meer met die

---

[84] Die kultuur hier ter sprake slaan op al die samelewingsverbande (vergelyk Van der Merwe 1996:672).

Die volkekunde wil veral die klem lê op hoe die mens in sy verskillende volksverbande kultuur as skeppende werksaamheid tot stand bring (Van der Merwe 1996:673). Ngubane (1986:71) verwys na die sosialiseringsproses binne die eie kultuur as "fonemies" (van binne). Dit impliseer dat dit uit 'n volkekundige hoek gesien dinamies is, maar dat een of ander versadigingspunt ("maturation") tog bereik kan word wat as 'n meer statiese toestand beskryf kan word (Buswell 1978:91)

Die meeste Westerse sendingpogings van die verlede het eksplisiet of implisiet akkulturasie en enkulturasie behels. Nie-Westerse bekeerlinge moes hulle tradisionele kultuur die rug keer en die "Christelike" kultuur van die sendelinge aanneem.

[85] Hier word kultuur vanuit teologiese hoek bekyk. Inkulturasie is transformasie wat dinamies *binne* 'n kultuur plaasvind as die evangelie daarop inwerk (Ukpong 1994:45). Ngubane (1986:71) sien dit as die proses waardeur die kerk ingegrawe raak in 'n gegewe kultuur. Dit behels die inkarnasie van die evangelie in 'n kultuur. Dit wil ook die balans stel tussen die twee benaderings naamlik die akkulturatiewe (fonetiese) en die enkulturatiewe (fonemiese) benadering, indien dit disposisioneel aangewend word (Buswell 1978:87).

[86] Volgens Kruss (1986) is sekere skole in die volkekunde op die statiese ingestel omdat dit konserwatief denkend en preserverend is en meestal uitgaan van die standpunt dat kultuur in terme van strukturele funksionaliteit na ekwilibrium neig. Hierdie denke word gevoed deur 'n struktureel-funksionele teorie van sosiale verandering wat impliseer het dat kulture eintlik entiteite naas mekaar of onafhanklik van mekaar wil wees en staties neig. Ook is die gebrek in die benadering dat die ontleding nie diakronies van aard was nie, maar net sinkronies en enkelkultureel-diakronies neig (Kruss 1986:27-28). In laasgenoemde geval is daar ook 'n geneigdheid om die monsters as redelik ondeurlaatbare kompartemente te hanteer.

Grieks-Romeinse kultuur geïdentifiseer. Die latere fase het ook al meer na 'n statiese toestand geneig.

Dit stem nogal ooreen met Robinson (1990:162) se opmerking dat die NG Kerk van 'n transformasiemodel[87] oorgeskakel het na 'n *Christus van kultuur*-benadering[88] toe daar al meer op 'n volksteologie gebou is (alhoewel toegee moet word dat daar in die NG Kerk altyd twee denkstrome hieroor was (Crafford & Gous 1993:339)).

In die wêreld van die wetenskap word vandag erkenning verleen aan die dinamiese aard van die werklikheid, veral die sosiale en kulturele werklikheid. Selfs teoretiese paradigmas wat vantevore as strakke groothede gesien is, word vandag as dinamiese, veranderlike groothede gesien (Van der Merwe 1989:485).

In die Volkekunde is daar wel ook skole wat erkenning gegee aan die dinamiese aard van kulture en hulle kruisbeïnvloeding op mekaar. Die blote terme "akkulturasie" en "enkulturasie" gee uitdrukking daaraan. Wanneer sulke volkekundige begrippe egter sonder kritiese nadenke in die teologie aangewend word, ontstaan die gevaar dat die transformerende uitwerking van Christus op kultuur geminimaliseer word, omdat kulture in elk geval as selftransformerend beskou word. Dit is om hierdie rede dat 'n term en begrip soos inkulturasie ontstaan het en wat probeer om uitdrukking te gee aan die kultuurtransenderende, maar ook kultuurbetrokke betekenis van die evangelie en kerk van Jesus Christus.[89]

Die term inkulturasie wat in 1962 deur J Masson gebruik is, is gou in Protestantse kringe aanvaar. Dit het 'n dieper betekenis verkry by 'n daaropvolgende Roomse konferensie van biskoppe in Afrika. Daar is dit in terme van die inkarnasie geïnterpreteer en is die interaksie tussen evangelie en kultuur beklemtoon (Turkson en Wijsen 1994:74, Bosch 1993:454). So is die dinamiese betekenis daarvan na vore gebring.

Dit het 'n duidelik oorspanne dialektiek ontlont wat geheers het tussen die staties-neigende beskouing van inheemswording om 'n kulturele tuiste te vind aan die een kant en die meer dinamiese pelgrimsbeginsel wat ons waarsku dat die evangelie altyd op een of ander wyse uit pas sal wees met die samelewing.

Inkulturasie moet dus nie gesien word as 'n proses wat op 'n voltooide resultaat afstuur en tot 'n uiteindelike statiese toestand lei nie. Dit is 'n proses wat nooit afgehandel word, omdat die kerk en sy boodskap altyd iets vreemds bly. Verder word kultuur vandag ietwat anders verstaan as vroeër. Waar vorme vroeër eers as staties gesien is en inhoude as die veranderlike element, word vorme nou ook gesien as iets wat aan transformasie onderhewig is. So sal in kontekstualisering 'n nuwe skepping deur transformasie tot stand kom. 'n Nuwe plant wat deur saad voortgebring word, verskil van die ou plant en verander al meer soos dit verder groei en self vrugte dra (vergelyk Bosch 1993:455)

---

[87] Vergelyk 4.2.2.5.

[88] Vergelyk 4.2.2.3.

[89] Dit is duidelik dat inkulturasie 'n sekere mate van akkulturasie veronderstel en dat dit reeds deel is van die dubbele beweging tussen teks en konteks. Akkulturasie in hierdie verband beteken ontlediging van onvanpaste kultuurgoedere in stryd is met die teks (kenosis) en dit gaan hand aan hand met die skep en aantrek van nuwe, Christelike kultuurvorme en –inhoude (skenosis). Akkulturasie raak dan 'n fonetiese fase wat oorgaan in fonemiese fase wat inkulturasiebehels. Dit gaan om 'n proses om die evangelie in die nuwe kultuur te inkarneer of te laat tuiskom (Buswell 1978:71).

Vergelyk in hierdie verband ook vervanging van osvel met 'n kis in die moderne begrafnisgebruik. 'n Verdere voorbeeld is die omvorming van die *ukubuyisa*-ritueel (terugbring van die lewenddooie) in die *umkhuleko*-troosdiens (*matsediso* - S-Sotho). Die teenwoordigstelling en verering van die lewenddooie is vervang met liturgiese elemente van dank en troos wat die prosesse van inkulturasie en verchristeliking illustreer. Dit kan geïnterpreteer word as transformasie van genoemde ritueel wat die tweeledige prosesse van kritiek en nuwe skepping behels (Sundkler 1976:273, Becken 1993:337, Sundkler 1961:175). Akkulturasie en inkulturasie is dus nie so waterdig te skei nie. Vanuit missiologiese hoek gesien, is daar van 'n komplementêre verhouding sprake, hoewel dit toegegee moet word dat dit nie noodwendig vanuit volkekundige hoek so gesien word nie (Hanekom 1975:9).

Dit kom daarop neer dat kontekstualisering meer gesien is as 'n dinamiese proses op 'n kontinuum wat die voortdurende dialoog tussen evangelie en kultuur aan die lig bring.

Dit gaan dus nie net oor die mededeling van die waarheid nie, maar ook 'n bewuste proses om na die waarheid te soek en in die rigting daarvan te beweeg (Kraft 1979:241). Daar kan mense wees wat 'n Christelike beeld vertoon, maar eintlik aan die terugbeweeg is na die tradisionele godsdienstigheid. Maar daar kan ook groepe wees wat 'n tradisionele beeld vertoon ("cloaked with such heavy veils, belonging to their environment ... unrecognisable to others"), maar wat aan die beweeg is na die Christendom toe (Walls 1982:79). Die kans is goed dat so iets kan gebeur as die beweging deur 'n suprakulturele verwysingspunt gemotiveer word (Kraft 1979:71). Dit sal natuurlik ook net so verstaan kan word as die interpreteerder self ook die suprakulturele verwysingspunt gebruik. Sundkler praat van 'n "ever renewed re-interpretation" (Sundkler 1960:211). Turner praat in die verband van "various form and degrees of interaction between the partners' faith as forming a spectrum or continuum ranging from the original primal religion to the new Christian" (Turner 1989:105).

Dit kan wees dat een groep affektief oop is vir die evangelie (en meer bereid is tot inkulturasie), maar kognitief agterstaan (volgens Sogaard-skaal, Dayton 1990:138). As voorbeeld kan gedink word aan 'n nomadies-animistiese volk (byvoorbeeld veewagters in Lesotho) aan die een kant wat nomineel lidmate van die *Phora*-kerk is en 'n verstedelikte klompie gelowiges aan die ander kant wat aan 'n Sionistiese kerk behoort wat oënskynlik erg sinkretisties funksioneer. Indien in eersgenoemde geval hoegenaamd in terme van 'n missionêre bediening gedink sou word, sou 'n tradisionele sendingbedieningspatroon waarskynlik voldoende geag word. Ten opsigte van laasgenoemde kan dit egter beter wees om prioriteit te gee aan die opleiding van hulle leiers, want alhoewel hulle beweging geklee gaan in wat uiterlik lyk na 'n terugkeer na 'n tradisionele godsdienspatroon, mag hulle in der waarheid nader aan die Christelike end van die kontinuum wees as baie lidmate van KMWB wat die toordokter nog op gereelde basis besoek. Om die Sionistiese leiers op te lei en terug te stuur, kan dan 'n beter stap blyk te wees as om piëtistiese sendelinge te gebruik wat 'n kultuurontkennende benadering volg en die animistiese wêreld nie begryp nie (vergelyk ook Dayton 1990:138).

Die verstaan van die dinamiese proses van transformasie het implikasies vir die kommunikasie- en oordragproses in teologiese opleiding. In hierdie opsig wil teologiese opleiding nie klinkklare antwoorde aan die AOK verskaf nie, maar eerder werktegnieke kommunikeer en boumateriaal oordra (Kraft 1979:296). Dit is beter om op die kommunikasie van die waarheid te fokus as op klinkklare waarhede wat bloot geleer moet word. "The effective communicator then seeks to lead the potential receptors to the discovery of both the substance and the value of the message, rather than supplying them with pre-fabricated alternatives to their present understanding." (Kraft 1979:163). In hierdie opsig stel talle teoloë voor dat die opleiding in die vorm van 'n dialogiese gesprek moet plaasvind.

Op hierdie wyse vind die leiers dan die antwoorde vir hulleself. Die fokus is nie net op die waarheid nie, maar ook op die proses wat daarop gemik is om nuwe insigte en perspektiewe te open.

Dit is waarom TOE so 'n geslaagde projek blyk te wees. As model gaan dit uit van die visie dat kennis nie meer net gedeponeer word nie, maar dat die student gelei moet word om van 'n naïewe, isolasionistiese bewussyn na 'n kritiese bewuswording te beweeg en wel deur dialogiese, teologiese refleksie en ontdekking van die waarheid. Dit staan dan teenoor die ou skoolmodel wat dwingend dogmatiserend sowel as staties is ("(communicating) straightjacketed truths") (Padilla 1988: 38,120,126).

Die Nyashas is hier 'n voorbeeld wat met min of weinig Westerse opleiding tot transformasie gekom het (Daneel 1983:246). Dit in ag genome dat "transformation is a slow process always incomplete" (Daneel 1983:238).

Dieselfde sien ons volgens Daneel ook gebeur in die kontekstualisering by die *runyaradzo* en die *kugadzira* as uitvloeisel van Fambidzano (wat as 'n ekumeniese TOE-projek beskryf kan word): "This indications of an incomplete process of adaptive removing of traditional rites in the Independent Churches should not withhold one from a positive evaluation of the reshaping that has already taken place" (Daneel 1978:161; ook Daneel 1983:84). Kontekstualisering is in sy wese 'n deurlopende en onafgehandelde proses (Daneel 1984:68).

Daar is dus twee skole wat teenoorstaande standpunte postuleer. Die een huldig 'n standpunt van *Christus van kultuur* en die ander *Christus teen kultuur* (Niebuhr 1951(75): 161).

By eersgenoemde standpunt bestaan daar min spanning tussen kerk en kultuur. Christus is 'n kultuurheld, kultuurformeerder. Sy naam word gebruik om sanksie te verleen aan kulturele gebruike en instellings, en les bes om politieke standpunte te legitimeer (Robinson 1990:161, Niebuhr 1951(75): 83-115). Die spanning tussen evangelie en kultuur word weggeneem en Christus word ingemessel in die gebou van die reseptorkultuur. Hy word orals aanvaarbaar, maar Hy verloor ook sy eie Persoon en bestaan. Dit beteken nie dat alle dinamiek tot 'n einde kom nie, maar die evangelie kom so tuis dat dit in wese staties word en sy kritiese afstand teenoor die kultuur verloor.[90]

By die tweede standpunt word Christus in opposisie met alle kultuur, kultuurgoedere en kulturele prestasie voorgestel (Niebuhr 1951(75):45-82). Christus vra sy volgelinge om die wêreld te verlaat. Dit lei onder andere vroeg reeds tot monastisisme. Niebuhr (1940:55) groepeer hierby ook sekere sektariese, apokaliptiese groepe wat afwysend gestaan het teenoor heidense kultuur en kultuurgebruike. Dit gaan ook van 'n statiese kultuurbegrip uit.

Uiteraard is die proses van verinheemsing self nie staties nie, maar dit kan verstaan word as afgestem op 'n statiese toestand.[91] Die afleiding moet nie gemaak word asof die dinamiek van die evangelie vir die kritiese verhouding met kultuur verantwoordelik is nie. Aan die ander kant help die dinamiek van die evangelie keer dat die verstaan en uitleef daarvan in geykte vorme vasval en steriel raak.

Dit is die punt wat Daneel wil maak as hy sê dat Bosch die inkulturasiebeginsel oorvereenvoudig. Volgens Daneel (1990:226) gaan dit om twee sake, die pelgrims- en verinheemsingsbeginsels, wat mekaar oorvleuel en dialekties komplementeer, eerder as dat hulle mekaar opponeer.

Om van die dubbele gevaar van kultuurontkennende en kultuuromhelsende benaderings weg te kom, sal ook van die volkekundige kategorieë akkulturasie en enkulturasie wegbeweeg moet word, aangesien dit saamhang met 'n geneigdheid "to regard culture as holy and the status quo as sacred and inviolable" (Rowen 1978:113).

Dit is ironies dat die piëtisme (kultuurontkennend en sosiaal-onbetrokke) en die ekumenisme (kultuuromhelsend en sosiaal-betrokke) voor dieselfde gevaar staan waarteen hulle mekaar waarsku, naamlik om in 'n steriele, statiese verstaan en toepassing van die evangelie vas te val. Dit is die gevolg daarvan dat beide tot 'n mistiek neig waarin Christus se transformerende verhouding met kultuur en samelewing misgekyk word.

Ons stel dus 'n meer dinamiese *inkulturatiewe* metode voor met 'n dinamiese, dubbele, gereflekteerde werking tussen Skrif en konteks in die toepassing van beide die pelgrimsbeginsel en

---

[90] Turner (1983:14-15) neig hiertoe deurdat hy Christus 'n "oudste broer" wil maak. Bucher stel wel die evangeliese pelgrimsbeginsel, maar hy bly vanweë sy piëtisties getinte bril in gebreke om die eie kulturele bagasie raak te sien (Hesselgrave 1991:199). As Christus noodwendig teen kultuur opgestel word, soos in 'n piëtisties vertolkte pelgrimsbeginsel, lei dit ook weer tot 'n steriele, statiese situasie (Ukpong 1994:42, Niebuhr 1951(75):190-229) (Kyk ook par 4.2.2 *Christus en kultuur*).

[91] 'n Afleiding wat gemaak kan word van Bosch (1993:449) se stelling dat die verinheemsing van die evangelie in die Weste vir baie eeue as 'n afgehandelde saak beskou is.

verinheemsingsbeginsel (Kraft 1979:280, Pobee 1979:80, Hanekom 1975:10-11). So word die beide die "fonetiese" en "fonemiese" aspekte verdiskonteer.[92]

Dit is egter belangrik dat daar ook weer 'n balans gestel word tussen die inkulturatiewe en die suprakulturele aspekte. Laasgenoemde het te doen met die goddelike werklikheid en Waarheid in die lig waarvan alle kultuur en kulturele vorme gerelativeer word en wat die dinamiese konstante aspek in inkulturasie uitmaak. Selfs in inkulturasie is sprake van absolute en relatiewe benaderings (Buswell 1978:87). Wat dus nodig is 'n dinamiese-ekwivalente tipe kontekstualisering wat die onveranderlike waarheid van die evangelie dinamies in elke konteks "vertaal" om beide die gevare van alles-vloei én statiese absoluutheid te oorkom.

### 4.1.5 Charismatiese of amptelike opleiding?

Die geskiedenis van teologiese opleiding dui in die algemeen in die rigting van amptelik opleiding.[93] Dit dui verder daarop dat die charismatiese dimensie meestal in teologiese opleiding onderdruk of geïgnoreer is.[94] JJ Kritzinger (1979:62) wys mooi op hierdie historiese verloop. Dit is 'n probleem waarmee die ganse kerk insluitende die instansies wat met AOK-opleiding te doen het, worstel. Ridderbos het lankal daarop gewys dat die charismata en dit wat met die ampte te doen het, nie sonder meer teenoor mekaar gestel kan word nie. Die amptelike word juis deur die charismatiese verryk (Ridderbos 1978:496). Kritzinger bevestig dit en sê verder dat die verskil tussen die ampte en die charismata eerder op funksionele vlak gesoek moet word (Kritzinger 1979:171).

Hy sê verder dat die balans in die opleiding nie noodwendig presies halfpad tussen die twee gevind word, maar dat dit meestal nader aan een van die twee lê. Dit geld veral die opleiding in Afrika-konteks (Kritzinger 1979:62). In Afrika het die oorbeklemtoning van akademies gevormde professionaliteit die pendulum na die meer amptelike opleiding laat swaai (Kritzinger 1979: 75)

Kontekstualisering kan beskryf word as die kuns om op die bergkam langs te loop met afgronde aan beide kante. Nida waarsku teen die soort kontekstualisering wat neerkom op 'n "Christo-paganism which exist in many rural villages, with their noisy parades, drunken festivals and dramatic dances, aimed more at exorcising evil spirits than at the portraying of Jesus Christ" (Nida 1960:20).

Dit het geen sin dat 'n oncharismatiese, dualistiese opleidingsmodel vervang word met 'n pragmatiese, charismatiese model wat van 'n anti-leer-kultuur uitgaan nie (Conn 1984:265). Kontekstualisering beteken ook nie dat byvoorbeeld onkrities aangesluit word by tradisionele gesags- en leierskapspatrone nie. Volgens Tite Tienou gaan ons te ver as gedink word om die Afrika-stamleierskapspatroon ("kingship pattern") ongekwalifiseerd as patroon vir kerklike gesagstrukture te gebruik (Hesselgrave 1989:96).

Die omgekeerde is ook waar: dat 'n totaal oncharismatiese benadering ook nie sal deug nie. Alan Tippet (1967:123) stel voor: "This is a spiritual education, just as the preaching and healing have their spiritual dimensions – and we might add a systematic programme of exorcising demons." Hy lê klem op die geestelike dimensie van opvoeding. Sekulêre onderwys is volgens hom nie 'n Bybelse opdrag nie, maar sou wel vanweë ander beweegredes deur 'n kerk gedoen

---

92 Vir "fonemies" en "foneties" vergelyk 8.4.1.2.1, p 172.

93 Amptelike opleiding: Dit word gekenmerk deur 'n sterk institusionele karakter en organisatoriese en administratiewe infrastruktuur (Ridderbos 1978:495). Hierdie soort opleiding gaan terug na die sinagogale instelling en die opleiding van rabbyne (Cole 1991:37) en lê heelwat klem op die oordra van die gesagvolle leer.

94 Charismaties: Met charisma sinspeel Paulus op die spesifieke Geestesgawes en hulle werkinge (1 Kor 12:4). Charismata word onderskei van die amptelike diakonia, maar nie noodwendig daarteenoor gestel nie (Ridderbos 1978:493).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



kon word en sou dan 'n dualistiese benadering behels.[95] Becken (1972:140) gaan selfs verder en stel vir profete 'n meer charismatiese opleidingsbenadering voor wat nogal ooreenkom met die "opleiding" van die Bybelse dissipels. Dit kom neer op 'n vorm van in-diens-opleiding en behels dat saam met 'n ander profeet geloop en gewerk word (in teenstelling met die statiese skoolmodel).

In die lig van die historiese charismatiese invloede op die AOK, lyk dit vanselfsprekend dat die charismatiese 'n groter rol sal moet speel by die opleiding van die AOK. Die vraag is egter hoe moet die saak aangepak word om aan amp en charisma 'n Bybels-ewewigtige plek in opleiding te besorg (Du Toit 1985:10-11). Dit lyk asof dit nie soseer moet gaan om die soek na balans nie, as dat die charisma en die amp onlosmaaklik saam moet opereer. "Die charisma word op sy beurt in die amp gestruktureer en gekanaliseer" (Du Toit 1985:11).

Volgens Kritzinger sal charismatiese kerke wat probeer om sonder ampte te funksioneer, nie onbeperk op hulle idilliese manier kan voortbestaan nie (Kritzinger 1979:170). Ook sal die charismata altyd getoets moet word aan die norm of dit tot diens en opbou is van die gemeente en of dit tot selfverheerliking is.[96]

### 4.1.6 Krag of waarheidsbediening? Dualisme of holisme?

Van Rheenen (1991:60) maak die stelling dat die Westerse teologie uitgaan van 'n godsdienspatroon wat kenmerkend is van die sogenaamde hoë godsdienste.[97] Die opleiding wat deur Westerse instansies aan kerke in die Derde Wêreld verskaf word, openbaar onbewustelik dieselfde benadering, terwyl dit, ironies genoeg, op mense gerig is wat uit 'n laag-godsdienstige tradisie afkomstig is. Die sogenaamde lae godsdienste is meestal dinamisties en animisties, en handhaaf 'n holistiese wêreldbeeld. Hiervolgens is die wese van die religieuse ervaring in 'n kragontmoeting geleë.

Volgens Van Rheenen is 'n holistiese teologiese benadering die aangewese. Dit is egter duidelik dat dié benadering ook bepaalde risikos inhou. Daarom sal dit nie onversigtig geïmplementeer kan word nie. Eers sal daar goeie veldwerk gedoen en kontekste verreken moet word om tot 'n tipering te kom.

Aan die ander kant moet die inheemse en tradisionele nie sonder respek benader word nie. Vorme in die AOK moet ook nie al te maklik as pragmatisties en sinkretisties geëtiketeer word en met 'n ikonoklastiese gesindheid bejeën word nie. Volgens Kraft is daar die gevalle wat lank as dwaalleer geëtiketeer was wat later geblyk het 'n egte kontekstualisering te gewees het (Kraft 1979:287,296). Nida bevestig dit: "Present Biblical renewal involves a more rational and effective use of the Bible – for people are increasingly concerned with the broad emphasis of Scripture portion." AOK is egter prakties-pragmatisties ingestel. Hulle stel nie in intellektualisering belang nie, maar soek bewyse deur ervaring (practise). Die klem is meer op wat God *doen* en nie wat Hy is nie (Nida 1968:72-73).

Die verstaan van die wêreldbeeld en die analisering van die konteks is van kardinale belang. "A cultural form does not have inherent meaning, only perceived meaning and this is context-

---

95 Dualistiese benadering: Dit is die benadering waarvolgens daar 'n skerp skeiding tussen kerk en wêreld getref word (Saayman 1990:101). Sekulêre opleiding kan in ooreenstemming hiermee deur die kerk gegee word (as 't ware op die ou Duff-model) met die oog op 'n *praeparatio evangelica*. Die gevaar is dat kennis 'n doel in sigself raak wat nie noodwendig die kerk tot diens strek nie. Die ander gevaar word deur Tippet geïllustreer deurdat hy in onnodige eensydighede verval omdat hy uit die oog verloor dat opleiding 'n dialektiese spanning tussen kultuurkritiek en verinheemsing behels.

96 Dit is dan ook so in die eksemplariese stof opgeneem om die aspek van die diakonia te beklemtoon saam met die charismatiese genesingsbediening.

97 Volgens Paul Hiebert en Norma Elisson se godsdiensfenomenologiese ontleding, word "hoë godsdienste" gekenmerk deur heilige geskrifte, gespesialiseerde leierskap en burokratiese strukture. "Lae godsdienste" word daarenteen deur daaglikse bestaansbehoeftes bepaal en het geen of min literêre tradisie. Die leierskap is charismaties (Van Rheenen 1991:58).

specific." (Kraft 1979:137). Dit is dan ook uitgewys deur swart teoloë, naamlik dat voorouerverering nie noodwendig aanbidding en deïfikasie impliseer nie, maar eerder respek en lewende herinnering. "Kommunikasie" met voorouergeeste moet ook nie noodwendig as okkulties opgeneem word nie. Daar is selfs diegene wat meen dat die *isangoma* nut het en heropgelei moet word (Taylor 1963:144-157, West 1975:178).

Schoffeleers (1989:115-116) verwyt Taylor en diegene wat dieselfde standpunte het, egter daarvan dat hulle die wesenlike eenkant skuif en op die aksidentele fokus. Hy verwys na die verslag van die International Association for Mission Studies (IAMS) wat tydens hulle Harare-kongres gelewer is en op die dringende behoefte aan 'n kontekstuele Christelike leer van sonde en siekte gewys het. Die meeste lidmate van KMWB sowel as baie van die AOK het as gevolg daarvan in 'n skisofreniese en dualistiese wêreldbeeld vasgevang gebly. Schoffeleers (1989:120) stel 'n tweeledige bediening voor: 'n genesingsbediening naas die bediening van sakramente in die KMWB en AOK. Hy wil die sinkretisme so beveg, maar ontkom waarskynlik nog nie heeltemal aan die dualisme nie.

Van Rheenen (1991:91) verwys na die "uitgeslote sentrum", 'n begrip wat in 1982 deur Paul Hiebert aan die orde gestel is. Hy is van mening dat een van die wesenlike gebreke in Westerse kontekstualiseringspogings daarin geleë is dat nie regtig daarin geslaag is om na dié sentrum deur te dring nie. Van Rheenen stel in sy *Communicating Christ in an animistic context* dan ook 'n holistiese benadering voor waar gepoog word om van binne ("foneties") sowel as van buite ("fonemies") te kyk.[98]

Belangrik is om te verstaan dat dit nie net om 'n kragontmoeting behoort te gaan nie, maar ook om 'n waarheidsontmoeting.[99] Van Rheenen meen dat die kreatiewe spanning tussen krag- en waarheidsontmoeting benut kan word om die Bybelse perspektief tuis te bring. Tussen *moya* (krag) en ervaring van die Heilige Gees sal daar 'n voortdurende kontras gestel moet word vanweë die verskillende bronne van krag. Hier stel van Rheenen (1991:89) voor: "Relational analogies rather than animistic paradigms must be used to describe the power force." Daar hoef nie gekies te word vir die een of die ander nie, maar die twee moet in Bybelse lig kreatief teenoor mekaar gestel word (vergelyk byvoorbeeld Simon die Towenaar, Hand 8).

Die gevaar van oormatige demonstrasie en vertoon (ekshibisionisme) dreig aan albei kante (Hesselgrave 1991:35). Die kragontmoeting by bekering is egter die begin en moet opgevolg word deur 'n "leer om alles te onderhou".[100] Daarby moet altyd in ag geneem word: "Any acceptance of the Gospel will have a different meaning to the acceptors from what they (training institutions) intended." (Tippet 1967:111). Waar opleiding altyd 'n na-bekeringsrol gehad het, sal dit nouer met evangelisasie en die beginsel van groei moet skakel (Tippet 1967: 121).

### 4.1.7 Die dinamies-ekwivalente-vertalingsmodel van kontekstualisering versus die formele-korrespondensie-model

Dayton (1990:246) is 'n voorstander van die dinamies-ekwivalente-vertalingsmodel. Dit staan teenoor die ou vormkorrespondensie-model wat letterlike vertalings tot gevolg gehad het.

Daar is egter meningsverskil oor wat dit as sendingbenadering alles behels. So praat Nicholls (1979:64) van "formal correspondence among all the churches to the divinely appointed concept

---

[98] Vergelyk p 172.

[99] Kragontmoeting en waarheidsontmoeting: Daar is 'n debat of die één of die ánder aangewend moet word in inkulturalisering. Eersgenoemde behels die demonstratiewe, ikonoklastiese verbranding van byvoorbeeld toorgerei by bekering en 'n onmiddellike doop. Die waarheidsontmoeting behels die deurloop van 'n katkisasie vir byvoorbeeld 'n jaar voordat die kandidaat gedoop word (Tippet 1967:108-111). Hesselgrave wil hierdie spanning van waarheids- en kragontmoeting deurbreek deur die kragontmoeting wyer te sien as bloot wonderwerke. Dus 'n demonstrasie van Gees en krag na aanleiding van 1 Kor 2:4 wat 'n noodsaaklikheid is in die wêreldbeeld van die stam.

[100] Vergelyk ook die gedeelte oor *ukuthwasa*, p 137

of the church, as given in the Scriptures." Die vormkorrespondensie-model het dus nog altyd 'n plek gehad en kan nie sommer uitgegooi word nie. Volgens Nicholls moet daar 'n kreatiewe spanning tussen die twee modelle wees.

Kraft (1979:271) verstaan weer onder vormkorrespondensie die soeke na dieselfde *respons* eerder as dieselfde vorm. Dit kom dan daarop neer dat watter vertalingsmodel ook al gebruik word, daar op die ou end meer op betekenis gefokus word as op vorme (Hesselgrave 1989:68). By die verdieping van die kontekstualisering behels dit dat daar ook gepoog sal word om die opleidingsinstansie te verinheems wat nie genoegsaam beklemtoon is met die ou verinheemsingsbenadering nie (Dayton 1990:249).

Omdat vorme met die uiterlike te doen het en hulle as 't ware self aanbied vir die persoon wat van buite waarneem, was sendelinge geneig om daarteen vas te kyk. Hierdie vorme vind ons in strukture, simbole, aanbiddingsvorme ensovoorts. Daar ontstaan dan nou 'n bewustheid van die noodsaak om dieper te kyk en na die inhoude en betekenisse deur te dring.

Ten opsigte van verinheemsing (eintlik "vernacularization") sal verder gegaan moet word as blote ekwivalente vertaling. Voordat 'n behoorlike dieptegang in kontekstualisering moontlik is, moet 'n dekontekstualisering van bestaande "vertalings" gemaak word, met ander woorde daar moet gepoog word om histories-krities terug te delf na die oorspronklike kernbetekenisse. Dit behels 'n "peeling away of these accretions, to come again to the naked truth of the Gospel" (Dayton 1990:249).

Voorts behoort inheemse "vertalers" baie nouer by kontekstualisering betrek word, om die waarheid te sê, die boodskap kan eers werklik gekontekstualiseer word deur die reseptor. Vertalings moet meer reseptor-georiënteerd wees (Dierks 1983:45-47, Pobee 1979:41). So iets sal 'n noodsaaklike korreksie wees op die monopolie wat die sendeling volgens Mojola (1993:138) ten opsigte van vertaling en kontekstualisering tot nou uitgeoefen het.

Na aanleiding van "translasie" word ook die begrip transkulturasie gevorm. Dit hou onder andere in dat die proses van die kommunikasie in 'n sekere sin 'n doel op sigself is en nie 'n toevallige gebeurtenis in die oordrag van die waarheid nie.

Ten opsigte van die klasgee (lecturing) stel Kraft (1979:287) die volgende standpunt:

> Mere dramatizing without applicational interpretation becomes simply performance. At the other extreme, however, mere interpretation (as in much sermonizing) without any eventness to is arid. Trans-culturation that is dynamically equivalent to Scriptural balance wil not go to either extreme.

Verder gebruik Kraft (1979:278-279) die analogie van die herout-ambassadeur. Dit kan ook vergelyk word met 'n kommunikasiekabel wat nie kan werk voordat albei punte (teks en konteks) ingeprop is nie. Dus, kreatiewe spanning wat benut moet word.

Hesselgrave en Van Rommen (1989:191) is egter van mening dat Kraft die gevaar loop dat hy te veel op die kommunikasieproses (as prosedure of menslike gebeure) konsentreer en te min oorlaat aan die suprakulturele werking van die Heilige Gees.

## 4.2 KONTEKSTUALISERING

### 4.2.1 Oorsprong en ontwikkeling van die term

Die begrip kontekstualisering gaan terug na 1972 en het sy ontstaan by die WRK se Theological Education Fund (TEF).[101] Vandag het dit die begrip verinheemsing ("indigenization") grootliks vervang (ASK studiestuk 1991:65).

---

101 "Contextualization has to do with how we assess the peculiarity of the Third World contexts. Indigenization tends to be used in the sense of responding to the Gospel in terms of a traditional culture. Contextualization, while not ignoring this, takes into account

Kontekstualisering omvat inheemswording, maar is ook breër (Dayton 1989:249):

1) Dit verwys na ideologiese, politieke en sosiologiese realiteite.
2) Dit kyk ook terug, na kontekstualisering in die sendende kultuur self.
3) Dit hou ook opleiding in gedagte.

Nog ander begrippe is die van ekwivalente transkulturalisering wat 'n stap verder wil gaan as ekwivalente vertaling (Kraft 1979:276-290) (vergelyk ook vorige hoofstuk).

In die debat oor kontekstualisering het drie hoofskole na vore gekom: twee teenoorstaande radikale skole en een skool wat soek vir balans tussen die twee (Hesselgrave 1991:143):

- Die aan die een pool wat sinkretistiese kontekstualisering (dialogiese model) voorstaan en 'n intergodsdienstige spiritualiteit wil ontwikkel. Hulle moedig gesprek aan met alle godsdienste en gelowe. Hulle is gekant teen konfrontasie en moedig dialoog aan met die oog op 'n gesamentlike soeke na die waarheid (Hesselgrave 1991:141).
- Die aan die ander pool wat apostoliese kontekstualisering voorstaan (didaktiese model). Die evangelie word didakties verdiskonteer. Die waarheid is 'n gegewene en moet net geleer word.

Hesselgrave meen dat 'n middelposisie moontlik is wat hy profetiese kontekstualisering of te wel die dialektiese model noem en wat volgens hom stryk met Paulus se metode om aan te knoop by die heidense kultuur.

#### *4.2.1.1 Evaluering*

Die grootste kritiek teen hierdie indeling van Hesselgrave is dat dit benaderings teenoor mekaar stel terwyl 'n komplementêre hantering dalk beter sou gewees het. 'n Mens sou tog kon aanvaar dat Paulus nie net paradoksaal te werk gegaan het nie, maar ook dialogies en didakties.[102]

Die vraag is of daar gekies moet word tussen die twee pole. Dit lyk eerder asof die spanning kreatief benut moet word en dat gesoek moet word vir 'n derde posisie tussen die radikaal ekumeniese en piëtisties-evangeliese benaderings (vergelyk Bosch 1989:141). Dit behels dus 'n profeties-kritiese kontekstualisering wat dialekties te werk gaan deur die soeke na die waarheid as beide 'n statiese en dinamiese gegewene. Dus het ons iets van die waarheid in kontekstualisering, maar dit moet ook in meer gesoek word as in kontekstualisering. Hesselgrave gee toe dat hierdie benadering van die soeke na 'n goue middeweg na nieu-ortodokse of nieu-liberale kante onderskeidelik kan oorleun. Die nieu-ortodokse skool sien die Skrif as deur mense met foute geskryf, maar hou vas aan die geïnspireerdheid daarvan. Hulle wil bewustelik nie naïef of fundamentalisties wees nie. Die nieu-liberales lê weer baie klem op die mens se aandeel in die Skrif en die gevaar is dat die Skrif net as verhewe literatuur gesien word (Hesselgrave 1991: 141).

Die gevolgtrekking is dat die verskeie skole elkeen verskillende gevolgtrekkings sal maak in kontekstualisering van teologiese opleiding van die AOK.

Tracy gaan net 'n bietjie verder: Deur totaal anti-dialekties te werk, sonder aanknoping by analogieë in die reseptorkultuur te wees, raak die Christelike geloof gou irrelevant.

---

the process of secularity, technology, and the struggle for human justice, which characterise the historical moment of nations in the Third World" (TEF 1972:19-20).

102 *Dialegomai* word dikwels gebruik om Paulus se optrede te beskryf, byvoorbeeld in die markplek (waar dit nogal ooreenstem met die gebruik van die term *dialoog* vandag) (Hand 17:17), in die sinagoge (Hand 19:8) en in die skool van Tirannus (Hand 19:9) (Lindijer 1990:117). Heitink vertaal *dialegomai* met gesprek voer, oorleg pleeg en redekawel (Heitink 1966:67). Vir *didasko* en verbandhoudende terme vergelyk Ridderbos 1978:506. Vergelyk ook Hesselgrave 1991:118.

Volgens Hesselgrave (1978:232) het dit in die Bybelse gesprekvoering of dialoog (afgelei van *dialegomai*) gegaan om die gesamentlike bereiking van die waarheid (waaroor die geskil of dispuut ontstaan het). Dit word aanvaar dat dialoog in hierdie sin baie toepassing gevind het, al is die term nie altyd gebruik nie.

> The dialectic of the Christian religion is one in which the word does not negate any claim to a mode of participation which logically approaches identity or existentially relaxes into complacency – a dialectic which in fidelity to the word, must radically negate all idolatries, yet a dialectic which implies, include and demands genuine manifestation.
>
> (Tracy 1981:214, vergelyk ook 415).

Die dialektiese metode hierbo sou een manier wees om na die waarheid te soek. Die gevaar is dat sommige sendinginstansies en opleidingsinstansies na die suiwer didaktiese kant toe kan oorhel (van die waarheid net te deponeer) ten koste van die ander momente van dialoog soos die soeke na analogieë en 'n hernieude oordenking van die evangeliese waarheid vanuit die nuwe perspektiewe van nuwe kontekste. Die ander gevaar dreig ook, naamlik dat opleiding so dialogies bedryf kan word dat die TAG nie gekonfronteer word nie, maar dat daar met hulle in terme van 'n intergodsdienstige spiritualiteit in gesprek getree sal word, sonder dat hulle in ontmoeting of konfrontasie met die Woord gebring word. Dus dreig dieselfde gevaar as by die WRK met sy konsultasie in 1970 te Ajaltoun, Lebanon. Hier is die dialogiese kontekstualiseringstuk opgestel wat lees "Dialogue between men of living Faiths" (Hesselgrave 1991:141).

Bosch wil hê dat daar meer sal kom as 'n sintese tussen die twee standpunte van die ekumeniese en evangeliese skool, omdat 'n sintese dan ook hulle swak punte sal verenig en hulle minder selfkrities sal maak. Hulle moet eerder na mekaar luister in selfkritiese gesindheid (Saayman 1990:99).

Veral sou die kritiek aan die evangeliese kant van die spektrum gerig kon word dat hulle te min sosiaal betrokke is en sodoende neig na 'n dualistiese skeiding tussen kerke en wêreld, en verder tussen die Christendom en ander godsdienste. 'n Verdere kritiek het te doen met die verwaarlosing van die kontekstualisering van die evangelie om die totale nood, dit wil sê ook die fisiese nood, te omvat (Saayman 1990:101) (Pretorius 1984:12).

In die lig van om nie na die Skilla of die Charibdes te stuur nie, moet die volgende by die teologiese opleiding van die AOK in gedagte gehou word.

### 4.2.2 Christus en kultuur

Die mens het die opdrag gekry om oor die skepping te heers. Die mens se interaksie met sy omgewing kom onvermydelik neer op kultuur. Kultuur word 'n konteks wat op sy beurt weer invloed uitoefen op die mens. Hoe subtiel hierdie wedersydse beïnvloeding regtig werk, het eers in die moderne tyd duidelik geword.

Niebuhr se verskillende beskrywings van die kerk se verhouding tot die kulturele het baie laat besef dat daar verskillende sieninge is omtrent wat die houding van Christus tot kultuur sou kon beteken (Hesselgrave 1991:116). Hy het vyf kategoriee van die kerk se houding tot die kultuur beskryf. Die kategorisering van Niehbuhr is funksioneel mits ons dit nie sien as waterdigte skeidings nie en die kategorieë ook nie teenoor mekaar gestel word nie. Daar moet ruimte gelaat word vir ambivalente sienings ten opsigte van kultuur. Vervolgens noem ons drie met variante tussenin.

#### *4.2.2.1 Christus – teenoor kultuur*

Die piëtistiese benadering het daarop neergekom dat Christus teenoor kultuur of bo kultuur gestel is. Dit was veral die Morawiese sendelinge wat 'n dualistiese lewensuitkyk gehuldig het waarvolgens kerk en wêreld, siel en liggaam van mekaar geskei word. Die verhouding van die siel tot God word op so 'n wyse verstaan en oorbeklemtoon dat dit die ignorering van die horisontale of die kulturele implikasies van die evangelie in die formele kerklike teologie en institusie tot gevolg het (Pretorius 1987:111).

Ook sou ons AOK kon identifiseer wat piëtisties neig, maar slegs vir sover dit ten opsigte van die konfrontasie van die tradisionele geesteswerkinge (soos die gees van magie) tot uitdruk-

king kom. Hier is die siening van die IAOG 'n goeie voorbeeld. Hulle het 'n ortodokse siening van die Heilige Gees, maar is tegelyk ook baie akkommoderend is ten opsigte van verskeie geesteswerkinge wat hulle *in vivo* beoefen. 'n Magiese handeling om die Bybel op die hoof van die sieke te plaas of sprinkeling van water sou net so goed aangewend kon word om 'n meer tradisionele magiese gees te konfronteer, of omgekeerd (Pretorius 1978:136).

Ook sou die Social Gospel se praktyk op dieselfde piëtistiese standpunt neerkom. Hier weer is die superioriteit van die Westerse evangelie teenoor die Derde Wêreld en die tradisionele kultuur beklemtoon, in so mate dat ons amper van 'n kruislose evangelie aan 'n sondelose mensdom deur 'n God sonder toorn in die taal van Niebuhr kan praat (Saayman, Kritzinger & Meiring 1994:29). In 'n sekere sin sou ons hulle ook van dualisme en kulturele ontkenning kon beskuldig. Die twee standpunte (Social Gospel en die uit-en-uit piëtistiese siening) het dit in gemeen dat hulle 'n te lae dunk van Afrikakultuur aan die een kant en te hoë siening van Westerse kultuur aan die ander kant het (laasgenoemde veral by die Social Gospel).

#### *4.2.2.2 Christus – buite kultuur*

Alhoewel Niebuhr se skema handig was om ander modelle van kontekstualisering te evalueer, het dit geneig om die Christelike godsdiens met ander godsdienste gelyk te stel. Tog is daar diegene wat beweer dat Niehbuhr nie een van die humanistiese eksistensialiste is nie, maar eerder tot diegene behoort wat vir die metafisiese ruimte maak. Kraft met sy benadering van "transkulturasie" het weer geneig om kultuur te verheerlik en die Skrif te devalueer (Hesselgrave 1991: 129). Die grootste kritiek teen baie kontekstualiseringsmodelle is trouens dat hulle neig tot 'n te hoë siening van kultuur te hê (met gepaardgaande devaluasie van Christus of die evangelie), of dat hulle neig om Christus buite kultuur te stel.

Ook by die radikale ekumeniese benadering het dergelike gevare gedreig: dat Christus uit die kultuur gehaal of net tot 'n onderdeel in die kulturele ontwikkeling gemaak word (soos reeds by AG Baker se *Christian Missions and a New World Culture* (1934), aangehaal deur Bosch 1979: 164). Die resultaat was 'n radikale dialogiese kontekstualiseringsmodel in terme van intergodsdienstige spiritualiteit (Hesselgrave 1991:39).

Die etno-teologiese benaderings sou weer kulture teenoor mekaar stel en Christus uit kultuur haal. Dit is iets anders as om Hom suprakultureel te verklaar.[103] 'n Soortgelyke gevaar is om Christus uit kultuur te haal en die transformasie van die kultuur suiwer as inherente gistingsproses te beskryf, soos die etno-linguistiese verklaringsmodelle van die en-/inkulturasiemodel dit wil hê (Barnes 1989:103-104). In die Suid-Afrikaanse konteks is soortgelyke modelle gebruik om die Sionistiese beweging te beskryf en te verklaar (Kruss 1986:23-24). Dit impliseer dat kulture in konfrontasie met mekaar verkeer. Hodgson (1984:33) is ook van mening dat die verstaansmodel op grond waarvan na die AOK gekyk is, die was van 'n "over againstness to the rest of society" in plaas van integrasie.

Die beginsel van 'n "over againstness" wat spanning tussen kulture impliseer, is veral aan die volkekundige akkulturasiemodel ontleen wat in terme van die volgende fases beskryf kan word:[104] 1) algemene afbreek van sosio-religieuse strukture, 2) intense sosio-ekonomiese druk, 3) frustrasie van begeertes en ontnugtering en verveling. 4) In die laaste fase speel die millennialistiese hoop en genesing deur magie 'n groot rol (Nida 1960:139, Hanekom 1975:5-12).

Die etnosentriese model wat ook deur Sundkler gebruik word (wat van dieselfde teenoorgesteldheid van kulture uitgaan), lei daartoe dat hy baie maak van die spanningselement (soos in

---

[103] Supra-kultureel: Dit verwys na enige benadering wat voorgee om die evangelie op 'n a-kulturele of selfs gedekulturaliseerde wyse deur te gee met die bedoeling dat Christus as kultuurtransformeerder toetree (Buswell 1978:103).

[104] Wallace wat 'n funksioneel-fenomenologiese benadering volg, noem ook ses fases wat tot kulturele herlewing lei by die animistiese kulture. Die kritiek is dat dit 'n neutrale siening van kulture het. God word heeltemal buite rekening gelaat as die transformeerder van kultuur (Van Rheenen 1991:73-74).

sy *Bantu prophets* (1961)). Die onderdrukking van die kulturele vryheid van die isangoma (wat volgens hom in die apartheidsdae ondergronds gedryf is) sien hy as 'n belangrike faktor in die ontwikkeling van die profetiese bediening (Sundkler 1961:262).[105] Dit is duidelik dat die redenasie van Sundkler nie die hele verskynsel verklaar nie, omdat dit nie profetisme in ander lande waar wetgewing anders was, in aanmerking neem nie.

In die etnoteologiese benadering waar kulture antiteties teenoor mekaar gestel word, is die gevaar dat die situasie of konteks as vertrekpunt gebruik word en kan heidense gebruike per se verheerlik of vanuit kulturele hoek geregverdig word (Hesselgrave 1991:203). Die leiers wat in hierdie situasie optree, word dan meer as nasionalistiese leiers as geestelike leiers gesien (Hanekom 1975:12).

Die gevaar van etno-linguistiese en etno-teologiese benaderings is dat hulle 'n te hoë siening van kultuur en te lae siening van die Skrif het. So is Kraft, Dayton en Fraser geneig om poligame gebruike te tolereer en selfs goed te praat (Kraft 1979:363, Hesselgrave 1991:127). Die normatiewe betekenis van Christus word dus grootliks verwater.

#### *4.2.2.3 Christus – gevangene van kultuur*

Teenoor die piëtistiese modelle wat Christus teenoor kultuur stel, is daar dié wat Hom gevange neem in die kultuur en geen afstand handhaaf nie. So byvoorbeeld John Pobee se Christologie wat daarop neerkom dat Christus maar een van die voorouers word. Christus word so die gevangene van die kultuur. Dit is 'n funksioneel-analogiese benadering wat neerkom op 'n pragmatisme (Ukpong 1994:42). Duidelik sal dit ook nie by die Sioniste aanklank vind nie, aangesien hulle baie keer 'n konfrontasiebenadering volg en transformasie en voorouergeeste dan juis uitgedryf moet word (Daneel 1983:135).

Sundkler (1960:236) is dit eens dat die evangelie in Afrika tuisgemaak moet word. Die vraag kan egter gevra word of dit nie die pelgrimsbeginsel waarvan Bonhoeffer ons bewus gemaak het, in gedrang bring nie. Die gevaar dreig ook dat die evangeliese opleiding deur die kultuur gevange geneem kan word (Bosch 1993:455, Walls 1982:93-103). So kan koningskapspatrone nie per se in die kontekstualisering van die kerk aanvaar word, soos Sundkler en Harry Sawyer voorstel nie (Hesselgrave en Van Rommen 1989:97). Die kreatiewe spanning loop gevaar om so opgelos te word.

Volgens Ukpong was Christus nooit 'n gevangene van sy gemeenskap of kultuur nie. Hy het 'n benadering gevolg wat ons vandag as inkulturasie ken en wat Ukpong as evangelisering van binne uit verstaan. Christus het die wêreldbeeld van sy tyd geakkommodeer, maar die koninkryk verkondig. So het Hy die konsep van demone en geestesbesetting in sy bediening gebruik om die voorrang van God se koninkryk oor die ryk van die Bose te leer en te demonstreer (Ukpong 1994:45,57).

#### *4.2.2.4 Christus – supra kultuur*

Inkulturasie word deur Buswell (1978:90) soos volg beskryf:

> The process of disengaging the supracultural elements of the gospel from one culture and contextualizing them within the cultural forms and social institutions of another, with at least some degree of transformation of those forms and institutions, we shall call "inculturation."

Dit kom daarop neer dat die essensiële evangelie van die bagasie van die senderkultuur ontdaan word sodat net die suprakulturele essensie blootgelê word en in die reseptorkultuur neerslag vind.

---

[105] Kruss (1986:23) bevestig dit soos volg: "... in Sundkler's study, which explains the causes of independency by the acculturation factor, it is generally agreed that the primary underlying cause is the clash of two cultures, with the resultant tension and upheaval in the lives of African tribes." (Vergelyk ook Pretorius 1984:8-10).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


Ons het egter nooit die evangelie anders gehad as in gekontekstualiseerde, geïnkulturaliseerde vorm nie. Die evangelie word nie onveranderd gelaat in die inkulturasieproses nie, en God is dus immanent teenwoordig.

Andersyds kan ons nie anders as om te aanvaar dat daar 'n suprakulturele evangeliese essensie is wat korreleer met God se onveranderlike en ewige wese nie. Mense trag voortdurend om dit te begryp, maar slegs die Heilige Gees kan dit regtig uitdra. Dit lei daartoe dat die evangelie altyd op 'n unieke wyse in elke kultuur sy beslag vind. Die eenheid van getuienis berus dus in die laaste instansie by God wat elke kultuur transendeer (Buswell 1978:90).

Tracy (1981:417) maak die stelling dat Ukpong nie genoeg maak van die "ja" en "nee" wat Jesus Christus vir die kultuur van sy tyd gehad het, sowel as die feit dat Jesus die magiese gebruike van sy tyd totaal oortref het nie. Ukpong (1995:44-45) antwoord dat die Torah en die tempel net so veel kulturele as religieuse simbole was, omdat daar nie 'n wesenlike skeiding tussen kultuur en godsdiens was nie en Christus in elk geval ook nie die dubbele skeiding getref het nie.[106]

Nida (1960:216) maak ook veel daarvan dat Christus die openbaring van die Ou Testament nie alleen vervul nie, maar ver oortref. Ook praat hy van 'n nuwe "suprakulturele" lewenswyse wat Jesus wou tuisbring wat verder gaan as die soek van blote aanknopingspunte en gemeenskaplike grond tussen twee kulture (Nida).

Dieselfde sou ook op Jesus Christus se genesingsbediening van toepassing gemaak kon word. Hy beoefen 'n genesingsbediening wat van alle sensasie, vertoon of wraak verwyder is. Ook Allen (1962:44-47) sê in navolging van Von Harnak dat alhoewel wonderwerke en eksorsisme magtige instrumente was in die verkondiging van die evangelie, het Jesus dit nooit aangewend om mense te lok nie. Later in die vroeë kerk beklee dit 'n ondergeskikte posisie teenoor die ander gawes. Dus gee die voorbeeld van Jesus geen aanleiding vir die kerstening van die gebruik om 'n sondebok te identifiseer en te straf soos ons dit vind in sommige AOK nie.[107]

Christus het die wêreldbeeld van sy volgelinge suprakultureel getransformeer. Dit het beide kontinuïteit en diskontinuïteit met die oue beteken. Kraft (1979:308) stem saam dat die Afrikawêreldbeeld by kontekstualisering nie onaangeraak kan bly nie. Daar sou ook verskil kon word met Ukpong se stelling dat Christus dieselfde wêreldbeeld gehad het as die Oosterling. Wêreldbeeld en kultuur is nie sinoniem nie.

Christus sou Hom nie aan die wêreldbeeld van die Oosterling (of Westerling) onderwerp nie, maar dit juis korrigeer en transendeer. Duidelik sou die Here Jesus nie elke kwaal aan die bose toeskryf nie, soos wel in die tradisionele Afrika-konteks die geval is (Daneel 1992:225). Volgens Shorter (1985:13) kan Jesus se genesingsbediening met die geïntegreerde genesingsbena-

---

106 Vergelyk Goppelt (1982(1):91-107) oor Christus se antitetiese parallelistiese benadering en die wyse waarop Hy geykte standpunte van sy tyd te bowe gegaan het. Christus het van 'n paradoksale metode gebruik gemaak om die betekenis van die nuwe Wet tuis te bring. Dit het daarop neergekom dat Hy die Dekaloog nie tot niet verklaar het nie, maar daarby aangesluit en oortref het.

1. Oortreffing is deur 'n positiewe interpretasie bereik, byvoorbeeld in Luk 10:28 sê Christus: "Jy het reg geantwoord." Maar dan vertel Hy hom die gelykenis van die barmhartige Samaritaan, wat die vorige stelling interpreteer en te bowe gaan.

2. Ook by wyse van antitese. In Matt 5:38-39 lees ons byvoorbeeld: "Daar is vir julle gesê: 'n oog vir 'n oog en 'n tand vir 'n tand, maar Ek sê vir julle dat julle nie 'n slegte mens moet weerstaan nie" (OABV). In Markus 5 sluit Christus dinamisties aan by die vrou wat aan bloedvloeiing gely het, maar dan reageer Hy antiteties deur haar optrede openbaar te maak en haar evangelies verder te begelei (Goppelt 1982(1):153).

107 Die geval van Qwabe Dlamini (onder die Zulus) is deur Sundkler (1961:255-256) geboekstaaf. Baie mense het siek geword van die kos wat bedien is by die inwyding van Amos Qwabe se nuwe kraal. 'n Profeet is laat kom en 'n sekere Anelina is as die skuldige uitgewys. Sy het alle skuld ontken, maar die profeet het beweer dat haar skuld deur die Here aan hom geopenbaar is. Hy het hulle ook verbied om die saak na die hof te neem.

Aangesien hierdie 'n tipiese geval van gewone voedselvergiftiging is, is dit duidelik dat Anelina onskuldig beskuldig is en dat die profetering betwyfel moet word.

dering van die toordokters vergelyk word, "but he carried it infinitely further in every dimension."

Hierdie standpunt stem ooreen met Niebuhr se standpunt dat alhoewel Christus kultuur transendeer, Hy nie in prinsipiële opposisie met kultuur verkeer nie. Daar is nie 'n dualistiese spanning tussen kerk en kultuur nie. Klem word trouens gelê op die "ooreenkomste" tussen die Christelike geloof en die groot godsdienste van die Ooste, tussen Westerse beskawing en ander kulture. Die intergodsdienstige gesprek sou dus voorgestaan word (Niebuhr 1951(75):83-115, Robinson 1990:161-162).

#### *4.2.2.5 Christus – Transformeerder van kultuur*

Hierdie is duidelik 'n kombinasie van twee benaderings naamlik die kultuurtransenderende en die paradoksale benaderings (Niebuhr 1951(75):45-82,149-189). Volgens laasgenoemde moet die dualiteit (nie dualisme) van Christus en die kultuur gehandhaaf word. Hierdie standpunt besef die interafhanklikheid, maar ook die botsende elemente van kultuur en Christus se ryk (Niebuhr 1951(75): 163).

In die transformasiebenadering ontmoet die twee standpunte egter. Dit word eskatologies verdiskonteer as byvoorbeeld aspekte soos lyding en die bose wat in die kulturele konteks van die AOK nie ontken of afgemaak moet word nie, maar waaroor die oorwinning in Christus geproklameer kan word (vergelyk Bosch 1987b:59)

Die vraag is hoe geregverdig is die uitdryf van bose geeste in die geval van die Sioniste, veral in die lig van die paradigma van transformasie? Bosch wil die gebruik van eksorsisme onder die Sioniste tot sy reg sien kom. Hier kom Bosch se verinheemsingsbeginsel goed na vore. Daneel (1990:225) is ook van mening dat Bosch vir beide 'n pelgrims- en verinheemsingsbeginsel kies.[108] Daneel ondersteun ook soos Taylor en Bosch die beginsel van 'n beveiligde eksorsisme in die AOK (Taylor 1963:211, Daneel 1990:223).

Volgens Daneel redeneer Bosch uit hoofde van 'n transformasiemodel (wat ook die pelgrimsbeginsel sou beklemtoon) dat daar by die Sioniste 'n paradigmaskuif sal moet plaasvind om te verhoed dat Jesus Christus in die geval van eksorsisme die gevangene van 'n kulturele of religieuse ritueel word waar Sy naam gebruik word, maar wat in die wese van die saak steeds 'n magiese rite bly (Daneel 1990:225, Bosch 1987b:52-60, Robinson 1991:163). Bosch stel dan die volgende vereistes:

1. Christene moet sorg dat hulle die gemeenskap bevry van 'n gees van sondeboksoekery.
2. Daar sal medeverantwoordelikheid gekweek moet word vir die siektes en probleme van 'n gemeenskap.
3. 'n Nuwe verstaan van menslike lyding op grond van die Skrif moet neerslag vind.
4. God sal as 'n lewende realiteit ervaar moet word, en nie die veraf God van die tradisionele godsdienstigheid moet bly nie.

'n Verdere belangwekkende stelling is dat die Westerse opleidingsinstellings hulle geloof in die aktuele werklikheid van God, onder andere as Bepaler van hulle kultuur, moet uitleef sodat die Sionis Hom as sodanig sal beleef (Daneel 1990:225-226, Bosch 1987b:52-60).

Evaluering: Daneel wil Bosch erkenning gee vir sy verinheemsingsbeginsel in die transformasie van kultuur as hy reageer: "Incarnation as envisaged by the indigenization principle, in fact includes Christ's transformation of culture." Ons het volgens hom in die pelgrims- en die verinheemsing beginsel egter te doen met oorvleuelende beginsels wat eerder verskillende sake beklemtoon eerder as dat dit teenoor mekaar staan (Daneel 1990:226).

---

[108] Hy sê dit op grond van Bosch 1987b.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Volgens Daneel is Bosch nie heeltemal duidelik in sy voorstel van 'n paradigmaskuif nie, omdat dit ruimte laat daarvoor dat gebruike van toordery die gevaar loop om te "perpetuate and entrench, instead of supplant the traditional paradigm" (Daneel 1990:226).

Daneel verwys verder na biskop Nyasha van die Pentecostal Church[109] se bediening onder die Shonas in die Gutu-distrik wat sou voldoen aan al die vereistes wat Bosch stel en nog meer. Wat indruk maak, is die praktyke wat daarop gemik is om toordery uit te wis ("wizardry eradicating practises") soos die eksorsisme van die *uroyi* toorgeeste en die verwydering van alle magiese medisyne goed of sleg. Ook waarvolgens met geduld te werk gegaan word met hulle wat van heksery beskuldig word deurdat daar vir hulle reeds 'n geestelike tuiste geskep word (Daneel 1990:226-227).

Nietemin erken Daneel dat hierdie proses van kontekstualisering 'n stadige proses is en nooit voltooi word nie (Daneel 1983:234). Ongelukkig kan hy nie genoegsaam getuienis lewer wat die rol van teologiese opleiding in die transformasie illustreer nie. Daar was nogtans die geval van biskop Nyasha wat onder invloed van biskop Mathew Forridge sy eie kerk begin het. Dié kerk was krag- en waarheidkonfronterend ingestel. Biskop Forridge het op sy beurt onder invloed van Fambidzano verkeer. So het die teologiese opleiding van Fambidzano op indirekte wyse wel transformerend gewerk (Daneel 1990:227).

[109] Voorheen van die Church of Christ.

# Hoofstuk 5

# KERKBESKOUING, AOK EN KERKOPBOU

## 5.1 KERKBESKOUING

Die kerk maak deel uit van God se handelinge op aarde. Kerk is egter ook die gevolg van menslike handelinge – 'n liggaam wat 'n eksemplariese bestaan in die wêreld voer en wat beide die Woord omhels en in die dialektiese spanning van solidêre maatskappykritiek met die wêreld leef. Die kerk is geroep tot gestaltegewing van die koninkryk in die wêreld (Heyns 1981:351-352). Die kerk word afgegrens deur die suiwer verkondiging van die Woord, die soek na die ware koinonia (ware kommunikasie met God en mens) en aan die vrugte van die geloof wat oorgaan in daadwerklike liefde teenoor God en die naaste. So word die kerk geken en begrens (Heyns 1981:368).

Hierdie aspekte is ook opgawes vir kerkopbou.

Een van die doelstellings van teologiese opleiding is om die kerk op te bou. Deur die opleiding en toerusting van leiers tot kerkopbou kan teologiese opleiding op indirekte wyse kerkopbou dien. Dit gaan daarom dat die eenheid in die gemeente handhaaf word, God in die wêreld verteenwoordig word (Ef. 4:23) en die kerke gereed en bereid is om sy werk te verrig (Ef. 2:10) (Grobler 1985:8).

Teologiese opleiding het in die verlede eensydig geneig vir sover dit hoofsaaklik kerugmaties ingestel was met die oog op opleiding en vorming van leiers wat in staat sou wees om kerke te plant en ander tot bekering te bring. Daar moes 'n keuse tussen twee moontlikhede gemaak word, naamlik (1) Woorddraer en bekeerder of (2) om in Woord en daad in die wêreld van die gelowiges betrokke te raak (Bosch 1993:381). Die keuse vir eersgenoemde het veroorsaak dat die kerk van die arena van die wêreld onttrek het (Kritzinger 1994:31). Piëtisme het opbou gesien as teenstrydig met bekering. Jy het in sendingwerk moes kies vir die een of die ander. In dieselfde mate is didaché gesien as die werk van die opleidingsinstansies alleen en kon jy of didaché beoefen of koinonia maar nie altwee nie.

Tog moes dit een of ander tyd gebeur dat die lokale kerk weer die implikasies van sy kerkwees ontdek en besef hy het 'n verantwoordelikheid om ook opbou te beoefen. Dit moes intensief en ekstensief, na binne en buite, plaasvind soos deur die dimensies van marturia, leitourgia, koinonia, diakonia vereis word (Bosch 1993:380). Bosch sien hulle selfs as intensies van mekaar. Die klem moet verskuif vanaf kerkstigting of -planting na die opbou van bestaande kerke, vanaf proliferasie na hervorming en opbou, en uiteindelik herontdekking van die eenheid.

Te veel kerke het tot stand gekom wat sonder leraars was of met minder-goed opgeleide leraars moes regkom. Ander kerke se leraars was weer goed opgelei, maar dieselfde goeie kwalifikasies het die verwagting van 'n lewenstandaard gewek wat nie deur die gemeentes/kerke gedra kan word nie. Die gevolg is dat sulke leraars tot 'n tentmakerbediening gedwing was, met die verdere gevolg dat hulle grootliks in die gemeentes afwesig is en sulke gemeentes dus nie

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



voordeel van hulle leraars se goeie opleiding geniet nie. Die Verenigende Gereformeerde Kerk en die Hervormde Kerk in Suidelike Afrika is goeie voorbeelde van laasgenoemde ironie.

Dit dui daarop dat diegene wat die betrokke opleidings beplan het, dit nie holisties gedoen het nie en in elk geval nie in voeling was met die werklikheid en behoeftes van die gemeentes en die studente nie. Hulle was ook gelei deur 'n kerugmatiese veronderstelling dat die korrekte Woordbediening vanself 'n transformerende uitwerking op die gemeentes sou hê, sodat sulke gemeentes uiteindelik gewillig en in staat sou wees om hulle leraars voltyds te trakteer. In die meeste gevalle het dit egter 'n ydele droom geblyk te wees deurdat die meeste lidmate nie oor die middele of professionele vaardighede beskik om dit moontlik te maak nie.

Uiteindelik beteken dit dat die gemeentes van die kerke waarvan die leraars uitstekend opgelei is, uiteindelik nie veel beter daaraan toe was as die gemeentes waarvan die leraars 'n swakker opleiding het nie. Beide het nou behoefte aan kerkopbou.

## 5.2 AOK SE KERKWEES TEEN DIE AGTERGROND VAN TAG EN *UBUNTU*

Die AOK se ekklesiologie is grootliks gevorm volgens die ervaring van wat hulle van die Westerse kerke gehad het. Hulle het die positiewe en negatiewe net vergroot. So was daar kerke met Westerse bande (KMWB) wat groot premie op vroomheid geplaas het, maar met 'n wettiese interpretasie ten opsigte van die Afrika-gebruike (deur sommige tradisionele gebruike te verchristelik en ander summier af te wys en te veroordeel).

Die Westerse Protestantse kerke het ook nie 'n goeie voorbeeld of ekklesiologiese basis van eenheid oor volksgrense gestel nie.[110]

Kerkgroei word in die wêreld van die AOK allerweë beskou as die uitbreiding van die denominasionele grense. Baie AOK het in reaksie op Westerse denominasionele imperialisme 'n dringende behoefte gehad om die eie stam-denominasionele kerk te verbrei (dus 'n kerkistiese ekklesiologie).

Die vorming van die eerste-generasie-AOK het telkens die ekklesiologie van die Westerse sendende kerk verraai, alhoewel die skuld vir swak kerkbegrip en gevolglike skeurings nie alles voor die drempel van die sendingkerke gelê kan word nie. Die verskynsel van skeuring op skeuring het iets van die karakter van die inheemse ekklesiologie verraai. Selfs wanneer 'n nuwe kerk ontstaan na aanleiding van 'n nuwe leier wat 'n eie persoonlike stel reëls wil vestig op grond van 'n nuwe interpretasie van Skrifgedeeltes (byvoorbeeld oor poligamie of alkoholgebruik) kan 'n mens 'n bepaalde ekklesiologie daarvan aflei (byvoorbeeld dat dit meer oor individualistiese inisiatief as stamdenke gaan) (Daneel 1987:196).

Andersyds dui afskeuring na die leier se dood sterk daarop dui dat 'n tradisionele stampatroon 'n sterk rol in hulle ekklesiologie speel (Daneel 1987:197).

Baie van die AOK het die beginsels van Hebraïstiese wettisisme en vorm-korrespondensie met tradisionele Afrika-gebruike en patrone gepaar. Dit lei tot ekklesiologiese patrone van koningskap en hiërargiese gesagslyne (Daneel 1987:196). Die meeste van die kerke word sterk deur *ubuntu* oorheers wat met 'n Christelike kleed oordek word. Dié soort *ubuntu* word dan as koinonia beskou.

Hierdie trekke word by die meeste AOK teruggevind, maar met verskillende beklemtoninge en interpretasies (Daneel 1987:270).

---

[110] Sien ook die gebeure te Ceza (voetnoot 71, p 58).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



### 5.2.1 AOK waar die *ubuntu* verchristelik is

Daar is AOK wat die koinonia as die merkteken van die ware kerk beskou. By nadere beskouing blyk dit egter *ubuntu* te wees wat verchristelik is en grootliks neerkom op mededeelsaamheid en warmte (Masuku 1996:45). Die meeste Westerse kerke vergelyk nogtans swak wanneer hulle in hierdie opsig met die AOK vergelyk word. Dit laat 'n mens die vraag vra wat die Westerse koinonia nou eintlik is. Dit laat 'n mens ook vra of Westerse opleidingsinstansies geskik is om leiers van die AOK van koinonia te leer (Daneel 1987:197 en Masuka 1996:45).

Die AOK se koinonia kan waarskynlik dan beskou word as 'n geval van transformasie wat die gevolg is van *ubuntu* wat verchristelik is en koinonia wat geïnkultureer is.

Dit lyk asof Westerse teologiese opleiding moeilik sal verbeter op die reeds gevestigde koinonia van die AOK. Westerse kerke kan egter baie in so 'n kontaksituasie leer. Waar die koinonia egter "koinonitis" raak, sou teologiese opleiding deur die leierskoling 'n groot bydra kon lewer. Dit wil trouens lyk of die verchristelikte ubuntu nie altyd so positief is nie, veral in die geval van die leiersgeledere (byvoorbeeld by leierskapoornames, waar eerder *umona* as *ubuntu* na vore kom). Dit sou egter ook net so goed van Westerse kerke gesê kon word.

Vervolgens word daar binne die verband van die *notae ecclesiae* na die wese van die Christelik kerk gekyk.

### 5.2.2 *Notae ecclesiae* en kerkwees

Met *notae ecclesiae* word verstaan die kenmerke van die kerk soos beskryf in die Niceense geloofsartikel: "Ek glo een heilige, algemene en apostoliese kerk." Dit sluit nou aan by die Pauliniese beeld van die kerk as liggaam van Christus en word vry algemeen in die Christendom as die minimum-beskrywing van die kerk beskou.

Later voeg die Protestantse verstaan van die kerk ook die onderskeid tussen ware en valse kerk hierby en word die eienskappe van die ware kerk beskryf as daardie kerk waar die Woord reg verkondig word en die sakramente reg bedien word (met moontlik ook: waar die tug reg toegepas word). "Dit is belangrik om noukeurig tussen die kenmerke of *notae ecclesiae* enersyds en die eienskappe van die kerk andersyds te onderskei (Heyns 1977:109-110). Die kenmerke dui op die voorwaardes of kriteria vir kerkwees, terwyl die eienskappe die gevolge of wyse van kerkwees verteenwoordig" (Crafford & Gous 1993:45,46).

Dit word aanvaar dat daar naas die Westerse kerkbegrip alternatiewe opvattings oor die kerk kan ontstaan en bestaan en dat die Westerse kerkbegrip self die resultaat is van 'n langdurige inkulturasie van die evangelie in 'n Grieks-Romeinse kultuur waar abstrakte, institusionalistiese denke gangbaar was. Derhalwe is dit seker nie onbillik om te aanvaar dat kerke in die Derde Wêreld toegelaat sal word om hulle eie vorme en ekklesiologiese tradisie te ontwikkel nie. Om dieselfde rede sou dit ook nie billik wees om Westerse ekklesiologiese modelle as vertrekpunt in nadenke oor die kerkwees van die AOK te neem nie.

Verder moet ons ruimte laat vir die erkenning dat die kerk nie 'n skepping van mense is nie, maar in die laaste instansie teruggaan op God se werksaamheid in die geskiedenis en die wêreld. Daar moet gewaak word teen die neiging om God se werksaamhede so aan menslike voorvereistes en definisies onderdanig te maak dat sy vrymagtigheid daarmee ontken word.

Aan die ander kant moet 'n minimum-basis vir beoordeling tog gekies word, aangesien kerkwees sonder sekere minimum norme en kenmerke 'n ondenkbare begrip is. Die keuse van die Niceense formule vir hierdie doel is voor die hand liggend.

Ons gee in ons bespreking van die verskillende *notae* ook aandag aan twee beelde wat die opbou van die liggaam van Christus betref:

1) Die beeld van die onderlinge verbondenheid van die gelowiges in een liggaam (Rom 12:1, Kor 10 en 12).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



2) Die beeld van die ware ondergeskiktheid aan en aanbidding van die *prototokos* (Ef en Kol) (Potgieter 1985:28).

### 5.2.3 *Notae ecclesiae* en *koinonia*

Soos reeds gesuggereer kan die nadenke oor die kerk nie geskied sonder inagneming van koinonia nie. In die AOK staan dit trouens voorop, soos gestel.

Christelike koinonia beskryf die verskil tussen voor-Christelike Griekse gemeenskapsmaal en die nagmaal van die kerk. EP Groenewald (1932:104, 114-115) onderskei tussen drie soorte koinonia's: koinonia met die demone, koinonia van die altaar (Israelitiese verstaan) en koinonia met Christus se liggaam (*koinonia tou somatos*) (gesimboliseer deur brood en wyn) (1 Kor 10:16-21). Laasgenoemde gaan dan ook verder: geloofsverbondenheid aan mekaar en die kerk (1 Kor 10:16-21, Kol. 1:18). (Ook Guthrie 1981:745).

Die realisering van hierdie soort koinonia is tegelyk kontekstualisering van kerugma, sakramente en die kerk. Ook kerkopbou het dit as basis. Opbou en kontekstualisering kan as Bybelse ekklesiologiese opdragte beskou word waaraan gehoor gegee moet word in teologiese opleiding. Dit behels aspekte van al die werk wat behandel is. Dit behoort tot die wese van ware kerkwees.

Die dinamiese gestaltegewing van die *notae ecclesiae* geskied in samehang met die belewing en realisering van koinonia. Dit het ook te doen met die balans tussen die opbou en uitbou van die kerk.

> The churches' koinonia as a fellowship of love is also the foundation of diakonia, kerugma or martyria. But the absence of diakonia, kerugma and- or martyria, may mean that the church turned inward. Upon itself. To such an extent that there is no longer the kind of koinonia of which Jesus spoke.
>
> (Van Engen 1991:91)

Dus sal die koinonia (soos gekontekstualiseer) weer deur die *notae ecclesiae* in toom gehou word en andersom.

### 5.2.4 Kortliks oor die *notae*

#### *5.2.4.1 Die eenheid van die kerk*

Die eenheid kom uit die koinoniale verbondenheid met die Hoof van die kerk. Die koinonia het die waarheid en liefde as merktekens. Die belange van die Hoof word eerste gestel, nie die van die stam (of selfs volksbelang) of tradisionele belang nie. Die ware kerk word dan ook so gebore as die ware saad van Abraham.

Die kerk het hom aanvanklik in die ou sinagoge gevestig, maar stig dan op die ou end sy eie koinonia langs die van die ou sinagoge. Die ekklesia kom so tot stand as aparte godsdienstige beweging (Bavinck 1955:518).

Hierdie oorgang gaan egter nie sonder konflik gepaard nie (vergelyk Handelinge). Dit lei dan ook tot 'n breuk met die Judaïsme, maar nie voordat alles gepoog is om die wilde loot langs die mak lote in te ent nie. Dit kan verstaan word as 'n soeke na katolisiteit. Dit het verskillende tipes van koinonia tot gevolg gehad in die gemeentes van Filippi en Kolossense (Groenewald 1934: 189). Verskeie teologieë onderlê hierdie koinonia's.

Beide verskeidenheid en eenheid word in die Skrif benadruk, maar waarskynlik met groter klem op laasgenoemde. "Die Kerk is één, want daar is slegs een Heer en sy Woord is een en dieselfde aan almal." (Van Selms 1952:141).

> Die eerste fout is (egter) dat die eenheid nie langer by God gesoek word nie, maar by die mense. Dit het tot gevolg dat mens nie langer tevrede is met die een Woord van God wat tot ons almal spreek nie, maar ook waarborge soek dat ons almal die Woord op gelyke wyse sal verstaan. Mens

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



> sluit dat die oë vir die verskeidenheid van vertolkings wat reeds in die Heilige Skrif aan ons geskenk is en vererg jou oor die verrassinge wat die luister van 'n ander kan oplewer.
>
> ... Die tweede fout is skynbaar in teenstelling hiermee. Mens het geskrik vir die ellende wat kerkskeuring en ketterjagtery oor die hele wêreld gebring het en wil ten alle koste vermy wat tot iets dergeliks kan lei. Ten koste van alles wil mens die eenheid bewaar en mens vergeet dat die eenheid nie deur ons bewaar word nie, maar deur die Woord van God. Verdraagsaamheid, gematigheid en agnostisisme neem die plek in van wesenlike Christelike deugde, liefde, hoop en geloof. Dog waar die Woord nie langer regeer nie, daar syns insiens die eenheid 'n leë formaliteit. Die Kerk is geen sekte nie, maar die Kerk mag ewemin 'n buurtvereniging word.
>
> (Van Selms 1952:142-143)

Sekere soorte geskeidenheid kan seker nie vermy word nie (soos die kerke wat uit die Protestantse beweging voortgevloei het). Ander geskeidenheid wat nie anders as sondige verskeurdheid genoem kan word nie, moet afgebreek word, gewoonlik nie by wyse van groot dramatiese handelinge of gebeurtenisse nie, maar klein, subtiele handelinge op grondvlak. 'n Voorbeeld daarvan het ons in die begrafnisliturgie van RM Musasikwa (daartoe geïnspireer deur die teologiese opleiding van Fambidzano wat hy deurloop het) wat met self-gekomponeerde sang die evangelie verkondig aan die wye skakering van AOK in sy omgewing. Hy het begin om 'n ander atmosfeer by die *runyaradzo* te skep, naamlik die van openheid in teenstelling met selfopgelegde eksklusiwiteit (Daneel 1989:169).[111]

Dit is egter 'n bekende feit dat die omgee vir die eenheid die een saak is waaroor heelwat kritiek teenoor die AOK uitgespreek kan word. Soos elders aangetoon, vind afsplitsings dikwels om oppervlakkige redes (soos persoonlike meningsverskil en ambisie) plaas, of na aanleiding van die verskynsel van afkraling. (Vergelyk ook p 222).

Iemand soos Daneel (1989:169) het egter aangetoon dat teologiese opleiding (binne die verband van Fambidzano) 'n suksesvolle rol kan speel om 'n groter ekumeniese bewussyn in die geledere van die AOK te vestig en so die basis te lê vir interkerklike samewerking en 'n vermindering van afsplitsings.

### *5.2.4.2 Heiligheid*

Walls (1982:99) gebruik Lev 11:44 ("Wees heilig, want ek is heilig") in sy nadenke oor hierdie aspek van die kerk se bestaan. Die gelowiges leef nie meer *kata sarka* nie, maar *kata pneuma* (Rom 8:4). Dit hou verband met die pelgrimskarakter van die kerk. Die heiligheid van die kerk berus nie by die kerk self nie, maar by die Heer van die kerk (Van Selms 1952:143).

Potgieter (1985:32) verbind heiligheid egter met ortodoksie en ortopraksie, die regte leer en die regte optrede of lewe. Dit hou die gevaar in dat die saak van heiligheid tot leerstelligheid gereduseer word. Aan die ander kant vorm die heiligheid van die kerk die basis van die opsig en tug van die kerk, nie ter wille van die heiligheid van die kerk as instituut nie, maar ter erkenning van die heiligheid van God en ter wille van die saligheid en behoud van hulle wat aan die kerk behoort (Van Selms 1952:144,145).

Die heilige karakter van die kerk beteken egter nie dat 'n kerk 'n roeping het om te sakraliseer nie. In die geval van die AOK bestaan daar 'n wesenlike gevaar hiervan. Die fenomenologiese verwantskap tussen heiligheid, mana en taboe (dit wil sê as dinamistiese verskynsels) kom dikwels na vore in die wyse waarop die kerkgebou as sakrale ruimte met allerlei taboereëls ingerig word.

Heiligheid moet nogtans by wyse van 'n hoë sedelike lewe in die kerk, by die teologiese opleidingsinstansie en in die lewe van die gelowiges in die wêreld nagejaag word. Die liggaam

---

[111] Daneel noem die selfopgelegde eksklusiwiteit afgodery. Hy bly egter in gebreke om die gevaar van universalisme (waar koinonia nie behoorlik van *ubuntu* onderskei word nie) en inklusiwisme aan te toon. Dit staan aan die ander kant van die spektrum. Dus moet daar altyd 'n dubbele beweging en dubbele gevare wees wat verreken word.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


word opgebou in heiligheid. Dus moet die koinonia met die afgode ten alle koste vermy word. Daar sal ook 'n gesonde kreatiewe spanning wees tussen heiligheid en kontekstualisering in teologiese opleiding. So is sekere vorme is nie geskik as heilige houers vir die evangelie nie.

Heiligheid moet egter nie as verskoning dien om apostolisiteit as verantwoordelikheid te ignoreer nie. Diegene wat die missionêre verantwoordelikheid van die kerk in spanning probeer plaas met die heilige karakter van die evangelie en kerk, verstaan die heiligheid as kenmerk van die kerk verkeerd. Heiligheid word 'n dinamistiese kenmerk waarop beslag gelê word en word so eerder 'n kenmerk van sektarisme.

Daarenteen wil Gensichen sien dat heiligheid verinheems word in die eie kultuur en dat die *communio sanctorum* opgebou word, sodat dit 'n missionêre krag kan wees (Gensichen 1971: 155). Ook hier moet die *communio sanctorum* in die erediens waak teen twee gevare naamlik enersyds die van 'n gesakraliseerde vormgodsdiens wat wetties is en andersyds 'n Westerse formalisme (wat aan sekere opleidingsinstansies geleer word) wat nie ruimte maak vir die verinheemsing van die liturgie nie. Dit neem egter nie weg dat nie alle rituele vorme vatbaar is vir kerstening of inkulturasie nie.

Ook sal daar spanning wees in teologiese opleiding tussen waarheid (as manifestasie van heiligheid) en eenheid. Ekumene ten koste van alles, is nie Skriftuurlik nie.

Daar is dan ook in die opleidingsprojek gerig op die Temba-Winterveldse profete iets soortgelyks aan 'n lewenshouding van "Antithese zur Lebensheilung" uitgespel.[112] Dit bestaan uit opofferings ten opsigte van die aardse bestaan en 'n kultiese afstanddoening van die sinkretistiese aan die een kant, maar wat aan die ander kant ook die onderskeidingsvermoë tussen heiligheid en dinamistiese sakralisering te hê (Gensichen 1971:154). Daar is dus by die profete te Temba-Winterveld gepoog om die dualisme tussen kerk en sending te deurbreek deur 'n helingsbediening daar te stel wat na beide kante afgrens, naamlik 'n gesekulariseerde, meganistiese geneeskunde aan die een kant en die magiese "geneeskunde" van die toordokter aan die ander kant (Gensichen 1971:211). Hierdie dubbele afgrensing het te doel om verrykend in te werk op die teologie van die Afrika-profeet wat soms myle breed is as dit kom by akkommodasie, maar as dit kom by afgrensing teen die magiese nie baie meer diepte het as 'n sentimeter of twee nie (opmerking van Chuc Day, Tshwane Teologiese Kollege).

Aan die ander kant is daar by 'n pentekostalistiese teologiese opleidingsinstansie soos die van Tshwane Teologiese Kollege die leemte dat hulle, alhoewel hulle doeltreffend is ten opsigte van die wegbeweeg van en afgrensing teenoor tradisionele rituele offers, hulle dit nog nie genoegsaam kon regkry om verinheemsing te beoefen nie. Daar word trouens van die leraar-profete van die IAOG (International Assemblies of God) wat ingeskrewe studente is, verwag om hulle van hulle kultuur te distansieer. Dit was dan ook die toedrag by die Tshwane Teologiese Kollege Instituut dat meer akkulturasie beoefen is as inkulturasie. Inkulturasie word wel teësinnig op 'n lae vlak toegelaat. Ook die geskiedenis van die instituut het bewys dat daar min kontak met die AOK was en word die meeste studente van die IAOG en AFM (Apostolic Faith Mission) verkry. (My gesprek in 1999 met C Day, "dean" van Tshwane Teologiese Kollege). Om die AOK se verstaan van en strewe na heiligheid deur middel van teologiese opleiding te bevorder, is dit nodig dat heiligheid waarlik 'n intensie word en nie net 'n dimensie van teologiese opleiding nie (na aanleiding van die verstaan van die dimensie en intensie van die sending by Gensichen 1971:162).

---

112 Onder die opskrif van "Antithese und Synthese" wil Gensichen (1971:204) waarsku teen valse antiteses en sinteses, soos byvoorbeeld die teenoor mekaar stel of vermenging van brood vir die wêreld en Woord vir die wêreld. Die sintese moet so bewerkstellig word dat die Woord 'n broodintensie verkry en die brood 'n Woordintensie, om sodoende die skeiding tussen die profane en die heilige te deurbreek. Waar brood en Woord vermeng word, lei dit maklik tot 'n magiese *ex opere operato* waar die brood verkeerdelik vermeng word met die Woord om sodoende genade-instortende (*gratia infusa*) betekenis te verkry (so by sekere AOK).

Heiligheid is nie iets wat magies verkry kan word deur die *ex opera operato* toedeling daarvan by die doop nie (Groenewald 1934:189). Die Gees is krag, maar ook meer as menslike verstaan van krag. Die Gees is nie oral waar daar krag is nie. Die Gees is 'n intiem persoonlike krag. In dié verband praat Paulus ook van die koinonia van die Gees *(koinonia pneumatos)*. Die *notae ecclesiae* sal egter die kontrole wees vir ware koinonia in die liggaam (Burger 1991:116).

In die opsig is dit so dat profete baat vind bloot deur van die onderskeid tussen magie en godsdiens bewus te word. Die meeste teologiese kursusse vir AOK skiet hier egter te kort. So wys Timotheus-Opleidingsinstituut (TOI) op die verskil tussen valse en ware profete, maar kontekstualiseer dit nie genoegsaam tot die eienskappe van ware en vals profete, in die konteks van die AOK nie (TOI, A4, sj:41).

### *5.2.4.3 Die algemeenheid (katolisiteit) van die kerk*

Onder katolisiteit verstaan ons die grenstransenderende karakter van die kerk. Die eenheid van die kerk in Jesus Christus kan in beginsel nie vanweë praktiese behoeftes of reëlings opgehef word nie. Die kerk is suprakultureel, maar nie kultuurvyandig nie. Die katolieke karakter van die kerk maak dit vir die kerk moontlik om in al die situasies van toepassing te wees.

> ... (Die) drie fasette van die katolisiteit (naamlik histories, geografies en kultureel) word dikwels die kwantitatiewe katolisiteit genoem. Hiervan word die kwalitatiewe katolisiteit onderskei wat dui op die volle diepte en omvang van die evangelieboodskap en die volheid van die heil waarvan dit getuig en waaraan die gelowige in Christus en die Heilige Gees deel kry.
>
> (Crafford & Gous 1993:49)

Die kontekstualisering en verinheemsing van die evangelie, om die liggaam tasbaar en sienbaar te maak, geskied nie anders as teen die agtergrond van katolisiteit nie. Christus word dan ook so tasbaar en sienbaar (Potgieter 1985:33). Gensichen (1971:144) wil die pluraliseringsvorme as "extensive Katholisität" sien, dit wil sê in terme van die uitbreiding van die kerk in die verskillende kulture. Hy stel ook die vereiste van die "intensive Katholisität" wat die opbou in die waarheid in oog het wat in kreatiewe spanning met die "extensive Katholisität" moet wees. Die ekstensie is egter nie 'n plurifomiteit *per se* nie, maar eerder 'n begrensde bewegingsvryheid (Gensichen 1971:144).

In dieselfde sin moet die AOK leer dat die liggaam van Christus nie 'n kragekstensie is vir sover Christus magies in die kerk geïnkarneer is nie. (Vgl Guthrie 1981:746).

Die liggaam van die kerk en koinonia saamgesien gaan oor die lede wat deel aan die liggaam is en ook onafskeidbaar is van die Hoof. Koinonia met Christus is ook tegelyk koinonia met die medegeloofsgenote (Groenewald 1934:186). Dit is ook koinonia met die geloofsgenote wat uit die heidendom kom. Dit word veral deur die metafoor van die liggaam van Christus benadruk. Daar kan tog nie vyandskap tussen lede van die liggaam wees nie (Ef 2:14) (Guthrie 1981:745).

Maar dit gaan ook oor die teenwoordig stel van Christus as Middelaar en Hoof, as inhoud van die kerugma en die sakramente (Burger 1991:116). Hier vertel Daneel van die Shona AOK-leier wat die nagmaal kontekstualiseer deur die ritueel van die indra van die vuurstomp wat die koinonia uitdruk. Hierdie leier spieël as 't ware *ikonies* die gesindheid van Christus. So word eenheid op die gemeente beseël (Daneel 1989:133).

Laastens sal dinamiese katolisiteit insluit die Geesgewerkte integrasie van die diakonia, koinonia en kerugma. Dit behels grootliks die spanning tussen die twee pole van die kerk en die wêreld, sending en diens, die profane en die heilige wat in die koinonia verenig moet word (Gensichen 1971:208-210).

Waar die profane stamtradisie verchristelik is, het dit uitgeloop op 'n resiproke verdeling van verantwoordelikhede en sentralisasie van bestuur wat weer 'n "adaptiewe kontekstualisering" is op die streng hiërargiese leierskapspatroon van die stamtradisie. Koinonia word hier in sy breedste sin ten opsigte van die kerkvergaderings, beplannings toegepas (Daneel 1987:271-272).

#### 5.2.4.4 *Die apostolisiteit van die kerk*

Met apostolisiteit word verwys na die roeping en taak van die apostels, asook die leer van die evangelie wat hulle ontvang en aan die kerk oorgedra het. Van Selms (1952:149) sê dat apostolisiteit nie 'n inherente eienskap van die kerk is nie, maar 'n attribuut van handeling.

Die koinonia in Handelinge hang grootliks saam met die gemeenskaplike geloof in die apostoliese leer. Dit bly nie ortodoksie nie, maar word ortopraksie. Hier word nie net by die leer gebly nie, maar manifesteer dit uiterlik ook in die horisontale vlak (Du Rand 1985:64). Dit moet noodwendig uitloop op dissipelskap, didaché en marturia (Van Engen 1993:68). Die taak van die apostels behels meer as net die lê van fondamente. Dit behels ook die opbou van die liggaam (Guthrie 1981:768). Die amp van die apostel het ophou bestaan (en daarmee saam die apostoliese charismata), maar die leer het nog sterk implikasie van opbou (Guthrie 1981:768).

Die sendingkarakter en –verantwoordelikheid van die kerk gaan ook terug op sy apostolisiteit. Die sending moet egter as *missio Dei* verstaan word, dit wil sê nie as iets waaroor die kerk seggenskap uitoefen nie, net soos die kerk self ook aan God behoort.

Teologiese opleiding moet die *missio Dei* soek en dien, wat 'n totale missie is in plaas van kerkplanting alleen (laasgenoemde wat maklik tot 'n skeiding tussen die kerk en sending lei). Waar die basis net "missio ecclesiae" is, word apostolisiteit en katolisiteit maklik geskei en selfs uitsluitend van mekaar gesien (Bosch 1993:464).

Gensichen (1971:141) wil dat die klem gelê moet word op die eskatologiese verstaan van die apostoliese sending. Hiervolgens moet die kerk hom as 'n ekspedisie eerder as 'n instituut beskou. Die kerk het nie net 'n eskatologies-missionêre dimensie wat sterk institutêr is nie, maar ook 'n apostoliese dimensie wat ook moet oorgaan in 'n missionêre intensie.

'n Suiwer apostoliese benadering waar die kerk totaal opgaan in die sending is 'n absurditeit. Dit is die gevaar wat dreig by die apostolaatsteologie, wat 'n reaksiebeweging is van die vyftigerjare. Hulle het die kerk daarvan aangekla dat dit as instituut 'n doel in sigself geword het (Bosch 1993:382). Die implikasie hieraan verbonde is dat die kerk in terme van die missio Dei as toevallig en hoogstens funksioneel beskou word (Bosch 1993:392).

Die teenoorgestelde hiervan is die sakramentalistiese ekklesiologie van die Rooms-Katolieke Kerk. Die kerk word daarvolgens as liggaam van Christus gesien wat telkens weer geoffer word "as teken en instrument met die diens aan die wêreld as wagwoord" (Bosch 1993: 386). Die kerk as instituut is dus heilsnoodsaaklik. Christus inkarneer nie alleen in brood en wyn nie, maar ook in die kerk. Hoewel die teenoorgestelde van die vorige, kom dit neer op dieselfde eensydigheid waar apostolisiteit en katolisiteit, sending en kerk teen mekaar afgespeel word, of die een onder die ander ingeskuif word.

'n Voorbeeld van 'n fragmentariese denkwyse vind ons in vorme van die Evangeliese teologie wat in gebreke bly om die inheemse kerklike vorme (van die AOK) behoorlik te verdiskonteer (veral swart Evangeliese teoloë). Daar word te maklik afgewys. Meer sou byvoorbeeld vanuit Evangeliese kringe gedoen kon word om die bestaande inheemse genesingsbediening in AOK-konteks tot groter Christelike inhoudgewing te begelei of aan te vul, indien hulle dit as verwronge beskou. D Kapteina (1999:298) wys ook op hierdie gebrek. (Ook in VII van sy opsomming). So word sendinggeleenthede by voorbaat afgewys.

Dit is egter duidelik dat kontekstualisering 'n balans moet hou tussen God en mens. Adeyemo is meer suksesvol hierin as hy 'n soteriologiese denkmodel postuleer wat impliseer – 'n "Denkmodell vom Heil in Jesus Christus als kosmologische Balanz zweierlei: ... dass christliche Theologie nicht nur in die Begrifstruktur, sondern auch in das Weltanschaungsystem des jeweiligen kulturellen Kontextes eingebettet sein muss und kann." (Volgens Kapteina 1999:308).

Bosch praat hier van 'n totale en komprehensiewe bediening van die verlossing wat die hele liggaam siel en gees betrek (Bosch [1992] 1993:399). Dit behels die totale verkondiging van Christus in sy inkarnasie, aardse lewe, dood en opstanding en wederkoms.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



### *5.2.4.5 Samevatting*

Met die bewuswording van die koinoniale eenheid in die liggaam, verdwyn alle egoïsme. Daar word nou as lid in belang en opbou van die lede van die liggaam gehandel. Dit vloei ook oor in die diakonia en marturia (Groenewald 1934:202, Du Rand 1985:64).

Die *notae ecclesiae* belig telkens ander dimensies in die koinonia soos wat dit aspekte van die verskillende gawes in die liggaam beklemtoon en oorgaan tot diakonia en marturia. Van Engen (1993:68) wil dat ons die *notae ecclesiae* sien as méér as net merktekens. Dit geld ook as opdrag tot opbou en uitbou, nie alleen na binne nie, maar veral na buite. Dit blyk ook vir my die missionêre opdrag te wees waarmee teologiese opleiding die AOK moet toerus. Dit behels dus 'n kontekstualisering van die wesenseienskappe van ware kerkwees.

Die kontekstualisering van die *notae ecclesiae* sal noodwendig konflik in die AOK veroorsaak. Dit moet egter nie as iets negatiefs gesien word nie, maar konstruktief benader word. Soos Gensichen dit sien: "Diese doppelte Bewegung ist grundlegend fur eine dynamische Katholizität" (Gensichen 1971:20). Dit behels 'n dubbele werking van enersyds die saad van die Woord wat in die vreemde kultuur gesaai word. Andersyds betrek dit ook die beeld van die wilde tak wat weer in die stam ingeënt moet word. Katolisiteit vra dat teologiese opleiding altyd self weer kenosis beoefen en sodoende tot die vlak van die vreemde kultuur kom. Terselfdertyd vra die heiligheid en eenheid dat ou Israel of die Griekse geloof en sommige AOK weer ingeënt (skenosis) word in die koinoniale verbondenheid met die enigste Hoof. (Vgl Bosch 1993:454). Hieruit spruit voort die doel van opbou.

Die konteks sal steeds van kardinale belang bly by die toerusting van leiers vir diens (Dayton & Wilson 1984:199). Ten opsigte van die opleiding van leraars noem Pobee (1989:9) dat hy iets soos die pelgrimsbeginsel van kenosis baie belangrik ag en dit trouens as voorvereiste vir die ware opbou van die kerk stel. Die kerk is nie 'n grootheid wat tot stand moet kom of in stand gou moet word ter wille van homself nie, maar is daar om God in die wêreld te dien. Van Engen (1993:134) waarsku teen selfgesentreerde ekklesiologie as synde koinonitis wat dui op 'n siek koinonia. Ook kan hier van 'n selfgesentreerde *ubuntu* gepraat word wat net na binne fokus en net eie belangegroep se behoeftes raaksien.

Boweal moet die profeet-leraar se bediening onderlê word deur diakonia. Die leier moet oor niemand heers nie (Cole 1991:36-37).

Indien die *notae ecclesiae* werklik ernstig geneem word, sou daar verder gegaan moet word as die ideële volkskerk of stamkerk soos deur die Duitse volkekundige skool voorsien of die selfbestuursmodel soos deur die skool van die "drie selfwe" voorsien.[113] Die intensiewe katolisiteit sou die pluraliteit en pluriformiteit van kontekstualisering tot sy reg sien kom, sonder om in een kultuur totaal onbegrens opgeneem te word, omdat dit 'n groot klem op die "Fülle der Wahrheit" lê (Gensichen 1971:144).

Ek is dit egter ook eens saam met Daneel (1987:22) dat 'n Gereformeerde verstaan van die notae ecclesiae nie voldoende is om die kerke en ekklesiologie in Afrika tot sy reg te laat kom nie. Daarom moet die ekklesiologie ook deur 'n inkarnasionele teologie verryk word en die rol van die kerk in diakonia met betrekking tot sy betrokkenheid in die samelewing van belang geag word. Dit sou ubuntu impliseer in meer as net die eie broederkring (ekumeniese koinonia), maar die eenheid sou ook oor grense heen vergestalt kon word (Daneel 1987:22). Daar sal selfs gevra moet word na die moontlikheid om sielkundige en volkekundig-historiese kennis ten opsigte van die AOK te benut.

Laastens as mens die AOK wil bereik, sou mens wel ander terminologie as die van die notae ecclesiae moet besig en van ander metafore gebruik moet maak wat dieselfde saak belig. 'n

113 Laasgenoemde het neergekom op 'n sintese van evangelie en Westerse kapitalistiese kultuur in 'n Afrika-konteks – dus méér enkulturasie as inkulturasie (Gensichen 1971:145).

Verchristelikte ubuntu kan niks anders wees as 'n inheemse koinonia nie. Hierin lyk dit vir my sal die dubbele beweging in kerkopbou tot sy reg kom met 'n sterk premie op die kontekstualiseringsdimensie.

Die notae ecclesiae waaraan selfs die AOK kerke moet voldoen, maak dit moontlik dat die Westerse kerke enersyds 'n bydrae kan lewer tot teologiese opleiding, maar andersyds bereid moet wees om van die AOK te leer. Dus sal daar wegbeweeg moet word van 'n paternalistiese leermodel na 'n dialogiese en refleksiewe model (Van der Spuy 1995:285). Die Weste sou ook kan leer dat die notae ecclesiae beginsels is wat dinamies in gemeentebou na buite uitgeleef moet word.

Dit is egter duidelik dat hierdie 'n marturia-bediening van die Westerse kerke en instansies sal vra.

Dus is daar ook in kerkopbou 'n suiweringsproses (as 't ware soos 'n uitsiftingsproses), maar ook dit moet by wyse van kontekstualisering (of vertaling) plaasvind. Belangrike elemente van hierdie proses is dialoog en konfrontasie (Daneel 1984:67). Theron (1995:52-53) sê dat teologiese opleiding 'n kritiese konfrontasie tot gevolg moet hê wat neerkom op dialoog en refleksie tussen konteks en teorie. Kortliks moet abstraksie en ekstraksie so deurbreek word.

## 5.3 KERKOPBOU EN TEOLOGIESE OPLEIDING

### 5.3.1 Kerkopbou en kontekstualisering[114]

Die term kerkopbou veronderstel vervallenheid en puin.[115] Die term opbou dra ongelukkig die emosionele waardes van selfverheffing en paternalisme by die persoon of instansie wat dit gebruik. Ons gebruik die term eerder generies met die veronderstelling dat elke kerk voortdurend opbou nodig het. Dus wil ons opbou nie sien as 'n diagnostiese term in die mond van 'n meewarige teologie, byvoorbeeld in die Konstantynse styl om die heidense ongelowige op te voed nie (Bosch 1993:423) (= "opbou van bo"). Hierteenoor staan "opbou *van onder*" waarvan ons 'n voorbeeld het in die geval van Bruno Gutmann wat onder die Chagga in Tanganjika gewerk het (te Velde 1992:19). Altwee teologieë, suiwer van bo en onder, is eensydig.

Ons fokus op opbou in terme van die wydste toepassing. Dit gaan wyer as die sogenaamde opbou-terminologie wat op die klank af in die Skrif teruggevind word, anders sou opbou net tot koinonia en pastoraat beperk wees.[116] Opbou is sekerlik ook die kriterium vir die regte en opbouende spreke wees (Ef. 4:29) (Bolkestein 1968:97).

Die Nuwe Testament gebruik verder sekere woorde vir die opbou in geloof en leer, byvoorbeeld *didasko* (die lerende kommunikasie van die boodskap, met gesag en waarheid), *matheteo* (waar die relasie tussen onderwyser en leerling beklemtoon word), *katartizo* (om voor te berei, om gereed te maak, om toe te rus tot diens) (Hulbert 1988-89:38).

Daar sal ook duidelik gekies moet word vir 'n balans tussen kerkopbou en kerkuitbou soos deur Van Engen uitgespel (Van Engen 93:51-54, Kritzinger et al 1994). (Sien eksemplariese stof aan die einde van die proefskrif). In alle gevalle behoort kerkopbou 'n missionêre dimensie te hê.

---

114 Dit is die vertaling van die Woord in die kulturele konteks van die reseptor. Dit gaan wyer as verinheemsing wat net die kultuur van die inheemse volk betrek het. Kontekstualisering betrek ook kultuur van die sender en/of opleidingsinstansie, soos byvoorbeeld tegnologiese en wetenskaplike kennis en verwysingsraamwerk (Hesselgrave & Rommen 1989:31).

115 In die bedeling tussen hemelvaart en wederkoms moet ons geen volmaakte kerk verwag nie, maar aan die ander kant moet daar nie opgehou word om te herstel en te bou aan die vervalle muur nie. Opbou moet geskied met die oog op sending wat kerkeenheid wil vergestalt (Ef. 4:12) (Kritzinger 1988:35).

116 Volgens 1 Thess 5:11 tot onderlinge opbou of volgens 1 Kor 14:13 tot charismatiese opbou.

Dit gaan waarskynlik om 'n golflengte-ingesteldheid van beide opbou en uitbou, naamlik om elke gelowige of ongelowige op sy of haar vlak te ontmoet. Ontmoeting geskied nie resepmatig of voorwaardelik nie. Ons kan dit voorstel met kerk en kultuur wat mekaar iewers op die pad ontmoet op die kairotiese oomblik wat deur God bepaal is.

Ook dink ons aan opbou met 'n dimensieverdieping van kontekstualisering waar ons onsself voortdurend as opleidingsinstansies korrigeer (kenosis) en opbou (skenosis) om meer doeltreffend te wees, ook vir die AOK.

Die kontekstualisering van opbou kan dus nie gereduseer word tot die drie selwe-formule van selfbestuur, selfuitbreiding en selfvoorsiening nie. Dit moet 'n funksionele ekwivalensie of balans soek tussen die Nuwe Testament en die huidige konteks van die AOK (Dayton & Frazer 1990:244& 249).[117]

Wanneer Westerse kerke betrokke raak by die opbou van AOK of leiers van die AOK is die neiging om dit as sending te beskou, met die gevaar van eenrigtingverkeer en paternalisme. Ons sou eerder wou sien dat die AOK as gelyke vennote betrek word in so 'n projek. Die selfstandige karakter van die AOK sou dus erken moet word, asook dat sy groei in meeste gevalle 'n sendingdimensie dra. (Dit sal egter eweneens raakgesien moet word dat magie in baie gevalle die verbreidingskatalisator is).

Uiteraard sou sodanige leierskoling ook 'n sendingdimensie impliseer, maar die gevaar is dat opleiding gelyk gestel word aan sending en andersom. Sending moet 'n opleidingsdimensie hê en opleiding 'n sendingdimensie. Soos alreeds gesê, val die klem op die balans tussen opbou en uitbou. Ons kies eerder vir 'n diakroniese benadering waar die een met inagneming van die ander plaasvind, naamlik die opbou met ekstensiewe dimensie sowel as die ekstensiewe uitbou met 'n opboudimensie. Die pendulum mag egter na gelang van situasie na een van die twee kante toe oorleun sonder om in die een of ander op te gaan (Smit 1980:12).

## 5.3.2 Teologiese vertrekpunt vir kontekstualisering

### *5.3.2.1 Kontekstualisering en opbou Bybels beskou*

#### 5.3.2.1.1 Die ontwikkeling van die Godsleer as voorbeeld

El was die gemeenskaplike naam van die opperwese by die vroeë Wes-Semitiese volkere en groepe. El was ook die naam wat in die godsdiens van ou Israel gebruik is, soos onder andere blyk uit talle eiename, soos Eleasar, Samuël ensovoorts. In hierdie opsig is daar dus sprake van kontinuïteit tussen die godsdiens van ou Israel en die van die omringende Semitiese volkere. El Eljon en El Olam dui egter op spesifiek Israelitiese uitbreiding en vergroting van El se funksies (wat dalk vergelyk kan word met die ontdekking van die katolisiteit van die kerk wat die plaaslike kerk transendeer).

Tussen El en Jahweh was daar grootliks kontinuïteit, maar dan ook heelwat diskontinuïteit. Ofskoon die Godsnaam El lank in gebruik gebly het, word algemeen aanvaar dat dit wat inhoud betref mettertyd gejahweïseer is.

Tussen Jahwè en Baäl was daar groter spanning, ofskoon hulle kultusse van dieselfde tipe liturgiese en rituele vorme gebruik gemaak het (Bosch 1974:52, Brown 1978:67). Die kontinuïteit

117 Balans in die opsig moet nie vertolk word dat ons totaal in so mate neutraal of objektief is dat ons met 'n dialektiese teologie van godsdienste besig is waar alle godsdienste Hegeliaans sinteties een raak in 'n gee-en-neem-relasie nie, en na gemeenskaplike waardes gestreef word nie. Die toetssteen sal eerder ware koinonia of verbond tussen God en mens wees as die balans tussen twee metodes, nl. die van die konfessionele (die reaksie op die goddelike openbaring, geloof en die transendente beklemtoon) en die diakroniese (wat die historiese-religieuse ontwikkeling beklemtoon) (Hasel 1972:40,45 en 81). Sien ook hoe die balans gesoek word in hoofstuk 12.

van die offergebruike was dus slegs in die uiterlike vorm geleë, aangesien die betekenis en simboliese waarde van die Jahwistiese rites en liturgie heeltemal anders was. Dit was dus nie 'n volledige sintese tussen die ou en die nuwe nie, aangesien 'n spanning oorgebly het. Jahwè en alles wat met Hom in verband gebring is, was paradigmaties anders. Hierdie afstand word beskryf met die begrip heiligheid, waar heiligheid die attribuut is wat uitsluitlik ten opsigte van God en die volk wat hy in aansien geroep is, gebruik word (Jes 40:25, Hab 3:3, Hos 11: 9).

Dieselfde proses is ter sprake in die wyse waarop die naam Modimo in Christelike konteks getransformeer is. Volgens Bosch (1974:53) sou die tradisionele Modimo homself nog wou handhaaf en 'n veraf onpersoonlike en onbetrokke God wou bly, maar in Christus sou die naam nie anders kon as om beskrywing van die intiem-persoonlike God te word nie (Bosch 1974:53).

Brown (1978:70) maak verder die stelling dat die name van God in die tussentestamentêre periode vanweë 'n misplaasde sakraliserings- en formaliseringstendens prakties in onbruik verval het en vervang is met 'n titel soos Adonai. In die Nuwe Testament kom daar egter 'n nuwe gemaklikheid en word woorde soos θεός en κύριος met vrymoedigheid gebruik, omdat Jesus Christus 'n nuwe verstaan van God geopen het.

In al hierdie gevalle het transformasie plaasgevind as gevolg van 'n innerlike geloofs-teologiese visie en nie as gevolg van formele ontwikkeling nie. Formele ooreenkomste met dit wat buite die Israelitiese of vroeg-kerklike konteks geleef het, was sekerlik nie sonder betekenis nie, maar kon uiteindelik nie die transformerende krag en momentum van die innerlike geloofsvisie stuit nie.

In teologiese opleiding behoort dit uiteindelik om die innerlike geloofsvisie te gaan.

#### 5.3.2.1.2 Diakronies-sinkroniese perspektief ten opsigte van dimensies, attribute en *notae ecclesiae*

Wanneer sinkronies met Skriftuurlike gegewens omgegaan word, word gelet op die historiese ontwikkelingslyn, vanaf die vroegste wortels tot by die jongste verlede. 'n Diakroniese werkswyse let op tydgenootlike of selfs fenomenologiese ooreenkomste en/of verwantskappe. 'n Diakroniese manier van omgaan met die Skrif sou byvoorbeeld veel maak van die konteks van elke Skrifgedeelte, terwyl 'n sinkroniese omgang met dieselfde gedeelte die historiese agtergronde en ontwikkeling daarvan sou probeer blootlê en verstaan.

Die sinkroniese benadering het 'n verdieping ondergaan deurdat die grammaties-historiese gepaar is met die bewussyn van organiese ontwikkeling (laasgenoemde wat die breër prentjie in ag geneem het) en 'n gebalanseerde heilshistoriese dimensie daar bygevoeg is (Hasel 1972:27). Dieselfde perspektief toegepas op kontekstualisering en opbou sou aan die lig bring dat die diakroniese oorspanning (byvoorbeeld by wyse van krities-historiese of godsdienshistoriese benadering) van die konteks Christus tot voorouer of toordokter kan minimaliseer. Volgens die eng sinkroniese benadering weer is die gevaar dat Christus in Westerse rasionele denkkategorieë vasgevang raak. Christus bly as 't ware onvertaal, ongeïnkarneerd en ongeïnkulturaliseerd.

Daar moet dus gesoek word om na 'n heilshistoriese lyn wat 'n middelposisie is tussen die diakroniese konteksimmanente en die sinkroniese teksimmanente (teoreties immanente) werkswyse. Die heilshistoriese benadering sou byvoorbeeld geïnteresseerd wees in die ontwikkeling, transformasie en inkarnasie van Christus in die kultuur van die AOK (Goppelt 1981(2):277). (Sien ook p 255 par 12.2.2 in dié verband met die oog op die nagmaal wat 'n heilshistoriese transformasie ondergaan het). Die heilshistoriese ingesteldheid sien die verlossingsgebeure in die geskiedenis en nie in die mite of magie nie (Conn 1973:43). Heilshistories moet selfs ruimer geneem word as die konnotasie wat Oscar Cullmann daaraan gee. Die gevaar is dat dit Christomonisties kan wees. Ook dat dit nie holisties die nood van die mens in al sy aspekte van liggaam, siel en gees raaksien nie. Verder dreig die gevaar soos by die bevrydingsteologie dat die heilsgeskiedenis kan opgaan in die wêreldgeskiedenis (CS Guthrie en CAM Hall in die voor-

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



woord van Cullmann 1963:xvii; ook Bosch 1979:216). Die dimensie van koinonia (kommunikasie) van die waarheid moet daartoe bygevoeg word om reg hieraan te laat geskied (Conn 1973:44).

Die heilshistories-ekklesiologiese standpunt wil die heilsgeskiedenis skei van die wêreldgeskiedenis en dit beperk tot die ruimte van die kerk. Die ander uiterste standpunt van die histories-eskatologiese ("geschichtlich-eschathologischen") wil 'n eenheid van heil- en wêreldgeskiedenis daarstel vir sover die kerk deel in die bedeling van die wêreld en op pad is na die heil of iets daarvan op sekulêre wyse moet probeer bewerk. Die benadering wil geen skeiding sien tussen 'n religieuse en profane beskouing van die heil nie (Kramm 1979:167). Volgens T Kramm sal na 'n middelposisie van die twee standpunte heilshistories-ekklesiologiese en die histories-eskatologiese gesoek moet word om tot 'n meer holistiese benadering te kom wat meer in ooreenstemming met die Skrif is (Kramm 1979:144). Daarmee word dus gewaak teen 'n futuristiese eskatologie wat alles op die eindtyd predisponeer en 'n oorgerealiseerde eskatologie van die histories-eskatologiese standpunt wat die vuurtoring van eskatologiese verwagting uitdoof (Bosch 1979:216, Gensichen 1971:105).

Die benadering wat Gensichen (1971:75) hier volg, is die van 'n "heilsökonomische" aksent wat die heilshistoriese lyn vanaf Christus se koms terugverleng na die begin (Adam en Eva), maar ook vanaf Christus vorentoe verleng na die totstandkoming van die heidengemeentes en verder tot die wederkoms. Nêrens wil hy die heilshistoriese dimensie verloor nie, maar dit eerder as 'n heilshistoriese intensie op grond van God se heilsbeplanning verstaan. Hieruit konkludeer Kramm dan ook die volgende: "Nur von daher ist die missionarische Intention der universalen Dimension des göttlichen Heilsbehandels zuzuordnen." (Kramm 1979:144).

Gensichen wil die spanning tussen dimensie (Christusdeelname) en intensie (deelname aan uitbreiding van sy Ryk) benut sien. Intensie is die dinamiese gestaltegewing van die dimensie (Gensichen 1971:88, 94). Die twee momente van dimensie en intensie moet in voortdurende dialoog met mekaar verkeer. Gensichen druk dit so uit: "Die eschatologisch-missionarische Dimension wird konkret und aktuell in der missionarischen Intension." Hy verduidelik die spanning dan ook aan die hand van die *notae ecclesiae*, sowel as die dimensies van *kerugma, koinonia en diakonia.* (Vgl ook *notae ecclesiae*, 5.2.2, p 86) (Gensichen 1971:140). Die logiese gevolgtrekking wat hieruit gemaak kan word, is dat stof in die Skrifhermeneuse sinkronies-diakronies so benader moet word dat dieselfde metode ook benut kan word ten opsigte van ontleding en stofopstelling by die AOK om te verseker dat die dubbele refleksiewe werking tussen kerkopbou en kontekstualisering tot sy reg kom.

In 'n heilshistoriese sin beteken dit ook dat, soos daar verskeie tydperke in die Skrif is, byvoorbeeld die Johannes-epog wat die epog van Jesus Christus voorafgaan, so kan daar ook sprake wees van 'n progressiewe transformasie, byvoorbeeld vanaf 'n *isangoma* na Johannes Galilea Shembe en vanaf hom na 'n nog meer Skrifgetroue epog (na aanleiding van Cullmann 1965: 286).

Goppelt (1982(2):33,34) meen dat dieselfde ekklesiologies-teologiese problematiek wat by kontekstualisering van die (Joods-Palestynse) evangelie in die Hellenistiese konteks van toepassing was, ook in die konteks van Weste na Afrika teenwoordig is. Dit kom daarop neer dat daar 'n nuwe konstellasie van teologiese begrippe en kategorieë tot stand gekom het wat die resultaat was van 'n uitsiftingsproses waar sekere terme aanvaar word, ander met nuwe inhoude gevul word en ander weggegooi word.

Die proses is nie net teties of sinteties nie, anders ontstaan daar in teologiese opleiding die gevaar van kerugmatiese piëtisme of selfs sinkretisme wat beide die opbou en kontekstualisering betref. Paulus het die benadering van tese-antitese gebruik, maar sonder om by 'n spanningsvrye sintese uit te kom. Die dialektiese spanning het in baie gevalle bly geld. Dit impliseer

dat daar nie net sinteties gekontekstualiseer is nie, maar kerkopbou[118] moet diateties, antiteties en rekonstellerend[119] gedoen word in terme van die eskatologiese ideaalstelling van ware kerkwees (Bosch 1993:129, Goppelt 1982(1):96-98 ook 1982(2):96).

#### 5.3.2.1.3 Slotsom

Sommige van God se attribute (byvoorbeeld "een" en "heilig") word ook gebruik om die kerk te beskryf. Dit maak ook van die *notae* uit.

Wanneer oor die heiligheid van die kerk gedink word en die kontekstualisering daarvan, moet dit nie met sakralisasie verwar word nie. Wanneer dit egter met God se heiligheid in verband gebring word, is dit duidelik dat volstrekte kontekstualisering daarvan onmoontlik en ongewens is.

In sy ontwikkeling na 'n ware ekklesia in Afrika-konteks, moet die kerk by 'n nuwe *Ecumenica Africana* uitkom. Dit sal noodwendig ook lei tot 'n soort *theologia Africana*. Die wyse waarop daar oor God gedink word, sal ook die leer oor die kerk bepaal. 'n Godsleer wat die transendensie van God so aksentueer dat Hy nie as Immanuel gesien kan word nie, lei onder andere tot 'n ikoniese leierskap en tot nadeel van die Christologie en Pneumatologie.

'n Verdere gevaar is byvoorbeeld om net die vergewende aspek te verkondig, sonder om dit met die almag, alomteenwoordigheid en daadkragtigheid van God in verband te bring. Sy barmhartigheid en liefde is nie die van 'n afwesige figuur nie, maar het direk te doen met sy daadkragtige nabyheid. As gevolg van die verkondiging van Westerse sendelinge wat al te gretig was om vergewing te verkondig, sonder om die ander eienskappe van God ook in 'n gelyke mate te verkondig, het daar onvoldoende kontekstualisering plaasgevind, sodat die bose nie behoorlik gekonfronteer kan word nie (Bosch 1974:77).

Verlossing moes ook breër gesien word om vir die daaglikse behoefte sensitief te wees. Probleme soos werkloosheid, vrees vir toordery en siekte is nie intensioneel gekonfronteer nie, maar dimensioneel. God moet méér gesien word as Iemand wat met die mens in koinonia wil verkeer, as dat Hy téénoor die mens staan, soos sommige piëtistiese strome dit nog wil verkondig (Bosch 1974:83).

Net soos al God se attribute op 'n holistiese en gebalanseerde wyse in die prediking en teologiese opleiding aan die orde gestel moet word, moet dieselfde ook met die attribute van die kerk geskied. Hulle moet nie teen mekaar afgespeel word nie, maar hoogstens in 'n kreatiewe spanningsrelasie aan die orde gestel word.

By die akademies-sinkroniese aanbieding van stof in teologiese opleiding is die gevaar dat God as veraf en abstrak aangebied of ervaar word. Christus en die kultuur (konteks) word verchristelik, maar nog nie geïnkulturaliseer nie. So word die verwydering tussen God en mens wat in terme van die tradisionele godsdienstigheid geld, versterk.

In die diakroniese benadering waar die konteks meer in aanmerking geneem word, kom God naby in Christus, op voorwaarde dat Christus en sy boodskap korrek gekontekstualiseer en geïnkulturaliseer word.

Die antwoord lê egter nie daarin dat laasgenoemde ten koste van eersgenoemde van toepassing gemaak moet word nie, aangesien dit tot 'n nuwe eensydigheid en uiteindelike verwrin-

---

118 Kerkopbou: As vak het dit die taak om die verskillende teologiese vakke se kennis te integreer en dit te kontekstualiseer met die oog op die opbou van die kerk en die gemeente (te Velde 1992:51). Gemeentebou is 'n onderafdeling van kerkopbou.

119 Diateties en antiteties: Die dimensies van kerkopbou word in kontekstualisering stap vir stap uitmekaar gehaal en dan teenoor mekaar geweeg. Dit behels 'n deursnit wat die vordering in kontekstualisering en transformasie aantoon. Die refleksieproses van die teorie na die praktyk is belangrik. Die gevaar is dat dit disintegrerend en fragmenterend kan werk. Uiteindelik moet dit by 'n rekonstellasie uitkom.

ging moet lei. Beide perspektiewe moet toepassing vind, dit wil sê komplementêr en moontlik ook dialekties.

### 5.3.3 Die betekenis van teologiese opleiding in die lewe van 'n kerk

Baie kerke het lank sonder 'n eie teologiese opleiding klaargekom, wat beteken dat so iets nie noodsaaklik is nie. Die vernaamste rede waarom relatief min kerke 'n eie teologiese opleiding het, het met finansiële en praktiese eise te doen. Daarom is dit meer realisties om in terme van interkerklike of ekumeniese teologiese opleiding te dink, selfs in vennootskap met Westerse kerke. Dit is egter baie belangrik dat sulke opleidings gekontekstualiseer sal wees.

Kerke met toegang tot teologiese opleiding word op die volgende manier bevoordeel:

- Deur bediening van ampsdraers wat teologies opgelei en gevorm is.
- Toegang tot teologiese kundigheid en advies.
- Dit stimuleer gewoonlik ook 'n leerkultuur in sulke kerke onder andere by wyse van die toerusting van lidmate.

Al drie hierdie punte hou belangrike implikasies in vir kerkopbou.

Kontekstualisering van teologiese opleiding behels dat verder gekyk sal word as amptelike en klassieke inhoude wat gedeponeer moet word; ook dat baie sake wat in die Westerse kerke as vanselfsprekend geag word, nie vanself in so 'n konteks geld nie.

Cole (1990-91:35-37) waarsku byvoorbeeld teen die neiging om 'n Westerse kerklike leierskapsmodel met sy bestuursmatige inslag as basis vir die opleiding en vorming van ampsdraers te gebruik. Hy wys op die noodsaak om opleiding, naas die amptelike dimensie, ook op situasionele dimensies af te stem.

Die volgende dimensies word onderskei:

- Kerugmaties/didakties/kategeties, soos in prediking en lering
- Koinoniaal, soos in pastorale bediening, gemeentebou, berading
- Diakonaal.

Hierdie dimensies kan beide in 'n amptelike en situasionele lig beskou word. Cole waarsku teen die neiging om dit slegs in eersgenoemde lig op te neem.

Voorts pleit hy ook vir die belangrikheid van *vorming* as sleutelaspek van teologiese opleiding, waar dit gaan om die etiese karakter en houding van die ampsdraer of kerkleier.[120]

Aan al die dimensies moet aandag verleen word in die kurrikulering van teologiese opleiding aan die AOK. Egter nie sinteties[121] of diateties alleen nie. Dit moet diateties én sinteties in teologiese opleiding aan die AOK gekontekstualiseer word. Dit sal die volgende implikasies hê:

- Dat amp en charisma onderskei word, maar nie geskei nie.
- Dat daar holisties en multidimensioneel te werk gegaan word.
- Dat dimensies nie teen mekaar afgespeel word nie en dat die onderlinge kreatiewe spanning gehonoreer sal word.

---

[120] Opleiding word gerig op die verwerwing van kennis en die ontwikkeling van vaardighede. Dit behels 'n wetenskaplik verantwoordbare studie (Potgieter 1988:36). Vorming het te doen met die ontwikkeling van karakter en morele onderskeidingsvermoë. Dit beteken dat teologiese opleiding van verskillende metodes gebruik moet maak.

[121] Sinteties: Die dimensies van kerkopbou en konteks word geïntegreer. Daar word vooruit gekyk na die eindproduk van kerk en konteks. In teologiese opleiding is die gevaar dat daar net sinteties te werk gegaan is, deur feite rondom ekklesiologie, Christologie, leierskapsbeginsels net gekompileer en didakties aangebied word ongeag die konteks waarin dit neerslag moet vind. (Die gevaar is dit kan sinkretisties na beide kante toe wees).

- Dat daar nie net klem gelê word op die intellektuele vorming nie, maar ook op die konatiewe, affektiewe en sedelike vorming (karaktervorming) (Cole 1991: 35-37).

Hierdie benadering laat kontekstuele diversiteit in leierskap toe (Cole 1991:38).

Opleiding se doelstelling word egter deur Raiser (1997:57) in 'n ekumeniese raamwerk gevoeg: Hy gebruik drie vereistes:

"i) Vision which affirms life and relationships/community;

ii) a vision which inspires rebuilding and reconstruction of community."

iii) Dan gaan hy verder en sê dat die visie so groot moet wees dat dit die hele skepping kan omhels, "or make it adequate to the pluralism of its immediate and worldwide settings. Or ... globalize it or make it inclusive." (Ook Kelsey 1993:24).

Teologiese opleiding behels dus meer as die handhawing en verdediging van die institusionele amptelike bediening. Die toets is of die integriteit van die opleiding bo verdenking is. Hier moet veral gewaak word teen oorinstitusionalisering.[122] Raiser (1997:58) beklemtoon verder die vereistes van pastorale kompetensie (heling en hoop-kommunikasie), missionêre kompetensie (holistiese en heling, versoening en geregtigheid), en ekumeniese kompetensie (die waardering en verstaan van die andersheid van ander kerktradisies en teologieë) wat die tradisionele opleidingsmodelle vanweë hulle sterk formalistiese geïnstitusionaliseerdheid nogal verwaarloos het (Raiser 1997:54-55).

Die haalbaarheid van teologiese opleiding word, volgens Raiser, al meer bevraagteken en dit opper ook die problematiek van die teologiese opleiding in die breë. [123] "Viability is not to sustain and maintain the inherited institutional forms of ministry and education. Viability is about the ability to give life, to renew, to transform society, people and congregations." (Raiser 1997: 59)

Hiermee hang saam 'n verdere saak: die moontlikheid van opleiding en vorming met die oog op 'n gawebediening, dit wil sê bediening wat voortbou op die gawes van elke individu. So 'n opleiding sal daarop afgestem wees om die gawes krities-konstruktief te identifiseer, te versterk en te verdiep, wat impliseer dat daar wegbeweeg word van 'n standaardkurrikulum. Die vraag is natuurlik of dit realisties en prakties haalbaar is, omdat individuele gawes of behoeftes te veel in aanmerking geneem moet word. In 'n ekumeniese opleiding wat op die AOK afgestem is, sal daar egter ongetwyfeld met so iets rekening gehou moet word, onder andere omdat eiesoortige ampsbeskouings en leierskapsrolle daar aan die orde is wat gawes op 'n nuwe wyse na vore roep of benut.

Die TOE-model maak dit onmoontlik om nie die konteks van die gemeente en hulle behoeftes ernstig te neem nie. Die klem het in die Derde Wêreld verskuif na die vorming van die Laos van God en die besef van die lidmaat se plek en funksie om die liggaam op te bou. Die opbou van die liggaam beteken nie dat elke lidmaat vetgevoer word nie, maar dat hulle, naas die leiers, met kennis en vaardighede bemagtig word (Macrae McMahon 1997:112, Kinsler 1981: 4). Vir dié doel moet teologiese opleiding egter verder gaan as die sogenaamde klassieke inhoude. Dit moet die werklike vrae in die konteks identifiseer, daaroor reflekteer en in die kurrikulum opneem (Kinsler 1981:189-190). Kelsey (1993:24) wys dan op die noodsaak dat teorie en praktyk geïntegreer sal word.

---

122 Oorinstitusionalisering: Pobee (1997:58) bring dit in verband met die oorbeklemtoning van die verskil tussen geordendes en ongeordendes, en onnodig beperkende maatreëls met betrekking tot die toelating tot die bediening. Dit lei maklik weer tot formalistiese opleiding en vorming

123 Haalbaarheid: Dit gaan hier oor die toeganklikheid, funksionaliteit en nut van teologiese opleiding in die konteks (Kelsey 1992:24). In die konteks van die AOK het dit te doen met die eis van inkulturasie en met die vraag: hoe leer mense wat nie in 'n Westerse rasionaliteit deel nie, om teologies te dink? (Burden 1994:133). Dit impliseer ook om Christus te verstaan onafhanklik van al sy historiese gekondisioneerde vorme en om die evangelie te herformuleer (Kelsey 1992:228).

Dit gaan dus oor meer as die opleiding tot intellektuele en ampsgerigte professionaliteit. Dit gaan ook om toegewyde en effektiewe kundigheid en intelligensie tot diens van God. Maar veral moet dit gaan om koinonia met God (en medegelowige) as basis vir spiritualiteit en geestelike groei (O'Driscoll 1997:64). Teologiese opleiding moet 'n passie vir God en sy koninkryk weerspieël en daarop afgestem wees om die wat opgelei word, daarin te betrek.

P Vassiliadis (1997:67) wil dat koinonia benader word as die soeke na eenheid tussen die katolisiteit en die kontekstuele. En soek dit veral in dialoog wat die eenheid oor grense soek wat die implikasie het van diakonia en marturia – "honest witnessing to experience" (Dorothy Macrae McMahon 1997:113). Koinonia breek die institusionele muur tussen klerus en leke af (Macrae McMahon 1997:129).

### 5.3.4 Teologiese opleiding en kerklike opbou

Wanneer teologiese opleiding in diens van kerklike opbou gestel word, is dit vanselfsprekend dat daar gedink sal word in terme van 'n bepaalde kerklike model en 'n kerkopboumodel wat daarop afgestem is. In die geval van die AOK en opleiding wat aan hulle gebied word, is dit egter nie moontlik om by voorbaat by so iets uit te kom nie, omdat kerkopbou nie van buite af gerig en gestuur kan word nie. Indien daar byvoorbeeld probeer sou word om 'n bepaalde kerkopboumodel aan 'n onafhanklike kerk op te dwing, sou dit baie maklik kon gebeur dat so 'n kerk al minder aan die behoeftes van sy lidmate voldoen en uiteindelik begin wegsterf. Kerkopbou wat so verstaan word, kan dus ironies genoeg juis die teenoorgestelde beteken.

Aan die ander kant moet teologiese opleiding aan die AOK kerkopbou as een van sy uiteindelike vrugte visualiseer. Dit kan ook nie anders nie, aangesien teologie sonder die kerklike verwysing onmoontlik is. Die verhouding tussen opleiding en opbou is egter nie direk nie. Teologiese opleiding kan as 'n geloofsdaad beskryf word, soos die saad van die Woord wat gesaai word en waarvan die ontkieming, groei en wasdom by God in die Heilige Gees berus.

### 5.3.5 Die inherente spanning in teologie

Heyns en Jonker (1977:187) beskryf teologie as die gesistematiseerde, wetenskaplike, logiese ondersoek en besinning na die spreke en openbaring van God. Burden (1994:112) beskryf teologiese opleiding as die oordrag van kennis oor die verhouding van die mens met God.

Teologie dra in hom 'n inherente spanning wat te doen het met 'n tweeledige lojaliteit, enersyds teenoor die Waarheid van die openbaring en andersyds teenoor die waarheid soos deur menslike wetenskap en geleerdheid uitgemaak.

Heyns en Jonker (1977:191) beklemtoon die teologie se verbintenis met die kerke en die roeping van die kerk. Hulle stel dit egter duidelik dat dit nie 'n verbintenis is wat teologiese opleiding in slawerny aan die kerk bind, byvoorbeeld om kerklike standpunte deur te gee as spreke van God en teologiese opleiding sodoende losmaak van sy primêre band met die Skrif nie. Aan die ander kant is die nood van die kerk ook die nood van die teologie. Teologie kan nie 'n akademiese, selfgesentreerde en geïsoleerde bestaan aan universiteite of seminaries voer nie. So 'n teologie is vir teologiese opleiding min werd.

Daar is drie werklikhede waarmee teologiese opleiding rekening moet hou, naamlik geloof, rede en ervaring. Wanneer enige een van die drie oorbeklemtoon word, lei dit tot skeeftrekking. Teologiese opleiding kan nie net rasioneel wees, terwyl geloof meer is as rede. Maar ook moet teologiese opleiding gevoel en ervaring betrek (Burden 1995:113).

Kelsey wil teologiese opleiding baseer op die verhouding tussen Vader en kind deur *paideia* te beklemtoon en wel op drie vlakke, naamlik "contemplation", "discourse" en "affection". 'n Teologiese opleiding is dus 'n onderneming wat te doen het met geloofsbesinning, gesprek en die affektiewe (Kelsey 1992:72). Hierdie standpunt skiet egter te kort daarin dat vaardigheidsop-

leiding en veral kontekstualisering nie genoem word nie. Laasgenoemde is belangrik, want dit gaan oor die vertolking van die boodskap van daardie tyd in vandag se terme en idioom (Heyns & Jonker 1977:135).

Hieruit is dit logies dat daar dus 'n paar vereistes waaraan teologiese opleiding moet voldoen. Daarbenewens is daar ook 'n paar slaggate wat vermy moet word.

### 5.3.6 Modelle van teologiese opleiding

Vir sover daar òf aan die Woord òf aan die konteks vasgehou kan word, sou ons baie teologieë en modelle van teologiese opleiding kon onderskei, byvoorbeeld antropologiese modelle, praktikamodelle, ekumeniese modelle, kerugmatiese modelle en nog vele ander (Bevans 1992:27). Sommige modelle fokus op die inhoudelike. Ander weer is meer van strategiese belang en fokus op die metode en strategieë van oordrag en vorming.

Die bekendste voorbeelde van strategiese modelle is die Atheense en Berlynse modelle.

Die Atheense model sien opleiding as kultivering en karaktervorming, terwyl die Berlynse model met opleiding op die vorming van wetenskaplikes mik (Burden 1994:123). Na aanleiding hiervan stel Kelsey (1992:228) voor dat hierdie twee benaderings in een strategie saamgevoeg word:

- Aan die een kant die van die vorming waarvoor hy meen die Atheense model geskik is, omdat dit opleiding en veral kweking van die student op die oog het.
- Andersyds stel hy voor 'n model van Berlyn met die oog op die praktiese opleiding en vaardighede van die leraar, asook navorsingsopleiding op die vlak van 'n universiteit.

Om beide hierdie twee konsepte ewewigtig te akkommodeer, maak Kelsey gebruik van die habitusbeginsel wat verhoed dat die een model die ander insluk. Hiertoe vind hy die raakpunt in die kultivering van 'n konseptuele kompetensie sowel as disposisionaliteite of ingesteldhede wat saamhang met 'n deurdagte en selfkritiese geloof (saamgevat deur die begrip "habitus"[124]). Dit stem dus ooreen met die Atheense paideia-ideaal (Kelsey 1992:228). Dit is die kombinasie van (nie sintese nie) of dialoog tussen twee ideale, naamlik die van gedissiplineerde, ordelike kritiese denke van die Berlynse model en die vermoë om te redeneer in intuïtiewe, kognitiewe beoordeling en om die waarde te begryp van wat God is en omvat – in die Atheense model (Burden 1994:26, Kelsey 1993:97,234).

Baie keer gebeur dit dat intellek en emosie, kognitiwiteit en affektiwiteit in opleiding teenoor mekaar gestel word. Dit lei dan tot 'n vorm van rasionalisme of mistiek. Wat nodig is, is 'n opleiding waar hierdie twee mekaar omvat en ondersteun – min of meer in die rigting van die Ou-Testamentiese *jada*: kennis wat die hart omvat en die ervaring insluit (Pobee 1997:52).

Op dieselfde wyse kan ook nie eensydig op vaardigheidsopleiding gefokus word nie.

Dus net so min as wat daar vir een of ander van die vorming of opleiding gekies kan word, net so min kan mens vir die Atheense bo die Berlynse model kies en omgekeerd. Daar moet dus op 'n gebalanseerde wyse aan altwee aandag verleen word in opleiding en vorming (Kelsey 1992:98).

---

124 Habitus is die houding wat met 'n bepaalde rolvervulling gepaard gaan. Vorming daartoe staan normaalweg teenoor daardie soort opleiding wat bloot op die tegniese en formele vaardighede afgestem is om 'n funksie te verrig. Meer spesifiek is habitus dan 'n bewuste, deurdagte, ondersoekende en selfkritiese ingesteldheid (Kelsey 1992:126).

# Hoofstuk 6

# MODELLE VAN TEOLOGIESE OPLEIDING

## 6.1 INLEIDING: OPLEIDINGSMODELLE EN KLASSIFISERING

Alle teologiese opleidings is bewustelik of onbewustelik op een of ander model gebaseer. Teologiese-opleidingsmodelle kan basies onderskei word in tradisionele- en nie-tradisionele modelle. Laasgenoemde het in die tweede helfte van die 20ste eeu na vore gekom en vinnig ontwikkel. Hierdie groep kan onderskei word in ekumeniese modelle, korrespondensiemodelle, TOE-modelle en plaaslike ekumeniese gemeentemodelle.

Feitlik al die voorbeelde van teologiese opleiding wat behandel gaan word, maak kombinasies van modelle uit. Zorn (1975:86) maak daarvan melding dat daar omtrent agt verskillende hipotetiese modelle op die lyn tussen die tradisionele en die nie-tradisionele gevorm kan word.

Eers klassifiseer ons die modelle. Dan behandel ons die suiwer TOE-model. Daarna volg die behandeling van die geklassifiseerde modelle.

Gebaseer op Young (1996:75) se analise van teologiese-opleidingsmodelle kan 'n mens 'n taksonomiese indeling voorstel met 'n x-as tussen akademies-residensiële opleiding[125] aan die linkerkant en teologiese opleiding by wyse van ekstensie (TOE) (wat indiensopleiding insluit) aan die regterkant. Ook sou mens 'n ander kontinuum (y-as) kon trek tussen inheemse konteks op die een kant en Westerse opleiding aan die ander kant. Hierbenewens kan opleiding ook kerkspesifiek of ekumenies ingestel wees, asook formeel of nie-formeel. Iewers in die middel kry ons 'n mengsel of kombinasie van residensiële en TOE-opleiding, byvoorbeeld korrespondensie-opleiding. Die meeste instansies is egter besig om 'n innerlike pluraliteit te ontwikkel om aan 'n verskeidenheid van behoeftes te voldoen.

Padilla (1988:43) onderskei drie tipes opleiding, naamlik —

- *Formele opleiding* wat insluit kerklike instellings soos teologiese seminaria (ook die wat staatsondersteuning geniet). Dit pas in by die formele sosiale sisteem van opleiding. Dit wil gemeenskapserkenning geniet. Dit is hoogs gestruktureerde opleiding wat inskakel by die amptelike akkreditasiesisteem (Young 1996:74).
- *Nie-formele opleiding* sluit nie-skolastiese opleiding in wat op gedesentraliseerde by wyse van ekstensie aangebied word deur onder andere dialoog. Nie-formele opleiding is meer plooibaar en kan selfs seminare, kortkursusse, tutoriale kursusse en indiensopleiding insluit. Dit is nie by die amptelike akkreditasiesisteem ingeskakel nie (Young 1996:74, Padilla 1986:110).

---

[125] 'n Scenario met akademie as prioriteit op die linkerkant van die x-as is selfgesentreerd. Dit behels kennis ter wille van kennis. Dit is kennis wat ook beskryf kan word as binnekringkennis en het eintlik met eie interesse te doen (Young 1996:76). Onderrig in hierdie geval kom neer op die blote oordrag van kennis en tradisies. Die leerder is niks meer as 'n ontvanger nie. Balans kom daarop neer dat die y-as ook in aanmerking geneem word. Dit word deur die toegepaste- of diensaspek verteenwoordig. Dit is behoeftegerig met die klem op die oplossing van probleme (Young 1996:79). Die leerder in hierdie geval kan voorgestel word as 'n ontdekker.

- *Informele opleiding*: Dit sluit in dramaklasse, gebedsgroepe, kunsklasse en geletterdheidsklasse. Volgens Young (1996:74) is informele opleiding gebou op 'n natuurlike verhouding tussen die student en onderwyser. Die leerproses vind in die praktyk plaas en behels refleksie op die situasie en ondervinding in die praktyk (Young 1996:74).

TOE sou meer by laasgenoemde twee vorme tuishoort. Ekumeniese programme soos die Fambidzano is komplementêr tot TOE en verteenwoordig 'n aparte model, maar wat aspekte van nie-formele en in-formele sou insluit (Padilla 1988:43).

Klassifikasie is soos volg:

1. Guatemala: TOE-model:
2. Projek Amos, NG Kerk Magalieskruin en SEVTO: plaaslike ekumeniese model:
3. Nehemia Projek: kombinasie van korrespondensie-, ekumeniese en TOE-modelle
4. Timotheus, Didaché: TOE-model
5. Fambidzano: kombinasie ekumeniese en TOE-model
6. Mhukanyo: kombinasie residensiële en TOE-model
7. CRICA[126]: kombinasie nie-formele, evangelies-ekumeniese model
8. IPC[127] en IAG[128]: inheemse indiensopleidingsmodel (pentekostalisties).

### 6.1.1 Tradisionele model van opleiding (TM) teenoor TOE

Daar is talle voor- en nadele wat teenoor mekaar opgeweeg kan word by TM en TOE. In die geval van TM kan die volgende genoem word:

- Klassieke TM is residensieel en sterk akademies. Dit haal die student uit sy konteks en onderrig hom in 'n akademiese omgewing wat Westers georiënteerd is.
- Die voordeel daarvan is dat stamagterdog afgebreek word waar daar skouers geskuur word deur kandidate uit verskillende stamagtergronde (Pobee 1989:18)
- TM bied die moontlikheid van voortgesette evangelisering van studente.

Kritzinger (1979:139) noem nog 'n klompie **voordele** soos dat —

- TM die vormende of kwekende invloed van medestudente bied
- TM intensiewe studietyd bied
- TM die studente blootstel aan 'n akademiese kultuur en biblioteekfasiliteite.

Dit bring ons by die **kritiek** wat die voorstanders van nie-tradisionele opleidingsmodelle teenoor TM uitspreek.

- Die eerste is dat TM tradisioneel uitgaan van die ideaal van kennis ter wille van kennis, maar in werklikheid neig dit om kerklike en teologiese tradisies en geykte waarhede oor te dra (Young 1996:79). Dit neig na elitisme, selfdiens en instandhouding van die interesse van die belangegroep waarvan dit deel is (Young 1996:76).
- 'n Verdere punt van kritiek is dat die dosent in die daaglikse situasie van-voor-die-klaswees, nie noodwendig die beste opleiding verteenwoordig nie. Dit gaan dus nie net oor die vraag oor sentrale of gedesentraliseerde lokalisering nie. Dit gaan in wese daaroor dat TM abstraksie en ekstraksie as wetenskaplike en onderrigbeginsels aanwend.[129]

---

126 "Christ the Rock Independent Churches Association."

127 "International Pentecostal Church."

128 "International Assemblies of God."

129 Abstraksie: Dit beteken dat teorie en praktyk van mekaar geskei word, soos by baie Westerse opleidings. Dit het die gevolg dat die opgeleide persoon nie met die man op die straat kan kommunikeer nie, omdat eersgenoemde neig na teoretisering en intellek-

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



- TM word ook verwyt dat dit duur fasiliteite en onderrigpersoneel veronderstel en selde in voeling is met die konteks waaruit die kandidate afkomstig is en waarheen hulle sou teruggaan.

Kritzinger (1979:94-95) lys die volgende nadele van TM en sê dat dit met verkeerde teologiese denke oor die onderhawige sake gepaard gaan.

- Die oorbeklemtoning van die hiërargiese ampsbediening wat elitistiese opleiding veronderstel. Dit veronderstel ook oop poste, wat dikwels nie realisties is nie, omdat die sisteem neig na minder maar beter gekwalifiseerde en hoër besoldigde werkkragte. Kinsler (1981:9) noem die teologiese oorsaak daarvan die dichotomistiese skeiding tussen die klerus en die leke wat nog nie regtig na wense deurbreek is nie. Die opbou van die liggaam is nie net die taak van die leraar nie maar elke lidmaat se gawe moet benut word (Kinsler 1981:9).
- Ook noem hy die aspek van teologiese kandidate of aspirantleiers wat sosiale vooruitgang in die oog het en nie noodwendig roepingsbewus is of oor die nodige geestelike gawes beskik nie.
- Die gemeente word op die ou end vanweë die leraar se sterk ampsposisie en die handhawing daarvan op selfversorging en gevolglik na binne gerig en min kom van die missionêre bediening na buite.

Uit die aard van hierdie studie word later uitgebreid na die voor- en nadele van TOE gekyk. Daarom word voorlopig die volgende opmerkings gemaak:

Teenoor die TM gaan die TOE-model van die veronderstelling uit dat daar vele dinge is wat die student nie in klaskamersituasie met 'n dosent leer nie, maar slegs in die harde praktyk met die nodige begeleiding van 'n mentor kan aanleer (Winter 1969:221). In die geval van TM word die afgestudeerde vanuit die kunsmatige opleidingsituasie in die bedieningsituasie ingebring en word van hom verwag om gesagvol op te tree. Die student wat in die TOE-program betrek word, is gewoonlik 'n natuurlike leier wat oor die nodige beproefde geestesgawes beskik om die werk te kan doen (Winter 1969:222). TM is eksklusief, beperkend en rigied. TOE is inklusief in sover dit vir baie meer kandidate voorsiening maak en meer aanpasbaar is (Winter 1969:222, Kritzinger 1979:94, Padilla 1986:110).

As nadele van TOE volgens Snook (1991:42-56) kortliks die volgende:

- Die grootste probleem is die finansies om die projekte in Afrika te ondersteun.
- Daar is ook 'n gevaar dat kontekstualisering te vroeg en te vinnig kan geskied en dat evangelisasie skade ly.
- Die leiers is soms nie toegewyd genoeg nie, vanweë die verdeelde aandag wat die tentmakersituasie meebring.
- Die probleem om kompetente fasiliteerders daar te stel.
- Dit gebeur soms dat die dosent nie die geleentheid kry om die kandidaat in 'n liturgiese situasie te vorm nie.

Zorn (1975:86) maak daarvan melding dat indien Westerse geld en personeel onttrek sou word, sou sowat 70 persent van die opleidingsinstansies wat die tradisionele model volg, ophou bestaan. 'n Mens wonder egter of dit die volle prentjie, is aangesien TOE ook soos baie van die nie-tradisionele modelle baie oorhoofse finansiële onkoste behels, omdat dit berus op 'n rondreisende doserende personeel wat fasilitering moet doen.

---

tualisering. Gewoonlik is dit denke wat die antwoorde wil gee aan die hand van 'n teoretiese model (Elmer 1984:259). Indien daar (nog) nie 'n geykte teoretiese model bestaan nie, is daar huiwering om te spreek of te beweeg.

Ekstraksie: Die opleiding geskied buite die student se natuurlike konteks en die student word vervreem van die behoeftes van sy eie mense (Kritzinger 1979:95).

Die moontlikheid om TM en TOE op 'n manier te kombineer, is dikwels reeds bedink en beproef. Soos genoem maak Zorn (1975:86) daarvan melding dat daar omtrent agt verskillende hipotetiese modelle op die lyn tussen die tradisionele en die nie-tradisionele gevorm kan word.

Hy spel ook die gevaar uit van opleidings wat vir beide tradisionele en nie-tradisionele modelle kies en dan brûe is wat inmekaar stort. Die gevaar van die nie-tradisionele model word deur hom so uitgespel: "Accepting the non-traditional model as a vehicle for training ministers of a secondary or lower grade, is to give it a kiss of death. The myth that it will eventually improve itself more apt than the traditional model is unsound ... as its practitioners have little intention to elevate it at a level" (Zorn 1975:83). Indien nie-tradisionele modelle 'n plafon stel aan standaarde en aspirasies, kan dit nie in al die behoeftes voorsien nie. Zorn maak egter die fout om TM en die nie-tradisionele modelle onversoenbaar teenoor mekaar te stel.

### 6.1.2 TOE en TM – komplementerend?

Ralph Winter (1969:231) maak melding van die standpunt van diegene wat TOE-model sien as net komplementêr tot die tradisionele residensie model en net goed vir die opleiding van leke. Ook Zorn postuleer dat die TOE model net goed is vir 'n middelmatige ("mediocre") lekeopleiding (Zorn 1975:83). Die gevaar is dan dat studente nooit aan hoër opleidingstandaarde blootgestel sal word nie.

Winter reageer dat die standaarde nie in die struktuur geleë is nie, maar in die stof. Mens kan dit nog verder vat na die sukses van die student in die praktyk (Winter 1969:237). Baie van die kritiek voor die deur van die TOE gelê, is inherent aan enige gevorderde opleiding. Dit lyk egter of die eksponente van die TM eensydig klem lê op die negatiewe aspekte van TOE en dit dan as verskoning hanteer vir die totale verwerping daarvan.

Kinsler (1978:86) ag dit egter belangrik dat ekstensie nie net 'n verlenging is van die residensiële instellings se programme nie.

Zorn se waarskuwing beteken waarskynlik dat TM en TOE nie op so 'n wyse saamgevoeg moet word dat dit inhou dat so 'n opleiding op twee stoele bly sit nie, omdat die resultaat van so 'n samevoeging sonder ware integrasie verkeerde of inherent botsende teologie tot gevolg sou hê. Om komplementêr tot mekaar te kan wees, beteken allereers dat TM 'n teologiese verskuiwing moet ondergaan. Dan sou sekere belangrike aspekte soos die akademie saam met uitkomsgerigte praktyk gebalanseerd geakkommodeer word. Daarom stel Kinsler (1978:86) dat TOE meer is as 'n verlengstuk van TM. (Dit is ook die gevaar by residensiële universiteite wat telematiese onderrigprogramme ontwikkel: dat dit bloot TM se nadele, soos genoem, met ekstensie verleng en nie regtig kom met nuwe oplossings nie).

Dit lyk egter of daar tog komplementerend van mekaar gebruik gemaak kan word, indien TM bereid is om nader na die TOE-paradigma te verskuif. Dit behels onder andere 'n oop, ekumeniese ingesteldheid. Een van die buitekampusse sou as 'n ontmoetingsentrum ingerig kon word waar dosente en studente of groepe medestudente kan reflekteer oor die praktyk en vorming in diens plaasvind.

Selfs Padilla 1988:44 suggereer dat TM en TOE met vrug komplementêr van mekaar gebruik kan gemaak kan word. Snook (1991:57) wil die voor- en nadele van TOE en TM dialekties-kreatief teenoor mekaar stel word en nie net vervangend, of bloot by wyse van 'n optelsom van die twee modelle nie.

### 6.1.3 TM en TOE – dialekties tot mekaar?

'n Verdere moontlikheid sal wees om TM en TOE in 'n dialektiese verhouding met mekaar te sien. Dit hou begrippe in soos dialoog en kreatiewe spanning.

'n Voorbeeld is die kwessie van standaarde. Hoë standaarde ter wille van hoër standaarde alleen is nie sinvol nie. Standaarde hang, soos enige opleiding, saam met die behoeftes en konteks waarop dit gerig word. "Hoë" standaarde wat nie toepaslikheid in die praktyk het, is in werklikheid nie so hoog nie. Eerder moet standaarde volgens die funksionele ekwivalent gestel word (Snook 1991:36). Dit doen egter nie afbreek aan die vereiste dat TOE volgens Pobee (1989:19) op hoë-standaard-vlakke gedoen moet word nie.

Dit waarna in enige opleidingsmodel gestrewe moet word, is die korrekte balans tussen akademiese uitnemendheid en behoeftegedrewe standaarde, tussen teoretiese en praktiese opleiding, tussen die ontwikkeling van wetenskapsdenke en reflektiewe vermoë wat gekontekstualiseer is, tussen die ontwikkeling van kritiese vermoë en geloofs- en morele vorming (Winter 1969:133).

'n Verdere saak het te doen met lewenslange opleiding en voortgesette teologiese opleiding. Opleiding is nie iets wat afgehandel word nie (Winter 1969:42). Daar is verskillende behoeftes, toepassings en gevolglik vlakke van opleiding (Winter 1969:441).

Volgens Sundkler (1960:213) moet opleiding bestaan uit 'n basiese kernagtige opleidingsprogram. Studente moet toegelaat word om self toepassings en uitbreidings te maak. Gevolglik word daar baie gewag gemaak van die ekstensiemetode van onderrig. Winter meen egter dat dit nie noodwendig in stryd met residensiële onderwys gesien moet word nie, maar as komplementêr (Winter 1969:231). Die Bybelskool en die seminarie kan mekaar dus aanvul. Uitkomsgerigte onderwys is 'n poging om tipiese TOE-metodes (byvoorbeeld die probleemoplossende strategie wat klem lê op die teoretiese kennis wat in die praktyk toepassing moet vind) diensbaar te maak vir die tradisionele residensiële opleidings.

Aan die ander kant kan TOE baat vind by die kwaliteitsversekeringsmeganismes wat die residensiële instellings het om te verseker dat sy standaarde op hoë vlak is. Die spanning is egter daarin geleë dat die kwaliteitversekeringsmeganismes nie klakkeloos net so toegepas kan word in 'n TOE-omgewing nie.

Dus is daar meer op die spel as die kombinasie van die beste eienskappe (komplementariteit). Daar is so iets as 'n dialektiek van te veel of te min, van 'n te hoë of lae vlak van kwaliteitsversekering. Waar kwaliteitsversekering byvoorbeeld hoofsaaklik as 'n papieroefening in die administrasie van residensiële opleidings bestaan, kan die TOE groot benadeel word deur 'n blote samevoeging.

TOE is aanvanklik aangewend vir lekeopleiding op voetspoor van die Pauliniese gedagte (2 Tim 2:2). Geleidelik is TOE vir meer gevorderde opleiding aangewend. Winter (1996:177-178) maak voorsiening dat TOE gebruik word vir opleiding van inheemse sendelinge wat op 'n ander vlak as lekepredikers moet funksioneer. Dus propageer hy ook in ekstensie-onderrig 'n nog meer eksotiese vlak van kruis-kontekstuele en interkontekstuele, amper ekumeniese, opleiding van sendelinge. Mens sou kon aanvaar dat hierdie nuwe onderskeidings ook nuwe horisonne vir die AOK-leiers open as dit kom by spesialisasie en differensiasie van opleiding (Sundkler 1961:213). Die gevaar dreig selfs hier dat TOE ook weer in elitisme en institusionalisme kan verval.

## 6.2 DIE SUIWER TOE-MODEL

### 6.2.1 Die doel van TOE

TOE begin met die identifikasie van diegene wat die gawe of potensiële vermoë het om ander te leer. Hulle word in TOE opgelei om toe te rus.

Hier word van 'n definitiewe voorveronderstelling uitgegaan dat dit ouer begaafde persone is wat die huidige natuurlike leiers in die gemeente is. Op dié manier word reg laat geskied aan

verinheemsing, sowel as respek vir eie besluitneming- en kognitiewe denkprosesse (Padilla 1985:40). Die doel word soos volg deur Kinsler geformuleer:

> The purpose of extension is to enable local Church leaders to obtain a solid theological training for their church leaders without interrupting their regular employment, family and congregational obligations and that the essential ingredients are systematic home study, ongoing practical work and regular groupseminars.
>
> (Kinsler 1978:151)

Deur fonemies (van binne uit) te werk te gaan, word die strukturele funksies wat reeds in die konteks bestaan, maksimaal benut. Die belangrikste oogmerk is om die dualisme te verbreek tussen lekeopleiding en professionele opleiding (Kinsler 1978:92). Dus sal TOE hom noodwendig besig hou met die deurbreking van die dualisme klerus (elite) – leke wat kenmerkend van Westers-georiënteerde opleidingsinstansies is. Volgens Kinsler (1978:46,56, 81): "We can explore with them the meaning of the biblical message in their ministry today. Contextualization, conscientization[130] and liberation are essentially one process, one experience, one movement." Volgens Kinsler behels die aanneem van die konsep van TOE noodwendig iets van omverwerping, of oorboordgooi, maar hy wil nie die negatiewe konnotasies van ondermyning daaraan koppel nie. Dit behels die fasilitering en bestuur van verandering wat nie altyd maklik is nie. (Sien ook "Facilitation and planning" by Eksemplariese Stof par.14.3.1.4.1, p 318)

Die kenmerk van die ekstensiemodel lê eerstens daarin dat dit die teologiese opleiding op 'n meervlakkige basis toeganklik maak (Kinsler 1978:67). Dit impliseer ook toeganklikheid vir leke (Winter 1996: 177).

Die tweede kenmerk en veronderstelling waarop ekstensieonderrig gebou is, is dat dit oop is vir nog beter metodes. Die sukses lê in sy aanpasbaarheid ("flexibility"). "New models and new structures will lead to greater diversity and greater service." Die gedagte is dan ook om die studente te stimuleer om altyd nuwere metodes van kennisoordrag te ontgin (Kinsler 1978:67).

Die oop sisteem waarvolgens TOE opereer, maak die kurrikulumontwerp meer oop as wat by TM die geval is.

Dit kom derdens daarop neer dat die ontwerp meer behoeftegeoriënteerd is en meer op die student, praktyk en kerklewe afgestem is (Kinsler 1978:71).

## 6.2.2 Bronne en onderrigelemente

Bronne wat benut word in TOE is die volgende (Padilla 1988:241):

**1) Hulpbronsentrum en buitegroepe**

TOE word tipies aan die hand van 'n hulpbronsentrum en buitegroepe georganiseer. Sentrums vergader minder as die buitegroepe, sowat een maal per maand. Dit kan egter ook meer gereeld vergader na gelang van behoeftes. In sekere gevalle blyk daar dan ook nie so 'n sterk grens te wees tussen groep en sentrum nie, veral in die begin waar die onderneming nog klein is nie.

**2) Seminare**

TOE maak heelwat van groepsdinamiese leerbeginsels gebruik. Dit behels volgens Kinsler (1978:35) 'n aspek van koinonia wat boonop die voordeel inhou van inspirasie en motivering. Ook is dit behoeftegedrewe in sover die seminare aktuele probleme moet konfronteer. Hier is ook geleenthede vir klarifikasie, visiemededeling en beplanning.

---

130 "Conscientisation:" Dit is die beginsel van bewusmaking van eie behoeftes, werklikhede en vermoëns, dikwels by wyse van dialoog, met die oog daarop dat die persoon die outeur word van sy eie bestemming. Hy leer deur ervaring en deur werklike lewensituasies op te los. Kontekstualisering hang daarmee saam (Kingsler 1978:48-49).

**3) Selfstudiemateriaal**

Werkboeke en riglyne, verwysings na selfstudiemateriaal moet die werkopdrag aan die student vergesel (Kinsler 1978:34). Dit is belangrik dat selfstudie behoeftegedrewe sal wees en dat die studente self die illustrasie- en toepassingstof sal verkry. (sien 14.2.1.4 –14.2.1.4.3).

**4) Die praktyk**

Kinsler (1978:35) maak baie daarvan dat onderrig van praktiese sessies vergesel sal word waartydens die student geëvalueer word. Dit verseker ook dat TOE uitkomsgerig is. Verder behels die strategie om 'n dosentekorps te betrek wat op 'n weeklikse basis, vyf dae (per maand) of een dag per week of maandkontaksessies (twee dae per maand) interaksie met die studente het (Kritzinger 1979:134). Die volgorde hiervan word uitgespel onder die refleksie uit die praktyk wat weerspieël word in Hoofstuk 12 en die Eksemplariese Stof 14.1.

### 6.2.3 Die verhouding student en dosent

Die dosent bou 'n verhouding op met die student. Die dosent raak meer as 'n stofopsteller en fasiliteerder. Hy is iemand wat hom in sy vakgebied moet onderlê, maar wat die integrasie van kennis en geloof in sy persoon aan die studente voorleef. Dit gaan nie so seer oor klasgee nie, maar die integrasie van kennis in dieptetoepassing daarvan (Elliston 1996:251) Die student en dosent raak meer gelyke vennote en 'n oop sisteem word gevestig (Padilla 1985:112).

### 6.2.4 Metodiek

Die onderrigmetode van dialoog is van kardinale belang by TOE, in elk geval vir sover dit niekategoriese geldigheid raak.[131] Die studente word toegelaat om die antwoorde vir hulleself te soek en te formuleer (Sundkler 1961:204).

Waar die waarheid egter prinsipieel of kategoriaal is, is dit nie onderhandelbaar nie, byvoorbeeld evangeliese soenverdienste, Christus se sondeloosheid, sondige natuur van die mens en so voorts (Hesselgrave & Van Rommen 1998:125)

Die TOE-filosofie is die van "open school, non-formal education and conscientization" (Kinsler 1974:38). Dit moet egter begryp word dat so 'n oop, dialogiese benadering nie die moontlikheid van manipulasie, indoktrinasie en die oordrag van pastorale stereotipes uitsluit nie (Padilla 1985:110).

Waar die Westerse modelle baie groot klem plaas op grade, geboue en skedules, plaas TOE eerder die klem op groei in diens (Kinsler 1978:92). Die klem val dus al meer op die probleemgesentreerde fasilitering van die studieleier se kant. Die vooraf-geykte antwoorde word dus vermy en die antwoord word in die lewensituasie verkry (Kinsler 1978:263). Dit is egter ook duidelik dat dit nie altyd so maklik is om stof gedurig aan te pas en uit die praktyk vir alle stof antwoorde te kry nie.

### 6.2.5 Standaarde

Die vernaamste kritiek teen TOE is die van onvoldoende of ongekontroleerde standaarde. Kinsler (1974:81-82) redeneer dat dit nie 'n billike kritiek is nie, aangesien die praktyk voldoende toets is vir die standaard wat gehandhaaf word. Daarenteen kan baie kritiek ingebring word teen eksaminering wat hoofsaaklik memorisering toets en selde by praktykgerigte (uitkomsgerigte) evaluering of assessering uitkom.

---

131 Kategoriese geldigheid handel oor sentrale, evangelies-wesenlike waarhede wat ononderhandelbaar is. Nie-kategoriese geldigheid handel oor periferiese sake wat vatbaar is vir eie of kontekstuele interpretasie of toepassing. Vergelyk ook voetnoot 253.

Die gevaar is natuurlik dat TOE neig om opleiding en opleidingstandaarde te pragmaties te bedink, asof dit wat in die praktyk "werk" noodwendig positief en in belang van die kerk is. Johnston (1978:203) waarsku teen die tipe opleiding wat soms in die geval van Bybelinstitute waargeneem word waar praktyk (en kultuur) so geakkommodeer word dat standaarde daaronder ly. Sertifikate word te maklik uitgedeel. Die piëtiste waarsku tereg teen die houding wat oorywerig is om kultuur te akkommodeer. Laasgenoemde trap ten minste nie in die slaggat van te lae standaarde en toelatingsvereistes nie, al is die gevaar weer by hulle dat hulle neig om oorversigtig vir kultuur te wees.

Om bogenoemde gevare vry te spring, is dit noodsaaklik dat evaluering van kandidate en die proses self na aanleiding van duidelik uiteengesette oogmerke gedoen word (Elliston 1996:253). Ook sou kruisbestuiwing met, eksterne evaluering deur en akkreditering by erkende opleidingsinstansies 'n belangrike element van TOE kon uitmaak.

Ralph Winter (1969:243) noem 'n aantal "Pauliniese" beginsels van teologiese opleiding waaraan voldoen moet word met die oog op die ontwikkeling van 'n Bybelse, teoretiese opleidingsmodel wat gebruik kan word vir die meting van veral TOE en selfs ander voorbeelde van opleiding. Dit kan soos volg opgesom word:

- Dié wat opgelei word, moet oor die geestelike gawes beskik van profesie of lering.
- Opleiding moet plaasvind in 'n situasie wat getrou is aan of ooreenstem met die aard en "lewenswyse" van die kerk vir wie die kandidate opgelei word (Abstraksie en ekstraksie moet dus vermy word). (Vir die uitbreiding op die sewe beginsels vergelyk 6.2.6.2).

Hiermee hang saam die ontwikkeling van ware leiers. Een van die probleme van teologiese opleiding is dat te veel kandidate opgelei word wat agterna blyk nie geskik is vir die bediening nie of wat nie ware leiers is nie (Winter 1969:134-136). Goedskiks sou mens hierdie waarheid ook op die doserende personeel van toepassing kon maak – daar is te veel dosente of instrukteurs wat te kort skiet aan die gawes van insig en lering, om van entoesiasme nie eers te praat nie. Dit gaan dus om meer as net hoë teoretiese akademiese kwalifikasies. Nietemin wil Padilla (1986:40) dat TOE-studente op 'n vergelykbare evalueringsvlak (of selfs hoër) met die van tradisionele instellings moet wees, omdat hulle naas teoretiese evaluering ook praktykgerigte evaluering het.

TOE maak 'n gekontekstualiseerde opleidingsmodel uit. Daarom bestaan daar nie 'n standaard-voorbeeld wat net so in enige konteks van toepassing gemaak kan word nie. Daarom is die ontwikkeling van konsepsuele raamwerke ook van uiterste belang. Alhoewel dit 'n oop sisteem is, moet daar nie in gebreke gebly word om 'n eenvormige opvoedkundige modus daar te stel nie (Alliston 1995:254, Griffiths 1990-91:48). Ook moet die bestuursmodus van TOE die wees van deelnemende, dialogiese bestuur. Miskien gaan dit eerder om ondervindinggedrewe fasilitering as bestuur. Die evaluering van leerders geskied allermins op 'n paternalistiese wyse (Hoke 1996:158-159).

Ekstensieopleiding kan nie in die eensydigheid van kennisoordrag en praktykopleiding alleen verval nie. Effektiwiteit in die bediening hang baie af van die ampsdraer se persoonlike verhouding met die Here. "Spiritual formation helps move one's ministry maturation beyond a focus on skills and knowledge bases to a being base. Until the Lord has shaped the vessel, it wil not serve its purpose" (Elliston 1996:251).

Een van die grootste gevare van TOE is dat dit geïsoleerd kan funksioneer en nie kontak het met ander opvoedkundige instansies of oorkoepelende liggame nie. Dit kan daartoe lei dat so 'n opleiding ongestruktureerd en sonder behoorlike standaarde of beheer funksioneer. Die ander gevaar is dat hy deur sy verbintenis met radikale ekumeniese groepe sy geloofwaardigheid kan verloor (Zorn 1975: 34). TOE wat reg funksioneer, is aan verskeie dialektiese spanninge onderworpe. Die uitdaging is om dit as kreatiewe spanning te benut.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



### 6.2.6 Teologiese beginsels met die oog op opleiding van profete en leraars

Die uitdaging is om 'n optimale opleidingsmodel met die oog op die behoeftes van die AOK daar te stel. Die volgende beginsels (wat Winter 1969:243 losweg "Paulinies" noem) kan in so 'n oefening geïdentifiseer word.

#### *6.2.6.1 Eienaarskap*

Dit gaan hier om eienaarskap van die kennis en vaardighede wat ontvang word en van die opleiding self. In laasgenoemde geval gaan dit ook om eienaarskap van die opleidingsvisie, impliseer dit dus selfteologisering. Dit impliseer ook dat verantwoordelikheid aanvaar word vir die opstel en aanbieding van die stof, bestuur, organisasie, instandhouding, finansiering en dalk ook uitbreiding van die opleiding (vergelyk ook Winter 1969:243).

In die Skrif sien ons hoe die opleidingsfunksie aanvanklik in die hande van die opsiener geplaas is wat die plaaslike gemeente gelei het (vergelyk Tim. 3:2). "Die *episcoop* moet ook *didaktikos* zijn" (Ridderbos 1978:512).

#### *6.2.6.2 Akkreditering*

'n *Akkreditering* van stof deur 'n erkende teologiese opleidingsinstansie en assosiasie met verskillende teologiese opleidingsinstansies moet gesoek word. Paulus het nie in 'n vakuum gewerk nie, maar hy het ten opsigte van dit wat geleer moet word, die algemene *instemming van die universele kerk* verkry (Hand 15). Deur akkreditasie en skakeling kry die opleidingsinstelling geldigheid en geloofwaardigheid (Zorn 1975:36). Anders verval dit maar weer in isolasie en diskrediet.

Teologiese opleiding en vorming kan nie anders as om een of ander dogma en selfs sosiale doktrine (of ideologie) oor te dra nie (Paulo Freire, aangehaal in Kinsler 1981:140). Daar moet egter bewustelik probeer word om indoktrinasie te vermy. TOE moet ook nie probeer 'n bloudruk te verskaf waarvolgens kerklike praktyk georganiseer word nie (Pretorius 1987:192).

#### *6.2.6.3 Benutting van ander dissiplines en metodiek van Opvoedkunde*

Daar is 'n interessante ooreenkoms tussen die Pauliniese *ekklesia* en sekere gemeenskapstrukture in die Hellenistiese samelewing. Een daarvan is wysgerige skole en oratoriese skole. Bosch (1993:165) betoog dat dit 'n vroeë voorbeeld van kontekstualisering verteenwoordig.

Die Apologetiese beweging kan beskou word as 'n vroeë poging om Christelike teologie in die konteks van Griekse filosofie en geleerdheid te laat ontwikkel. Origenes se Kategeteskool het opleiding in dieselfde milieu gebied.

Die stelling kan gemaak word dat teologiese opleiding en vorming nooit in isolasie van die algemene opvoedkunde en geleerdheid van sy tyd kan leef nie. Aan die ander kant moet daarteen gewaak word dat die *sui generis*-karakter van teologiese opleiding en vorming nie aangetas word nie.

#### *6.2.6.4 Geestelike vorming in die gemeenskap*

Die Nuwe Testament getuig by herhaling van 'n *indiensopleiding*. Al maak Paulus gebruik van Griekse pedagogiese begrippe en metodes, wend hy dit op 'n eie wyse aan. Hy verdiskonteer ook die Griekse dualistiese denke eskatologies. Goppelt (1982(2):299), asook Haenchen (1971: 528-529), maak melding van die Pauliniese aanwending van metodes van Griekse ontologiese denke in die pedagogiek en die eskatologiese verdiskontering daarvan in die heilshistoriese lyn van die opstandingsgebeure en die skeppingsgebeure. Die materie en die bowêreldse word dus verbind in die opstanding. Die dualisme tussen teorie en praktyk word deurbreek met Christus

se vleeswording en opstanding. Heilige en profane word dus nie meer so geskei nie soos in die Griekse en die Platoniese denke nie (Ridderbos 1969:73). Paulus verbind teorie met die praktyk as hy stel: "Aangesien julle dan Christus as Here aangeneem het, *wandel* in Hom" (Kol 2:6, OBV). Die Christelike teorie en Christelike praktyk hang direk met mekaar saam (Hesselgrave 1960:154).

#### 6.2.6.5 Die onderskeid tussen wesenlike en minder wesenlike elemente

Paulus se afstap van sekere wetsvereistes (byvoorbeeld besnydenis) vir Christenskap het vir baie van sy Christelike tydgenote probleme geskep, omdat hulle dit as wesenlik tot die evangelie en kerk beskou het. Elke vertolking van evangelie en kerk bring 'n eie verstaan mee van wat wesenlik en minder wesenlik is.

'n Dialogiese werkswyse skep die moontlikheid om veelvuldige verstaanswyses met mekaar te laat reageer en so 'n konteks te skep waarin uitgemaak word wat die fokus van die opleiding behoort te wees.

Opleiding as die direkte oordrag van (Westerse) teologie en bedieningspatrone is 'n onmoontlike ideaal. Die vraag is verder of die wetenskaplik-kritiese aspekte van Westerse teologie toepaslik is in 'n nie-Westerse konteks (Winter 1969:426). Hieroor word later meer uitgebreid gehandel.

#### 6.2.6.6 Eksaminering

Eksaminering was meer op die karakter gerig as die intellek en daarom het ouer manne die keuring eerder geslaag as jonger manne. Jong manne soos Timoteus is as assistent onder Paulus se vlerk geneem en lank onderrig (Nolan 1962:104).

Die ironie is dat karakter die een saak is wat dikwels nie genoegsaam in Westerse teologiese opleiding geëksamineer word nie, omdat daar te veel klem gelê word op die kognitiewe element.

#### 6.2.6.7 Kontinuïteit

Die algemene situasie in die vroeë kerk was 'n kontinuïteit tussen kategese en opleiding. Terwyl sekeres bekeer is, is ander opgelei. Terwyl ander verdere opleiding ondergaan het, is die wat nog nie die fundamentele geleer is nie, bygevoeg. Daar is ook sprake van 'n *Pauliniese siklus* (Hesselgrave 1960:62).

#### 6.2.6.8 Finansies en vergoeding

Laastens lyk dit ten opsigte van finansies asof Paulus nooit vergoeding gevra het of van sy bekeerlinge ontvang het nie. Hy het met 'n tentmakersbedryf sy inkomste verdien. Hy stel dit egter dat die arbeider sy loon werd is (Nolan 1953:49-51). Daarom is hy nie daarop teë om diverse gunste en gawes te ontvang nie (Nolan 1962:49-51, Hesselgrave 1980:133).

Finansiële onafhanklikheid word deur die gemeentes gehandhaaf. Tog word onderlinge hulp verleen. Hesselgrave (1980:133) sluit hierby aan as hy sê dat die gemeentes nie hieroor in 'n verpligte sisteem ingebind is nie.

'n Mens wil hieruit die afleiding maak dat gesalarieerde vergoeding nie onbybels is nie. In die AOK is tentmakerbediening egter die tradisionele patroon. Ook blyk natuurlike leiers die Bybelse patroon te wees wat baie ooreenstem met die tradisionele patroon by AOK (Nolan 1962:49).

#### *6.2.6.9 Opleiding moet gedifferensieer word om by gawes te pas*

Die verskil in gawes en bedieninge vereis 'n eiesoortige opleiding vir apostels, leraars en profete onderskeidelik (Ridderbos 1978:503-509). Sekeres spits hulle toe op Woordverkondiging en ander behartig weer die versorging van die armes. Volgens Hesselgrave (1980:150) moes Markus, Timotheus en Titus as sendelinge hulle plek verlaat en 'n ander opleiding kry as die ouderlinge wat daar gebly het. Titus word verdere opleiding gegee in kerkadministrasie. Daar is ook sprake van gespesialiseerde opleiding (2 Kor. 8:1-10).

#### *6.2.6.10 Samevatting*

Ons het net na die teologiese begronding van TOE se beginsels gekyk. Daar sou nog baie gemaak kon word van —

1) Nie-teologiese opmerkings, byvoorbeeld sosiologiese kritiek teen die tradisionele modelle (deels aangeraak), soos dat die jong onervare studente van buite vreemd is aan die inheemse strukture (ekstraksie).
2) Opvoedkundige oorwegings, soos dat studente leer vinniger as dit wat hulle leer dadelik in die praktyk versterk word (Kritzinger 1978:130, Kinsler 1978:177). 'n Student leer meer as hy gemotiveer is en sy retensievermoë is dan hoër (Kinsler 1978: 78)
3) Studente leer meer as hulle aan werklike lewensituasies blootgestel word (Kinsler 1978: 179). Ook al kan 'n student nie skryf of lees nie, kan hy nog oor geweldige retensievermoë en gawes beskik en hoef hy daarom nie noodwendig buite rekening gelaat te word vir opleiding nie (Kritzinger 1978:94-95).

Die tentmakersopset wat in die KMWB dikwels problematies is, is nie in die AOK 'n probleem nie en word trouens spontaan gevolg. Daarom word die konsep van tentmakerbediening nie hier bespreek nie.

## 6.3 DIE PLAASLIKE EKUMENIESE OPLEIDINGSMODEL (PEOM)

### 6.3.1 Ekumeniese vertrekpunt

Indien gemeentes in die KMWB 'n SWOT-analise[132] doen van die bediening en tot 'n strategiese plan kan kom, sal hulle waarskynlik vind dat hulle op ekumeniese vlak met gemeentes van ander kerke kan saamwerk om by opleiding onder die AOK betrokke te raak (Crafford & Gous 1993:459).

Ons vind verskillende variasies van die plaaslike ekumeniese opleidingsmodel (PEOM).[133]

- Die een soort behels dat gemeentes van bestaande opleidings soos Timoteus Instituut of Nehemia Instituut se dienste en materiaal gebruik maak om teologiese skoling aan lidmate en leiers van die AOK én die KMWB te bied.
- Die tipe interkonfessionele, ekumeniese gemeente-opleidingsmodel kom daarop neer dat verskeie plaaslike kerke saam so 'n opleiding onderneem (Crafford & Gous 1993:425).

---

132 'n "SWOT"-analise wil die sterk punte ("strong points"), swak punte ("weak points"), geleenthede ("opportunities") en bedreigings ("threats") blootlê (Simpson sj:157). 'n Derglike analise wat in die NG Gemeente Magalieskruin gedoen is, met die Sendingreglement as uitgangspunt (ook Kritzinger 1988:37-38 se werksdefinisie van sending), het 'n "wasgoedlys" van kerklike aktiwiteite tot gevolg gehad. Dit het gefokus op die gemeente se Getuienisaksie en Uitreik. Ekumeniese betrekkinge in die verskaffing van opleiding aan die AOK is as een van die afwesige elemente blootgelê. Die normale SWOT-analise is hier so aangepas om die prioriteite ten opsigte van 'n uitreikaksie te bepaal en die basis vir verdere beplanning te lê.

133 Die ekumeniese gemeente-opleidingsmodel is deur skrywer in die NG Gemeente Kroonstad in werking gestel. (Jan 1995-Nov 1995).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Instansies wat die laaste tyd van PEOM gebruik maak, is die Projek vir Basiese Teologiese Opleiding (PBTO)[134] en die Projek Amos (Viljoen 1994:7-12, SEVTO [1995]:2-5, STG 2000). Hulle wil hulle visie aan gemeentes "verkoop" om by wyse van ekumeniese skakeling met ander kerke of opleidingsinstansies by die interkerklike toerusting en opleiding van lidmate en leiers betrokke te raak. Indien gemeentes van die NG Kerk eerlik is met hulleself, sal hulle moet erken dat min van hulle aan die oproep van punt 2.3. van Artikel 71.8 van die Kerkorde gehoor gegee het. Die betrokke artikel erken die selfstandige bestaan van die AOK en doen 'n beroep op gemeentes om hulp op ekumeniese grondslag te verleen om sinkretisme, waar dit bestaan, te bestry en die proses van kerkopbou te bevorder. Dit kan onder andere in die vorm van teologiese toerusting aan ampsdraers geskied (Crafford & Gous 1993:416). Dus sou 'n gemeente wat sy opdrag ernstig opneem om die eenheid van die Christelike liggaam na te streef, ten minste betrokke raak by die uitreik in opleiding na die AOK in sy omgewing.

### 6.3.2 Visie

PEOM se oogmerk is nie om die wiel van vooraf uit te vind nie, maar saam met erkende opleidingsinstansies te werk wat self ook van 'n TOE-program gebruik maak. Die instansies se materiaal word dan met toestemming aangewend (SEVTO [1995]:1). Die oorhoofse doelwit is om lekepredikers, profete en leiers van AOK op plase en stede deur kwaliteitopleiding geloofwaardige Skrifuitleggers te maak. Nie net moet die Bybel beskikbaar gestel word nie, maar ook die skoling oor hoe die Bybel gehanteer moet word. Dus moet daar aan die opklaring van 'n hermeneutiese ontoereikendheid wat by vele AOK teenwoordig is, prioriteit verleen word.

### 6.3.3 Strategie

Dit bestaan grootliks daaruit dat van die Pauliniese beginsel soos in 2 Tim 2:2 gestel, gebruik gemaak word om 'n projek van stapel te stuur ("Vertrou dit toe aan betroubare manne wat bekwaam sal wees om ander te leer ...") en dat die gawes van lidmate en leiers gebruik word tot opbou en uitbou van die gemeente (Ef. 4:12) (Smith 1959:41, vergelyk ook Winter 1969:448).

Ook gemeentelede van die NG Kerk word betrek om as dissipels daadwerklik by die nood van die AOK betrokke te raak. Die belangrike is hier dat die tjekboekverhouding van die verlede en die paternalisme wat daarmee saamgegaan het, deurbreek sal word. Die gemeente keer só sy egoïstiese neiging na binne te groei om (Quieroz 1989:32).

Dit sal egter meer moet wees as 'n bloot kerugmatiese benadering, byvoorbeeld om net 'n Bybelskool te begin. 'n Holistiese benadering sal gevolg moet word. Projek Amos poog om ekumenies en holisties te werk te gaan. Nie alleen word die leiers opgelei nie, maar die vrouens en kinders, asook die plaaseienaars, ontvang onderrig in die hantering van sosiaalmaatskaplike probleme, plaasbeveiliging en arbeidsbestuur (Projek Amos, 1994:1-4).

### 6.3.4 Bronne

Verskeie projekte van die missionêre diakonaat ondersteun die opleidingsprojek. Te lank is die fisiese behoeftes en psigiese nood in opleiding geïgnoreer. Dit geld die student sowel as sy konteks (kontekstualisering). Daar sal meer indringend gekyk moet word na die konteks waarin die student funksioneer. Daar sal ook seker gemaak moet word of daar genoegsame werksgeleenthede vir studente bestaan en al die noodsaaklike behoeftes ("essentials") in die konteks ondervang word (Winter 1969:401). Dit behels dat die sosio-ekonomiese nood van honger, gebrek aan huisvesting en werkloosheid in aanmerking geneem moet word. Aspekte van die missionêre diakonaat kom in werking, soos om saam met die lidmate van die AOK 'n huis-

---

[134] PBTO skakel by die Fakulteit Teologie, Universiteit van Pretoria, se Sentrum vir Teologie en Gemeenskap (STG) in.

selgemeente van die KMWB te betrek by die skep van 'n sopkombuis vir die verlening van voedselhulp om straat- of sorgbehoewende kinders by te staan.

Daar word integrerend van verskeie institute gebruik gemaak om op verskeie vlakke en in allerlei opleidingsbehoeftes voorsien. Hier dink 'n mens byvoorbeeld aan die opleiding van 'n kleuterskool-onderwyseres en die verleen van kliniekdienste of die reël daarvan.

### 6.3.5 Evaluering

Kritiek wat mens teen instansies soos PBTO en ISWEN kan uitspreek, is dat hulle uitgaan van 'n teologiese opleidingsmodel wat nog te veel op Westerse lees geskoei is. Ook is die prosedures en prosesse vir die tot stand bring van sentra nie genoegsaam uitgespel in die reglement nie (SEVTO 1995, STG 2000). Die projek sal verryk kan word deur die uitspel van diakroniese fases van die ontwikkeling en die tot stand bring van plaaslike teologiese sentrums.[135]

Verder word TOE-metodes en -strategieë nog nie genoegsaam benut nie. Die gevaar van die hoofsaaklik korrespondensiemodel van Nehemia is dat inskrywingsgetalle hoog is, maar dat studente die kursusse nie voltooi nie (gesprek met Nehemia-studente). (Vergelyk ook Kinsler 1978:36).

Kritiek wat teen Amosprojek ingebring kan word, is dat hulle nog nie werklik by die profete uitgekom het in hulle stofaanbieding nie. Hulle het egter al hoe meer van inheemse AOK-leiers as aanbieders begin gebruik maak wat 'n stap in die regte rigting is.

Laastens is daar by baie opleidingsinstansies 'n geneigdheid om nie behoorlik (deur diagnostiese assessering) van die kandidate se vlakke van skolastiese opleiding of kompetensie kennis te neem nie. Die feit dat nie alle profete/leraars Engels kan besig nie, beteken byvoorbeeld dat van Nehemia se studente eerder by Timotheus tuishoort, omdat laasgenoemde se kursusmateriaal vertaal is. (Nehemia kursusse is grootliks onvertaal).

Instansies soos Timotheus en Nehemia het ook nog regtig met interne assessering en eksterne moderering begin nie. Dit kan op die langer termyn hulle programme in gedrang bring. Die STG kan egter by Nehemia 'n positiewe assesseringsrol speel. Die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys kan weer in die geval van Timotheus (saam met Christian Life Training) 'n derglike rol speel. (Sien ook par 6.10.6, p 131)

### 6.3.6 'n Konsepmeestersplan

**In die geval van die KMWB**

Hier sou goedskiks, met verstellings, van gemeenteboukursusse gebruik gemaak kon word wat in baie kerke funksioneer. Die verstellings sou soos volg daar kon uitsien:

Stap een sal wees om die gemeente die visie van betrokke te wees by die missionêre diakonaat te laat aanvaar.

Stap twee sal wees om die visie konkreet te maak, byvoorbeeld deur koinoniagroepe of huisselgemeentes van KMWB op lei en by 'n praktiese projek te betrek, soos om by 'n crèche van 'n AOK betrokke te raak deur die verskaffing van 'n sopkombuis. Dit behels onder meer indienstoerusting, soos om lidmate na die betrokke plek te neem, hulle van die nood in te lig en in te skakel by die aktiwiteite. Die klem val op ongeorganiseerde dissipelskap en die georganiseerde, praktiese dienswerk.

Stap drie: Indien een groep geslaag het in 'n uitreikaksie, word daaroor getuig en terugvoer gegee by die erediens en ander groepe word gemotiveer om ook so betrokke te raak (Grobler

135 Sien diakroniese beplanning: plaaslike leierskool of teologiese sentrum (PLS of PTS) in Hf 1, p 25.

1985:62-64 — skrywer het hierdie plan ook suksesvol in die NG Kerk Magalieskruin geïmplementeer).

**In die geval van die AOK**

### *6.3.6.1 Nukleus- of kleinprojekfase*

Dit is die loodsfase.[136] Die doelwit is om 'n kerngroep of nukleus byeen te bring en op te bou. 'n Saterdagoggendskool kan goedskiks begin word waar die preekstof van die daaropvolgende Sondag met leraars behandel word. (DI het vir etlike jare so 'n groep suksesvol bedryf).

### *6.3.6.2 Studiegroepfase*

Formele opleiding begin. Groepsdinamiese beginsels word al hoe meer toegepas. Elke groep vorm sy eie gedragskode (byvoorbeeld tye van vergadering, verkiesing van studie-leier ens (Kinsler 1953:45)). Die materiaal is basiese stof soos sekere modules van Nehemia se opleidingskursusse, geletterdheidskursusse en gemeenteboukursusse, asook eksemplariese en demonstrasiemateriaal vir byvoorbeeld profeteskoling (Kinsler 1978:242). Groepe funksioneer nou meer onafhanklik en is meer toegewyd.

Die studente bestaan uit sowat twintig studente (4 groepe) wat dan een maal per maand vir 'n week lank onderrig ontvang (byvoorbeeld vyf aande per week by TOI of een aand per week soos by DI). Die fasilitering van dosente is op dié stadium prioriteit. (Sien ook Eksemplariese Stof, p 317, par 14.3.1.2, tot p 318, par 14.3.1.4.1).

### *6.3.6.3 Teologiese-sentrum-fase*

Die moontlikheid van 'n plaaslike teologiese sentrum (PTS) ontstaan wanneer die studiegroep sterk begin groei of etlike studiegroepe ontstaan, of reeds naas mekaar in dieselfde gebied bestaan.[137] Die volgende stappe is van toepassing (vergelyk ook Kinsler 1978:242):[138]

1) Selfstudiemateriaal is klaar gekies of aan die hand van behoeftebepalings verfyn. Daar is 'n neiging om inhoude, aanbieding en organisasie meer doelgerig te maak.
2) 'n Paar groepe vorm 'n leierskool of 'n plaaslike teologiese sentrum.
3) 'n Loodskomitee kom tot stand.
4) Leiers, studente en leraars word genooi. Hulle kom op 'n gegewe datum bymekaar om die groep(e) (nuklei) wat in fase twee gevorm het, te observeer en teologiese te bedink.
5) 'n Lys van behoeftes wat afgestem is op die sentrum se funksionering word aan die hand van 'n SWOT-analise saamgestel.[139] Om die behoeftes te bepaal speel teologiese refleksie

---

[136] Ook didaktiese fase genoem. In die geval van kerkplanting word dit voorafgegaan deur die bekendstellings- of inligtingsfase. Die inligtings- en didaktiese fases volg ook op mekaar wanneer die PEOM sy konteks verken en verreken. Ons het hier egter meer met studente of leerlinge op 'n opbouvlak te doen. Nietemin bly die dimensies diakonia, leitourgia, marturia en koinonia belangrik.

Vergelyk ook p 25, par 1.3.1.4.7.1.

[137] Norman (1978:81) noem dit die ekstensiefase.

[138] Vergelyk ook p 25, par 1.3.1.4.7, asook Bylae.

[139] Sodanige beplanning behels byvoorbeeld:

1. Formulering van visie, missie, doelstellings en doelwitte. Praat oor die belangrikheid van die sentrum. Gee leiding oor hoe die sentrum die moontlikhede het van konfirmasie, korreksie en groei sowel as die beoefening van liturgiese en koinoniale elemente van gebed ("devotions") in die program of kontaksessie (Kinsler 1978:248-249).
2. Analise van situasie en beperkinge.
3. Inventarisering van die behoeftes van die teologiese sentrum, byvoorbeeld fondse, apparaat, konferensiegeriewe, biblioteek ens.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



uit die praktyk 'n belangrike rol (Winter 1978:242). a) So byvoorbeeld kan logistiek voorsien word deur 'n naburige gemeente of 'n raad van lokale gelowiges. b) Die borge en gebedsondersteuning van 'n plaaslike gemeente is van belang. c) Die opstel van 'n reglement is van belang.

6) Na aanleiding hiervan moet 'n program die lig sien oor hoe die sentrum sal funksioneer na die nodige insette en evaluasie (asook teologiese refleksie) (Winter 1978:242). Vergadertye vir studente in groepe weekliks en in sentrumverband maandeliks word vasgestel. (Studie en klasroosters word hiervolgens uitgewerk). Dit stel naburige gemeentes of 'n plaaslike raad van gelowiges en borge in staat om planmatig en logisties aan behoeftes te voldoen.

7) Die strategie word uitgebrei. In die reël sou verskeie teologiese opleidingsinstansies se stof betrek kon word wat verskeie vlakke van opleiding fasiliteer en word nie vir een of ander sentrum of vlak van opleiding in navorsing per se gekies nie. Die Teologiese Sentrum kan voorsiening maak vir basiese pastoraal-profetiese opleiding (BTO) sowel as VTO.[140] Ten opsigte van die leraars kan homiletiek en gemeentebou hanteer word (Winter 1978:450). So word die eie stempel van die projek afgedruk (Kinsler 1953:54).

8) Maandeliks kom al die groepe van die sentrum byeen in 'n seminaar of werkswinkel.

9) Die tot stand bring van 'n biblioteek deur gemeentes wat saamwerk, is relevant.

10) Verder kan dit nuttig wees om ander teologiese instansies wat verskeie vlakke van opleiding en selfs ander dissiplines verteenwoordig of aanbied, te betrek (Winter 1978:450).

Ander aspekte wat aandag verdien, is die volgende:

1) Die werwing, opleiding en vergoeding van doserende personeel.

2) Die klem val op die fasilitering van die studente se inisiatiewe, verbalisering van eie opleidingsbehoeftes en insette by kurrikulering. (Sien vraelys, Bylae). Dit gaan ook om die ontwikkeling van natuurlike leierskap (Kinsler 1953:54).

3) Inligting word ingewin in verband met ander instansies of institute wat verskeie vlakke en soorte van opleiding bied. Gewoonlik word hulle ook betrek deur samewerking en onderlinge akkreditering of deurdat van hulle personeel betrek kan word.

4) 'n Eie stempel kan afgedruk word. Meewerkende gemeentes kan deur hulle eie leraar of werkgroep se betrokkenheid 'n eie stempel op die opleiding afdruk

5) Die strategie is duidelik: Dit wil nie voorskryf nie, maar met die inset van die instansies en kerke 'n diens lewer.

6) Die belangrikste beginsel van TOE behoort toepassing te vind, naamlik die amper onmiddellike integrasie van teorie en praktyk. (Vergelyk die beginsels van TOE soos op p 106, par 6.2, aan die begin van die hoofstuk hierbo uitgespel).

7) Indien die teologiese sentrum behoorlik uitgebou word, kan dit verskeie ander sentra afspeen. Leiers begin reeds ten tye van hulle opleiding met eie groepe of skooltjies wat later in volwaardige sentra kan ontwikkel. Hulle word opgelei om hulle eie sentrums met groepe op die been te bring wat weer hulle eie stadiums van ontwikkeling sal hê. (In die skrywer se geval is net die beginfase van projekte deurgevoer).

---

4. Doelwitbeplanning om tekorte op te vang. (Sien ook Kinsler 1978:233-239). Vraelyste soos die van Kinsler kan met vrug aangewend word om die behoeftes te bepaal in die persoonlike lewens van die studente.

5. Beplanning van strategie en werkswyse.

[140] VTO sal onder andere bestaan uit die opleiding van leiers en dosente in die metodiek van opleiding, opleidingsmodelle, kontekstualisering. Verder kan gekyk word na die opleiding van leraars ten opsigte van homiletiek en gemeentebou. Laastens kan tematiese kortkursusse of lesings ook aangebied word (byvoorbeeld oor hantering van Vigs, alkoholmisbruik ens).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



#### *6.3.6.4 Evalueringsfase*

So 'n projek behoort ook aan 'n evalueringstydperk onderwerp te word. 'n Minimum periode is drie jaar. Evaluering behoort nie vóór die einde van die evalueringstydperk afgehandel te word nie. Evaluering geskied in terme van sekere leerdoelwitte of sekere vooraf-bepaalde uitkomste (Dayton & Frayzer 1980:324).

### 6.3.7 Sinkroniese beplanning en verloop

'n Aspek wat gelyk hiermee loop, is die werwing, opleiding en vergoeding van doserende personeel. Die samewerking met en onderlinge akkreditering van ander opleidingsinstansies is hier ook belangrik.

Dus fokus die gemeentemodel (PEOM) op die volgende leergeleenthede en -dimensies: 1) werksessies, werkswinkels of seminare, 2) selfstudie en 3) praktyk (Padilla 1988:241). Wat egter hier bykom, is *koinonia* wat as motivering en sement dien. (Vergelyk ook Eksemplariese Stof 14.3 oor die fundering van die sentrumgroepe).

Die PBTO voorsien hier 'n rol vir 'n fasiliteerder wat plaaslike komitees saamstel en met die onderskeie kerke onderhandel. 'n Verdere plig van so 'n fasiliteerder is dan ook om die dosente op te lei vir hulle rol (SEVTO 1995:4). Dit plaas dalk te veel klem op die rol van die opgeleide persoon met nie genoeg voorsiening vir die rol en inisiatiewe van die groepe en lede nie.

## 6.4 DIDACHE INSTITUUT (DI)

### 6.4.1 Inleiding

In 1988 is prof JP Oberholzer deur 'n aantal AOK-leiers genader om betrokke te raak by opleiding. Dit het eers in 1989 met die Sentrum vir Teologiese Opleiding (STO) begin. Die Didaché Instituut het ontstaan as 'n projek van die STO.

In Julie 1990 het opleiding begin naby Hammanskraal op 'n plaas wat vir die doel bekom is. Die perseel het bestaan uit twee lesinglokale. Daar is voorsiening gemaak vir 35 residensiële studente.

Die opleidingsperspektief het méér as teologiese opleiding behels. Die bedoeling was om ook allerhande ander soort vaardighede te onderrig, soos naaldwerk-, tegniese -, landbou-, bestuurs- en leiersvaardighede. Daar is ook 'n skool voorsien wat primêre, sekondêre en volwasse onderrig sou bied. Laasgenoemde ideaal is verwesenlik met die ontwikkeling van Prestige College (primêre en sekondêre skool) wat mettertyd tot 'n hoogs suksesvolle projek ontwikkel het.

### 6.4.2 Die doelstellings

Die doelstellings van DI is om aan kandidate wat oor min of geen teologiese opleiding beskik, 'n kwaliteitsopleiding te bied in samewerking met 'n verskeidenheid van erkende akademici.

### 6.4.3 Kursusinhoud

Die kursusse is deur bekwame akademici eerstens in Engels opgestel. Die kursus is in vier vakke verdeel wat weer in vier fases (modules) onderverdeel is: Die Bybel en sy boodskap, die doktrine (leer en lewe) van die kerk, prediking, kategese en pastoraat, asook kerkadministrasie. Laastens het hulle ook 'n huweliksbevestigerskursus aangebied.

## 6.4.4 Metode van onderrig

Die aanbieding was hoofsaaklik in Engels, aangevul met swart tale en daar is hoofsaaklik van universiteitsdosente gebruik gemaak. Die toedrag van sake verander egter vanaf 1994 toe die residensiële model vervang is met 'n model wat meer na TOE geneig het.

DI se benadering is om nie die kultuur of gewoontes van die AOK te verander nie, maar om die boodskap van die Bybel vir die studente deur te gee en hulle te leer om self by die boodskap van die Bybel uit te kom. As daar dan verskille is, word die studente in 'n klassituasie geleentheid gegee om die saak tot almal se bevrediging te bespreek. (Vergelyk video-opname van gesprek met dr RM Naudé na die diplomaplegtigheid by UP in Nov. 1993).

### *6.4.4.1 Evaluering*

Daar is verseker winspunte in die benadering van DI vir sover hulle nie noodwendig klinkklare antwoorde aan die AOK wil verskaf nie, maar 'n indirekte benadering volg en die Woord toelaat om reformerend op te tree, sonder dwang of indoktrinasie (dus sonder om te kies vir een of ander leerstellige posisie).

Die feit dat DI voortdurend vrae moes beantwoord oor die geringe mate waarin inheemse tale gebruik is en die dominante posisie van Engels as onderrigmedium, is 'n aanduiding dat dit 'n kritiese saak was.

Daar was van die staanspoor ook twyfel oor DI se aanvanklike funksionering volgens die residensiële model. Volgens prof Oberholzer is daar egter goeie navorsing gedoen en was die gevoel dat die residensiële model tog in 'n Afrika-konteks haalbaar is. Veral was dit sy observasie by die opleidingsinstituut van die EJCSK (*Eglise de Jesus Christ sur la terre par le Prophete Simon Kimbangu)* te Kinshasa (DRK).

Waarskynlik is daar tog meriete daarin om 'n opleidingsinstansie te hê wat 'n hoër vlak van opleiding kan voorsien mits dit by die behoeftes en vorige ervaring van die student aansluiting vind.

DI se benadering sou by die AOK se behoefte na verdere teologiese opleiding kon aansluit en 'n brug na universitêre opleiding kon vorm met die nodige kurrikulêre aanpassings en verstellings. Dit sou ook goed gewees het indien DI sy aanpasbare benadering (ook meervlakkige en multi-dissiplinêre benadering genoem) verder kan uitwerk in die vertaling en kontekstualisering van die stof. Dit behels onder meer die insette van AOK-leiers en die fasilitering van selfteologisering (Vgl DI-Prospectus sj:11). Dit is onder andere die kritiek wat Van der Spuy (1995:283) teen DI uitgespreek toe dit nog 'n residensiële opset gehad het: Die feit dat die studente vir drie jaar aan hulle gemeenskappe onttrek word en dan ook suiwer op Westerse lees met Engels alleen as voertaal op te lei, hou die gevaar in dat sulke studente so vervreem raak dat hulle agterna nie weer in hulle gemeenskappe en kerke kan inpas nie (Van der Spuy 1995:283).

## 6.4.5 Samewerking

DI het op 'n stadium erkenning geniet van CRICA (Christ the Rock Indigenous Churches Association; 450 geaffilieerde kerke) en AZMA (African Zionist Ministers Association; 104 geaffilieerde kerke) (DI Prospectus sj:28). Verder het DI met talle ander kleiner organisasies en kerke bande gehad en was dit DI se doel om hierdie kerke ook van kerklike advies te bedien en sy geboue vir konferensiedoeleindes tot hulle beskikking te stel. Dit wil egter voorkom of hierdie situasie intussen grootliks verander het, aangesien Frank Ntsuntsha wat DI se vernaamste skakelpersoon met hierdie groepe en kerke was, nie meer in diens by DI is nie, maar deur Mukhanyo Bybelskool ingespan word.

Die duur residensiële model van onderrig wat DI in sy eerste fase gevolg het, het veroorsaak dat hy nie daarin kon slaag om selfvoorsienend te word nie. DI is steeds baie afhanklik van buitelandse fondse en donasies waaruit studente van beurse voorsien word.

DI het altyd die gevaar geloop om kweekhuisplante te lewer wat kwyn as hulle in die buitelug uitgeplant word. In hierdie opsig was daar egter ook mooi pogings om met die bou- en skrynwerkprojekte groter selfvoorsiening in die hand te werk.

DI het sy bes gedoen om die studente nie net akademies op te lei nie, soos sy beleidstelling in die DI Prospectus dit in Noord-Sotho stel: "Baruti ba se ka ba amogela dithuto tsa akademika fela, ba tswanetse go rutiswa le tsa bophelo."

DI moes ook meer kon gedoen het om die studente wat afgestudeer het van werk te voorsien, aangesien sy model die verwagtinge skep van werksgeleenthede, veral omdat verskeie AOK-leiers in 'n vakuum van werkloosheid beland het nadat hulle hulle studies voltooi het (Vgl DI-Prospectus, sj:11).

## 6.4.6 Oorskakeling na ekstensiemodel

In 1994 het daar 'n einde gekom aan die residensiële model by DI. Daar is al meer na 'n ekstensiemodel oorgeskakel onder leiding van mnr Stefan de Beer wat sy teologiese opleiding aan die Fakulteit Teologie (Ned Hervormde Kerk), Universiteit van Pretoria, deurloop het.

Hy het 'n stelsel van gedesentraliseerde, deeltydse (swart) dosentepersoneel ingestel wat bykans op 'n dissipelskapmodel gefunksioneer het. Die model kom daarop neer dat studente, terwyl hulle studeer, ook onderrigwerk doen. 'n Dosent mag egter nie die module waarmee hy self besig is, aanbied nie. Die eksaminering word by kerke meesal skriftelik afgelê. Dit lyk of die minder begaafde studente, as dit kom by soms moeilike Engelse stof, met behulp van die medestudente en dosente die probleem oorkom het. Daar is ook begin om modules in die swart tale te vertaal.

### *6.4.6.1 Evaluering*

DI het met die oorstap van residensiële na ekstensie onderrig 'n belangrike stap geneem. Die voordeel lê daarin dat daar vir die eerste keer deurgedring is na die ouer profete en dat dit DI opleiding nie meer op oorwegend jong leiers gerig was nie.

'n Probleem wat in hierdie fase kop uitgesteek het, was leemtes in die kundigheid van dosente in die hantering van kwessies waaroor daar nie eenstemmigheid en eensgesindheid was nie. Hier kon van TOI geleer word wat student-dosente met die nodige oriëntering en fasilitering voorberei alvorens hulle doseer.

## 6.4.7 Kontekstualisering soos toegepas op genesingsbediening

Dit was my ervaring dat drie uit die vyf student-dosente van DI met wie 'n gesprek gevoer is, by een of ander vorm van genesingsbediening betrokke was. Toe ek hulle kennis begin toets oor 'n Bybelse genesingsbediening het almal gevoel dat dit 'n groot leemte is in hulle hele mondering. Hulle het egter gevoel dat daar 'n sterk kontinuering tussen hulle bediening en dié van die Skrif is. (Drie beoefen handoplegging met die salf van olie, na aanleiding van Jak 5:13). Hulle het egter toegegee dat 'n bietjie kennis gevaarlik is en dat hulle graag 'n gees van onderskeid sou wou aanleer as dit hulle meer effektief kon maak. Hulle het 'n ander groep van die Sionistekerke, naamlik die *Amazioni*, gekonfronteer, terwyl hulle self meer tot die *Apostoli*-groep behoort. (My gesprekke met die profeet-leraars 1997-1998).

Tog het die meeste profete gevoel dat die eer aan God in genesing moet toekom en nie die mens nie. Hulle het ook gevoel dat die Christen-profeet nie wraak neem deur enige vorm van magie nie, maar dat die bose vir alle siektes verantwoordelik is. Hulle het egter gevra vir 'n kur-

sus in die begeleiding van die sieke in lyding wat hulle as leemte beskou. Mens het hier ook die behoefte aangevoel vir die aanbied van alternatiewe programme vir doseerpersoneel wat neerkom op meer leiding en supervisie (Kinsler 1978:168).

## 6.5 DIE NEHEMIA INSTITUUT (NI) (KORRESPONDENSIE MODEL)

### 6.5.1 Die ontstaan en doel van die instituut

Die naam Nehemia sinspeel op opbou van die vervalle mure van Sion, soos Nehemia die vervalle mure van Jerusalem na die ballingskap weer moes opbou (Neh 2:17-18). Dit wil lyk of daar probeer is om aan te haak by die Sionistiese ideaal waarvan ons reeds die ontwikkeling geskets het. In hierdie geval sou dit egter gaan om 'n Bybelse rekonstruksie van die Sion-ideaal.

NI het sy ontstaan in die tagtiger jare gehad na aanleiding van verskeie AOK-leiers wat vir leiding by Bybelkor Media aangeklop het.

### 6.5.2 Die ontwikkeling van kursusmateriaal; toelating

Daar is van die staanspoor wyer gekyk as die bydrae van NG-teoloë. Vir die stof van Bybelse vakafdeling van die doseerstof is hoofsaaklik van studie-aantekeninge van prof JA van Rooy, vroeër van die gewese Gereformeerde Teologiese Skool van Hammanskraal gebruik gemaak, asook die lesings van die Soweto Bybelskool (Prospectus, Nehemia-kursus, module 1, kursus 4).

Prof Hennie Pretorius was weer verantwoordelik vir die module oor die opbou van die kerk (Nehemia-kursus, module 1, kursus 2).

Die kursusmateriaal is saamgevat in ses modules van vier kursusse elk. Na elke module voltooi is, ontvang die kandidaat 'n diploma.

Enige iemand van enige kerk kan inskryf. Al vereiste wat gestel word, is 'n basiese kennis van lees en skryf. Aanvanklik was Engelse taalvaardigheid ook 'n vereiste, omdat die kursusse in Engels opgestel was. Die kursusmateriaal is egter in die proses om in verskeie tale vertaal te word.

### 6.5.3 Strategie

Gedurende die helfte van die negentiger jare is 'n strategie aanvaar om die onderrigstof beskikbaar te stel vir Bybelskole en ander vennote in ruil van vertalings daarvan. Dit het baie gedoen om die kursusse te verbrei.

Min of meer in dieselfde tyd het Nehemia ook 'n verbintenis met SEVTO (Sentrum vir Voortgesette Teologiese opleiding, UP) aangegaan.[141] Dit het baie daartoe bygedra om die stof te kontekstualiseer (my telefoongesprek met ds Attie van Wyk in 1995).

Nehemia raak in 1998 betrokke by die *Projek ter bevordering van basiese teologiese opleiding* (PBTO) wat sedert 1995 deur SEVTO (nou STG) en ISWEN (Instituut vir Sendingwetenskaplike en Ekumeniese Navorsing, UP) bedryf word. 'n Koördineringskomitee is op die 28 Februarie 1998 gevorm waarop ISWEN, SEVTO en Nehemia en ander vennote wat betrek sou word, sitting sou kry.

Hulle doelstelling is om opleiding te fasiliteer aan leiers van AOK wat oor min of geen opleidingsfasiliteite beskik. Dit behels ook die skep en akkreditering van opleidingsmateriaal, asook

---

141 Dit het intussen 'n verbintenis tussen Nehemia en die Sentrum vir Teologie en Gemeenskap (STG) geword.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



die opleiding en ontwikkeling van dosente. Fasiliteerders sou ook op plaaslike vlak geïdentifiseer en benoem word.

Daar is ook plaaslike komitees voorsien waarvan die taak sou wees om verteenwoordigers van die kerke in hulle omgewing saam te trek, die beheer en koördinering oor opleiding plaaslik uit te oefen en met die koördineringskomitee te skakel (vergelyk SEVTO 1995).

### 6.5.4 Aktualisering van kursusinhoud

Nehemia se kursusmateriaal is pertinent op aktualisering afgestem. Elke hoofstuk eindig met groepsvrae en 'n werkopdrag wat deur die student uitgevoer moet word. Laasgenoemde is gewoonlik sterk op die student se konteks en praktyk afgestem. Dit maak die kursus, hoewel korrespondensie, baie praktyk-georiënteerd en kreatiwiteit word aangemoedig. Dit kan ook goed in groepbespreking gebruik word en is daarop ingestel om 'n gees van onderskeid aan te kweek. Die preekopdrag wat aan die einde van elke kursus voorkom, dra by tot die prakties-maak en aktualisering vir daaglikse gebruik.

Drie aspekte waarop 'n hoë premie geplaas word, is: 1) geestelike groei, 2) leierskap, en 3) Bybelstudie wat elke hoofstuk vergesel. Laasgenoemde werk blote teoretisering teë (NI-Prospectus (sj:6)

### 6.5.5 Eksaminering

Die eksaminering bestaan uit 'n veelvuldige-keuse-antwoordlys wat ingevul word en dan weggepos word. Die metode verskil van die aanvanklike eksamineringsmetode van die Didaché Instituut waar vrae in die werkboek beantwoord moes word op grond waarvan 'n predikaat bereken word.

Die studente met wie ek hierdie kursus op Kroonstad in die praktyk gehanteer het, het die invul van veelvuldige keuse- en groepbesprekingsvrae as waardevol en aangenaam ervaar. In die geval van 'n student wat nie kan lees of skryf nie, kan die hulp van 'n medestudent of skoolgaande kind ingespan word. Groepe kan hier egter meer benut word.

Die probleem is egter dat die selfevalueringsmetode alhoewel dit as van die beste evalueringsmetodes beskou word, nie deur baie tersiêre instansies erken word nie.

### 6.5.6 Kontekstualisering

Kontinuïteit en diskontinuïteit met die Bybelse boodskap kry klem: Waar nodig word begrippe soos versoening *(isicamagushelo)* en toordery *(ubuthakathi)* gebruik om die dinamiese ekwivalent Bybelse begrippe by studente van die AOK tuis te bring. Ook liederekomposisies word aangemoedig en so word die kreatiewe denke in die leefwêreld van die AOK gestimuleer (Nehemia, Module 1, kursus 3, les, 16, p 48, en Module 1, kursus 4, les 8, p 37).

So word gelowe en gebruike wat op toordery betrekking het, pertinent aangespreek en as dwaling uitgewys. 'n Mens mis egter die onderskeid tussen magie en ware Gods-diens soos van toepassing in 'n genesingsbediening. Daar word met baie voorbeelde sterk gewaarsku teen visioene, drome en die verkeerdheid word uitgewys.

Die gevaar van 'n streepteologie dreig.[142] Drome en visioene word per se as illusies afgemaak en word aan heftige kritiek blootgestel. Die gevaar dreig dat te veel sout in die wonde gevryf word.

---

142 "Streepteologie" is 'n term wat gebruik word vir die soort teologie waarvolgens daar 'n sterk skeiding geleer word tussen die werk van die Heilige Gees in die Apostoliese tyd en die tyd daarna – in so 'n mate dat die wonders en genesings van die apostoliese tyd gestop het en nie meer vandag moontlik is nie (Cassidy 1983:31 gebruik die term "dispensationalism"). Beide apostels en profete word met fasiologiese of dispensasionele skêr weggesny uit die lys van Ef 4 as synde nie vir hierdie eeu nie. Dit sluit die

So 'n oorreaksie mis egter die aktualiteit van genesingsbediening en bereik ook nie die profete nie. Die kontekstualisering van die stof vir die doel van profete ontbreek, omdat hulle opleiding meer op die prediking en fundamentele (algemene) pastoraat toegespits is. So iets is meer relevant vir leraarsopleiding. So ook die klem op "teaching truth, rebuking error, correcting faults, giving instruction" – 'n benadering wat mank gaan aan paraklese.

Nehemia kan gerus kers opsteek by instansies soos Didaché se kursusse (veral DI-kursusse oor berading). Vergelyk byvoorbeeld

- De Jongh van Arkel, JT (sj). Preaching, teaching and pastoral work, DI-module 3.1, met die
- Herder-module 1 kursus 3, les 1, p 8-9, by Nehemia, asook
- Module 1 kursus 3, lesse 5-6, p 17, 20, oor prediking.

(Vergelyk ook Sundkler 1961:1-35).

## 6.6 TIMOTHEUS OPLEIDINGSINSTITUUT (TOI)

### 6.6.1 Ontstaan en doel

TOI het sy ontstaan gehad toe die grootste organisasie van die AOK, RICA (Reformed Independent Churches Associations), onder leiding van Isaac Mokoena, ene WA Clarke (van Geopende Deure) genader het om as adviseur vir hulle op te tree. Mokoena was ook lid van SATCIC (South African Theological College for Independent Churches). Hulle was bevoorreg om van die basiese stof van HF Burke van AAST (All Africa School of Theology) gebruik te maak (Mashao sj:6). SATCIC kon egter nie die getalle hanteer nie.

TOI het van die staanspoor probeer om weg te beweeg van die Westerse, residensiële opleidingsmodel (soos ook in 'n gesprek van skrywer aan die begin van 1996 met Mashao en Gouws bevestig) (vergelyk ook Mashao 1996:3-4 en die TOI se Prospektus onder die opskrif, "Unieke benadering"). Volgens hulle was die benadering van die KMWB van die begin af verkeerd en onrealisties en pluk die kerke nou die wrange vrugte daarvan. 'n Problematiese aspek wat ons kan uitlig, is die lidmaatgetalleoorwig per leraar in die KMWB wat 'n direkte uitvloeisel is van die Westerse opleidings- en besoldigingsmodel.

In hierdie opsig het baie gemeentes as 'n noodmaatreël begin uitreik na TOI vir ten minste 'n lekeopleiding van ouderlinge om in die tekort van leraars te voorsien. Dat TOI al baanbrekerswerk gedoen het, blyk uit die suksesvolle aanwending van hulle metode. Op so 'n wyse is die las van die leraar ligter gemaak deurdat die ouderling ook nou skoling kon ontvang (Kritzinger 1979:95).

*Doelstellings:* Hulle doelstellings kom ooreen met 2 Tim 2:2 naamlik om leraars toe te rus om ander te leer, maar meer in besonder om die opleidingsbehoeftes van die AOK te vervul met 'n besonderse premie op betrokkenheid in die gemeenskap. Volgens hulle benadering is die leiers mense van realisme en insig. Die retensievermoë van die studente, alhoewel baie keer ongeletterd, is iets waaroor met lof gepraat word.

### 6.6.2 Metode

'n "Gaan-metode" word gevolg. Dosente besoek op gedesentraliseerde, ekstensie-basis sowat 20 studente per keer saans vir twee tot drie ure vir 'n week lank (1x per maand) om lesings aan te bied.

---

eliminering van die gawes in (1 Kor 12-14). Cassidy (1983:166) bring dit ook in verband met die metodes en standpunte van Bybelkritiese skole (Cassidy 1983:166).

Daar is egter baie tekortkominge uitgewys deur navorsing wat hulle gedoen het. Abstraksie, teoretisering en dogmatisering het geblyk die mynveld van die opleiding van AOK-leiers te wees. Daar is besef dat die opleidingsbehoeftes van die AOK baie aktueel, praktyk- en konteksgebonde is.

Een van die vereistes waaroor sterk gevoel word (soos blyk uit genoemde gesprek van skrywer met Mashao en Gouws), is die beginsel van nie-denominasionaliteit en geen winsmotief wat die program onderlê (vergelyk ook Mashao 1996:10).

### 6.6.3 Kurrikulering

Dit beweeg op twee bene: 1) dié van suiwer akademie (Skrifkennis) en 2) 'n evangeliseringsdeel wat die Skrif by die lewenstyl uitbring (Mashao 1996:11).

Beide elemente word ook geëvalueer en sukses word met 'n "diploma" beloon. 'n Lisensiaat word toegeken as 'n deklarasie van geloof onderteken is en gee ook erkenning aan sedelike waardes (TOI, Prospectus, sj:5). Dit neem sowat vyf maande om 'n fase van vyf seminare te voltooi. Die kursus bestaan uit ses fases wat oor drie jaar strek met 'n gevorderde kursus wat dan in werking tree (TOI, Prospectus, sj:10-11).

### 6.6.4 Eksaminering

Die afneem van eksamens berus grootliks op keusevrae ("waar en vals") waar daar twee regte antwoorde uit drie is. Die mondelingse afneem van so eksamen is dan ook 'n geleentheid vir verdere skoling (Verneem in genoemde gesprek).

### 6.6.5 Dosentewerwing en -opleiding

Dosente word gewerf uit die geledere van diegene wat die kandidaatsopleiding deurloop en die lisensiaat verwerf het. Potensiële dosente word aan streng keuring onderwerp in teenstelling met die student (wat net leraar / lidmaat van 'n geregistreerde kerk moet wees).

1) Die eerste vereiste is die van 'n ware persoonlike en lewende verhouding met die Here, Jesus Christus, met die beginsels van I Tim 3:1-7 as norm.
2) 'n Teologiese opleiding van ten minste 3 jaar deur 'n erkende instituut. Matriek word as ideaal beskou, maar nog nie as vereiste nie.
3) Dit moet iemand wees wat nie oor-krities of uitgesproke oor die AOK is nie. So 'n persoon moet hom ook distansieer van kerkisme en denominasionalisme. (Blykens genoemde gesprek met verteenwoordigers van TOI).
4) In die laaste instansie is daar 'n oriëntering wat die dosente by die instituut moet deurloop (Mashao 1996:8-9).

Die instituut koester die goeie verhouding wat hulle met studente het en hanteer dit met die nodige sensitiwiteit.

### 6.6.6 Samewerking

Samewerking met gemeentes bestaan daaruit dat hulle geleenthede benut om hulle visie met gemeentes te deel en gemeentes vra om studente, maar veral dosente te borg. Grootliks kom TOI se finansiële bystand uit bronne in die buiteland en plaaslike nywerheids-en handelsektore.

### 6.6.7 Die vrug van TOI

Die stof word in sowat ses tale vertaal met wisselende stadiums van voltooiing. Onder andere is dit in Zulu, Suid-Sotho, Xhosa, Afrikaans, Engels en Portugees voltooi. (Suid-Sotho word aan-

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



gewend as 'n oorbruggingstaal na Tswana en Noord-Sotho (Sepedi)). Hulle is ook op die voorpunt van vertaling en kontekstualisering en het 'n eie vertalingsburo Didaksa gestig om ook vertaalwerk in die sekulêre sektor te behartig. Hiervoor span hulle die huidige doserende personeel in (volgens genoemde gesprek met TOI).

Voorts het TOI formele bande met verskeie tersiêre instellings gesluit. So is daar bande met die PU vir CHO se Fakulteit Teologie wat ingevolge 'n samewerkingsooreenkoms die kurrikulum onderskryf en sitting het op TOI se kurrikuleringsraad.

Ook is daar verbintenisse met die UOVS (Universiteit van die Oranje Vrystaat) en is hulle op die instituut se raad van trustees verteenwoordig.

Laastens is daar ook 'n verstandhouding met Christian Life Training (CLT).

### 6.6.8 Evaluering

Om die debat te begin sou 'n mens aan TOI 'n paar vrae kon vra.

Eerstens, in watter mate het TOI gebreek met die Westerse opleidingsmodel? Hierby geld die gevaar dat die metodes net kosmeties inheems kan wees en dat daar byvoorbeeld nog nie werklik deurgedring is na die genesings- en profetiese dimensie nie. Die gevaar is dat die akkommodasiehouding teenoor die inheemse kultuur kan voortspruit uit 'n nieu-piëtisme. Die houding spruit veral uit die beleidstandpunt om neutraal te wees teenoor kulture soos verwoord in die beleidsdokument: "... without any particular cultural or social view beyond the scope of its stated Christian Protestant conviction" (Mashao sj:10).

'n Verdere vraag is of TOI die hart van die AOK se spiritualiteit begryp en aanspreek. Deur enersyds 'n neutrale standpunt teenoor die AOK se profetiese bediening in te neem en dit andersyds in soveel woorde te verdoem, dui op 'n innerlike teenstrydigheid. TOI wil betrokke wees, maar skram weg van aktualisering. TOI is sensitief vir die profetiese bediening. Daarom die poging om Bybelse riglyne daarvoor neer te lê. Uit genoemde gesprek met verteenwoordigers van TOI lyk dit egter of daar net op indirekte wyse aandag gegee word aan 'n belangrike saak soos om die onderskeid tussen ware en valse profeetskap in die Bybel tot in die konteks van die AOK te verleng. (Vergelyk TOI se *Molaetsa wa Testamente Ya Kgale,* A4, *Sesotho,* sj:42. Tog is daar ver gevorder met die vertaling van die Ou-Testamentiese vakkundige stof en word daar tussen die ware profeet (*roeh* – "siener", Hebreeus, en *senohe*[143] – "waarsêer", Suid-Sotho) en die valse profeet onderskei. Metodes kan soepel wees, maar nooit neutraal nie (Thompson 1969: 271).

Die vraag is verder of die leerstuk rondom profetiese genesing genoegsaam bespreek en prakties deurgetrap is. In die TOI se *Shepherding God's Flock* word daar baie klem gelê op die weg van saligheid sowel as leierskap deur opleiding en modellering met groot klem op die lewe.

Daar is egter 'n gemis aan toerusting oor die aspekte van die hantering van lyding en rousmart wat in die konteks van die AOK 'n wesenlike realiteit is.

Tog is daar moeite gedoen om 'n gees van onderskeiding aan te kweek as dit kom by ware en valse profesie. Die kerk word ook dan as 'n leër uitgebeeld wat teen die bose moet stand hou. Die eskatologiese verdiskontering en die oorwinning van die Here Jesus ten opsigte van die dualistiese siening rondom die bose, word egter nie ver genoeg gevoer nie (sien TOI, A1 Eng, sj:29-30).

143 "*Senohe*" (Suid-Sotho) kon dinamies-ekwivalent beter verduidelik word met "*moloi*" wat vertaal word met "bose toordokter" in plaas van waarsêer of towenaar. Daar sou ook miskien meer aandag gegee kon word aan die onderskeid tussen waarsêery en ware profesie, en hoe dit verskil. So sou magie onderskei kon word van ware profesie (*Molaetsa wa Testamente Ya Kgale*, TOI, Mod. A4 Sesotho, sj:42) *Senohe* is die *Phetolêlô e Ntja* (Nuwe Sesotho-Bybelvertaling) se vertaling van die term "towenaar" teenoor die *Phetolêlô E Kgalê Sesotho* (Ou Sesotho-Bybelvertaling) se "*moloi*".

Uit die stof oor bostaande sake blyk dat kontekstualisering en aktualisering te kort skiet. Ook blyk die meeste stof nog van Westerse oorsprong te wees en die vraag kan gevra word of daar nie groter medewerking kan kom met swart AOK teoloë nie. Dit moet egter toegegee word dat daarmee gevorder is en daar grootliks verbeter is op die ouer stof en metodes wat die gevaar van dogmatisering geloop het. (Sien die vorige stof rondom die temas van weg tot saligheid en die werk oor die Heilige Gees (In Project Timothy, Module C001, sj:1-21, 31).

Ten opsigte van die metodiek van eksaminering wil mens aanvaar dat TOI besig is met baanbrekerswerk. Die vraag is egter of eksaminering nie kan verbeter as die waar-vals-metode van eksaminering en toetsing vervang kan word met 'n veelvuldige keusevrae nie. Dit sal ook 'n gees van onderskeiding aankweek en raaiery minimaliseer deurdat dat daar 'n meer eksakte benadering gevolg kan word (Winter 1969:551).

Die laaste vraag is of TOI nie steeds in 'n anti-kommunistiese denkpatroon vasgevang is en dat dit die persepsie skep dat TOI polities gekompromiteer is nie. Die vraag is of dekodering nie reeds in 'n meerdere mate moes plaasvind nie, aangesien die behoeftes van die AOK op ander vlakke lê. Mens kan dit meer bevraagteken in die lig dat die AOK nog nooit polities betrokke was nie, maar meer 'n horisonsversmelting nodig het met Christelike Afrika-teologie, eerder as met iets wat buite hulle ervaringshorison lê (TOI-module ASS/DOC/3/5 sj:54).

Nietemin is daar groot suksesse behaal met baie leraars wat van hulle ou weë afgesien het en selfs tot bekering gekom het. Die huidige studentetal van meer as 3500 tel ook onder hulle vrug.

## 6.7 FAMBIDZANO

### 6.7.1 Oorsprong, doelwit en inhoud

Fambidzano is 'n projek wat in die sewentigerjare (1972) sy ontstaan onder die Shona in Zimbabwe gehad het. Die projekleier van die beweging was dr Inus Daneel wat vir nege jaar as 'n direkteur van die beweging opgetree het. Hy is in 1981 opgevolg deur Peter Makamba toe prof Daneel 'n doseerpos by Unisa aanvaar het. Die metode was grootliks gebaseer op 'n TOE-model.

Dit verskil van TOI en ander vir sover dit meer 'n ekumeniese beweging en eksperiment is as 'n instituut. Daar is ook 'n teologiese instituut wat 'n onderafdeling van die beweging uitmaak. Die beweging was grootliks afgestem op die verkryging van kerkeenheid onder die AOK onder die Shona (Joh 17:21,23).

Die inhoud van die kursus: Dit bestaan uit 'n tweejarige opleidingsprogram vir leraars, biskoppe en profete. Die kursusse is toegespits op etiek, homiletiek, OT, NT en plaas ook 'n groot premie op kerkgeskiedenis (Daneel 1987:212). Alles is in die inheemse taal vertaal (Daneel 1989:239).

### 6.7.2 Standaard en metodologie

Die toelatingsvereistes is 'n vermoë om te skryf en die basiese materiaal wat aangebied word, te kan lees. Daar is heelwat ruimte in die programme en kurrikulum ingebou vir aanpassing by die skolastiese standaarde van die kandidate.

Die doserende personeel lê daagliks lang afstande af kontakpunte te bereik om seminare op 'n gedesentraliseerde basis aan te bied. Die studente en die dosente maak grootliks van dialoog gebruik as metode van skoling (Daneel 1987:86).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



### 6.7.3 Probleme wat ervaar word

Baie AOK het gehuiwer om in te skakel, omdat hulle bang was dat hulle hulle identiteit sou verloor en dat hulle deur KMWB oorheers sou word. Daar was ook soos by die Christelike Instituut (CI) diegene wat gehoop het op hoë poste en salarisse met teleurgestelde verwagtings.

Ook met die opvolgers van die leiersfigure in die Fambidzano-Komitee was daar konflikpotensiaal. Dit is egter oorkom deur die verchristeliking van die *kugadzira* (versoenende) gebruik. Die studiemateriaal is dienooreenkomstig aangepas om die kontekstualisering te fasiliteer (Daneel 1989:225, 239).

Fambidzano het volgens biskop T Charema van *The Assemblies of God* 'n groot rol gespeel om die konflik in die oorlogstyd te ontlont deur 'n bydrae te lewer om die *kugadzira* en die daaropvolgende *mukwere* (terugbring van afgestorwene se gees) te kontekstualiseer. (Meer in die besonder gaan dit oor die voorspraak wat die afgestorwe gees doen). Die gebruik is aangepas en in so 'n mate verchristelik dat daar nie meer direk met die afgestorwene se gees gepraat is nie, maar meer oor hom gepraat is in die *runyaradzo*-seremonie. Dit kon Fambidzano regkry omdat hy eenheid bewerkstellig het ten spyte van diepgaande doktrinale en politieke verskille. Die versoening was dus komprehensief (Charema in Daneel 1989:85-86; Daneel 1989:200).

### 6.7.4 Kontekstualisering

Ten opsigte van die eskatologie het daar interessante herinterpretasie plaasgevind. Vir die eerste keer staan die voorouers nou by om die weg te berei soos by skare van gelowiges en wolk van getuies (vgl Hebr 6). Die vraag is net in watter mate sulke herinterpretasies vanweë die bydrae van teologiese opleiding was en in watter mate die Sioniste self spontaan daarby sou uitkom (soos in die geval van die *umlindelo*) (vgl ook Becken 1972:138).

### 6.7.5 Doel wat bereik is

Die opleiding het skeuring en afsplitsing verminder. Feitlik geen wegskeurings het in die gelêdere van die dertig betrokke kerke na die sewentigs plaasgevind nie. Die aanbied van kerkgeskiedenis word as belangrike faktor hierin beskou (Daneel 1989:149).

Bybelkennis is grootliks verbeter. Ten opsigte van Skrifuitleg het daar meer sistematisering en Bybelse oriëntering gekom (Daneel 1989:225, Crafford 1984:41; vgl ook Eksemplariese Stof).

### 6.7.6 Evaluering

Fambidzano het heel waarskynlik die beste gevorder om die teologiese instituut aan te pas by die leefwêreld van die AOK-leiers. So byvoorbeeld geskied hulle opleiding meesal onder bome en duur geboue is nie nodig nie.

Fambidzano se prestasie kan opgesom word met die grootse baanbrekerswerk wat gedoen is om samewerking tussen verskillende AOK te bewerkstellig en hulle uit hulle isolasie te haal. Volgens Daneel is ekumene dan ook die grootste katalisator tot adaptiewe transformasie. In hierdie opsig is daar gepenetreer tot in die profetiese bediening, wat in die geval van die Ndaza Sioniste en Ruben Mutendi van die Etiopiese tradisie gevolg het na konfrontasie as gevolg van verskillende interpretasietradisies. Die belangrikste les wat geleer is, is dat sodra dwang toegepas word, dan tree die AOK terug in konserwatisme. Westerlinge is geneig om ongeduldig te raak omdat verandering te stadig verloop. Nogtans moet die spontane transformasie ("reshaping") van die gebruike nie misgekyk word nie, al is daar baie sinkretistiese gebruike wat nog onaangeraak voortduur (Daneel 1983:84).

Die ekumeniese benadering het die gevaar dat profete en nie-profete op dieselfde vlak opgelei word en kon hulle moeilik organisatories van mekaar geskei word. Die vraag kan gevra word of daar genoeg gedoen word om gespesialiseerde opleiding aan die profete te verskaf (Daneel 1989:237-238).

Verder word nie genoeg gedoen om aan die verskillende kerklike behoeftes te voldoen nie. Die stof wat aan kandidate van Sioniste-kerke en Etiopiese kerke sou gegee word is byvoorbeeld dieselfde en is uit die opleiding van kandidate vir die (NG) sendingkerke afkomstig (Daneel 1989:86). Die stof sou wel oorgeneem kon word, maar die nodige kontekstualisering moes steeds gedoen word. Daar is kruisbestuiwing vanaf die sendingkerke na die onafhanklike kerke, maar nie in die teenoorgestelde rigting nie.

Die Achilleshiel van Fambidzano is dalk die rol van Westerse geld (via die Theological Education Fund) en tegnologie in die beweging. Dit maak die beweging kwesbaar en veroorsaak dat die vraag van "seed bed or sheltered Garden" ook aan Fambidzano gevra kan word (Zorn 1975: 9-10).

Nietemin is die vrug van Fambidzano 'n inskrywerstal studente van by die 200 jaarliks en getuig dit van baanbrekerswerk. Ook is daar mooi pogings aangewend, soos die aankoop van 'n plaas wat bestuur word deur die direksielede van Fambidzano wat die oogmerk het om die kwesbaarheid van buitelandse geld teë te werk. Dit stem ooreen met MI Hodges (1971:119) se voorstel dat fondse eerder benut word om opleidingsinstansies selfvoorsienend te maak. So sien ons die volgende projekte tot stand kom:

- Ten opsigte van die diakonaat was daar 'n gebrek en daar is met ontwikkelingswerk begin om dit te oorkom (Daneel 1989:186). Daar is begin met die aanlê van 'n landboutuin om die Bybelskool van groente te voorsien en so selfvoorsienend te maak.
- In 1988 is ZIRRCON (Zimbabwean Institution for Religious Research and Ecological Conservation) gestig. Dit het behels dat Fambidzano nog meer by gemeenskapswerk betrokke geraak het waaronder boomplanting om die omgewing te herstel en toordery teë te werk aangesien baie gedink het die natuur het sy lewenskrag verloor as gevolg van toordery (Daneel 1991:313-317).

## 6.8 MUKHANYO BYBELSKOOL

### 6.8.1 Ontstaan en doel

Die Bybelskool het sy ontstaan in die 1986 gehad toe M Rebel deur die Christelike Gereformeerde Kerk (CGK) in Holland ondersteun is om die AOK in Kwa-Ndebele op te lei. Sy pogings kon egter nie regtig van die grond afkom nie en 'n ondersoek van die Raad van Bybelskole het gewys dat in plaas van om die projek te termineer, moes daar groter moeite gedoen word en die werk uitgebrei word. Dr Flip Buys is vir die doel deur die Gereformeerde Kerk van Potchefstroom-Noord uitgestuur en geborg deur die CGK in Nederland waar die projek vandag nog sy meeste fondse vandaan kry.

Tans bestaan die werk onder die AOK leiers uit twee bene. 'n Residensiële been en 'n gedesentraliseerde been wat deur 'n sendeling van die CGK behartig word wat vir die doel uitgestuur is. Hy is dr CW Buijs wat van 1996 die werk van Rebel voortgesit het nadat laasgenoemde afgetree het (Prospektus, Mukhanyo Bybelskool, sj:9).

### 6.8.2 Metodiek

Dit is die van veelvlakkige opleiding. Dit bestaan uit drie vlakke:

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



- Eerstens dié van gedesentraliseerde geletterheidsklasse. Die kursus wat gebruik word, verbreed terselfdertyd Bybelkennis.
- Die tweede vlak is die diplomavlak waar studente vir voorgraadse of nie-graaddoeleindes inskryf. Hier word weer twee subvlakke onderskei: Dié van die elementêre (standerd ses word vereis) en die intermediêre vlak (standerd sewe word vereis).
- Die derde vlak is die graadvlak waarvoor die vereiste van matriek met universiteitsvrystelling gestel word en deur die PU vir CHO geakkrediteer word.

Die tweede- en derdevlakopleiding vind residensieel plaas. Die kurrikulum bestaan uit die gewone teologiese kurrikulum, maar daar word ook opleiding in Engels, leierskap en rekenaarvaardigheid in 'n biblioteekopset ("Library and computer") aangebied. Ook verdien geestelike vorming en karakter ekstra premies. Die aanleer van die rekenaarvaardigheid beteken dat die studente voorberei word vir wyer beroepsmoontlikhede as net die van die bediening (volgens my gesprek met een van die studente, 1996).

Die beheerraad bestaande uit lede van die Masakhane-raad[144] en die dosente. Daar is dus 'n daadwerklike poging om verteenwoordiging uit die AOK te betrek. Mukhanyo kan as 'n soort ekumeniese opleiding bestempel word, maar die dominante rol van die Gereformeerde Kerke kan nie ontken word nie.

Volgens dr Buijs word baie van dialoog in die onderrig gebruik gemaak, maar ook word rollespel gebruik in die pastoraatsopleiding. Die kontinuïteit en diskontinuïteit tussen die Ou Testament (OT) en die Nuwe Testament (NT) word veral beklemtoon in die lig van die oorgang van die oue na die nuwe. Die studente word ook aangemoedig om eie beelde te gebruik.[145] Frank Ntsuntsha, een van die dosente, volg dieselfde benadering as hy sê dat leviraatshuwelike, sowel as offergebruike, in die Ou Testament 'n ordinansie van God was en dat dit ooreengestem met tradisionele gebruike. Daarmee word die kontinuïteit aangetoon. Maar net soos die Nuwe Testament van hierdie gebruike afgesien het, moet Christene in Afrika hierdie gebruike agterlaat. So word daar aangeklank gevind by die milieu van die AOK, maar ook diskontinuïteit bewerk. Met betrekking tot die offergebruike word byvoorbeeld verwys na die gedeeltes uit die Hebreërboek (Hebr 10-11) wat afstap van die verpligte vormkorresponderende offers, soos onder andere nog deur sommige AOK onderhou word (soos vasgestel in gesprekke met Ntsuntsha, 1997).

### 6.8.3 Profete-opleiding

Daar is nog nie veel aan hulle geraak met opleiding nie. Daar is wel gepoog om 'n profetes op te lei, maar sy het volgens die dosente dikwels snaaks, opstandig en aggressief opgetree dat nòg die dosente nòg haar medestudente dit kon uithou. Daar is later tot die slotsom gekom dat sy eintlik 'n *isangoma* was onder die kleed van Christelike gebruike. Die parafernalia van die toordokter is net vermeng met die rites die Pinksterkerke.

Ntsuntsha is van mening dat die AOK-profeet opleibaar is, maar dat hy eers tot bekering sal moet kom. Ntsuntsha wat self 'n geneser (*inyanga*) was, het sy gawe van genesing verloor, nadat hy tot bekering gekom het. Hy gee egter toe dat dit nie noodwendig die geval hoef te wees nie, soos by biskop Z Buthelezi waar hy wel nog as bekeerde by genesingsbediening betrokke is, maar nie meer soos voorheen nie. Sy klandisie het aansienlik afgeneem. Ook stop hy nie meer die kliënt iets in die hand (magiese medisyne, fetisj of amulet) nie en is dit 'n minder opvallende verskynsel as iemand genesing ontvang.

---

144 Masakhane: Dit was vroeër die Raad van Leraars ("Ministers Association") in die ou Kwa-Ndebele-tuisland (Mukhanyo Prospektus, 2)

145 So byvoorbeeld dat daar nie stilgestaan kan word by kerse nie, maar dat daar voortgegaan moet word na die volle openbaring in die Nuwe Testamentiese oorwinning van Jesus Christus oor die bose — elektrisiteit teenoor kerskrag genoem. Wie nou nog kerslig gebruik, is mal, as daar alreeds elektrisiteit is, was een student se verklaring van die beeld.

As 'n leier van CRICA voel Ntsuntsha dat die AOK kan baat by 'n opleiding in genesingsbediening. Ntsuntsha bevestig 'n tendens wat my vermoede was dat daar verskeie *isangomas* in die ZCC beland wat onder die dekmantel van profeet operereer. Tot die middel-tagtiger jare was daar in die ZCC 'n duidelike skeidslyn tussen die profeet en die *isangoma*. Die *isangoma* sou nie 'n opwagting kon maak sonder om "uitgeruik" te word nie. Die huidige situasie vertoon egter meer van 'n mengsel tussen Christelike en tradisionele Afrika-godsdienstige (TAG) gebruike.

### 6.8.4 Evaluering

Behalwe vir die geletterdheidskursus is die res van die stof nog nie in inheemse tale vertaal nie. Daar word egter baie pogings aangewend om die saak te oorbrug.

Mukhanyo is die voorloper as dit kom by die integrasie van vakke, of te wel transdissiplinêre opleiding. Op so 'n wyse probeer hulle nie net die AOK-leiers teologies te skool nie, maar probeer hulle ook hulle wyer opleiding gee in verskillende verwante vaardighede (vergelyk byvoorbeeld leierskapskursusse, bestuurskursusse vanuit 'n bedryfsielkundige hoek en rekenaarvaardighede). Verder volg Mukhanyo 'n plooibare en aanpasbare evalueringstelsel en word diegene tegemoet gekom wat nog nie geleer lees en skryf het nie (laasgenoemde in die geval van die geletterdheidsopleiding).

Alhoewel die onderrigmedium nie net Engels is nie, maar ook Zulu gebruik word, is die groot leemte nog dat die kursusse vertaling benodig om kontekstualisering tot sy reg te kan laat kom. Westerse boeke sal handig te pas kom as dit ook aangevul word deur diktate of modules op te stel en in die inheemse swart tale te vertaal.[146]

Hier sit ons ook met 'n paradoks met die keuse vir Engels as onderrigmedium wat sekere voordele inhou (soos dat die studente se kontekste verruim), maar hulle aan die ander kant ook weer kan vervreem van hulle oorspronklike konteks. In hierdie opsig voel studente van Mukhanyo met wie ek 'n gesprek gehad het dat daar ook vir 'n inheemse taal voorsiening gemaak moet word, sodat die studente hulleself beter kan uitdruk. Frank Ntsuntsha voel egter dat Engels baie noodsaaklik is om te verhoed dat die student in 'n vakuum beland, veral ten opsigte van teologiese leesstof by preekmaak en in geval van verdere studie. Hy voel egter ook dat daar vir die ongeletterdes 'n spesiale voorsiening gemaak moet word, aangesien die AOK 'n sterk tradisie het van onafhanklikheid van die geskrewe woord en omdat daar op talle ander wyses gekommunikeer word en geleer word soos deur modellering.

## 6.9 CRICA (CHRIST THE ROCK INDEPENDENT CHURCHES) MINISTRIES

### 6.9.1 Oorsprong en doel

CRICA is 'n ekumeniese organisasie wat 'n drievoudige missie het, naamlik: 1) die wen van siele vir Christus, 2) die opleiding van dissipels in Christus, 3) die terugstuur van opgeleide dissipels.

Die organisasie se ontstaan gaan terug na 'n konferensie van 'n aantal AOK-biskoppe. By dieselfde geleentheid is ook kort seminare aangebied. Volgens Ntsuntsha het baie biskoppe tot bekering gekom (Ntsuntsha, CRICA bekendstellingsdokument, 8). In 1980 het daar 'n versoek gekom dat daar vir die biskoppe 'n organisasie op die been gebring moet word. CRICA word in 1980 gestig.

---

[146] Vergelyk ook die gegewens verskaf in die Mukhanyo Prospektus (sj:10)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



### 6.9.2 Profetiese genesingsbediening

In 'n gesprek met een van CRICA se studente, Zachia Buthelezi, het hy bely dat hy ook eers 'n profeet was wat 'n kragtige genesingsbediening beoefen het, voordat hy tot bekering gekom het. Dit is dan ook die oorwoë mening dat die meeste profete volgens Ntsuntsha eers tot bekering gebring moet word alvorens hulle werklik opgelei kan word. Buthelezi se bekering het gekom toe hy 'n geloofstryd begin ontwikkel het met sy bediening. Volgens Ntsuntsha was Buthelezi een van die welvarendste profete. Hy droom egter een nag dat daar bloed uit die hemel reën en dit was vir hom die teken dat die offerandes van bloed nie meer noodsaaklik was nie, maar dat die Here Jesus se bloed die volkome versoening gebring het. In 'n droom kry hy die opdrag om na 'n sekere man te gaan wat hom die hande oplê en vir hom bid en so kom hy tot inkeer in 1992.

In 1993 toe Buthelezi by Frank Ntsuntsha in die kerk was, voel hy hoe 'n deel van sy profetiese krag hom verlaat. Hy kon hierna nie meer sy genesingsbediening soos voorheen beoefen nie. Hy het bewus geword van 'n kennisvakuum by homself en met die kursusse van Ntsuntsha en die All Africa School of Theology (korrespondensie) het hy sy kennis begin aanvul. Hy het weer 'n genesingsbediening hervat, maar op 'n ander vlak as voorheen. Dit was egter nou minder prominent. Dit word gepaar met lering en onderwysing met sterk evangeliseringsbediening. Talle siekes besoek hom nog, maar hy wil nie meer *isiwasho* gebruik of *muthi* nie. Die siekes versoek dit egter nog van hom, omdat hulle volgens hom vas glo dat hulle iets moet saamvat. Die handoplegging het die stokopleggingsbediening vervang. Dus is daar 'n wegbeweeg van die spiese of stokke van die *isangoma* en ander profete alternatiewelik.

Hy getuig dat hy 'n onversadigbare drang na lering begin verkry het en hom ook geroepe sien om ander profete op die regte weg te lei. Hy getuig ook dat hy elke dag besig is om te vernuwe en nog net van die ou gewoontes beoefen het by gebrek aan die kennis om iets beters in die plek daarvan te verkry. Die bedoeling het egter nou verskil. Sy bediening berus nou meer daarop dat hy diegene hanteer wat genesings by die profete soek, maar nog altyd met 'n geestelike vakuum sit. Volgens hom is dit nie die profeet wat genees nie, maar die Here en wel op sy eie tyd (Volgens gesprekke gevoer met Buthelezi en Ntsuntsha, 1997).

## 6.10 SAMEVATTENDE EVALUERING EN GEVOLGTREKKINGE

### 6.10.1 Dialogiese hantering van verskille in interpretasie en tradisie

Samevattend lyk dit asof verskille in interpretasie en tradisie in teologiese opleiding nie as iets negatief gesien moet word nie, maar iets wat mens in 'n dialogiese onderrigsituasie kan gebruik om ontwikkeling, kreatiwiteit en transformasie te bevorder (Kinsler 1978:170). Dit lyk egter nodig dat 'n student vroeg geleer moet word om konflik konstruktief te hanteer as deel van God se agenda, en hier kan die insigte uit die gedragswetenskappe waardevol wees.

### 6.10.2 Ten opsigte van die metodiek

Ook hoef dosente nie al die antwoorde hê of aanbied nie, maar eerder die studente leer hoe om te dink en self na antwoorde te soek. Die student moet die ewigdurende dialoog en dialektiek verstaan wat daar tussen die Woord en die tradisies aan die gang is (Kinsler 1978:170).

As gevolg van akkreditasie is die gevaar wesenlik dat daar geleidelik oorbeweeg sal word na die metodes van die akkrediterende instansie en dat die elite metodes van die residensiële model uiteindelik van toepassing sal wees.

Ten opsigte van die eksaminering lyk dit asof die institute van kruisbestuiwing gebruik moet maak en van die ander se metodes sal leer. Nehemia blyk op die voorpunt te wees met die ge-

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



bruikmaking van veelvuldige vrae, terwyl TOI se mondelingse eksamen wat ook as leersessie dien, waardevol blyk te wees.

Die geheim van TOE lê in veelvlakkige opleiding, maar dit is feitlik net Mukhanyo wat regtig besig is om hierdie ideaal te verwesenlik. Meer gebruik sou ook gemaak kon word van inheemse metodes soos modellering en moderne visuele materiaal (Kinsler1978:167).

### 6.10.3 Onafhanklikheid en selfvoorsiening

Dit wil ook lyk of TOE aanpassingsprobleme in die Afrika-konteks het en dat daar nie altyd die kontak tussen die dosent en die student is wat verlang word nie. Dit word bemoeilik deur die lang afstande en die feit dat TOE nie altyd so goedkoop is nie. In hierdie opsig sal institute baie meer moet werk in die rigting om finansieel en andersins selfvoorsienend te word. Om te oorleef, sal die opleiding meer relevant moet wees vir die realiteite van die AOK (Talitwala 1987: 16).

### 6.10.4 Spesialisasie

Die vraag het ook opgeduik (by die ekumeniese benadering van TOE in Fambidzano) of die profetiese kerke en die nie-profetiese kerke nie apart gehanteer moes word nie (Daneel 1989:237). In hierdie opsig kan daar meer gedoen word om opleidingsentrums op plaaslike en streeksvlak te ontgin en plaaslike dosente te fasiliteer om by profete betrokke te raak.

### 6.10.5 'n Multidimensionele benadering kom nog kort: 'n Holistiese benadering gevra

Die vraag kan ook gevra word of daar nie meer gespesialiseerde opleiding verskaf moet word vir die profete self nie? Dit is duidelik dat TOE nog 'n lang pad moet gaan om ook meer gekontekstualiseerd en geaktualiseerd te word. Dit is egter duidelik dat hierdie opleiding wel 'n dimensie moet vervat soos wat Ntsuntsha dit ook uitspel in sy beleidsdokument: "Mentally, spiritually, socially and physically."

Wat egter ook nie in opleiding verwaarloos moet word nie is die element van evangelisasie (Ntsuntsha, beleidsdokument, sj:15 en my gesprek met hom.).

### 6.10.6 Ruimte vir verbetering

Die nadele van die korrespondensiemetode het ook duidelik geblyk by die instansies wat korrespondensie-onderrig toepas, naamlik dat studente persoonlike kontak met die dosent en medegroep mis (Griffith 1990-91:51). Die nadele van TOE blyk ook daaruit dat daar tekort aan koinonia kan wees en dat daar nie altyd genoeg gedoen word om dit in groepsverband te ontwikkel nie. Dus kan meer gedoen word met die fasilitering en die aanleer van groepsbeginsels om koinonia te vestig.

Sekere sake soos die evaluering van predikkunde en die karaktervorming kan te kort skiet, tensy nie pertinent moeite daarmee gedoen word nie (vgl Griffith 1990-91:48). Hier kan ook baie meer van formatiewe assessering gemaak word, eerder as die veelvuldige vrae-metode van Nehemia, of die waar/vals-vraag-metode van TOI. Hier kan gekyk word na Christian Life Training (CLT) wat by die prediking van diagnostiese selfevalueringsvraelyste gebruik maak wat later weer aangewend kan word in 'n formatiewe assessering deur die dosent wat die gawes en transformasie van die kandidaat moet bloot lê en assesseer (CLT 2000a:22).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



## 6.11 OPLEIDING IN DIE *INTERNATIONAL PENTECOSTAL CHURCH* (IPC)

### 6.11.1 Die model waarvolgens IPC se opleiding funksioneer

IPC se teologiese opleiding geskied op informele basis en vind plaas wanneer die leraars vir sowat drie geleenthede per week in vergaderings bymekaar kom. Andersyds is daar 'n indiensopleiding wat gedurende eredienste en bidgeleenthede plaasvind. Modise (die "Moemedi,"[147] die *Trooster* of *"Comforter")* het by sowat drie geleenthede in 'n jaar 'n buitepos soos die Jerusalemstad te Oskraal besoek waar daar meer formele opleiding gegee word. 'n Groot deel van die lering draai grootliks rondom die kerkleier se charismatiese persoon.

Hy self was dan ook verantwoordelik vir die meer formele opleidingsessies.

Modise is (na aanleiding van Johannes 16) gesien as *die Een wat gestuur is om hulle in alle waarheid te lei*. Hy deel hulle 'n stuk van die Godheid mee en in hom word 'n stuk van hulle aan die Godheid meegedeel, soos wat een leier dit gestel het. In hierdie opsig lyk dit of hy 'n groot bemiddelende rol het. Tog handhaaf die kerk op die oog af die Drie-eenheid. Dit kan egter nie ontken word dat die Drie-eenheid tog verwring word en dat daar nie baie plek is vir die Heilige Gees nie (Anderson 1992:199).

### 6.11.2 Skolastiese standaarde

Daar is meesal lae skolastiese standaarde soos by ongeletterdes, maar tog is daar diegene wat matriek het en selfs een leier wat oor 'n redelike kennis van Duits beskik en dit selfs kan besig (duidend op 'n vroeëre Lutherse verbintenis). Dit lyk of hulle ook die leierselement verteenwoordig.

### 6.11.3 Baruti of baprofeti?

Volgens my ervaring is daar nie juis profete in die IPC nie, maar hoofsaaklik leraars wat onder die ferme kontrole van Modise gestaan het. Hierdie waarheid is na die tyd bevestig toe ek Anderson se artikel gelees het (Anderson 1992:190).[148] Hulle voel hulleself onmagtig om enigsins iets oor die genesingsbediening te sê. Wat ek tog deurgaans ervaar het, was die klem op wettiese gebruike soos by talle ander pentekostalistiese kerke. Geen rook en drank word toegelaat nie. Tog ontbreek hulle weer aan sterk charismatiese gawes, soos spreek in tale. Hierdie dinge saam met voorouerverering word sterk deur die kerk gekonfronteer.

Die opleiding geskied baie informeel en kan min of meer beskryf word as 'n soort vakleerlingskapopleiding. Daar word ook baie van gebed gemaak.

### 6.11.4 Genesingsbediening

Daar word glad nie van handoplegging gebruik gemaak of enige sang om *geeste* in te roep of in werking te stel nie. Daar is nie soseer 'n diagnose soos by die meeste Sioniste kerke nie. Gebed speel egter 'n belangrike rol. Hierdie gebed vind in die eredienste plaas en daar is tans geen individuele gebede vir siek mense nie, soos in die verlede wel die geval was nie. 'n Vrou het ook

---

[147] *Moemedi* word ook in die IPC met "verteenwoordiger" of *"plaasbekleder"* (*"representative"*) vertaal. Van die lidmate maak baie van die feit dat Modise die *"Comforter"* is. Hy word deur baie lidmate as 'n messias vereer. Modise wil baie van die aannames ontken (Anderson 1992:191, 194). Met my besoek is daar baie deur die baruti gevra na my eie Messiaskonsep. Dit blyk asof hulle na die plasing van Anderson se berig in 1992 begin het om tog meer teologies oor die *messiaanse* konsep te dink. Hulle was egter nog baie geheimsinnig om die werklike feite weer te gee, behalwe dat hulle ook nog na hom (Modise) as die *"Comforter"* of *"Moemedi"* of *"Motsedisi"* (Trooster) verwys het.

[148] Hoewel die IPC nie van profete gebruik maak nie, kan dit tog as 'n profetekerk getipeer word, omdat Modise, selfs na sy aftrede, hoofsaaklik as profeet funksioneer.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



aan my gesê dat genesings alleen deur die bediening van die Woord plaasvind en sy het ook gestel dat die Woord alléén inherente krag het.

Talle mense besoek die Jerusalem-sentrum by Oskraal waar daar baie akkommodasie is. Gedurende die dag word daar daagliks eredienste gehou waarna siekes kom. Hulle getuig van onmiddellike genesings (volgens 'n gesprek wat ek met 'n vrou op die terrein gevoer het). Die een moruti stel dit kategories dat as jy by die hek inkom, dan is jy genees. Baie krag word aan die plek toegeken. As jy net in Modise se teenwoordigheid kan kom, sal jy genees word, was die algemene mening.

Op my vraag of Modise dan self nie ongesteld raak nie, het almal gesê hy was nog nooit regtig siek nie. Mens kry die idee Modise is onaantasbaar.[149]

### 6.11.5 Verdere behoefte aan lering

Die leraars met wie onderhoud gevoer is, voel daar is net een metode om tot die ware kennis van God te kom, al hoewel daar meer as een openbaringswyse is. Daar moet van niemand anders as Modise self, wat die Woord duidelik maak, geleer word nie. Genesings vind deur die Woord plaas en die kennis van die Woord soos hulle hom verstaan, is baie belangrik. Daar word in die kerk feitlik geen gewag gemaak van opleiding by institute nie en dit word ook nie aanbeveel deur die kerkleier nie. En tog meen ek klanke van teologiese opleiding by sommige van die leiers te verneem het wat moontlik uit vorige kerkgroepe dateer, of wat grootliks onderdruk word.

Ten slotte, wat mens ook tref, is die dominerende gesag wat die leiers op grondvlak uitoefen, veral teenoor vreemdelinge. Dit getuig van 'n naïewe, gebrek aan selfkritiek en 'n selfverheffende selfverstaan.

Mens sou ook kon vra of sensitiwiteit in pastorale optrede nie grootliks ontbreek nie en of hier nie die grootste veld tot opleiding is nie? Die veroordelende, uit-die-hoogte-houding van sommige leraars moet lidmate ontmoedig om hulle te nader. Die vraag is inderdaad of die pastoraat veel aandag in die IPC ontvang.

### 6.11.6 Evaluasie

Modise se kerk is van die min kerke wat werklik die ZCC konfronteer, alhoewel een vrou van 'n profeet (nie van die IPC nie) dit stel dat Modise by dieselfde fontein as die ZCC gedrink het en baie van ZCC se geheime oorgebring het. Tog konfronteer hy weer op sy beurt talle ZCC-leiers en tradisionele gebruike soos voorouerverering en wil hy tog die onderskeid tussen toordery en ware genesing uitspel.

---

149 Modise het 'n geskiedenis van 'n siektetoestand. Dit het begin op 5 November 1959 toe hy erge maagpyn beleef het. Hy het baie gesweet en in 1961 het die toestand verder verswak. Weer het sweet die matras waarop gelê het, deurweek. Sodanig het sy toestand agteruit gegaan dat mense gedink het hy is dood en dat rotte aan hom begin eet het. Op 12 September 1962 is hy opgeneem in die Coronation Hospitaal. Dit is my meegedeel dat nege dokters hom dieselfde nag ondersoek het, maar dat hulle nie sy siektetoestand kon diagnoseer nie. Dieselfde dokters het hom die volgende oggend weer tevergeefs ondersoek.

Dieselfde dag het Modise 'n stem gehoor wat hom beveel het om te bid. Hy het gebid. Hy is weer daartoe versoek die volgende nag. Hy is geroep deur 'n visie en toe is hy op die grasdak van 'n huis neergeplaas met 'n sig oor duisende mense. Hy het hy die woorde gehoor: "For the sake of the name of our Lord Jesus Christ." Die Vrydag, 14 September 1962, is hy weer geleer om te bid en sy gebede het hom toe onmiddellik genees. In die loop van die volgende week het hy self 15 mense genees.

Die IPC vier hulle paasfees op 14 September.

Modise het op 14 September 1998 sy afskeidsboodskap gelewer. Dit was na aanleiding van Johannes 16. Dit het daarop neergekom dat Hy (hy) moes weggaan om die Trooster te stuur. Sy preek het gewys op die troosvolle nabyheid van die Heilige Gees wat barmhartig is en wat na die suidpunt van Afrika gekom het sodat mense Hom moet omhels. Dit wil lyk of Modise se afskeidspreek 'n regstelling of nuwe poging was om die Heilige Gees se werk na vore te bring. Die lidmate dring egter alreeds nog daarop aan dat Clayton sy seun die nuwe "Comforter" is (Modise 1998:2-3).

Modise is gedurende 2000 oorlede.

Dit is egter duidelik dat sy "gees van onderskeid" tipies Pentekostalisties is, wat daarop neerkom dat hy ook ander groepe veroordeel wat Westerse medisyne raadpleeg (Anderson 1992: 191). Dit is duidelik dat sy metodes nie altyd Bybels verantwoord is nie, omdat die Skrif nie teen iatrogeniese of biochemiese genesing is nie.

Teologiese opleiding se taak in die geval van die IPC sal wees om die kerk te laat afsien van sy legalistiese verlossingsbegrip. Hierdie het na my ervaring 'n selfverheffende gesindheid by leraars tot gevolg. Tog werp sy bediening vir ons lig op die ontwerp van 'n model vir teologiese opleiding by die profete, omdat hy van baie vormkorrespondensiële gebruike soos handoplegging afstand gedoen het. Dit is duidelik dat hulle nie skroom om baie tradisionele idees en gebruike te konfronteer nie. Ook die rol wat gebed speel sonder die ontvangs van een of ander *muti* of *fetisj* of parafernalia kan as 'n stap in die regte rigting gesien word.

Daar kan egter nog weer vraagtekens oor die genesings wees – of dit nie maar weer magie onder 'n Christelike dekmantel is nie? Dit kan selfs gevra word of die gebed by hulle nie ook magies funksioneer nie. Ook kan mens die stelling krities bejeën dat daar volgens hulle geen werklike genesing in ander kerke, selfs KMWB kan plaasvind nie en dat net hulle klein groepie oor dié sleutels besit.

Myns insiens is die kerk van Modise besig met 'n vernuwende vorm van voorouerverering waar die gevaar dreig dat Modise die bemiddelaar self kan wees. Teologiese opleiding sal in die geval van die kerk van Modise 'n sterk evangeliserende en remediërende funksie moet hê. Tog is hulle huidiglik onbereikbaar vir teologiese opleiding vanweë hulle groot geheimsinnigheid en grootliks geïsoleerde bestaan. Ek wil egter aanvaar dat die leraarsbeen makliker deur 'n multidimensionele opleiding bereik sal word, waar die genesingsbediening nie voorop staan nie.

Die uitdaging sou egter wees om 'n gebedsgenesingsteologie wat Skrifgefundeerd is, in teologiese opleiding aan hulle te leer om hulle verskraalde gebedsgenesing te rehabiliteer. Die kandidate sou dan heel waarskynlik nie meer tuis voel onder die strenge en eisere dissipline van die IPC nie.

## 6.12 OPLEIDING IN DIE *INTERNATIONAL ASSEMBLIES OF GOD* (IAOG)

### 6.12.1 Ontstaan en ontwikkeling

Die IAOG is van die kerke wat uit 'n afskeiding van die hoofstroom van die Assemblies of God (AOG) ontstaan het. Hoewel die AOG dit lank kon regkry om kerklike eenheid oor kleurgrense heen te bewaar, was daar was in die sestiger jare tog 'n skeuring wat 'n swart IAOG tot gevolg gehad het. Anderson (1992:121) beskou hulle as deel van die pentekostalistiese sendingkerke en klassifiseer hulle saam met die AGS. Hy onderskei hulle van die *Indigenous Pentecostal Churches* soos die ZCC en die St John's Apostolic Church, sowel as die IPC van Modise.

Anderson (1992:66) gee toe dat dié kerke nie sonder meer met sy onderskeiding saamstem nie en volgens pastor Samuel Mothobi van die IAOG beskou hulle hulleself as deel van die AOK.

Die Africa School of Theology (Rustenburg) het in 1999 vir 'n jaar lank gesluit as gevolg van wrywing tussen AOG en IAOG met die gevolg dat baie van die studente hulle toevlug tot die Tshwane Teologiese Kollege naby Pretoria geneem het (volgens Chuc Day van die Tshwane Teologiese Kollege). Enkeles het ook by DI uitgekom.

### 6.12.2 Die opleidingsmodel

Volgens pastor Mothobi is die kerk meer oop vir Westerse invloede, insluitend die moontlikhede van teologiese opleiding. Daar word van verskillende institute gebruik gemaak waar verskeie modelle ook gevolg word.

In 1998 was twee dosente en studente by DI verbonde aan die IAOG terwyl baie studente weer van ander kerkgroepe was soos die ZCC, Etiopiese kerke en ander groepe gekom het.

Dit lyk asof hier die interessante verskynsel is van 'n pentekostalistiese kerkgroep is wat baie positief staan teenoor opleiding. Die stelling word verder ondersteun deur die betrokkenheid van biskop T Charema van die AOG wat by Fambidzano op die hoofbestuur is en groot invloed uitoefen op teologiese opleiding en oop is vir ekumeniese samewerking (Daneel 1989:87-89).

### 6.12.3 'n Genesingsbediening

In my omwandelinge en gesprekke met pastor Mothobi het ek gevind dat die IAOG tipies neig om die gebruike te handhaaf van die pentekostalistiese kerke soos genesing deur handoplegging, doop deur (enkele) onderdompeling en die moontlikheid van die spreek in tale. Die IAOG verskil ook vir sover hulle nie van objekte soos water, toue, papier of as gebruik maak nie in die bediening van genesing nie (Anderson 1992:66-67). Hulle beoefen ook nie oproeping van geeste of rituele offers nie. Tog verskil hulle ook weer van die pentekostalistiese kerke soos die AGS. Myns insiens lê die verskil daarin dat die AGS (Apostoliese Geloofsending) en IPC nie oor profete beskik soos by die IAOG nie.[150]

Tog beskou pastor Samuele Mothobi homself as 'n profeet en hy maak daarop aanspraak dat hy baie mense na genesing gelei het. Hy konfronteer die ZCC en Modise se IPC. Dit is as't ware asof hulle daarop aanspraak maak dat hulle die geloofs- en helingsgemeenskap geword het vir diegene wat deur die ZCC en die IPC teleurgestel is. Hy vertel dat baie lidmate deesdae oorloop na hulle weens die stiewe behandeling wat hulle partykeer by die ZCC ervaar. Van die klagtes is dié soos: "... omdat daar by paasgeleentheid vir die duisende nie altyd geriewe of slaapplek is nie." Ook kan die uittogte na Silo (maandeliks) en Moria baie vermoeiend wees.

Baie van die profete het as kinders verbintenisse met die ZCC gehad en kan verhale vertel van misbruik deur profete wat geeste van gestorwe ouers op hulle projekteer asof hulle kwansuis dieselfde geeste oorgeërf het (waarskynlik omdat hulle aan dieselfde genetiese siektes as hulle ouers ly) (na aanleiding van my gesprek met Thabita Peme, die vrou van Peme van die IAOG wat oorlede is tydens die navorsingsperiode). Baie verhale word deur die kerke vertel van siekes wat onder valse *Mabone*[151] ly. Dit is duidelik dat baie lidmate deur valse profete wat gevaarlike metodes gebruik, mislei word en dit die siektetoestande kan vererger.

Dit lyk egter of die helingsbediening minder prominent is as in die ZCC. Hier is dit nie die hoofrede hoekom lidmate aansluit nie (vgl Anderson 1993:20).

Die implikasies vir teologiese opleiding kan soos volg gestel word:

In teologiese opleiding kan studente geleer word om die verkeerde praktyk onder die IPC en die ZCC te konfronteer sonder om noodwendig van hulle lidmate oor te wen. Daar is by dié kerk 'n sterk behoefte om in 'n genesingsbediening verder geskool te word. Veral omdat hulle meer 'n gees van onderskeid openbaar as dit kom by die misbruik wat die valse *Mabone* van genesing maak. Die kerk reflekteer reeds op 'n genesingsbediening en is ten gunste van meerdere kennis met die oog op die ontwerp van 'n meer Skrifgetroue genesingsbediening. Hulle is

---

[150] Elke kerk se siening van wat 'n profeet is verskil. Anderson trek 'n onderskeid tussen die profesie van die Westerse pentekostalistiese kerke en die van die inheemse pentekostalistiese kerke. Eersgenoemde is meer op ekshortasie ingestel en die tweede groep op waarsêery of sienery ingestel (Anderson 1996:126).

[151] *Mabone*: Dit is die meervoud van *lebone* wat letterlik vertaal kan word met "lig" of "siener".

duidelik meer selfkrities as die IPC, veral om hulle verstaan van genesingsbediening te korrigeer.

Die waarde lê hierin dat hulle tog tred hou met die realiteite van Afrika. Hulle minag nie die geloof aan bose geeste en voorouergeeste nie. Hiervolgens beoefen pastor Samuele Mothobi dan ook eksorsisme. Hy getuig dan ook dat die *isangomas* mense wat demonies besete is, baie keer nie kan genees nie, maar dat dié dan verstom staan as sy kerk hulle in die Here se krag en naam persone genees. (Die gegewens stem ooreen met Anderson (1993:21) se weergawe van die pentekostalistiese kerke). Ook lyk dit asof hierdie kerk nie gepreokkupeerd is met die Satan nie. Die uitdryf van duiwels is 'n meer rare fenomeen. 'n Toordokter wat oorkom na hulle kerk, verloor dan ook sy toorgawe, omdat hy in die teenwoordigheid van 'n groter krag kom.

Aan die ander kant is die IAOG ook bewus van die beperkinge van Westerse medisyne en geneeskunde en is hulle nie bereid om hulle lidmate daaraan uit te lewer nie. Genesingsbediening neem dus 'n belangrike plek in hulle kerklike lewe in.

### 6.12.4 Evaluering

Tog wil mens aanvaar dat nie al die beoefening van geestesgawes in teologiese opleiding geleer kan word nie. So is spreek in tale 'n fenomeen wat in die IAOG kerk voorkom. Daar word moontlik te min gemaak van die kontekstualisering van gebruike, soos die rondom die doop en begrafnis. So bevind die doopbad homself in die omgewing van die kerk en nie soos die ZCC by 'n "Jordaanrivier" nie. Die danse en passies deur die IAOG is meer gewyd en minder tradisioneel. Dit kan beide voor- en nadele inhou. Die meer besadigde liturgie moet gesien word as in sekere omstandighede 'n wegbeweeg van die opruiende Afrika-ritmes en wat genesings in die ZCC begelei. Die IAOG stel danse en drome nie as 'n vereiste vir die openbaring van God se genesingskrag nie. Hulle konfronteer dit trouens.

Die pentekostalistiese tradisie by die IAOG toon aan ons 'n meer Bybelbewuste benadering en 'n Bybelse gees van onderskeid. So blyk daar dan ook 'n lyn van profete te wees wat sonder parafarnalia (water en kerse) 'n bediening van genesing beoefen. Hulle openbaar die insig dat dieselfde metodes wat vir verskillende behoeftes en situasies gebruik word, op stereotipes dui en dit word as vals beskou (Anderson 1993:123). Dit doen egter nie afbreek aan die feit dat die gevare van stereotipe metodes nog sou dreig indien handoplegging vir alle siektes en omstandighede toegepas sou word nie.

Ook is die IAOG nie altyd geredelik bereidwillig om die vak Moya te bestudeer wat by Tshwane Teologiese Kollege aangebied word en handel oor die geesteswerking onder die Sioniste nie, omdat hulle laasgenoemde as sinkretisties per se bestempel. In die opsig is die gevaar dat hulle totaal kultureelontkennend kan wees (my gesprek met Chuc Day van Tshwane Teologiese Kollege).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# Hoofstuk 7

# DIE PROFETE-AMP IN DIE AOK

## 7.1 INLEIDING

Drie tipes genesings word in die AOK beoefen: genesing gedurende eredienste, genesing deur onderdompeling wat meer dui op reiniging (gewoonlik in die geval van minder ernstige siektetoestande) en laastens die tipe waarop ons sal konsentreer, die genesing deur die profeet (West 1975:93). Oosthuizen onderskei twee groepe van profete in die AOK, naamlik die van die *abathandazi* (gebedsgenesers) en *abaprofeti* (profete) (Oosthuizen sj:1).

Martin West (1975:96) onderskei die geloofsgeneser, die profeet en die *isangoma*. Die genesing by die eredienste kan direk deur handoplegging geskied en indirek deurdat daar om siekes gedans word, terwyl hulle in die middel plaasneem (West 1985:92). Die plekke waar hierdie eredienste plaasvind, is "heilige plekke." By hierdie geleentheid word daar ook baie water toegedien. Die verwagting hiervan is onmiddellike, ervaarbare genesing.

Die tweede plek waar genesing plaasvind is die "Jordaan." Hier kan genesing ook direk plaasvind, maar die verwagting van die handeling is meesal die van afwering, beskerming en voorkoming. Dit kom ook meer by die Sioniste-groepe as die Apostoliese kerke voor.

Na my wete doop die Sioniste in 'n rivier vir reinigingsdoeleindes en geskied ook meesal by wyse van onderdompeling (in 'n mindere mate in die geval van die *Apostoli* kerke) (West 1985: 95). Becken beweer dat hierdie verskynsel aan die toeneem is en dat baie 'n pelgrimstog onderneem na die Natalse see om daar genesing en reiniging te ontvang (Becken 1987:51-64).

"Genesing" word dus as 'n generiese term gebruik om 'n kompleks van verwante idees en praktyke te beskryf en moet nie in hierdie konteks te eng opgeneem word nie.

## 7.2 DIE ROEPING VAN DIE PROFEET BY AOK

### 7.2.1 Ooreenkomste met tradisionele Afrika-godsdienstigheid (TAG)

Die profeet het sy ontstaan met die ontstaan van die AOK. Mbiti weet nie van enige oorsprong vroeër as dit nie (Mbiti 1969:190).

Die voorouers speel 'n definitiewe rol in die roeping van die profeet. Hierdie hele ervaring van die roeping tot profeetskap gaan ook met die *ukuthwasa*-ervaring gepaard wat 'n psigo-spirituele "siektetoestand" is en wat onder andere as 'n sielestryd manifesteer. Becken beskryf hierdie toestand as om deur 'n gees in besit geneem te word wat oorspronklik deur 'n medium bemiddel is. So word die geroepene in die tradisionele Afrika-godsdiens beweeg om 'n waarsêer te word (Becken 1972:268). Dit is egter nie so dat almal wat die *ukuthwasa*-toestand deurmaak, waarsêers word nie.

### 7.2.2 Roeping van profete soos deur AOK getransformeer

Alhoewel die *ukuthwasa* van die profeet sterk aan die van die tradisionele geneesheer herinner, beskryf Kiev dit as 'n *siektetoestand* waarvan die profeet genees of bevry móét word, in teen-

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



stelling met die tradisionele waarsêer wat veronderstel is om lewenslank in die greep daarvan te verkeer (Kiev 1974:161; ook West 1975:99).[152] Hennie Pretorius verwys in die geval van die Ephesian Church van Transkei na die toestand as 'n vorm van Afrika-spiritualisme wat in die breë sin ook op die gewone lidmate van toepassing kan wees. Pretorius het bevind dat die meer geleerde deel van die lidmate van die KMWB ook die *ukuthwasa* ervaar en dat hulle hul dan tot die profete van die AOK wend vir genesing of bevryding.

Dus lyk dit of die profete van die AOK *ukuthwasa* as siektetoestand aanspreek en GC Oosthuizen (sj:87) se verduideliking kom op dieselfde neer. Hy sien dit nie per se as 'n positiewe verskynsel wat slegs by die profeet voorkom en wat slegs op die roeping van die profeet betrekking het nie. Hy beskryf dit ook as 'n gewone siektetoestand wat byvoorbeeld in die AOK geherinterpreteer word: Jesus self het daarvan gepraat – dat baie aangeraak sal word, maar nie almal sal waarlik profeteer nie.

Die toestand van *ukuthwasa* klaar op as by die kerk genesing verkry word.

Oosthuizen maak ook die onderskeid tussen die Heilige Gees en/of voorouers wat daarop neerkom dat die Heilige Gees ook sonder die voorouers kan roep deurdat Hy "iets swaar op die skouers lê." Dit is 'n verchristelikte *ukuthwasa* wat die pyn in die skouer laat voel (Pretorius 1985:97, Oosthuizen sj:15, 87).

Dus is *ukuthwasa* 'n siektetoestand wat beide negatiewe en positiewe konnotasies het. Pretorius (1985:97) sien dit as 'n siektetoestand wat 'n fase verteenwoordig waarvan die profeet in opleiding verlos moet word. Die vraag kan ook gevra word of hierdie siektetoestand nie psigiatriese, hipnogogiese en 'n hallusinerende ervaring impliseer wat deur baie sindrome onderlê word nie (Cheetham & Rzadkowolski 1980:324).

Prof GM Setiloane verwys na hierdie ervaring weer as 'n bekeringservaring (*go thwasa* Tsw, *uku thwasa Z.)* wat voortvloei uit 'n diep sondebewussyn (Setiloane 1986:192-193). Volgens hom het die Metodiste dié toestand positief bejeën en verklaar dat die visies waarvan lyers agterna soms getuig, van God afkomstig is, alhoewel die toestand lank voor die koms van die sendelinge bekend was. Hy verstaan dit so dat God afdaal na die vlak waarin die mens hom bevind. Setiloane (1986:93) sê verder:

> In the African view one who undergoes *Go/uku Thwasa* within the Christian fold, whether it comes suddenly or over a period of time, by whatever name it may be called, becomes a recipient of the charisma which enables him to serve in a unique way, to preach to prophesy to see visions or to divine.

Verder onderskei Becken vier maniere van roeping:

1) Deur 'n buitengewone natuurervaring soos 'n blitsslag van die weer waardeur die profeet die roepstem hoor.
2) Deur drome en visioene, waarvan drome die algemeenste is.

---

152 In die oorspronklike TAG-gebruik van die begrip *ukuthwasa* wil "thwasa" op siekte dui. Dit hou ook verband met 'n geleentheid of 'n opleidingsfase in die vakleerlingskap van die aspirant-isangoma. So 'n vakleerlingskap kan tot vier jaar duur en word in noue kontak met 'n isangoma deurloop. In hierdie tyd leef die vakleerling in 'n staat van semi-isolasie. Dit gaan gepaard met 'n sterk dissipline van was en eetgebruike, en is baie mediumisties gekleurd.

Volgens Cheetham word siektetoestande soos onder andere die *ukuthwasa* (wat dan met hallusinasies gepaard gaan) gesien as 'n siektetoestand wat die belofte van toekomstige status inhou. Volgens hierdie benadering word die sieke dan prolepties as 'n "healer" gesien wat op sy beurt weer ander se neurotiese en hallusinerende toestande kan behandel (Cheetam & Rzadkowolski 1980: 323-324). Pretorius aanvaar weer dat hierdie toestande geheers het voor die roeping en dat daar dan genesing ontvang is voordat hy 'n profeet word.

Samevattend kan ons aanvaar dat baie AOK die dualistiese bediening al hoe meer eskatologies deurbreek (na aanleiding van my gesprek met prof Hennie Pretorius by Nermic-simposium, 26 Junie 1997). Die AOK-profete verwys siekes (indien daar biologiese oorsake is) na mediese dokters en openbaar al hoe meer 'n spanbenadering.

3) Na 'n wonderbaarlike genesing wat nie aan menslike medisyne toegeskryf kan word nie. So in die geval van Matitta, Shembe, Ma Nku en Modise, asook talle ander wat Sundkler (1976:80-206) in sy boek *Zulu Zion* beskryf.

### 7.2.3 Verskillende roepingsverstaan

Die verstaan van roeping in die AOK moet teen die agtergrond van die tradisionele Afrika-godsdienstigheid geskied. So is dan 'n kontinuum moontlik: roeping deur die voorouers, roeping vanweë voorouer en die Heilige Gees saam en roeping deur die Heilige Gees alleen (Oosthuizen sj:14-15, Pretorius 104:1985). Becken lê ook meer klem op die radikale verandering in die lewe van die profeet en die erns van sy roeping wat sy hele lewe oorheers. Sundkler wys op die *Unkulunkulu*-ervaring by Shembe. Shembe het dit so verhaal: "I was overcome by great fright as I heard his voice."

Toe hy siek word, het 'n *inyanga* gekom om hom te genees, maar 'n stem het gesê: "Jy sal deur God alleen genees word" (Sundkler1976:164). Ons kry hier 'n duidelike diskontinuïteit met die roeping en genesing deur die voorouergeeste. Alreeds as kind was Shembe teen die aanbidding en raadpleging van voorouers, maar by die berg van Nhlangakazi is hierdie standpunt eers verchristelik. Nietemin sou Shembe tog later die vooroueraanbidding in sy kerk duld (vgl Becken 1993:336, Sundkler 1976: 164).

### 7.2.4 Die vorming van die profeet

#### *7.2.4.1 Die tradisionele geneser*

Daar is ooreenstemmende trekke tussen die profeet (AOK) en die *isangoma* (TAG). Ekstatiese ervarings soos die spreek in tale word in beide gevalle as 'n seker teken beskou dat so 'n persoon met die gees van profesie vervul is. Dit dien ook in die meeste gevalle as 'n voorvereiste alvorens sulke persone vir vorming aanvaarbaar is.

Die klem in die opleiding van die tradisionele geneesheer is op afsondering van die familie vir drie jaar, alreeds as kind in die meeste gevalle. Deel van die opleiding is dikwels blootstelling aan uiterste situasies, sodat die kandidaat selfs 'n persoonlikheidsverandering in 'n oorlewingstryd (doodgaan-en-opstaan-ervaring) ondergaan. Daar word in 'n ander stem gepraat en met die stem van die medium gekommunikeer. Ekstatiese ervarings soos die spreek in tale is aan die orde van die dag. Hier word dan ook danse, seën en eetgewoontes beoefen wat alles dien om die staat geestesvervoering aan te help. Dit sluit ook nou aan by die *ukuthwasa*-toestand wat op daardie stadium steeds onderliggend mag wees.

Daneel (1974:225) sien hierin 'n ooreenkoms met die profete se sogenaamde opwarmingseremonies ter voorbereiding van die toestand van geestesvervoering.

By die Azande kan die opleiding met 'n sterwensproses vergelyk word wat die nuweling moet deurgaan en waarin die oue mens afsterf en 'n nuwe mens groei namate die oordrag van kennis vanaf die senior toordokter na die kandidaat vorder (Pritchard 1937:239, 242). Die toestand van geestesvervoering behels dat daar bykans van die eie persoonlikheid afstand gedoen word en 'n ander gees verpersoonlik word. Daar is selfs sprake van 'n geestestransferensie. Soms is hierdie toestand ook onbewustelik (Mbiti 1969:175-176, Smit sj:20).

#### *7.2.4.2 Die profeet*

Die opleiding van 'n profeet verskil heelwat van die tradisionele opleiding van toordokters, geoordeel aan Mbiti se gegewens. Die opleiding van die profeet draai om sy vermoë om te kan diagnoseer (*ukupropheta),* om ook bose geeste uit te dryf en *isiwasho* aan te maak. Dit behels onder andere by die Shona dat die persoon deur 'n erge louteringstydperk moet gaan.

Oor die algemeen verloop die skoling en vorming van die profeet egter binne kerkverband en by wyse van 'n vakleerlingskap onder leiding van ander profete.

## 7.3 DIE GENESINGSBEDIENING (GB) BY DIE AOK-PROFETE

Hoe lyk 'n teologiese raamwerk of teorie van 'n Christelike genesingsbediening teenoor oor die toordery-teorie ("witchcraft theory") waarvan die tradisionele *inyanga* uitgaan?

### 7.3.1 Die onderskeid van magie, toordery en godsdiens

Van Rheenen (1991:215) onderskei *magie* en *toordery* so dat laasgenoemde aangeleer word en altyd bewustelik en uitwendig aangewend word teenoor eersgenoemde wat intern en soms onbewustelik is en oorgeërf word. Die twee stem ooreen vir sover altwee met goeie en slegte bedoelings beoefen kan word. Volgens Shorter is die begrippe vloeibaar en het die Afrikavolke gewoonlik een woord vir altwee (Shorter 1985:99, ook Mbiti 1969:202).

**Magie** en **godsdiens**: Die twee verskil weer in die mate dat eersgenoemde dwang en manipulasie behels, terwyl laasgenoemde meer op die verhoudings toegespits is, aanbidding beklemtoon en meer langtermyndoelwitte daarstel. Hieruit kan mens die afleiding maak dat magie meer met klaarblyklike krag of kragte werk, met korttermynverwagtinge, terwyl godsdienstige genesing meer 'n langdurige en omvattende proses behels (Van Rheenen 1991:218-219). Martin Pauw voeg nog kenmerke by, soos dat magie met die bestryking van die objek plaasvind en dat dit transferensie impliseer. As die doop net 'n simboliese handeling is, wat innerlike reiniging impliseer, dan is dit nie magie nie, maar as dit uiterlike magsvoordele tot gevolg moet hê, dan is dit magie (Pauw 1960:147). Om hierdie rede wil hy dan ook 'n tussengebied van mago-religie onderskei waar die magiese gebruik deur godsdienstige gebruike ingespan word om ander magie teen te werk (Pauw 1960:146).[153]

Ook volgens Shorter se onderskeiding kan mens aanvaar dat magie meesal gebruik word om genesing te bewerk en toordery die teenoorgestelde. Die onderskeiding is egter nie waterdig nie (Shorter 1985:140).[154] Mbiti (1969:191) onderskei tussen bose, goeie en afwerende magie. (Vergelyk ook Oates 1975:157). Wit magie is afgestem op harmoniëring met die natuurlike en bonatuurlike en het om daardie rede 'n meer bevredigende en helende karakter. Swart magie se doel is om die natuurlike en bonatuurlike in te span tot die skade van die ander en het disharmonie en wanbalans tot gevolg.

As W Oates (1975:154-157) suggereer dat alle godsdienste magie bevat, wil mens deels met hom saamstem, maar tog ook van hom verskil as hy dit wil goedpraat, omdat hy nie voorsiening maak vir teologies-normatiewe denke nie. So is daar gedeeltes in die Skrif waar dit lyk of dinamisme goedkeurend beskryf word en die gedeeltes word deur sommige teoloë gebruik om magie te regverdig.

Oates (1975:154) ontken dat godsdiens die teenoorgestelde van magie is. Die teenoorgestelde van godsdiens is nie noodwendig boos nie en geen godsdiens is sonder magie is. Kurt Koch

---

[153] Magie is die tegniek (of selfs "tegnologie") om bonatuurlike magte (en bygelowigheid) te manipuleer om die eie doel te bereik. Magie word normaalweg beskou as onpersoonlike dinamisme, maar daar is ook sekere omstandighede waar magiese handeling en rite vervloei. Dit word vandag ook algemeen aanvaar dat magie organies met godsdiens verweef is.

Die magies-religieuse seremonie kan uit twee dele bestaan: 'n oproep tot 'n godheid of geeste (klesis of epiklesis) en bypassende ritueel (praxis). Dit gaan oor die oorreding van geeste of verskeie vlakke van geeste om jou eie wense uit te voer. Dit kan die gebruike van amulette of offers die meng van substansies en die neersit van voedsel en geestelik geskrifte voor die godheid behels. Of dit kan doodgewoon die projektering van psigiese kragte op 'n persoon of situasie behels (Brown vol. 2, 1978:556).

[154] Evans Pritchard was van die eerste om volgens die Azande te onderskei tussen toordery; waarsêery en goeie magie. "Neither by virtue of privacy in performance nor of destructive qualities is good magic distinghuished from sorcery." Wraak-magie word by die Azande in 'n positiewe lig beskou om iemand wat dood is se dood te wreek (Evans-Pritchard 1937: 388).

(1972:150-151) sien wit magie as die beoefening van magie onder die kleed van die godsdiens. Tog sien hy ook dat daar 'n "magic charming" is wat nie op die vlak van die skadelike magie werksaam is nie en wat bestaan uit amulette wat beskerm teen natuurlike siektes, infertiliteit en natuurrampe.

Die onderskeidings van magie en ware godsdiens ken TAG en die meeste AOK ook nie. Vanuit die perspektief van die AOK is iemand 'n ware profeet as sy terapie werk en as hy reg kan voorspel. Dit word dus grootliks pragmaties, dit wil sê deur die uitkoms daarvan, bepaal. Die gees van onderskeiding is pragmaties en funksioneel. Die toets vir 'n ware profeet berus dus by sy vermoë as waarsêer (Pretorius 1985:104).

Vanuit die Skrif beoordeel wil dit lyk of dinamisme en magie in die begin van die bekeringspad, in die soekende fase, nog verduur kan word, maar dat dit deur die Here Jesus gekorrigeer is, indien nie dadelik nie, dan wel by wyse van transformasie. Hier het ons die voorbeeld van die dissipels wat nog getransformeer moes word. Dit hang saam met die omgewing en die dissipels se siening dat Jesus 'n "wonderwerker" is (Goppelt 1982(1):146). Die sterk klem in die evangelies op die tekens en wonders van Jesus dui ook op 'n naasbestaan van die geloof in God en die geloof aan kragte en die moontlikheid om laasgenoemde te manipuleer (magie).

So byvoorbeeld wil van die dissipels dat Jesus 'n wraak-wonderwerk laat plaasvind om die Samaritane te straf (na aanleiding van Elisa wat die seuntjies deur 'n beer laat verskeur het). Hy het egter nie aan hulle versoeke toegegee nie, om so aan hulle die nuwe liefdesgebod van die evangelie te demonstreer. Ons sien nie net 'n duidelike kontinuïteit tussen Ou Testament en Nuwe Testament nie, maar ook 'n duidelike diskontinuïteit, byvoorbeeld ten opsigte van die inhoud wat Hy aan gebruike van sy tyd gegee het.

Ook het ons die voorbeeld van die vrou wat aan bloedvloeiing gely het en Jesus as magiese geneser gesien het. Jesus laat val die klem op haar geloofsvertroue: "Jou geloof het jou gered." Goppelt (1982(1):153) is hier van mening: "This declaration was not merely an analysis of what happened, but a pronouncement of mercy that *guided* one even further. Her rather ambiguous confidence was not acknowledge as faith, but was *guided* further to real faith in Him."

### 7.3.2 Diagnose (*Ukupropheta*)

#### *7.3.2.1 Ooreenkomste en verskille met TAG*

Die profete se diagnose stem ooreen met die van die tradisionele geneesheer of toordokter vir sover altwee se diagnose totaal op die geestelike terrein ingestel is. Weinig fisiese ondersoek word gedoen (in teenstelling met Westerse mediese benadering wat weer geneig is om op die fisiese alleen te fokus). Sosiale deprevasie en agterstand as die oorsaak vir menige siektetoestande word misgekyk. (Voorbeelde: swak water, higiëne en verbrokkelde familiebande). (Shorter 1985:58-62).[155]

Die diagnose sluit dus in wat gesien word as die oorsake van siekte-toestande soos onvrugbaarheid en epilepsie. In Afrika sluit die genesing die herstel van familiebande in (Daneel 1970: 43,49).

Die terapie van die *nyaka* (Shona: *inganga*) en die profeet vertoon groot ooreenkomste in die Shona-konteks. Die profete in die Suider-Shona-konteks van die kerke van Mutendi huldig egter die siening, volgens Daneel (1970:40-43), dat die Heilige Gees aan hulle die oorsaak van die siekte bekend maak.

---

155 Sosiale deprevasie speel 'n al hoe groter rol in Westerse medisyne, omdat daar die gevaar dreig om net op die organe alleen te fokus

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Volgens Oosthuizen vind ons dat die profete onderling verskil in hulle aansprake oor wie vir die diagnose verantwoordelik is. Verskeie gebruik die kuns van waarsêery of die direkte oproep van geeste.[156] Verskeie maak aanspraak op visies, ander weer op drome. Drome dui meer op inmenging van die voorouers en visies dui op Heilige Gees se betrokkenheid.

'n Derde groep maak, soos Daneel se groep, aanspraak op die werking van die Heilige Gees. Daar is ook dié wat alleen op gebed van die gemeente aanspraak maak (Oosthuizen, ongepubliseerde aantekeninge, sj:32-35).

Dat daar duidelik nuwe inhoudgewing is, is af te lei uit die oorname van sekere gebruike soos die stok in die plek van die spies by die *sangoma* of heilige koorde as plaasvervanger by die Ndaza.

Vernuwende medikamente soos die *isiwasho* (bediening van mengsel van sout, as en water) is gestel in die plek van die *izinkhonkwane* (blitsafwasser) en *izintelezi* (afweermedisyne), ook na aanleiding van Bybelse analoë. Ander gebruike van die medisynedokter word deur die AOK as selfs onchristelik en boos beskryf (Becken 1972:136).

By die profete vind 'n duidelike vul met nuwe inhoud plaas. Dit is af te lei uit die feit dat die sommige profete hulle pasiënte totaal verbied om voorouerоffers te bring en voorouergeeste (*midzimu* (Shona), *amadlozi* (Zulu), *badimo* (S-Sotho)) te raadpleeg. Dit is eerder die geval dat hierdie geeste uitgedryf word, soos by die kerke van Modise en Mutendi (Daneel 1970:41).

In die kerke van Mutendi word alle geeste as boos beskryf teenoor die tradisionele toordokters wat onderskeid maak tussen goeie (*shavi*) en bose (*idlozi*) geeste (Daneel 1970:40). Ons kan dus met Anderson hier saamstem as hy sê: "Prophetic healing therapy in AIC cannot simplistically be equated with traditional divination. The fact that there are so many parallels between the forms of the traditional practise and those of the new prophetic ones does not mean that the content is the same" (Anderson 1996:181).

### 7.3.2.2 'n Bybelse evaluering

Jesus self het die metodes van die geneeshere van sy tyd gebruik soos om op die grond te spoeg, modder aan te maak en so die blinde man te genees. Hy het egter baie verder gegaan as blote genesing deur 'n dieptedimensie daaraan te gee wat alle genesings van sy tyd oortref het. Hiervolgens het Christus bygeloof na 'n ware persoonlike geloof in Hom verander (Goppelt (1) 1982:94,96,153). Sy genesingswonders was nie die uitstal van meganiese spiritualiteit, psigiese vermoë of die manipulasie van kragte nie (Kelsey 1973:87).

Volgens Theron (1982:38) moet daar tog ruimte gelaat word vir die profete wat 'n tradisionele diagnostiese benadering openbaar, maar hulle nie met transferensie besig hou nie (Thorpe 1982:38).[157] Aan die ander kant is dit beter dat hulle begryp dat deur gebed, vas en wag op die

---

[156] By waarsêery word bedoel divinisasie en diagnosering van siektes en lyk meer van toepassing te wees op die valse profeet of toordokter wat van magiese praktyke gebruik maak (byvoorbeeld die gooi van dolosse en die spiritistiese raadpleging van geeste – na aanleiding van Koch 1973:79).

Voorspelling lyk dan iets heeltemal anders te wees. Dit behels onder andere heldersiendheid wat meer dui op 'n spontane gebeure sonder dwang of manipulasie.

[157] Sien onderskeid tussen transferensiemetodes en profetemetodes by aanhangsel, par. 14.3.3.4.1 (p 323) van die eksemplariese stof. Kyk ook voetnote 55. Transferensietoestande by die isangoma en valse profete kom daarop neer dat hulle in diagnose iets ervaar van die siektestoestand van die sieke, asof iets van die sieke se gees. Hierdie ervaring word aangehelp deur danse en rituele (Thorpe 1982:83-84). Van die Temba/Winterveld profete met wie ek onderhoude gevoer het, verteenwoordig tog 'n lyn wat hierdie benadering wil konfronteer. Dit is verder duidelik dat daar ook 'n tussengebied van profete is wat tussen die meer Bybelse lyn van sekere van die Winterveld/Temba profete en die isangoma lê.

Theron (1996:43-44) beskryf hierdie profete as sou hulle die voorouers in die diagnoseringraamwerk inbring, maar dan op 'n verchristelikte wyse. Die bose voorouergeeste word dan gekonfronteer en uitgedryf. Hulle mag selfs van die pasiënt verwag om iets aan die voorouer te offer op grond van die OT, alhoewel hulle daarop aanspraak maak dat Christus die sentrum van hulle geloof is. Alhoewel mens wil aanvaar dat die profeet die sieke vanuit sy leefraam hanteer, is dit nog 'n ope vraag of die sieke nie

Here daar 'n krag groter as die van die isangoma deur die Heilige Gees teenwoordig gestel kan word, wat God se krag in 'n genesingsbediening kan wees. Die eintlike toets blyk egter die liefde van Christus te wees, wat teenoor die diagnoses van die isangoma staan wat met die sondebokbeginsel funksioneer en wat dikwels meer vrees veroorsaak as wat die probleem opgelos word (na aanleiding van Theron 1996:42).

So sien ons Jesus Christus se reaksie na die terugkoms van die dissipels en hulle verbasing dat hulle al die wonders kan doen. Jesus sê: "Wees bly dat julle name in die Boek van die Lewe opgeskrywe staan." Die gawes is nie vir die persoonlike ekstase en bevrediging nie, maar moet die opbou van die liggaam van Christus (diakonia en koinonia) dien en eskatologies gerig wees. (Vergelyk ook Kritzinger 1979:169, Brown 1978(2):560).

## 7.3.3 Beskouing van sonde en siekte

### *7.3.3.1 TAG-denke*

Daar is in die Zulu-wêreld 'n kategorie *natuurlike toestande* wat siektes insluit wat net ontstaan of wat met veroudering te doen het (*ukufa kwabantu*) (Ngubane 1977:22). Daar is ook besoedelingstoestande wat met die dood verband hou. Hierdie toestande kan dinamisties hanteer word, maar normaalweg nie magies nie.

Hiernaas is daar 'n kategorie *onnatuurlike toestande* wat onder meer onnatuurlike siektes insluit. Diagnose daarvan is grootliks gebaseer op die tradisionele denke van toordery en geeste ("witchcraft and whims" – *Umthakathi*). Dit is die siekte wat as deel van die bose werking die verlies aan lewenskrag (*amandla, umoya*) te weeg bring. Shorter is van mening dat die tradisionele denke grootliks ingebed word deur 'n toorderyteorie ("Witchcraft theory"). Dus gaan dit om meer as die bose, maar dit behels die oortreding van groepsreëls en kompetisiegees (Shorter 1985:95). Volgens Mbiti dui enige ongeluk daarop dat verhoudings en balans versteur is.

Toorderyteorie blyk 'n groot invloed uit te oefen op die profete (Mbiti 1969:48,83). 'n Profeet sal byvoorbeeld sê dat 'n bepaalde toestand die gevolg is van hekse *(abathakathi)* wat medisyne op die grond uitgegooi het en iemand se naam uitgeroep het. Toordery as oorsaak kan dan verskeie vorme aanneem soos die van natuurkragte en geestesversteurdheid (soos *amandawe, amafufanyane, izizwe*) (Becken 1972:34). Dit kan ook deur die voorouers veroorsaak gewees het, omdat een of ander stamtradisie of voorskrif van 'n voorouer nie nagekom is nie. Dié wat die meeste vereer word, is dié wat op aarde die grootste invloed gehad het (Ngubane 1977: 51)

Die voorouers word in die tradisionele denke tevrede gestel deur die rituele offerande (Hanekom 1975: 89 en 101). Volgens Maimela (1985:70,74) is daar nie vrees vir die straf in die lewe hierna waar daar voor God te staan gekom gaan word nie. Die vrees is vir die straf wat in die lewe ontvang gaan word vir die verkeerdheid hier gedoen en daarvoor moet hier verantwoording gedoen word by die voorouers en die *isangomas*. Tog word daar in die Zulu-kultuur onderskeid gemaak tussen gevaarlike voorouergeeste en onskuldiges wat weer kan beloon. Alles is egter op hierdie lewe toegespits (Ngubane 1977:51).

---

ook maar probeer versoening (*poelano*) bring en so weer in denke verval waar die voorouer saam met Christus versoening by God bring nie. Christus se versoeningswerk word dan ongedaan gemaak en aan die voorouer word daar dan net soveel krag as aan Christus verleen.

Daar sou egter die skrale moontlikheid kon wees dat die offers in herdenking van die genesing en in dankbaarheid teenoor God gebring kon word, op dieselfde vlak as wat die Westerling 'n huldigingsblyk by die monument van gestorwe geliefde neerlê. Dit lyk tog haalbaar dat sekere van die gebruike verchristelik kan wees en nie noodwendig dui op vooroueraanbidding nie (Theron 1996: 45-46). Verder moet ook in die Westerse Christelike leefwêreld voorsiening gemaak word dat op grond van die gawe van aanvoeling/visie/heldersiendheid en bloot klinies pastorale kennis en begaafdheid diagnoses en evaluerings gemaak kan word wat akkuraat is en die opbou van die van die lidmaat kan dien (Koch 1973:79).

#### *7.3.3.2 By profete*

Kiernan, Daneel en Oosthuizen is van mening dat die Sionistiese profete toordery vuriglik teenstaan. Oosthuizen gee egter toe dat die Sioniste 'n simpatieke magie beoefen. Dit is die gevalle waar daar koorde om iemand se nek gehang word en *isiwasho* (water gemeng met as) beoefen word (Oosthuizen 1987:81). Die tipe magie is dan ook Bybels-hermeneuties geïnspireer.

Toordery is nie net 'n vorm van sondeboksoekery nie, maar ook selfregverdiging en selfredding, volgens A Shorter (1985:96). Dit kom ook in baie van die kerke met Westerse bande (KMWB) voor. Hy sluit egter af met die insiggewende stelling: "Witchcraft theory is backed by authority and derives its power from the fact that it shares in the theory of the community." (Shorter 1985:97).

In 'n pluralistiese samelewing is toorderyteorie besig om te verdwyn, omdat tradisionele mense al meer blootgestel word aan alternatiewe verklarings van rampe en ongelukke. Ook sien ons dat daar al hoe meer verklarings vir 'n ongeluk by die profeet van die Sioniste oorweeg word en dat toordery tog in 'n mate gekonfronteer word.

Sundkler en Becken is egter van mening dat die siening van die profeet nie net gewortel is in die kopiëring van die tradisionele toorderyteorie nie, maar dat daar 'n nuwe invulling plaasgevind het. Hiervolgens het God die hele skepping in sy hand en kom gesondheid van Hom. Alternatiewelik laat hy ook die siekte toe, synde dit dan om te straf en te tug. Daarom is skuldbelydenis so 'n belangrike stap van genesing by die AOK om die gebroke verhouding met God te herstel (Becken 1975:32,42, Sundkler 1961:224).

Dat toorderyteorie teengestaan word en met ander inhoud gevul word, sien ons by Walther Matitta. Hy het sy siekte in die konteks verstaan van Skrifgedeelte oor Bileam wat gestop is om sy bose plan uit te voer deur die spies van die engel. Die spiese van die toordokter word op dieselfde wyse waarskuwings om nie van die toordokter se diens gebruik te maak nie: "Today the spears block the path of evil, the path of serving ancestors and the worthless gods of this world." (Mohono 1991:61 ev.).

#### *7.3.3.3 Bybelse evaluering*

Jesus leer dat die fisieke siektetoestand nie noodwendig 'n sondige oorsaak impliseer nie en dat pyn nie noodwendig vermy moet word nie. Shorter (1985:95) is van mening dat toordery in baie gevalle dualistiese denke verteenwoordig. Dit impliseer dat die hele wêreld opgedeel kan word in die goeie en die slegte. (Swart en wit magie is ook 'n voorbeeld van dualistiese denke).

Dit is egter volgens Tweftree (1986:384-385) belangrik om te besef dat die Here Jesus nie dieselfde onderskeid in die geesteswêreld tref soos wat die Oosterse wêreld dit gedoen het, naamlik dat daar goeie en bose geeste is nie. In hierdie sin moes Hy die beskuldigings deurstaan dat hy deur die mag van Beëlsebul die duiwels uitdryf en dus dualisties te werk gegaan het. Vir Hom was daar nie goeie en bose geeste nie, maar was alle geeste in dié sin boos.

In teologiese opleiding is dit belangrik dat die magiese verstaan van siekte met 'n Bybels-Christelike verstaan van siekte en lyding gekonfronteer sal word. So sal daarop gewys moet word dat siekte en lyding nie toe te skryf is aan magiese benadeling of selfs die noodlot nie en dat niks met die gelowige gebeur buite die wil en voorsienigheid van God nie. Daar sal ook gewys moet word op die eskatologiese hoop, die sin en selfs vreugde in lyding vanweë die liefde van God. Siekte, lyding en dood is deel van die huidige, gebroke bestel. Dit weerspieël grootliks die "nog-nie"-karakter van ons bestaan en die Christelike geloof wat geen utopia in die menslike bestel soek nie, maar ook nie sonder die hoop in lyding verpas nie (Louw 1982:37). Hier is die eskatologiese hoop nie 'n resep of program of 'n klompie tekste wat gedeponeer word nie. Saam word daar eerder na die antwoord in die praktyk gesoek en vir die sieke die geleentheid gegee om sig te kry op God. Die hoop lê daarin dat die sieke so sal groei dat hy tot die gewaarwording sal kom dat God met die troosvolle nabyheid van die Heilige Gees verheerlik sal word deur

Christelike lydsaamheid en gelowige vooruitsig (op die uiteindelike redding) (Louw 1984:37). (Sien ook 14.2.1 –14.2.3.4.3 van die eksemplariese stof).

## 7.3.4 Prediking, gebedsgenesing en die rituele van die *Bapropheti* en *Baruti*

### *7.3.4.1 Tradisionele Afrika-godsdienstigheid*

In TAG gee die waarsêer die opdrag dat 'n ritueel uitgevoer moet word om 'n dier te slag om die voorouers tevrede te stel. Dit kan gepaard gaan met die gee van 'n amulet wat saamgedra moet word of medisyne wat gestrooi moet word as 'n ritueel. Verder kan daar ook 'n stamdans plaasvind met die oog op die opwekking van 'n ekstatiese *trance* by die waarsêer.

### *7.3.4.2 By die profete*

Sing en dans word ook by die *ukupropheta*-diagnose benut om die profeet in staat te stel om helderder te kan sien (Theron 1996:43). Die verskil met TAG lê daarin dat 'n atmosfeer van godsdienstige gewydheid en fokus daarmee tot stand kom.

Die profeet se hantering van die siektetoestand gaan altyd gepaard met gebed. Hier word die krag van God afgebid.[158] In gebed word die oorsaak dan ook aangespreek. Die gebed gaan gepaard met die brand van wierrook en die voorlees van 'n gepaste deel uit Skrif (byvoorbeeld gedeeltes wat na hulle mening die *isiwasho*-gebruik onderbou, die sogenaamde as-woorde).

Die gebed en Bybelwoord is ook by die waterrituele 'n onontbeerlike (Oosthuizen 1987:85). Baie van die rituele kan ook uit sendingkerke se invloed spruit, maar met eie interpretasie en uitbreiding. Daar word selfs nou offers gebring, nie meer aan die voorouers nie, maar aan *Modimo* of *Unkulunkulu* (Becken 1972:138). Daar vind egter 'n fusie plaas met 'n eie nuwe interpretasie.

Daar is verskil in mening by die profete ten opsigte van die sing en dans rondom die sieke. Oor die algemeen dink hulle dit ondersteun die sieke en bring hulle in kontak met die Heilige Gees en/of ander geeste (Oosthuizen, ongepubliseerde aantekeninge, sj:37-42). Kerse help die sien van visies aan. Volgens Oosthuizen word daar by die profete nie soos in die geval van die toordokters 'n heksejagatmosfeer geskep nie. Hulle reageer wel teen die invloede met 'n tipe "geeswegdrywing" of afweerrituele. Hier kom die vlag, soutwater, 'n rituele konstruksie van pale en draad (*letale*) en gebedswater (*meetse a thapelo*) handig te pas (Oosthuizen 1987:81, Hanekom 1975:102).

Daar is diskontinuïteit met TAG vir sover die reinigingsgebruike (*ukuphothula*) wat deur die toordokter uitgevoer is, met 'n dankdiens en die onderhouding van 'n altaar vervang word (Theron 1996:47).

## 7.3.5 Besetenheid en eksorsisme

Die gedagte dat 'n mens se lewe deur bose kragte of geeste beheers of selfs beïnvloed kan word, is 'n idee wat diep gewortel is in die psige van Afrika en neem 'n baie belangrike plek in hulle godsdienstigheid in.

Tradisioneel ken TAG nie so iets as demone nie. Besetenheid is wel 'n bekende toestand, maar dan besetenheid deur bose geeste. In die AOK word besetenheid verstaan as deur bose geeste en demone.

---

[158] Dit moet egter ook erken word dat daar by sommige profete ook 'n aanroep van die voorouergeeste is, naas die Gees van God.

#### 7.3.5.1 TAG-denke

Dit is algemeen dat die *isangoma* in 'n *trance* (beswyming) gaan om mediumisties met die voorouers te kommunikeer. 'n Bemiddelingsposisie word dan ingeneem deur die toordokter. Die rol van medium word aangehelp met dwelmmiddels (byvoorbeeld dagga) en ritmiese musiek. In hierdie staat neem die vooroueergees besit van die *isangoma* en is dit nie meer hy wat veronderstel is om te praat nie, maar die vooroueergees self.

Eksorsisme in TAG geskied meestal deurdat die bose gees deur 'n sterker gees (waarskynlik van 'n voorouer) uitgedryf word.

#### 7.3.5.2 Die verskil by die profete

Dit is reeds op hierdie punt waar die Sioniste-profeet in teorie in 'n teenoorstaande posisie staan. Alhoewel dit in praktyk baie dieselfde lyk, is daar tog grootliks 'n diskontinuïteit met baie van die gebruike en gedagtes van TAG.

Die fokuspunt by die profete is meer om Christus te raadpleeg, onder andere deur gebed en vas. Veral is dit die geval in die eredienskonteks dat Christus in plaas van die vooroueergees 'n plek gegee word. Die openbaring en eksorsisme geskied meestal in die midde van die erediens (Pretorius 1985:153). Daar is egter duidelik van 'n spiritualiteitsbediening sprake.

Daar word in baie gevalle bewustelik nie gebruik gemaak van mediumistiese en divinasiepraktyke nie.

#### 7.3.5.3 Evaluering

Die onwillekeurige vraag is of Christus nie hier as 'n rookskerm gebruik word om tog maar 'n tipe voorouerkultus te beoefen nie. Die vraag is of dit die Gees van die Here is wat in die middelpunt is of dalk die geeste van die voorouers. Is dit 'n Satan in die gedaante van 'n engel van die Lig? Wat gaan werklik in die bewussyn van die "profeet" aan en by diegene wat terapie ontvang? Om op hierdie vraag afdoende antwoord te gee, is haas onmoontlik, veral omdat baie AOK erg geïsoleerd leef en funksioneer.

G van Rheenen tref 'n onderskeid tussen demoniese besetenheid en inspirasie. Hiervolgens is die kenmerke van besetenheid dat dit mediumisties (geesbeheer) is, in 'n ander stem praat en sonder selfbewussyn is. Daarteenoor is die profeet deur die Heilige Gees geïnspireer, selfgekontroleer, self-bewus (by volle bewussyn) en praat hy met eie stem (Van Rheenen 1991:190).

'n Verdere vraag kom na vore by die beplanning van die opleiding van profete en leraars. Moet hulle opleiding daarop afgestem wees om die geloof aan geeste en demone te sekulariseer? Is die oplossing dat hierdie mense gelei moet word om geheel en al van geeste en demone af te sien? In 1923 het Freud dit só gestel: "What in those days were thought to be evil spirits to us, base and evil wishes *were in fact* derivatives of impulses which have been rejected and repressed" (my kursivering) (Oates 1973:258).

'n Antwoord hierop sal wees dat 'n AOK-leraar en/of profeet wat nie aan geeste en demone glo nie, per definisie onmoontlik is en dat 'n sekulariserende teologiese opleiding prakties die gevolg sal hê dat sulke kandidate nie vir 'n bediening in die AOK opgelei word nie, dat hulle trouens vir so 'n bediening ongeskik gemaak sou word.

Hierteenoor kan gevra word of ons nie in die genesingsbediening van die AOK 'n geniale poging het om die bevrydende betekenis van die evangelie in die leefwêreld van Afrika aktueel en betekenisvol te maak nie. Moet die leraar en profeet nie eerder opgelei word om tot 'n teologiese verstaan van siekte en lyding te kom wat inpas in hulle kultureel-godsdienstige konteks en tegelyk bevrydend daarop inwerk nie?

Hier is JT de Jong van Arkel (1987:145) se opmerking interessant as hy sê dat die ongesonde elemente in die benadering van eksorsisme uitgesny moet word: 'We exorcise the unhealthy

elements in these ministries, that we expose these people who degrade these ministries to the level of magic. In order to incorporate them as a specialised field into pastoral counselling." In plaas van so 'n pragmatiese benadering voel ek dat die geloof aan demoniese besetenheid aanvaar word en dat daar op grond van die Skrif 'n teologiese gees van onderskeiding oorgedra moet word.

Van Rheenen wys ook daarop dat die benadering moet wees om die persoon daarop te wys dat die magie altyd gefaal het en hom of haar net vaster gedraai het (Van Rheenen 1991:234).'n Mooi voorbeeld kry ons by die Bybelkor-kursus, *Dikarabo mababi le Badimo*, oor hoe hierdie toedrag van sake in teologiese opleiding aangespreek moet word. Die voorbeeld dui hoe die sieke hom net vaster draai in die web van die toordokter of 'n valse profeet (Ralipedi 1990:18).

### *7.3.5.4 Toestande van besetenheid*

#### 7.3.5.4.1 Toestande, simptome en behandeling

Daar word in die AOK verskeie toestande van besetenheid onderskei. So is daar die *indiki*-besetenheid, om maar een te noem, 'n histeriese siektetoestand wat lei tot kultiese verbinding met die toordokter as dit genees word (Ngubane 1977:143).

Tog moet ons toegee dat daar ook nuwe inhoud gegee word aan die tradisionele geesteswêreld met betrekking tot geestesiektes. Waar die sogenaamde *amandiki*-gees deur die tradisionele toordokter gebruik word om die *indiki*-gees te verdryf, dit wil sê as 'n terapeutiese besetting, sien die Sioniste die *amandiki* ook as 'n demoniese gees.

'n Soortgelyke voorbeeld vind ons in die *umoya*-ervaring (nie dieselfde as die histeriese toestand van die *amandawe* en die *indiki* nie) (Sundkler 1961:227,247). Die profete se *umoya*-ervaring verskil van die *umoya* van TAG vir sover dit 'n sterker en meer persoonlike *umoya* is. By TAG is dit meer animisties en dinamisties.

S Nussbaum en R van der Spuy het in die sending 'n toestand wat as die *siekte van die gees* beskryf kan word, waargeneem: Hierdie siekte word verstaan as dat die sieke onder die mag van een of ander gees van die *badimo* verkeer. Dit gaan gewoonlik met die volgende kenmerke gepaard:

1) Eerstens vertoon dit uiterlike kenmerke soos om nie jouself te wees nie en in 'n waan (*torong*) te verkeer en 'n ander of verskillende persoonlikheid aan te neem. Dit kan ook gepaard gaan met die dra van krale wat aan die nekhare ingevleg is en deur kopdoeke verberg word (Nussbaum 1885:66, Van der Spuy 1995:237-238).
2) Dit kan ook met siektetoestande saamgaan wat ooreenkomste vertoon met vallende siekte, floutes en dit stem ooreen met die *ukuthwasa*-toestand (Setiloane 1986: 44-48).
3) Die toestande kan aangebring word deur wat ek waargeneem het as sang en godsdiensoefening en verslawingsmiddels soos dagga waar die siektetoestand dan manifesteer.
4) Hierdie toestand word behandel deur die *isangoma* deur 'n offer te vra wat opgedra moet word aan die voorouer. (Sien ook eksemplariese stof, par 14.3.3.4.1, p 323, vir behandeling van profete wat verskil met *isangoma*).

#### 7.3.5.4.2 Evaluering

PJ Mostert (1986:87) sê dat waar tradisionele Afrika-godsdienstigheid dominant is, nie juis onderskeid gemaak word tussen die Heilige Gees en die ander geeste nie. Hy wys op die dispariteit van die aansprake by rituele offers en genesings dat verskillende geeste aan die werk is. Hy is egter van mening dat die Heilige Gees-begrip vanuit twee perspektiewe verryk en verdiep word. Dié van die Bybelse begrip en dié van die vol ontologiese lewe in TAG.

Die gebruik van die naam van Christus en Heilige Gees moet volgens Mostert teen die agtergrond van 'n geesteswêreld ("numinous reality") verstaan word wat deel uitmaak van die Afrikaan se werklikheidsverstaan. Dit is dus die omgekeerde van die *isibongo*-gebruik wat tradisioneel ter ere van die koning beoefen is, maar in die AOK tot eer van God beoefen word. Die Heilige Gees word ook volgens Mostert om aan die begrip *moya* verbind, waarmee die lewenskragtige teenwoordigheid van die Heilige Gees geaksentueer word. Die begrip van die Heilige Gees word dus nie nieu-primaal verstaan soos baie Westerse teoloë beweer nie. Die Heilige Gees konfronteer bose geeste en besetenheid en werk bevrydend (Mostert 1986:87).

Dié standpunt skyn egter nie heeltemal die konfrontasies van die profete met die *isangoma*-geeste (byvoorbeeld *amandiki*) en die diskontinuïteit tussen toordokters en profete te verklaar nie. Tog dui dit moontlik op 'n unieke inkarnering van die Heilige Gees in die Afrika-geestesdomein.

Crafford beskou hierdie as iets wat naby aan die evangeliese denke is, maar nie noodwendig die evangelie self nie. Vervolgens Crafford (1993:96): "More elements that are close to biblical thought, can be mentioned ... a sense of the numinous and awareness of the proximity of the spiritual reality." Dit moet egter verder verchristelik word.

Myns insiens neem Mostert (1986:87) hierdie transformatiewe proses nie ernstig genoeg in ag nie. Volgens hom kan die voorouergeeste nooit totaal afgeskud word nie, maar moet daar noodwendig 'n tipe sinkretisme bewerkstellig word.[159] Die vraag is egter of die volle implikasies van so 'n gemaklike sinkretisering van die leer van die Heilige Gees verstaan word. Dit is myns insiens net verrykend as al die geeste as 't ware in besit geneem word deur die een Gees en aan God gehoorsaam gemaak word in die sin van 2 Kor. 10:4. So word die Gees van God 'n werklikheid wat hom met 'n groter inwonende impak manifesteer.

### 7.3.5.5 *Eksorsisme* (phume dimone)

Ofskoon toordery*teorie* iets is wat ons uit Westerse raamwerk aan die beoefenaars toedig, is dit belangrik om te weet dat die betrokkenheid daarby nie op teorie berus nie, maar op ervaring. Dus is dit érváringsrealiteit (Linn & Linn 1981:8). Die gevolgtrekking wat M en P Linn hieruit maak, is dat hulle wat sukses het met eksorsisme, die moet oplei wat nog nie weet nie. Die redenasie is as volg: Dit sou nie baat om profete net teoreties op te lei om eksorsisme te beoefen nie. Die vertrekpunt sou eerder wees om te leer uit die optredes van die wat effektief is daarmee. "Instead it seem necessary that those who have an effective ministry should disciple their followers" (Theron 1987:155). Myns insiens lyk dit egter 'n bloot praktiese oplossing te wees sonder veel teologiese diepte.

Volgens JPJ Theron sal daar 'n dialoog van openheid moet kom. Die refleksie van teorie en praktyk is van albei belang. Dit sal ook nooit as afgehandel beskou kan word nie (Theron 1987: 153, ook Odendaal 1987:115). Dit stem baie ooreen met die hantering van die pasiënt in die beradingsituasie, naamlik: "Should a form of exorcism prove advisable, it should always be conducted with due regard for the feeling and emotions of the person concerned." (Codrington 1987:170).

Aylward Shorter (1975:100-104) meen dat eksorsisme 'n toorderyteorie impliseer en daarom geen ruimte laat vir God se voorsienigheid nie. Daar is dus ook geen vertroue in God en sy skepsels nie. Toorderyteorie vind sy voedingskrag in vrees en gerugte. Dit is in stryd met die leer van die Here Jesus wat gesê het: "Julle het gehoor hulle sê oog vir 'n oog, *maar Ek sê moet julle nie verset nie.*"

Die oplossing is volgens Shorter geleë in die berading met die oog op die herstel van 'n paranoïese samelewing. Die oplossing lê op 'n vlak van die herstelde verhouding met God en met

159 Baie hang natuurlik af van hoe sinkretisme verstaan word. Vergelyk ook p 68.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



die naaste wat nodig is om die dualistiese denke te deurbreek in beide Westerse en Afrika-konteks en om 'n skuif te ondergaan van werklike omgee vir die ander en die geloof in die oorwinning oor die Bose aan die kruis (Shorter 1975:100-104).

Opleiding is van die uiterste belang volgens De Jongh van Arkel (1987:141ev). Volgens hom sal gewaak moet word teen 'n rasionalistiese, sekulariserende benadering en die gevolglike negering van die bo-natuurlike. As iets nie wetenskaplik bewys kan word nie, veronderstel dit nie dat dit nie kan bestaan nie. Dit gaan daaroor dat mense vanuit verskillende dissiplines met verskillende modelle tot verskillende diagnoses kan kom, wat alhoewel dit van mekaar verskil, tóg tot die genesing van die pasiënt kan lei. Daar is verskillende raamwerke waaruit geopereer word: mities, magies, wetenskaplik, opvoedkundig en charismaties.

Dit sal egter altyd vanuit 'n Bybels-hermeneutiese funksionaliteit benader moet word, aangesien baie van die benaderings aan subjektiwiteit grens. Enige benadering sal deur die prosesse van dekodering en enkodering moet gaan. Volgens H Pretorius (1987:107) behels dit dat die sender die boodskap eers moet verstaan soos wat Bybelse intensie was voordat dit oorgedra kan word. Dekodering en eksegese behels dus die verstaanbaar maak in die leefwêreld van die reseptorkultuur.

### *7.3.5.6 Toepaslikheid vir teologiese opleiding*

#### 7.3.5.6.1 Inleiding

'n Mens kan jou blind staar teen eksorsisme, maar 'n profetiese bediening sou uit baie meer as dit moet bestaan. Daar is in die Skrif en in die geskiedenis van die kerk sprake van 'n geleidelike wegbeweeg van eksorsisme na 'n bediening van gebed en vas as alternatiewe metodes wat minder sensasioneel is. Die metodes varieer by die AOK van die slaan tot stryk met die stok deur die *umthandazi* tot minder sensasionele metodes van handoplegging en gebede in die gemeenteopset. (Vergelyk ook ongepubliseerde aantekeninge van Oosthuizen, sj:46). Namate gelowiges se geloofsinsig groei, is daar minder behoefte aan sensasionele of dramatiese handelinge, omdat verstaan word dat God in elk geval almagtig is en dat die bevryding meer 'n spirituele as 'n dramatiese saak is.

Andersins moet mens ook aanvaar dat Bybelse inkantasies in sekere situasies weer die aangewese metode kan wees. Hier het ons Doreen Irvine se geval, soos deur Leahy (1975:154) vermeld. Deur van hierdie direkte metode van eksorsisme gebruik te maak, is verskeie "duiwels" uit die prostituut en duiwelaanbidder, Doreen Irvine, gedryf. Nieteenstaande die feit dat verskeie sienings rondom metodologie bestaan, is verskeie evangeliese kerkgroepe dit eens dat eksorsisme tog meriete het (byvoorbeeld Irvine 1973:1-60).

Ook het Martin Luther se siening vir die Protestante belanghebbende implikasies: "We cannot ourselves expel the evil spirits, nor must we even attempt it" (aangehaal deur Leahy 1975: 137). Hy sê egter dat prediking ook 'n vorm van duiweluitdrywing is. Leahy gebruik dit om sy standpunt te onderbou dat daar eintlik nie plek vir eksorsisme in die Skrif is nie en dat die Skrif dit eerder veroordeel (Leahy 1975:137). Maar in dieselfde asem erken hy ook weer die bestaan van bose geeste as hy Doreen Irvine se vertellinge as gesaghebbend aanvaar (Leahy 1975:154, Irvine 1973:1-60). Die meeste Protestante is dit op voetspoor van Luther eens dat die prediking, evangelisering en gebede gebruik moet word om die bose aan te spreek (Vgl Potgieter 1997:1).

#### 7.3.5.6.2 Evaluering

Ons kan na aanleiding van Hand 16:18 (Paulus se uitdryf van die waarsêergees) volstaan met die stelling dat daar ruimte gemaak kan word vir een of ander bediening van eksorsisme, al sou dit nie heeltemal ooreenstem met die Bybelse vorm nie. Die voorwaarde is dat die boodskap van

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



die ritueel daarop neerkom dat die oorwinning van die Here Jesus oor die bose geproklameer word (Codrington, ongepubliseerde aantekeninge, sj:10).

Die vorm sal in elke konteks kan verskil en verander soos wat die tyd verloop en teologiese refleksie plaasvind. Dit word ondersteun deur die standpunt van E White (1975:58) dat daar nie 'n regte en verkeerde eksorsisme is nie, maar dat dit gaan oor die effektiwiteit daarvan. Dit is volgens hom egter belangrik dat sekere elemente wel teenwoordig sal wees, naamlik die binding van die bose gees, die uitwerp en die opdrag om die omgewing te verlaat. Daar sal in die opleiding egter seker gemaak moet word dat voldoende beveiligingsmaatreëls getref word om al die partye van seerkry te bewaar (White 1975:58).

Myns insiens sal dit in opleiding neerkom op 'n eksousiologie van Christus eerder as 'n demonologie. Daar sal in opleiding meer gekonsentreer moet word op die oorwinning in Jesus Christus, as dat die vorme van eksorsisme moet korrespondeer met die Bybelse vorme.

Ons kan nie van die AOK verwag om hier eenvormigheid van metodes te handhaaf nie, omdat nie eers die evangeliese kerke wat dit beoefen, eenvormigheid handhaaf nie (Codrington 1987:154).

Dus moet daar in opleiding minder klem gelê word op die manier waarop eksorsisme beoefen word en meer klem op skuldbelydenis, vergiffenis, versoening en genesing as 'n proses van totale genesing. Eksorsisme word meer gesien as 'n klein onderdeel van God se bemoeienis met die mens (Theron 1987:157-158). White (1975:53) praat selfs van die Christelike heropvoeding van die sieke (en sy familie) wat deur bose geeste gekwel word.

### 7.3.6 'n Westerse dualisme versus 'n Afrika-holisme

#### *7.3.6.1 TAG se siening ten opsigte van medisyne*

Deur die Westerse medisyne te verwerp, is daar 'n groot ooreenkoms tussen die TAG-denke en die profetiese denke in die AOK (Daneel 1970:44). 'n Ontsteekte blindederm dui volgens laasgenoemde nie alleen op 'n siektetoestand nie, maar waarskynlik ook op 'n versteurde verhouding met God, terwyl die moontlikheid bestaan dat 'n familielid of voorouer ook iets daarmee te doen kan hê, volgens eersgenoemde. Die verwydering van die blindederm los nog nie die versteurde verhoudings op nie. Becken bevestig dit: "Der Afrikaner ist daran interessiert welche tieferen Grunde neben den diagnostizierbaren Symptomen mitschwingen und seine Lebenskraft bedrohen." (Becken 1972:160-161). Om van die vrese ook genees te word, is vir die Afrikamens werklike genesing. Omdat die Westerse mediese model die vrese nie altyd ondervang nie, is daar groot wantroue in Westerse medisyne.

#### *7.3.6.2 'n Ambivalensie*

Die swartman se ervaring van Westerse medisyne is dat die stetoskoop 'n magiese instrument is. Dit is egter ook 'n geval van ambivalensie: aan die een kant is daar agterdog teenoor Westerse medisyne en 'n heilige vrees vir die spuitnaald en aan die anderkant kry ons die heldhaftigheid waarmee die kap van 'n panga verduur kan word (Pretorius 1987:122). In hierdie opsig weet ons ook dat geweldsmisdade tot baie ongevalle of siektetoestande in die swart gemeenskap lei.

Die navorsing te Gelukspan in Botswana het gewys dat die Afrika-mens se verstaan van siektes soos tuberkulose en epilepsie grootliks van die Westerse verskil. Die meeste siektes word met vergiftiging in verband gebring (Bac 1985:48), hoewel vergiftiging ook redelik algemeen voorkom.

Ek het ook gevind dat baie ander siektes soos kindersiekte- en psigiatriese toestande dikwels aan vergiftiging toegeskryf word. Hierdie neurotiese toestande word dan ook baie weer oorgedra op blanke boere en vind jy dikwels 'n diep vrees by hulle dat hulle vergiftig gaan word.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Tog is daar by die TAG, onder die invloed van Christendom, ook verandering te bespeur. Navorsing onder die Zithulele-bekeerlinge in Transkei wat heeltemal geïsoleerd in die TAG-kultuur en -milieu tot bekering gekom het, het getoon dat alhoewel die tradisionele vrese in gevalle van ongelukke nog grootliks daar is, het hulle grootliks van TAG-medisyne wegbeweeg het (Pretorius 1983:40).

## 7.4 SIONISTIESE SIENING VAN GENESING

### 7.4.1 Ooreenkomste met TAG

By die Sioniste is TAG-antagonisme jeens Westerse medisyne grootliks gekontinueer en is dit versterk deur die invloed van die pentekostalistiese herlewing in Suid-Afrika van 1910-1915 en die bydrae van die CCC in Z van John Alexander Dowie wat ook nie ten gunste van mediese genesing was nie. Die TAG-denke het hierdie beginsel gesanksioneer deur te aanvaar dat daar 'n *indiki*-gees op jou rus as jy Westerse dokters gaan raadpleeg. Dus volg hierdie antagonisme die tradisionele patrone van toordery en geeste as oorsake van siektes.

### 7.4.2 Verskille met TAG

Volgens Sundkler is dit nie genoeg om te aanvaar dat oorsake net so oorgeneem is vanuit die TAG nie. Daar is belangrike verskille vir sover dit die *amandiki*-gees betref wat by die tradisionele godsdiens gebruik word om die ander geeste van die histerioniese pasiënte uit te dryf.

Die Sioniste verskil weer in die opsig dat hulle die *amandiki*-gees nie as 'n genesingstoestand sien nie, maar eerder as 'n demoniese toestand. Westerse medisyne is deur baie Sioniste bestempel as *umuthi* (gif) en so is die sieke ontmoedig om die Westerse geneesheer te raadpleeg (Sundkler 1961:226). Alhoewel hier 'n sterk ooreenkoms met TAG is, is daar tog ook fundamentele verskille. Die profete gee 'n ander invulling soos dat belydenis van sonde 'n voorvereiste is vir die ontvang van die genesing (Sundkler 1961:224-228).

Nietemin maak Sundkler die gevolgtrekking dat baie van die Sioniste nog vasgevang is in 'n bose kringloop. Hulle gebrekkige epistemologiese benadering maak hulle blind vir die werklike oorsake (wanvoeding byvoorbeeld in die geval van kindersterftes). Dit alles dui op die aanwending van primitiewe genesingsmetodes (Mbiti 1969:118, Sundkler 1961:237). In my gesprek met prof Hennie Pretorius (1997 te Nermic-konferensie) het hy die mening uitgespreek dat hierdie toedrag van sake grootliks verander het en dat die profete pasiënte met biologiese disfunksies dikwels na Westerse medici verwys.

### 7.4.3 Die oplossing: Die situasie vra om 'n teologiese opleiding wat holisties is en 'n genesingsbediening wat toorderyteorie kan vervang

Volgens Theron (1996:109) vra die situasie, ook in die lig van die voorafgaande, vir 'n bediening van genesing wat profeties is en wat die werkswyse van die *isangoma* kan vervang. Die vernaamste rede daarvoor is die onversoenbaarheid van Christelike beginsels met magie. Die opleiding in 'n Bybelse, holistiese genesingsbediening, met 'n kliniese pastorale dimensie, is dus aangewese vir die AOK se leraars en profete. So iets sal makliker aansluit by die holistiese wêreldbeeld van die AOK as by die soms dualistiese posisie van die Weste (ook Kritzinger 1994:144-145).[160]

---

160 Alhoewel die Christene moderne, wetenskaplike geneeskunde aan Afrika bekend gestel het, het dit 'n kloof tussen gesondheidsorg en godsdiens meegebring. (Vergelyk Kinsler:1978:181).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Kinsler (1978:134) maak ook melding van die opleiding wat verskaf behoort te word en waarvolgens leiers toegerus moet word om hulle lidmate met 'n genesingsbediening te begelei, selfs al verkeer hulle onder Westerse mediese behandeling. Aan die ander kant moet primêre gesondheidswerkers ook toegerus word om die spirituele behoeftes van pasiënte te herken en te erken.

Dat die sending se primêre gesondheidsorg baanbrekerswerk ten opsigte van die mediese opvoeding in Afrika gedoen het, is nie te betwyfel nie. Hiervan getuig die baie tweelinge wat gered is van gewisse ondergang. So ook byvoorbeeld is die getal kindersterftes vanaf 120 na 30 verminder as gevolg van die daarstelling van primêre gesondheid vir kinders in die periode 1979-1985 in die Gelukspanomgewing (Bac 1995:97). Laasgenoemde het egter ook deel uitgemaak van 'n holistiese benadering wat 'n landbouprojek en opvoedkundige instansies, opleidingsinstansies, primêre gesondheidsorgwerkers ingesluit het (Bac 1985:110).

Kinsler (1978:125) maak die voorstel dat die kerk betrokke moet raak by hierdie pogings om so 'n helingsgemeenskap te vorm.

Ten opsigte van die opleiding van die AOK se profete en leraars is dit belangrik dat 'n balans tussen pastorale sorg en 'n profetiese bediening gehandhaaf word (Kinsler 1978:125ev). Dus word daar gedink aan opleiding met die oog op 'n pastoraal-profetiese bediening, terwyl die leraars en profete van die AOK toegerus moet word om ook sinvol by gemeenskapsprojekte betrokke te raak.

Indien daar in die opleiding nie iets aan die verkeerde holistiese siening wat by sommige AOK leef, gedoen word nie, dreig die gevaar dat die TAG-wêreldbeeld wat met toorderyteorie saamhang, sal voortgaan. Dit beteken dat skuld geëksterioriseer word en dat die sieke en sy familie geen verantwoordelikheid nie. Vrouens loop die risiko om geviktimiseer te word as gevolg daarvan dat hulle werksgeleenthede in stede voor die mans wegraap of as gevolg van onderliggende seksuele jaloesie (*umona*). Die skuldige persoon is ook steeds nie geneë om skuld te aanvaar vir sy/haar optrede nie, maar om dit kollektief te maak (Mpolo 1988:41).

Al hoe die negatiewe dualisme van die Weste en die verworde holisme van die AOK deurbreek kan word, is myns insiens deur 'n Christelike *multidimensionele bedieningsopleiding* na te strewe.

Die Wêreldgesondheidsdeklarasie (Declaration of Alma-ata (World Health Organisation) Health of all series No. 1 1983) lê veel klem op opvoeding en opleiding en stel 'n hoë premie op *al* die sektore (6) om deel te neem. Die klem val op komprehensiewe gesondheidsorg. Punt 7. "[Health care] ... relies, at local and referral levels, on health workers, including physicians and nurses, midwives, auxiliaries and community workers as applicable, as well as *traditional practitioners* as needed *suitably trained* socially and technically to work as a health team ..." (soos gekry in Bac 1985:15). Die tradisionele praktisyns sal egter nie gebruik kan word sonder groot aanpassings in eie mondering en deeglike opleiding nie.

### 7.4.4 Weste se siening van genesing: opleiding en magie

Iets soortgelyks aan magie dreig ook in die Weste in die vorm van die *placebo*-verskynsel.[161] Die blindelingse geloof van pasiënte in die persoon van die medikus, medisyne en mediese tegnologie kom met placebo's aan die lig in die sin dat pasiënte dikwels met suikerpilbehandeling

161 *Placebo*: Lett: "Ek sal behaag" (Latyn). In 'n enger sin gebruik vir die verskynsel dat pasiënte positief reageer op medisyne of behandeling wat eintlik geen inherente genesingsvermoë het nie. In oordragtelike sin gebruik om enige terapie of optrede te beskryf wat daarop gemik is om pasiënte of persone goed te laat voel. "The mechanism of the human body are capable of reacting not only to direct physical and chemical stimulation but also to symbolic stimuli." Dit behels aspekte soos die vertrouensverhouding en kulturele betekenisgewing (Easthope 1985:59-67). Dit blyk dat *placebo* negatief en positief ingespan kan word.

gesond word. Op grond hiervan is dit selfs in die geval van werklike medikasie nie altyd duidelik waaraan die genesing toegeskryf moet word nie.

Die wesenlike gevaar is dat die aandag vanaf God as die eintlike Geneser na die mediese wetenskap verskuif. (Dieselfde gevaar dreig natuurlik ook in die geval van geloofsgenesings waar die aandag fokus op die geloofsgeneser). 'n Verdere gevaar is dat die placebo-effek op die lang duur ernstiger probleme kan verberg, omdat die werklike oorsake nie aangespreek word nie.

Die swartman kan dieselfde reaksies openbaar. Die placebo-effek van Westerse medisyne word deur magie versterk, en andersom (Easthope 1985:59-67). Kelsey gee toe dat suggestie genesingskrag mag hê, maar sê dat dit heel selde in die geval van die erg neurotiese persoon werk – dat so 'n persoon se probleme eerder vererger (Kelsey 1973:83).

Vanselfsprekend hou dit betekenis vir die teologiese opleiding van leraars en profete in. Een van die tragiese gebeure was dat alhoewel die Christene moderne medisyne aan Afrika bekend gestel het, dit die gesondheidsorg uit die konteks van geloof en godsdiens verwyder het (vergelyk Kinsler 1978:181). "Scientific ethics can replace the sense of responsibility to God with the antiseptic technique and code of the physician" (Oates 1973:163). Daar moet dus gestrewe word na 'n meer holistiese benadering, maar met God as die onvervreembare uitgangspunt en fokus.

Aan die ander kant is daar 'n daadwerklike gevaar dat Westerse, wetenskaplike opleiding die dinamistiese, magiese statuur van die geneser kan versterk. AS van Niekerk wys op die verskynsel dat dit in Afrika moontlik is om aan beide magie en wetenskap vas te hou, en die twee ook op 'n manier te integreer (Van Niekerk sj:81).

Die teologiese opleiding van geestelike leiers moet hierdie moontlikhede in aanmerking neem. Enersyds moet daar gewaak word teen Westerse dualisme en andersyds teen die inklusiewe, universalistiese holisme van Afrika. Teologiese opleiding moet onder andere op die bevryding en transformasie van die gemeenskap afgestem wees.

## 7.5 EVALUERING VAN AOK-PROFETISME IN BYBELSE PERSPEKTIEF

### 7.5.1 Kontinuïteit tussen profete van die AOK en Ou Testament?

Die vraag is: in watter mate is daar kontinuïteit tussen die profete van die AOK en die Ou Testament? Anderson (1979:180) sê dat volgens die AOK se hermeneutiese verstaan van die Ou Testament daar 'n kontinuïteit tussen die AOK-profete en die Bybelse profetiese tradisie bestaan. Hy is dit self ook simpatiek gesind (wat teen sy pinksteragtergrond verstaan moet word). Hy noem verder dat gehoorsaamheid aan die voorouers in die AOK gelyk gestel word met gehoorsaamheid aan die Woord of opdrag van God self. God kommunikeer nie net deur die Skrif nie, maar God kan ook deur die voorouer praat op dieselfde wyse as wat God met die profete gekommunikeer het in die Ou-Testamentiese tradisie (Anderson 1979:180). Anderson (1991:83) het van Mbiti en JV Taylor die gedagte oorgeneem dat die gesprek met die voorouer nie dieselfde is as mediumistiese aanbidding nie. Hulle verstaan van profetisme is dus in ooreenstemming met die tradisionele kommunikasiestrukture: daar is nooit direkte kommunikasie vanaf die koning na die onderdaan nie, maar slegs deur ondergeskiktes, soos raadgewers, oudstes, ensovoorts.

Gaan kyk mens na profetisme in die Ou Testament, dan vind 'n mens die volgende:

Daar was ooreenkomste met die profesie van die omliggende Kanaänitiese *mahu* en *baru*. Die ooreenkomste het meestal te doen met die uiterlike van die ekstatiese ervaring, soos gesuggereer in die Ou-Testamentiese woord *nabi* (Oosthuizen sj:4). Die vraag kan egter gevra word of die profetiese visioene wat in die Ou Testament ter sprake is, nie net so wel *enstaties* was nie, dit wil sê 'n wegrukking wat diep, persoonlik ervaar word sonder uiterlike vertoon. Dit is in elk

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



geval duidelik dat hulle die openbaring nie deur divinisasie (lees van "tekens", waarsêery, sterrewiggelary en lewerskou) ontvang nie. Sommige teoloë se siening is egter dat die ware profete nie teen ekstatiese fenomene was nie, maar dat die toets daarin geleë was of dit wat aangekondig is, agterna waar bewys is. Verder het die klem by die profete van die Ou Testament meestal op hulle aankondigings geval, of die gerigte wat hulle uitgespreek het.

Die profete van Kanäan moes 'n lang opleidingstyd deurloop en het dit as 't ware as 'n beroep beoefen. Profete in die klas van Jesaja en Amos is weggeroep van 'n normale werk om 'n woord te gaan spreek wat deur God aan hulle gegee of geleer is.[162]

Ook sou 'n mens van die die profete kon sê dat hulle nie 'n eie kultiese groep uitgemaak het nie (soos byvoorbeeld die priesters of Leviete).

Vriezen is van mening dat die geloofwaardigheid van die Ou-Testamentiese profeet nie daarvan afhanklik gemaak moet word of die waarheid gepraat is al dan nie. Die grootste onderskeid tussen ware en valse profesie is dat laasgenoemde met magie en waarsêery gepaard gegaan het (Vriezen 1966(77):198, Young 1957:151). Die valse profeet het ook mediumisties gefunksioneer wat 'n geheime tegniese kennis en vermoë geïmpliseer het (Young 1957:109).

In sy artikel, *Priester und Prophet – amt und Charisma?* maan G Fohrer om versigtig te wees om die term charismaties ongekwalifiseerd net tot die profete te beperk, aangesien daar baie konings en rigters was wat ook oor die gawe beskik het en dat die charismatiese gawes van die profete totaal verskil et van die tegniese en soms ook charismatiese gawe van die priester (Fohrer 1971:270).

Hy is ook van mening dat die priester en profeet amp nie teenoor mekaar gestaan het nie, alhoewel daar 'n oorvleueling in die versoenings- en bemiddelingsfunksie voor God was. Elkeen het 'n spesifieke taak in die gemeente gehad: eersgenoemde, die onderhoud en organisasie van die erediens en laasgenoemde, die proklamering van die Woord (*Ko amar Jahwe*). Daar was dus 'n balans tussen amp en charisma en die twee moet nie teen mekaar afgespeel word nie – die een vloei as 't ware oor in die ander (Fohrer 1971:270).

Vriezen (1977:198) dui ook op die veelstaltigheid van die profetiese openbaringswyses van hoe God Hom tot die profete gerig het. Dit was meesal baie eenvoudig en niks sensasioneels nie. Volgens Vriezen het dit oor die algemeen met 'n stuk lering of die Torah verband gehou, soos kultiese aangeleenthede. Dan was daar ook profetiese uitsprake wat aan die koning in sy persoonlike hoedanigheid gerig is. Die Bybelskrywers het nie in die tegniese aspekte van die visioene belang gestel nie, maar op die Woordkwaliteit daarvan gefokus.

Von Rad (1965:47) maak verder die stelling dat die profete 'n belangrike eksegeties-interpretatiewe rol vervul het. So is die boodskap telkens in terme van die veranderde omstandighede geherinterpreteer (Von Rad 1965:47).

### *7.5.1.1 Slotsom*

Anderson (1992:122) redeneer dat die profeet in die AOK, soos die voorbeeld in die Nuwe Testament, eksorsisme en handoplegging gebruik in plaas van tradisionele rites en medisyne. Kelsey (1973:116) gee toe dat die AOK-profete se genesingsbediening in karakter verskil van die profetiese en apostoliese tyd (Kelsey 1973:116). Dit is trouens duidelik dat die AOK-profete nie op een lyn met die Ou-Testamentiese profete gestel moet word nie, maar dat hulle tog in ooreenstemming met 'n breë Bybelse tradisie optree. Hulle deel byvoorbeeld aan die charismata (wat nie net tot die tydelike ruimte van die pentekostalistiese uitstorting beperk kan word nie). Verder, soos dit aan die apostels gegee is om mense gesond te maak, is daar steeds 'n unieke charisma van genesing wat God vandag aan enige indiwidu kan gee.

---

162 Leer, onderrig is vertaling van die Hebreeuse *tertu*. *Tertu* en *torah* stem weer ooreen, vanweë dieselfde stam. (Young 1957: 110,123, Fohrer 1971:2).

Dit wil dus lyk of Anderson se aanspraak dat die AOK-profete die Bybelse profetetradisie netso voortsit, vergesog is. Verder is hy geneig om die charismata wat in die Nuwe Testament ter sprake is, anakronisties terug te projekteer in die Ou Testament. Hy neem nie in ag dat die profetisme van die Ou Testament geleidelik verander en in die tussentestamentêre periode prakties tot 'n einde kom nie.

Gerhard von Rad maak die stelling dat profetisme soos dit in die Ou Testament voorkom, *sui generis* is. Die oorsprong en ontwikkeling van Ou-Testamentiese profetisme is nie 'n eenvoudige saak nie, in elk geval nie so dat dit sito sito gelyk gestel kan word met die verskynsel van profete in die AOK nie (Von Rad 1965:6). Daarmee word geen uitspraak gelewer oor die wondergenesings en waarheidsgehalte van AOK-profete nie. Vriezen wil trouens dat die Christelike teologie op Bybelse gronde moet ruimte maak vir "een geestelijke realiteit der mystieke ervaring" (Vriezen 1977 (66):247).

'n Mens sou die stelling kon maak dat in dieselfde mate waarin die Ou-Testamentiese profetisme verskil van die omliggende Kanaänitiese profetisme dit ook van die tradisioneel Afrikagodsdienstige funksies of "ampte" verskil (en eweneens met die AOK-profete, in die mate waarin dit met TAG-profetisme ooreenstem).

Dit moet toegegee word dat daar 'n algemene neiging onder AOK-profete bestaan om (vanuit hulle fundamentalistiese Skrifhantering) genesingsrites, -praktyke te implementeer wat volgens hulle interpretasie netso uit die Bybel oorgeneem is (= kopiëring). Dit kan aanvaar word dit met 'n hele stuk dinamistiese, magiese interpretasie gepaard gaan (soos ook uit die Nuwe Testament blyk – die seuns van Skewa). Aan die ander kant kan daar nie sonder meer 'n streep deur getrek word nie, aangesien baie profete juis die magiese verstaan probeer konfronteer.

Dit sou 'n fout wees om die verskynsel van die profeetskap by die AOK aan die formele norm van die Ou Testament of selfs die Bybel te bind. Ons het hier met 'n unieke, eiesoortige saak te doen wat in sy eie konteks en teen sy eie godsdienshistoriese, godsdiensfenomenologiese agtergrond waardeer moet word. Terwyl die profete van die Ou Testament se verkondiging of proklamasie 'n teologies-politiese waardering van sake (gerig en heil) verteenwoordig wat op die toekoms gerig kan wees, is die profete van die AOK meer op sondebelydenis, genesing en die heling van gebroke verhoudings gerig (Oosthuizen sj:3).

## 7.6 TEOLOGIESE OPLEIDING EN DIE PASTORAAT: DIE GEES VAN ONDERSKEIDING

### 7.6.1 Metodologie

Eksorsisme moet nie 'n obsessie word nie. Daar moet afgesien word van die preokkupasie met die bose, onder andere omdat dit ook op 'n eksternalisering van sonde kan neerkom. So word die Bybelse verstaan van sonde en sondevergifnis verwring en gesonde pastoraat bemoeilik. Oordrewe beheptheid met 'n eksorsistiese bediening kan ook dui op 'n dinamistiese, magiese ingesteldheid en mentaliteit.

Dieselfde geld vir die sogenaamde kragbediening. Hoewel dit as 'n gegewe aanvaar moet word dat dinamisme 'n lewende werklikheid by baie swartmense en in die AOK is, moet daarteen gewaak word dat teologiese opleiding 'n magiese ingesteldheid versterk, in plaas daarvan dat dit so 'n ingesteldheid evangelies beïnvloed en kersten.[163]

Daar moet in hierdie opsig by beide Westerse instellings en Afrika 'n paradigmaskuif plaasvind (Oosthuizen 1987:82). Die uitwerk van seminare oor byvoorbeeld aspekte van 'n bediening

[163] Hierteenoor moet weer verwys word na biskop Nyasha wat eksorsisme juis gebruik om magiese gesindhede uit te dryf – vergelyk p 83.

van gebedsgenesing kan prioriteit verdien. Kandidate moet bewus gemaak word van die feit dat ook handoplegging en selfs gebed (laasgenoemde by KMWB) met verkeerde gesindheid misbruik kan word. So word dit dwingend en manipulerend.

Natuurlik is dit so dat handoplegging verskillend deur verskillende tradisies in die AOK geïnterpreteer word en dat daar nie veralgemeen kan word nie (Anderson 1992:122). Die grense van die domeine by die AOK is ook meer oop vir positiewe sowel as negatiewe invloede as by die KMWB waar dit meer rigied is (Bate 1994b:260). Die omgekeerde blyk ook in sommige gevalle waar te wees. Daar sal ook velde wees waar die semeiotiese genesingsdomeine ooreenstem en waar dieselfde betekenisse aan dieselfde simboliese optredes gegee word.[164]

## 7.6.2 Gees van onderskeid as uitkomste

In die ontwerp en ontwikkeling van 'n opleidingsprogram moet die gees van onderskeid een van die pertinente uitkomste wees waarop afgestuur word. In die eksaminering kan die gees van onderskeid aangekweek word deur byvoorbeeld nie net "waar" en "vals" as moontlike antwoorde aan te bied nie, maar eerder veelvuldige keusevrae te vra (onder andere om raaiery uit te skakel). Die refleksie moet ook in die stof opgeneem word, sodat die leiers daarmee kan identifiseer. Dit sou ook belangrik wees om meer as een assesseringsmetode te gebruik. (Sien ook p 265, par 12.2.6.1, vgl ook Finale Model, hoofstuk 12, oor kernkurrikulum, sowel as evaluering by die eksemplariese stof, p 327, par 14.3.4.3.3).

### *7.6.2.1 Ekskurs*

As ons praat van 'n gees van onderskeiding in opleiding, kan die vraag gevra word watter verband gesoek word met 1 Kor 12:7-11 ("... die gawe om tussen die geeste te kan onderskei ..."). In die konteks dui dit op die beoordeling en toetsing ("discerning, differentiating and properly judging") van die profesieë en die lering (Fee 1987:596). Die term "beoordeel" word egter baie meer buigbaar en generies gebruik om te toets wat die bedoeling en gesindheid is by selfs diegene wat wonderwerke doen, omdat die bose geeste ook deur wonderwerke kon werk (Gemser et al 1959: 478).

Paulus se woorde kan in die geval van 'n genesingsbediening by wyse van interpretasie van toepassing gemaak word op die onderskeiding van valse godsdiens en magiese diagnostiek. So byvoorbeeld in die geval van 'n siekte met voor die hand liggende organiese etiologie wat nogtans deur 'n tradisionele geneser geheel en al aan magiese of demoniese oorsake toegeskryf word. Tradisionele genesing sou in so 'n geval afhanklik gemaak word van magiese of magieseksorsistiese prosedures. Die opgeleide profeet behoort daarteenoor in staat te wees om die ware oorsake te onderskei en so 'n persoon tot omvattende heling te lei.

Wanneer geloof en kennis so saamgevoeg en geïntegreer word, is daar ook van charisma sprake. Hierdie charismatiese gawe staan dus nie in stryd met die onderskeiding tussen psigologiese en geestestoestande wat 'n tegniese kennis is en ook op die vlak van die gawe van wysheid kan lê waarmee leraars en profete toegerus kan word nie.

Ook wil hierdie gedeelte ons dit op die hart druk dat daar charismatiese gawes is waarvoor voorsiening gemaak moet word. Die gevaar is dat die gawe wat sommige profete van die Heilige Gees ontvang het om as instrumente tot verlossing en wondergenesings te dien, in die wetenskaplike en rasionele verstaan geïgnoreer word (Koch 1972:301-302).

Die grootste fout wat gemaak word, is om die charismatiese gawes teenoor die intellektuele of leergawes te stel. Hiervolgens sou 'n charismatiese persoon dan ook minder geleerd wees.

---

[164] Semeiotiese genesingsdomein: Dit is die eie simboliese betekenis wat aan 'n sekere handeling gegee word in die onderhawige kultuur, volk of vakwetenskap (Bate 1994b:260).

Ook dat spreek en tale en handoplegging noodwendig charismaties is. Al hierdie wangebruike van die term "charismaties" is volgens Oates (1992:71-72) distorsies.

Teologiese opleiding van die leiers en profete van die AOK moet dus meer charismaties georiënteerd en kerkgesentreer wees (Thompson 1969:271-274). Dit gaan hier egter oor die soeke na balans tussen amp en charisma (Kinsler 1978:126).

Tog sou daar ook die belangrike vereiste wees wat Oosthuizen (1987:169) noem, naamlik dat die geestesgawes altyd in die boesem van die gemeente beoefen word en nie daarbuite nie.

'n Medikus wat sy tegniese gawes in diens stel van die Drie-enige God (en daarmee ook van die die Heilige Gees), sou charisma en tegniese kennis laat integreer en 'n wonderinstrument in God se hande wees. Die twee hoef nie teenoor mekaar te staan nie. In 1 Kor. 12 word trouens melding gemaak van die gawes van wysheid en kennis.

Soos in die eksemplariese stof word ook vereis dat dosente toegerus sal word in opleiding aan die AOK-leraars en -profete:

> In working with a prophetical ministry such as the AIC, room must be made for an operation of the gifts as summed up by Cassidy, D. The gifts mentioned by Paul also summed up by Cassidy are a prerequisite for growth and upbuilding of a church (Eph. 4), (Cassidy 1983:37,166).
>
> Gifts must however be tested and discerned by the fruits of the Spirit and be to the service (diakonia) of the upbuilding of the church. The gifts must be discerned as in the time of Paul against the demonic ecstatic phenomena of the mystery religions. It must not be sensational also (Ridderbos 1978:494).
>
> Diakonia should not contradict charisma. But the charisma must flow (be integrated) into the diakonia (Ridderbos 1978:497). The gifts must be discerned in a balanced reconciliatory and ecumenical perspective like the spirit of discernment at Cassidy, David (see his book "Bursting the wineskins" in this case)."
>
> (Uittreksel uit onderrigmateriaal wat aan studente/dosente verskaf is)

Ware heling het as einddoel om koninkryksbetekenis te kommunikeer eerder as kragontmoeting ("personalistic-charismatic or magical talent") (Ridderbos 1969:66).

### 7.6.3 Onderskei ware en valse terapeutiese rolle

HJ Becken (1993:338) maak die stelling dat die *sangoma* 'n belangrike terapeutiese rol in die tradisionele konteks vervul. Daar word volgens hom te veel klem op aanbidding van voorouers en eksorsisme gelê en te min klem op die werklik terapeutiese rol wat die *sangoma* speel. So laat die sangoma sy/haar pasiënt uitpraat, veral om agter die wortel van die kwaad te kom en om die sieke te sterk. Die *sangoma* het volgens Becken in die lig hiervan moontlikhede om psigoterapeutiese toerusting te ontvang. Hy gee ook voorbeelde waar sulke opleidings met sukses bedryf is.

JPJ Theron (1996:106) se standpunt is dat die profeet eerder die *sangoma* moet vervang, omdat die profeet alhoewel hy van dieselfde visionêre, diagnostiese metodes gebruik maak, dit grootliks met Christelike inhoude vul. Volgens Theron kan die profete selfs meer foutief handel as die *sangoma*, omdat hulle geneig kan wees om 'n preokkupasie met die bose te hê en die gevaar loop om 'n heksejag in die naam van die evangelie op tou te sit. Daarom is dit noodsaaklik dat hulle ook opgelei moet word. Dit is trouens ironies dat terwyl daar al heelwat sukses met die opleiding van sangomas behaal is, daar in teologiese kringe nog weerstand teen profete-opleiding kan wees.

Daar is egter 'n belangrike vereiste wat vir die profete-opleiding geld, naamlik dat 'n bediening van eksorsisme nie 'n gebrekkige pastorale kompetensie moet verbloem nie. Die insigte van die kliniese pastoraat sal ook by die profeet ingeskerp moet word (De Jongh van Arkel 1978:145).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Op grond van die voorafgaande lyk dit vir my asof mens sal moet onderskei wanneer profete werklik Christelik terapeuties besig is en wanneer hulle maar net soos die *sangoma* funksioneer, maar onder die Christelike dekmantel. 'n Belangrike toets sal wees of die profeet onder opleiding bereid is om afstand te doen van transferensiële metodes, dat hy waarlik die vreesbediening verruil vir 'n liefdesbediening van 'n ware Bybelse koinonia. Volgens Theron is daar gevalle waar die magiese metodes verruil word vir 'n dieper, ware sekuriteit wat slegs in die ware God gevind word. Dit is interessant dat in die mate dat hulle meer toeganklik raak vir Christelik-klinies-pastorale insigte (byvoorbeeld koinoniale empatie), in dieselfde mate probeer hulle nie meer om kitsgenesings te soek nie, is hulle bereid om 'n leerkultuur aanvaar en laat hulle die sieke toe om hom-/haarself emosioneel te ontlaai deur opgekropte emosies uit te spreek. So leer hulle wat dit beteken om Bybels geloofwaardig op te tree (Theron 1996:106-107).

W Oates stel ook die vereistes van geslaagde transformasie by die profeet aan die hand van die model van die Bybelse charisma: die inskakeling by koinonia, 'n dankbare teruggee (diens) van die gawe wat ontvang is aan die naaste in nood en geen statusangs (Oates 1992:73-75). (Sien ook die finale hoofstuk en die *kenmerke* van die Temba-Winterveld profete wat besig is om te transformeer, par 12.2.5.2.1, p 260).

### 7.6.4 Integrasie van metodes

UR Onunwa (1986:192) maak melding van die integrerende effek van terapeutiese bediening wat Jesus beoefen het en beweer dat dit ook deur die AOK bereik word. Dit behels liggaam, siel en gees in totaliteit. Onunwa probeer om aan die hand van die dinamisties-magiese teksplaatse in die Bybel gronde te kry vir 'n inheemse genesingsbediening. Volgens hom het openbare belydenisse, soos dat daar slegte gevoelens by familielede was teenoor die sieke, baie waarde en word genesing so aangehelp (Onunwa 1986:192).

Onunwa sê verder dat nie alle Westerse terapeutiese benaderings Bybels korrek en effektief is nie. Dit geld byvoorbeeld vir die advies wat sommige Freudiaanse psigoterapeute aan hulle pasiënte gee. Onunwa pleit vir 'n Bybelse kerstening en reiniging van alle terapeutiese benaderings en metodes, insluitend die tradisionele, sodat dit tot groter nut aangewend kan word (Onunwa 1986:191-194).

Dit lyk egter of Onunwa, soos Mbiti, te veel klem lê op die kontinuïteit tussen Bybelse wondergenesings en te min klem op die elemente wat op diskontinuïteit dui.

### 7.6.5 Onderskei siek en gesonde metodes

W Oates beweer dat daar sekere vorme van godsdiens (of geloof) is waarvan die simbole magies aangewend word vir die diagnosering en hantering van siektetoestande. Hy beskou dit as siek godsdiens of ten minste as siek aanwending van geloof en beskryf dit soos volg:

> Religion becomes sick when the accidents, the uncontrollable events and the inevitable demands of life call for acceptance of changes and responses. He then resorts to placation of evil spirits, magical incantations of the power ... and develops elaborate explanation of his behaviour in terms of the religious symbols he has been trained to use.
>
> (Oates sj:50-51)

Hiervolgens is die kenmerk van 'n siek godsdiens dat al die verantwoordelikheid op God afgelaai word. "Sick religion is correspondingly uncritical self-contained and lacks any measure of humility and teachableness" (Oates 1975:30).

Daarteenoor word ware Christelike geloof nie deur selfbelang gekenmerk nie. Dit fokus ook nie uitsluitlik op een aspek, soos wonderwerke, demoniese besetenheid of iets dergeliks nie (Oates 1975:30-31).

Sielkunde en ander gedragswetenskappe kan as analitiese en verklarende wetenskap help om lig te werp op die verskil tussen gesonde en siek godsdiens. So sal die valse profeet byvoorbeeld een wees wat die verantwoordelikheid van 'n situasie totaal op God, Satan of ander mense probeer afskuif, of wat die oplossing dinamisties of magies sien.

Myns insiens kan magie nooit gesien word as deel van 'n semeiotiese domein van genesing wat vir terapeutiese doeleindes gebruik kan word nie.

### 7.6.6 Samevatting

Volgens GC Oosthuizen (sj:8) is die fout wat die Westerse sendelinge maak, om Jesus as 'n vreemdeling aan die Afrikavolke voor te stel, terwyl sy optrede eintlik baie nader aan dié van die Afrika-mens gestaan het as aan die moderne Westerse. Weliswaar is daar 'n groot diskontinuïteit wat inhoudgewing aangaan, maar die metodiek en vorme stem baie ooreen. Volgens Oosthuizen moet die metodiek nie weggegooi word nie, maar met inhoude gevul word wat vir die Afrika-mens sin en betekenis inhou. Die kragte en die geesteswêreld moet ernstig opgeneem word.

Volgens Linn en Linn (1981:73, 236) is genesingsbediening die aspek van pastoraat wat in teologiese opleiding die heel meeste verwaarloos word. Die belangrikste ten opsigte van opleiding is nie so seer om voorskriftelik te wees ten opsigte van 'n genesingsbediening nie, maar om ruimte te laat vir een of ander vorm van genesingsbediening (wat eksorsisme kan insluit) wat van konteks tot konteks mag verskil, maar wat veral die toets van die Skrif sal moet slaag. Volgens die Skrif is eksorsisme nie in al die gevalle beoefen nie. Daar is 'n inherente ontwikkeling in die Skrif na iets wat minder kits is en eerder prosesmatige gebeure behels. Dit moet nog by die AOK-leiers tuisgebring word.

Samevattend: In teologiese opleiding sal die profeet opgelei moet word om te besef dat die bose kragte wat deur Satan onderlê word, deur die mag van die Here Jesus oorwin word. Die profeet moet hom nie laat verlei om krag met krag, magie met magie te beantwoord nie. As magie ingespan word, kom dit daarop neer dat God ingespan word – die teenoorgestelde van die gebedshouding. "Magic reduces God from an enthroned Lord to a human servant." (Van Rheenen 1991:235). Die Skrif is hieroor duidelik: Paulus het die towenaar Elimas met blindheid geslaan (Hand 13: 6-12). Petrus het die towenaar Simon ernstig vermaan om met die Here Jesus as persoon erns te maak (Hand 8:9-22). Die ware God kan nie gemanipuleer of geforseer word nie. Die insig dat God liefde is en dat geloof in die liefde teenoor God en die naaste sy hoogtepunt vind, sluit so iets uit.

## 7.7 PSIGIATRIESE TOESTANDE

### 7.7.1 Tradisionele verstaan

Oosthuizen handhaaf die standpunt dat die tradisionele kosmologiese ekwilibrium van Afrika grootliks gedestabiliseer is deur moderne ontwikkeling (Pillay 1988:129). Swartmense is ingetrek in 'n Westerse ekonomiese kultuur wat baie individualisties en kompeterend is. Die sosiale en ekonomiese faktore waaraan hulle blootgestel is, werk emosionele en selfs geestelike stres in die hand, en in baie gevalle lei dit tot neurotiese en selfs paranoïese toestande.[165] Mense wat geestelik steeds in 'n tradisionele paradigma verkeer, neig daartoe om die toorderyteorie in sulke omstandighede van toepassing te maak. Die AOK vind in hierdie nuwe konteks 'n vrugbare

---

165 W Bodemer (1986:2) verklaar sulke toestande geheel en al psigiatries. Daar is diegene wat van sy standpunt van stigmatisering van al die *ukuthwasa* en verwante toestande as suiwer psigiatriese toestande, sal verskil en meen hy gaan te ver (Shorter 1985:197). Jongeneel (1991:290) noem skisofrenie pertinent as 'n toestand wat baie by tradisionele genesings ter sprake is.

groeibodem. Die profeet vorm dan deel van die moderniseringsproses van die swartman deur die agterdog, jaloesie, geestelike krisisse van die verstedelikte swartman aan te spreek.

Die toordokters onder die Shona kan maklik agterkom wanneer iemand geestelik versteurd is, alhoewel hulle nie die onderskeid maak tussen neuroses en psigoses nie. Hulle kan ook nie angs diagnoseer wat presenteer in 'n maagseer nie. Hulle is wel in staat om sekere geestesiektes uit te ken en skryf dit aan sekere geeste toe (Kiev 1964:164 ev).

Drie soorte geeste word deur die Shona onderskei: *Muroi* (heksgeeste), *vadzimu* (voorouers), *idlozi* (woede). Verkeerde gebruike van medisyne word deur die Shona aan *Chipoka* (spook) toegeskryf (Kiev 1964:163).

Die *ufufunyane* word gesien as die gees wat later gekom het in die kolonialistiese tye saam met die *indiki*. Eersgenoemde is die toestand van selfmoord, depressie en histerie wat met Westerse institusionalisering en onderwysopleiding gepaard gegaan het. *Indiki* weer het 'n rol gespeel ten opsigte van die mynswartes wat bedreiging ingehou het vir die patriargale tradisie. Dus twee onderskeidings, naamlik dié van tradisionele voorouergeeste se besetenheid en dan vreemde geeste soos hierbo genoem (Ngubane 1977:148-150). Sundkler (1961:248) beskryf die *izizwe*-ervaring as die toestand van spreek in tale.

Die nadeel van die tradisionele en dinamistiese diagnosering van neurotiese toestande is dat die siekes nie verantwoordelik voel vir hulle toestand nie, omdat dit aan hulle voorgestel word dat hulle die prooi van vreemde kragte is.

### 7.7.2 Hantering

Die behandeling wat toordokters in TAG toepas, bevat onder andere elemente van simpatieke magie (Kiev 1964:162) en is meestal op eksteriorisering van oorsake en faktore afgestem.

Volgens Oosthuizen het die profete van die AOK in hierdie omstandighede daarin geslaag om die Afrika-mens terapeuties in terme van sy eie wêreldbeeld te begelei, omdat hy die diagnostiese paradigma en metodes aanwend wat vir die persoon bekend is. Dit is 'n beraad wat Afrika-noutetiese elemente (wat dinamistiese konfrontering insluit) met Christelike elemente kombineer en wat regstelling van verhoudinge tot gevolg het binne die konteks van warmte en opregtheid. Oosthuizen is selfs van mening dat die profetiese gawe wat na die vierde eeu met Montanus verlore gegaan het in die kerk, in die AOK herstel is (Oosthuizen sj:1).

Waar Bodemer geneig is om die meeste van hierdie gevalle as psigiatriese gevalle te sien, is dit waarskynlik meer korrek om te stel dat die basiese oorsaak van die meeste probleme as gevolg waarvan die profeet besoek word, met bestaansnood te doen het. Ook is die profete nie heeltemal sonder begrip vir geestes- en sielkundige toestande nie, alhoewel hulle dit nie in mediese of sielkundige terme verstaan nie. Vanweë hulle *ukuthwasa*-agtergrond ken hulle die pyn van verwerping en depressie wat daarmee saamgaan. Dat hulle genesing ervaar het, maak van hulle instrumente wat ander verstaan en kan bemoedig (Bührmann 1986:108). 'n Mens kan met Vera Bührmann saamstem dat 'n belangrike deel van die profete se genesingsbediening waarskynlik op katarsis neerkom.[166] Die oordrewe vorm van dans vir katarsisdoeleindes blyk egter

---

[166]Katarsis: Emosionele verligting deur uiting van opgekropte gevoelens, gewoonlik in groepsdinamiese verband. Die psigologiese voordeel daarvan is dat die sieke uit isolasie kom. Deur sy belydenis ervaar hy reeds verligting. Die bekendmaak van sy drome kan ook genesing meebring, volgens Bührmann (1986:108). Die dans is ook 'n uitlaatklep. Genesing vind op die vlak van die onderbewuste plaas. Dit is duidelik dat Bührmann by die opleiding van profete in die psigiese-geestestranferensieverskynsel genesingspotensiaal sien. Die benadering is totaal 'n Christus-(gevangene)-van-kultuur benadering.

Kelsey (1973:87) bied ook 'n genesingsteologie aan. Hy sê egter dat Christus nie terapeutiese metodes soos hipnose, psigoterapie, magie of okkultiese magte gebruik het nie. Hy wil ook dat raakgesien word dat sekere emosionele genesings hoogs tydelik kan wees (Kelsey 1973:84). Kelsey se benadering neig weer om in hierdie opsig kultuurontkennend te wees, omdat hy ook alle psigoterapie ter syde stel as nie diensbaar vir die evangelie nie. Andersyds het sy waarskuwings tog meriete.

nie deur al die profete beoefen word nie, in elk geval nie by die grootste deel van die profete van Temba-Winterveld nie.

Ons moet aanvaar dat alle siekte sielkundige, fisiese en geestelike faktore behels. Wat wel ironies is, is dat die gewone mediese dokter of psigiater dikwels geen begrip het van hierdie samehang van toestande nie en steeds probeer om eendimensionele terapie toe te pas. Daarom gebeur dit dat baie swart pasiënte wat deur Westerse dokters behandel is, eers volledige genesing ervaar nadat 'n toordokter besoek is, omdat laasgenoemde dikwels daarin slaag om die vinger op die probleem te lê wat emosioneel of selfs religieus kan wees. Dit gebeur dan soms ook dat Westerse dokters swart pasiënte waarmee hulle nie vordering maak nie en waarvan hulle vermoed die eintlike probleem op emosionele vlak lê, na toordokters verwys. So 'n pragmatiese benadering kan op die kort termyn na 'n oplossing lyk, maar op die lang termyn kan dit egter nog groter probleme tot gevolg hê.

Aan die ander kant word die konteks waarin so 'n genesing plaasgevind het, nie verreken nie. Ook word die nagevolge nie in berekening gebring nie, omdat daar nie na die volledige afhandeling van die proses gekyk word nie (vgl Bate 1994b:252). Die oplossing wat die toordokter bied kan van so 'n aard wees dat dit tydelike verligting bring, maar op die lang termyn geen werklike oplossing bied nie.

### 7.7.3 Evaluering

'n Suiwer Westerse epistemologiese, ontologiese of wetenskaplike benadering slaag dikwels nie daarin om in die tradisionele swart konteks bevredigende genesing te weeg te bring nie. Genesing sal op drie vlakke naamlik die epistemologiese, ontologiese en transendentale vlak gehanteer moet word (Bate 1994b:262). Bate stel hier sy kultuurmodel voor wat impliseer dat daar verskeie semiotiese genesingsdomeine is wat verreken moet word in die verstaan van wat hy "coping healing" noem. Dit beteken dat kultuur as medium en handige instrument vir die verstaan en hantering van genesing aangewend moet word.

Bate gaan hoofsaaklik van 'n godsdiensfenomenologiese hoek uit as hy redeneer dat apartheid en onderdrukking die grootste oorsaak van die fenomeen van "coping healing" was.[167] So gee hy myns insiens nie genoeg aandag aan die sterk tradisionele wortels van toorderyteorie wat 'n siek sosiale samelewing verder benadeel het nie. Hy verstaan ook nie dat genesing anomalieë van sosiale en gesinsverhoudinge moet betrek nie.

Dit lyk dan duidelik dat daar afgestuur word op 'n geïntegreerde genesingsbenadering met 'n multi-dissiplinêre inslag, waar beide Westerse en tradisionele paradigmas verreken moet word (Mpolo 1988:40, Pillay 1988:129). Sommige profete van die AOK het al 'n hele ènt gevorder op hierdie pad en is lankal by "coping healing" verby.

---

167 "Coping healing" is die fenomeen waarvolgens daar genesing aangebied word aan die noodlydendes in 'n oorgangsituasie van intense aanpassings en aanvegtinge. Dit is teen enige vorm van rasionele en wetenskaplike denke. Tegnieke soos emosionele dwang en manipulasie word aangewend. Dit sluit in die verryking van die geneser uit die nood van die sieke ter wille van statusgewin. Dit kan ook in die gevalle waar die geneser aan neurose en psigose ly, aanleiding gee tot verdere ongesonde psigologiese neuroses, psigoses en histeriese toestande, waar dit op die pasiënt geprojekteer word (Bate 1994b:190-190).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# Hoofstuk 8

# DIE BEDIENING VAN DIE GENESING EN TEOLOGIESE OPLEIDING

## Teen die agtergrond van multidimensionele, ekumeniese kerkopbou

## 8.1 'N BYBELSE BEGRONDING

### 8.1.1 Die opdrag: heil vir die hele mens

Die *locus classicus* vir dié genesingsbediening is die van Jakobus 5:14. Ander tekste sou ook aangevoer kon word. Die teks Jakobus 5:14 verskil egter van die ander vir sover dit tekshistories laaste is en ná die periode kom waarin veel van die charismatiese gawes gemaak is. Die opdrag word in hierdie gedeelte nie gerig aan diegene wat oor spesiale gawes beskik het nie, maar aan die amptelike kerk (Kelsey 1973:116). Volgens Kelsey (1973:209) (en Thomas Aquinas se weergawe van die kerklike interpretasie van Jak. 5:14-15) is die opdrag nie altyd uitgevoer nie en het dit in die slag gebly by die interpretasie van die gedeelte as synde dit sou slaan op die sakrament van die sondebelydenis alleen.

Volgens Kelsey vind genesing plaas as daar 'n gesonde sinergisme van geestelike, fisiese en psigiese faktore en kragte is. Die proses kan gefasiliteer word deur ampsdraers wat daarin opgelei is. "Most human problems are a mixture of an inappropriate use of freedom and the play of various psychological, sociological and historic causal factors" (Wicks et al 1985:358). Die mens is 'n geheel van gees en liggaam. Menslike gedrag is die produk van omstandighede en vele vorme van kondisionering. Ook Kelsey (1973:359,375) sien dit so: "With knowledge and preparation we can give such help physically through medicine, emotionally through psychotherapy and spiritually through sacramental action and spiritual direction." Tog was daar ook tye waarin die samehang van die elemente van liggaam, siel en gees minder beklemtoon is en wisselende klem op die onderskeie elemente geplaas is. So is die innerlike koinonia daarvan ontken.

Die Here Jesus het ruimte gemaak vir mediese genesing, maar sy genesing was meer op die vlak van die heling as 'n geheelproses, dus ook redding van die hele mens (Kelsey 1973:117). Alhoewel baie keer onmiddellik, was dit meer toegespits op die proses van 'n holistiese genesing van liggaam siel en gees oor 'n langer tydperk (Kelsey 1973:75,117).

### 8.1.2 Genesing en genesingsgemeenskap

Volgens J Ayers (1998:688) moet daarteen gewaak word om anakronisties en met 'n wetenskaplik-tegnologiese bril na Jesus se wonders te kyk. Die eerste-eeuse Mediterreense kulturele agtergrond waarteen dit afgespeel het, moet deeglik verreken word. Daar kan met hom saamgestem

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



word (vir die doeleindes van hierdie studie in elk geval) dat dit nie nut het om in 'n debat betrokke te raak oor die werklikheid al dan nie van demone nie. Aan die ander kant dui die uitvoerige berigte in die evangelies op die aktualiteit van Jesus se genesingsbediening en die groot behoefte wat dit aangespreek het. In hierdie opsig is daar 'n groot ooreenkoms tussen die samelewing waarin Jesus opgetree het en die samelewing waarin die AOK leef.

Jesus se genesingsbediening het in 'n genesingsgemeenskap afgespeel. Vir die kerk behoort dit as aanmoediging te dien om sy roeping onder andere as 'n *genesingsgemeenskap* in vervulling te laat gaan. In die ware Christelike genesingsgemeenskap is gevare soos die depersonalisasie van die sieke sowel as die uitbuiting van die sieke uitgesluit. AGS Gous, MH Bolkestein en Morton Kelsey noem die volgende kenmerke van die genesingsbediening van Jesus Christus.

- Jesus het selektief genees

Hy het nie almal voor die voet genees nie, maar net sommiges. Daar is nie 'n aanbod of orkestrasie soos by baie van die massagenesingsdienste van ons dag nie.

- Dit was nie sensasioneel nie

Dit het soms in strenge privaatheid soos by die dogter van Jaïrus geskied. Ander kere het Hy diegene wat Hy genees het, vermaan om dit nie rond te vertel nie.

- Dit is deur 'n liefdesmotief onderlê

Hy leer nie doktrine van vergelding en straf nie. Tog is daar gevalle waar sonde en siekte verbind word, byvoorbeeld die man van Bethesda. Daar is nie van strawwende wonderwerke gebruik gemaak nie, in teenstelling met die Ou Testament.

- Daar is nie 'n skeiding tussen natuur en genade nie

Hy het gewone genesing deur dokters erken, asook sanksie en geloofwaardigheid daaraan verleen (Kelsey 1973:125). Genesing is nie net fisies gesien nie, maar ook psigies en geestelik, en is boonop eskatologies verantwoord en verdiskonteer. Die eenheid van die siel en liggaam is gehandhaaf in teenstelling met die Griekse dualistiese denke, in die sin dat lyding nie sinloos is nie, maar geloofsgroei en verdieping tot gevolg het (Bolkestein 1964:35). Dit het saamgehang met die ewige redding en genesing (σώζω) (Kelsey 1973:109).[168] Die siektetoestand van ἀσθενής het nog gewone mediese behandeling benodig, soos in die gevalle van Timoteus en Epafroditos. Timoteus (wyn vir die maag) en Epafroditus word nie deur Paulus genees nie, maar sou ook van gewone medisyne gebruik kon maak.

Hierdie onderskeiding loop verder waar daar 'n normale genesings is (waarvoor die terme θεραπεύειν en ἰάομαι gebruik is en waar medikasie toepaslik is) en sakramentele bediening wat met handoplegging (soms met olie) gepaard gegaan het. Genesing is in elk geval ervaar as komende van die Here. By altwee die genesings is God se werking gesien as die essensiële. Die metodes sou net verskil (Kelsey 1973:114-115, Van der Merwe 1982:47). Daar is dus van 'n veelvuldige metodologie gebruik gemaak, ook deur Jesus. Vandag is die gevaar dat die term θεραπεύειν tot die tegniese bediening van mediese hulp verskraal sou word, terwyl dit in die Skrif die breër verband van diakonia in die komprehensiewe dimensie insluit.

- Die volgorde van prediking, lering en heling is gevolg

Prediking en lering het 'n integrale geheel uitgemaak en is nie los van mekaar gesien nie. Genesingswonderwerke (*terata*) was eintlik prakties-gerigte prediking (*kerugma*). Hy (Jesus Christus) het hulle uit hulle isolasie verlos (Bolkestein 1964:35). Hy het gekom om die verlorenes, die tollenaars, die onreines, die wetties gebondenes te bevry. Daar is dus 'n bevryding uit alle krampagtigheid.

---

168 σώζειν: Red uit gevaar; ongeskonde hou. Die woord word meesal in verband met *geloof* gebruik. "Jou geloof het jou gered (of heelgemaak) (Markus 10:25). Dit word driemaal met *genees* vertaal. In σωτηρία kom die komprehensiewe sin van Christus se genesingsarbeid tot uiting (Jansen 1968:44).

- Dit was nie net fisiese genesing nie

Dit sou verskraling gewees het. In sommige gevalle het Hy eers die sieke se sondes genees en daarna die fisiese toestand (Markus 2:5). Ook by die skynbaar epileptikus, is die gevolgtrekking dat alhoewel dit 'n siekte is wat die gevolg van 'n breindisfunksie kon wees, sonde nooit uitgesluit word nie. Verder kan so 'n persoon onder 'n skuld- of skandegevoel gebuk gaan en kan die demoniese element vir hom/haar 'n werklikheid wees. Heling dra dus ook 'n situasionele karakter (Yamauchi 1986:146).

- Dit neem soms die vorm van die *uitdrywing van demone* aan

Die heil van God het ook ander vorme aangeneem soos die uitdrywing van die demone (Luk. 8:2) (Bolkestein 1964:34). Jesus gaan gewoon uit van die opvattings van sy tyd oor siekte en die oorsake daarvan. Sy roeping was nie die van geneesheer nie, maar as Heiland en Verlosser, en wel van sonde. Ayers (1998) is dus korrek as hy sê dat Jesus grotendeels van die werkswyse van eietydse geloofsgenesers gebruik gemaak het. GH Twelftree wys egter daarop dat die Here Jesus se werkswyse tog verskil en uniek is.

1) Hy gebruik nie inkantasies soos die genesers van sy tyd nie.
2) Hy het nie altyd gebede gebruik soos wat by die Jode gebruiklik was nie.
3) Die kenmerke van sy eksorsisme is die volgende:
    a) 'n Kort formule is gebruik.
    b) Dit is gevolg deur 'n pleit van die demoon om pyn gespaar te bly, of selfs 'n belydenis in die mag van die Here Jesus.
    c) Dit is gevolg deur dramatiese (soms geweldadige) gebeure waarmee die demone hulle verset teen die uitdrywing laat blyk, soos by die varke wat oor die afgrond stort by die besetene van Gadara (Twelftree 1986:386).

Die grootste verskil lê op die gebied van sy gesag (*exousia*) waar Hy die "Ek" gebruik en nie in die naam van 'n ander gesag opereer nie, wat sy metode *sui generis* maak.

- Sy genesingseksorsisme is eskatologies verstaan

Hy het altyd 'n lyn getrek tussen sy genesings en die koms van die koninkryk. Die Heilige Gees het gekom (*eptasen*). Jesus was die eerste wat verband gelê het tussen eksorsisme en die eskatologie. Hiermee het Hy ook die oorwinning en die bind van die ryk van Satan beklemtoon (Twelftree 1986:390).

In die Ou Testament is daar feitlik nie sprake daarvan dat demoniese besetenheid of eksorsisme in verband met genesing by die profete gebring is nie. Abraham bid en die hele huis van Abimeleg word genees. Elisa pas mond tot mond inblasing toe met gebede by die Sunamitiese weduwee se seun. Jesaja gebruik 'n vyekoek by die sweer van Hiskia (Jansen 1968:48).

- Hy lyf die sieke in die helingsgemeenskap in

Die vrou wat aan bloedvloeiing lei wat uit dinamistiese geloofsapriori na Hom kom, word volgens Bolkestein, met haar vreemde geloof en al aanvaar en ingeskakel by die helingsgemeenskap (*familia Dei*) (Bolkestein 1964:37).

Die sakramente kry genesingsdimensie as Hy saam met tollenaars en sondaars aansit by die tafel. Die doop word 'n inlywingsrite in die nuwe helingsgemeenskap.

Die dissipels is verdere opdragte en skoling gegee in hierdie werkswyse en gekorrigeer. Volgens Mat. 10 en Mark. 16:7-20 hou baie van die genesings verband met onderrigopdragte (vgl ook Jak 5:13). Met die verskynings na sy opstanding word geen verdere wondergenesings deur Christus gedoen nie. Die apostels sit hierdie bediening op dieselfde lyn voort. Wat altyd in gedagte gehou moet word, is dat die Here Jesus nooit iemand gedwing het nie om sy genesing te aanvaar of tot bekering te kom nie (Bolkestein 1964:27).

#### *8.1.2.1 Gevolgtrekking*

Genesing het 'n belangrike plek in Jesus se bediening ingeneem, alhoewel dit nie die fokus daarvan uitgemaak het nie. Die fokus het geval op verlossing van sonde en sondegebrokenheid (waarvan siekte onder andere 'n teken was).

Die Here Jesus het niemand gedwing om sy genesing te aanvaar of tot bekering te kom nie (Bolkestein 1964:27). Dit is duidelik dat die Here Jesus se aanslag eenvoudig was, in elk geval nie stereotipies nie, en dat dit tot die kern van sondenood en -skuld deurgedring het.

Wat egter gevaarlik is, is dat die psigoanalitiese benadering en die AOK in dieselfde strik sou trap naamlik om die Skrif anakronisties-subjektief te interpreteer (Yamauchi 1986:146). Die gevolg hiervan is dat siekte en genesing nét gesekulariseer, skiëntifiseer, gespiritualiseer, of geritualiseer sal word.

## 8.2 DIE VERDISKONTERING VAN GENESING EN GENESINGSBEDIENING IN TEOLOGIESE OPLEIDING

Teologiese opleiding kan ons in drie fases onderskei: Die kategetiese fase, die skolastiese fase en die moderne wetenskaplike fase. Die eerste fase van *genesingsbediening* was gedurende die kategetiese fase.

### 8.2.1 Kategetiese fase

Volgens die apostoliese tradisie van Hippolitus moes die doopkandidate 'n eksorsistiese of suiweringsrite in hulle ouerhuis deurloop aan die einde van elke week se instruksie. Voor die doop is 'n finale eksorsisme deur die biskop uitgevoer (Linn & Linn 1981:19). In die tyd van Justinus die Martelaar (165 nC) is eksorsismes te Karthago bedryf wat in die naam van die Here Jesus sonder enige inkantasies en dwelmmiddels plaasgevind het. Dit het in konkurrensie verkeer met die optrede van peripatetiese Nieu-Pythagoriaanse geloofsgenesers (Kelsey 1978:135, Goppelt 1982(1):142).

Burden bevestig die leke se aandeel in die onderrig en die geleidelike oorgang na kategeseskole wat later weer sy beslag in die monastiese model gevind het (Burden 1983:118). Daar was ook 'n opleiding in genesingsbediening wat oor drie jaar gestrek het. Die gebed het sterk klem ontvang, veral die "Onse Vader". (Laasgenoemde het groot invloed uitgeoefen op kerkvaders soos Tertullianus en Ambrosius). Geleidelik het die opleiding egter al meer 'n kategeties-teologiese opleiding geword waarin die klem meer op die sakramentele oorlewering begin val het as die kontinuering van genesingsbediening (Kelsey 1973:135).

### 8.2.2 Die skolastiese model van opleiding

Deur die katedraal- en kloosterskole van die Middeleeue het die skolastiek sy beslag gekry. Dit het ook die grondslag vir die universiteite van die moderne tyd gelê (Burden 1994:119).

In die skolastiek is uitgegaan van die kontinuïteit van natuur en genade. Teoreties moes dit die gevolg hê dat wetenskap en geloof nader aan mekaar sou staan. Tog het dit net die teenoorgestelde uitwerking gehad, omdat die wetenskapsbeskouing van Aristoteles aanvaar is en wetenskaplike genesing is al hoe meer gesien as in stryd met goddelike genesing (Kelsey 1978:281). Dit neem egter nie weg dat die Middeleeue 'n tyd was waarin eksorsisme algemeen aanvaar en beoefen is nie. Ongelukkig het dit aangesluit by 'n verdere skolastiese beginsel, naamlik die van vergelding en straf. Aan sielsiek-pasiënte wat nie deur eksorsisme genees is nie, het 'n haglike lot toegeval. Die wydverspreide gebruik om hekse uit te snuffel en te verbrand, hou ook daarmee verband en dui op 'n dinamisties-magiese wêreldbeeld wat selfs in die amptelike opvattings

van die kerk gegeld het. Dit kan aanvaar word dat baie van die sogenaamde hekse niks meer gedoen het as om volksmedisyne toe te pas nie.

Dit wil voorkom of daar in die kerk van dié tyd 'n soort genesingsbediening beoefen is,[169] maar dat dit sakramentalisties was en in elk geval nie in die hoër amptelike kringe toepassing gevind het nie. Verder is daar nie altyd daarin geslaag om tussen goddelike wonderwerke en die magie te onderskei nie. Sodoende is baie goddelike genesing onder die kader van die magie nietig verklaar en baie magie onder die kader van wonder verheerlik (Kelsey 1973:286). Dit het in die praktyk in die Rooms-Katolieke Kerk daarop neergekom dat daar 'n groter gaping tussen die klerus en die leke gekom het soos wat hulle verder van die nood verwyder geraak het (Kelsey 1973:233).

Die Gereformeerdes het in reaksie teen die Anabaptiste en die Kwakers oorreageer en sakramentele genesing heeltemal uitgeskuif (Kelsey 1973:234). Calvyn was van mening dat die genadegawes van gesondmaking opgehou het (Gous 1984:65). Die Gereformeerdes se houding was meer soos dié wat vir Petrus se bevryding gebid het. As dit waarvoor hulle gebid het, inderdaad gebeur het, was hulle so stom geslaan dat hulle dit moontlik aan ander oorsake toegeskryf het. So byvoorbeeld was Martin Luther se gebede by Melanchthon so 'n ervaring.

Teen die 17de eeu met die Aufklärung en die geleerdheid wat hieruit gevolg het, is wetenskaplike genesing teenoor geloofsgenesing gestel. Hier het geloofsgenesing in die slag gebly toe dit saam met magiese genesing by die deur uitgegooi is.

Hierteenoor staan die benadering van Richard Baxter wat in Gereformeerde kringe 'n genesingsbediening toegepas het. Alles dui egter daarop dat hy net een metode gehad het wat hy in alle situasies gevolg het. Sy metodiek word in die werk *Reformed Pastor* (1656) uiteengesit (Hiltner 1954:44). Sy hantering van gevalle het nie voorsiening gemaak vir empatiese hantering van die geesteskrankes nie, trouens, sulke gevalle het hy konsekwent gediagnoseer as duiwelse aanvegtinge. Sy teologie was grootliks onderlê deur 'n dualistiese denke oor die stryd tussen die goeie en die bose (Macdonald 1982:110). Veral het Baxter uitgevaar het teen die Kwakers, die Metodiste, Baptiste en die Rooms-Katolieke, omdat hulle aanspraak gemaak het op suksesse met geestelik siek pasiënte na bekering en vernuwing (Macdonald 1982:117).

In 1681 was daar in die Anglikaanse Kerk nog oproepe tot gebed en vas vir mense in melankolie, maar die gebruike van gebed, vas en moontlike eksorsisme is herroep namate sielkundige verklarings van sulke toestande aanvaar is (Macdonald 1982:119). Weereens het die pendulum weggeswaai van die geestelike kant na die sogenaamde wetenskaplike kant. So is die holistiese visie weer verloor, onder andere omdat die mediese wetenskap al meer gefragmenteer geraak het namate spesialisering ingetree het.

#### *8.2.2.1 Evaluering*

Goddelike genesing is gaandeweg al meer onderbeklemtoon en die sondevergiffenis as sakrament wat net deur die klerus bedien kon word, is in die plek daarvan gestel. Die sakramente het egter vanweë 'n *ex opera operato* verwagting prakties baie na aan magie uitgekom of dit het vanweë 'n verkeerde eskatologiese verstaan daartoe aanleiding gegee het dat alles op die toekoms geprojekteer is en die huidige smart geïgnoreer is. Simboliese kommunikasie het aanleiding gegee dat die praktyk al hoe verder van die teorie te staan gekom het. Die prediking is ook op die agtergrond geskuif. Teologiese opleiding is losgemaak van die bediening van genesing (Burden 1994:119). Dit was die tyd dat die teologiese waarhede eendersyds gesistematiseer is, maar andersyds in wysgerige en dogmatiese terme gekategoriseer ("ge-straitjacket") is.

---

169 Hier word byvoorbeeld gedink aan 'n plek soos Lourdes in Frankryk wat bekendheid verwerf het vir wondergenesings en waar die RKK van vroegsaf 'n soort genesingsbediening toegepas het.

So veel as wat die AOK sukkel om in hulle genesingsbediening die dualisme van die goeie en die bose te oorkom, so min slaag die Westerse opleiding daarin om aan sy skolastiese erflating van (meganiese) oorsaak en gevolg te ontkom by die opleiding met betrekking tot die hantering van byvoorbeeld die geestelik-ontwrigte lidmaat (Kelsey 1973:114). Hier het die Westerse gesekulariseerde entoesiasme vir die wetenskap en tegnologie en 'n geneigdheid om die spirituele en kulturele konteks te negeer, gelei tot iets wat nogal met demoniese magie vergelyk kan word. Dit staan teenoor die Bybelse geheelperspektief (Odendaal 1982:36). Die swaard sal dus na twee kante moet sny, beide in Afrika- en Westerse teologiese opleiding.

Die vraag is egter in watter mate die Westerse opleidingsinstansies ontkom het aan die skolastiek. Volgens Kelsey (1973:220) bepaal die skolastiese paradigma nog grootliks die optrede teenoor en hantering van sielsieke pasiënte. Dit was grootliks geskoei op die skolastiese ontkenning of praktiese ignorering van wondergenesing (laasgenoemde veral in die dispensasie-teologie) (Kelsey 1973:220).[170] Kelsey (1973:224) gaan so ver as om te sê dat daar tans geen kerk is wat oor 'n holistiese genesingsbediening beskik en wat die opdrag in Jakobus 5:13 ernstig neem nie.

## 8.2.3 Die Victoriaanse tye

### *8.2.3.1 Evangelie teenoor wetenskap*

Die Victoriaanse tyd (die tweede helfte van die 19de eeu) het aanvanklik nie baie positief gestaan teenoor mediese bediening in die sendingveld nie. Dit was te wyte aan die vrees dat dit die aandag van ware bekering sou aflei en agterdog oor die al meer wetenskaplike benadering van medisyne. In die wese van die saak het dit te doen gehad met 'n sterk liggaam-gees-skeiding. Henry Venn het gevrees dat die sendeling juis aanhang sou verloor deur toepassing van geneeskundige metodes. Dat hierdie siening gehuldig is, moet toegeskryf word aan die feit dat die mediese ontwikkeling maar nog in sy kinderskoene gestaan het. Vanaf 1858 het daar in Engeland met 'n nuwe wet meer beheer oor die mediese wetenskap gekom wat beter keuring en beheer meegebring het (Williams 1982:272-273).

In die Christian Missionary Society (CMS) was daar 'n sterk skool wat mediese behandeling gesien het as een van vele maniere om die hart te open vir die evangelie. Hulle soek dan ook 'n model in die Skrif se holistiese benadering van die sieke.

CP Williams beweer dat die fout van die sending tot op hierdie stadium was dat dit die leer- en verkondigingsampte oorbeklemtoon het. Dit was ook 'n tyd van vooroordeel teenoor die heidense "barbaar" wat vir die ewige verdoemenis bestem is, tensy hy die boodskap van sondevergewing en verlossing aanvaar het. Teenoor hierdie skool het die filantropiese skool gestaan van Hudson Taylor met die Student Volunteer Movement wat van 'n meer romantiese beeld van 'n natuurmens uitgegaan het en meer komprehensief te werk gegaan het.

Dit was die Edinburgh Medical Missionary Society (EMMS) wat in 1841 die eerste inisiatief geneem het om mediese sendelinge te gebruik vir evangeliseringsdoeleindes. In hierdie opsig het John Lowe, die sekretaris en superintendent van die EMMS Opleidingsinstituut, swaar geleun op wat hy as die genesingsmodel van die Here Jesus gesien het. Die doelwit van die EMMS was egter hoofsaaklik op die wen van siele ingestel en mediese dienste is net as 'n hulpkrag gesien (Williams 1982:281-283). Daar het nogtans 'n opleiding begin ontwikkel wat sending- en mediese opleiding gekombineer het. So het 'n visie ontwikkel wat mediese genesing en goddelike genesing verbind het.

---

170 Dispensasionele teologie: Die term wys op die tyd of dispensasie waarin die Heilige Gees werk totdat Christus weer kom (Hand. 2:1). Die dispensasionalisme wil die tyd van die charismatiese werking net tot die apostoliese tyd beperk (Deist 1984:158).

### 8.2.4 Genesing in die Na-Victoriaanse tye

Daar was 'n definitiewe behoefte aan genesingsbediening gedurende die missionêre tydperk in Afrika. Afrika het dit as 't ware opgeroep. Ons sien dit veral by die magies-helende konnotasie wat dikwels aan die sakramente van die Roomse kerk geheg is (Ranger 1982:335). Die kerke was skynbaar nie gerat vir 'n inheemse bediening van genesing nie en het in die plek van die magiese of sektariese genesing 'n meer wetenskaplike genesing as hulpdiens tot hulle bediening voorgestel. Daarteenoor het die "apostoliese sektes" (so genoem deur S Mews 1982)[171] wat teenoor die kerke met Westerse bande (KMWB) gestaan het, juis teenoor die mediese wetenskaplike genesingsmetodes standpunt ingeneem en 'n uitsluitlik sakrale genesingsbediening ontwikkel.

Ook die Rooms-Katolieke Kerk het 'n behoefte aan 'n genesingsbediening geïdentifiseer. Dit het die RKK by 'n meer uitgebreide verstaan van die aanwending van olie gebring (Mews 1982: 325).

Die optrede van JM Hickson, 'n leke geloofsgeneser, het die Anglikaanse Kerk by Lambeth in 1930 tot die gevolgtrekking laat kom dat daar nie werklik 'n gesaghebbende genesingsbedieningstradisie was nie. Daar is ook gesê dat dit riskant sou wees om sanksie te verleen aan 'n "good man who has an exceptional gift of influence which is akin to mesmerism" (Mews 1982: 320).

Die besluit van die Lambeth-Konferensie het voorsiening gemaak vir samewerking tussen diegene wat vir die siel omgee en diegene wat vir die liggaam omgee. Die doel is so geformuleer: "... the end sought for spiritual healing must always be the finding of a truer peace of spirit and a deeper knowledge of the uplifting presence and power of Christ" (Kelsey 1973:117).

Baie het die bedreiging daarin gesien dat die besluit ruimte gelaat het vir een of ander bediening van genesing. Alhoewel die interrelasie van gees en liggaam erken is, is elke dissipline se soewereiniteit nog gerespekteer (Mews 1982:325). Onder leiding van H Burge wie se verslag by Lambeth aanvaar is, is daar in samewerking met die Britse Mediese Assosiasie, ook klem gelê op die *hele proses* van die genesing en nie net die opsigtelike simptome nie. Die uiteinde van talle ondersoeke na die geheelprosesse het net onder die aandag gebring dat talle siektetoestande as gevolg van genesingsbediening verlig en selfs genees is, maar dat dit dikwels deur medici verbloem of geïgnoreer is.

LW Grensted het in 1930 ten opsigte van charismatiese bewegings wat genesingsbediening beoefen, die volgende gesê: "... when the words had been said, these movements have opened our eyes to new and *immense possibilities inherent in faith*. More over it pointed out that many of the derisive remarks about spiritual healing, rested upon crude conceptions of the term mind and oversimplified distinctions between the functional and the organic." (Mews 1982:331)

### 8.2.5 Die moderne tyd

Die 18de eeu is ingelei deur die Piëtisme wat 'n kultuurontkennende standpunt gehad het vanweë 'n asketiese vroomheid en apokaliptiese verwagtings. Dit het hulle ook negatief ingestel teenoor wetenskaplike geneeskunde. Die 19de eeu het egter heel anders begin. Dit sou kom met John Watson (Yale) se boek *Cure of the soul* – 'n meer positiewe waardering van die sielkunde vanuit die teologie.

Die persoon wat in die 20$^{ste}$ eeu die meeste gedoen het om die kliniese opleiding van die pastor verder te neem, was Anton Boisen. Hy trek verbande tussen sommige vorme van religieuse ervaring en sielkundige abnormale gedrag. Uit sy studie *Living human documents of the past* kom hy tot die gevolgtrekking dat psigiatrie en sielkunde op die ou end by 'n soort *teologie*

---

[171] Vergelyk ook p 41.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



moes uitkom of dit in elk geval moes veronderstel. Op dieselfde wyse kan pastors en teoloë wat hulle met die psigiese nood van mense besig hou, nie by die sielkunde verbystuur nie (Hiltner 1954:51).

Volgens JDG van der Merwe het die grenslyne tussen liggaam en siel en gees in die meer onlangse ontwikkelinge in die pastoraat begin vervaag. Daar is besef dat behalwe sonde en straf daar ander faktore is wat ook nog 'n bykomende rol speel. Hiervolgens het elke siekte 'n meerduidige etiologie, patologie en patogenese. Die klem het al meer begin val op volkekundige kennis en die kosmologie van die sieke. Siektes word nie meer eensydig verklaar vanuit suiwer organiese of suiwer geestelike basisse nie (Van der Merwe 1982:46).

Terugskouend kan ons sê dat geestelike genesing (in vergelyk met organiese genesing) nog in die Middeleeue beklemtoon is (al was dit nie deel van die hooffokus van die kerk nie). Hierdie dimensie is sedertdien in die meeste hoofstroomkerke verwaarloos (Clinebell 1966:210). 'n Formele genesingsteologie vind ons dus ook nie in baie KMWB nie. Die AOK is van die min kerke waar 'n genesingsteologie en –bediening bestaan, al is dit volgens sommige teoloë sinkretisties (Becken 1972:160).

Aan die ander kant kan beweer word dat 'n genesingsbediening deur die eeue op nie-amptelike vlak in die meeste Westerse kerke toepassing gevind het. Kelsey (1973:224) se stelling dat genesingsbediening in die kerke van die Weste verwaarloos is, is dus slegs korrek vir sover dit die amptelike teologie in sulke kerke betref. Sy siening van genesingsbediening fokus op die opdrag van Jakobus (5:13) en stel die eis van 'n evangeliese genesingsbediening. Hy maak ook die stelling dat die genesingsbediening in die Westerse wetenskaplike denke gevaar loop om te disintegreer. Die eintlike genesing word deur medici behartig, terwyl genesingsbediening tot sieketroos gereduseer word. In Jakobus sien ons mooi hoe die olie as genesingmiddel met die gebed geïntegreer word. Adams (1970:107) sê dat hoewel olie in Bybelse tye 'n medisinale waarde gehad het, dit by handoplegging as 'n simbool gedien het van die salwing met die Gees. In hierdie konteks word daar egter meer klem geplaas op genesing deur geloof. Dit gaan nie om die olie of die handoplegging as sodanig nie, maar om God as die eintlike Geneser.

## 8.3 MOET 'N BASIESE TEOLOGIESE OPLEIDING TEN OPSIGTE VAN GENESINGSBEDIENING VERSKAF WORD?

### 8.3.1 Inleiding

Dit is my ervaring dat daar 'n besonderse behoefte by die profete van die AOK is om verdere opleiding in genesingsbediening te ontvang. Beckford (1985:87) beweer dat daar by die "healers" van verskeie "New Religious Movements" 'n haas onbeperkte moontlikheid bestaan van opleiding, vanweë hulle holistiese kosmologie en bereidheid om nuwe idees op te neem.

So 'n opleiding sal uiteraard nie met die teologiese perspektief moet volstaan nie, maar ander dissiplines ook moet betrek (Beckford 1985:87).

Die teologiese opleiding wat tans vir profete aangebied word, is meestal egter nie relevant of genoegsaam gekontekstualiseer nie. Ek wil aanvaar dat dit die grootste rede is hoekom daar min daadwerklik belangstelling by profete in teologiese opleiding is. Die sleutel is myns insiens die genesingsbediening self. (Sien ook my gesprekke met institute in die verband, pp 117-136).

Dat daar ook inderdaad baie genesings plaasvind sonder die kontak met 'n profeet, is 'n feit met moontlike implikasies vir die teologie van genesing en die opleiding. Dat God baie mense genees by wyse van gebed of sonder gebed of sonder die medewerking van enige profeet of tradisionele dokter blyk uit statistiek van Van der Spuy wat in die Senekal-distrik (Vrystaat) versamel is: 26 persent het aangetoon dat hulle deur die Here en die Heilige Gees genees is. Sowat 37 persent het aangedui dat hulle geloofsgenesing gesoek het (Van der Spuy 1995:159). Wat egter

onrusbarend is, is dat baie mense (42%) die tradisionele toordokter besoek het. Ongelukkig was daar nie vrae wat besoeke aan beide profeet en mediese dokter of hospitaal getoets het nie. My ervaring is dat die besoeke aan beide nie gering is nie. Volgens Farrand (1986:101-102) se opname in die Johannesburgse stedelike area is die besoeke aan die profeet besig om toe te neem. Ook bied die profeet se metodes 'n wyer verskeidenheid as die *sangoma*. Die profeet se dienste word meestal ook gratis aangebied. Laastens moet die aantrekkingskrag van die AOK self ook nie onderskat word nie.

Dit spreek vanself dat die opleiding in genesingsbediening in die geval van die profeet of pastor op 'n bepaalde rol afgestem moet wees. In die meeste Westerse kerke en KMWB is die tradisionele rol bloot die van sieketrooster. In die AOK is dit definitef meer. Die pastor se rol moet volgens H Clinebell (1966:211) ook

> ... help to enable healing ... The skilful use of listening, caring and counselling methods with those who are ill can help them become more open to the God given healing resources within their bodies, minds and relationships. It can be particularly helpful in enabling people to help people open themselves to experience the healing energy of the ever present love of God.

Die leraar moet deur sy opleiding en toerusting in staat wees om in sy kerk of gemeente die geestelike atmosfeer te skep waarin genesing kan plaasvind. Daarom plaas Clinebell (1966:211) saam met ander so 'n groot klem op die gemeente as genesings- en ondersteuningsgemeenskap. Hier wil hy veral die opleiding beklemtoon, onder andere as 'n bewusmaking van geestelike kwaliteite in 'n holistiese genesingsbediening. Verder beklemtoon hy die waarde van groeigroepe (Clinebell 1966:210).

### 8.3.2 Grondhouding vir die ontwerp van 'n opleidingsmodel

Alhoewel daar nie 'n presiese model vir die teologiese opleiding met die oog op 'n genesingsbediening in die AOK voorgestel kan word nie, word oor die algemeen gedink aan 'n integrale bediening en aan 'n multidissiplinêre aanpak. Nogtans kan tot 'n breë teologiese raamwerk gekom word. Die volgende breë riglyne kan vir 'n konsepmodel aangedui word:

1) Dit moet uitgang van 'n versoening tussen twee modelle van teologiese opleiding, naamlik —

a) Die wat 'n beweging vanaf teorie na praktyk veronderstel en wat klem lê op wetenskaplike kennis.

b) Die wat klem lê op die religieus-pragmatiese dimensie (Burden 1994:125).

   Die klem moet in hierdie soort opleiding meer op die praktyk as die teorie gelê word, soos voorgestel deur Gnanakan (1996:116), maar ook soos dit uitdrukking vind in die opvoedkundige model wat veel maak van uitkomsgebaseerde opleiding.

2) Dit moet ook probeer om ander twee pole bymekaar uit te bring naamlik dié van die spesialisasieskool van McGavran,[172] wat meer praktyk georiënteerd was, en die integrasiebenadering van Gustav Warneck en Allan Tippet, wat meer teoreties georiënteerd is.[173]

   Die teorie is nie objektief nie, maar bevat alreeds 'n stuk subjektiewe hermeneutiese verstaan van die Woord en die konteks. Dit is dus 'n teoretisering wat as doelwit die verbintenis met sy konteks het. Daar word gestrewe na eg Christelike waarneming en die gebruik van verwante sendingwetenskaplike en praktiese teologiese vakdissiplines soos die kliniese pastoraat en ander gedragswetenskappe soos die volkekunde en sosiologie. Die multi-vakbenadering speel 'n belangrike rol (volgens E Elliston 1996:243), omdat dit help om die

---

172 Sending en sendingopleiding word geheel en al deur die bril van kerkgroei gesien (Van Engen 1996:216).

173 Die School of World Mission se metodiek kom neer op die verstaan en toepassing van die suiwerheidsbeginsels in die Skrif en die *integrasie* van al die metodes met die oog daarop om vas te hou aan teks én konteks (Van Engen 1996:216).

gees van onderskeid te ontwikkel ten opsigte van die konteks waarin gewerk word. Nooit kan daar egter op sosiale wetenskappe alleen vertrou word nie.

Die doel van teologiese opleiding sal nie wees om aan die leraars of profete klinkklare antwoorde te gee nie, maar die klem te plaas op hoe om te dink eerder as wat om te dink (Burden 1994:129). Dit gaan om 'n mentale paradigmaverandering, maar ook om karakterbou met die klem op die geestelike vermoë van onderskeid. Dit kan daarom nie 'n kasuïstiese model (bloudruk) wees wat nie ruimte laat vir teologiese refleksie en selfevaluering en verstellings nie.

Laastens kan ons sê dat 'n model vir die bediening van genesing in teologiese opleiding hom meer op die inhoudelike as die strukturele, die kwalitatiewe as die kwantitatiewe wil toespits.

### 8.3.3 Spesifieke uitkomste met 'n opleidingsmodel vir genesingsbediening

1) Dit moet 'n Bybelsgefundeerde bediening tot gevolg hê (Kelsey 1973:116) (Sien ook eksemplariese stof). Dit sal dus die onderskeid tussen magie en genesingsbediening moet uitwys. Begrippe soos magie, siekte en genesing moet begryp en in eie terme verduidelik kan word (Odendaal 1982:28).
2) Dit moet die dualismes, selfs skisofrenie, oorkom wat tipies by Afrika-mense teenwoordig is wat 'n Westerse opleiding deurloop het, maar diep in sy gemoed steeds 'n Afrika-toorderyteorie koester. (By die Westerse dosent moet dit tegelyk lei tot 'n dekonstruksie van Westerse bagasie).
3) Dit moet reduksie van die evangelie voorkom. In hierdie opsig is dit nodig dat die model oor 'n kritiese hermeneutiek sal beskik wat 'n hermeneutiek van realiteit ten opsigte van die konteks sal moontlik maak. Refleksie moet dit moontlik maak om die modelle te evalueer, te slyp en aan te pas (Van Engen 1996:220).
4) Persone wat opgelei is, moet in staat wees om die evangeliese kern en fokuspunt deurentyd in die oog te hou en 'n Bybelse gefundeerde raamwerk van genesing daar te stel (en wel genesing in al sy dimensies) (Tienou 1996:98).
5) Dit moet die optimale opleidingsmodum daarstel, byvoorbeeld TOE en uitkomsgerigte opleiding (UGO) (Elliston 1996:254).
6) Laastens moet dit ruimte maak vir die daarstel van 'n geloofs- en helingsgemeenskap (koinonia) in teologiese opleiding (Elliston 1996:254).

## 8.4 VERSKILLENDE MODELLE VIR TEOLOGIESE OPLEIDING TEN OPSIGTE VAN 'N GENESINGSBEDIENING (GB)

In die eerste klompie modelle wat vervolgens bespreek word, gaan dit primêr om die verhouding evangelie tot kultuur.

### 8.4.1 Die inkulturasiemodel van GB

#### *8.4.1.1 Begripsverheldering*

In dié model word die tuisbring van die evangelie beskryf as inkulturasie of kontekstualisering (Bate 1994b, Kraft 1978). Omdat die oordrag as 'n kulturele sinteseproses ervaar word, word daar baie gewag gemaak van begrippe soos kommunikasieprosesse, dialoog en resiprositeit (Bate 1994b:233). Die benadering is op twee maniere gestimuleer. Aan die een kant is dit deur die

inkarnasiemodel bevrug (waar meer klem gelê is op Christus se lyding).[174] Dit kan ook beskryf word as die logiese gevolg daarvan dat Hy saam met die verdruktes gely, honger gekry het en hulle met aanraking genees het. Aan die ander kant is dit gevoed deur die mindere verinheemsingsbeginsel van kerkgroei van McGavran (Kritzinger et al 1994:121-123).

Die model se mikpunt is 'n ware Afrika-teologie wat begin deurdat daar probeer word om Jesus Christus te ontdek soos wat Hy werklik is sonder sy kulturele kleed. Ook kyk dit na die inkulturasie vanuit verskillende perspektiewe en gaan dus eklekties te werk.

Die winspunt lê daarin dat dit inkulturasie as 'n proses beklemtoon (vs 'n statiese model) en klem lê op die diakroniese dimensie in die proses. Ook hou dit die bipolêre spanning van teks en konteks in die kontekstualisering voor oë. Daarby is dit tans die mees aanvaarbare model van kontekstualisering (Bate 1994b:230).

Die prosesse wat gevolg word, is translasie,[175] assimilasie[176] en transformasie[177] soos Bate dit ook voorstel. Die refleksie is iets wat by Bate nie tot sy reg kom nie, omdat hy dit heel waarskynlik nie die fokuspunt van sy studie gemaak het nie. Ook maak hy nie baie van translasie as deel van inkulturasie nie en sien dit meer as 'n sendingaktiwiteit met nie genoegsaam inkulturasie nie.

Nietemin is die model van inkulturasie 'n nuttige paradigma wat baie ander modelle kan akkommodeer en aan die hand waarvan hulle geëvalueer kan word. Bate praat van die sinkroniese ontmoeting van instansies en konteks soos deur kultuur bemiddel (Bate 1994b:247,281).

Ander dimensies sal egter toegevoeg moet word waaraan hierdie model nog te kort skiet. Die volgende is noodsaaklik:

### *8.4.1.2 Kommunikasie en hermeneutiek*

#### 8.4.1.2.1 Fonemiese en fonetiese prosesse

Kontekstualisering moet 'n *fonemiese proses* wees.[178] Dit is teologie gedoen vanuit die binnekant van die sisteem. Dit behels die vertaal van die konsepte, nie net in die idioom van die reseptorkultuur nie, maar ook in die verskeie vorme van die sisteem. Die fonemiese beginsels word van binne die sisteem gekies waarvolgens beoordeling gedoen word. Die fonetiese proses is meer kognitief en eerder van toepassing in die data-insamelingsfase (wyer ook as informasiefase bekend) en geskied meer van buite af (Buswell 1976:98). Fonemiese informasie word van binne die sisteem verkry. Fonemiese interesse is afgestem op die evangelie sonder die kulturele kleed van die sendeling en wil die supra-kulturele element blootlê.

---

174 Inkarnasie: Daardeur het Jesus Christus Hom laat bind deur sosiale en kulturele omstandighede (Bühlmann 1974:287) (Kyk ook voetnoot 85, p 69, en voetnoot 210, p 217).

175 Translasie: Sien ook die gesprek evangelie en kultuur vir driekulture-model, dinamies-ekwivalent vertaling, sowel as die beplanning en refleksie van vertaling (Rommen & Hesselgrave 1991:199). Hierdie fase word deur Bate grootliks beskryf as evangelisasie en inplanting wat deur die sendelinge plaasvind en die inkulturasie is nog onvolmaak (Bate 1993a:280). Sien verduideliking van drie-kulture-model in volgende afdeling.

176 Assimilasie beteken die opneem of inkorporasie van inheemse gebruike in die Christendom. Akkommodasie beteken die aanpassing van die boodskap by die inheemse kultuur (Theron 1996:23).

177 Transformasie: Hier gaan dit om kulturele transformasie wat geïnisieer word deur die inherente krag van die Woord wat verskil van ander veranderinge. Hierdie soort kulturele transformasie wil 'n voertuig wees vir die evangelie (Kraft 1979:145). Ware transformasie kom eers werklik as die plaaslike kerk geïnkulturaliseer word (Bate 1993a:280).

178 Bate en Hiebert verskil oor watter van die prosesse eerste aan die werk kom (fonemies of foneties). Bate (1994b:247, 281) sien die fonetiese proses eerste en fonemies later wanneer die inheemse leiers sendelinge uitstuur. PG Hiebert en E Hiebert Meneses (1995:16) sê dat daar eers 'n fenomenologiese studie gemaak moet word van wat fonemies is en later word dit interkultureel, wat weer 'n fonetiese proses is. Nida, saam met Hesselgrave en Rommen, sien dinamies-ekwivalente inkulturalisering as 'n pendelaksie wat beweeg van foneties na fonemies na weer foneties. Ons kies dus ook vir die laaste perspektief (Hesselgrave en Rommen 1991:124, Kraft 1979:275).

Dit is ook hier waar die inkulturasiemodel met vrug deur kommunikasiemodelle bestuif is.[179] Die bekende drieledige kommunikasiemodel van Nida (1960) se beginsels is kultureel kommunikatief en gaan uit van enkodering, dekodering en rekodering. Laasgenoemde twee handelinge is niks anders as die hermeneutiese eksegese van die teks en die inkleding van die boodskap in die vorme, idees en besluitnemingsprosesse van die reseptorkultuur nie (Davis 1978:116).

Ten opsigte van die inkulturasie en genesing maak Bate (1994b:232) melding van die "destruction, purifying, clearing away and cleaning up of structures, vessels and containers which were the vessels in which the missionaries brought Jesus." Kraft stel 'n ses-fase-dinamies-ekwivalente vertalingsproses voor, maar hy maak dit ook meer op kultuur van toepassing:[180]

1) Linguistiese en kulturele analise van die oorspronklike (persoonlike) situasie.
2) Dekodering van die essensiële elemente van die boodskap.
3) Die parafrasering van die oorspronklike stof, sodat die implisiete stof eksplisiet gemaak word.
4) Die letterlike vertaling van die parafrase in die reseptorkultuur.
5) Die oorskryf in die aangewese styl van die reseptor om dinamiese ekwivalente resultaat daar te stel.
6) Re-enkodering in die terme van die reseptor in so 'n mate dat die kennis implisiet gemaak word wat die reseptorkultuur toelaat om implisiet te wees (Kraft 1979:275).

Hy werk 'n visie van vertaling uit om die hele kultuur in te sluit en verruim so die begrip van Nida en ander. Nida wil dat kommunikasie op 'n derde vlak plaasvind. Dit impliseer dat al stem jy nie saam nie, moet daar nogtans aanvaarding wees van die waardesisteem van die reseptorkultuur met die oog waarop opgelei word. Die fonemiese proses kom tot sy reg as daar 'n groter openheid vir die reseptorkultuur begin ontwikkel. Dit gebeur veral in die aangesig van verskillende, selfs teenstrydige, praxis wat ontstaan uit die oordrag/oorneem vanuit sendende na reseptorkultuur (Nida 1960:198).

Bate (1994b:247,281) ontwikkel die sesde fase deur groter klem op die *fonemiese* te plaas (diakronies uitgebeeld),[181] deur die eie leierselement in te laat by die kulturele proses en groter sensitiwiteit vir die reseptorkultuur by die inheemse leiers te stimuleer. Dit is in hierdie fase dat teologiese opleiding vanuit die Westerse instansies nog 'n groot rol te speel het.

Kraft se dinamies-ekwivalente transkulturasiemodel[182] is die tweede model van inkulturasie wat 'n handige instrument is by die vertaling van 'n teologiese kursus. So sal die leer oor die gnostiese geloof nie net in terme van die Westerse verwysingsraamwerk verduidelik word nie, maar juis in die terme van die inheemse kosmologie.

---

179 Kommunikasie: Dit kan goedskiks met die term *koinonia* ook verduidelik word. Dit sinspeel verder op kontekstualisering. Dit oorvleuel dus met die *koinoniale dimensie* by die leraarsmodel.

180 Dit wat Kraft "dinamiese ekwivalente (funksionele) translasie" noem, noem John Beekman "kulturele relevante getuienis." William Reyburn praat van "getransformeerde symbolisme" en Michael Green en Ralph Winter van "buigsaamheid" ("flexibility") van die getuienis- boodskap (Buswell 1978:91).

181 Ons hou ons vir die doel van hierdie studie besig met die vinniger proses van inkulturalisering soos gedra deur gevestigde lekepredikers, studente en dosente (leierspotensiaal) wat al grootliks blootgestel was aan 'n proses van transformasie. Dus oorspring ons die eerste fases van sendende gemeenskap, kerkplanting ens (Bate 1994b:245)

182 "This is, essentially, the use of Charles Kraft's usage of 'trans-culturation' of Sr. Garcias use of and William Wonderly's use of incarnation of Louis Luzbetak usage of 'accommodation' and of the Roman Catholic general use of 'adaptation'." Dit heet weer inkulturasie en genesing by Bate. Dit is dieselfde as die nuwe wyn wat in ou wynsakke gegooi word by Sundkler. Dit gaan by uitnemendheid oor die probleem om die suprakulturele wat absoluut is in die terme van die kulturele, wat relatief is, te vergestalt (vgl Buswell 1978:90-91).

#### 8.4.1.2.2 Verskillende kategorieë van behoeftes

Bate het die model verder uitgewerk om die verskillende behoeftes te identifiseer vanuit psigo-mediese, antropologiese, teologiese en ander hoeke.

Dit behels 'n eerste kategorie soos psigo-mediese behoeftes: sekuriteit, emosionele geborgenheid, geneesbare en ongeneesbare siektes, suksesverwesenliking. Die grootse behoefte na die "coping healing" maak ons veral daarop attent dat die ganse fenomeen van "coping healing" 'n behoefte daarstel wat nie deur Westerse gesekulariseerde en gerasionaliseerde benadering gehanteer kan word nie en dat dit in die geval van teologiese opleiding kultureel-semeioties gehanteer moet word (Bate 1994b: 281).

Daar is dan ook die volgende behoeftes geïdentifiseer:

1) Antropologiese behoeftes: Dit behels 'n behoefte om verstaan te word, die vind en vorm van nuwe simbole, die behoefte aan identiteit en die beskerming van kultuur-eie teen dominante kultuur.
2) Teologiese behoeftes: Die behoefte om die Satan te beveg en te oorwin, die behoefte om God se krag in die lewe te ervaar.

#### 8.4.1.2.3 Semeiotiese domeine

Sy onderskeiding van die verskillende semeiotiese domeine is ook 'n handige instrument by die verstaan van die verskillende benaderingswyses van die genesingsfenomeen in die AOK. Daar onderskei hy drie hoofgroeperinge, naamlik dié van die AOK, dié van die Pentekostaliste en die van KMWB. Dit word telkens uitgebrei met newe-onderskeidings van die Weste, Christendom en tradisionele Afrika-godsdienstigheid (TAG). Dit is duidelik dat die genesingsfenomeen vanuit verskillende kulture en hoeke benader sal moet word om reg te laat geskied aan die evaluering, behartiging en verstaan daarvan.

Bate kom tot die gevolgtrekking dat inkulturasie, as dit reg gehanteer word, self 'n genesingsproses is en ook 'n goddelike opdrag vir die kerk van vandag inhou: Jesus het sy twaalf dissipels mag gegee om bose geeste uit te dryf en om elke soort siekte en kwaal gesond te maak (Mat. 10:1-7).

In die geval van teologiese opleiding is dit van belang dat daar op die semiotiese domein van die AOK beweeg sal moet word indien enigsins gedink word om geloofwaardige opleiding aan hulle te verskaf (Bate 1994b:262, 281). So is die term demoon of *ubuthakathi* eie aan die genesingsdomeine van die TAG en die AOK, maar is daar diskontinuïteit sowel as kontinuïteit tussen die Bybelse en die van die AOK tipes en van TAG onderling.

Sinvol is ook die onderskeiding van die bonatuurlike en die suprakulturele. Bate (1994b:282) gaan egter nie ver genoeg om die diskontinuïteit tussen die bonatuurlike in die AOK en die Heilige Gees se suprakulturele genesing genoegsaam uit te wys nie. Dit dui alles daarop dat AOK se semeiotiese genesingsdomein aangewend moet word, met Bybelse inhoude gevul moet word eerder as 'n Westerse semeiotiese domein. Dit is al hoe werklike transformasie sal plaasvind.

**Gevolgtrekking:**

Dit is dikwels so dat die semeiotiek van die AOK en die van die Bybel nader aan mekaar is as tussen die van Westerse kerke en die Bybel. Daarom is dit dikwels ook moeilik om ander vorme aan die AOK (byvoorbeeld monogame in plaas van poligame huwelik) voor te stel, omdat hulle vorme min of meer ooreenstem met die Bybelse self. Hulle moet egter gewys word op die gevare van vormkorrespondensie per se en die verkeerde betekenisgewing aan simbole wat op die oog af ooreenstem met die Bybelse.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



### 8.4.1.2.4 'n Vertalingskomponent

'n Vertalingsmodel (na aanleiding van Nida 1960: 160-190) sou 'n aparte model kon wees. Dit word egter gebruik deur Charles Kraft in sy transkulturasiemodel wat weer die dryfveer agter Bate se inkulturasiemodel was. Hieruit is dit duidelik dat dinamiese ekwivalensie baie verder gaan as Bybelvertaling.

Dit behels dus die problematiek in vertaling, naamlik —

1) Dat korresponderende simbole in twee verskillende kulture nie noodwendig dieselfde respons ontlok nie. Dit kan selfs twee verskillende konsepte en persepsies te weeg bring. Twee radikaal verskillende simbole kan weer dieselfde konsepsie kommunikeer.
2) Dat daar op die ou end gekies moet word tussen drie verskillende opsies van ekwivalensie naamlik
   - dié van stilistiese ekwivalensie, wat die formele strukturele behels,
   - die referensiebetekenis van simbole of,
   - die konsepsiebetekenis van simbole.

   Hier moet gekies word vir die konsep-ekwivalente. Daar moet prioriteit verleen word aan konsepmatige of referentevertaling eerder as die vormstrukturele. Om hierdie probleem te ondervang moet daar volgens Nida dekodering en enkodering toegepas word (Nida 1960: 195,200,202).

Die eerste vrug van die afstap van die vormkorrespondensie is:

Dat dit nie daaroor gaan om vir mense 'n simbool te verskaf wat van die begin af reg is nie, maar hulle toe te laat "to see their task as toward a discovery of symbols which will permit equivalent type of response" (Nida 1960:204). Die hermeneutiese sirkel speel hier 'n groot rol in inkulturasie. Hieruit blyk dit dat daar nie te gou tot 'n finale vertaalproduk gekom word nie, aangesien daar nog die eie dieptebetekenisstruktuur[183] en semantiese veld is wat die begrippe en konsepte herorganiseer.

So sou *meya ya ditsila* en *abathakathi* beter vertalings wees in 'n sekere referensiekader as die Westerse (Griekse) vormkorresponderende *badamona*[184] en *ungusatana* wat in 'n makrokonteks verstaan word. Maar in 'n mikrokonteks sou daar geredelik van die term *Ubuthakathi* en *meya ya ditsila* gebruik gemaak moes word.

Bate wys daarop dat daar 'n onverklaarbare oorblyfsel van genesing is wat nie deur die wetenskap verklaar kan word nie wat ook tog ooreenstemming vertoon met Bybelse genesing en met die feit dat hierdie kerke die genesings-evangeliseringsopdrag ernstig geneem het (Bate 1994b:283).

### 8.4.1.2.5 Kritiese evaluering

1) 'n Dimensie wat Bate nie genoegsaam aksentueer nie, is interkulturaliteit. Bosch (1993:453-454) maak baie van interkulturasie en hy beskryf alle teologieë as in die proses van wording: "Incarnation of the faith should not be too local." Hy wys op die gevaar van teologieë wat te gekontekstualiseerd is en in isolasie kan verval. Dit is die gevaar van die model van

---

183 Volgens Chomsky is daar in elke taal 'n oop, universele stel van fonologiese en semantiese kenmerke vir sy eie interne dieptestrukture. Hiervolgens word 'n vry kontekstuele stel van reëls gebruik om fonieme (klanke) woorde en konsepte te herorganiseer (Hesselgrave en Rommen 1989:164).

184 *Badamona en Ungusatana (Bosatane)*: Dit is die Suid-Sotho en Zulu fonetiese vertaling onderskeidelik van die konsep, die *bose* wat meer fonemies vertaal sou word met *meya ya ditsila* of *Umthakathi* (1 Bakor 10:20). G ter Haar wys daarop dat sendelinge in Zambië nie daarmee rekening gehou het dat daar in die konteks van die Bemba se geesteswêreld goeie en bose geeste is nie. Hulle het gewoon die Bemba-woord vir gees gebruik om "demoon" mee te vertaal. So is die hele Bemba-geestesdomein (wat ook voorouergeeste ingesluit het) gedemoniseer. In hierdie vorm korrespondensiële gelykstelling het die sendelinge ook van 'n Ou-Testamenties-dualistiese denke uitgegaan wat hulle verkeerdelik oorgedra het op die Afrika-wêreld (Ter Haar 1992:142).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



inkulturasie dat dit die waarheid wat kaleidoskopies oor verskillende kulture heen lê, kan negeer deur net in sy eie kultuur op te gaan. Kulture word deur die bewaringsgesinde skole al te maklik voorgestel as planete wat om hulle eie as draai en daarom eerder geneig is om mekaar uit te sluit of te opponeer. Bosch (1993:453-454) wil egter dat die opbouende en verrykende betekenis van interkulturaliteit ook raakgesien word.[185]

2) Die tweede gevaar is dat die Christendom by die inkulturasiemodelle maar net 'n dimensie van kultuur kan raak. A Walls (1982:93-105) se pelgrimsbeginsel sal dan nie tot sy reg kom nie en nog minder die "uitbarsbeginsel", naamlik dat die evangelie alle strukture, houers, kategorieë, en konsepte na buite laat bars soos wat dit vernuwe word en getransformeer word (ook Bosch 1993:453-454).

In hierdie opsig gaan kontekstualisering dan ook verder as dit vra na 'n hermeneutiek van suspisie (en selfkritiek) (Bosch 1993:430). Die gevaar is dat die inkulturasiemodel te eklekties[186] en te akkommoderend kan wees (Kritzinger en Saayman 1994:122). Die inkulturasiemodel sou ook baie subjektiewe skakerings kon aanneem, vanaf die radikaal ekumene tot die meer gebalanseerde evangeliese benaderings. Ons model van inkulturasie sal homself egter wil afgrens van radikale inkulturasie (byvoorbeeld in die denke van iemand soos G ter Haar oor Milingo).

#### 8.4.1.2.5.1 Samevattend

Al sou daar nie heeltemal saamgestem word met die inhoudgewing van sekere simbole nie, sal hierdie simbole gehanteer en evangelies verdiskonteer moet word. Dit behels nie regte en verkeerde antwoorde nie, maar die snap van die bipolêre spanning van teks en konteks in die teologiese opleiding. Dit is ook waar inkulturasie volgens S Rowen (1978:11) meer raak as om net in die kultuur gewortel te wees. Dit gaan ook om die beoordeling van die kultuur (Rowen 1978: 11). Belangrik volgens hierdie model, is dat genesing onder die AOK nie net vanuit een hoek teologies geëvalueer of gekontekstualiseer sal moet word nie, maar vanuit vele dissiplines beskou moet word, religieus, teologies, volkekundig, psigiatries ensovoorts.

Laastens is die gevaar in die kultuurmodel dat iets as afgehandel beskou kan word en dat daar in 'n statiese beeld vasgeval word. Die kontekstualiseringsdimensie wil toevoeg dat kontekstualisering nie 'n *fait accompli* is nie, maar 'n dinamiese voortgaande proses wat met in 'n voortgaande spiraal uitgebeeld kan word (Rowen 1978:113).

Dat daar verskillende oorsake vir siekte gegee word, sien ons met die ontwikkeling van pluraliteit wat die noodwendige uitvloeisel van interkulturele kontak is. Noodwendig sal verskillende oorsake ook lei tot verskillende verwagtinge, diagnoses en hanterings.

## 8.4.2 Inheems-eklektiese inkulturasie in missionêr-pastorale benaderings

### *8.4.2.1 Inleidend*

DS Gilliland (1986:266-267) maak melding van die evangeliese-pentekostalistiese tipes van AOK wat gemodelleer is op voorbeeld van die sendingliggaam. Hulle uitkyk is sterk missionêr gerig, maar dra nog grootliks die dogma van die oorspronklike kerke. Hulle vind hulleself ten opsigte van teologiese opleiding daarom nog tuis in die opleidings van die KMWB. Die uitdaging is om die dualisme (van Westerse teologie en kennis teenoor Afrika-konteks) te oorkom wat in die meeste Westerse opleidingsinstansies (in Afrika), asook in die Afrika-teologiese den-

185 Die leer oor die gnostiek sou ook met toeligting uit 'n Westerse hoek en deur gebruikmaking van een van die handelstale net so goed aan die studente van die AOK aan die Didaché Instituut toegebring kon word.

186 Eklekties: dit kan beide positief en negatiewe konnotasie hê. Dit kan 'n tipe sinkretisme wees waarvolgens die evangelie met vreemde elemente vermeng en afgewater word. Of dit kan die betekenis dra van 'n sifting en keuring van goedere om die onbybelse uit te sif (Bridger and Atkinson 1994:67-68, Jones 1985:84).

ke self, geleë is. Die oplossing lê daarin om fonemies sowel as foneties te werk te gaan. Fonetiese werkswyse behels die prosesse van informasie insamel en deurgee, die van stofontwerp en -opstel. 'n Fonemiese werkswyse behels om die profete so op te lei dat hulleself fonemies met die stof kan omgaan. Volgens G ter Haar (1992:142) is dit al manier hoe die dualisme van beide kante oorbrug sal word. Daarom kyk ons krities na Milingo se genesingsbediening in die hoop dat ons riglyne daarvan kan aflei.

### *8.4.2.2 Milingo en sy inkulturasie (of enkulturasie) van genesing*

#### 8.4.2.2.1 Trekke van sy bediening

1) In die Zambiese konteks bedien Milingo, Rooms-Katolieke aartsbiskop van Lusaka, hom van die semeiotiese raamwerk van beide die AOK en die KMWB. Hy het twee weke lank 'n charismatiese kursus bygewoon. Van toe af ondervind hy dat hy oor 'n genesingsgawe beskik.

   Baie wil sy suksesvolle genesings toeskryf aan sy kennis en gebruikmaking van die AOK se semiotiese domeine. Tog verskil dit van die tipiese tradisionele AOK, omdat hy eerstens in sy siening van die bose oorwegend die invloed van die KMWB openbaar. Hoewel dualisties, is daar 'n verskil: Hy is vas oortuig op grond van die belydenisse wat sekere mense teenoor hom gemaak het, in verband met die kontrakte wat hulle met die Satan gesluit het, dat laasgenoemde 'n bestaansrealiteit is. Sy preokkupasie is nie met hekse nie, maar met bose geeste wat gevrees moet word.

   Hy werk egter met 'n Middeleeuse, Europese teorie van demonologie (Daneel 1990:222, Shorter 1985:197). Volgens Daneel op voetspoor van Shorter: "His method incorrectly and indiscriminately attributes diabolical possession to all kinds of mental and physical affliction" (Daneel 1990:222, Shorter 1985:197).

2) Hy genees baie mense wat deur bose geeste gepla is. (Hy noem dit 'n bevrydingsbediening). In hierdie hele gebeure speel gebed 'n belangrike rol. (Egter eers innerlike genesing deur sondebelydenis, dan 'n ritueel van eksorsisme, ook genoem Christus se "undivided injunction"). Dit is spontaan. Daar word tot die Heilige Gees gebid om die bose te verdryf en die plek daarvan in te neem. Dan word daar 'n beskrywing gegee van die oorsake van die siektes soos wat die Heilige Gees as die Gees van onderskeiding dit vir hom verklaar. Dit alles word gevolg deur danksegging, handoplegging en die sprinkel van heilige water.

3) Hy korrigeer die bose geeste wat nie wil toelaat dat iemand vir mediese behandeling gaan nie. Hy volg dus 'n komprehensiewe benadering en hy het Christus as sy model wat hy navolg.

4) Sy volgorde is: Lering ("teaching"), prediking ("preaching") en genesing ("healing") soos in die Skrif. Sy genesing verskil dan ook radikaal van die orkestrasie by geloofsgenesing.

Sy benadering het baie Westerlinge en kollegas die wenkbroue laat lig, alhoewel sy genesing oor al die elemente beskik om dit op papier geloofwaardig te maak. Sy genesings openbaar 'n geestelike onderskeiding en 'n holistiese benadering.

Nogtans verkies Milingo om van sy metode te praat as inkulturasie, omdat dit die manier is waardeur die evangelie geïnkarneer is.

Nietemin is hy deur die Roomse Katolieke owerhede weggeneem van sy standplaas, omdat hy te veel besoekers gekry en dit 'n administratiewe probleem geraak het. Daar was nog nie 'n offisiële platform vir genesingsbediening in die kerk van Rome nie (Ter Haar 1992:195). Milingo is verwyder, maar die simptoom is nog net gedokter. Die spirituele probleem van die toordeyteorie het nog bly staan. En daarmee saam die behoefte om daarvan bevry te word (Ter Haar 1992:192).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



#### 8.4.2.2.2 Evaluering

Sou ons sy genesingsbediening aan die inkulturasiemodel meet, dan vind ons dat Milingo nog nie heeltemal losgekom het aan die dualisme van die sendende kerke nie. Dit kom daarop neer dat die Afrika-mens in sy transformasie tussen twee kulturele wêrelde vasgevang is en dat hy nie mooi weet waar hy tuis hoort nie, in die Weste of Afrika (Theron 1996:28). Daar is nog nie sekerheid of hy magie of ware genesing beoefen nie. Op die oog af lyk dit asof hy die Heilige Gees ingeroep het om sy medeberader te wees. Dit het die atmosfeer geskep vir *goddelike genesing*. Mens sien dekodering plaasvind, maar ook gebrekkige rekodering ten opsigte van charismatiese genesingsbediening en Rooms-Katolieke sakramentalisme. (Dit is op sigself ook dualisties). Mens sou kon aanvaar dat sy poging om genesing komprehensief te benader, gevaar loop om oorweldig te word deur 'n charismatiese en spiritualistiese uitkyk. Die klem is grootliks nog op die charismatiese gawes van een persoon. In dié opsig was dit nog nie 'n ware genesingsbediening nie, omdat daar te veel gefokus is op die een wat 'n spesiale gawe sou ontvang het.

Verder dra hy spiritualistiese denke en bagasie die praktyk in wat grootliks deur vormkorresponderende en magiese ontleding van Skrif onderlê kan word. Mens sou selfs van akkulturasie kon praat, omdat Milingo ook heelwat Europese tradisie ingedra het in die inheemse kultuur. Dit kan as 'n fonetiese proses beskryf word (Ngubane 1986:71).

Mens moet egter aanvaar dat die konfronterende proses begin het, alhoewel dit ver van perfek is. Tot die krediet van sy benadering sou ons kon sê dat hy probeer het om die geestesrealiteite van Afrika meer ernstig op te neem, sy dit binne die konteks van die RKK (Kelsey 1973: 116).

'n Mens sou kon aanvaar dat hy probeer het om die dualisme eskatologies te deurbreek en die vrese wat daar vir die geesteswêreld was, te laat verminder. Die teenoorgestelde kan egter net so wel ook gebeur het, naamlik dat daar 'n groter vrees ontwikkel het.

### *8.4.2.3 Kwesha se genesingsbediening*

#### 8.4.2.3.1 Sy metodiek

Patrick Kwesha van die Makoni-distrik, Manyikaland (Zimbabwe), het 'n Rooms-Katolieke agtergrond gehad. Hy het oorspronklik bekendheid verwerf toe hy 'n protesaksie gelei het teen die Jesuïtiese sendelinge. Hy het verder bekend geraak vanweë sy genesingsbediening. Hy tref onderskeid tussen magie en ware goddelike genesing. Hy het sy lidmate in beide hospitale en tradisionele genesingsplekke bedien. Hy het 'n voor-pentekostalistiese siening van genesings en wonderwerke van die dissipels gekopieer en vermeng met die RKK se Maria-verskyningsteologie met die doel om dit in Afrika-milieu te inkulturaliseer.

Sy benadering dui op kritiek teen die spiritualiteit van sy konteks. Hy wil alle Protestantisme en bygeloof uitwis en 'n "pure and holy kingdom of God and glory of Mary" oprig sodat God die God van Manyikaland kan word. Om dit tuis te bring het hy dekodering en rekodering toegepas. Sy siening van siekte is dat dit die gevolg van die voorsienigheid is en nie noodlot of magie nie. Hy besef dat die Afrika-mens het konstante geestelike hulp teen siektes nodig. Hy het die ambisie om die Maria-verskyningsteologie wat 'n Roomse genesingsteologie was, oral te versprei deur 'n kategeseskool (Ranger 1982:349-350). Myns insiens moet dit daarop neerkom dat Christus nie sentraal staan in sy genesingsteologie nie.

In sy guns moet gesê word dat hy Christus nie wou kopieer by wyse van 'n magiese modellering nie (dus ook nie vormkorrespondensie nie). Aan die ander kant het hy tog die dissipels gekopieer. Hy het egter nie die transformasie van dissipels na apostols en die Heilige Gees se uitstorting genoegsaam verreken nie. Hy koester die dissipels se verhouding en koinonia met die moeder van Jesus en haak as 't ware hier vas. Aan die ander kant ontkom hy nie aan die bagasie van sy Maria-verskyningsteologie van genesing nie. Dus het hy nog nie tot 'n eie dekonstruksie

gekom van kulturele-kerkistiese ervaring en tradisie nie. Gevolglik kan 'n mens sy teologie op sy beste as ambivalent beskryf.

### 8.4.2.3.2 Evaluering

Die meeste van die Afrika-teologieë is baie krities oor die bagasie wat die sendelinge saamgedra het, maar ook skynbaar blind vir hulle eie kerklike bagasie waaraan hulle nie kan ontkom nie. Baie van die pastoraat wat in Afrika-konteks beoefen word, loop die gevaar dat dit nog te veel vanuit 'n kerkistiese model geskied (Gilliland 1986:268).

Die benadering van Kwesha bring die gevaar wat in beide die kulturele en missionêr-pastorale benadering skuil, na vore. Die kerklike vrag wat hulle dra, lyk minder, maar die tradisionele vrag is weer oorweldigend. Saam met Gilliland onderskei ons hiérdie as 'n derde groep van profete wat as die *inheems-eklektiese groep* bekend kan staan. Ons kan ook hier praat van die mono-kulturele patroon van kerke as dit kom by die oorsaaklike verband wat hulle lê tussen geeste en siektes. Daar is Christelike vorme, maar die inhoudelike vertoon min Westerse beïnvloeding. Die vorme mag selfs van die Westerse kerke geleen wees en die genesingsemeiotiek mag met die van die Weste ooreenstem op plekke, maar die inhoud daarvan is tradisionele Afrika-godsdienstigheid. By uitstek maak hierdie kerke van tradisionele parafernalia gebruik, maar kan ook gebedsvorme navolg wat Westers voorkom, maar wat sakramentalisties aangewend word.

Die grootste kritiek is dat verinheemsing oordryf word, ten spyte van die Westerse vorme.

Hierdie kerke ag hulleself selfonderhoudend wat kennis en toerusting betref. Die premie wat hulle op opleiding plaas, is nie so hoog nie. 'n Groter premie word op roeping, drome en gawes geplaas (Gilliland 1986:269).

Die belangrikste kritiek teen inkulturasie as teologiese konsep is dat dit uitgaan van 'n Rooms-Katolieke, teologies-mistieke beskouing van die kerk, terwyl die krag van kultuur nie regtig in ag geneem word nie. PF Theron (1996:21) praat in die geval van "the thin coating of varnish painted over the traditional culture." Dit dui daarop dat as die diakroniese dimensie (in kontekstualisering) of selfs die sinkroniese dimensie eensydig oorspan word, daar nie genoegsaam sprake van 'n dubbele werking in kontekstualisering is nie en word die diepte-elemente van kwalitatiewe Bybelse genesingsbediening gekommunikeer nie.[187] Die onderbeklemtoning van die kenosis (ontlediging) in dekodering, en die oorspanning van die skenosis (bekleding) in enkodering lei tot 'n wanbalans, veral as laasgenoemde neig na die kleed van sakramentalisme (wat maklik aansluiting vind by tradisionele magie). Inkulturasie van die evangelie behels 'n beweging van die een kultuur na die ander. Dit impliseer ook twee verdere bewegings, een van skenosis (aantrek) en kenosis[188] (uittrek) van kultuurgoedere (vgl Bosch 1993:454). Die gevaar bly altyd dat die evangelie in inkulturasie aan die enkulturasieproses onderwerp kan word en te tuis kan raak in die ander kultuur, indien die pelgrimsbeginsel nie tot sy reg kom nie (Hesselgrave 1991:132).[189]

Wanneer enkulturasie in plaas van inkulturasie plaasvind, vind daar ook akkulturasie plaas. Dit beteken dat die evangelie nie regtig tuis kom nie, aangesien die kultuur waarin dit moet tuis kom, afgetakel word ten gunste van die kultuurvorm wat die evangelie op daardie oomblik het. Ware inkulturasie gaan eerder evangelies-transformerend te werk ten opsigte van die inheemse kultuur. Dit werk opbouend, maar dit handhaaf ook die spanning tussen die evangelie en inheemse kultuur.

---

187 Vir dubbele werking vergelyk pp 92 en 257.

188 Kenosis (Filippense 2:7) kenmerk die inkarnasie- en dissipelskapmodel. Dit moet ook diepte verleen aan die inkulturasieproses. Kenosis word deur Richardson (1983:316) beskryf as "condescension in incarnation."

189 Akkulturasie is oënskynlik deur die KMWB beoefen in reaksie op die verskynsel dat magie as goddelike genesing aangebied is. Kwesha het weer in die teenoorgestelde rigting beweeg vir sover hy die magiese genesing (wit magie) in die Afrika-konteks vir die ontwikkeling van 'n Roomse genesingbediening probeer opeis het – inkulturasie (Conn 1984:262-263).

Die enkulturatiewe benadering kan ironies genoeg lei tot 'n tradisionalistiese nadraai waar die vorme Westers voorkom, maar die inhoude volstrek tradisioneel-dinamisties-animisties bly. So iets kan selfs as 'n vorm van sinkretisme beskryf word.

Die gevaar is dat daar in reaksie op die akkulturatiewe/enkulturatiewe benadering tans in die naam van inkulturasie te veel van 'n kontinuïteitsbenadering toepassing vind en dat die pelgrimsbeginsel skade lei (Conn 1984:262-263).

Die slotsom waartoe gekom word, is dat alhoewel die inkulturasiemodel 'n stap vorentoe was, daar duidelike tekortkominge in die praktyk na vore kom. Dus moet daar ook na ander modelle gekyk word om die inkulturasiemodel te begrens, maar ook aan te vul en te verdiep.

## 8.4.3 Multidissiplinêre model

Die basiese veronderstelling hier is dat siekte in konteks gesien 'n ingewikkelde saak is om te verstaan en dat genesingsbediening derhalwe 'n multidissiplinêre aanpak vereis. Hier gaan dit dus om die verhouding evangelie en kennis. In die geval van die inkulturasiemodel (en variante daarvan) word sterk gefokus op die verhouding evangelie en kultuur, terwyl die multidissiplinêre model uitgaan van die wetenskaplike interafhanklikheid van verskillende dissiplinêre perspektiewe en benaderings. Dit veronderstel 'n belangrike rol vir opleiding en 'n bepaalde verstaan en benadering van opleiding.

### *8.4.3.1 Ekumenies-pastorale benadering*

#### 8.4.3.1.1 Inleiding

Die hulpwetenskappe nie altyd tot hulle reg gekom het in teologiese opleiding van sendelinge en inheemse ampsdraers aan seminaries nie. Dit het dikwels gelei tot 'n eng en selfs eensydige bediening. In die geval van indiensopleiding was die probleem nog groter, aangesien die kandidaat uitgelewer was aan die kennis- en vaardigheidsvlak van die ampsdraer by wie hy in opleiding was.

Die ekumenies-pastorale benadering[190] vloei voort uit veel- of interkerklike opleiding waar meer hulpbronne opleiding in hulpwetenskappe en ander leerareas moontlik maak. Ook word kandidate blootgestel aan meer diverse kerklike en kulturele tradisies. Hierdie benadering is dus meer ekumenies in sy bewussyn en komprehensief in die pastoraat. Laasgenoemde volg onder andere op 'n bereidheid om die geesteswetenskappe in die pastoraat te benut. Dit veronderstel klinies-pastorale kennis en insig. Dit vind sy grond in aanduidings dat by patogeniese toestande daar sterk oorsaaklikheidsrelasies is tussen fisiologiese toestande en die geloofsisteem.

Dit kom neer op 'n multidissiplinêre benadering met die dieptedimensie van die geloof en teologie. In hierdie benadering probeer die pastor (of profeet) nie alles self hanteer nie, maar vind verwysing na eksterne kundigheid geredelik plaas. Daar is ook samewerking met eksterne kundigheid.

Een van die probleme met hulpwetenskappe is dat hulle basiese mensbeskouing nie regtig ruimte laat vir 'n evangelies-pastorale benadering nie. Freud, Jung en Maslow sou byvoorbeeld nie eers droom om natuur en genade teenoor mekaar te stel nie, aangesien daar vir hulle niks anders as natuur en natuurwetmatigheid bestaan nie. J Adams (1960:6-11) is 'n uitsondering, aangesien hy wel vir die genade ruimte laat. In die pastoraat en die opleiding daartoe moet die verhouding natuur en genade egter deeglik verdiskonteer word. G Heitink wys op hierdie bipolêre spanning, maar deurbreek dit volgens JDG van der Merwe as hy voorsien dat psigoterapie

---

190 Ekumenies-pastorale model: Hierdie model het die diakonaat en koinoniaat in die leraarsdeel van die opleiding verryk met 'n ekumeniese dimensie (Jonker 1982:22). Dit sou ook in die bediening onder die dimensievan *koinonia* ter sprake gebring kon word en dan is dit sterk gemeente- en kerkopbouend, sowel as integrend van aard.

die Woord kan kanaliseer as deel van 'n kliniese pastoraat wat gemik is op die *ontmoeting* tussen God en mens (Van der Merwe 1982:48-50, Heitink 1984:77,155,162).

Ook is die winspunt in die kliniese pastoraat daarin geleë dat dit nie net deur die predikant met sielkundige agtergrond beoefen word nie, maar dat dit by uitnemendheid deur die mediese dokter, primêre gesondheidswerker en ook tradisionele praktisyn (cum pastor/profeet) beoefen kan word. Dit betrek ook insigte vanuit die volkekunde en sosiologie en het so raakvlakke met die ekumeniese model. Van der Merwe (1982:52) wil soos AJ Smuts op grond van die sielkundige agtergrondskennis onderskei tussen die predikant as kliniese pastor en die pastorale sorg deur persone met min of geen opleiding (De Jongh van Arkel 1988:1). Van der Merwe wil die klinies-pastorale model afgrens van 'n missionêre, diakonale en agogiese model (wat 'n meer opvoedkundige model is).

Skrywer het in die eksemplariese stof die klem op die pastoraal-ekumeniese model verder so uitgewerk. (Sien eksemplariese stof onder par 14.2.1.3, p 313, vir "Biblical foundation of a healing ministry" en "different approaches relating to different interpretations." Sien ook p 313, par 14.2.1.4.1, vir "Diaconal ministry.")

Hier kan ook verwys word na E Thurneysen (1946:135) wat as praktiese teoloog gefokus het op sonde en die vergiffenis in die hantering van pastorale gevalle. Alhoewel die pastor die sonde raaksien en die vinger daarop druk, is dit nie al wat hy moet doen nie. Hy moet ook totale hulp aan die totale mens bied deur die hele Woord (in ooreenstemming met die evangelie) te bring.

S Hiltner wat grootliks deur die kliëntgesentreerde benadering van Rodgers beïnvloed word, vorm hiervan 'n teenpool. Hy wou niks aan die pasiënt laat sê wat sy sonde betref nie. Hiltner was bang om iets te sê of te doen wat die pasiënt kan ontstel (Heitink 1984:250). Terapie is 'n doelwit in sigself. Sy hulpverleningsbenadering was daarop gemik om die pasiënt te help om beter te voel, onder andere deur pastorale begeleiding (eduktiewe benadering – De Jongh van Arkel sj: 33). Dan is terapie as suksesvol gesien.

Die gevaar by Hiltner se benadering was dat die klem meer op die psigologiese hantering en verhoudingstigting op 'n horisontale vlak geval het. Die opdrag om die sieke in kontak te bring met Jesus Christus word grootliks onderskat. Dan was die benadering ook nie genoegsaam op die situasie gefokus nie vir sover dit verskillende funksies van genesing, ondersteuning, begeleiding afhangende van die situasie in spel moes bring (Louw 1982:9-10). Die gevaar van die metode is om die boodskap van die evangelie en ook die ware behoeftes wat deur diens en daadbediening opgelos moet word te ignoreer.[191]

Die benadering wat deur MH Bolkestein (volgens Jongeneel 1991) voorgestaan word, is meer komprehensief as beide voorafgaande benaderings. Dit word begrond in die feit dat Jesus Christus se bediening die hele liggaam, siel en gees omvat het (Bolkestein 1964:36, Jongeneel 1991: 288). Meer as een helingsmetode was deur Jesus Christus gebruik. Sy benadering was nie eensydig nie en het ruimte gemaak vir 'n groot variasie (Louw 1982:11).

Jongeneel pleit dus vir 'n holistiese benadering wat die mens in sy totale wese betrek. Die mens kan nie eensydig rasioneel benader word nie, want sy intellek is deel van sy psige. In die eensydigheid bly die liefde van Christus onoopgesluit, omdat dit abstrak en veraf bly (Jongeneel 1991:284).

Al die vorige eksponente is dit ten minste met mekaar eens dat die gesprek of die stig van 'n relasie noodsaaklik is om pastorale kontak te bewerkstellig. Sommiges, soos Jongeneel pleit vir 'n missionêre dialoog wat nie 'n eenrigtinggesprek (eensydig kerugmaties of elenkties) is nie, maar die ander party in 'n ware dialoog betrek (Jongeneel 1991:335).

---

191 Neem ook kennis van Didaché se Module 3.3 ten opsigte van modelle en die stig van 'n verhouding van warmte en omgee. – (Study unit 7 en 8, pp 26-38).

Waar hulp benodig word, is die gevaar ook dat fisiese hulp op die vlak van *ubuntu* gelewer word, sonder sinvolle Christelike liefdesinhoud. Diakonale hulp (diens) mag ook nooit verword of verwater tot filantropie of humanitêre hulpverlening nie. Diakonia en koinonia is interafhanklik. Op dieselfde wyse is kerugma sonder diakonia en koinonia onaanvaarbaar (Jongeneel 1991: 298).

Bolkestein het die balans tussen die kerugmatiese en die diakonaal-koinoniale mooi uitgedruk met die term *paraklese*, waar bemoediging op dieselfde vlak as die *paranese* (vermaning) beklemtoon word (Louw 1982:12, Bolkestein 1964:89-91).

Hiltner probeer volgens De Jongh van Arkel (sj:13,32) die definisie van pastorale werk te verbreed om dialogiese (*puisano*) dimensie te benut wat weer verdere dimensies van diakonia betrek. De Jongh van Arkel loop egter self gevaar om die kontekstualiseringsdimensie van koinonia te mis.[192] Dit blyk veral uit die ou materiaal van DI waar die dimensie van gebed en heling nie aangeraak word nie. De Jongh Van Arkel maak wel ruimte vir so 'n dissipline soos genesing en gebed onder die noemer van 'n eksorsismebediening as 'n spanbenadering in 'n Westerse konteks (1987:144). Ook laat hy ruimte vir 'n tipe kulturele benadering wat voorrang daaraan verleen dat ons in die ander persoon se denkraamwerk inkom om sodoende selfs inheemse rituele by inheemse volk te benut (De Jongh Van Arkel sj:144).

AS van Niekerk plaas weer die aksent op die dimensies van heling, ondersteuning, begeleiding en versoening. Vervolgens sal die situasie bepaal watter dimensie die meeste ter sake is. In hierdie opsig wil ons ook die aspekte van kerugma, diakonia en koinonia integreer met bogenoemde dimensies en ook daarvan melding maak dat diakonia (in sy verskillende aspekte) die hoofkomponent van die profeet se bediening is. Vanselfsprekend moet dit altyd onderlê word deur kerugma, koinonia om 'n komprehensiewe en geloofwaardige bediening te wees (Van Niekerk sj:9,42). Louw (1983:50) beklemtoon dit as hy geloofshulp verleng na lewenshulp wat beide belangrike boustene is in diakonia en koinonia.

AOK-profete se primêre rol is die van 'n helingsbediening. Dit het egter ook belangrike ondersteunings- (byvoorbeeld koinonia) en versoeningselemente (byvoorbeeld diakonia).[193] Op dieselfde manier wat *ubuntu* uitgelei moet word na 'n meer Bybelse koinonia.

Sien vervolgens hoe hierdie elemente van genesing, ondersteuning en begeleiding in Mulungu toegepas is deur 'n terapeutiese gesprek (in volgende par 8.4.3.1.2 en ook die meer gekontekstualiseerde vorm in par 14.3.4.3.1, p 326)

### 8.4.3.1.2 Toepassing in die AOK-konteks

Watter toepassing het hierdie benadering op die profete en leraars van die AOK? Daar is sprake van so iets as 'n patogenetiese benadering waar daar op die verlede van die sieke ingegaan word. Die pastor sal moet nagaan hoedat twis, afgodery, of magie die aanleidende oorsaak was vir die ontwikkeling van die siektetoestand. Hier sal verder ingegaan word op die negatiewe gevoelens van vrees, angs en haat wat bose kringlope tot gevolg het (Van der Merwe 1982:52).

Daar moet veral na die verwondinge van die verlede gekyk word wat minderwaardigheid, vrese en dies meer tot gevolg het. Veral moet in ag geneem word dat dit neurotiese afmetings kan aanneem.

Die voordele van die benadering is geleë in die feit dat dit 'n gees van onderskeid wil daarstel tussen 'n kliniese pastoraat en 'n genesingsbediening wat sterk charismaties van aard is en wat gewortel is in 'n doperse opstandigheid en/of fatalisme teenoor siekte en lyding (Jonker 1982:22).

---

192 Die toespitsing van die evangelie om die ware kulturele en bestaansbehoeftes van die lidmate of mense aan te spreek.

193 Sien situasionele gawebediening onder die hoof van diakonia in die eksemplariese stof – "Diaconial Mininstry."(14.2). Dus was die funksie van die stof om die diakonale dimensie van 'n meer koinoniale onderbou te voorsien.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



’n Studiegeval van Mulungu sal vir ons meer lig werp op dié benadering. Hy het uit ’n huis gekom waar sy pa oormatig streng was en hy oormatige koestering by sy ma gesoek het. Hy word oorbeskermd groot en bly onvolwasse. Met sy dogter se troue word hy van getoor-wees beskuldig omdat hy nie sy plek kon volstaan as vader van die bruid nie. Toe hy vermaan word, reageer hy in opstand. Hy kla van miere wat hom wil beset en hy glo sy vrou het iets daarmee te doen.[194]

Hy word op drieërlei wyse gehelp:

1) Die psigo-spirituele benadering van die pastor wat daarop neergekom het dat die toordery ontlont is. Die pastor lê hande op hom en bid vir hom. Hy raak so ontslae van sy vrese en minderwaardigheidsgevoelens. Hy kry geleentheid om uit te praat en te bely en kry so insig in sy verlede en huidige optrede. Hy aanvaar nou verantwoordelikheid vir sy optrede en dat dit nie net aan een of ander bose mag toegeskryf moet word nie.
2) Die mediese dokter bevind dat Mulungu ’n breingewas het en dié word met medikasie opgeklaar.
3) Sy vrou word betrek om hom te ondersteun en so normaliseer sy huweliksverhouding (Mpolo 1990:49).

#### 8.4.3.1.3 Evaluering

##### 8.4.3.1.3.1 Winspunte en nadele

1) Die belangrikste winspunt in die benadering is dat die dualisme van natuur en genade deurbreek word.
2) Ook is daar openheid vir die feit dat wondergenesings nog plaasvind. Baie genesings wat in hospitale plaasvind, moet volgens Van der Merwe in hierdie kategorie geplaas word (Van der Merwe 1982:53).
3) Dit laat ruimte vir die opleiding van leke tot kliniese pastorale werkers. Dit is ’n postmoderne ontwikkeling weg van abstraksie en die transplantasie van modelle sonder kontekstualisering.
4) Dit verminder die gevaar van eklektisisme en metodologiese sinkretisme, soos uitgespel in Bridger en Atkinson (1994:67).

Clyde J. Steckel (1985:29-30) spel dit so uit onder die opskrif *Plurality and problems*: “No longer able to rely on a single personality theory and method of therapy, pastoral counsellors will increasingly rely on theological and ethical reflection to guide both objectives and procedures in pastoral care.” Dit behels dus ook dat die kosmologie van die kliënt in ag geneem word, sowel as die bevryding van eie kulturele bindinge.

Laastens is hierdie model die enigste wat werklik erns maak met die soms nog foutiewe hantering van lyding (as gevolg van die dualisme in die kosmologie van AOK) en dit eskatologies, soteriologies, ekklesiologies en pneumatologies verdiskonteer (Smit 1982a:68-80, Van der Merwe 1982:44-45).

Die vraag is in watter mate daar ver genoeg gegaan word om die ekumenies-pastorale benadering met ’n ekumeniese, kragontmoetende genesingsbenadering te paar? Hier kan die gebruikmaking van rituele in die AOK-konteks ingespan en benut word. Soos De Jongh van Arkel (sj: 144) dit konstateer met “mind of reference using the of the same ritual as the homefolk”.

[194] Toordery: Mpolo (1990:51-52) is van mening dat toordery nie ontken moet word nie. Die Westerling kyk altyd daarby verby en soek net vir biologiese oorsake. Die Afrika-mens soek eerste vir spirituele oorsake. Die toordery moet ontlont word deur die proklamasie van die oorwinning in Jesus Christus. Die sieke het nie nodig om die toordery te vrees nie. In hierdie geval word die sieke getroos met "niks kan ons van Sy liefde skei nie" en "aan Hom is alle mag gegee in die hemel en op die aarde."

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



(Sien vervolgens die ekumeniese-genesingsbenadering of integrasie-benadering, sowel as die elemente van geënkodeerde terapeutiese gesprek met LL wat uit refleksie neerslag gevind het in hoofstuk 12, par 12.2.6, p 263 en ook par 14.3.4.3, p 325)

#### 8.4.3.1.3.2 Skakeling met teologiese opleiding

Die model pas maklik in basiese teologiese opleiding (BTO) en voortgesette teologiese opleiding (VTO).

Sien Figuur 1 vir pastorale opleiding: A, B, C is die totale veld van die pastoraat met A as onderlinge sorg, B as pastorale sorg en C as pastorale beraad. D gee uitdrukking aan die groeiende kennis wat verkry word namate wat daar na C beweeg word. E gee uitdrukking aan die groter wordende vereiste aan keuring wat gestel word. Bokant Y en X vind ons die totale veld van die sielkunde, mediese kundigheid en die pastoraat. Die nut van hierdie benadering is dat dit ook vir leke voorsiening maak en van 'n meervlakkige aard is.

#### 8.4.3.1.3.3 Die verryking van die model deur die plaaslike ekumeniese projekte

Ons sou ook in die model 'n tweede tipe ekumene kon onderskei wat die versplintering van die kerk wil teëwerk en oor kultuurgrense die diversiteit nie net erken nie, maar daardeur verryk wil word. Hier word die klem dan veral op die plaaslike ekumene gelê. Meer in die besonder lê dit daarin dat daar op plaaslike vlak projekte aangepak word. Mens dink hier aan teologiese opleiding, maar ook opleiding in die algemeen as deel van gemeenskapsbetrokkenheid (Crafford en Gous 1993:410, Bühlmann 1974:227).

#### 8.4.3.1.3.4 Haalbaar in Afrika-konteks?

Die grootste kritiek op hierdie pastorale beradingsmodel is dat dit nie haalbaar sal wees in 'n Afrika-konteks, indien dit nie voldoende gekontekstualiseer word nie. Dit sal egter verryk moet word deur die insigte van die inkulturasie- en kommunikasiemodelle (hierbo genoem).

Dat die model egter insigte na vore bring wat ons goed sou kon gebruik, staan soos 'n paal bo water. Die uitdaging is dat dit in Afrika-konteks aangepas moet word. Die ekumeniese, kruiskulturele en kruisdissiplinêre samewerking wat in teologiese opleiding realiseer en integreer, behoort 'n vername, positiewe aspek daarvan te wees. Die ekumeniese kant van die model sal by die leraars- en pastorale been van teologiese opleiding anders en verder uitgewerk moet word. (Sien ook die eksemplariese stof)

### *8.4.3.2 Multidissiplinêre spanbenadering*

#### 8.4.3.2.1 Inleiding

Hierdie benadering is 'n meer gematigde, spanbenadering. Die voordeel is dat verskeie gedragswetenskappe saam met die pastor werk aan die diagnose van so 'n pasiënt – 'n voordeel gesien die dikwels ingewikkelde aard van siekte. Die pasiënt word oor 'n tyd gemoniteer en die nodige ondersteuningsraamwerk word verskaf. Indien daar 'n okkulte geskiedenis bevind word, word dit in die diagnosering in aanmerking geneem. Daar gebruik gemaak van mediese middels om die pasiënt te behandel. Dit behels ook pasiënte wat nie op normale terapie respondeer nie.

Soos reeds genoem, word daar in die Anglikaanse Kerk ook voorsiening gemaak vir 'n eksorsistiese bediening wat deel van so 'n spanbenadering kan uitmaak. Daarvoor word 'n jaaropleiding saam met 'n senior-eksorsis vereis (vergelyk Watkins 1983:111-113, 155).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



#### 8.4.3.2.2 Kritiek

Enige multidissiplinêre benadering word gerig deur fokus en beklemtoning, en kan in die laaste instansie aan die hand daarvan gekarakteriseer word. Om dus bloot van 'n multidissiplinêre benadering te praat, sê nie veel nie.

Verder is daar 'n duidelike spanning tussen die pastorale en mediese paradigmata, amper soos tussen genade en natuur. Die biologiese model wat Westerse geneeskunde onderlê, akkommodeer byvoorbeeld nie noodwendig die benadering wat RWS Cheetham en A Rzadkowolski voorstaan, naamlik dat sosiale interaksie en sosiale kohesie by siekte en genesing in aanmerking geneem moet word nie (Cheetham & Rzadkowolski 1980:324).

'n Verdere probleem is dat mediese benaderings self in 'n hoë mate van teorieë afhanklik is wat op hulle beurt uitgaan van 'n mensbeskouing wat nie met die Bybelse verstaan ooreenstem nie. Hier word gedink aan voorbeelde soos behaviorisme en Freudiaanse psigoanalitisme. J Adams het die mediese model ook daarvoor verwyt dat dit nie glo in die belydenis van skuld nie en die Freudiaanse uitleef van die drange en emosies onderskryf (Adams 1970:6-11).

Dit kan selfs in twee teenoorgestelde benaderings uitmond. Enersyds, volslae reduksionisme wat onsimpatiek staan teenoor verskynsels wat eintlik nie anders as holisties en in terme van die breër kulturele, sosiale konteks verstaan kan word nie. Andersyds, oordrewe verdraagsaamheid en bereidheid om te akkommodeer. So kan "besetenheid" as 'n blote kultureel bepaalde fenomeen beskou word, "... culturally expectable, response to a uncanny encounter" (Yamauchi 1986:146).

Nooit sal 'n multidissiplinêre benadering per se gevolg kan word nie. In die multidissiplinêre model het ons dus te doen met twee ontledings wat nie net vanuit verskillende hoeke kyk nie, maar ook as wedywerendes langs mekaar staan. Maar dan ook weer word in hierdie model wetenskaplike begrippe en apparaat ingespan om wat as demoniese besetenheid ervaar word, te ontmitologiseer en by 'n bevrydende terapie uit te kom. Die vlakke waarop diagnostiese ondersoeke toepaslik kan wees, is dié van magie, sinsbedrog, onnatuurlike oorsake en parapsigologie (White 1975:53, Bridger & Atkinson 1994:51).

Dit sou nie sonder die kombinasie en kruisbestuiwing van ander modelle soos die kulturele en die ekumenies-pastorale modelle prakties haalbaar wees in 'n konteks van die AOK nie.

### 8.4.4 Konfrontasiemodel

Hier word uitgegaan van die veronderstelling dat ongesteldheid die gevolg is van werking deur negatiewe kragte (of gevolglike gebrek aan krag) en dat 'n genesingsbediening die boosheid of negatiewe kragte moet konfronteer. Die model kan dus gekarakteriseer word as een waarin die evangelie konfronteer en uitdryf.

#### *8.4.4.1 Eksorsisties-sakramentele benadering*

Volgens hierdie model moet pastors opgelei word om die nodige eksorsisme-ritueel uit te oefen vanuit 'n geïnstitusionaliseerde posisie. Dit is veral die kerk van Rome en sommige kerke in die Anglikaanse gemeenskap wat so 'n benadering volg. Hulle beskik ook oor rituele wat eksorsisties toegepas kan word, asook liturgiese elemente wat daarop gemik is om die erediens en sakramente teen bose geeste of demone te beskerm (Linn 1981:102).

In hierdie opsig word die klem ook later verskuif na die "care" in plaas van die "cure" van die siele deur die Rooms-Katolieke wat hulle huise met wywater en sout besprinkel (Linn 1981: 222). M en P Linn is voorbeelde van Roomse sakramentalici wat glo dat eksorsisme altyd onder die toesig van 'n biskop moet plaasvind. So 'n ritueel moet volgens hulle oor die elemente van lofprysing, eksorsisme en gebede vir heling en vulling met die Heilige Gees beskik en gesien word as deel van 'n totale genesingsproses (Linn 1981:236).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



As kritiek hierop kan gestel word dat rituele as sodanig nie onaanvaarbaar is nie, maar dat ritualisme en sakramentalisme maklik vir magies-dinamistiese wanverstaan vatbaar is of selfs so 'n verstaan kan voed.

#### *8.4.4.2 Profeties-charismatiese benadering*

##### 8.4.4.2.1 Inleiding

Volgens hierdie teologie word siekte as 'n gevolg van die sonde en die werking van Satan verstaan. Daar is twee standpunte. Die een skool ('n radikale spiritualistiese benadering) wil die profete bevry van die okkultiese gebruike en dan verder skool in duiweluitdrywing in 'n pastorale beradingsbediening. Die eksponente van die benadering is Koch, Virkler en Beyerhaus (Daneel 1987:260). Die tweede skool van A Anderson sal die profete se eksorsisme, spreek tale en ander gebruike meer geredelik akkommodeer en verdere opleiding gee om vir eksorsisme ruimte te laat (Anderson 1991:51-53).

Alhoewel die skole verskillende siening van opleiding het, deel hulle dieselfde dualistiese standpunt (die stryd tussen twee teenoorstaande ryke van God en Satan). Volgens die skool van Kurt Koch is daar 'n verkeerde verstaan van die Heilige Gees in die AOK wat ook die spiritualiteit van hierdie kerke verkeerd beïnvloed. Daarom sien hulle die uitdryf van bose geeste as wesenlik. Sommige KMWB volg in 'n sendingsituasie 'n eksorsistiese bediening. So is daar 'n sekere sendinginstansie in die Matopoheuwels wat 'n "Sioniste-gees" uit 'n persoon wat demonies besete was, gedryf het (Linn & Linn 1981:219). Dit kan dan as 'n geval van anti-Sionistiese eksorsisme bestempel word.

Die charismatiese denke neig om óf in konflik met die psigologie te verkeer óf dit in 'n spiritualisme op te neem. Koch is 'n voorbeeld van laasgenoemde. Hy begin met konflikpsigologie en integreer dit dan in sy benadering. Op die ou end word die multidissiplinêre insigte oormeester deur die spiritualistiese benadering.[195] Genesings wat geloofwaardig en totaal is, kom van die Here. Koch self sien dit so: "Medical concern for healing, however is only a subsection of occult subjection and can therefor contribute only a limited, preliminary basis for further pastoral treatment" (Koch 1972:293).

Vir opleiding van die profete van die AOK sou die Kurt Koch-skool nie kans sien nie. Vir hulle is die AOK eerder eksponente van okkulte-bedrywe. Die profeet en die *isangoma* sal per se op een vlak gestel word. Die gawes van die Gees word deur hierdie standpunt aanvaar, maar met 'n gees van onderskeiding. Wat by die AOK as gawes van die Gees beskou word, is volgens die Koch-skool in der waarheid bose geeste. Hulle word deur die Koch-skool verdink van misbruik vir eie gewin, hoogmoed en selfverheffing. So kan die geestesgawes eerder gesien word as tekens van demoniese besetenheid (Koch 1981:194).

Die Anderson-skool sou ons wou uitsonder onder die charismatici wat profetisme in die AOK gelykstel met Bybelse profetisme. Die opleiding van die profete van hierdie kerke geniet besondere aandag deur Alan Anderson wat die Tshwane Teologiese Kollege te Soshanguwe gestig het. Dit is duidelik 'n *profetiese opleiding* wat voorsiening maak vir alle charismatiese gawes, soos ook die spreek in tale (Anderson 1991:51-53, 1992:122).

---

195 Konflikpsigologiese denke is gebou op die leerteorie dat gedrag bepaal word deur stimulus-respons. Vrees is hier die aspek wat die gedrag bepaal. Basiese neurotiese gedrag bestaan uit intense innerlike konflik. Die bron van die vrees is "learned drive aquired through association with primary drive" aldus Chrisholm (1984:406-409). Die terapie wat aangebied word, is om responsopsies te bied en 'n alternatiewe kognitiewe raamwerk daar te stel. Dit word egter deur die spiritualistiese benadering, soos by Koch, oorwoeker.

#### 8.4.4.2.2 Evaluering

Kritiek op die standpunt van Koch is dat dit neig om te veralgemeen en kom neer op "nothing buttery" – "nothing but Christ, nothing but Grace."[196] Hierdie benadering neig ook tot kultuurontkenning. Daar is verskeie kombinasies van hierdie benadering. Hiervolgens het psigiatrie en sielkunde niks te bied nie. Die Bybel gee die breë raamwerk waarin geleef moet word. Die benadering neig om alles aan 'n sondige lewenshouding toe te skryf. Die slagspreuk wat hieruit voortvloei, is: "Identify and then exhort" (Crabb 1977:38).

Die gevaar is dat siekte altyd toegeskryf word aan een of ander demoon. Hamartologie word gelyk gestel aan demonologie (Huisamen 1978:58). Verder geniet die charismatiese model nie altyd geloofwaardigheid het nie, omdat hulle hulleself in teenoorstaande kampe verdeel het (Linn & Linn 1981:105).

Dit lyk egter asof die pentekostalistiese tipe benadering wel rekening hou met die geestelike realiteite van Afrika. Anderson beweer dat die sogenaamde "missionêre pentekostalistiese" KMWB in Afrika sukses behaal het waarop ander KMWB nie kan aanspraak maak nie. So byvoorbeeld het dit een van die laagste syfers van voorouerraadpleging (3,6% van die totaal) wat beter is as die gemiddelde statistieke van die KMWB wat sowat 25,5% aangee.

Hierdie kerke se benadering verskil egter heelwat. Die IPC (International Pentecostal Church) laat byvoorbeeld nie simboliese objekte, soos die staf, water ensovoorts, toe nie. Spreek in tale geniet egter groot aanhang (75%). Dit is totaal gekant teen die tradisionele gebruike van die AOK wat 'n rituele offers beoefen (so hoog as 72%) (Anderson 1992:64-66,140,153).

Ons sou nog 'n derde benadering kon onderskei wat Gilliland noem die "sekondêre evangeliese groep". Hulle het 'n minder opgeleide leierskorps. Dit sluit in groepe wat ons ken as die ZCC, IPC en andere (Gilliland 1986:269). Hierdie kerke onderskei bose geeste van voorouergeeste. Eersgenoemde word ritueel uitgedryf. Anderson beweer dat daar Etiopiese kerke is wat meer akkommoderend is teenoor die voorouergeeste as die Geeskerke (veral in Zimbabwe en Swaziland), hoewel die neiging normaalweg andersom is (Anderson 1991:90).

### *8.4.4.3 Kragontmoetende benadering*

#### 8.4.4.3.1 Inleiding

Die agtergrond hiervan is die herlewingstradisie en –teologie wat in sommige gevalle teruggaan op 'n pinksterervaring en –tradisie, en in ander gevalle juis weer direk teenoor pentekostalisme stelling inneem. Dit gaan in beginsel daarom dat die betrokkenes met 'n oorweldigende (goddelike) krag gekonfronteer word wat die grond vir bekering en/of genesing word.

In 1918 het 'n pinksterervaring deur Makoni in die distrik van Manicaland in Oos-Zimbabwe (1918) gespoel. Een van die wondergenesings wat aangemeld is, was die van die dogter Muredzwa, 'n hopelose kreupele. Daar was egter 'n verskil tussen hierdie genesing en die van die tipiese pentekostalistiese genesing. Daar is nie aanspraak gemaak op die charismatiese werking van die Heilige Gees nie. Die tipiese spreek in tale is nie ervaar of afgedwing nie. Ook was dit nie deel van massaopwekking en -genesing nie. Nietemin is daar in die omliggende dele bepaalde emosionele steurnisse aangemeld, veral in die sendingskoolopset en is die onderwysers / kategete in so mate daardeur beïnvloed dat skoolgang op plekke ontwrig is. Die Anglikane en die Metodiste was genoodsaak om hulle benadering aan te pas, standpunt daaroor in te neem en beter kontrole toe te pas (Ranger 1982:358).

Min of meer dieselfde toedrag van sake vind ons by Kwa Sizabantu, Kwa-Zulu/Natal, waar daar van 1967 'n ongekende uitstorting van die Heilige Gees plaasgevind het, soos deur Kurt

---

196 "Nothing buttery": Dit het die betekenis van *niks behalwe ("but")* fundamentele teologiese benaderings alleen (Crabb 1977:38).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Koch verhaal in sy boek *God onder die Zulus* (1981:51). Genesingsbediening neem 'n belangrike plek in hulle totale bedieningstruktuur in en skakel met 'n "hospitaal" wat spesiaal met die oog op genesingsbediening ingerig is. Daar word baie van sondebelydenis en gebedsgenesing gemaak. Sending volg 'n komprehensiewe benadering en die persone word nie ontmoedig om mediese hulp te soek nie (Koch 1981:115). Dit kan egter nie ontken word dat Kwa Sizabantu as 'n tipe Sion, 'n kultiese kragsetel aangebied word waar wonders en wondergenesings meer as op ander plekke plaasvind nie.

#### 8.4.4.3.2 Teologiese opleiding

Met my besoek aan Kwa Sizabantu het ek hulle gepols oor teologiese opleiding en het ek 'n openheid gevind ten opsigte van teologiese opleiding op 'n ekstensiebasis. Daar is egter 'n duidelike afkeur aan rasionalistiese wetenskaplikheid aan die een kant en die nieu-pentekostalistiese denke aan die ander kant.

Koch maak daarvan melding dat baie professore en dosente die wonderwerke wat by Kwa Sizabantu gebeur vanweë hulle rasionalistiese geloof nie kan glo nie. Die grootste rede daarvoor word aangegee as die "dispensasionele teologie" wat hulle standpunte onderlê (Koch 1981: 112).[197]

#### 8.4.4.3.3 Kritiek

In hierdie benadering is daar per definisie vanweë die sterk persoonlike en ervaringsmatige element nie veel ruimte vir teologiese opleiding nie.

'n Verdere punt van kritiek is dat hierdie benadering op 'n soort dinamisme neerkom, sy dit 'n Christelike dinamisme, as so iets moontlik is. In die geval van Kwa Sizabantu word dit verder ook gelokaliseer.

#### *8.4.4.4 Slotsom*

Die positiewe van die konfrontasiemodel is dat dit die kulturele en mitiese terme wat bekend is, gebruik en dat daar nie van konfrontasie weggeskram word nie. Ten opsigte van die voorbeelde wat bespreek is, moet egter die kritiese opmerking gemaak word dat dit nie juis op mitiese bevryding en evangeliese verruiming afgestem is nie. Daarom word opleiding negatief bejeën.

### 8.4.5 Dissipelskapmodel

#### *8.4.5.1 Inleiding*

In hierdie model gaan dit om evangelie en verhoudings. Daar word erns gemaak met die feit dat siekte dikwels die gevolg van versteurde verhoudings is, met die naaste en met God.

#### *8.4.5.2 Die metode*

Vanweë die klem op die verhoudingsmatige evangelie spreek dit vanself dat die dissipelmatige opleiding hier voorop staan. Kandidate leef in 'n noue opleidingsverhouding met hulle leermeesters. So word hulle nie alleen geleer nie, maar ook gevorm. Becken (1972:139) stel dissipelskap as model van opleiding voor, veral omdat dit aansluit by tradisionele opleidingsmetodes. Dit is dan inderdaad ook so dat hierdie model wye toepassing vind in die AOK.

Becken lê ook klem op dissipelskap as evangeliese transformasiemodel, vanaf tradisionele *ubuntu* na Christelike koinonia. Siekte en ongesteldheid gaan in die tradisionele gemeenskap dikwels gepaard met agterdog, vrees en vervolgingswaan oor magiese of animistiese ondermy-

---

[197] Vergelyk ook voetnoot 170 (p 167).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



ning. Ware dissipelskap behoort die magie teen te werk, omdat magie selfgesentreerd is en Christelike dissipelskap wat opgebou word, selfgerigtheid en onvolwassenheid afbreek (Malan 1994:6-7).

Twee beginsels moet in aanmerking geneem word, naamlik dié van die opbou en die uitbou. Op bekering moet nie van die staanspoor aangedring word (soos by Johannes die Doper) nie, maar 'n geleidelike skoling en *transformasie* soos by die dissipelkring van die Here Jesus. Daarmee word nie uitgesluit dat baie valse profete tot ander insigte gebring word en daadwerklik bekerings ervaar nie. Bekering moet eerder as 'n proses verstaan word. Die transformasie moet verder gaan as 'n tollenaar wat 'n prediker word, maar dit moet behels — 'n Petrus wat weer in sy amp vernuwe word en daarin herstel word. (Dus sal dit kerkherstel by uitnemendheid as doelwit hê). Transformasie soos in 'n totale paradigmaskuif (volgens Luk. 22:31) moet nie uitgesluit word nie. Dit behels dat grense deurbreek word (soos Petrus in Hand 10, by Cornelius). Ook sal die klem daarom meer kan val op die opleiding van 'n nukleusgroep van profeet-dosent (of leraar-dosente ) wat op hulle beurt weer ander skool. (Vgl ook eksemplariese stof, Eksemplariese Stof par 14.3.1.4, p 318).

Wat 'n sterk moontlikheid is, is 'n TOE-program met sterk klem op dissipelskap waarin Afrika sy eie teologie uitwerk in 'n ekumeniese atmosfeer. Dus moet die leermeester en sy dissipels oor lang tyd verhoudings bou en moet transformasie toegelaat word om oor 'n langer tyd te geskied. Dit lyk egter noodsaaklik dat (ekumeniese) opleidingsinstansies die breë opleidingsraamwerk met die oog op 'n genesingsbediening moet verskaf.

Terselfdertyd moet die leerder toegelaat word om self as leermeester van ander op te tree wat nog aan die begin van hulle opleiding verkeer. So word die leereffek versterk en die dissipelmatige koinonia versprei.

'n Dissipelskapmodel van opleiding onder profete maak ruimte daarvoor dat die kandidate, net soos die dissipels van ouds, genesingswonders verkeerd mag verstaan. Jesus Christus se dissipels word vermaan om tekens en wonders nie as 'n doel in sigself te sien nie, maar dat hulle eerder die wil van die Vader moet soek. Dit gaan om transformasie waarin hulle moet verstaan dat die regte verhouding met God belangriker is as genesingswonders, selfs as genesing self.

Laastens is dit onteenseglik so dat daar 'n modellering ten opsigte van die Nuwe-Testamentiese dissipels plaasvind. Hier moet daarop gewys word dat behalwe vir ooreenstemming en kontinuïteit, daar ook baie diskontinuïteit is, soos dat die Bybelse dissipels geen inkantasies,[198] geheime rituele, esoteries tekens of manipulasie gebruik het nie (Brown vol. 2, 1978:560-561). Op hierdie kontinuïteit en diskontinuïteit moet gewys word in teologiese opleiding.

### *8.4.5.3 Evaluering*

Die grootste winspunt lê daarin dat die dissipelskapmodel so naby aan die patroon van die AOK se inheemse model van opleiding (Kirkpatrick 1995:23). Die vernaamste voordeel is dat dit, meer as enige ander model, vormend werk. Die Achilleshiel van die model lê by die kwaliteit en boodskap van die leermeesters en die moontlikheid dat leerlinge op 'n dwaalweg gevoer kan word. Verder kan daar vanweë groepsdruk onregmatige oorredingsdwang, amper soos kondisionering, op leerlinge geplaas word. Leerlinge kan ook van hulle gemeenskap geïsoleer en vervreem raak (Liefeld 1978:180).

---

[198] Inkantasies: Volgens Twelftree (1986:286) gaan dit gewoonlik terug op tradisionele stamfrases en magiese formules deur tradisionele eksorsiste gebruik. 'n Mens sou egter wou aanvaar dat daar inkantasies is wat met gebed ooreenstem en wat die Here se naam aanroep met byvoorbeeld handoplegging, wat 'n meer aanvaarbare manier van eksorsisme is en wat self as opdrag uit die Skrif afgelei kan word volgens Jak. 5:13. Die klem sal hier egter moet val op die gesagvolle spreke van die Here.

Daar sou ook gewaak moet word teen die oorhaastige opleiding soos dit by sommige charismatiese kerke voorkom. Aan die anderkant kan ook geleer word by hulle lekebediening en die warm, ondersteunende koinonia (Hesselgrave 1978:328).

Ten slotte: Al opleidingsmodel wat die Here Jesus aan ons voorgehou het was 'n dissipelskapmodel. As opleiding met die oog op 'n genesingsbediening moet dit leerlinge en uiteindelik siekes vanaf negatiewe kragte en selfgesentreerdheid lei na 'n gesonde en intieme verhouding met God in Jesus Christus en 'n evangeliese broederskap onderling. Daar moet ook meer van evangelies-transformerende dissipelskap in opleiding gemaak word (Conn & Rowen 1984:18).

## 8.4.6 Die kritiek van die dispensasionele model

### *8.4.6.1 Oorsig*

Die dispensasionele model verwerp eietydse aansprake van wonders en bonatuurlike genesings. Die standpunt kom daarop neer dat Christus 'n eenmalige en eiesoortige genesingsbediening gehad het met die doel om sy geestelike mag te bevestig (Kelsey 1973:99, Linn 1981:99). Volgens John Mc Arthur (1992:41) is die wonderwerke eenmalige gebeure wat hoogstens tot die tyd van die apostels voortduur. Ook die manifestasies van die Heilige Gees, soos spreek in tale, tekens en wonders word tot die Nuwe-Testamentiese periode beperk. Christene wat enigsins glo dat dieselfde soort wonderwerke vandag enigsins moontlik is, stel hulle bloot aan Sataniese bedrog. In sy boek, *Charismatic Chaos*, probeer Mc Arthur al die verskynsels van die charismatiese beweging en kerke in dieselfde trant te ontmasker.

Hy wys veral op die misbruik maak van die verskynsel van handoplegging deur Benny Hinn. Kennith Hagin se "prosperity gospel" word ook aan die kaak gestel. Hy stel die misbruik só sterk, dat hy eerder praat van "spiritual casualties" as "healings", byvoorbeeld waar mense met die vuis op die bors geslaan is en dit later tot erge fisiese komplikasies gelei het (Mc Arthur 1992:190).

### *8.4.6.2 Evaluasie*

Die dispensasionele standpunt word onderlê deur 'n Kuyperiaanse standpunt wat in hierdie verband soos saamgevat word: "He has given the world one complete revelation, adapted to all sufficient for all, provided for all and from this one completed revelation he wants to draw his whole spiritual sustenance." (Mc Arthur 1992:142). Deur 'n naïef-realistiese Skrifgebruik en die beklemtoning van die Skrifgesag deur die organiese inspirasieleer kry naïewe waarhede by hom ewigheidsgesag en is daar min ruimte vir kritiese insette van Bybelwetenskappe. Op dié manier het Kuyper en sy volgelinge in dieselfde strik as die skolastici getrap (Deist 1994:88).

Die gevaar is dat wonderwerke gesien word as afgehandel. Só word daar nie genoeg ruimte gelaat dat God vandag ook nog genesingswonders laat plaasvind nie. Die gevaar is dat selfs hierdie wondergenesings deur gebed as 't ware uitgerangeer word in 'n skolastiese standpunt van rasionalisme.

Hierdie standpunt en benadering is gemik teen baie dwalinge van die Anabaptiste, maar die gevaar is dat dit kultuurontkennend kan wees en nie genoegsaam vatbaar vir kontekstualisering nie. Die grootste gevaar van die dispensasionele standpunt is dogmatisme (Liefield 1978:181).

## 8.4.7 Die integrasie- of multidimensionele ekumeniese genesingsmodel

Die voorafgaande modelle verteenwoordig verskillende perspektiewe op genesing. Elkeen bevat ook sekere waarhede (asook uitwasse) waarvan kennis geneem moet word by die opstel van 'n integrasiemodel. Om daartoe te kom, is egter nodig dat 'n bepaalde fokusperspektief op genesing en 'n genesingsbediening gekies en gevolg word.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA






*Figuur 1: Opleidingsmodel vir lekepastoraat*

Onder die *integrasie* of *multidimensionele ekumeniese genesingsmodel* kan ons, naas die waarhede van die bogenoemde inkulturasie-, multidissiplinêre, konfrontasie- en dissipelskap-modelle, ook ander modelle en dimensies onderskei en benut.[199] Onder laasgenoemde is daar die eskatologiese model, inkarnasiemodel en kurrikuleringsmodel. (Vergelyk Louw 1984:30. Sien ook leraarsmodel, p 213, en integrasiemodel by opleiding van leraars, p 236).

Die sterkpunte van elke model hou ook die gevaar in dat dit oordryf kan word. By integrasie moet laasgenoemde juis vermy word en moet daar na balans gesoek word. Dit behels die wisselwerking tussen die volgende momente in teologiese opleiding: die van Woord (teorie), konteks (wêreld), en kerk (koinonia-samelewing) (Van Engen 1996:218-219). Ons het telkens gesien dat tekortkominge in die een model by die ander gekorrigeer of aangevul word. (Sien telkens die evaluering by die modelle; ook figure 4 en 5 wat 'n korreksie is op figuur 2). In ons integrasie by die ekumeniese genesingsmodel moet ons ons laat lei deur die dialogiese wisselwerking van die teks met die basiese fokusse van die verskillende modelle wat dit wil oorkoepel.

Die voordele van die ekumeniese genesingsmodel is die volgende:

- Die dialektiese spanning tussen teks en konteks word gestel.
- Dit probeer die onderskeie spiritualiteite (en geesteswêrelde) in ag neem.
- Dit wil 'n teologiese raamwerk bied vir die uitwerk van 'n genesingsteologie deur die AOK self.

Potensiële punte van kritiek in die geval van die ekumeniese genesingsmodel:

- Die model laat te veel ruimte vir subjektiewe vertolking.
- Die basiese styl is die van refleksie. Die model is nie voorskriftelik genoeg nie.
- Die gevare van sinkretisme dreig. Dit is nie heeltemal konfronterend genoeg teenoor TAG nie. Dit stel die bediening van genesing teenoor magie, maar nie konfronterend genoeg nie (soos in die geval van sekere spiritualistiese eksorsistiese bedienings).
- Andersyds mag dit te veel oop laat. Dit mag te veel metodes integreer (soos gesprek, gebed en eksorsisme ens). Op die ou end is die gevaar dat daar geen spesifieke metode is nie. Is dit nie te idealisties nie? Is dit te akkommoderend of is dit nie kontekstueel genoeg nie? Dit

---

199 Multidimensionele ekumeniese genesingsmodel: Dit wil erkenning gee aan die holistiese hantering van die fenomeen van genesing in die AOK en wil dit in die teologiese opleiding verdiskonteer. Dit impliseer ook verskillende perspektiewe op die fenomeen van genesing. 'n Seleksie van modelle word gemaak wat mekaar aanvul, korrigeer en evalueer. Dit wil eenheid in teologiese aanbieding bewerk deur ruimte te maak vir verskillende vorme van spiritualiteit. Dit moet die suprakulturele karakter en toepaslikheid van die evangelie met betrekking tot genesing verdiskonteer en ook aantoon hoe die evangelie juis daarom kan inkultureer. Dit impliseer dat dit van kultuur tot kultuur verskil (Crafford & Gous 1993:19; Buswell 1978:80).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



aanvaar nie noodwendig die realiteit van die bose nie, maar onskuldige eksorsisme word toegelaat.

In antwoord op hierdie kritiek moet verstaan word dat die ekumeniese genesingsmodel in wese selfreflektief en selfkrities is. Dit gaan om 'n soeke na evangeliese balans en teologies-profetiese aktualitieit.

Die toespitsing van die genesingsbediening is die totale mens in al sy samelewingsverbande. Die waarheid is kaleidoskopies en kom nie net in een vakwetenskap voor nie. Daar moet na die opleiding gekyk word deur die kaleidoskoop van die genesingsbediening en andersom. Ook na die psigologie en ander vakwetenskappe moet gekyk word deur die kaleisdoskoop van die genesingsteologiese opleiding.

Die verhouding van die genesingsbediening en vakwetenskaplike dissiplines is van belang. Die opleiding moet die ander vakwetenskaplike (hulpwetenskaplike) kennis in die genesingsbediening integreer. Dit behels nie 'n grensuitwissing nie, maar ook nie 'n waterdigte kompartementalisering nie. Op dié manier word die dualisme tussen teoretiese genesingsbediening opleiding en die praktyk oorkom.

Ander vakdissiplinêre kennis raak "perspektiewiese gereedskap" of 'n bril in die verstaan van die gebroke toestand, en help om die weg na die totale genesing in die Gees te baan.

Die integrasiemodel word deur 'n gereformeerde inkarnasiemodel onderlê (wat die Roomse inkarnasiemodel korrigeer).[200] Ook word 'n eskatologiese dimensie betrek.[201] Die eskatologiese model het die funksie dat dit integrasie nie net moonlik maak nie, maar ook keer dat die vakwetenskappe nie in die genesingsbediening uitgerangeer word nie. Die inkarnasiemodel verhoed dat die pastorale opleiding verskraal word tot teorie. Die eskatologie laat nie toe dat die wetenskap oplossings verskaf vir alle probleme nie en ook nie dat net die teologie alle antwoorde het nie. 'n Bybelse teologie van genesing moet egter aangebied word en die kontinuïteit en die diskontinuïteit tussen die genesingteologieë van die AOK en van die Bybel moet uitgewys word (Becken 1972:160-161).

Dit gaan daaroor dat daar uit verskillende hoeke na genesing gekyk moet word. Dit kom neer op 'n integrasiebediening met multidissiplinêre aanpak. (Sien p 170, par 8.3.2 oor grondhouding van die ontwerp van 'n model).

Voorbeeld: Genesing kan nie net deur gebed, sakramentalisties of by wyse van die pastoraat hanteer word nie. Ook kan die hulpwetenskappe (byvoorbeeld die mediese wetenskap) nie volle genesing bring sonder die pastoraal-teologiese inset nie. Die klem van so 'n opleiding lê dan nie in die gesprek (dialoog) alleen nie, maar ook in 'n genesingsbediening waarin die gebed 'n belangrike rol speel. Die aanwend van Westerse medisyne en/of middele, maar ook die aanwending van genesingsbedieningselemente, soos een of ander verantwoordbare vorm van eksorsisme, word deur hierdie model nie net moontlik gemaak nie, maar ook imperatief.

Hier speel opleiding 'n rol om die profete in aanraking te bring met verskillende benaderings en metodes. Nooit moet 'n model of patroon as iets beskou word wat nie verbeter kan word nie. Soos wat perspektiewe verbeter en dialoog aangaan, kan die model ook die nuwe perspektiewe akkommodeer. Dit gaan oor die hermeneutiek van die realiteit in die konteks (Van Engen 1996: 220).

Teologiese opleiding se grootste taak is om teologie, pastoraat en hulpwetenskaplike kennis tot 'n sinvolle geheel te integreer, maar ander metodes en benaderingswyses bekend te stel. So sou dit ook met die hulp van psigologiese of mediese kennis kon wys op die gevare van magie.

---

200 Inkarnasiemodel: Sien kerugmamodel onder leraarsmodel (p 214).

201 Die eskatologiese perspektief sorg dat die hulpwetenskappe diensbaar word vir sover die kennis dan sentripetaal om die kruis georden word. Dit verhoed kompartementalisering aan die een kant en grensuitwissing aan die ander kant tusssen die pastoraat as deel van genesingsbediening en die hulpwetenskappe (Louw 1984:30).

Die profeet word ook geleer om sy eie beperkthede te besef en om in staat te wees om te kan onderskei wanneer iemand byvoorbeeld verwys moet word vir mediese versorging. In siekte en nood is, soos Odendaal stel, "... God se kinders nie uitgelewer aan 'n gesiglose noodlot en in genesing verwonder hulle hulle nie net oor tegniese vermoëns nie, maar aanbid hulle die Here wat hulle genees" (Odendaal 1982:36, Eks 15:26, Ps 103:3, Jes 53:5).

Dit wil ook nie 'n vaste metode propageer nie, soos Christus ook nie van een metode alleen gebruik gemaak het nie, maar verskeie benaderings gevolg het nagelang van die situasie of konteks. Daar sal by die mens en sy/haar probleem begin word. Die uitkoms lê ook op baie vlakke – nie net 'n kragontmoeting of 'n wondergenesing nie, maar ook die van 'n geloofsontmoeting met die Heer van genesing. Dit is die paradigmaskuif. Die uitgangspunt is nie situatief deurdat die situasie tot norm verhef word nie (Bolkestein 1964:29). 'n Mens kan praat van 'n metode-eklektisisme.[202] Verskeie metodes moet in die lig van die Skrif getoets moet word en benutting moet ook aan die hand van die evangeliese geskied. Daar moet gewaak word teen metodesinkretisme wat uit 'n valse teologie voortvloei (Wicks et al 1985:28). Reeds waarsku Jones teen 'n negatiewe tipe eklektiese benadering wat veral by die nieu-religieuse bewegings voorkom wat altyd besig is "to shop around" (Jones 1985:84).

(Tot dusver lyk dit of 'n groot deel van teologiese opleiding steeds neig om te veel dogmaties en abstraherend te dink (onder invloed van die skolastiese model) en nie genoeg maak van die integrasieperspektief nie en in elk geval te min van die ervaringswerklikhede van die AOK se geesteswêreld.)

Volgens hierdie model is kurrikulering ook aanpasbaar en op vlakke van opleiding afgestem. Dit moet ook vir verskillende bedieningsmodelle voorsiening maak, byvoorbeeld 'n tentmakerbediening sowel as ander vorme van bediening. Hierdie model moet selfs ruimte daarvoor laat dat sou die geleentheid hom voordoen daar dialekties en selfs elenkties (ontmaskerend in die Heilige Gees) met die profeet in opleiding omgegaan kan word – om dialogies-krities met die profeet om te gaan wat neig om die Christelike geloof met die tradisionele dinamisme van die toordokter te vermeng. Dit wil die middelpunt van die geloof in Christus bewaar, maar die kandidaat ook ernstig neem.

So moet voorsiening gemaak word dat 'n profeet met 'n dinamistiese agtergrond en grondslag wat besig is om te transformeer, 'n suprakulturele kragontmoeting met Christust kan hê – 'n "aanraking" van die Heilige Gees te beleef wat dinamisties kan begin, maar dan tot 'n intiem persoonlike verhouding groei. Hier sou die dissipelskap met transformatiewe dimensie die toets wees vir 'n ware goddelike kragontmoeting.

Bring dit vrees, selfverloëning en kalmte? Of bring die kragontmoeting verdere vrees en bedreiging, dan is dit heel waarskynlik nog steeds magies.

### *8.4.7.1 Evaluering*

#### 8.4.7.1.1 'n Krities perspektiwiese dimensie

Die gevolgtrekking kan gemaak word dat dit nie om 'n geheelomvattende benadering gaan nie, maar eerder om 'n uitsifting. So sal 'n gees van onderskeiding opgebou moet word, ook as dit kom by die aanwending van hierdie model in genesing.

Die gevare is dié van die "tossed salad" benadering wat bestaan uit 'n lukraak mengsel van vakwetenskaplike en teologiese waarhede met oënskynlike raakpunte. "As soon as psychology began to do more than report observable data, its conclusions necessarily required a great deal

---

[202] Dit word hier in 'n positiewe sin verstaan en wil eerder 'n samebindende werkswyse daarstel wat komplementerende waarhede van verskeie metodes integreer, toets en evalueer (Bridger and Atkinson 1994:67-68). Daar is ook 'n negatiewe eklektisisme waaraan sommige profete hulle volgens Jones (1985:84) skuldig maak.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



of subjective interpretation." (Crabb 1977:34). Sielkunde kan moreel voorskriftelik word. 'n Voorbeeld is die onkritiese vermenging van die transaksionele benadering[203] en teologiese kennis wat daarop uitloop dat sonde en eie verantwoordelikheid negeer kan word. Die gevaar van die vermenging kan vergelyk word met 'n sinkretisme waar evangeliese waardes gevaar loop om deur humanistiese "insigte" verteer te word. So word Christus 'n gevangene van kultuur.

Ook moet die "nothing butterist" se reduksionistiese benadering vermy word wat genesingsteologie teenoor die geesteswetenskappe stel en 'n kultuurontkennende of selfs –vyandige model is. Dit wil veral die gevaar blyk te wees in die profetiese-charismatiese benadering. Tog moet daar ruimte gemaak word dat daar 'n duidelike kragontmoetende, Christelik dinamistiese komponente benut sou kon word.

Aangesien dit aanvaar moet word dat die evangeliese waardes en waarhede die mees basiese is, spreek dit vanself dat die teologie 'n normatiewe rol sal speel in die krities perspektiwiese benadering (Bridger & Atkinson 1994:51). Elliston (1996:243) waarsku teen 'n ander siening waar die geesteswetenskappe normatief aanvaar word, maar as gevolg van die rasionalisme word die antropologiese, sosiale en psigologiese wetenskappe so ingespan dat dit die geestelike verdring.[204] Dit gaan uiteindelik om 'n geïntegreerde balans met die evangelie as die norm.

Die uitwerk van so 'n paradigmatiese raamwerk kan ons van twee gevare vrywaar. Eerstens om te veel metodes te integreer en aan die ander kant te min voorsiening te maak vir die verryking van 'n teologie van genesing deur ander teologiese gesigspunte.

Christus se integrasie van tradisionele en kulturele elemente met sy bediening gaan uit van 'n suprakulturele benadering. Daarom is dit beide tydgebonde en tydloos. Hy gebruik soms tradisionele idees of medisyne, maar integreer dit met die geesteswêreld op so 'n wyse dat 'n evangeliese lig daarop val (Markus 5).

Hier moet daar in baie opsigte tot kulturele en interkulturele bekering gekom word. D Whitemann (1996:143) lê die klem hier op die feit dat daar ook 'n kulturele bekering moet plaasvind, soos by Petrus wat na Cornelius moes gaan (Hand 10:34).

Dit is dus duidelik dat die suprakulturele dimensie in opleiding met die oog op 'n genesingsbediening beklemtoon sal moet word. Dit behels dat genesing van kultuur tot kultuur sal verskil, eiesoortig is in elke kultuur en ook weer terselfdertyd kultuurbetrokke is sonder om kultuurgebonde of kultuurgesentreerd te wees.

#### 8.4.7.1.2 Paradigmavorming en die integrasie van TOE by profete en leraaropleiding van die AOK

Al die modelle sou as bronne in die opbou van hierdie model gebruik kon word, maar met die belangrike vereiste dat dit die normatief-kritiese toets van die Woord moet kan deurstaan. C van

---

203 Transaksionele ontleding gaan uit van die veronderstelling dat ten minste die volgende drie persoonlikheidselemente in elke mens teenwoordig is, naamlik die "Parent" (P), "Adult" (A) of "Child" (C). In die ontledingsproses gaan dit daarom dat uitgemaak moet word watter van die drie in 'n gegewe konfliksituasie die botoon gevoer het. Die onkritiese aanvaarding van die transaksionele teorie maak 'n ontmoeting met God onnodig. Dit impliseer ook dat sonde deel van kindwees is en maak appèl op redelike volwassenheid (Crabb 1977:33-34).

204 Om die balans te handhaaf, vergelyk die *dubbele werking* op p 237, par 10.5.6. So sou die Mulungu-geval verryk kon word deur die inkulturasiemodel. Die vraag is of genoegsame dekodering en enkodering en re-enkodering in terme van die kultuur gedoen is. Die psigologie of kommunikasiewetenskap moet sy beskrywing of ontleding van die Mulungu-geval nie sien as onverenigbaar met tradisionele diagnoses nie, maar toetree tot 'n komplementêre, suprakulturele, inkulturatiewe genesingsbedieningsmodel (Bridger & Atkinson 1994:48). Die refleksiewe en dialogiese elemente sou ook meer tot sy reg kon kom. Die proses moet eerder gesien moet word as 'n wisselwerking tussen twee opeenvolgendes wat deur interaksie en dialoog kom. Sien ook die proses van dinamies-ekwivalente vertaling by die inkulturasiemodel. Die fonemiese en die fonetiese benodig mekaar, is fases wat mekaar opvolg en veronderstel. So kon die handoplegging goedskiks ook ruimte maak vir 'n Christelik dinamistiese ervaring waarin daar ware bonatuurlike kontakte kom met God en die alkohol, voor die gemeente gebring word en in die openbaar vernietig word. 'n Ritueel wat hom bevry van sy geesteskwellinge en hulle uitwerp, is ook nie vergesog. Daar moet egter ook verder gegaan word na die evangelie in sy volheid.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Engen (1996:224) lê ook klem op die "integrative principle" wat Teks, konteks en wêreld integreer. So kom 'n paradigma tot stand wat dieper gaan as die verskillende modelle. In hierdie sin is die integrasiemodel eerder 'n paradigma van "interrelated, isolated truths." Dit kom daarop neer dat kennis soos met 'n flits sigbaar sou word in die donker, maar dat dit nie die enigste werklikheid is nie. Die ander is net buite die flitslig se strale in die donker onsigbaar teenwoordig (Bosch 1993:369).

Gort praat van 'n epistomologiese model en "responsible hermeneutics for mission," "a methodological medium." Dit is die korrelasie van die teks en die konteks, teorie en praktyk (Gort 1996:68). Die kodewoord hier is nie net refleksie en dialoog nie, maar impliseer ook dat die student die paradigmaskuiwe raaksien in die godsdienshistoriese ontwikkeling.[205] Ook ten opsigte van laasgenoemde kom die transformatiewe, suprakulturele in dissipelskap tot sy reg.

As die student hierdie nate en skuiwe gewaar, dan sal hy daarvan bewus word dat daar op verskillende tye verskillende teologieë van genesing, verskillende *modi operandi* en paradigmata gebruik is wat deur verskillende tekste gemotiveer is. Dit beteken dat daar verder gegaan moet word as die aanwending van stereotipes, maar dat daar baie meer gemaak moet word van refleksie en praksiologie. Op dié wyse alleen sal die abstraksie deurbreek kan word. Die student sal dan bewus word van die meervoudige opdragte wat uit die Skrif kom en dat dié weer op hulle beurt verskillende metodes (pluraliteit) daar gestel het. Hy sal ook kennis neem dat daar in dieselfde asem ook meervoudige paradigmaskuiwe gevra word om die pluriforme karakter daarvan te begryp en uitvoering daaraan te gee. Dit gaan hier eintlik oor 'n verbreding van die "teologiese woordeskat" ten opsigte van die hantering van veelvuldige metodes.

As basis hiervoor kan reeds gesien word die eksemplariese stof wat tot nou toe opgelewer is waar feite geweeg en perspektiwies uitgebeeld is. Die integrasiefunksie van die ekumeniese genesingsmodel stem ooreen met die oop opvoedkundige sisteem wat TOE daarstel. Ralph Winter druk dit mooi uit: "TEE was designed to integrate theory, reflection and experience" (Woodberry 1996;274, Winter 1996: 169- 184).

Die integrasiebenadering wil dus die totale evangelie in die genesingsbediening aan die orde stel, nie by wyse van reduksionisme (hele evangelie word tot genesing gereduseer) nie, maar eerder op so 'n wyse dat die genesingsbediening 'n lens word waardeur die hele evangelie gesien kan word. Bosch (1993:117) lê klem op die ses dimensies van holistiese genesing. Crafford (1982:48) praat van 'n meervlakkige missionêre diakonaat.

Die volgende sal dus beklemtoon en gekwalifiseer word, naamlik dat die moontlikhede van inkulturasie en integrasie van enige model beperk is en dat dit nooit 'n afgehandelde saak is nie, en dat dit 'n dubbele refleksiologiese werking benodig (Bosch 1993:455& 454). Verder beklemtoon dit dat modelle nie noodwendig bots nie, maar mekaar dikwels aanvul of met mekaar oorvleuel. Dikwels draai hulle op verskillende bane om dieselfde spilpunt (Van Engen 1996:224).

---

205 'n Teologie van Godsdienste kan met groot vrug die transformatiewe effek van die evangelie naspeur onder mense wat eenmaal deel van die tradisionele Afrika-godsdienstigheid was. Synde deel van die Sendingwetenskap sal die Teologie van die Godsdienste die missionêre roeping van die kerk besef (Gort 1996:72). Tipering van die kerke vir verskillende benaderings in opleiding is van kardinale belang (Gilliland 1986:266-267).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# Hoofstuk 9

# DIE LERAAR IN DIE AOK

## 9.1 INLEIDING

### 9.1.1 Die onderskeid tussen leraar en profeet

Volgens BGM Sundkler het die AOK 'n kerklike leierskapspatroon ontwikkel wat grootliks beïnvloed is deur tradisionele leierskapspatrone, terwyl daar ook probeer is om Bybelse getuienis na te volg. So het daar 'n tweeledige leierskapspatroon ontwikkel met wat hy die *heersertipe* of *koningstipe* ("chief type") en *profeettipe* ("prophet type") genoem het (Sundkler 1961: 106 en 114).

Martin West (1975:49) onderskei weer op grond van die ontwikkeling van die Aladura-fenomeen twee bene (of strome) by die formele hiërargie: Die een been, naamlik die profetebeen, benadruk die drome en visies en die ander been, die biskop- of leraarbeen, benadruk weer die pastorale- en administratiewe gawes soos prediking en lering. Waar die profeet deur genesing die lidmate van die kerk laat groei, is dit die biskop wat die administratiewe en institusionele raamwerk onderhou en die lidmate daarmee behou. In die stedelike konteks van Soweto werk die profeet en die leraar egter saam in een kerk (West 1975:49).

In die praktyk is daar 'n wisselwerking tussen die twee ampte van profeet en leraar. So word profetegawes nie toegelaat in die erediens sonder die nodige ordelike beheer nie. Die profeet staan gewoonlik buite die kerklike hiërargiese organisasie en maak deel uit van 'n eie hiërargiese sisteem. Dit bestaan uit dié van senior profete, profete en leerlingprofete. Daar is egter ook gevalle waar die leraaramp en die profeetamp in een amp saamgetrek is (Crafford 1984:22, 23). In die eerste fase van die ontwikkeling van die Sionistiese kerk in die ou Bantustans is die leraaramp en die profeetamp in een amp saamgetrek. Hier noem Sundkler die voorbeeld van die Bethesda-kerk waar die kerk rondom 'n kraal gesentreer was en soos 'n hospitaal ingerig was (Sundkler 1961:154). Na my mening ken JH Becken (1972:124) nie die onderskeid van leraar en profeet nie, maar lê klem op die ontwikkeling van die profeet-leraar (*umfundiso*) as geneesheer ("Healer").

Die verskille tussen leraar en profeet is as volg: Die leraar word deur die biskop bokant hom georden. Die profeet (geneesheer) word nie georden of bevestig nie, maar bloot op grond van sy charismatiese vermoëns erken en geag. Die profeet volg 'n leerlingskap by 'n seniorprofeet wat nogal ooreenstem met die Bybelse dissipelskappatroon en op interpersoonlikheid dui. Die een profeet gee gesag of sanksie aan die ander profeet om te kan optree. Die leraar word ook op sy beurt deur die biskop onder hande geneem en indiensopleiding gegee. Becken (1972:124) beskryf die leraar/profeet ("healer") as 'n definitiewe middelman wat 'n rol te speel het in die erediens, maar nooit 'n ampsmonopolie beoefen nie. Becken se siening is dat daar 'n vervlegting plaasgevind het wat die ontwikkeling blyk te wees in die meer agrariese bevolkingsgroepe wat nog nie so erg deur verstedeliking beïnvloed is nie. JP Kiernan (1975:195) stem met die onderskeid saam, naamlik dat daar twee ampte deur een persoon beklee kan word. Daar is egter nog 'n duidelike onderskeid in funksie. Wat dan nog altyd gehandhaaf word, is die primaat van die Woordbediening — eers prediking, dan 'n genesingsbediening.

Myns insiens is hierdie klassifikasie van JP Kiernan (1975:199) goed, omdat dit nie die persoon aanspreek nie, maar eerder die funksies en omdat dit nie so 'n waterdigte onderskeid is nie. Dit blyk veral die geval te wees by die Shona waar verstedeliking nog nie so algemeen is nie en waar daar nie 'n groot onderskeid tussen die leraar en die profeet getref word nie. Die rede hiervoor kon ook wees omdat die profeet in 'n meerdere mate in die sendingopset geakkommodeer is. In hierdie gevalle is die profeet dan selfs georden in die amp.

Sundkler se onderskeiding van die *koningstipe* wat hom beperk tot die Etiopiese kerke, is nie altyd geldig nie. Die inherente kontradiksie in hierdie argument word blootgelê as deur Sundkler geredeneer word dat "Bantuisation" grootliks plaasgevind het deur die oordra van tradisionele stampatrone. Hy vermeng die *isangoma* se patroon met die stamleierskapspatroon ten opsigte van die Sioniste, maar behou dan die voorbehoud van die tipe *isangoma*-profeet. Hy onderskei dan selfs 'n derde groep soos die *messiaanse leier* in die persoon van Shembe (Sundkler 1961:104-115). Volgens Kiernan is hierdie onderskeiding 'n ideale tipe. Kiernan het egter beide tipes van "chief" en "prophet" (hy noem hulle leraar en profeet), afsonderlik én vermeng, sien funksioneer onder die Sioniste (Kiernan 1975:195-201).

### 9.1.2 Die leraar en leierskapspatroon

Die tweede tipe leierskapspatroon, naamlik dié van leraar is dus meer hiërargies gerangskik. Die hiërargie (van hoog na laag) is: aartsbiskop, biskop, leraar, diaken en evangelis-dienswerker ("steward"). By die meeste kerke word elke amp nog ondersteun deur 'n adjunk (byvoorbeeld "deputy bishop") (Becken 1972:135). In hierdie opsig is die invloed van die sendingkerke merkbaar. Die ouderlinge beskik oor die kerklike mag en die biskop behartig die administratiewe deel soos inwydings van kerke, aanstellings en ordeninge. Hy is ook 'n ekumeniese figuur deurdat hy as die biskop van 'n hele klompie gemeentes optree. Toelating is op grond van karakter en gedrag: Verkieslik getroud, 'n man van een vrou en iemand wat nie sterk drank gebruik nie.

## 9.2 ROEPING VAN DIE LERAAR

### 9.2.1 Drome en visioene

By die roeping van die leraar speel drome en visioene soos by die profeet ook 'n belangrike rol (Becken 1972:144). Daar kom egter by die leraars 'n ordening en 'n keuring by. Die drome het meer kanoniese waarde as by die profete en dit gaan meesal hier oor wie die opvolger sal wees as hoof van die kerk. Dit is ook op hierdie punt wat die Etiopiese kerke en die Sionistiese kerke verskil. Die Etiopiese kerke lê klem op die goeie karakter, terwyl kerke of groepe waar die profetiese element baie belangrik is, 'n groter gewig aan drome toeken (Sundkler 1960:28-31). By die Sioniste speel die drome deurgaans 'n deurslaggewende rol en bevestig dit die funksies van die amp. Die fenomeen van die drome kom ook die meeste voor by sommige teologiese studente.

### 9.2.2 Evaluerende opmerkings

Die drome word positief sowel as negatief geëvalueer. In die Gereformeerde tradisie word dit gesien as 'n soeke na God (Van der Merwe 1972:47). Die drome word gekenmerk deur 'n monopolistiese en stereotipiese interpretasie wat daarop neerkom dat daar aan dieselfde ooreenstemmende simbole en elemente in die drome verskillende betekenisse gegee word, afhangende van die groepe of tradisies. Daar is dus monopolisasie van betekenisgewing en toekenning. Dit kom daarop neer dat sekere simbole by sekere kerkgroepe net vir sekere betekenisse afgegrens word. Alhoewel dit teen die agtergrond van die droom in die TAG gesien moet word, is daar tog

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



ook belangrike verskille. Dit is nou gevul met nuwe inhoud soos dat die engele nou die plek van die geeste van die voorouers inneem (Sundkler 1961:265-267).

Ten opsigte van die drome blyk daar dus myns insiens 'n gooi van nuwe wyn in die ou wynsakke te wees. Die vraag kan nogtans gevra word of die fenomeen van drome nie te subjektief vertolkbaar is nie. Dit lyk logies om te redeneer dat as God Hom in die tradisionele vorme openbaar, Hy nie noodwendig die ou wynsakke sou weggooi nie, maar ook van metodes soos drome gebruik sou maak. Dit sou egter nie geskied alvorens daar 'n grootskaalse brei van die ou wynsakke plaasvind nie.

Dit gaan om die vryheidsbeginsel gepaard met die pelgrimsbeginsel. Daarsonder kan die bekering van die vorme nie die Bybelse toets slaag nie. Om dus aan elke droom openbaringsinhoud te verleen op Bybelse vlak, lyk nie haalbaar nie. Aan die ander kant kan dit nie by voorbaat uitgesluit word dat drome in krisistye deur God gebruik kan word nie – so iets sou inderdaad 'n onderskatting van die Heilige Gees se werk wees.

In teologiese opleiding sal die Sionistiese leraar dus opgelei moet word om nie subjektiewe stereotipe verklaring vir drome te gee nie, maar dat drome ook vir jou iets kan sê oor jou innerlike stryd in jou onderbewussyn en die oorwinning daaroor. Mens sou in teologiese opleiding kon wys op die voorbeeld van twee leraars wat saam die roeping ontvang dat hulle vir 'n sekere pos deur die Heilige Gees geoormerk is. Die subjektiewe interpretasie van die Skrif in drome sou uitgewys kon word. Uit die gegewens van die subjektiewe interpretasie kan mens tot die gevolgtrekking kom dat daar in sekere gevalle dus twee verskillende inspirasies teenoor mekaar staan en dat dit nie noodwendig vir kanoniese waarheid aangebied kan word nie (vgl Sundkler 1961: 265-268, Van der Merwe 1972:42).

Analogieë kan gelê word tussen die uitleg van die Skrif en drome (vgl Nehemia-kursus, module 1, kursus 3, hf 4:19). Ook is dit van belang dat drome volgens Deut. 13.4. nie op grond van die feit of dit uitgekom het as waar en gesagvol geklassifiseer moet word nie, maar dat dit getoets moet word volgens van Van Rheenen (1990:189) of ons God vrees en sy gebooie nakom en ook of die drome volgens die aard en wese van God is of nie.

Laastens moet ons aanvaar dat sielkundige insigte ook 'n inset kan lewer wat drome sien as: "Intrusions of the inner self and a symptom of neuroses" (Sigmund Freud, volgens Van Rheenen). Drome moet dan ontmitologiseer word (Van Rheenen 1991:1991). Of kan ons met WJ van der Merwe en Van Rheenen saamstem dat drome baie keer 'n beweging na Christus verteenwoordig? Partykeer verteenwoordig dit 'n klein onderdeel van die hele verlossing en bekering (*ukusindiswa*) en kan dit wees dat die begeerte om ander te dien deur drome nog meer voorop gestel word in die AOK? (Van Rheenen 1990:189, Becken 19:138). Dus moet mens in teologiese opleiding meer op die uiterlike diakonia en die verheerliking van God toespits as om vas te val met die verifikasie of falsifikasie van drome of subjektiewe geloofservaringe.

Alhoewel Paulus ook vertel van die ekstatiese droomervarings, maak hy dit op homself van toepassing en maak hy dit nie normatief ten opsigte van ander gelowiges nie. Ook swyg hyself oor die detail van baie van sy ervarings, omdat ander dit nie sou kon verstaan of staan nie (Stagg et all. 1967:40, vgl 2 Kor 12: 1-4).

### 9.2.3 Die roeping en die bevestiging by die Etiopiese leraar

Volgens Sundkler het die Westerse invloed 'n groter rol gespeel in die organisatoriese patroon van die Etiopiese kerke as by die Sioniste. Hy gee nietemin toe dat die tradisionele koningskapspatroon nog die oorweldigende is met enkele Westerse aanpassings kom (Sundkler 1961: 104-109). Van die Etiopiese kerke verskil dus meer van die Sioniste en het groter ooreenkomste met die KMWB. Die leraar word net soos in die KMWB by 'n konferensie van predikante gelegitimeer. Al is daar nie heeltemal so 'n gewyde atmosfeer soos in die KMWB nie, vind daar tog die plegtige eed plaas voor die konferensie deur wie die leraar goedgekeur is. Voorskrifte vir die

amp word dan ook aan hom oorhandig (Sundkler 1961:146). Geskille sentreer baie rondom die kwessie van te veel of te min politieke sentiment.

### 9.2.4 Opleiding

Opleiding is grootliks in-diens-opleiding en die teologiese opleiding word aan die leier van 'n paar plaaslike kerke toegesê. Die opleiding van 'n diaken geskied onder toesig en leiding van die leier wat bo hom is.

Ook word die opleiding gekoördineer by kerkvergaderings. Die belangrikste eis by die Sioniste is nie soseer opvoedkundige kwalifikasies nie, maar dat die persoon karakter en entoesiasme moet hê en die wette van die kerk kan toepas (Daneel 1987:159, Sundkler 1961:145). Die beleidsbepalinge word selde neergeskryf en daar word op die retensievermoë van die leraars wat bogemiddeld is, staatgemaak. Ook is daar nie altyd klasse en geboue nie en word alle geleenthede in die veld onder bome by 'n rivier benut (Daneel 1987:164-166).

## 9.3 EKKLESIOLOGIE

### 9.3.1 Organisasie

Soos reeds gesê, word die organisasiepatroon by die Sionistiese kerke grootliks deur 'n vermenging van die non-konformistiese Pinksterinvloed en die meer konformistiese tradisionele stampatrone bepaal (Sundkler 1961:333). Die leierskap is egter nie net vanuit tradisionele stampatrone se filiale opvolging te verklaar nie, aangesien daar ook baie ander aanwysings en verworwe posisies is (Kiernan 1974:199). In hierdie verband onderskei Kiernan dan ook toegekende ("allocated") en gekonstitueerde tipes ("constituting") (Kiernan 1974:199-201).

Die kerkregering dui op Bybelse kopiëring vir sover daar groot ooreenstemming met die eerste bediening in die oergemeente is (Becken 1972:137). Die ampte is streng afgestem op Skrifhantering, die prediking en bemiddeling deur middel van rituele. Die ekklesiologie word onderlê deur 1 Kor 12:5-9. Dit lyk nie asof die amptelike liturgiese aspekte sommer deur enige buitestaander waargeneem kan word nie en sien ons duidelik spesialisasie in die ampte.

### 9.3.2 Tug

Dit word grootliks op Skrifplase soos Deut 14 en Eks 20 gebaseer. Vir geringe oortredings is mondelingse vermaning voldoende. Vir elke oortreding word die betrokkene deur iemand hoër in die hiërargie getugtig. Oortredinge soos onkuisheid en wêreldse partytjies word baie streng gestraf en kan die uittrek van die uniforms behels (Pretorius 1985:114). Afsnyding geld totdat die persoon gehoor gee. Dit stem ooreen met Matteus 18:15 ev.

By die Etiopiese kerke stem die kerkregering baie meer ooreen met die Metodistiese kerkregering vermeng met die Anglikaanse en dan nog stamregeringskappatrone daarby. So is die biskop die een met veel mag wat 'n klomp leraars onder hom saamtrek. Die biskoppe is weer onderhewig aan die diosese biskop en op hulle beurt aan die stigterpresident (Sundkler 1961: 146-147).

### 9.3.3 Evaluerende opmerkings

Omdat die kerkorganisasie grootliks deur stamtradisiepatrone beïnvloed word, sal gesoek moet word vir 'n balans tussen die Bybelse ekklesiologie en dié van die stampatroon. Die stampatrone sal verchristelik moet word en Christelike koinonia geskep word. Terselfdertyd sal koinonia

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



verinheems moet word in teologiese opleiding. So het die Zithulele Christene dit ervaar: "New blood, the blood of Christ creates a new loyalty" (Pretorius 1983:36).[206]

## 9.4 SKRIFHANTERING

### 9.4.1 AOK se leraars en profete se hantering van die Skrif

Die hermeneutiese proses begin by die konteks van die AOK. In die lig daarvan word die Skrif geïnterpreteer. So word tot 'n horisonsversmelting gekom. Hiervolgens vergroot die AOK die betekenis van die teks vir hulleself.

Die Skrifhantering van die leraar kan, net soos by die profeet, as dinamisties-hermeneuties beskryf word en dit werk deur na 'n paar aspekte, naamlik dié van die doop, poligamie, taboes, rituele en voorouerverering.

Oor die algemeen kan ons hulle Skrifverstaan beskryf as letterlik, konkordisties en fundamentalisties. In baie gevalle kom dit neer op 'n kopiëring van die rituele en simboliese gebruike. In hierdie opsig kan ons tot die gevolgtrekking kom dat die AOK in baie opsigte formele korrespondensie as interpretasiebeginsel gebruik (Anderson 1969:173). Die Bybel word as 'n oudiovisuele eerder as 'n geskrewe boek ervaar (Bate 1994b:263). In hierdie opsig waarsku Daneel (1989:167) teen 'n neiging tot persoonlike, selfgesentreerde Skrifhantering en -eksegese.

By Shembe Johannes Galilee, die seun van die Isiah Shembe stigter en die eerste leier van die Kerk van die Amanasaretha (1911), het ons 'n oordrywing van hierdie beginsels en werk dit deur na elke ander aspek van sy bediening. Sy teologie het van die Wesleyaanse teologie verskil in die volgende opsigte: Volgens sy verstaan van die Skrif het hy geglo bekeerlinge moet groot gedoop word in baie water. Dit het ook verder daarop neergekom dat hy die Here Jesus letterlik probeer volg het aan die hand van wettiese gebruike wat hy ook as harde, soliede waarheidsbeginsels aan sy volgelinge deurgegee het. Hieronder tel byvoorbeeld die uittrek van die skoene en die talle taboes wat saamhang met reinigingsrites (Sundkler 1976:169).

### 9.4.2 Westerse Skrifuitleg met die oog op prediking in die Afrikakonteks

Daar het oor die jare 'n taamlike wye spektrum van eksegetiese metodes in die Weste ontwikkel wat onder andere onder twee hoofde saamgevat kan word: die analitiese en sintetiese benaderings.

Die *analitiese benadering*: Die metode kom neer op die woord-vir-woord-analise van 'n teks. Dit werk met 'n sterk histories-kritiese perspektief en soek nie bewustelik na 'n preektema nie. Daar word ernstig gesoek na die bedoeling van die skrywer om so met die ware betekenis van die teks vorendag te bring. Die teks-vir-teks-homiletiese metode is 'n voorbeeld van die toepassing van die analitiese metode (Jonker 1963: 136). Die metode gee voorkeur aan die gebruik maak van 'n langer Skrifsitaat, omdat dit 'n aksent op die eenheid en onderlinge verbondenheid van die tekste plaas. Die nadeel van die metode is dit tot 'n te lang uitleg kan lei, dikwels sonder 'n sentrale tema, omdat dit 'n vers-vir-vers-ontleding en -toepassing is (Smuts 1982:39). Die ander nadeel is dat dit ander Skrifgedeeltes wat dieselfde idee(s) behandel, nie genoegsaam betrek nie.

Die *sintetiese benadering*: Die metode werk meer holisties en probeer die betekenis van die teks doelbewus na vore bring. Die metode is gefokus op 'n spesifieke hoofskopus met ondergeskikte newe-skopi wat uit die hoofskopus vloei of daarmee saamhang (Kellerman sj:113). Daar word nie so veel in diepte-eksegese (byvoorbeeld diskoersanalise) betrokke geraak nie (Van Zijl

---

[206] Die ekklesiologie word deur die hele skripsie aangespreek, daarom brei ek nie baie daarop uit nie. Sien die hoofstuk 12 vir die balanssiening in die ekklesiologie by die *notae ecclesiae*. (Sien par 5.2.4 - par 5.2.4.5 , p 86- 92).

1981:45). Die metode plaas 'n hoë premie op logiese samehang en sistematisering. Nietemin fokus dit op die belange en behoeftes van die gemeente (Jonker 1963:136).

Die metodes van sintese en die analise moet nie teenoor mekaar afgespeel word nie. Daar is trouens sprake van 'n kreatiewe, dialektiese spanning tussen die twee benaderings wat goed in die Afrikakonteks benut kan word.

Dit lyk of die AOK meer erg sal hê aan die sintetiese benadering, omdat dit meer ruimte bied vir hulle "gemengde potjie metode". Dit is egter belangrik dat die premie wat 'n hooftema geplaas word, in so 'n aanwending ononderhandelbaar moet wees (Chang 1984:119).

Die gevaar van die analitiese benadering is dat dit eensydig, wetenskaplik-didakties kan wees. Die gevaar van die sintetiese is weer dat die klem te veel geplaas kan word op die behoefte van die konteks. In 'n eensydig koinoniale uitleg en toepassing word die teks byvoorbeeld in die steek gelaat.

Daarom kies ons eerder om die twee metodes van die analities en sinteties metodes te paar met meer klem op die sintetiese as die analitiese. (Sien p. 272 par.12.3.4.1)

### 9.4.3 In teologiese opleiding – evaluering

Die vraag is in watter mate die hermeneutiese gebruike van die AOK in teologiese opleiding geakkommodeer moet word. Dit lyk asof mens ook hier 'n kreatiewe spanning moet stel tussen 'n moontlike subjektiwistiese, magiese en mitiese hantering van die Skrif en 'n empiristies-rasionalistiese, meganies-deterministiese hantering van die Skrif (Baarda 1979:12-17). Nietemin moet mens aanvaar dat daar meer as een model is van Skrifontleding en dat nie een spesifieke model afgedwing moet word nie. So stel HJB Combrinck (1981:10-11) dit dat daar vandag gepraat kan word van 'n multidimensionele model van Skrifontleding wat Westerse hermeneutiek betref. En dat 'n spesifieke dogmatiese manier van Skrifuitleg in teologiese opleiding vermy moet word. Deur die eeue heen was daar meer as een sleutel op grond waarvan die Skrif ontsluit is.

Nietemin moet ons toegee dat Skrifontleding nog altyd histories en dogmaties bepaald was en dat dit onwaarskynlik is dat heeltemal daaraan ontkom sal kan word. Die uitdaging vir die studieterrein onder die AOK sou wees om 'n model uit te werk vir die ontleding van die Skrif vanuit die konteks van die AOK. So 'n model moet voldoen aan die vereiste om 'n komprehensiewe metodiek wat pluraliteit van metodiek daarstel, waar die een metode die ander aanvul en die een metode as 'n kontrole vir die ander dien (Vos 1995:258). Die drie komponente van teks, konteks en kerk sal in ag geneem moet word en in kreatiewe spanning tot mekaar gestel moet word. Hiervoor sou 'n hermeneutiek van realiteit en sowel as 'n kritiese hermeneutiek nodig wees. (Vgl ook Eksemplariese Stof, 14.4 en hoofstuk 12, 12.3.4.1).

Myns insiens moet die hermeneuse van die AOK nie al te gou afgeskiet word, omdat hulle nie 'n kritiese benadering toepas soos die Westerling nie. Weliswaar gaan hulle taamlik onkrities uit van hulle konteks en soek hulle, alhoewel naïef, na Bybelse getuienis of beginsels wat na hulle gevoel van toepassing is in hulle leefwêreld van swaarkry, armoede en siekte. Daarby moet in gedagte gehou word dat hulle nie altyd die geskrewe Woord het nie (as gevolg van onvermoë om te lees), maar grootliks gelei word deur die simboliese konkretisering daarvan deur dans, rituele, sakramente van die doop en nagmaal. Dat hulle 'n hoë siening van die Skrif het, dui uit hulle talle sogenaamde Bybelse etiese norme wat nagekom moet word. Die vraag is egter of dit ook altyd so wetties is, aangesien hulle ook hulle eie interpretasie aan baie wettiese voorskrifte gee. En die teendeel is baie keer waar, naamlik dat die Bybelse kuisheidsnorme tot die letter toegepas word, waar die Christelike Westerling dit kon afwater soos die monogamie wat as 'n kultuurinstelling gehandhaaf word eerder as goddelike instelling. Die gevaar is dat ons die hermeneutiek van die AOK met Westerse standaarde sal meet, en nie voorsiening sal maak vir sy eie staanplek nie (Deist 1994:304).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



## 9.5 EREDIENS EN PREDIKING

### 9.5.1 Prediking

Die eredienste word gekenmerk deur die emosionele en selfs amper histeriese aanslag van die prediker wat nietemin met groot oorgawe en entoesiasme preek. Ek het na verskeie van die preke op 'n sendingstasie Etembeni geluister. Die gewaarwording stem baie ooreen met die van Sundkler (1961:191) naamlik dat twyfelagtige of wisselvallige Skrifinterpretasie aan die orde van die dag is. Dit verskil egter van die Etiopiese kerke wat onder invloed van die Presbiteriane en Lutherane 'n meer sobere styl het. Soos wat ek waargeneem het, stem die meeste gebede van die Sioniste ook ooreen met Sundkler se waarneming: naamlik dat dit meesal tesaam geskied soos in 'n bynes en met 'n duidelike kompetisie-element.

### 9.5.2 Liturgiese sang

Die liedere is meesal oorgeneem van die sendinggenootskappe. Maar later het 'n eie liedereskat ontwikkel onder andere saamgebundel in *Difela Tsa Sione* (liedere van Sion) wat baie gewild is onder die lidmate (Nussbaum 1985:31). Sundkler maak daarvan melding hoe die sendinginstansies nie wou toelaat dat daar uiting gegee word aan die kreatiwiteit van die inheemse denke nie. In hierdie opsig is daar al gevorder en word studente aangemoedig om te kom met hulle eie toonsettings te kom en om so uiting te gee aan hulle kreatiwiteit. Die liedere word vergesel van ritmiese dansbewegings en handeklap en ook swaaibewegings. By die ZCC word daar buitenshuise gimnastiese slangdansbewegings uitgevoer met al hoe harder en harder voetstamp. Duidelik is daar 'n opwerking in die sang en spel na 'n klimaks en hoogtepunt net soos wat daar in die gebede in 'n al hoe hoër toon gebid word en woorde aanmekaar herhaal word. Dit alles gebeur nie sonder 'n kompetisie-element nie.

Die sang varieer van kerk tot kerk. So byvoorbeeld het die sang by die Etiopiese kerkgroep 'n meer gewyde karakter teenoor die vry emosionele karakter van die Sioniste wat meer maak van monotoniese ritme.

JH Bavinck waarsku teen die Afrika-ritme wat vir die Westerling aantreklik lyk. Maar 'n mens moet tog aanvaar dat daar 'n verskil by sommige groepe kan wees tussen die histeriese *amandiki*-besettings by die tradisionele toordokterdanse en die danse wat by van die Sioniste voorkom en meer getipeer kan word as 'n andersoortige *umoya*-ervaring (Sundkler 1961:247).

Sundkler het hierdie oordrewe emosie wat opgewerk word, in die vroeë sestigs 'n "verchristelikte besetting" genoem. Dit is die voorspel tot die uitdrywing van bose geeste wat dan na die oppervlakte kom in die spreek in tale en die skree in die Gees (Sundkler 1961:200).

Uit dit alles kon ons aflei dat die leraar die liturgiese leiding nie monopoliseer nie en dat elkeen met sy unieke gawes geakkommodeer word. Ook het die alleenoptrede van die leraar al hoe meer plek begin maak vir getuienisse, sang en ritueel waarin die gemeente 'n groter rol speel (Sundkler 1961:191).

#### *9.5.2.1 Implikasies vir teologiese opleiding – evaluering*

Saam met H Pretorius *et al* wil ons sien dat die tradisionele karakter van ritmiese sing, dans en handeklap nie in teologiese opleiding verlore gaan nie. Aan die ander kant moet die kriterium die eer van die Here wees en moet heeltyd na die liturgiese betekenis daarvan gevra word. Net so kan die prediking onder oormaat van emosionaliteit verwring word (Pretorius et al. 1987: 138). Sundkler wys op die gevare van intellektualisme in die sang wat die ander kant van die gevaar is (Sundkler 1961:191).

Daar sal in teologiese opleiding daarop klem gelê moet word om meer struktuur aan die prediking te gee en dat die boodskap ten minste net so lank onthou sal word as die emosionaliteit

van die liturgie. 'n Balans moet in teologiese opleiding by wyse van 'n model uitgewerk word (Vgl Eksemplariese Stof, p 328, par 14.4 en hoofstuk 12).

### 9.5.3 Spreek in tale

Die vorm van spreek in tale wat in die AOK voorkom, blyk alreeds in die TAG daar te wees. Wanneer daar met 'n ander een se stem gepraat word (in AOK-konteks), kan dit dui op oorblyfsels van tradisionele glossolalie. Hoe dit ook al sy, glossolalie vorm 'n natuurlike en integrale deel van die tradisionele godsdienstige kultuur.

Hinson en Stagg bespreek glossolalie as 'n verskynsel in Westerse charismatiese kerke. Die fenomeen blyk volgens Stagg F (1967:94-95) by die meeste Westerse sielkundiges en baie Westerse teoloë egter nie 'n gunstige beoordeling te geniet nie. Na aanleiding van Freud sien Oates dit baie op die vlak van onderdrukte spanningstoestande wat op so 'n manier ontlading vind en bring hy dit ook in verband met skisofreniese reaksie by paranoïese tipe pasiënte. EG Hinson (1967:75) laat wel ruimte vir spreek in tale en sê dit is toelaatbaar indien dit tot opbou kan wees en moet daarom meer privaat as in die erediens beoefen word.

In die geval van die AOK het ons egter met 'n unieke verskynsel te doen deurdat die tradisie waarop dit teruggaan nie soseer pentekostalisties is nie, maar eerder die van inheemse godsdienskultuur. Dit is 'n bewys dat glossolalie nie per definisie en noodwendig met die werking van die Heilige Gees te doen het nie, maar dat dit net so wel 'n gewone kulturele ekstatiese fenomeen kan wees.

Dit dui ook daarop dat dit dalk 'n fout is om kerke wat spreek in tale toepas, sonder meer as charismaties of pentekostalisties te tipeer. Dit kan selfs 'n vorm van inkulturasie wees.

### 9.5.4 Sakramente

#### *9.5.4.1 Doop*

In TAG speel water 'n belangrike rol, met waterrituele, oorgietings en besprenkeling in verskillende verbande en met verskillende betekenisse. Daar is egter nie 'n enkele ritueel wat netso met die doop vergelyk kan word nie.

Verder is vloeiende water ook ryk aan animistiese en magiese betekenis. Die toordokter het byvoorbeeld gereeld na die spruit gegaan. Die water wat vol bose geeste was, het hom geïnspireer om te droom.

Volgens Sundkler (1961) het die AOK die doop in 'n reinigingsritueel verander wat bestaan uit die wegwas van die besoedeling van magie (Sundkler 1961:202).

By die profete word daar allerlei waterrituele gedoen om die waterslange en gediertes te verdryf. Vir hierdie doel word *as* as element ingespan. Daar word egter ook watergebede gedoen wat beveilig en seën inroep.

Die doop word feitlik uitsluitlik as grootdoop beoefen en wel op grond van gedeeltes soos Rom 6 en die wat handel oor Johannes die Doper. Daar is ook so iets as 'n herhaaldelike doop. Die betekenisse wat daarmee verbind word, is bekering, reiniging en inlywing. 'n Ander element is die belydenis van die sonde en die kleding ná die doop.

Die profeet is bystaander en spreek in tale totdat persoonlike sondes genoegsaam bely is. Wat hierby aansluit, is die *isiwasho* of purgatiewe middel (water en seep) wat toegedien word met die daaropvolgende regigagering (braking) (Sundkler 1961:201-203).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



#### *9.5.4.2 Nagmaal*

In TAG speel voedselrituele en veral die rituele gemeenskapsmaal 'n belangrike rol. Dit is onafwendbaar dat elemente daarvan in die AOK se nagmaalbeskouing en –praktyk neerslag sal vind.

Net soos in die geval van die doop bestaan daar 'n gevaar dat die nagmaal in die AOK na 'n dinamistiese rite kan verword. Die tekens van die nagmaal word ervaar as gelaai met magiese kragte. Die nagmaal word 'n werktuiglike handeling, soos by die kerk van Rome, waar die heil (vergiffenis, genesing en purifikasie) *ex opera operato* toegeëien word. So loop die nagmaal die gevaar dat die eintlike versoeningsbeginsel skade kan ly (Pauw 1960:148).

Nietemin noem Sundkler (1961:292) dat die nagmaal by die AOK 'n tafelgemeenskap met 'n dieper dimensie kan verteenwoordig. Dit gaan om gemeenskap, die in herinnering roep van afgestorwenes, versoening met afgestorwenes en dies meer. Sundkler verwys hier na die hegte familiesamekomste.

Ook die gebruik van pap in die plek van die brood is al onder van die AOK teengekom. Verder is die wyn al vervang met soutwater wat genesingsuitwerking sou hê (Oosthuizen 1979: 155).

Dit gaan ook met allerlei taboes gepaard. Onder hierdie taboes tel die onthouding van varkvleis en sterk drank. Oosthuizen voeg nog toe die talle vlae, stawwe en koorde. Die vlag dui die sieke se huis aan en maak 'n diagnose moontlik sonder om die hut te besoek. Ook verwelkom die vlag dan weer ander wat krank is (Oosthuizen 1979:126).

#### *9.5.4.3 Christologiese herinterpretasie*

Een van die dwalings in die Korintiese gemeente het daarom gegaan dat daar diegene was wat in lyn met die misteriegodsdienste daarop aanspraak gemaak het dat hulle 'n hemelse pneuma-substansie ontvang wat hulle emansipeer van die liggaamlike. Goppelt (1982:150) beweer dat Paulus 'n nagmaalteologie ontwikkel het wat daarop afgestem was om dié dwaling te ondervang (vgl 1 Kor. 12:13). So sien ons as voorbeeld Paulus se vertolking: "Ons almal was gemaak om van een Gees te drink." Na aanleiding van die Ou-Testamentiese manna, betrek hy die brood nie op 'n hemelse substansie nie, maar die deel hê aan die Here Jesus self wat die Brood van die lewe is.

Op dieselfde wyse behoort daar ruimte te wees vir 'n herinterpretasie van die nagmaal in Afrika-konteks soortgelyk aan die Pauliniese.

Die sakramente van die doop en nagmaal kan misbruik word, veral waar dit met 'n dinamistiese verstaan en magiese elemente gepaard gaan (Pretorius 1987:136). Dit lyk ook asof die nagmaal in die AOK grootliks beïnvloed word deur die rituele offers wat aan die voorouers gebring word en waaraan deelnemers ook deelgenootskap het (Ngubane 1977:51).

Vanweë die sleutelbetekenis van die voorouers in TAG, spreek dit vanself dat die meeste tradisionele gebruike of rituele op een of ander manier met hulle te doen gehad het of na hulle verwys het. Mbiti noem dat die "heilige afgestorwenes" as deel van die *communio sanctorum* by die doop en nagmaal saam deelneem aan die eenheid van die doop en die gemeenskapsmaal (Mbiti 1971: 150).

Die ooraksentuering van die rol van die lewenddooies (*batho ba phelang*) en hulle bemiddelende rol kan lei tot dwaling in die AOK (Sundkler 1960:291-293). Ook is dit so die geval by die doop en die nagmaal – dat die klem te veel val op die *"by-die-deur-staan"*-rol van die lewenddooies en dat hulle so help in bemiddeling en versoening. Die tweede gevaar wat dreig, is dat die eenwording met Christus op dieselfde patroon as die verhouding met die voorouers ervaar word, dit wil sê as animisties, misties, mities, magies en ritueel.

Ook kan die viering van die nagmaal dieper dimensies ondergaan waar dit by die *Friend of the Holy Spirit Church* gevier word as 'n liefdesmaal wat verbind word met tradisionele gebruike. Hier word bruin suiker met koffie in een beker gebruik wat almal dan geniet (Mbiti 1971: 115). Sundkler beklemtoon ook hierdie dimensie by teologiese opleiding en praat in die verband van die herinterpretasie van rites na analogie van die herinterpretasie van die mites in Ou Testament. Hier vind ons die skeppingseposse wat groot ooreenkomste het met Afrika se skeppingseposse (Sundkler 1960:286). Dit het die gevolg dat na die nagmaal as rite van 'n *anamnesis* (herinnering, *Ukukhumbula*) verwys word. So kan die Skrif meer oopgaan deur die gebruik van die nagmaal wat verinheems is. Dit bring ons by die Christologie:

Volgens BA Pauw (1960:148) is daar 'n mate van magie by die nagmaal van die AOK te bespeur. Daar is egter besig om transformasie te kom. Afgesien van 'n mate van sinkretistiese gebruike by die Sioniste onder die Shonas is die oorwegende mening dat daar tog veral deur ritualistiese simboliek 'n verdieping in eskatologiese verwagting plaasgevind het ten opsigte van die doop en die nagmaal, volgens Mbiti (1971:114). Die Jordaan-doop het knielende posisies na die ooste wat dui op die wag op die koms van Christus en volgens Daneel (1974:70-71) is dit 'n herinterpretasie van die *Zamani* en *Zasa*, die tweedimensionele tydskonsep waarvolgens daar nie 'n wesenlike toekomsverwagting in die tradisionele denke is nie. Hierdie kniel na die ooste wil dan 'n lewe na die dood en die afgestorwenes in 'n eskatologiese lig plaas.

### 9.5.4.3.1 In teologiese opleiding

In teologiese opleiding sal daarteen gewaak moet word dat vir een of ander vorm van doop gekies word. Die teologiese betekenis van die doop sal eerder gekommunikeer moet word en gewys word op die gevare van die magiese of legalistiese gebruik.

Ook sal daar opnuut weer in teologiese opleiding gedifferensieer moet word tussen die verlossingsbeskouing by TAG en die Bybelse beskouing van die ware verlossing waarop die betekenis van die doop berus. Verlossing is in Bybelse terme geheel en al 'n geskenk van God (Rom 3:21, Ef 2:8-9). Dit is God se aanknoop van 'n verhouding met 'n vervreemde skepping.

TAG reduseer sonde tot 'n antisosiale oortreding of gedrag. Om verlos te wees, is om aanvaar te word. Eers moet daar in hierdie lewe versoening kom met die gemeenskap van die dooies, volgens TAG. Dit gaan breedweg om 'n behoefte aan lewenskrag (*force vitale*) Hiertoe word rituele en offers aangewend (Theron 1996:119). Indien die doop in dié konteks aangewend sou word, word die verlossingswerk van Christus oorbodig.

Dit is dus nodig dat die geloofsbasis van die doop duidelik in die teologiese opleiding na vore kom.

Deist (sj:64) probeer die vraag beantwoord hoe die saak van rituele aangepas of gesuiwer moet word: Dit gaan daaroor dat in teologiese opleiding die *betekenis van die ritueel* in die Bybel aan die student uitgespel moet word as sou dit in beginsel die geskende verhouding moes herstel met sterk simboliese en versoenende betekenis. Die gevaar is egter dat die teken 'n doel op sigself kan word. As dit byvoorbeeld nie gepaard gaan met 'n heilige lewe nie, is dit betekenisloos. "Then singing and dancing and festivities sound to God mere like noise. (Is. 1:10)"

Heiligheid het hier die betekenis nie van isolasie nie, maar om anders of eenkant te wees.

Die rituele moet in der mate vernuwe word soos van die Ou Testament na die Nuwe Testament. Deist gee toe dat die Christene nuwe inhoud aan ou rituele gegee het, soos dat die doop in plek van die besnydenis gekom het (Jak 5:14-15). Die klem sou egter val op God se teenwoordigheid en nie een of ander mag of beskermde magie nie.

Tog is dit nog 'n ope vraag in watter mate die besnydenis *(lebollo)* wat deur baie swart volkere en die AOK beoefen word, in hierdie sin 'n nuwe betekenis kan verkry. Die Verenigende Gereformeerde Kerke in Afrika aanvaar hierdie gebruik om gesondheidsredes *(ka baka la bophelo bo botle)*. Daar word duidelik daarop gewys dat hierdie gebruik nie om reinigingsredes

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



gedoen word soos by die tradisionele geloof nie en dat dit moet verskil van die nakoming van die heidense wette en gebruike (Thuto Ya Bokreste 1989:206).

Daar word dan ook op gewys dat die doop die plek van die besnydenis ingeneem het in die Nuwe Testament. Die gevaar by sommige AOK is dat die besnydenis as 'n verdienste tot die doop bygevoeg kan word en die soenverdienste deur Christus alleen, volgens SS Maimela (1984:25), aangetas kan word. Die gevaar is dat dit die mens so 'n aandeel in die verlossing wil gee en die grootdoop as 'n stuk verdienste gesien word (vgl Ef. 1:1-10).

Ten opsigte van teologiese opleiding sal die klem al meer op die genadeinhoud van die teken van die besnydenis in die Ou Testament gelê moet word. S Dwane druk dit mooi uit oor wat die betekenis van die sakrament (dit wil sê ook die doop) moet wees (na aanleiding van Chrysostomus): "God's gifts are not such as to be the result of any virtue of a priest, they are wholly the work of grace." En verder: "Sacraments in short are the visible channels of invisible grace." (Dwane 1953: 52). Hy gee ook toe dat die doop die ruimte maak vir die genadegewende inhoud aan materiële elemente wat die betekenis is van die Here Jesus se vleeswording (1984:53).

By die doop is die volgende dan belangrik:

(1) Dat dit nie 'n *ritus ex opere operato* is nie (Lategan 1984:17). Dat die doop 'n proses is wat op volharding en oorwinning neerkom.

(2) Daar sal ook op die dieper betekenis van die besnydenis deur Christus gewys moet word, 'n betekenis "van nie met hande gemaak nie" (vgl Kol 2:12). Hierdie verdiepende betekenis druk Lategan uit as "... intensified into an antithesis" – van die Ou Testament na die Nuwe Testament (Lategan 1984:17). Daar sal gewys moet word op die dieper betekenis van die doop wat selfs aan die doop-met-die-Heilige Gees gekoppel word.

Paulus spreek hom selfs nie uit teen die besnydenis van die Galasiërs nie, maar teen die verkeerde betekenis wat hulle daaraan gee en waardeur hulle hulle bo die ander verhef (Gal 3:10, 6:13, Lategan 1984:14).

Ten opsigte van laasgenoemde skiet die kursusse van die meeste teologiese instansies te kort, omdat hulle moontlik te bang is om die betwisbare kwessies wat deur die doop opgehaal word, aan te haal. So byvoorbeeld gee Timotheus Instituut net rakelings daaraan aandag onder die opskrif "Signs and symbols."

Tog word in die genoemde materiaal van TI gewys op die doopteken as verwysende na die saak van die kruisiging van Christus en die besnydenis in die plek waarvan die doop gekom het. Ook die vraag aan die einde vra na die funksie van die teken as iets met geen inherente betekenis nie, maar wat na iets anders wys. Die simbole van die besnydenis en die doop sou ook lig kon werp op Afrika-rituele en die inherente betekenisgewing daarvan op patroon van die analogiese betekenisontwikkeling vanaf Ou na Nuwe Testament.

In hierdie opsig verduidelik die Nehemia-kursus die saak waarna Deist verwys (aangaande die betekenisverskuiwing van die doop as ritueel van die Ou Testament na die Nuwe Testament): "Remember that it is not water of baptism by itself that removes our guilt, but the blood of Jesus Christ of which the water is the sign (1 John 1:7). This change in our lives is not restricted to a future life, but must take place in this life (Rom. 6)." Die opvolgvrae word dan baie gekontekstualiseerd gevra: Wat is die betekenis as iemand 'n duif op sy klere sou dra? (NI, Mod N4/1 sj:58)

Samevattend sal dit in teologiese opleiding daarop moet neerkom dat die kontinuïteit en diskontinuïteit tussen TAG en die Christelike godsdiens uitgewys moet word. 'n Bybelse balans in kontinuïteit en diskontinuïteit moet gestel word, anders lei dit tot 'n distorsie van die Bybelse boodskap (Theron 1996:118). Dit is belangrik dat in die teologiese opleiding gewys moet word op die verkeerde aanwending van simbole en rituele wat ooreenstem met die van TAG wat dwang, manipulasie, verdienste en houvas impliseer (Theron 1996:120; vergelyk ook hoofstuk 12 vir soeke na balans).

## 9.6 DIE KONTEKSTUALISERING VAN DIE LEER[207]

### 9.6.1 Dood en begrafnis

Die dood word in die TAG meesal gesien as die vertrek na die voorouergeeste. Volgens Mbiti (1969:159) is die dood verwydering, maar nie vernietiging ("annihilation") nie. Alhoewel die dood as 'n monster beskou word, is daar geen oordeel, straf of vergoeding na die dood nie. Die dood is bloot 'n alternatiewe vorm van lewe en in 'n hoë mate 'n voortsetting van die huidige lewe. Straf word eerder in die huidige wêreld gevrees. Die voorouergeeste lewe naby hulle vorige habitat. Hulle moet tevrede gehou word, maar ook op 'n afstand. Vir hierdie doel word dan wiggelary/voorspelling en rituele versoening beoefen. Die uiteinde van die afgestorwe gees hang af hoe lank hy onthou word. Daarna verdwyn hy in vergetelheid. Die lewe na die dood kom dus neer op gestadigde agtergang of deteriorasie. Dit is dus heel anders as die Christelike eskatologie van hoop en verheerliking.

Daar is verskeie tradisionele rituele wat die dode omwelf. Een van die eerste is die slag van 'n offerbees met die oog op versoening. Sekere dele word verbrand. Stukke vleis word in die veld uitgeplaas vir die voorouers. Die organe word ook deur sommiges gebruik vir verdere rituele doeleindes. 'n Sekere deel van die bees word ook geëet deur die begrafnisgangers.

Die plasing van artikels in die kis of op die graf om die oorledene te vergesel, vind veral by dorpsbewoners toepassing. Daarna volg die rituele offers *(phabadimo)* volgens TAG.

Na afloop van die begrafnis vind daar ook verskeie rituele plaas. Een van die bekende rituele is die besprenkeling van begrafnisgangers (meestal manlik) en handewasseremonie ter wille van reiniging. Daar is verder die was of reiniging van die graaf 'n paar dae of soms 'n paar maande na die begrafnis. As die rou afgehaal word en die swart lappies in sommige gevalle gebrand word, dan het die dooie sy bestemming bereik (Becker 1974:243-245).

### 9.6.2 Eskatologie

Die Christelike eskatologiese verwagting is dat die eindtyd reeds in Christus se opstanding aangebreek het, maar eers ten volle verwerklik sal word by die wederkoms. Daar is dus 'n spanning tussen die *alreeds* en *die nog nie* wat in teologiese opleiding gekommunikeer moet word. Die houding moet wees om met gespanne afwagting en blydskap te wag op die toekomstige bedeling wat nou al reeds 'n eskatologiese realiteit is. Die troos moet hier aan die onseker Afrikamens in tradisionele denke gekommunikeer word dat die toekomstige bedeling en die huidige bedeling in Christus in so mate oorvleuel dat die toekomstige in die huidige, sondige bedeling ervaar en geniet kan word (Joh 5:25, Ladd 1974:305, TOI ASS/DOC/3/5, sj:68).

Die Skrif leer 'n skeiding tussen die lewendes en die afgestorwenes (*karohana mahareng a bafu ba le ba phelang*) en dat daar geen kontak gesoek moet word tussen die twee nie (vgl Luk 16:19-31). Dit beteken egter nie dat die liefde, eer en respek vir die afgestorwenes ophou nie. Dit ondergaan eerder 'n verdieping. Die afgestorwenes word nie gevrees nie, maar daar is eerder troos en blydskap omdat hulle wat in Christus ontslaap, saam met Hom opstaan.

'n Gebruik wat in sekere AOK toepassing vind, is dat die afgestorwene se dankofferkaartjie saam met hom/haar in die kis geplaas word. Dit word aangespreek in die Bybelkor-boekie, *Eba setho sepelang.* Hier word die voorbeeld genoem van die afgestorwene wie se dankofferkaartjie (*kabelo*) deur die agterblewendes vereffen word as sou dit die konnotasie dra dat dit vir die dooie die pad oopkoop (Mogale en Viljoen 1976:10).

[207] Sien ook onder die leraarmodel, par. 10.1 p. 213: koinonia-dimensie, eksemplariese stof Aanhangsel 14.3.1.4.11

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Daar bestaan ook by sommige lidmate van die AOK die opvatting dat die afgestorwene 'n beter kans het om gered te word as hy deur 'n *moruti* begrawe word as deur 'n lidmaat of ouderling.

Die eskatologie van sommige AOK loop gevaar om te impliseer dat die voorouergeeste voorspraak doen by God. Dit word deur Daneel (1987:238) beskou as sinkretistiese vernuwing deurdat 'n ou geloof in 'n nuwe masker verskyn. Dit is egter duidelik dat oorvleueling van die tradisionele met die Christelike eskatologie nie op 'n presiese passing neerkom nie en dat daar spanning moet wees. 'n Voorbeeld is dat TAG 'n identiteit van die toekomstige en die huidige leer, terwyl die Christelike beskouing 'n groot verskil tussen die wêreld en lewe van die lewendes en die van die gestorwenese leer (Daneel 1987:236).

### 9.6.3 Evaluering; teologiese opleiding van die AOK

By die Afrika-mens was daar altyd die behoefte om die voorouer wat gesterf het, terug te bring huis toe met onthouseremonies. 'n Os word geslag vir die afgestorwene wat terugverwelkom word, en almal wat deel van die terugverwelkomingsfees is deel aan die vleis. Die tydperk tussen begrafnis en terugverwelkoming kan wissel.

Hierdie gebruike word vandag nog beoefen, maar met verchristelikte konnotasie by die AOK. Dit is dan ook meer in lyn met die Bybelse *in memoriam*-beginsel. In die teologiese opleiding moet dit beklemtoon word dat daar kreatief aan Bybels-gefundeerde maniere gedink kan word om die dooies te onthou sonder om nekromansie of enige dergelike praktyk te beoefen wat deur die Skrif verbied word (Theron 1996:47-127).

Vir die Christelike onthou van die voorouer moet voorsiening gemaak word, maar die bemiddelaarsrol mag nooit so aan diegene toegeken word dat hulle as 't ware in die plek van Christus by die deur gaan staan nie en só die bemiddelaarsrol oorneem nie of daartoe meehelp nie. Dit sal duidelik in teologiese opleiding beklemtoon moet word dat Christus die enigste middelaar is en dat voorouers nie aanbid mag word nie (vgl Kol. 2:9, 1 Tim. 2:5).

Die volgende moet in die teologiese opleiding van die AOK beklemtoon word (volgens Pretorius 1987:129): Dat die dood die straf is op die sonde; dat die voorouers nie die lewendes skade kan doen nie en dat Christus die dood oorwin het. Veral lê hy klem op die verkondiging van die verlossing hier en nou omdat die Afrika-mens se geloof op die hede gerig is. Daarom is die beslissing wat in hierdie lewe geneem word, dit wat die lot bepaal in die volgende lewe.

In die betrokke Nehemia-kursus word die saak rondom die dood mooi aangesny by wyse van antwoorde op die Afrika-mens se vrae. So die vraag: Wat is die oorsaak dat daar so iets as dood bestaan? Waarvandaan kom dit? Die antwoorde van die TAG word aangespreek, byvoorbeeld die fatalistiese doodsbeskouing wat tot uitdrukking kom in die Venda legende oor die verkleurmannetjie en die duisendpoot wat moes hardloop om die nuus te gaan meedeel van die ewige lewe en die ewige dood alternatiewelik. Die duisendpoot val in die versoeking om 'n appel te knaag en nie sy bestemming te bereik nie en dit is dan die verkleurmannetjie wat die nuus oor die ewige dood meedeel (NI, Mod 1, Kursus 4, Les 10, sj:45).

Na aanleiding hiervan word dan gewys op die fatalistiese siening om die toordery en geeste as oorsake te blameer. Dieselfde analogie vind ons by Adam en Eva om ander te blameer behalwe hulleself. In hierdie opsig wil Sundkler hê dat ons die archetipiese verwysing moet aanwend en dan so wys op die kontinuïteit/diskontinuïteit. Dit lyk deels haalbaar.

Sundkler (1960:291) gaan egter te vér as hy wil hê dat die engele as archetipes gesien moet word, vergelykbaar met die *badimo*. Engele is dan net soos die *badimo* onskadelike geeste om die troon wat nooit aanbid is nie. Die vraag is of die engele wel ter sprake is wanneer oor die *communio sanctorum* gedink of gepraat word, soos wat wel die geval met die *badimo*. Dit lyk of hier 'n verwarring van kategorieë is en dat so 'n vergelyking die hele nadenke oor die voorouers eerder benadeel.

Volgens Mbiti beoefen die Afrika-mens in TAG nie vooroueraanbidding nie, maar is hy bloot simbolies besig om eer, respek en koinonia te beoefen met die afgestorwenes. Die Westerlinge doen dit ook (Theron 1996:129).Volgens die meeste Afrika-teoloë, leef die Afrika-mens in noue relasie met sy dooies. Sommige teoloë is egter van oordeel dat die ware realiteite van die dood nog altyd onderdruk is en nie regtig verwerk is deurdat daar, soos wat baie Westerlinge dink, uiting gegee word aan die emosies en die smarte nie (Sundkler 1960:289).

Die feit is dat Afrika se beeld van die dood en die afgestorwenes die basis vorm van hulle geloofsmistiek en spiritualiteit. Wanneer eskatologie in die teologiese opleiding ter sprake kom, sny dit dus aan by sake wat mees kardinaal en wesenlik in die TAG is. Eskatologie vorm so gesien van die mees belangrike loci in die teologiese opleiding van AOK.

## 9.6.4 Christologie

Uit die navorsing gedoen deur ISWEN onder die Bomvana-stam, blyk dit dat God en Christus totaal geabsorbeer word in die voorouersisteem. Christus en God word een van die voorouers. Christus word dan ook nie heeltemal as die Verlosser gesien nie (Pretorius 1983:34). Die voorouergeeste is in lyn met God en hulle bring God nader. Christus vervul dan ook so 'n soortgelyke rol van om God nader te bring.

Die redenasie lei vervolgens daartoe dat daar ruimte gemaak moet word vir die gebruik van die kategorie van *voorouergees* om Christus se rol te laat tuiskom. Soos wat Charles Nyamiti dit het: "Christ our Ancestor" (Nyamiti 1994:60).

In die Rooms-Katolieke teologie word daar al hoe meer voorsiening gemaak vir die siening dat die voorouers (*badimo*) 'n bemiddelaarsrol kan speel saam met Christus. Dit word ook 'n "by-die-deur-staan-posisie" genoem. Dit is 'n uitbreiding van die Roomse leer oor die heiliges.

### *9.6.4.1 In teologiese opleiding van die AOK*

In teologiese opleiding moet daar gewys word op die verskil tussen die Here Jesus en die voorouers; dat Jesus nie een van die voorouers kan wees nie, anders was daar nie verlossing nie.

Twee foute word dikwels gemaak: Voorouers en engele word aan mekaar gelyk gestel. Christus word beskryf as een van die engele (geeste) en so word Hy maar net nog een van die baie voorouers (King 1994:21-22). Die verskil moet eerder beklemtoon word sodat die Here Jesus nie met engele, geeste of voorouers verwar kan word nie, omdat hulle (die voorouers) net 'n aardse lewe gehad het nie, maar dat die Here Jesus 'n plek onmeetlik groter as die engele, geeste of voorouers beklee. Dat Christus ook nie in die kategorieë van die voorouergees sal pas nie, omdat hy soos King (1994:23) sê: "...proved to be too big for that category and burst out of it in startling ways." Dat die soenverdienste ook in die opsig voldoende was, word so in die Hebreërbrief uitgespel (Hebr. 1,10 en 11).

Die tweede dwaling het te doen met die tradisionele veronderstelling dat goeie werke saligheid bewerk. Die Timotheus Opleiding Instituut verwys na hierdie dwaling en bevat ook verwysings na die beloning wat gelowiges sogenaamd ontvang as hulle goeie werke doen (vgl 1 Kor 3:9-14, TI ASS/ DOC/3/5:56). Die Roomse leer van die heiliges gaan uit van die veronderstelling dat heiligheid verwerf word deur goeie werke. Verder kan die offeraar vir homself 'n gunstige oor by 'n heilige verdien deur die uitnemendheid van sy offer. Die verdienstekarakter in die leer van die voorouers wat nog iets moet byvoeg tot die soenverdienste, moet met die Bybelse Christologie van 'n *sola gratia* aangespreek word.

Ook kan die tradisionele Afrika-offerterminologie ingespan word om die "eens-vir-altyd"-versoening aan die Sionis tuis te bring, bowenal dat dit voldoende was. As die voorouers die offer (*phabadimo*) aanvaar het, dan is daar uitgeskreeu: *"Camagu,"* ("Dit is genoeg en volbring.") Die Here Jesus het ook aan die kruis uitgeroep: "Dit is volbring." (*"Isicamagushelo."*). God is nou tevrede gestel deur sy soen-offer (Nehemia-kursus, N1/1E, sj: 48).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Daar moet na aanleiding van Skrifgedeeltes soos Handelinge 8 (Filippus en Simon die towenaar) gewys word op die ware en valse profete. Dit is die gees van onderskeiding. Toets die geeste (*"Leka baprofeta"*). Ook kan die kenmerke van ware profeetskap gelys word, maar dan moet veral gewys word op die beginsel van "meer as Jona is hier." (*"Jesu ke Yena 'Ya fetang Jonase."'*) (vgl Bybelkor-kursus, Ralipedi 1990:19). Hier kan veral van voorbeelde uit die Ou-Testamentiese offerkultus gebruik gemaak word om inhoud te gee aan AOK-rituele. Dit moet egter vervulling vind in die eens-vir-altyd-volbragte soenverdienste in die Nuwe Testament (vgl Hebr 10:3-4, Bybelkor-kursus, Ralipedi 1990:60).

JH Smit (sj:30) is van mening dat teologiese opleiding ook met die oog op die elenktiese gesprek moet plaasvind: die ontmaskering van die vrese en onsekerhede in die tradisionele konteks en die verkondiging van oorwinning en sekerheid wat Jesus Christus gebring het. Dus sal daar moet gewys word op die eksousiologie van Christus in die pastorale opleiding van die profete. Jesus het die mag om die Satan te verslaan (Mark 1:32-33). Ook moet die totale oorwinning oor die dood geleer word (vgl Kol. 1:15-20). Daar moet ook gewys word op die engele (geeste) se onmag om die verlossing te bring.

Daar sal 'n gebalanseerde Christologie en Pneumatologie gebring moet word waar die een nie die ander verdring nie. Die gevaar in opleiding kan wees om uit vrees vir die voorouerspiritualiteit by die Christologie te stop. Die ander gevaar is om in 'n verkapte Pneumatologie te verval soos by sekere van die AOK-groepe (Daneel 1987:258). Daar is aanduidings dat daar soos by die Zithulele Christene 'n meer suiwer Christologie teenwoordig as by die Bomvana in Transkei. Christus het totaal die plek van die voorouers ingeneem (Pretorius 1983:34).

### 9.6.5 Pneumatologie

Onder die dinamistiese invloed van TAG is die gevaar dat die Heilige Gees as 'n onpersoonlike krag verstaan kan word. Die huidige lewe se lewenskrag word oorgedra na die toekomstige lewe. Die animistiese gevaar is weer dat die Heilige Gees as 'n voorouergees gesien word. Mense met status en invloed kan die weg oopmaak na God. Dit is die Heilige Gees wat iemand lei om 'n bees te slag vir die voorouers (Hanekom 1975:78).

#### *9.6.5.1 In teologiese opleiding*

In teologiese opleiding sal die Pneumatologie in die konteks van Afrika onderrig moet word om die leefwêreld van die AOK-leier aan te spreek. In die ontwerp van 'n pastorale bedieningsmodel sou die eensydighede van monisme en dualisme vermy moet word: die *Badimo* en Christus in een kader, teenoor: Christus en die *Badimo* totaal teenoor mekaar. Geeneen van hierdie eensydighede sou enige troos bied nie en die animis sou nog in vrees vasgevang word.

Verder moet die Heilige Gees gekwalifiseerd teenoor die voorouergeeste gestel word. Oor die animistiese spiritualiteit is daar meesal baie vraagtekens (DI Module 2.6. D, 70). Dit word nog meer bedenklik as God genader moet word deur die gees van Engenas of Edward Lekganyane.

Daar is soms ook 'n oormatige klem op die ekstatiese belewing en 'n herhaaldelike soeke na die Heilige Gees, wat die permanente ontvangenis van die Heilige Gees in gedrang bring, asook die deurlopende vrug van die Heilige Gees (vgl Gal. 6). Crafford is ook van mening dat daar nie altyd duidelikheid is oor wie ekstaties in tonge praat nie. Is dit die Heilige Gees, die voorouergees of 'n engel? Daar kan ook meningsverskil voorkom oor waar die lokaliteit van die voorouergeeste is.

In teologiese opleiding sal die kandidaat ook geleer moet word om meer genuanseerd oor die geeste te dink en te praat. Mbiti (1971:151) wys op die vreemdsoortige Westerse begrippe wat deur sendelinge gebruik is om oor die voorouers te spreek. Die sendelinge het die fout gemaak om die voorouers te demoniseer en te spiritualiseer. Sendelinge van die Inland Mission het be-

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



grippe soos *badaimona* (demone) gebruik om na die voorouergeeste te verwys, terwyl daar 'n ander naam vir die voorouers in die grondtale was (Ter Haar 1992:142).

So ook was die voorouers nie almal boos nie, maar is daar goeies. Ralipedi (1990:60) wys daarop dat die voorouers eerder nog geëer moet word. Die fout kom by die aanbidding en dat geglo word dat hulle (die voorouers) mense leiding gee deur drome. Dit word nog meer 'n probleem as die voorouers self nie Christene was nie.

Dit gaan dus daaroor dat daar in teologiese opleiding beter gedoen moet word as gebruiklike onderskeid: *valse profete*, *ware profete* en *(bose) geeste*, omdat dit onderlê word deur die piëtisties moralistiese benadering dat alle geeste baie sleg of demonies is.

Andersyds moet ons rekening hou met die realiteite van die geesteservaring en realiteit van die AOK-lidmaat en leraars waarvolgens die geesteswêreld wel bestaan. Dit bepaal pastorale benadering van die profete en leraars wesenlik en lewer 'n groot bydrae tot die aantrekkingskrag van die AOK.

Daar sal duideliker riglyne gegee moet word oor wie of wat die bose is en meer klem op die rol van die Heilige Gees geplaas word. Hier sal ook multidissiplinêr van ander vakrigtings soos die sielkunde en volkekunde gebruik gemaak kan word. Daar is 'n grys gebied waaroor moeilik objektiewe oordele gevel kan word. Oosthuizen (1987:81) wil dit hê dat die magiese geloof wat sekere eienskappe aan objekte toeken, nie noodwendig tot 'n verkeerde siening van die Heilige Gees lei nie. Die tipe magie is dan ook Bybels-hermeneuties geïnspireer.

### 9.6.6 Samevattend

Die gevare van die *monistiese* en *dualistiese* standpunte dreig. Die kandidate kan leef met 'n monistiese perspektief wat God en die geeste in een kamp stel en albei verantwoordelik ag vir goed en kwaad. Die dosente aan die ander kant mag weer glad nie in die bestaan van die bose geeste glo nie en hulle verstaan van Nuwe-Testamentiese getuienis baseer op 'n dualistiese onderskeid tussen die dop ("husk") en die kern ("kernel"). (Na analogie van die godsdiensfenomenologiese benadering dat die Here Jesus nie in die bose geglo het nie, maar tog by die Griekse wêreldbeeld aangeknoop het deur geeste uit mense te dryf.) Die ironie is dat 'n volstrekte materialisme uiteindelik ook maar op 'n soort monisme neerkom.

Dieselfde gevaar dreig veral by die Afrika-teoloë wat met die Westerse model werk, om die bose in Afrika-konteks geheel en al te negeer. Die gevaar van 'n monistiese standpunt wat Karin Blixen genoem het naamlik dat God en Satan een is in Afrika, moet nie uit die oog verloor word nie.

Die verwesterse Afrika-mens sou verder kon redeneer dat Jesus Christus fouteer het toe hy die epileptiese kind sogenaamd van 'n bose gees bevry het. Baie Afrika-teoloë wil voorgee dat epilepsie ook in die Bybelse tyd nie die gevolg van besetting deur 'n bose gees was nie, maar eerder in terme van 'n kulturele kondisionering verstaan moet word (volgens Gaybba 1986:101). Hulle redeneer vervolgens dat die bose geeste nie moet bestaan net omdat die Skrif na hulle verwys nie. Die een soort monisme word maar net met 'n ander soort monisme vervang.

Dit lyk egter onverantwoordelik om uit Bybelse gegewens by 'n diagnose te probeer uitkom van gevalle wat as demonies besete beskryf word of te konkludeer dat alle siektes deur Jesus Christus demonies verklaar is. Alhoewel daar sekere ooreenstemmende kenmerke is tussen epilepsie en demoniese besetenheid, is daar tog ook belangrike verskille. So is dit dat die "demonies-besetene" neig om in die water en vuur te spring (Ludike 1984:49).

Dit is nogtans belangrik dat daar in die teologiese opleiding op 'n verantwoordelike wyse uitgekom word by 'n meer wetenskaplike verstaan van siekte en die verskillende natuurlike faktore wat daarby betrokke kan wees.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die ander gevaar is die soort dualistiese standpunt wat daarop neerkom dat die bose en die goeie teenoor mekaar staan. Alle siekte word toegeskryf aan die Satan of demone en God en die Heilige Gees is nie veel meer as 'n krag wat die eksorsis toerus nie. So 'n siening lei weer tot 'n blinde noodlot en 'n soort magiese bediening (Lindstrom 1983:241).

Hier sal meer gemaak moet word van die pastorale hantering van lyding en die rousmart. Dit gaan hieroor dat God volgens Rom 8:28, alles vir ons ten goede laat meewerk, ook die kwade en die lyding. Julian Müller stel dit mooi pastoraal: "Hy sal die lyding vir ons ten goede laat meewerk, te laat dien." Ander gedeeltes in die Skrif wat hierdie gedagte mooi dien is: Die vraag oor die man wat blind gebore is (Müller 1991:112). Ook die Ou-Testamentiese siening dat Leviatan en Rahab die seemonsters saam met Hades en Sheool vir die dood (volgens Ou-Testamentiese wêreldbeeld) verantwoordelik is, maar eweseer onder God se gesag verkeer en deel van sy plan uitmaak (Deist, Module 1.1 DI, sj:20).

Sendelinge van die Afrika Inland Mission sou dan verkeerd wees met hulle gedagte dat dit bloot 'n geval is dat die tradisionele dop met 'n ander dop vervang moet word (in terme van "kernel" en die "husk"). Dit is egter 'n kwessie van eers die wilde loot snoei voordat dit in die nuwe wynstok ingeplant word. Dus moet pasop word vir die oorpleistering van die heidense begrippe met ander begrippe wat nog net so vreemd is (Vgl Walls 1982:103-104).

Samevattend kan ons sê dat die kontekstualisering van die leerstukke van die Christologie, Eskatologie en Pneumatologie by die hart van 'n teologiese opleiding lê wat op die AOK afgestem is.

# Hoofstuk 10

# DIE TEOLOGIESE OPLEIDING VAN LERAARS

## Teen die agtergrond van multidimensionele, ekumeniese kerkopbou

### 10.1 INLEIDING

Teologiese opleiding is met die verloop van die tyd al ruimer opgeneem, soos ons alreeds gesien het. Volgens Pobee (1997:52) is daar aanvanklik in die opleiding met die oog op die bediening in die sendingkerke vasgeklou aan die ou ortodokse modelle en sekere geykte uitgangspunte (byvoorbeeld die sogenaamde Drie Selwe). Geleidelik het die invloed daarvan egter al minder geword.

By die vergadering van Whitby 1947 is kerugma, koinonia en diakonia as trefwoorde gebruik om die somtotaal van sending saam te vat (Bosch 1993:512). Pobee (1997:28-129) bevestig dat daar al hoe meer 'n ekumeniese model in vorming en opleiding gekom het. "The process of oikodome of the oikos is the process of transformation which occurs through practise" (Meo 1997:128). Ook is dit God wat moontlik maak dat ons koinonia kan ervaar, wat maak dat ons saam as rentmeesters, beplanners en bedienaars die opbou van die oikos kan waarneem (Meo 1997:129).

Ekumeniese opleiding en vorming maak dit vir ons moontlik om ook vlakke en groeperinge van opleiding en vorming te onderskei, om as 't ware 'n ekumenisiteit van die markplek en van die heiligdom te kan hê (Pobee 1997:46). Daarom gebruik ons kerugma, koinonia en diakonia op sinkroniese wyse eers om die opleiding uit die borsharnas van ingeperktheid van die Drie Selwe en sekere kerugmatiese benaderings te lei om die meerduidigheid in opleiding te ontdek. Dit sou egter nie al die dimensies omvat nie en bowendien is daar nog baie meer, soos ons later sal sien (Bosch 1993:512).

Ons is ook deeglik daarvan bewus dat die leraar se opleiding en die van die profeet sal verskil.

Verder is daar oorvleueling ten opsigte van aspekte soos die koinonia wat kultuur, kommunikasie en kontekstualisering, integrasie, ekumene en dissipelskap behels en andersom. Die begrippe staan nie teenoor mekaar nie, maar vul mekaar aan. Die benaminge wat vir opleidingsmodelle (beide profete en leraars) gebruik word, sluit nie uit nie, maar veronderstel juis 'n wyer verwysingsveld. Hulle berus op Bybelse en ekumeniese terminologie (in die geval van leraars) en sosio-wetenskaplike terme (in die geval van die profete) (vergelyk Hf 7).

Diakonia sou ook insluit aspekte van die profetegenesingsbediening. Die spesifieke inkleur van die stof en opleidingsmetodes sal in die geval van die leraar anders daar uitsien as by die

opleiding van die profeet, omdat die vaardighede wat ter sprake is, verskil, omdat hulle funksionering en opdragte verskil (na aanleiding van Potgieter 1988:36). Die profeet is baie meer op die genesingsbediening toegespits. Die leraar is meer op die leierskap, bestuur/administrasie en prediking toegespits. Dit is egter nie waterdigte onderskeiding nie, aangesien daar profete is wat sterk sou baat by opleiding in byvoorbeeld evangelisasie en prediking, omdat hulle profeetleraars is.

Die diakonale opleiding betrek hoofsaaklik die profete. Die koinoniale opleiding betrek die leraars en profete, en die kerugmatiese opleiding die leraars. By die bespreking van die verskillende opleidingsaspekte sal daar egter refleksie plaasvind om die betekenis van elkeen op die ander te bedink en onder woorde te bring.

Die oorkoepelende teologiese kurrikulum is rondom 'n sentrale tema in eksemplariese stof opgebou, naamlik kerkopbou (leraars en profete) deur middel van genesingsbediening (profete) en prediking (leraars) (na aanleiding van Potgieter 1988:38).

### 10.1.1 Vereistes waaraan die opleidingsmodel moet voldoen

- Dit moet holisties wees en integrerend werk. Die fragmentasie wat baie teologiese opleidings kenmerk, moet vermy word. (Vergelyk ook Theron 1995:54-55, Gnanakan 1997:14 in GCOWE 1997).
- Dit moet 'n visie kommunikeer (Tokun 1997:18 in GCOWE 1997). Hier kan sterk gedink word in die rigting van die Lausanne-visie waar evangelisasie en holistiese denke bymekaar uitkom. Die twee doelwitte kan by mekaar uitkom in teologiese opleiding. Die hele kerk vir die hele evangelie aan die hele wêreld. In hierdie opsig behels die hele evangelie die kerugmatiese in sy proklamatiewe en geïnkarneerde vorm. Die soeke na balans is dus hier van kardinale belang (Wang 1987:4-1).
- Indien ekumenisiteit beklemtoon word, moet daar veral reg geskied aan die verband tussen ekumenisiteit en katolisiteit. Katolisiteit beteken in hierdie geval dat die wesenlike eenheid in Jesus Christus nie gerelativeer kan word deur etniese en kulturele verskeidenheid nie. Die ekumeniese soeke moet ook na eenheidsbande oor kultuur- en kerk grense heen kyk. Om dit reg te kry, sal daar visionêr getrag word na die deurbreking en transendering van kultuurgrense (Theron 1995:55).
- Dit moet vanselfsprekend nie 'n ingevoerde model wees wat op Westerse teologiese denke alleen berus nie (Theron 1995:53).

Die modelle onder bespreking is in die praktyk beproef. Evaluasie en refleksie daarop word in die finale hoofstuk weergegee.

## 10.2 DIE KERUGMATIESE MODEL

### 10.2.1 Oorsprong en begronding

Onder invloed van die Griekse dualistiese en latere skolastiese modelle van opleiding kan die ortodoksie model, wat meesal residensieel bedryf is, grafies voorgestel word soos in Figuur 2. Die hoofmotief van die kerke sou kerkplanting en bekering wees (Bosch 1987:3).

In die Piëtisme was die gevaar dat die Skrif net met betrekking tot die kerk as sentraal gesien is. Die Skrif as normatiewe middelpunt kon nie volgens die piëtisme ook die middelpunt van die kultuur en die geesteswetenskappe wees nie. Dit kan trouens as 'n anti-kulturele of kultureel

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA






*Figuur 2: Kerugmatiese Model*

ontkennende benadering bestempel word. Daar is uitgegaan van 'n tweerykemodel (Bühlmann 1974: 95). Die kerk en die wêreld is as dualisties groothede gesien wat langs mekaar staan.[208]

Die kerugmatiese model wou egter verder gaan as die piëtistiese benadering wat net siele gesoek het en die kerkbegrip verwaarloos het. Kritzinger et al (1994:36) gaan in hulle beskrywing van dié model terug na die oorspronklike betekenis van kerugma en lê dan klem op die volgende: die proklamasie van die evangelie deur prediking, evangelisasie, dissipelskap, kerkopbou, verinheemsing, Bybelvertaling en opleiding (skole en teologiese opleiding). Elemente van die drieselwe-model is ingetrek om die kerugmatiese model te versterk. Die Duitse skool van Warneck het verder klem gelê op die opvoedkundige dimensie. Ook om die hele mens te kersten (Kritzinger et al 1994:10).

Die kerk is gesien as iets wat stabiel moet wees en na binne gerig. In hierdie model is die teologiese opleiding ook gesien as iets wat kerkplanting moes aanhelp. Alexander Duff was die eerste wat raakgesien het dat studente nie net in Bybelse vakke opleiding moet ontvang nie, maar ook in vakke wat algemene kennis en vaardighede bybring, byvoorbeeld volkekunde, wiskunde, ekonomie, geografie en in ander tale. Dit is egter verkeerdelik vertolk as verwestering en dat die kerugmatiese dimensie daardeur verwring of afgewater word (Walls 1996:18, Theron 1995:55).

## 10.2.2 Evaluerende opmerkings

Die swakheid van die eng kerugmatiese benadering was dat dit die studente aan hulle gemeenskappe onttrek het en in 'n kunsmatige konteks tereg bring. Hulle word dus van die realiteit en nood van hulle oorspronklike konteks verwyder. Hulle word van die geestelike en materiële nood van hulle eie mense losgemaak (Hiebert 1996:41). In hierdie toedrag van sake word die teorie gewoonlik ten koste van die konteks oorbeklemtoon. By Engels-georiënteerde opleidings was 'n neiging om die leer van die Drie Selwe wat meer 'n bestuursmodel as 'n teologiese model was, by studente in te dril. By die Duitsers is die verinheemsing en die volkskerkgedagte, en

208 Op grond van die spanning tussen Wet en evangelie het Luther 'n wêreldse en geestelike ryk naas mekaar voorsien waarin die gelowiges nogtans gelyktydig moes leef (Kotze 1981:33).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



as uitvloeisel daarvan die konteks of die volk in die verinheemsing, oorbeklemtoon (Kritzinger 1994:10).

Teologiese opleiding moet die kreatiewe spanning tussen kerk, konteks en teks (teorie) kan benut. Telkens is die gevaar dat een van die elemente van teks, konteks of kerk te sterk in 'n teologiese model sou figureer ten koste van die ander. Dit gaan dus om 'n gesonde balans en wel soos die situasie en omstandighede dit vereis.

Die vernaamste voordeel van die kerugmatiese model is dat dit 'n missionêre dimensie aan teologiese opleiding verleen. Dit mag egter ander dimensies soos die institusionele en sakramentele verwaarloos (vgl Luzbetak 1989:385-386). Veral was dit die geval by die pentekostaliste wat baie min kerklike tradisie (bagasie) saamgedra het. Hulle het ook grootliks tot die groei van die AOK sowel as die splitsings daarvan bygedra. In die sendingkerke was die sentrifugale kragte lank onderdruk, vanweë 'n sterk ekklesiologiese beklemtoning (Kritzinger 1994:12, Barret 1968:211). Tog het die volkskerkgedagte in die sendingkerke ook die fragmenterende kragte aangehelp, veral in reaksie op die paternalisme van die ouer kerke, soos in die geval van die afskeiding van die Etiopiese kerke (Barret 1968:211).[209] Om hierdie toedrag teen te werk, moet daar 'n verdieping kom van die kerugmatiese dimensie deur groter beklemtoning van *marturia*.

### 10.2.3 Opleiding en die gees van toewyding aan die hand van *marturia*

*Marturein* dra in kerklik-teologiese konteks die betekenis van getuienislewering van die kerugma, nie alleen met woorde nie, maar ook met dade en selfs by wyse van selfverloëning en selfopoffering (Oates 1973:225, 226, 247).

Eerstens het *marturein* die praktiese implikasie van 'n ongemaklikheid ten opsigte van die elitistiese ideaal wat by die meeste Westerse akademiese instansies leef, naamlik van akademiese voortreflikheid alleen en die strewe na wetenskaplike erkenning. Oates praat van meritokrasie en "self aggrandisement." Die marturia-beginsel van selfverloëning behels egter "a stepping down from their thrones, getting out of their roles and embroidered garments. Move out of one orbit of existence into another." Dus het ons hier te doen met 'n uitbreek uit die gevangenisskap van kategorieë waarmee die evangelie geïnterpreteer, maar tegelyk ook ingeperk en dalk ook verslaaf is. Vir seker sal die pelgrimsbeginsel ook op Westerse opleidingsinstansies van toepassing gemaak moet word. C Nyamiti (1994:60) waarsku teen die omhelsing van Westerse opvoedkundige "magiese" simbole en "fetisjes." Hierdie kategorieë kan nie aangeneem word sonder dat die plofkrag van die evangelie hulle eskatologies deurbreek nie (Deist 1994:299).

In teologiese opleiding aan die AOK kan die luukse van abstrakte en filosofies-teologiese denke en spreke nie bekostig word nie. Sulke gedagtes soos die pelgrimsbeginsel (met sy dialektiek) en die beginsel van verinheemsing (soos uitgespreek deur Walls 1982:99) moet grondvat en op realisties-praktiese wyse uitdrukking vind. Dit moet begryp word dat dit nie altyd in die reële situasie moontlik is om 'n waterdigte onderskeiding tussen waar en vals te tref nie en dat die antwoorde dikwels nie so voor die hand liggend is nie. Marturia beteken dat 'n mens nie as gevolg daarvan wegdeins van evangeliese getuienis nie.

Oates gebruik in hierdie verband die term ekstase. Teologiese opleiding sal verskillende hermeneutiese nuanses of vlakke van ekstase moet onderskei. Eerstens is daar die misplaaste ekstase van die mistieke "trance" wat eintlik op 'n en-stase neerkom en wat die betekenis van die evangelie en geloof totaal verinnerlik en lei tot 'n introverte geloofslewe. Dit moet onderskei word van 'n tweede tipe ekstase, wat behels om in *verwondering te verkeer* en *om uit jou sinne geruk te wees*. Dit is 'n doksologiese ervaring, naamlik om God te ken soos Hy is. Dit staan teenoor betrokkenheid by 'n geïdeologiseerde teologiese tradisie wat by baie Westerse teolo-

[209] Soos bespreek in die derde hoofstuk.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



giese opleidings dreig en teen 'n magiese persepsie van God wat by die AOK dreig (na aanleiding van Pretorius 1987:175).

Van beide die Weste en Afrika-konteks gesien, sal 'n Petriniese paradigmaskuif nodig wees, sodat grense en strukture deurbreek kan word, soos in Hand. 3:10 en Hand. 10. Oates praat van 'n "a flash of insight in times of radical change." Walter Bühlmann (1974:210) praat van *marturein* as konstatering. Dit behels standpuntinname en getuienis teen institute se wette en strukture, vir sover hulle teen die Heilige Gees is. Dit gaan verder as die dialoog. Dit is iets wat ononderhandelbaar is en selfs tot konflik kan lei.

Van beide kante (die opleidingsinstituut en AOK-leiersgroep) moet die kleed wat elkeen dra (veral kulturele kleed) dit nie onmoontlik maak om die teologiese ekstase en integriteit raak te sien nie. Dit moet eerder 'n geval wees dat die ekstase en integriteit so lewenskragtig is dat die kleed dit op geen manier kan verberg nie. As die ekstase (verwondering) vanweë die kleed nie meer gesien en ervaar kan word nie, beteken dit dat verinheemsing of sekularisering tot fusie gelei. Fusie lei uiteindelik tot konfusie ("confusion"), volgens Oates.

Die dogma (en veral die leer van die kerk) wat ingevolge die suiwer kerugmatiese benadering sterk in die teologiese opleiding van die sendingkerke beklemtoon word, sal in die opleiding van die leraars van die AOK minder beklemtoon moet word. Groter klem sal gelê moet word op die *kenosis* van die Here Jesus. Dit sal van die geestelike leier en die instituut vra om 'n kenosis of dekontekstualisering te aanvaar (Bühlmann 1974:239). Die AOK en die Westerse institute sal in eie kontekste tereg moet kom deur etnosentrisme en Westerse kulturele chauvinisme onderskeidelik af te lê (Padilla 1985:39).

Dit is duidelik dat marturia en dissipelskapbeginsels as fundamentele beginsels by kerkherstel 'n groot rol te speel het in die AOK se situasie (Padilla 1985:39). In hierdie opsigte is daar dan ook al baanbrekerswerk gedoen waarop voortgebou kan word.

### 10.2.4 Kerugma en kontekstualisering

> Sonder die afstand doen van die Westerse skolastiese ivoortoring-teologie en die soek na die ware Bybelse epistemologie bly die Logos ongeïnkarneerd, vreemd en koud en lei dit tot wetteloosheid en vormloosheid.
>
> (Padilla 1985:101).

Dit gaan in hierdie stelling oor die penetrasie tot die kern. Inkulturasie wat deur die inkarnasie onderlê word, impliseer dat kernwaardes deur die evangelie getransformeer en vervang moet word (Crafford 1993:103). Kontekstualisering is dus die regstelling van die suiwer kerugmatiese model en wil veral die opvoedkundige instansies by die proses betrek (Dayton and Frayzer 1990:249). Veral moet die oogpunt van die opleiding wees om die inkarnasievisie uit te dra en uit te leef.[210] Dit behels dat Jesus van sy heerlikheid afstand gedoen het en die vleeslike bestaan van 'n aardse kultuur aangeneem het en só met die nood van mense een geword het. Tog het hy ook 'n afstand kon handhaaf van kultuur, omdat dit beide goed en boos was.

Selfverloënende dissipelskap is dus die kern van die visie van teologiese opleiding (Wang 1987:6). Daarmee saam hang die soeke na balans wat saamhang met die holistiese visie soos by Lausanne mooi uitgespel: die hele evangelie aan die hele mens in die hele wêreld (Dayton & Wilson 1984:71,170). Laastens is dissipelskap van 'n gelowige van toepassing, maar 'n getransformeerde gelowige (Wang 1987:6). Transformasie is 'n belangrike prioriteit in teologiese opleiding.

Die standpunte varieer oor 'n spektrum as dit kom by die beoordeling van die verinheemsing by die AOK en die vraag in watter mate dit Bybels gefundeer is en Jesus Christus geïnkarneer

---

210 Inkarnasiemodel: Net soos wat die Seun van God in 'n aardse, menslike gestalte vlees geword het, net so moet die kerk, sy boodskap en sy teologie ook in menslike kultuur en taal gestalte aanneem om sy roeping te vervul (Hiebert 1995:370).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



is. So is daar dié wat nog steeds beweer dat die verinheemsing gedoen is met 'n toe Boek. Tog is Daneel van mening dat daar tussen die God van die Bybel en TAG eerder kontinuïteit as diskontinuïteit bestaan. Dit gaan nie om 'n *invulling* nie, maar om *vervulling*. Eersgenoemde sal wees om die kleed van die tradisionele Opperwese te neem en met die Westerse verstaan van God (=Westerse Godsleer) te vul. Vervulling is egter wanneer daar 'n transformasie van die tradisionele godsbegrip plaasvind onder invloed van Skrif en Gees, met in agneming van die wyere Christelike verstaan en getuienis. So ook is dit die geval (byvoorbeeld by die doop) waar die veraf God die nabye God in Christus word wat altyd teenwoordig is en Hom openbaar as die gans Andere (Daneel 1984:76).

Deist maak die stelling dat die Griekse godheid uit die Griekse argitektuur verban kon word sonder om die argitektuur veel skade te berokken. Hy beweer egter dat dit nie die geval is by die Afrika-mens nie. Daaruit kan mens die afleiding maak dat die gode in Griekse denke ingemessel is in die strukture en dit nie 'n verskil sou maak as hulle weggeneem word nie (DI-module 1.6, Deist, sj:17).

By Afrika is dit egter anders, aangesien God (Ntu[211]) so 'n integrale deel van die Afrikamens se lewe is. God wat 'n vér God is, het in die geesteswêreld naby gekom (Mbiti 1969:11). As Christus geïnkarneer word in die Afrika-denkstruktuur, dan kan God nie veraf wees nie, maar kom Hy naby in die Heilige Gees, soos wat die Heilige Gees die plek inneem van die meesal vreesagtige voorouers (Mbiti 1969:11).

Die toets of die kerugma werklik geïnkarneer is, sal bepaal word deur die feit of daar werklik deurgedring is na die vreesagtige kern en die oorwinning in Christus dus nog in hierdie opsig geproklameer word in teologiese opleiding. Dit moet egter nie sonder die leer oor die Heilige Gees geskied, uit vrees dat dit verwarring sal bring nie. Die Heilige Gees kan nie buite rekening gelaat word in die inkarnering en vervullingsteologie nie. Die dualisme van die Bose wat staan teenoor die Goeie moet nie ontken word nie, maar eskatologies deurbreek word (Daneel 1984: 76).

Daar moet by die Ou Testament begin word: Daar was geen mag wat Jahwe se mag kon neutraliseer nie. God het 'n einde gemaak aan die Leviathan en die Rahab, die monsters van chaos en die dood. Hulle sou net leef omdat God vir hulle sorg en voorsien. Volgens 2 Sam 24:1 en 1 Kronieke 21:1 was God verantwoordelik vir beide goed en kwaad, wat verband hou met die Hebreër se monistiese denke. Dit was eers ná die Ou Testament dat die gelowiges die kwaad aan iets of iemand anders begin toeskryf het (DI -Module 1.6, Deist, sj:13-21). Na analogie hiervan moet daar 'n herinterpretasie plaasvind by die Jordaandoop waar die watermonster dreig. Dit kan gedoen word na aanleiding van die herinterpretasie wat daar aan die skeppingsverhale gegee moet word (Sundkler 1960:284-286).

Volgens Sundkler is die Ou Testament se wêreldbeeld baie nader aan die van die Afrikamens as die van die Nuwe Testament. Deist sê dat daar ooreenkomste sowel as verskille is tussen die Ou-Testamentiese siening en Afrika-volke is. Wanneer met die Nuwe Testament vergelyk, sal die ooreenstemming egter die duidelikste wees (Ntsuntsha, my gesprek met hom) (Deist, sj:21).

Daar moet nogtans voortgegaan word na die Nuwe Testament en gewys word op die nuwe perspektiewe wat die Nuwe Testament gebring het. So is die Ou-Testamentiese monisme getemper met 'n dualistiese perspektief wat bygekom het. God is nie die outeur van die kwaad nie, alhoewel Hy dit steeds gebruik om sy raadsplan in vervulling. In die Nuwe Testament kom God se liefde sterk na vore as die sterkste krag wat die vrees uitdryf.

---

211 *Ntu*: die universele krag van God in die tradisionele Afrika denke wat ook in die woorde muntu (geeste, mensewesens en sekere bome voorkom) *kintu* is al die kragte wat nie op hulle eie kan werk nie. Hantu is kategorie van tyd en ruimte. *Kuntu* is modaliteit soos haat, liefde ens (Mbiti 1969:11).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Dit beteken nie dat God se mag verdeel is nie, maar juis dat sy oorwinning oor alle regeerders en illusies bevestig word (vgl Ef. 1:21: "Hoog bo all bose magte en enige ander vorm van gesag.") 'n Mens kan maklik in die teologiese opleiding vasval in 'n kwessie oor die bestaan of nie-bestaan van die Bose/bose (dalk ook onder invloed van wetenskaplike en skolastiese denke), maar daar moet meer gemaak word van God se oorwinning oor die bose.

Terselfdertyd kan geleer word by die transformatiewe hantering van die onderwerp in die Pauliniese korpus, dit wil sê vanaf Ou Testament na Nuwe Testament. In die teologiese opleiding sal daar ook op dieselfde wyse, dit wil sê aan die hand van beide die kontinuïteit en diskontinuïteit tussen Ou Testament en Nuwe Testament, gewys kan word na die kontinuïteit en diskontinuïteit tussen die Christelike godsdiens en TAG. Toordery en dinamisties-animistiese vrese is oorwin. Daar hoef nie 'n lang debat gevoer te word oor die vraag of dit bestaan of nie bestaan nie.

Die wetenskap kan baie doen om die wêreld te ontmitologiseer, maar dit kan nie die vrese van die AOK-leiers en gemeentelede laat verdwyn nie. Aan die ander kant sit ons met die gevaar dat ons alleen maar agternapraters in die teologiese opleiding sal word as toordery nie ontmasker word nie. Die rasionele weerlegging van magie is egter nutteloos (Bosch & Jansen 1968: 84). In plaas daarvan om die sogenaamde mite te ontmitologiseer, moet dit eerder verchristologiseer word soos, in die geval van Kol. 1:19 en 2:10. Hier is gnostiese denke gekorrigeer en met Christus vervul. Hier word die *pleroma* (2:10) reeds in verband gebring met die *dogmata* (menslike godsdienstige reëls in 2:8), maar slaan dit ook op die daaropvolgende *stoicheia* (2:18) wat die geesteswêreld van die towenaars van die misteriegodsdienste was (Guthrie 1981:358). Ook hulle is deel van die mag wat oorwin is. Christus is ook letterlik hulle Hoof volgens 2:10 (Hesselgrave & Rommen 1989:63).

Die ander standpunt in teologiese opleiding moet ook vermy word, naamlik om toordery totaal te ontken en te hoop dat dit met voortgaande opvoeding en opleiding tot 'n einde sal kom. Laasgenoemde sal waarskynlik by sekere skolastiese benaderings in swang wees (Hayes 1995: 344). Dit is ook hier waar net 'n suiwer komprehensiewe benadering tred kan hou met geestelike realiteite.

Dus sou die profete nie ver van die waarheid wees as hulle die bose konfronteer nie, omdat hulle die wêreld van die AOK erken en begryp – in teenstelling met die Westerse benadering (onder invloed van Westerse wetenskap) wat neig om dit te ontken en daar bo-oor te gaan. Eerder moet die oorwinning oor die Rahab aangekondig word. "U het die monster Rahab verbrysel, hy is verslaan." (Psalm 89:11) (Dayton & Frayzer 1990:113).

Dus moet daar ook nie gespekuleer word oor die bestaan al dan nie van Satan nie. Die transendering van die monistiese en dualisties kategorieë in die oorwinning van Jesus Christus is eerder van belang. Dit is die ononderhandelbare vereiste waaraan teologiese opleiding sal moet aan voldoen. Kortliks kom dit daarop neer om nie die realiteit te ontken van die *Umthakathi* nie, maar om dit skadeloos te stel deur die oorwinning van die Here Jesus (Hayes 1995:346).

Hoewel alle teologie en teologisering op een of ander manier kontekstueel is, is daar ook die aansprake van die sogenaamde Kontekstuele Teologie wat beide teologie en konteks in terme van Marxistiese ideologiekritiek opneem.[212] Kerkopbou volgens hierdie beskouing geskied van onder af. Bosch (1993:424) stel self die oplossing voor as hy sê dat daar 'n gesonde refleksiewe beweging moet wees tussen konteks en teks. Dit is niks anders as wat ons in die inkarnasieteologie ken as die wisselwerking tussen *kenosis* en *skenosis* nie.

Ten opsigte van die TOE maak Daneel (1989:500) die voorstel dat daar nog meer van 'n *inkarnasiebenadering* gebruik gemaak sal word, sodat daar nader aan die kern van die AOK se

[212] Kontekstuele Teologie is 'n teologie van onder, en impliseer dat daar onder invloed van die sosiale wetenskappe uitermate klem gelê word op die nood in die konteks (Bosch 1993:424).

teologie gekom kan word. Hier is AOK-teoloë se bydraes van belang om tot 'n omvattende interpretasie van Christus as die geneesheer te kom. Daar sal dus wegbeweeg moet word van 'n informatiewe teologie, wat veral onder die kerugmatiese benadering bedryf was, na inkarnasieteologie. Tog is hier ook gevare aan verbonde.

Teologiese opleiding van die leraars van die AOK kan nie anders as om missionêr te wees nie. Dit kan nie ideologies neutraal wees nie. Verder moet dit toegespits wees op die *praxis* met die koninkryk van Christus as enigste sentrum (Theron 1995:50). Die sirkel moet dus nie omgedraai word sodat *theoria* afgeskeep word nie, want sit ons weer met teologie van onder. Daar sal egter gewaak moet word teen 'n kerugmatiese teologie wat kerkopbou net van bo af beoefen (Bosch 1993:425).

## 10.3 KOINONIA

### 10.3.1 Ten opsigte van die metodiek van aanbieding en kommunikasie

Walter Bühlmann (1974:386) stel'n Derde Kerk voor waar die seminaries nie net Westerse skolastiek leer nie, maar die gemeenskaplike ontmoeting (koinonia) tussen die Openbaring en die plaaslike kerk voorop gestel word.[213] Die afstap van 'n universele teologies sintese moet beoog word en pluralisme moet ernstig opgeneem word.

Hieruit vloei 'n totale ander benadering ten opsigte van die kommunikasie in teologiese opleiding voort. Die kommunikasiestyl moet die studente aanspreek en nie vervreem nie. In die geval van die leraars van die AOK sal dit veel moet maak van koinonia.

Verder moet die hele opleiding teologies en missionêr gerig wees. Die missionêre betekenis van sekulêre en teologiese dissiplines moet oopgebreek word (Bühlmann 1974:386). Die benadering tot die AOK in opleiding sal dus 'n multidissiplinêre benadering moet volg. Dit behels beide sekulêr en missionêr. Dit sluit in die gebruikmaking van vakke soos volkekunde, sosiologie, sielkunde, ensovoorts. Die grootste uitdaging is om die reduksionistiese tendens ten opsigte van die evangelie teë te werk in elk van hierdie dissiplines. 'n Mens sou ook moet aandui in watter verband hierdie sekulêre kennis nut het en aangewend kan word. In beginsel moet die model en paradigma wat gevolg word, deursigtig wees, hoewel die kanse skraal is dat die studente op daardie stadium in staat sal wees om werklike insig daarin te hê (Kritzinger 1995:381, 382).

Dit is egter volgens Kelsey (1992:209) nie so maklik om 'n multidissiplinêre benadering te laat realiseer nie, want die neiging is altyd maar om een perspektief en dissipline bo die ander te verhef. Daar moet vir iets van beide beginsels (missionêr en sekulêr, teks en konteks) gekies word en altwee moet geëvalueer word deur die beginsels van die waarheid, geloof en die eenheid van praktyk en teorie (Kelsey 1992:216-217).

Dit beteken nie die einde van Westerse teoloë in die opleiding van die AOK nie, maar eerder meer kreatiewe teologiese denke, groter koinoniale en fasiliterende betrokkenheid by studente en die afstap van paternalisme en Westerse panoplia-benadering (Bühlmann 1974:389, 393). So moet mense geleer word om vis te vang eerder as om vis gegee te word en om self verdere maniere van visvang te ontwikkel (Luzbetak 1989:390). Nie net teologie en teologiese leiers word benodig in teologiese opleidings van die Derde Kerk nie, maar ook 'n inheemse teologie moet geleer en bygeleer word wat weer die ander kontekste verryk en sodoende interkultureel en ekumenies van aard is (Bühlmann 1974:387-393). Dit behels meer die kommunikasie van die

---

213 Koinonia (deelgenootskap; mede-eienaarskap en mededeelsaamheid). Die indikatiewe en die imperatiewe ten opsigte van die koinonia word baie beklemtoon in die Skrif: koinonia ten opsigte van Christus, (Fil 1:5) koinonia in die Gees, (11 Kor. 13:13). Laastens het dit ook die konnotasies van die gemeenskap met gelowiges (Heb. 13:6.); (De Klerk 1986:15). Dit kan ook negatiewe konnotasies hê soos by die Qumran-sekte wat hulleself as 'n koinonia beskryf (Du Randt 1985:58).

teologie as die bestudering van stukkies losstaande Skrif en dogmatiese gedeeltes.[214] Wat in die leefwêreld van die AOK sal werk, is nie noodwendig verhale nie, maar die kommunikasie van die geheelprentjie en die progressiewe openbaring van Ou Testament na Nuwe Testament (Hesselgrave 1991:212).

Nussbaum (1987:182-183) meen dat die dinamisties-mitiese wêreldbeeld en verstaan van die Skrif van die AOK as 'n vertrekpunt aanvaar moet word. Verder word daar in daardie AOK wat sterk onder die invloed van TAG verkeer, min gemaak word van die soenverdienste van Christus en die oproep tot bekering. Dit beteken dat sulke studente nie kronologies en histories dink nie, maar magies, a-histories en mities met die wêreld en die geskiedenis omgaan. Sulke gegewenhede moet in die opleidingskommunikasie ernstig geneem word. Daarom maak dit byvoorbeeld nie sin om ontmitologisering as 'n fokuspunt van die opleiding te hê nie, alhoewel dit so is dat Skrifteologie op die lang duur ontmaskerend werk ten opsigte van valse idees en neuroses. Daar moet meer 'n oorsigtelik beeld van Skrif gekommunikeer word. Die narratiewe en diakroniese metodes blyk dus hier van waarde te wees (Nussbaum 1987:182-183).

Hieruit vloei ook die moontlikheid van 'n eie kerkgeskiedenis, wat aanskakel by die res van die kerkgeskiedenis en die Bybelse geskiedenis en wat op sy beurt help om tot 'n eie identiteitsverstaan te kom.

Dit blyk dan die oplossing te wees vir die beskuldiging wat aan die AOK gerig word dat hulle hulle teologie beoefen met 'n toe Boek. In hierdie sin word koinonia betrek as fundamentele moment by die verstaan, kommunikasie en kontekstualisering in die teologiese opleiding van die AOK.

## 10.3.2 Interdissiplinêre sowel as multidissiplinêre opleiding

Die insigte van die ander wetenskappe kan nuttig in die teologiese opleiding van leraars te pas kom. Dit moet egter in gesonde balans gehou word met die teologie self. Die nie-teologiese vakke verteenwoordig ander perspektiewe, metodes en behoeftes. Hulle verteenwoordig eie wetenskaplike modelle en agendas, wat nie noodwendig inskakel by die van 'n teologiese opleiding nie. Dikwels is verteenwoordigers van dié vakke ook nie bereid om op enige ander terme as hulle eie betrokke te raak nie. Die teologiese opleiding van die AOK kan die kennis van die vakke, veral sosiologie, sielkunde en volkekunde, egter nie verbeur nie (Bühlmann. 1974:255), hoewel daar min opleidings is waar dit behoorlike toepassing vind. Crafford (1985:27) is dit ook eens dat daar nog te min van dié insigte gebruik gemaak word.

Daar kan verskeie redes hiervoor aangebied word. In die piëtisties-kerugmatiese model is byvoorbeeld gevrees dat dit onevangeliese, onteologiese en sekulêre elemente sou binnebring en fragmentasie in die hand sou werk. Verder is daar ook diegene wat vrees dat die gebruikmaking van hulpwetenskappe die integriteit en wetenskaplike aansien van teologie in gedrang bring. Dit betrek ook die vraag wat teologiese opleiding regtig teologies maak? Die problematiek is volgens Kelsey is nie soseer geleë in die akkommodering van hulpwetenskappe nie, maar die onvermoë om die integrale struktuur of raamwerk daar te stel wat die stof moet orden en in 'n enkele kursus moet saamvat (Kelsey 1992:215). Te min word dus gemaak van die interesse van teologiese opleiding as integrasiebeginsel om die kennis aan te wend en te integreer – in diens van die evangelie, koninkryk en kerk, selfs in die teologiese opleiding van die AOK. (Vgl ook die integrasiemodel of multidimensionele ekumeniese genesingsmodel by die profete, 8.4.7 en ook eksemplariese stof, 14.3.4 –14.3.4.4.1).

---

[214] Die vroeë Christendom het die identifisering tussen die Griekse-Hellenistiese *logos* en Christus as beginsel aanvaar. Dit het gelei tot die filosofies-teoretiese refleksie oor geloofsuitsprake wat op sy beurt weer daartoe gelei het dat die lewenskragtigheid en dinamiek van die geloofsdenke grootliks aan bande gelê is. Dit is egter in stryd met die Skrif omdat die Skrif ruimte maak vir 'n pluriformiteit van die uitdrukking van die Godservaring en nie strakke leervormigheid nie. Daarvan is die vier evangelies en die verskeie Christologiese titels 'n bewys van die hoeke waaruit die saak belig word (Wethmar 1981:85).

Daar bestaan 'n redelik algemene idee dat die AOK-leraars nie ontvanklik vir kennis uit die geestes- en natuurwetenskappe is nie. Dit is egter nie regtig die geval nie, aangesien die leiers in die publikasie *AIC's Speaking for Ourselves* (1985) die wens uitspreek om leierskaps- en administrasie-opleiding te ontvang. Die groot beswaar van die leiers is wanneer daar net maar wetenskaplik met die AOK omgegaan word en hulle tot wetenskapsobjek verword. Hulle het dit ook daarteen dat hulle bloot aan die ontvangkant van Westerse teologiese opleiding moet wees, sonder dat hulle uit hoofde van hulle AOK-tradisie 'n sinvolle bydrae daartoe kan lewer. Hieroor voel die AOK kerkleiers baie sterk. Dit word verwoord deur biskop NH Ngada (voorsitter van die African Spiritual Churches Organisation) in sy voorwoord in genoemde boek. Hiervolgens is dit duidelik dat die AOK hulleself sien as kerke wat nie deur Westerse konsepte, dogmas en wetenskapsbenaderinge onder leiding van die kerke van die wet (*molao*) (= Westerse kerke of KMWB) vasgepen wil word nie (Ngada 1985:11).

In hierdie opsig is daar nog baie werk te doen as dit kom by die demistifikasie, die enkodering en dekodering van die kennis van die hulpwetenskappe in 'n Afrika-konteks (Bac 1985: 83). Dit lyk asof kennis nie hier so seer die probleem is nie, maar eerder die manier waarop gekommunikeer word in die konteks van die AOK.

Hier kan gedink word aan die moontlikheid van 'n teologiese opleiding aan volwasse, ongeletterde leraars sonder die verskaffing van een of ander vorm van geletterdheidskursus as oorbrugging vooraf. In die genoemde boek stel die AOK leiers dit trouens as een van hulle vereistes vir teologiese opleiding (Ngada 1985:11). Die Mukhanyo Bybelskool-projek is 'n voorbeeld van 'n instituut wat poog om van opleiding op verskeie vlakke (insluitend aan diegene sonder enige leesvermoë) en vir verskeie behoeftes voorsiening te maak (sowat 4 vlakke) (vergelyk studierooster van Mukhanyo Bybelskool). Volgens Mbiti (1994:31) is daar genoeg ruimte in Afrika vir onderrigmetodes wat op beide skriftelike en mondelingse tradisie teruggaan, aangesien daar 'n sterk tradisie van beide is. Frank Ntsuntsha van die Mukhanyo Bybelskool bevestig hierdie toedrag van sake. (My gesprek met hom).

### 10.3.3 Koinonia en gemeensaamheid

Volgens Crafford (1984:48) het die AOK in die stede met 'n sterk klem op die gemeenskap van en in die Gees geopereer. Dit gaan egter verder as 'n geestelike gemeenskap. Dit gaan ook om koinoniale gemeensaamheid en ondersteuning in aansluiting by die tradisionele *ubuntu*.[215] So poog hulle om as 'n psigologiese uitlaatklep te dien vir die talle sosio-ekonomiese probleme en frustrasies van die stad, soos armoede, werkloosheid, drankmisbruik, kindermishandeling, vigs en misdaad. Hulle skiet gewoonlik egter te kort aan die nodige kennis (mediese gevalle, sielkundig, maatskaplik, sosio-ekonomies, volkekundig ens) – presies die soort inligting en kundigheid wat in die opleiding van die AOK-leiers 'n plek kan vind. Die profete is gewoonlik in die voorste linie as dit kom by die identifikasie en hantering van sulke probleme.

### 10.3.4 Kerkopbou en herstel

Die gevaar van 'n ekklesiologie wat deur stamtradisiepatrone oorheers word en die versplintering wat gewoonlik daarmee gepaard gaan, was altyd die grootste probleem van die AOK. Die afsplintering hoef nie altyd net negatief beskou te word nie, aangesien dit ook 'n verbreiding meegebring het. Dit hou verband met die tradisioneel sosiologiese verskynsel van "afkraling".

Baie van die afsplinterings wat in Afrika suid van die Sahara plaasgevind het, was van die Rooms-Katolieke Kerk en van die Anglikane. DB Barret (1974:74,129) interpreteer dit as korreksies in die gees van die Protestantse vernuwing, aangesien die nuwe kerke wat ontstaan het,

---

215 Die verhouding tussen *koinonia* en *ubuntu* word by herhaling in hierdie proefskrif bespreek, maar daar is nie 'n afdeling wat dit spesifiek aanspreek nie.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



vir hulleself die geleentheid en ruimte geskep het van eie Bybelverstaan en teologisering. Laasgenoemde sou natuurlik ook van AOK gesê kon word wat van Protestantse kerke weggebreek het. Deur weg te breek, word 'n plek gevind waar tuis gevoel word. So is poligamie deur die meeste sendinginstansies veroordeel, maar in die AOK geakkommodeer.

Nietemin sien Barret (1968:211) meer as een faktor en oorsaak raak en belig hy eerder die tydsgees vir afsplitsing. Wanneer daar sekere faktore is wat gelyktydig kulmineer, dan vind skeuring plaas. Andersins bly afsplitsing 'n dormante moontlikheid.

Daneel noem ook die kerkwet as faktor wat skeuring teenwerk. By die profete en leraars van Temba-Winterveld blyk die afwesigheid daarvan baie keer die oorsaak te wees waarom daar skeuring kom, omdat daar nie 'n konstante kerkorde of geloofsbelydenis is waar rondom gesprek gevoer kan word nie. (My gesprekke met hulle). Die meeste van potensiële skeuringe kon besweer word deur kommunikasie aan te wakker en die bewerking van versoening, byvoorbeeld by die Fambidzano Annual General Conference (Daneel 1989:351). Indien kerkgeskiedenis gedoseer word en die oorspronge en groei van die kerk met die marturia-dimensie aangetoon kan word, het die leiers meer insig in die fluktuerende groei en sou hulle ook meer positiewe bydraes kon lewer tot die herstel van die kerke. Hieruit kan afgelei word dat nie alle oorsake vir afsplitsing nie prinsipieel of teologies van aard is nie en daarom baie keer koinoniaal (of kommunikatief) opgelos kan word deur die verbreding van perspektiewe (Daneel 1989:351, Vgl Eksemplariese Stof 14.3.2.2 –14.3.2.4.1 sowel as die terugvoer daarop by Hoofstuk 12).

### 10.3.5 Sistematiese, inheems-teologiese refleksie

C Nyamiti (1994:72-73) is van mening dat die tradisionele kulture sistematies en wetenskaplik bestudeer moet word om die bedekte Christus bloot te lê wat van die begin af geïnkarneer is. Hy moedig teoloë aan om sistematies en teologies te reflekteer oor hulle ontmoeting met alledaagse pastorale gevalle sodat daaruit geleer kan word en tot gepaste Afrika-teologie gekom kan word. Hy stel verder 'n teologie van die gemeenskap voor wat kommunikasie bevorder. Hy wil dit hê dat Afrika-teologie 'n voorsprong hier het bokant die spekulatiewe aard van die klassieke konfessionele teologie van die Weste. Mens kan saam met AG van Aarde (1994:360) stem dat Nyamiti se poging om 'n teologie van bo en van onder in Afrika-konteks te vind, ietwat geforseerd is. Hiertoe wil Nyamiti die analogiese metode inspan om komparatief met Bybelse teologie openbaringselemente (én tekortkominge) in die Afrika teologie bloot te lê. Myns insiens begaan hy dieselfde fout as die skolastiese teoloë deur Christus in (tradisionele) kategorieë vas te vang en in te perk.

Daneel wys op die ontwikkeling van 'n gesistematiseerde teologiese refleksie in die AOK. Hy vind dit veral in die prediking en die ekklesiologie. So word 'n Afrika-teologie gevorm wat eie is aan die AOK. Een van die gevolge daarvan is dat Christus al meer sentraal in die prediking tereg kom. Dit behels ook die sistematiese voorbereiding van die prediking en die meer korrekte Skrifinterpretasie wat baie groot indruk op die ander leiers laat wat nie die kennis opgedoen het nie. Die Skrif word meer sistematies bestudeer en daar word meer na die geheelprentjie gekyk. Daarom is die bestudering van teologie meer as die bestudering van verhale. So word verhoed dat daar tekste uit verband geruk word en die perikoop word meer in sy samehang met die teologie van die spesifieke perikoop, hoofstuk en boek bestudeer (Daneel 1972:366, Nehemia Kursus, Module 1, kursus 3, sj:18-21, Theron 1995:54).

Daneel (1972:501-502) maak melding van die behoefte na die sistematisering van 'n Afrikateologie, maar ook die verdere uitbouing van 'n Afrika ekumeniese teologie. Dit kan by wyse van seminare bevorder word waartydens die betrokkenes aangemoedig kan word om hulle eie sieninge rondom die Heilige Gees, eskatologie, Christologie en versoening op die tafel te sit.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Om te verhoed dat denkskemas van suiwer kerugmatiese teologie van die Weste aan die een kant en koinoniale teologie[216] van Afrika aan die ander kant afgeforseer word op die AOK, sal daar spesifiek van 'n hermeneutiek van dialoog gebruik gemaak moet word. (Vgl ook p.190 par.8.4.7 p 192, profete).

## 10.3.6 Metodiek van dialoog

### *10.3.6.1 Dialoog teenoor monoloog*

Dialoog word veral sterk beklemtoon in reaksie teenoor die monologiese en kerugmatiese benadering. Kraft (1979:394) praat van Skrifontleding teen die agtergrond van 'n gesprek.

Dit moet selfs verder uitgewerk word. Daar moet 'n dialoog wees tussen die verskillende teologiese vakke en die sosiale, sielkundige en natuurkundige wetenskappe (Mazibuko 1987:314). Die gemeenskap van gelowiges behoort 'n groter sê in die vasstelling van die gespreksagenda, teologiese vrae en die refleksie hierop te kry. Daarom is die klem nie net op akademie nie, maar op dissipelskap en praxis wat mekaar wedersyds impliseer en wat wegbeweeg van 'n abstraksie en dualistiese funksionering (Mazibuko 1987:316-317). Dus moet 'n Bybelse dissipelskapmodel 'n dimensie-verdieping verleen aan die kerugmatiese idioom en styl van teologiese opleiding. Nie alle dialogiese modelle wat voorsiening maak vir pluraliteit van metodiek, is gewens nie en hulle kan nie sonder meer aanvaar word nie. So oordeel BA Mazibuku (1987:333) dat daar tye is wanneer die radikale model beter werk as die transformasiemodel. Dit is veral waar vir gevalle waar die mag ongekwalifiseerd by 'n ander gemeenskap berus en gereg in eie hande geneem moet word. In sodanige modelle is daar weinig sprake van die getuieniskragwerking van die Heilige Gees. Spanning word geskep deurdat modelle teenoor mekaar gestel word. Die dialektiese spanning tussen die Skrif en die konteks word losgelaat.

Eerder moet daar op die fasilitering van die dialogiese vaardighede gefokus word en aan verstaan, respek en sensitiwiteit aandag gegee word (Elmer 1995:195).

Dit sal meer moet behels as bloot dialoog tussen die praktyk en die teorie. Yau-Man Siew (1995:65) praat van die draai van 'n boemerang as die interaksie tussen die kognitiewe en die veld-ervaring. Die gooi in 'n rigting, word op die ou end ook bepaal deur windkondisies (konteks). Volgens Yau Man-Siew is die klem minder op die beheersing van die inhoudelike en meer op pedagogiese bedrewenhede. Die lektor raak meer 'n fasiliteerder. Die klem val al hoe meer op die Heilige Gees om die onderrig te doen en die lektor se werk is toerusting (*katartismas*), "to prepare for use" (1 Kor 11:7-12). (Ook Ferris 1995:106).

Frank Ntsuntsha voel ook dat daar meer klem gelê moet word op die metodiek van die dialoog en dat dit die enigste manier is hoe daar werklike transformasie by die AOK-student plaasvind. Die Westerse metode van die blote deponering en teruggee van kennis werk nie transformerend nie, omdat die student jou laat hoor wat jy wil hoor en nie sal verskil nie. (My gesprek met F Ntsuntsha van Mukhanyo Bybelskool).

Hier sal die dosent geskool moet word om nie van die student net 'n memorisering van feite te verwag nie, maar eerder die ontwikkeling van 'n kritiese bewustheid van sy konteks en 'n probleemoplossende ingesteldheid (Elmer 1984:232). Dit impliseer dat die student nie soos 'n objek gehanteer moet word nie, maar met die nodige respek en dat daar ruimte vir sy kreatiwiteit gelaat moet word (Elmer 1985:232). Die student word 'n medereisiger op die teologiese

---

216 'n Koinoniale teologie wil Christus in Afrika-konteks tot "ons oudste broer maak" uit oorweging van die intiem-persoonlike Afrika-familie. Hierteenoor probeer 'n kerugmatiese teologie Christus met abstrakte wysgerige begrippe en kategorieë kommunikeer. Volgens Van Aarde (1994:359) sal die begrippe alleen moeilik grond vat in Afrika-konteks. Die siening dat Christus alle grense deurbreek het, naamlik dié van familie, stam en taal, ook na dié buite die groep, blyk nader aan die waarheid te wees en kan ook nuttig wees met die oog op 'n Christusbegronding van ekumeniese betrokkenheid.

ontdekkingsreis. (Hierdie kreatiwiteit word beklemtoon deur D Elmer in sy artikel: "Dialogue, Fix it Pills and Development" (1996:192))

Om toegang te kry tot dialoog is verskeie tipes vrae noodsaaklik:

- Oop vrae om tot verbreiding te lei,




*Figuur 3: Dialogiese refleksie*

- Geslote vrae om die klarifikasie te verkry,
- Provokatiewe vrae om reaksie en interaksie te ontlok, sowel as
- Presiese vrae om nadere informasie te bekom (Elmer 1996:192).

### 10.3.6.2 Vraag- en uitkomsgebaseerde dialoog

Die assessor kan van verskillende taakwoorde en porwoorde gebruik maak in die verskillende fases:

- Fasie een: Taakwoorde soos "beskryf," "verduidelik," ensovoorts stimuleer kritiese kruisvelduitkomste met die oog op probleemformulering en probleemoplossing.
- Fase twee: "Bespreek" (in groep) stimuleer spanwerk. "Onderskei," "klassifiseer," "rangskik" ensovoorts kan weer evaluering en navorsing in fase twee stimuleer.
- Fase drie: "Implementeer", "pas toe" ensovoorts vind toepassing in hierdie fase.

Die fases moet kulminatief aangewend word en nie akkumulatief nie (CLT 2000:37-38).[217]

Na aanleiding hiervan is dit logies dat die prestasie-assesseringsrekord die volgende assesseringsmetodes sal implementeer:

---

[217] Kulminatief en akkumulatief: Eersgenoemde will graag 'n korreksie wees op laasgenoemde wat die ou model van onderwys verteenwoordig het en wat meer op toevoeging en deponering van teoretiese kennis afgestem is. "Kulminatief" will die opbou en integrasie van die prestasieboustene beklemtoon om by die uitkomste (of kwalifikasie) uit te kom. Dit het ook meer die geheelprentjie in ag.

Fase 1: *Teorie-praktyk*. Geskrewe toetse moet die interaksie van teorie en praktyk stimuleer, terwyl mondelinge toetse die studente help om te formuleer en die dosent meer formatief kan inwerk.

Fase 2: *Begrip* word getoets deur geskrewe toetse, waar-en-vals, veelvuldige keusevrae, verslaglewering, verduideliking, gesprekke en onderhoude.

Fase 3: *Toepassing*. Integrasie van kennis en ervaring vind plaas. Gebruik van afmerklyste meet prestasie aan die hand van taak- en instruksievrae. Veelvuldige vrae kan ook toepassingskennis toets en vas of daar 'n gees van onderskeid is. Simulasie en rolspelle meet ook hierdie aspek van toepassing veral goed.

Fase 4: *Evaluering*. Probleemoplossende denke en vermoë word gemeet en gestimuleer deur opstelle, verslae en portfolios. (Van der Horst en Mc Donald 1997:176).

Hier is veral verslaggewing as terugvoer (en as 'n vorm van selfassessering) ook van die beste metodes om transformasie te meet. Ander vorme soos die van opstelle, multi-keuse en teoretiese vrae is egter net so belangrik.

Wanneer studente die geleentheid gebied word om hulle ervaring oor te vertel en dit met respek en begrip en die nodige geduld benader word, kan daar tot groei en ontwikkeling gekom word.[218] Elmer het in 1984 het alreeds baie verder gegaan met die vraag na die spesifieke aktiwiteit wat 'n dosent behoort te onderneem om die teorie wat in die klas geleer is, toe te pas. Die laaste vraag in die klas moet iets wees soos: "Ons sal terugvoer kry by die volgende klas oor hoe dit in die praktyk toegepas is en hoe goed julle dit gedoen het." Die klem lê op probleemoplossing. Dit is met die terugvoer waar hy sy refleksiesirkel ontwerp het (Elmer 1984:241; sien ook fig 4).

### 10.3.6.3 'n Multidimensionele, ekumeniese dialoog as verdiepende dialoog

Kraft (1979:78) onderskei drie tipes verwysingspunte van probleemoplossing, naamlik

- 'n inkulturele,
- ander-kulturele of
- 'n supra-kulturele verwysingspunt.

JD Gort (1998:49) praat weer van etnosentriese, wêreldsentriese en ekklesia-sentriese oplossings. Volgens al hierdie benaderings word God nie in die ekumeniese dialoog ingebring nie, maar Hy is die Outeur van die Missio Dei. Tog wil mens van Gort se werkswyse verskil: As dialoog in die Trinitariese sin 'n dimensieverdieping kan ondergaan, sal die klem meer moet begin val op die kenosis en die skenosis wat in die marturia en diakonia moet uitmond. Hier kry koinonia as dialogies gebeure 'n dimensieverdieping van marturia en diakonia. Hiervan is nie sprake by Gort nie en verval die gesprek weer in 'n piëtistiese saampraat en oorredingskrag sonder aksie.

In die praktyk sal dit behels dat teologiese opleiding altyd kulturele dekonstruksie ten opsigte van die Skrif (of teorie) moet toepas en konstruksie om by die AOK se kulturele konteks aan te

---

[218] Hier kan daar ook met groot waarde by die sogenaamde Johari-Venster aangesluit word, asook die groei-terugvoer-model in die kommunikasie- en sielkunde. Die insigte van die Johari-venster kom daarop neer dat die mens in die kommunikasie en die kennisweergawe oor mekaar vier katgoriee van selfbewussyn openbaar naamlik: 1. Aspekte wat aan die self en ander bekend is. 2. Aspekte wat nie aan die self bekend is nie, maar wel aan ander. 3. Aspekte wat aan die self bekend is, maar nie aan ander nie. 4. Aspekte wat nie aan die self bekend is nie, maar ook nie tot ander nie. In assessering kom dit daarop neer dat daar meer van toepassing van kennis en assessering gemaak kan word soos wat vertrouens- en vakkennis oor die geval en siekte alternatiewelik vermeerder (Hedlund 1984:110). Ook moet die verhoudings aangemoedig word om te verdiep. Dus is daar 'n beweging van die een na die ander fase, asook 'n heen- en terugbeweging. So stem dit weer ooreen met die groei-terugvoermodel (Dreyer 1986: 115,195). Dus kan dit in navorsing gebruik word om profete te leer ken en te tipeer, maar in terapeutiese werk kan dit ook met vrug benut word.

pas. Maar ook die omgekeerde is van toepassing waar die student ingelyks kenosis en skenosis moet toepas.

Nooit sou teologiese opleiding kon opgaan in die kulturele of die ekumeniese nie. Dit beteken dat die sirkel van teologiese opleiding die ekumene of kultuur nie totaal insluk of uitspoeg nie, of totaal in stryd daarmee staan nie. Die modelle wat net etnosentries, charismaties of kerugmaties-ortodoks is, sal verruim, verdiep, vernuwe en aangevul word deur ekumeniese dialoog.

Dus kies ons eerder vir 'n suprakulturele verwysingspunt, te wete die Heilige Gees se werking om evangeliese ontwikkeling en transformasie te bring in dialogiese kommunikasie. Ofskoon daar nie 'n suprakulturele evangelie bestaan nie, het elke kerk of kerklike/teologiese tradisie 'n idee of 'n kompleks van idees omtrent die essensiële evangelie wat die eie kulturele bagasie probeer transendeer.[219] Dit dien as basiese norm en riglyn (Bosch 1993: 422, Kraft 1979: 36). Die deurslaggewende toets gaan wees om vas te stel in watter mate die teologiese opleiding die volle spektrum van kerkwees dien en help realiseer. Dialogiese refleksie moet koinoniaal vergestalt word, maar moet ook verder gaan tot eenwordende getuienis in die diakonale en die kerugmatiese (Cronje 1983:34).

### 10.3.7 Leierskap multidimensioneel beskou

Aangesien leierskap so 'n belangrike rol speel in die ampstruktuur van die AOK en dit, vanweë die charismatiese aard daarvan (by die Geeskerke meer as by die Etiopiese kerke), vatbaar is vir misbruik, word heelwat aandag deur die verskillende teologiese opleidings aan hierdie onderwerp gegee. Kerklike leierskap geniet byvoorbeeld heelwat aandag in die opleidingsprogramme van die Timotheus-Opleidingsinstituut. Aan aspekte soos goeie rentmeesterskap en kerktoesig, sowel as lering met diens, word goeie aandag gegee (TOI, Prospectus sj:6).

Ook die sterk hiërargiese patroon sal in teologiese opleiding aangespreek moet word. In hierdie opsig waarsku Ted Ward (1984:22-26) teen 'n manipulerende aristokrasie of meritokrasie wat op 'n trotse, selfdienende kulte dui wat net vir eie voorregte beding. Volgens Ward kan dit alles na die passiwiteit van die leke teruggevoer word. Die Nehemia-Instituut probeer in dié opsig met sy kurrikulum en opleiding finansiële wanbesteding, jaloersheid, struweling en valse leringe teenwerk. Hulle vra dan ook die vraag: in watter mate daar na ander geeste as die Heilige Gees geluister word as dit kom by hierdie sake (NI, Mod 1, kursus 2, Les 10, sj:42).

Die gevaar bestaan dat onvanpaste leierskapspatrone by die AOK deur ondeurdagte kurrikulering of ekumenisme ingedra kan word (Ward 1984:22-26). Daar behoort voorbeelde van dienende leierskap by die AOK gesoek te word waarop gemodelleer kan word. Aan die ander kant moet die AOK se leierskap nie kritiek gespaar word nie. Kritiese vrae moet gevra word, soos: In watter mate word die AOK se lidmate deur kerkleierskap gedomineer of selfs geïntimideer? Wat is die Bybelse karaktertrekke van leierskap en hoe kan dit gekontekstualiseer word? (Foulkes 1985:62). NI knoop die saak van leierskap aan Bybelse eise en vergelyk dit met 1 Tim 3:1-12. Die delegering van verantwoordelikhede, volgens Exodus 18:13-26, word direk uit die Skrif begrond en met Bybelstudie en preekstof toegelig (Nehemia Instituut, Mod 1, kursus 2, Les 10, sj:35).

Foulkes (1985:62) gooi die leierskapsopleiding oor die boeg van die volgende vraag: Hoe beïnvloed die geskiedenis van jou kerk die siening rondom leierskap in jou konteks? Sosiologiese insigte kan ook goed te pas kom as dit met die Skrif in verband gebring word. So byvoorbeeld

---

[219] 'n Suprakulturele verwysingspunt word wel gekies. Daarmee word nie geïmpliseer dat teologiese opleiding nie ook geïnterpreteerde waarhede het wat nie kultureel en histories verbonde is nie. Sonder so iets is daar egter die gevaar van 'n konfessionele relativisme en die gevaar van oneindig baie teologieë, waarvan baie onskriftuurlik. 'n Suprakulturele referensiepunt is een waar die evangelie maksimaal gestroop is van kulturele subjektiwiteit en vooropgesteldheid (Bosch 1993:422,426).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



maak RT Habermas (1996:202-204) melding van 'n paar kenmerke van ware Skrifgetroue leierskap:

1) Goeie leiers betrek altyd ander (volgens Markus 8:7-8) by geroetineerde toerusting (Luk. 20:23)
2) Goeie leiers "is resourceful, not wasteful."
3) Goeie leiers is nie altyd die middelpunt van belangstelling nie. Die voorbeelde van Elia, Elisa, Moses, Nehemia en Jesus self by die verandering van die water na wyn, illustreer baie skerpsinnig die rolmodelle in die voorbereiding van leiers vir die bediening in die AOK: "One mark of a great mentor is to allow the proteges to develop beyond the mentor's own limitations." (Habermas 1996:202-204).

In hierdie opsig stel M Gonlag (1996:209-211) 'n mentormodel van opleiding voor waar 'n pastor as rolmodel vir die student(e) gekies word. Die mentor tree dan ook op as berader. Dit is iets wat in die AOK-opleiding geëksploreer kan word, aangesien modellering aan die orde is. Effektiewe leierskapsopleiding moet volgens Issler (1996:207-209) verder uitgebou word met die oog op uitnemende ("excellent") leierskap . Hy onderskei drie sfere, naamlik koinonia, diakonia en ontologia. As daar in opleiding koinonia met God is, dan is daar noodwendig koinonia met die medegelowiges. Dit lei weer tot ontologiese karaktergroei wat uitmond in 'n daadbediening (diakonia).

In die ontologiese karakterbou beklemtoon Issler die ekstra-kurrikulêre, affektiewe dimensie van die leermeester wat iets ekstra vir sy leerling doen. Ten opsigte van die relasionele moet die sukses van 'n onderwyser met sy student oor 'n langer tyd gemeet word eerder as die korttermyn. (Ook so na aanleiding van die dissipels se stadige leervermoë, maar wat tog groot hoogtes bereik het). Lewenslange studie word ook aangemoedig. Laastens gaan dit ook om die student se verhouding met God. Dit sal in drie sfere weerspieël en gemeet moet word (Issler 1996:217).

Daar is duidelik drie predisposisies (na aanleiding van die drie sfere van ontologie, teorie en praktyk) wat die opleiding van leiers in die AOK-konteks bepalend kan beïnvloed.

1) Die van die teoretiese of ontologiese meting alleen sonder die inagneming van die karaktergroei soos wat dit in verhouding met die diakonia en die koinonia tot uitdrukking moet kom. Daar word ook gewys op die disposisies van androgogiese etnosentrisme in die oorbeklemtoning van die negatiewe kant van die koinoniale (Issler 1996:273-273)
2) Ook word gewys op die gevaar van monokulturele leermetodes wat net op die emosionele fokus en nie op die praktiese of die intellektuele nie.
3) Ook dreig die gevaar van die pragmatisme by die verheffing van die diakonale (of "service evangelism") (Elmer 1985:262;272-273). Waar sekere modelle dan die intellektuele oorbeklemtoon, is daar die kommunale en die dissipelskap-model wat (soos by die Church Growth skool) die praktiese oorbeklemtoon (Kornfield 1984:217).

Daneel (1989:347) wys vir ons hoe leiersopleiding in die praktyk daartoe gelei het dat leiers meer insig in hulle verlede verkry het. Dit behels aspekte soos dat hulle deel van 'n groot familie van kerke is en dat hulle die vernietigende gevolge van struwelende leierskap ingesien het (self die gevolg van karakterlose en dislojale leiers). Dit het verder daartoe gelei dat afsplitsings verminder het.

Hulle is aangemoedig om koinonia te behou deur die kommunikasie nie af te breek nie, maar deur dialoog die ander van hulle skeuringsplanne te laat afsien. Die dienende en versoenende karakter van die kerk en kerklike leierskap is ingesien en waardeer.

### 10.3.8 Sosiale en politieke betrokkenheid

Ons weet dat die Geeskerke as deel van die AOK grootliks as a-polities bekend staan. Dit is tegelykertyd hulle swak- en sterkpunt. Daar is teoloë wat meen dat die AOK hulle sosio-poli-

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



tieke verantwoordelikhede sal begin insien as hulle by gemeenskapsontwikkelingsprojekte betrokke kan raak. Daar was verder met die nuwe politieke bedeling in sommige kringe die hoop dat die stemkrag van die AOK vir die African Christian Democratic Party gewen sou kon word, maar dit het ook intussen 'n ydele droom geblyk te wees.

Die Etiopiese kerke vertoon uit hulle ontstaansgeskiedenis 'n ander kleur (Crafford 1992: 65). Die stigting van die Thembu National Church deur N Tile blyk nie net 'n teenreaksie teenoor sendelinge se paternalisme te wees nie, maar ook 'n reaksie teenoor die Kaapse regering se beleid in die 1880's. Die inheemse teologie wat hieruit voortgespruit het, het sy eie gang en momentum ontwikkel. Hierdie tendens is oor die algemeen as positief geëvalueer.

Inheemse Afrika-teologie moet onderskei word van die Swart Teologie wat uit die bemoeienis van die University Christian Movement (1971) ontwikkel het, met eksponente soos Alan Boesak, Manas Buthelezi en ander. Hulle sien Swart Teologie as 'n vorm van bevrydingsteologie en kenteken dit as praxis georiënteerd. Vir teologiese opleiding word as doelstelling gesien dat die verdruktes gemobiliseer en op alle vlakke bemagtig word (Mazibuko 1987:239,342).

Alhoewel die Etiopiese beweging ten opsigte van die politieke betrokkenheid sy hoogtepunt in die eerste dekades van die huidige eeu gehad het, het hierdie toestand ingrypend verander en staan die meeste 'n vreedsame evolusionêre oplossing voor. Die gevaar is egter by beide Etiopiese kerkgroep en die Sioniste dat daar 'n ongesonde wêreldontvlugting in 'n genesingsgemeenskap kan wees (Crafford 1985:50). Hier word die geestelike en emosionele dimensie oorbeklemtoon ten koste van sosiale en politieke betrokkenheid.

By Samuel Milingo sien Schoffeleers (1989:117) die genesingsbediening as die grootste oorsaak van sy passiwiteit ten opsigte van die sosiale betrokkenheid. Daar word ook gewys op die ambivalente houding van die Sioniste in die tyd van die vorige blanke bewind. Hulle het die apartheidstelsel nie goedgepraat of teengegaan nie.

Crafford (1979:50) meen dat die AOK op die lang duur nie anders sal kan as om sosiaal betrokke te raak by die nood van die hulle naaste nie en dat hulle ook sal besef dat ongeloof en armoede en lyding ook in strukture sy vergestalting vind.

Tereg waarsku Potgieter teen die pendulum wat in die modelle van swart ervaring, swart bewussyn, die sosialisme en die Swart Teologie te ver kan oorswaai wanneer die sosiale strukture te veel beklemtoon word (Potgieter 1988:58). Op die ou end kom dit neer op 'n revolusionêre model wat oorgaan in 'n bekering van die strukture wat revolusie as vrug het.

Heyns waarsku op dieselfde trant teen revolusionêre Skrifhermeneuse wat Gal 3 in die moderne idioom vertaal: In Christus is daar geen swartman of witman, geen Kommunis of anti-Kommunis. Maar hy waarsku ook teen die omgekeerde dat volkskerke, rassekerke en klaskerke vals en ketters is (Heyns 1975:51,80).

Goppelt is van mening dat die gelowige hom moet inpas in die sosio-kulturele bestel van sy samelewing en die spel ooreenkomstig die samelewing se reëls speel. Daar word dus groot vryheid gelaat vir die agtergrond en kulturele bril waarmee na die evangelie gekyk en gekontekstualiseer word. Die evangeliese vryheid behoort die gelowige bewaar van die uiterstes van 'n rigiede of utopiese orde. Die bestaande orde sou eerder getransformeer word (Goppelt 1981(2): 170). Dit sou 'n plooibaarheid meebring wat 'n ryke verskeidenheid van vorme die lig kan laat sien.

Tog is dit interessant dat Paulus nie die spanning hier wil ophef deur klinkklare antwoorde te gee as dit kom by die optrede van die gelowige nie. Lohse (1971:163) maak die gevolgtrekking dat Paulus geen program of bloudruk opstel vir 'n nuwe sosiale orde nie, maar dat die transformerende mag van die liefde mense se verhoudings sal bepaal en beïnvloed.

Die gevaar is dat daar by die AOK by die werklike fisiese nood van die gemeenskap verbygekyk kan word in die hoop dat 'n utopie sal neerdaal. Die Christologie word te min beklemtoon en die eskatologie word uit balans getrek. Die uitdaging van teologiese opleiding lê in die reg-

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



trek van die balans van die kerugma (Christologie) en die koinonia (Pneumatologie)[220] in die eskatologie.[221] Daneel (1989:329-330) maak melding van hoe die Heilige Gees in die teologiese opleiding eers te veel klem ontvang het, maar later minder klem ontvang het in so mate dat dit 'n totale ommeswaai in die profetiese bediening te weeg gebring het. Hy het wys ook daarop dat die toedrag van 'n gekaapte toekoms en 'n verwronge eskatologie (in materialistiese en gesekulariseerde sin) nie heeltemal op die Shona Sioniste van toepassing is nie. Dit word weerspieël in die volgende aanhaling van die eerwaarde Ezekiah van die ZCC: "For we have we no lasting city, but we seek the city that was to come" (Daneel 1987:268). Teologiese opleiding het hier duidelik 'n verskil gemaak.

Dit behels onder andere die balans tussen die twee aspekte: Dié van die diakonale en die kerugma aan die een kant en die ekumene as instrument van die koinoniale betrokkenheid (in wyere verband) aan die ander kant.

Aan die een kant moet die AOK-leiers dus in teologiese opleiding bewus gemaak word van hulle ekumeniese verwantskap en bondgenootskap om sosiale euwels te beveg en aan die ander kant moet gewys word op gevaar van skeeftrekking van die dimensies van die kerugma, diakonia sowel as koinonia.

Veral is dit die skeeftrekking van die Pneumatologie in die koinonia waar die gevaar dreig dat die kerkleier die "Heilige Gees " somtyds "monopoliseer" en dit dan amper dinamisties-magies aan sy volgelinge uitdeel. Hierdie verskynsel vind sy grond in die oorbeklemtoning van die teologie van die heerlikheid (*gloriae*) ten koste van die teologie van die kruis (*crucis*) (Daneel 1987:260).

---

220 In sekere gevalle kry die koinoniale baie klem, soos byvoorbeeld by 'n begrafnis en die ondersteuning van die agtergeblewene. Ubuntu as medemenslikheid het terapeutiese waarde as dit uitdrukking vind in die kommunale ondersteuning van die agtergeblewenes – nie alleen materieel nie, maar ook in die vorm van emosionele ondersteuning by wyse van gesamentlike rou, katarsis op velerlei wyse. Die kommunale dwang om deel te hê aan die slag van diere en die tevrede stel van die voorouers sou egter deur die profete veroordeel moet word. Ook sou studente by die Abazalwana aansluit, omdat hulle nie sukses met hulle studies behaal nie. Dit vorm 'n positiewe ondersteuningsgroep. Andersyds sal hulle onnodig lang skorsings toepas op die studente wat die reëls oortree. Te veel klem word dan geplaas op die kerugmatiese straf en te min klem op die genadeverkondiging en koinoniale ondersteuning. Dit dateer veral uit die invloed van die Metodistiese klem op die bekering alleen en piëtistiese lewenswandel (De Clercq 1988:2-6).

221 Die koninkryksopdrag kan in drie of meer sinkroniese dimensies vergestalt word in die wêreld. Hulle is kerugma, diakonia, en koinonia. In die Protestantse kringe is daar 'n neiging om die kerugmatiese te oorbeklemtoon. By die Willingen-konferensie (1958) is die drie dimensies saam beklemtoon. In baie gevalle word die leitourgia en ander dimensies bygebring. Marturia is net 'n verdieping van die kerugmatiese.

Die koinoniale sinspeel op die heiligmaking en die verdiepende kommunikasie met God en die naaste. Nog baie ander dimensies kon bygevoeg word, soos gesuggereer deur woorde soos *propempo* (materiële en gebedsondersteuning), dialogiese *kerugma, doksa,* (heerlikheid) *katoikei* (geregtigheid en profetiese stem laat hoor), en soms 'n vierde dimensie, "sendingstrategie" genoem, wat insluit die regte beplanning en metodiek op die regte tyd (Du Preez 1985:1-15).

Bosch onderskei nog 'n diakroniese dimensie van "eskatologie' wat 'n diepte en balans aan al die dimensie gee. So het daadverkondiging 'n "hierdie-kant-betekenis" wat dui op die onvolledigheid en dan ook 'n "daardie-kant-betekenis" wat dui op die volkome en pynlose ten opsigte van die politieke programme, ekonomiese oplossing ens. Dit impliseer dat teologiese opleiding nie al die antwoorde moet gee nie, maar eerder begrens moet optree. Dit beteken egter ook weer dat teologiese opleiding die eskatologiese troos en oorwinning oor die gebroke strukture sal proklameer. Dit moet egter gedoen word sonder die oorbeklemtoning van óf die gerealiseerde eskatologie aan die een kant óf onewewigtige eskatologiese eindemansipasie aan die einde van die tyd. Die swak ekonomie, droogte, gesondheidsprobleme, verstedeliking ens moet nie gesien word as blote tekens van die eindtyd wat die AOK-leraars en -profete tot onbetrokkenheid pasifeer nie, maar eerder as die teken van die eindtyd wat 'n multidimensionele imperatief van 'n verdiepende betrokkenheid deur marturein, propempo ens behels (Bosch 1968:29-30; Smit 1981:95-79, Du Preez 1985:1-7).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



## 10.4 DIAKONIA[222]

Diakonia het te doen met die opdrag tot liefdesdiens deur Woord en daad (vergelyk byvoorbeeld die diakonale uitsprake, onder andere Matt 25:35-46, Luk 10:25-42). Diakonia moet nooit in isolasie gesien word nie, maar skakel met al die wesenlike dimensies van evangelie, geloof en kerkwees.

Diakonia kan selfs met die Pneumatologie geskakel word. In die geval van die Geeskerke kan 'n appèl gemaak word op die Heilige Gees wat 'n sensitiewe Gees is vir die nood van ander en wat so bevrydend werk om hulle eie lewensomstandighede holisties te verbeter (Vgl Crafford 1984:58). Uiteraard kan dit ook in die teologiese opleiding uitdrukking vind.

Fambidzano is 'n mooi voorbeeld van die ontwikkeling na 'n multidimensionele onderrig in TOE waar die diakonale dimensie behoorlike aandag kry. So is daar nie stil gestaan net by akademies teologiese opleiding nie, maar word ook opvoedkundige projekte soos tegniese vaardighede en dienste, landbou en gesondheidsdienste daarby ingesluit (al is dit nog net op die aanvanklike motiveringsvlak) (Daneel 1989:268, Becken 1978:239).

Die Fambidzano Developmental Department was so 'n poging om bouprogramme aan te pak en lokale mense op plaaslike vlak opgelei het (Daneel 1989:433). Dit is gedoen op ekumeniese vlak saam met die organisasie Nation Building en is oor vyf jaar benader wat onder andere informele opvoedingsentrums en hospitale behels. Die groot verskil tussen hierdie en die sendinginstansies, was dat hierdie projekte meer ekumenies aangepak is en dat dit die herstel na die oorlog in Zimbabwe ook in die oog gehad het (Daneel 1989:433).

Volgens JJ Kritzinger (1982:15) moet die problematiek van werkloosheid, hoë geboortesyfers en swak werksomstandighede juis deur die diakonale missie in ekumeniese verband gehanteer word.

Fambidzano verskil egter ook in die opsig dat sy gesondheidsprojekte en ekologiese metodes alles gekontekstualiseer is en die Woord as middelpunt het. In hierdie opsig praat Daneel van 'n teologie van ontwikkeling. (Kritzinger (1982:18) praat ook van 'n teologie van arbeid in die Suid-Afrikaanse mynboukonteks). Dit het in die Zimbabwiese konteks meer behels as net ontwikkeling, naamlik ook die herstel van die ekologiese konteks wat baie verniel is (Daneel 1989: 449).

Die gevaar met hierdie soort benadering is dat die teologiese opleiding self afgeskeep kan word en bloot 'n naprater van gemeenskapsontwikkelingsprogramme kan word. Dat die ongebalanseerdheid ook nog gesorg het vir groot konflik, sien mens by Fambidzano (Daneel 1989: 269). Ook dreig die gevaar dat diakonale dienste in die vorm van hospitale maar weer net tegniese hulpmiddele of hulpdienste raak wat 'n gesekulariseerde karakter het en in terme van die doel wat die middele heilig, ingespan word. Hier sal mens nie anders kan as om die verskil uit te spel deur reeds die diens en dienende karakter in teologiese opleiding ook te beklemtoon en nie die heersende en dwingende karakter wat by die magie en die net suiwer kerugmatiese benadering of selfs 'n komprehensiewe benadering die gevaar is nie (Bosch & Mostert 1968: 84).

In die geval van Fambidzano was die ideaal om gemeenskapsprojekte te begin wat fondse kon genereer om die TOE te help borg, eerder as dat die twee teenoor mekaar gestel word. Daneel laat blyk egter dat hy van die probleme en gevare bewus was met die implikasie dat hy ook aan korrektiewe gedink het (Daneel 1972:275).

Dit is die grootste gevaar wat by die ekumene van die WRK na vore gekom het, is dat die diakonale verabsoluteer kan word en dat dit op sigself 'n utopie daar wil stel. So dreig die gevaar na Nieu-Delhi (1961) om die sosiale taak van die kerk in teologiese opleiding te verabsoluteer sonder dat dit duidelik begrens is. So word die verhouding kerk, wêreld en koninkryk versteur.

---

222 Die onderwerp van diakonia is vroeër reeds by die opleiding van die profete aangeraak en kortliks bespreek. Selfs in die geval van die pastoraat kom dit ter sprake. Heitink (1984:352) sien hulpverlening in die pastoraat as 'n onderdeel van diakonia.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die sosiale verantwoordelikheid is al hoe meer gesien as deel van die taak om mense in nood se kant te neem, selfs met die ondersteuning van geweld as deel van die oplossing. Die Woord (kerugma) word onderbeklemtoon en die evangelie afgewater (Crafford 1978:17,48).

'n Meer gebalanseerde kerugmaties-diakonale benadering vind ons by die Lausannebeweging wat die inkarnasionele en die proklamatiewe gepaar het in die beklemtoning van die aspek van dissipelskap wat 'n lewenstransformasie behels. Hieruit volg slagspreuke soos: "Although reconciliation with man is not reconciliation with God, nor is social action evangelism, nor is political liberation salvation. Nevertheless we affirm that that Evangelism and socio-political involvement are both part of our Christian duty." En ook "Faith without works is dead."(Wang 1987:6).

Die uitdaging bly dus nog in teologiese opleiding om die kerkleiers van die AOK toe te rus om die gevaar in te sien van 'n kerk wat net 'n sosiologiese grootheid op sigself word wat 'n sielkundige uitlaatklep is, of (soos in die geval van die Etiopiese kerke) die oplossing moet gee vir alle politieke vraagstukke. So sal die eskatologie losgelaat word (Bosch 1968:29).

Die oplossing vir die toekoms lê gewis in die gebalanseerde ontwikkeling van die drie aspekte van kognitiewe, psigo-spirituele en die affektiewe (verhoudings). By die Westerse opleidingsinstellings was die kognitiewe gewoonlik vanweë 'n gerasionaliseerde Christologie oorbeklemtoon. In die geval van die AOK is dit weer die gevoelsmatige Pneumatologie wat oorbeklemtoon word (Conn 1973:96-97). Die gevaar is om in reaksie die affektiewe in die teologiese opleiding van die AOK te verwaarloos deur die onderbeklemtoning van die Heilige Gees (Elliston 1996:133, Daneel 1987:272).

Die klem sal ook minder op die kognitiewe en intellektuele dimensies in die opleiding moet val. Die klem sal verskuif na die verskaffing van 'n raamwerk en metodologie om tot kennis te kom, eerder as die memorisering van inhoude, asook die toepaslikheid en toepassing van kennis. Die wagwoord is weer hier ook kontekstualisering. Dit sal van konteks tot konteks verskil (Thompson 1996:145).

'n Voortdurende aanpassing in kurrikulering en die ontwikkeling van stof word dus benodig. By Mukhanyo en selfs Fambidzano is daar 'n ondertoon van 'n nuwe beweging om nie net ekstensie te beoefen nie, maar ook residensiële teologiese opleiding, en om só die twee te kombineer. Dit sal egter nie volgens Daneel op die Westerse patroon wees nie, maar daar sal eerder navorsing gedoen word oor die beste metodes wat in 'n sekere konteks sal werk (Daneel 1989: 501, Thompson 1996:145)

Daar is geen plek meer vir klinkklare antwoorde of die skeiding tussen liggaam en siel nie. Ons moet wat Bosch noem "a spirituality of the road" ontwikkel wat op refleksiewe dialoog gebou is en die antwoorde langs die pad soek (Rowen 1996:99, Ferris 1996:105).

## 10.5 DIE MULTIDIMENSIONELE, EKUMENIESE KERKOPBOU-MODEL AS AGTERGROND VIR TEOLOGIESE OPLEIDING

### 10.5.1 Integrasie en sinkroniese balans van dimensies

Hier gaan dit om 'n Bybelse balans tussen die aspekte van die kerugma, diakonia, en koinonia met die bedoeling dat die een nie ten koste van die res verabsoluteer word nie (sien fig 4). Indien een dimensie verabsoluteer word, soos koinonia, het ons outomaties nie meer 'n ware Bybelse koinonia nie, maar kan dit omsit in 'n oordrewe stamgebondenheid (byvoorbeeld tradisionele *ubuntu*) of selfs kulturele imperialisme (Luzbetak 1989:390). Die ander aspekte van kerugma (wat marturia insluit) en diakonia word dan losgelaat en dit kan maklik lei tot 'n selfsugtige bediening na binne.

Indien die kerugmatiese in die kerkplanting oorbeklemtoon word en met abstraksie gepaard gaan, ly die diakonale skade in teologiese opleiding (soos by piëtistiese sielesoekery of beoefening van die teorie sonder die praktyk). Die kerugma sal altyd moet uitmond in die kontekstualisering van die diakonaat, anders ontspoor dit (Luzbetak 1989:385). Die teorie sal altyd praktykgerig moet wees (Ward 1996:48). Nooit kan kerkopbouprogramme en metodieke van kommunikasie en uitbreiding 'n doel op sigself raak nie.

Indien die ekumene oorbeklemtoon word as deel van die verbesondering van die koinoniale, kan dit verword tot 'n social gospel. Aan die anderkant as net een aspek (soos die van kerugma) in die koinoniale oorbeklemtoon word, sal isolasie nooit in teologiese opleiding deurbreek word




*Figuur 4: Multidimensionele, ekumeniese opboumodel vir leraars*

nie (Luzbetak 1989:377).

Ten einde laaste kan ons sê dat die teologiese-opleidingsmodel 'n wisselwerking en dialoog tussen verskeie modelle wat elkeen 'n eie perspektief op die waarheid verteenwoordig, veronderstel.

Die etnologiese modelle se gevaar is dat hulle die klem te veel op die konteks en die kultuur lê en 'n verworde koinonia tot gevolg kan hê. Hierdie gevaar dreig myns insiens by die modelle van P Freire en PF Theron (1995:53) dat die klem te veel op die konteks geplaas kan word. Die konteks raak belangriker as die teks self.

Die gevaar van die dialogiese kommunikasiemodelle is dat dit die dialogiese proses kan verabsoluteer en dat die marturia (kerugmatiese getuienis) nie aan die beurt sal kom nie (De Klerk 1981:23).

Dit moet egter begryp word dat enige ideaalmodel en –voorstelling ten dele, voorlopig en hersienbaar is, omdat dit aan die eskatologiese alreeds en nog nie onderworpe is, wat die begrensing van teologiese opleiding is.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Indien al die aspekte of dimensies genoegsaam in kreatiewe, wisselwerkende spanning tot mekaar in teologiese opleiding verdiskonteer kan word in, sal dit 'n holistiese en multidimensionele opleiding impliseer. Die waarheid sal dan gesien word as iets wat fragmentaries en kaleidoskopies oor die hele terrein van die teologie en aanverwante dissiplines en kontekste gesoek moet word. Soos 'n flits wat een aspek meer belig, sal die dimensie van die ander aspekte hoewel dit buite die kader van die beligte aspekte val, onderliggend funksioneer en met 'n dieptevisie raakgesien kon word. Byvoorbeeld, die diakonale sal onderlê word deur 'n kerugmatiese dimensie en andersom. Die verskillende sfere sal ellipties voorgestel word en om die Woord as middelpunt draai, en die ellipse sal oorvleuel en snypunte vorm soos wat hulle ook nie in waterdigte kategorieë geplaas word nie.

In teologiese opleiding sal die uitdaging wees (soos PF Theron (1995:53) dit uitdruk): "It seeks to access the kerygma and to discover opportunities for service, healing and mission. It rediscovers God's salvation, and experience it in the unfolding history of the Christian community." Hoewel teologiese opleiding 'n kritiese studie is, is dit by uitstek 'n studie wat die koinonia (gemeenskap) met God moet verryk en moet wys op die eenheid van die geïntegreerde Godgegewe intelligensie en Godgegewe geloof in die konteks van die gemeenskap.

Die multidimensionele model maak daarvoor voorsiening dat teologiese opleiding aangepak word sonder om al die antwoorde te hê en te gou te moet beplan, maar eerder volgens 'n pelgrimsbeginsel die antwoorde langs die pad te vind deur refleksie en dialoog. So word afgestap van die edukatiewe, Aristoteliese metodes van abstraksie en suiwer wetenskapsteologie alleen.

Die multidimensionele model het ook te doen met 'n verhoudingsteologie. Dit gaan oor die teologie van die Boodskap wat na die praktyk gebring moet word en die refleksie van die vrae in die konteks moet beantwoord (Ferris 1996:105).

Ook moet ons aanvaar dat daar alreeds begin is om die kreatiewe spanning tussen hierdie drie sfere in die AOK te belig en te benut tot transformasie. So sien ons dat interaksie tussen die diakonale van die profetiese genesingsbediening en die koinoniaal-kerugmatiese bediening van die leraar tot stand kom. Die leraar gebruik sy regerende invloed om te keer dat die profete nie hulle hand oorspeel nie, terwyl die profete weer keer dat die leraar 'n alleenheerskappy voer (Kiernan 1975:197).

### 10.5.2 Die model deurbreek dualisme

Die aspek wat nooit by die sendelinge in aanmerking geneem is nie, is dat tradisionele Afrikagodsdienstigheid in die dinamisties-animistiese konteks nie 'n onderskeid getref het tussen die bonatuurlike en die natuurlike, die sekulêre en die geestelike nie. Die gevaar is dat die geestesdomein (wat vir die AOK realiteit is) deur Westerse opleidingsinstansies geïgnoreer sal word (Theron 1996:131).

Om die tradisionele holistiese kosmologie te akkommodeer wat ook by die AOK leef, sal die Westerse opleidingsinstansies moet seker maak dat hulle ruimte maak vir effektiewe kommunikasie wat uitgaan van 'n effektiewe ontmoeting en konfrontasie met kragte ("power encounter"). Daar moet ruimte gemaak word vir die lyn van ware Afrika-profetisme wat die Satan konfronteer met visuele demonstrasies van die mag van God, sê Theron (1995:132). So alleen sal elke aspek onder die beheer van God kom.

Mens sal met Theron moet saamstem dat die alledaagse problematiek van die tradisionele Afrika-godsdiens deur die AOK se kragbediening aangespreek moet word, maar daar sal 'n fyn onderskeid gemaak moet word tussen die magiese kragbediening wat onder 'n Christelike dekmantel opereer en die werklike Bybelse kragbediening.

Ek dink die fyn onderskeid sal kom of die toorvoorwerpe werklik uit liefde vir God verbrand word en of dit nie net plek maak vir "Christelike" magie of een of ander kragbediening wat op 'n vreesbediening neerkom nie. Theron gee eintlik self die gees van onderskeid as hy sê dat

animistiese gemeenskappe uitgeken word aan hulle allesoorredende vrees vir die voorouergeeste. Die evangelie bied egter die werklike oplossing van die liefde van Christus wat alle vrees uitdryf (1 Johannes 4:18).

Die triomf in Christus mag nie onderbeklemtoon word nie, maar so ook nie sy kruisdood nie. Die AOK-leiers sal geskool moet word om die TAG te wys op die koinoniale (deelgenootskaplike) aard van lyding wat ervaar moet word as jy jou kruis agter Christus aandra (*theologia crucis*).

Daar sal gewys moet word op 'n ware Christelik teologie van lyding en dat die aanvegtinge van die bose ook in hierdie konteks verstaan moet word. Die gekruisigde Christus is ook die triomfantelike Christus wat alhoewel Hy teen die bose geveg en selfs onder hulle gely het, tog die stryd gewen het (Theron 1995:103). So inkultureer die evangelie en word die TAG-konsepte tegelykertyd gekersten.

Die koinoniale ondersteuning moet nie net gekommunikeer word in teologiese opleiding nie, maar daar moet fisies met dade uitgereik word na die noodlydendes. Dit moet egter nie geskied in 'n TAG-gees om die agtergeblewene te help uit vrees vir die gees van die afgestorwene nie. Nie *ubuntu* nie, maar ware Christelike barmhartigheid (hoogstens *ubuntu* deurweek van Christelike erbarming) moet hulp en ondersteuning motiveer. Daarom stel Van Rheenen 'n teologiese opleiding voor wat ruimte maak vir, en klem lê op die koninkryksteologie wat priester- (diakonale), profeet- (koinoniaal-kerugmaties) en koningsampte (kerugma) in Jesus Christus saamvat. Dus 'n kosmiese verlossing, maar ook 'n totale oorwinning wat gedoseer moet word (Theron 1995:134, Van Rheenen 1991:141-145).

### 10.5.3 Die model verleen 'n dieptedimensie aan TOE

Die multidimensionele model wil die leemtes van TOE ondervang. Daar gaan baie stemme op vir TOE. Dit lyk egter of TOE nog nie heeltemal wil grondvat in Afrika nie. Dit kan aan verskeie redes gewyt word. Die een is die feit dat dit dikwels bloot 'n verlengstuk van die tradisionele kerugmatiese opleidingsmodel is en dat dit maar weer neerkom op kognitiewe deponering (Ward 1996:48). Verder verander die dosent se rol wesenlik in TOE en kan maklik geredeneer word dat direktiewe onderrig vervang word met selfontdekkende, groepsgebaseerde selfonderrig. TOE word ook te maklik as die aller antwoord voorgehou.

Dit is egter van alle waarheid ontbloot. Dit kritiek van iemand soos Mann-Siew (1996:61-65) is byvoorbeeld meer gemik teen uitwasse van TOE en vertoon nie genoeg sensitiwiteit vir die beginsel van leer deur ervaring nie. Verder het baie pogings om TOE te implementeer fouteer deurdat te min aandag aan die prosesse van kontekstualisering gegee is. TOE is daarom nie 'n goedkoop manier van onderrig nie: nie alleen moet vir elke afsonderlike situasie beplan en gekurrikuleer word nie, maar elke student se werkopgaaf moet ook sy agtergrond en konteks verdiskonteer. Dit moet gaan oor die integrasie van akademiese kennis en lewenservaring – refleksie cerder as terugdeponering van kennis.

Ekstensie-opleiding kan mank gaan aan ware praktyk. Ware kennis word in die ontmoeting met die praktyk gevestig, anders bly dit abstrak (vgl Mazibuko 1987:309). Die vraag is egter of TOE in dié opsigte nie veel beter vaar as in die tradisionele residensiële model nie.

Volgens P Freire (in Theron 1995:49) is ekstensie-opleiding baie afhanklik van kommunikasie, veral binne die groep. Mazibuko wil na aanleiding van Freire verder gaan as ekstensiekommunikasie. Hy stel voor dialoog op gelyke vlak tussen die gespreksvennote (asook met die konteks). Die leerder gaan leer ook by die leerling in sy situasie. Ongelukkig wil Mazibuku dialoog teenoor ekstensieonderrig plaas. Terwyl dialoog steeds die wagwoord van ekstensieonderrig bly, bied die skakeling met die multidimensionele model koinoniale verdieping aan groepskommunikasie en gaan kerugma (teorie) oor in dade.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Dus moet dialoog, kommunikasie en bewusmaking ook verder gaan as Paulo Freire se model van ontmoeting en bevryding tot ware transformasie en verligting van die nood. (Dus nie net die dialoog van die word-versadig-word-warm nie, maar ook die daadwerklike verligting van nood, veral sondenood). Nie die mobilisering van die massa om in opstand te kom teen strukture nie, maar ook die "saam ly" in die marturia van selfverloënende dissipelskap. Paulo Freire wil egter die klem positief daarop lê dat ware opvoeding nie 'n neutrale saak is nie, dat dit eers plaasvind as dit die strukture holisties begin aanspreek en probleemgerig is (Theron 1995:51-52). Dit bring ons by die sosiale koinoniaat.

### 10.5.4 Die sosiale koinoniaat

Die gevaar is dat die koinoniale sosiaal-ideologies oorbeklemtoon word en die kerk die rol van 'n radikale politieke agent begin speel wat al die oplossings moet gee vir die samelewing. Dit is veral die geval waar die teologie net polities en koinoniaal bedryf word met die volgende slagspreuk: "Africanisation based its theology on the community" (Mazibuko 1987:311). In so 'n model word die Woord onderbeklemtoon en die konteks word oorbeklemtoon. Die dialektiek wat gestel moet word tussen die Woord en die konteks, teorie en praktyk waarvan Mazibuku praat, staan gevaar om losgelaat te word (Mazibuku 1987:314).

In die politieke koinoniaat moet die teologiese opleiding aan die leiers van AOK gerig wees op toerusting tot sosiale en struktuurkritiek (byvoorbeeld die vraag of strukture onderdrukkend is of nie). Die visie is wel begrens vir sover dit nie van sulke leiers verwag word om rewolusionêre drukgroepe te organiseer of 'n rewolusionêre diakonaat te bedryf nie.

In plaas daarvan kan eerder gedink word aan 'n multidimensionele opleiding met die oog op 'n koinoniaat en diakonaat wat probleme holisties en op baie terreine en vlakke aanspreek. Dit kan lei tot dimensies soos sosiale diakonaat (wat antwoorde kan gee op vraagstukke wat in die brandpunt is), die koinoniale diakonaat en die karitatiewe diakonaat (Crafford 1982:48, Smuts 1982:25). Verster waarsku in dié opsig teen 'n sinkretisme van Gereformeerde en Bevrydingsteologie (iets wat hy by Bosch meen te bemerk) (Verster 1997:260, Bosch 1991:244). Die feit is egter dat geen opleiding vandag sonder verwysing na die Bevrydingsteologie kan gaan nie.

### 10.5.5 Die integrasie van sommige ander modelle, paradigmas en dimensies

Vanweë die ingewikkeldheid van die konteks van die AOK spreek dit vanself dat opleidingsmodelle of -paradigmas wat eensydig is of nie die hele prentjie probeer insien, verstaan en verdiskonteer nie, allermins aangewese is. Veel beter sou egter wees om 'n benadering te volg wat dit moontlik maak om verskeie geskikte modelle aan te wend en in 'n oorkoepelende integrasiemodel in te pas.[223]

Met vrug kan byvoorbeeld van 'n holistiese antropologiese model gebruik gemaak word om te verstaan dat die armoede of selfs sogenaamde onderdrukking nie altyd te wyte is aan ekonomiese of politieke oorsake alleen nie, maar dat daar iets is soos 'n armoedekultuur wat 'n baie ingewikkelde verskynsel en dat die betrokkenes ook 'n groot deel van die verantwoordelikheid vir die eie posisie moet aanvaar (Luzbetak 1989:392).

Luzbetak maak ook nog melding van talle ander modelle wat in die teologiese opleiding van die AOK geïnkorporeer kan word ten opsigte van die sosiale diakonaat. Daar is byvoorbeeld die kliniese model met die oog op die hantering van alkohol- en dwelmafhanklikheid. Daar is die mediese antropologiese model wat toegespits is op opvoeding met die oog op voorkoming van ondervoeding en wanvoeding (Luzbetak 1989:394). Beroepsontwikkelingsmodelle met 'n

[223] Vergelyk ook integrasiemodel by opleiding van profete (p 190).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



groepsdinamiese basis word deur Coleman en Barker (1992:37) aanbeveel om studente kruiskultureel te fasiliteer as dit kom by alle vlakke van opleiding. Dit sal daarop neerkom dat die studente goed ingelig is oor ondersteuningsisteme deur voorligtingsprogramme. In die geval van die leraarsopleiding kan die groepsdinamiese element koinoniale verdieping ondergaan.

Volgens Verster (1997:259-261) is Bosch se veeldimensionele holistiese benadering te inklusief met die gevaar dat sending sy terreingrense kan oorskry.

Nêrens word hierdie mening meer tot leuen gemaak as in die opleiding van die AOK nie, aangesien so 'n opleiding nie anders kan as om meer inklusief te wees as wat die geval met Westerse opleidings is nie. Oor hoeveel dimensies betrek moet word, kan daar verskil word. Bosch maak melding van ses en Du Preez van tien. Die feit is dat mens nie al die dimensies kan betrek nie, maar ook nie net drie nie.

Die teologiese-opleidingswiel wat om die as van Christus draai met meer speke, behoort sterker te wees as een met minder speke. Dit is egter nie so eenvoudig nie, want dit gaan ook om 'n stuk dialektiek tussen kerugma en konteks wat verreken moet word. Dis myns insiens die grootste rede hoekom daar nie 'n enkele alom-toereikende teologiese opleidingsmodel voorgestel kan word nie. Die omgekeerde van dit waarvan Verster Bosch aankla, moet ook in aanmerking geneem word naamlik dat daar by die kerugmatiese model te eksklusief te werk gegaan kan word, 'n gevaar wat nie minder ernstig is nie. (Vergelyk Verster 1997:259-261, Bosch 1991:442).

Volgens Theron (1995:52) is teologiese opleiding niks anders as dialoog tussen die Bybel (as die Woord van God), Christelike tradisie, gespesialiseerde kennis van die dosente en die ervarings-behoeftes van die studente, leraars en kerke en samelewing nie. Onder andere sal 'n kurrikuleringsmodel nodig wees om al hierdie insigte in leerstofvorm te orden en in 'n toepaslike struktuur saam te bring.

### 10.5.6 Balans en wisselwerking tussen sinkronie en diakronie

Soos reeds gestel, het elke model leemtes, swak en sterk punte. Te veel klem op een dimensie in die teologiese opleiding lei noodwendig tot verskraling. Daarom moet daar in die integrasiemodel gestreef word na 'n gebalanseerde veeldimensionaliteit. Balans kan egter ook in 'n toepaslike "eensydigheid" lê, dit wil sê dat die klem profeties verskuif in ooreenstemming met die profiel en eise van die konteks.

Laastens lê die voordeel van die model daarin dat die dimensies in die praktyk diakronies en sinkronies vergestalt kan word. In die geval van sinkronie word daar indringend gekyk na die dimensies as sodanig en in isolasie. In die geval van diakronie gaan dit egter om die geskakeldheid, samehang en interafhanklikheid van die dimensies. Dit kom daarop neer dat daar van 'n *dubbele refleksiewe beweging* gebruik gemaak word in die praktyk van die koinoniale, die kerugmatiese en diakonale dimensies. Die kerugma moet as sodanig genoeg klem ontvang, maar moet byvoorbeeld ook gekoinonialiseer word in die diakonia. Die omgekeerde is ook waar dat die diakonia gekoinonialiseer moet word en in die kerugma sy uitdrukking vind. Ook moet die kerugma van kerkopbou deur die koinonia inheems gemaak word.

Die omgekeerde is ook waar: *ubuntu* moet gekoinonialiseer (nie verkoinonialiseer nie) in die teorie. Die inheemse kultuur moet verchristelik of geëkklesiologiseer word (Kritzinger 1988: 36).

(Vergelyk ook par 12.4, p 281, vir dubbele werking, refleksie en balans na aanleiding van die praktyk aan die hand van eksemplariese materiaal).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# Hoofstuk 11

# KURRIKULERING

## 11.1 INLEIDING

Een van die belangrikste eise wat aan 'n opleiding gestel kan word, is die van realisme met betrekking tot die sosiale, politieke en ekonomiese werklikheid van die kerke wat dit veronderstel is om te dien. Die verskuiwing vanaf diensfasiliteit na 'n uitstalvenster van die Westerse kerke wat die opleiding ondersteun, geskied gewoonlik baie subtiel, maar lui juis die doodsklok vir sulke opleidings. Uiteindelik gaan dit ook 'n miskenning van die ontvangende kerk, terwyl dit die een plek is waar die kerke (Westers sowel as AOK) as vennote moet saamwerk (Bosch 1993:380,465). Dit geld in besonder die kurrikulering van die onderrig.

As ons ag neem wat PF Theron (1995:45,53) ten opsigte van 'n multidimensionele opleiding sê, dan is kontekstuele kurrikulering van uiterste belang. Ek sou egter ook nog die dimensies van liturgia en marturia wil beklemtoon en wou sê dat die taak van kurrikulering by die opleiding van die AOK moet wees die integrering van die verskillende dimensies sodat reg kan geskied aan 'n multidimensionele opleiding.

## 11.2 KURRIKULUMONTWIKKELING

Kurrikulering behels in hierdie verband meer as net die daarstel van 'n teologiese onderrigmodel vir die AOK. Dit behels ook 'n strategie wat twee komponente, naamlik dié van TOE en NKR, moet saamsnoer.

Die NKR (Nasionale Kwalifikasieraamwerk) hang saam met die nuwe onderwysbedeling wat sedert 1995 in Suid-Afrika ontwikkel het. Die South African Qualifications Authority Act van 1995 beskryf die doelwitte van die NKR soos volg:

The objectives of the National Qualifications Framework are to –

a. create an integrated national framework for learning achievements;
b. facilitate access to, and mobility and progression within education, training and career paths;
c. enhance the quality of education and training;
d. accelerate the redress of past unfair discrimination in education, training and employment opportunities, and thereby
e. contribute to the full personal development of each learner and the social and economic development of the nation at large.

Wanneer 'n teologiese opleidingsmodel vir die AOK ontwikkel word, spreek dit vanself dat die nuwe onderwysbedeling in Suid-Afrika in aanmerking geneem moet word. Daarom moet die verwagtinge van die NKR, naas die van TOE, verdiskonteer word. Die interessante is dat altwee uitgaan van die noodsaak van multidimensionele integrasie en reeds daarin 'n raakpunt vind. Verdere raakpunte word gevind in die feit dat NKR (Nasionale Kwalifikasie Raamwerk) 'n stem van ontevredenheid wil laat hoor as dit kom by die huidige Westerse benaderings wat te min klem gelê het op die aktiewe, kreatiewe leervermoë wat probleemgesentreerd en praktykgerig is. Die ou rigiede programme behoort vervang te word deur programme wat meer soepel is. Die

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



kodewoord is dan ook *uitkomsgerigte* of *uitkomsgerigte onderwys* met die klem op die eintlike resultaat wat bereik moet word eerder as die blote weergee van inhoud (Els 1997:38, Theron 1995:45). Die wins van die model is geleë in die feit dat dit nie finaal is nie en eerder 'n debat wil ontlok vir die daarstel van 'n model wat uit die praktyk moet kom. Die breë vereistes waaraan dié model sal moet voldoen, is die van oopheid, doeltreffendheid, relevansie en kreatiwiteit (Young & De Villiers 1997:2).

## 11.3 DIE DOELWIT VAN DIE NKR

Die NKR word bestuur deur die Suid-Afrikaanse Kwalifikasie-owerheid (SAKO) wat saamgestel word deur verteenwoordigers uit die verskeie departemente van opleiding, mannekrag, sakesentra, universiteite, technikons en talle ander sektore. SAKO se oorhoofse doelwit is die registrasie, akkreditering en toeskryf van funksies aan al die bogenoemde sektore (SAKO 1995:3). Ook is dit hulle taak om die skrywers van die eenheidstandaarde te help om konstantheid te behou.

Vlakdeskriptore ("Level descriptors") speel 'n belangrike rol. Dit word soos volg beskryf: "... to ensure coherence across fields and to facilitate the assessment of the international comparability of standards and qualifications." Sulke vlakdeskriptore fasiliteer, integreer en koördineer die samestelling van die verskillende komponente van kwalifikasie. Erkenning word gegee aan reeds verworwe standaardeenhede en leerervaring as studente die nodige uitkomste kan lewer. Standaardontwikkelingsliggame (SOL) stel die pakkette saam en stel die nodige kredietwaardes per kursus vas. Opvoedkundige en Opleidingsgehalteversekeringsowerhede (OOGVO, ETQA in Engels) is daargestel om die voorsieners (providers) te registreer, te moniteer en kwaliteitoudit te doen, maar ook waardebepaling te doen van nuwe uitbreidings (De Villiers & Young 1997: 577, DDLL 1996:41-43).

Daar word tans gewerk om 'n standaardontwikkelingsliggaam vir teologiese opleiding op die been te bring.

## 11.4 DIE STRATEGIE

NKR wil afstap van die ou benadering wat op die inhoude gefokus het en eerder op leerderuitkoms let. Dit gaan ook oor die bereiking van 'n sekere standaard wat relevant is vir 'n spesifieke fase (Appendix E, (DDLL T NQF 1996:30). Dit word nie deur tyd vasgepen nie, maar die resultaat kan op enige tydstip in die fase bereik word. Om dit alles te bereik, sal op plaaslike vlak baie van die evaluering van kleinprojekeksperimentering gemaak word. Deelnemers moet skolingsprogramme sodanig ontwikkel dat die uitkomste gekontekstualiseer is (Appendix E, (DDLL T NQF 1996:48-49).

Om die uitkomste te definieer, moet by die gevisualiseerde eindpunt stelling ingeneem word en spesifieke uitkomste definieer in terme van die prosesse van kurrikulering. Hierdie uitkomste kan ook wyd saamgevat word deur doelstellings te definieer waarheen gemik moet word. Die doelwitvasstelling is afgestem op die behoeftes waaraan die beroep moet voldoen en die beroepsvereistes wat daarmee saamhang (Knoetze 1987:6). 'n Vraelys wat vrae vir die profete en leraars vervat, kan met vrug aangewend word om tot 'n behoeftebepaling te kom.

### 11.4.1 Leraars en profete

Dit spreek vanself dat daar tussen die profete en leraars gedifferensieer moet word.

Die leraarsopleiding sal (soos by die profete) 'n tweeledige beroepsdoelstelling hê, naamlik dié van bediening van leraar en 'n sekulêre beroepsgerigtheid (laasgenoemde om die leraar in

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



staat te stel om vir sy eie lewensonderhoud te voorsien). Om dit sinvol te maak, behoort dié twee nie te ver uit mekaar te lê nie en moet daar betekenisvolle raakvlakke tussen hulle wees.

Die leraars se spesifieke uitkomsgebaseerde onderrig sal gerig moet wees op kontekstuele gedemonstreerde kennis, aanleg en waardes, soos om te kan preek, Skrifuitleg te beoefen en leierskap aan die dag te lê. Hier is dus 'n teologiese kennis wat opgedoen moet word ter sprake. En dan is daar ook die "kritiese uitkomste" in die breë[224] wat behels kennis van leierskap, kommunikasie, bestuur, bedryfsielkunde, finansies, administrasie, rekenaarkursusse en geletterdheidskursusse.[225]

By die profete sal daar ook aan 'n breë doelwit vir kurrikulering op makrovlak voldoen moet word om vir twee beroepsrigtings voorsiening te maak. Die twee rigtings sal ook sekere raakvlakke moet deel. Hier sal elke kandidaat se skolastiese agtergrond ten opsigte van die verskillende vlakke vasgestel moet word. Aan die hand daarvan moet daar dan as 't ware individuele onderrigprogramme saamgestel word (Knoetze 1987:8).

Dit spreek vanself dat die sillabusdoelstellings van die leraars en die profete sal verskil.

Die kritiese uitkomste sal by die profete en die leraars baie dieselfde wees.

1) Hulle kurrikulum sal daarvoor voorsiening moet maak dat hulle ook sekulêre beroepe kan beoefen. Dus moet sekulêre beroepskennis en teologiese kennis oor en weer geïntegreer word in die vakkeuse. Teologiese kennis sal argumentsonthalwe moet verkoop word langs bedryfskennis, rekenaarkennis en dies meer. Dit sal verseker dat vaardighede ("skills"), kennis en konsepte buigbaar, aanpasbaar en oordraagbaar is in ander sektore of leerareas (DDLL T NQF 1996:27). So kan 'n bestuurskursus handig aangebied word met soveel buigbaarheid en oordraagbaarheid dat die leraar én die sakeman dit kan benut.[226]

Ten opsigte van spesifieke uitkomste[227] sal opleiding van die leraars en die profete verskil. Die profete moet 'n oorhoofse sillabusdoelstelling hê van om in 'n genesingspastoraal-profetiese bediening opgelei te word. Die leraars sal weer op hulle beurt in staat behoort te wees om die Bybel uit te lê, te preek, as liturg op te tree, met individue en groepe te kan kommunikeer ensovoorts.

## 11.5 KURRIKULERING IN KONSEP

Aangesien elke kurrikulum vir 'n spesifieke konteks opgestel word en omdat die Afrika-onafhanklike kerke soveel gesigte het, is dit onmoontlik om hier 'n klassieke ontwerp aan te bied.

---

224 Dit is die afkorting vir die sogenaamde "critical cross-field" opleiding- en opvoedings- of leeruitkomste. Daar word twaalf basiese velde geïdentifiseer. Teologiese opleiding skakel by nommer 07 in. Die eerste sewe kritiese uitkomste is die volgende (SAQA Bulletin 1.1):

1.Identify and solve problems in which responses display that responsible decisions using critical and creative have been made.

2.Work effectively with others as a member of a team, group, organisation, community.

3.Organise and manage oneself and one's activities responsibly and effectively.

4.Collect, analyse, organise and critically evaluate information.

5.Communicate effectively using visual, mathematical and/or language skills in the modes of oral and / or written.

6.Use science and technology effectively and critically, showing responsibility towards the environment and health others.

7.Demonstrate an understanding of the world as a set of related systems by recognising that problem-solving do not exist in isolation.

225 SAKO het 'n raamwerk met agt vlakke aanvaar waarvolgens geletterdheidsklasse op sertifikaatvlak by Volwasse Basiese Onderwys en Opleiding inskakel.

226 'n Voorbeeld hiervan is die programme en kurrikula van CLT.

227 Spesifieke uitkomste: dit is kontekstueel gedemonstreerde kennis en vaardighede wat kritiese uitkomste insluit, maar wat op beroepsgerigte uitkomste afgestem is. Standaarde wat by NKR geregistreer word, word beskryf in terme van spesifieke uitkomste en "assessment performance criteria" (DDLL 1996:26).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


Die kernbedoeling bly egter dat die teologiese opleiding die kerklike opbou van die AOK sal dien.

Dit wat volg, is generies opgestel en het as bedoeling illustrasie van sake en beginsels wat vroeër gestel is.

### 11.5.1 Kurrikulumdoelstellings

Kurrikulumdoelstellings kan so uitsien by die **profete-opleiding**:

Die kandidate moet na afloop van die opleiding tot die volgende in staat wees:

1) Hulle moet 'n holistiese perspektief hê in die bediening van genesing. Die helingsgemeenskap, die gemeente en die kerk moet as die agtergrond en uiteindelike belangegemeenskap aanvaar word.
2) Hulle moet in staat wees om hulle metode en benadering aan te pas nagelang die eise van omstandighede.
3) Hulle sal ook 'n onderskeid moet kan tref tussen tradisionele Afrika-godsdienstigheid en die AOK-profete se verstaan van siekte en heling, sowel as tot 'n Bybelse evaluering moet kan kom. (Diakroniese godsdienshistoriese kennis moet as onderbou hiertoe verskaf word).
4) Hulle moet in staat wees om 'n beveiligde eksorsisme en gebedsgenesing teen die agtergrond van Christus se oorwinning oor die sonde, magte en dood te beoefen.

By die **leraars** is die volgende belangrik:

Die kandidate moet na afloop van die opleiding tot die volgende in staat wees:

1) Die vermoë van verantwoordelike Skrifontleding en –uitleg.
2) Die vermoë tot verantwoordelike, kontekstuele en aktuele prediking.
3) Die vermoë om as pastor op te tree; sensitiwiteit vir verskillende pastorale situasies en die vermoë om die pastorale benadering daarby aan te pas
4) Die vermoë om kategete op te lei, oor die kategese toesig te hou en die kategetiese struktuur te bestuur.

Daar sal 'n kurrikulêre *oorvleueling* wees tussen die opleiding van profete en leraars ten opsigte van –

1) Kerkgeskiedenis (veral eie kerk se geskiedenis) en Bybelvakke (veral vertroudheid met – en kennis van die Bybel, basiese Bybelse teologie ens).
2) Basiese klinies-pastorale kundigheid,
3) Beide sal verinheemsing en kerkopbou as doelwitte stel. a) Dit kan groepsfasilitering vir die verkryging van dialoog insluit. b) Die stigting van koinonia (Burger 1991:101,107, Kirkpatrick 1995:23).

### 11.5.2 Kurrikulêre benadering

Kurrikulering sal drie fokusareas in balans moet verdiskonteer, naamlik die kerk, samelewing en konteks. 'n Ander manier om dit te beskryf, is om dit te doen aan die hand van die drie begrippe kerugma, koinonia en diakonia. Hierby moet ander modelle geïnkorporeer word, byvoorbeeld 'n *pastoraal-ekumeniese model* wat multidissiplinêre opleiding insluit.

Om te verhoed dat 'n bloot Westerse wetenskaplike benadering gevolg word, kan die Berlynse "wissenschaftliche" model met die Atheense dissipelskapmodel gepaar word. Eersgenoemde kan beskryf word as analities-interpretatief-deskriptief, terwyl laasgenoemde weer as normatief-vormend beskryf kan word (Farley 1983:182; oor die modelle vergelyk ook Burden 1994:111-135).

### 11.5.3 Sillabustemas

By die beplanning van sillabustemas word in terme van leerure en krediete gewerk.[228] Dit is oënskynlik 'n kwantitatiewe kurrikuleringsmodel, maar dit is ook afgestem op balans in samestelling en op realistiese beplanning.

#### *11.5.3.1 Vir profete*

1. Inleiding: Die Skriftelike begronding van 'n genesingsbediening: 2 UG-krediete[229] — TG[230] 10 ure (punte) en PO[231] 10 ure (punte).
2. Teologie van Genesingsbediening (GB): –Die rol van gebed; die onderskeid tussen magie en ware godsdiens: 2 UG-krediete — TG 10 ure (punte) en PO 10 ure (punte).
3. Verskillende benaderings in genesingsbediening: 2 UG-krediete — TG 10 ure (punte) en PO 10 ure (punte).
4. Die individuele eskatologie: 2 UG krediete — TG 10 ure (punte) en PO 10 ure (punte).
5. Gebedsgenesing, eksorsisme, sonde en siekte: 2 UG-krediete — TG 10 ure (punte) en PO 10 ure (punte).
6. Die onderskeid tussen neuroses en psigoses: 2 UG-krediete — TG 10 ure (punte) en PO 10 ure (punte).
7. Die ekumenies-pastorale metode (behels gebruik van klinies-pastoraal insigte, insigte uit die volkekunde, sosiologie, kulturele (koinoniale) semeiotiek, beplanning en hantering van byvoorbeeld 'n gesprek met 'n *ukuthwasa*-geval: 6 UG-krediete — TG 30 ure (punte) en PO 30 ure (punte).

#### *11.5.3.2 Vir leraars*

Feitlik dieselfde sillabustemas as die profete word verwag, behalwe dat die volgende daarby kom:

1. Beplanning en visievorming: 2 UG-krediete — TG 10 ure (punte) TG en PO 10 ure (punte)
2. Prediking: 4 UG-krediete — TG 40 ure (punte) en PO 40 ure (punte)

#### *11.5.3.3 Vir beide profete en leraars*

Die volgende *teoreties-praktiese opleiding* geld vir beide die profete en die leraars:

1. Projekte (hantering en terugvoer): die stig van koinonia, die betrokke raak by koinoniale bediening wat insluit die begin van gemeenskapsprojekte: $\varkappa$-UG-krediete — (($\varkappa$ x 10)/2 TG-ure + ($\varkappa$ x 10)/2 PO-ure) gedeel deur 10. Dit sluit ook in die stig van groepe, gemeentebou en toerusting in leierskapsvaardighede: Bereken op ongeveer 60 krediete = 600 ure (TG 300 ure + PO 300 ure).

---

[228] 'n Krediet word ook gesien as tien ure leertyd ("notional time") gespandeer. "Notional learning time" verwys na die hipotetiese vergelyking van 'n verwagte prestasie wat 'n voltydse student aan 'n staatsinstelling moet behaal in terme van gemiddelde tyd om die uitkomste te behaal. Eenheidstandaarde word opgebou uit krediete wat wissel van 1 tot 120 (DDLL 1996:39-40).

[229] Een UG (uitkomsgebaseerde) krediet is die som van die teoretiese ure, praktiese ure en die uitkomsgerigte ure. Uitkomsgebaseerde ure is die ure wat nodig is om die geformuleerde uitkomste te bereik. Dit is kwantitatiewe meting. Die uitkomsgerigte punte dui op die prestasiemeting van die kwaliteit van die uitkomste. Dit word saam met die teoriegebaseerde (TG) insette in punte gemeet. Daar is 'n debat of uitkomste gemeet kan word in tyd. Dit is egter nie die realistiese tyd wat gemeet word nie, maar die gemiddelde tyd wat dit sou neem om die uitkomste te lewer of onder die knie te kry (Young en De Villiers 1997:10). Dit is egter duidelik dat kwaliteit nie bloot in terme van tyd gemeet kan word nie.

[230] Teoriegebaseerd.

[231] Probleemoplossend.

2. Die skryf van 'n werkopdrag om uitkomste te evalueer: 3 UG-krediete — 15 TG-ure + 15 PO-ure (en punte).
3. Mondelinge of skriftelike eksamen: ½ krediet — 2,5 TG-ure (punte) + 2,5 PO-ure (punte).

## 11.5.4 Waardes vir kurrikulering

**Ten opsigte van die profete:**

Om hierdie onderwerpe te dek, kan redelik vry omgegaan word om stof te kies en uit te werk wat die uitkomste gaan lewer wat hierbo gestel is. Die uitkomste en sillabusdoelstellings sal dieselfde tot inhoud hê. Dit kan soos volg bereken word: 'n totaal van 220 aangetekende leerure, gelykstaande aan 22 krediete. Hierby kan gevoeg word projekte ter waarde van 60 krediete. Dit tel op na 82 krediete[232] of 820 leerure.

**Ten opsigte van die leraars:**

Tel 60 leerure of 6 krediete by die totaal van profete (820 + 60 = 880 ure = 88 krediete).[233]

### *11.5.4.1 Teoriegebaseerde, uitkomsgerigte meting en kruisveldkurrikulering*

#### 11.5.4.1.1 Teoriegerigte spesifieke meting (kerugma) (47 krediete)

Teorie is die kennisdeel van die spesifieke uitkomste wat gemeet moet word. Dit moet egter van die staanspoor so uitgewerk word dat dit aansluit by en deurvloei na die probleemgerigte deel (probleem-identifiserend en –oplossend). Die uitkomste moet ooreenstem met die sillabusdoelstellings.

Dit kan soos volg bereken word: 'n Groot totaal van 94 krediete (935 leerure) word voorsien. Dit word verdeel in 47 krediete (467,5 leerure) teoriegebaseerde meting en 47 krediete probleemgerigte meting.

#### 11.5.4.1.2 Probleemoplossende, uitkomsgerigte meting (47 krediete)

Meer spesifiek sal daar spesifieke meting wees van die uitkomste (van gevalle wat in krisis verkeer het en gehanteer is), sowel as die karakterbou wat plaasgevind het. Hier is die eenheidstandaarde ("unit standards"[234]) wat gelyk is aan die studiedoelstellings ("objectives"), van belang.

Dit sou die ander 47 krediete (467,5 leerure) van die probleemoplossende uitkomsgerigte standaard-eenhede wat gelyk is aan die studie doelstellings ("objectives") van belang, uitmaak.

Die puntemeting is soos volg: dit kan in die verhouding 5y ten opsigte van spesifieke uitkomste (koinonia) en 5y ten opsigte van die essensiële uitkomste (kritiese kruisveld-uitkomste) (diakonia) en probleemoplossing verdeel word.[235]

---

[232] Die maksimum van 120 krediete verteenwoordig 'n voltydse leerinset wat gelyk is aan 1 200 ure, dit wil sê 'n vol jaar. Dit word ook 'n groot *krediet* genoem (DDLL 1996:39-40).

[233] In die Temba-Winterveld-konteks het ons te doen gehad het met die leraar-profeet-tipe op wie beide die leraarsbeen en die profetebeen van toepassing was.

[234] Eenheidstandaard: Dit is die standaard waarvolgens student gemeet word. (DDLL T NQF Appendix H 1996:4)

[235] "y" is 'n variante waarde wat toegeken word aan 'n attribuut wat die uitkoms kenmerk. Daar kan 10 attribute onderskei word wat weer in twee hooftipes verdeel kan word. Die een groep meet spesifieke uitkomste en die ander groep essensiële (of te wel kritiese) uitkomste. Die spesifieke uitkomste word in 3 hoofgroepe verdeel, naamlik kennis (kerugma), waardes ("attitudes", deels koinonia en kerugma) en vaardighede (deels koinonia, diakonia en liturgia) (SAQA Bulletin 1.1, 1997). Die attribute is die van die integrasie van teorie en praktyk, selfeksplorering en motivering ens.

Essensiële of kritiese uitkomste het weer betrekking op probleemoplossing en word weer deur attribute soos probleemstelling, analise, interpretasie/evaluasie en beskrywing van inligting, terugvoer en kommunikasie gekenmerk (DDLL 1996:50). Dit toets koinonia, diakonia en marturia.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



#### *11.5.4.2 Die uitkoms van opleiding wat op gemeenteopbou en genesingsbediening gerig is*

Dit gaan in die eerste plek om die stigting van *koinonia* en kan soos volg beskryf word:

- y punte vir die waardes en geloofsbeginsels waarmee gehanteer (kerugma)
- y punte vir die eenheid tussen praktyk en teorie
- y punte vir positiewe transformasie by gevalle
- y punte vir selfeksplorering, selfkritiek en ontwikkeling
- y punte vir die ontwikkeling van 'n model wat inheemse en algemeen-geldende metodes op 'n gebalanseerde wyse saamvat (konoinia en diakonia).[236]

Dit gaan in die tweede plek om die stigting van *diakonia.* Dit kan soos volg beskryf word:

- y punte vir die raaksien van nood (identifisering van probleem onder andere deur die kerugma)
- y vir die betrokke maak van die gemeenskap in die proses van probleemoplossing (dit wil sê ook koinoniaal)
- y vir analise, interpretasie/evaluasie en beskrywing van inligting (onder andere in gemeenskapsverband)
- y vir terugvoer en kommunikasie (ook koinoniaal)
- y vir evaluasie in die groep in die geval van gemeenskapswerk, asook individuele evaluering[237].

Alhoewel hierdie waardes in terme van punte aangedui word, moet verstaan word dat hulle in 'n sekere sin ook onderling afhanklik is en daarom nie heeltemal uitmekaar gehaal kan word nie. Dit is ook nie altyd moontlik om 'n volgorde voor te skryf nie, aangesien dit dikwels onmoontlik en onbelangrik is om 'n volgorde te bepaal. Verder is dit nie moontlik om begrippe soos kerugma, koinonia en diakonia in isolasie van mekaar te gebruik nie. Wanneer die een gebruik word, word die ander altyd veronderstel.

Verder is dit ook nie heeltemal korrek om te suggereer dat die eerste groep alleen op kennis, waardes en vaardighede betrekking het. Onder vaardighede kom probleemoplossende vermoë

---

236 Hierdie attribute sou ook deur ander werksinstruksies anders gestimuleer kon word. Ander attribute sou bygevoeg kon word wat ook in die spesifieke of prestasie-kriteria kan inpas. Die attribute ("mark criteria") sou op sigself verder omskryf, onderverdeel kon word en as sodanig verder geaktualiseer en gekontekstualiseer kon word. CLT wil ten opsigte van die assessering van werkopdragte byvoorbeeld ook spesifieke kriteria onderskei, naamlik "grasp of subject," soos verfyn na "true to question," "insight," "explanation," "conclution;" "formulation," verfyn na "conceptualisation," "critical evaluation," "reasoning," "own opinion" ens (CLT 2000c Forms BMin CL:1).

237 Ook kan die attribute ten opsigte van die kritiese kruisveld-uitkomste ook weer in aspekte onderverdeel word. Aspekte kan ook beskryf word as boublokke tot maatstawwe met die oog op assesseringskriteria byvoorbeeld: "The student can identify, analyze, formulate and solve complex problems of living, of individuals or groups." Dit kan opgebreek word in "associated assessment criteria". In die begin word 'n diagnostiese selfevaluering op grond hiervan gedoen en later word die tekorte in leerprogramnavorsing en –ontwikkeling ondervang en aangespreek.

Ook word die student deur 'n dosent formatief en summatief (sinkronies) geëvalueer om transformasie en gebreke uit te lig. Dit is egter duidelik dat met die oog hierop vrae en meer in besonder porvrae ingebou moet word in die eenheidstandaard en ook in die werksopdragte wat die student subtiel kan begelei. Hier het skrywer meer van direkte werksinstruksies gebruik gemaak om student gehoor te laat gee aan prestasiekriteria. (Vergelyk ook CLT 2000c:12). Dit is egter duidelik dat om reg te laat geskied aan die kontekstualisering en integrasie, nie net sinkronies of net diakronies geassesseer kan word nie, maar sinkronies-diakronies gesamentlik. Dit beteken dat die spesifieke uitkomste ingebed en geïntegreer sal word in die kritiese kruisvelduitkomste en andersom. Die student moet progressief en formatief (diachronies) geassesseer word om regtig probleemoplossend te wees en transformasie te weeg te bring. (DD LL T NQF 1996:26).

(tweede groep) byvoorbeeld ook ter sprake.[238] Die meting moet dan ook hier gedoen word in terme van diagnostiese, formatiewe en summatiewe assessering.

#### 11.5.4.2.1 Voorbeeld van beplanning van 'n eenheidstandaard

Konsep van 'n eenheidstandaard:

Subeenheid Genesingsbediening: Die multidimensionele pastoraal-ekumeniese hantering van 'n *ukuthwasa*-geval (DDLL 1996:28).

| | |
|---|---|
| Vlak | 5 |
| Krediet | 3 |
| *Einddatum vir kommentaar* | |
| Vervaldatum | |
| Subveld | Genesingsbediening |
| Doel | Die student moet in staat wees om tradisionele, bedieningskundigheid en – vaardigheid, wetenskapskennis en/of kategorieë rakende mediese, psigologiese, emosionele, psigiatriese toestande te verbind. Die persoon moet in staat wees om die simptome te beskryf en ware oorsake te speur, asook die van verwante gevalle in die praktyk te hanteer. Die eenheidstandaard kan gebruik word om 'n krediet(e) toe te staan vir leerderuitkoms na aanleiding van 'n program gebaseer op vlak 5 van *Profete-opleiding* van die Didaché-kurrikulum. |
| Intree-inligting | Oop |
| Akkreditasie-opsie | Evaluasie van dokumentasie deur SAKO |
| Modereringsopsie | Evaluasie van die dokumentasie deur die OOGO (Teologie). |
| Aantekeninge | Genesingsbediening vir leraars en profete van die AOK. Die eenheidstandaard is 'n subeenheid van die tema *Profete-opleiding* van die Didaché-kurrikulum.<br>- Die program kan gebruik word om 'n deel van die leeruitkomste te bereik wat beskryf word in Didaché se program vir die opleiding van profete en leraars van die AOK. |
| *Elemente en prestasiekriteria*<br>*- Element 1* | Kennis te hê van die meeste tipiese siektes/ongesteldhede wat in 'n tipiese genesingseremonie of praktyk teëgekom word. Die student moet in staat wees om:<br>A. Siektes/ongesteldhede te beskrywe van die gesigshoek van tradisionele Afrika-denke.<br>B. Dieselfde siektetoestande van die gesigspunt van mediese en psigologiese wetenskappe te beskrywe. |
| *- Element 2* | Kennis van moontlike oorsake van die siektes genoem met die doel om relevante metodes van behandeling en bediening te ontwikkel. Die student moet in staat wees om: |

[238] "Skills and proficiencies (knowing how to do something): SAQA 1997(a) lists the following items: problem identification and problem solving, co-operation, self-organisation and self-management, dealing with information, communication, the application of science and technology, a holistic world view." (UP 1999:7).

| | |
|---|---|
| | A. Simptome van psigotiese en neurotiese gevalle op te noem.<br>B. Tipiese omstandighede en/of oorsake wat verband hou met neuroses en psigoses in 'n groepsbespreking te beskryf, asook die korrekte pastorale benaderings in gegewe voorbeeldgevalle. |
| *- Element 3* | Die ontwikkeling van praktiese vaardighede in die hantering van 'n *uku-thwasa-*, *ufufunyane-* of ander derglike gevalle in lys. Die student moet –<br>A. Die simptome van die spesifieke geval so te kan beskryf dat die siektetoestand uitgeken kan word.<br>B. Die verskillende maniere te kan beskryf waarop die siektetoestande gehanteer kan word:<br>TAG<br>Profetiese genesing<br>Westerse genesing.<br>C. Terugvoer gee oor hoe hy die spesifieke geval in terme van 'n genesingsbediening en pastorale berading hanteer het:<br>• Die stappe in die hantering van die geval moet beskryf word en rekenskap moet gegee word van die verskillende elemente en funksies van heling, ondersteuning en begeleiding as deel van diakonia, koinonia respektiewelik.<br>• Evalueer dit teen die agtergrond van koinonia, diakonia en kerugma.<br>D. Aan te toon in watter mate transformasie in terme van 11.5.4.2 plaasgevind het –<br>• by die siektegeval en die profeet<br>• by die familie. |

## 11.6 OORBRUGGING EN INTEGRASIE

### 11.6.1 Die model van Onderwys en Opleiding

Wanneer daar getrag word om teologiese opleiding van AOK-leiers by die globale struktuur van die NKR in te skakel, moet die volgende verwysingsmodel in ag geneem word:

| NQF Level | Band | Types of Qualifications and Certificates | Location of Learning for Units And Qualifications |
|---|---|---|---|
| 8 | Higher Education | Doctorates<br>Further research Degrees | Tertiary/Research/Professional Institutions |
| 7 | | Higher Degrees<br>Professional Qualifications | Tertiary/Research/Professional Institutions |

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| 6 | and<br>Training<br>Band | First Degrees<br>Higher Diplomas | Universities/Technikons/Colleges/ Private/Professional Institutions/ Workplace, etc. | | |
| 5 | | Diplomas<br>Occupational Certificates | Universities/Technikons/Colleges/ Private/Professional Institutions/ Workplace, etc. | | |
| **Further Education and Training Certificates** | | | | | |
| 4 | Further<br>Education<br>and<br>Training<br>Band | School/College/Training Certificates<br>Mix of units of all | Formal High schools/ Private/ state Schools | Technical Community/ Police/ Nursing/ Private colleges | RDP and Labour Market schemes/ Industry Training Boards/ Union/ Workplace etc |
| 3 | | School/College/Training Certificates<br>Mix of units of all | | | |
| 2 | | School/College/Training Certificates<br>Mix of units of all | | | |
| **1 = General Education and Training Certificates** | | | | | |
| | General Education and Training Band | **Senior Phase** — ABET Level 4<br>**Intermediate Phase** — ABET Level 3<br>**Foundation Phase** — ABET Level 2<br>**Pre-School** — ABET Level 1 | Formal Schools/ (Urban/ rural/ farm/ special) | Occupation/ Work-based training/ RDP/ Labour Market schemes/ Upliftment programmes/ Community programmes | NGOs/ churches/ Night schools/ ABET programmes/ Private providers/ Industry training boards/ Unions/ Workplace etc. |

Hiervolgens word gewone teologiese opleiding gesien word as behorende tot die vlak van Hoër Onderwys en Opleiding. In die geval van die AOK bevind die meeste studente hulle egter op OO-vlakke 1-6. In die geval van vlak 1 word daar spesifiek gedink aan ABET 1, vanweë die soms ontoereikende skolastiese agtergrond van kandidate. Die meeste kandidate bevind hulle egter op vlakke 2-4 (teologiese kolleges en Bybelinstitute). Die NKR het as ideaal om alle onderwys en opleiding in 'n globale OO-raamwerk in te pas en erkenning daaraan te verleen. Krediete wat verwerf word, word erken en in aanmerking geneem by verdere studie. So word herhaling uitgeskakel.

**Kursusindeling**:

Tweejarige diploma in Teologie (gelyk aan 10 krediete[239])

Een jaar gevorderde diploma in Teologie (gelyk aan 4 krediete)

In die volgende uiteensetting word aangedui hoe die tweejarige diploma oor drie jaar versprei kan word. (Uiteraard kan dit ook oor 'n langer periode versprei word).

| | *Totale aantal modules* | *Leerure per module* | *Krediete per module* | *Krediettotaal* |
|---|---|---|---|---|
| **Eerste jaar** | | | | |
| Eerste semester | 4 | 350 (700 pp) | ±10 | 4 x ±10 = 40 |
| Tweede semester | 8 | 700 (1400 pp)[240] | ±10 | 8 x ±10 = 80 |
| **Tweede jaar** | | | | |
| Eerste semester | 12 | 1050 (2100 pp) | ±10 | 12 x ±10 = 120 |
| Tweede semester | 16 | 1400 (2800 pp) | ±10 | 16 x ±10 = 160 |
| **Derde jaar** | | | | |
| Eerste semester | 20 | 1750 (3500 pp) | ±10 | 20 x ±10 = 200 |
| Tweede semester | 24 | 2100 (4200 pp) | ±10 | 24 x ±10 = 240 |

'n Kwalifikasieliggaam moet egter besluit aan hoeveel krediete daar by 'n volwaardige teologiese kursus moet voldoen word. So kan besluit word dat daar aan minimum 240 krediete voldoen moet word vir 'n Diploma in Teologie. Dit kan verder besluit op watter vlakke dit bereik moet word soos – aan minimum 50 moet op vlak 5 voldoen word en minimum 150 op vlak 6.[241]

'n Nasionale Diploma in Teologie kan toegestaan word waarvoor die NSL (Afrikaans vir NSB: "National standard body") 240 krediete voorskryf. Die NSL vir veld 07 mag stipuleer dat 110 van hierdie krediete verpligtend is (byvoorbeeld 30 vir OT, 30 vir NT, 20 vir Dogmatologie (insluitend Ekklesiologie), 20 vir Praktiese Teologie (5 vir 'n bediening in genesing) en 10 vir Sendingwetenskap. 'n Minimum van 'n verdere 80 krediete kan uit verwante subvelde geneem word soos (10 krediete uit kode 06-kommunikasiestudies en tale of 07-Menslike en Geesteswetenskappe geneem word. Die res (50 krediete) kan uit enige van die subterreine geneem word tot op vlak 3 (DDLL T NQF 1996: 41,61, 67).

## 11.7 DIE VRUG VAN NKR

Die waarde van die NKR vir teologiese opleiding is dat die kandidaat krediete kan opbou deur formele kwalifikasies. Krediete gaan nie verlore nie en kan oorgedra word. 'n Kandidaat wat by

239 Die krediet hier ter sprake is nie dieselfde as die vroeër genoem nie. COTEP ("Committee on Teacher Education Policy") se gebruik van die term "krediet" kom neer op 'n jaarkursus of ekwivalent daarvan. NASOP gebruik ook hierdie standaard. 'n Driejarige diploma (Laer Diploma) kan 10 van hierdie krediete verdien: 2 krediete vir elke vak oor drie jaar versprei, byvoorbeeld die volgende vyf vakke: NT en OT gesamentlik (= 2 krediete), Kerkgeskiedenis + Leer en lewenswandel (= 2 krediete), Praktiese Teologie (= 2 krediete: ½ krediet vir genesingsbediening; ½ vir pastoraat; 1 krediet vir prediking en evangelistiek), Wiskunde-Rekenaarvaardigheid (= 2 krediete), Engels (= 2 krediete), Landbou of enige praktiese vaardigheidsvak (= 2 krediete).

Dit behoort op hierdie vlak ook moontlik te wees om om die helfte aan die vereistes van sertifikaat en diploma te voldoen, vyf vir die teologiese diploma en vyf vir 'n sertifikaat op ABET 4-vlak. Vakke uit hierdie afdeling gekies, kan varieer soos gekies uit die terreine van 06 (kommunikasie en tale), 07 (menslike en gedragswetenskappe), 01 (landbouwetenskappe) ens.

240 Akkumulatief bereken.

241 Die vlakke hier genoem, moet nie verwar word met kursusjare nie.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



'n TOE-program betrokke is, kan byvoorbeeld by sy werk inskakel by 'n indiensopleidingsprogram. Die krediete wat verwerf word, kan wedersyds erken word en tot voordeel van die kandidaat dien.

Dit behels egter dat daar baie reëls en 'n goeie kontrolemeganisme die lig sal moet sien vir die kombinering van die soort opleiding wat by die AOK belangrik is (omdat hulle tentmakerbediening beoefen wat 'n sekulêre ervaring insluit).

NKR maak dit dus moontlik vir 'n student van die AOK om saans en naweke met teologiese opleiding besig te wees, terwyl hy by sy werk ook inskakel by opleiding. Die gekombineerde effek behoort hom beide in sy werk en bediening te bevoordeel. Die probleme van gedisartikuleerde sertifisering van kursusse wat in sekere voorgeskrewe pakkette met klousules verskans was (soos tot kort gelede nog van toepassing) het nie alleen baie kursusse ontoeganklik gemaak nie, maar daar kon ook nie kruisveld-krediete toegeken word nie (De Villiers en Young 1997:3).

Dit maak dit dus goedskiks moontlik vir 'n student om voorwaardelik by 'n teologiese kollege ingeskryf te wees, maar ook besig te wees om sy skolastiese prestasies tussen graad 5 en 10 af te handel (na aanleiding van Els 1997:38).

In die praktyk is dit ook moontlik dat 'n student wat byvoorbeeld die verpleërsberoep beoefen, van 'n kwalifikasieraad erkenning te ontvang vir opleiding wat hy vantevore deurloop het en dat 'n kurrikulum saamgestel kan word wat op sy profiel afgestem is. So kan oorvleueling uitgeskakel word en die meeste gemaak word van sy opleidingstyd.

## 11.8 EVALUERING:

### 11.8.1 NKR en prestasie

NKR staan vir 'n visie dat die opleiding meer leerdergeoriënteerd is en minder dosent- (of onderwyser) georiënteerd. Die student word nie meer aan die dosent of onderwyser se persoonlike smaak uitgelewer waar oordrewe prestasie van die student verwag word om die onderwyser goed te laat lyk nie. Die klem word meer op die uitkomste en uitsette geplaas as op die prestasie van die leerder. Dit behels verder dat die meet teen die kandidate onderling en onderskeidings as doel nie groothede insigself word nie, maar die praktyk word as die norm aanvaar. So kry studente ook meer as een kans om die uitkoms te bereik. Die klem word nie op mislukking en afwysing gelê nie, maar op verbetering van vorige prestasie van die student (DDLL T NQF 1996: 30-31).

### 11.8.2 Problematiek en kritiek

Kritiek wat ingebring kan word, is die volgende:

Dit moet goed begryp word dat enige opleiding wat leerdergeöriënteerd is en op uitkomste afgestem is, nuwe en selfs hoë eise aan die dosent of onderwyser stel. Dit kan selfs nodig wees dat sulke onderrigpersoneel heropgelei sal moet word (Els 1997:37). Dit kan veral die geval wees omdat fasilitering 'n baie belangriker rol begin speel as die dissiplinêre onderwyser-skolier-verhouding. Hierdie toedrag sal egter minder blyk 'n probleem te wees by die TOE-model wat reeds grootliks met die metodes van fasilitering en resultaatgedrewe opleiding werk.

Morton Kelsey (1992:210) wys verder hier op 'n wesenlike gevaar wat teenwoordig is in die Noord-Amerikaanse konteks naamlik dat die eenheidswaardes of krediete wat aan vakke toegeken word, bepaal dat daar aan sekere vermoë en standaarde voldoen moet word. Volgens hom waarborg dit nie die integriteit ten opsigte van vereistes en beoordeling van die vak nie, omdat elke instansie sy eie rasionaal aan die dag lê vir die bepaling van die integriteit.

### 11.8.3 Integriteit

Die NKR erken dit self in hulle bulletin dat alhoewel hulle nie insetgeoriënteerd wil wees nie, werk hulle tog met 'n tydskonsep om waardes te meet om só krediete toe te ken waarvan die somtotaal gelyk is aan 'n eenheid. Daar is ook ingebedde, vooraf-kennis noodsaaklik vir die bereiking van die uitkoms, maar wat nie net deur die uitkoms alléén gemeet kan word nie. Dit is duidelik dat daar ander metodes van meting aanvullend tot die van uitkomsgerigte meting moet wees om so geloofwaardigheid en integriteit te verleen (na aanleiding van SAQA 1997:9-10). (Sien standaardeenheid om die problematiek te oorkom onder 11.5.4.2.1).

Volgens PJ Theron moet teologiese opleiding gelykwaardige geleenthede daarstel sowel as ongelykwaardigheid probeer uitstryk. So moet aan die vorige ervaring erkenning gegee word in opleiding (Theron 1995:50). Die NKR lê die verpligting op diegene wat die opleiding aanbied, om dit na te streef.

### 11.8.4 Eenheid en pluraliteit

Kelsey (1992:210) wys ook daarop dat die dialektiek van eenheid en pluraliteit in teologiese opleiding nie losgelaat kan word nie en dat die gevaar is dat jy vir een kies ten koste van die ander. Die NKR-model sal net werk as die twee beginsels van pluraliteit en eenheid gelyktydig gehandhaaf kan word. Dit impliseer dat 'n multidimensionele opleiding nie mag verword tot 'n fragmentasie in kurrikulering nie en dat die integriteit in die eenheid nog gehandhaaf moet word. Ook sal dit slaag as die kwalifisering met baie ander sekulêre en aanverwante vakkeuses nie met sodanige vryheid toegelaat word dat dit in botsing kom met die integriteits- en geloofsbeginsel nie.

Na my mening was die gevare wat geopper word, nog altyd by alle teologiese opleiding aanwesig. NKR verteenwoordig egter 'n nuwe kreatiewe poging om met die uitdagings van standaarde, eenheid, pluraliteit en kruisveld-akkreditasie erns te maak.

### 11.8.5 Integriteit gekontroleer

Integriteit sal in alle kurrikulering van teologiese opleiding aan die hand van drie basiese vrae getoets kan word:

- Is dit teorie wat uitmond in praktyk?
- Is die opleiding getrou aan sy selftoegeskrewe karakter van geloof en getrouheid aan God?
    - Verdiskonteer die kurrikulum die nuwe omstandighede en konteks? Hoe geloofwaardig is 'n teologiese opleiding wat op 'n kurrikulum gebaseer is wat vir 'n dekade of wat nie verander het nie?

'n Verdere vraag wat gevra kan word, het te doen met die integriteit en geloofwaardigheid van 'n opleiding wat hom roem op akademiese uitnemendheid, terwyl sy oud-studente 'n onrusbarende uitvalsyfer in die bediening vertoon, baie beroepafwagtendes sonder werk en inkomste is, ofskoon baie gemeentes vakant mag wees.

Om hierdie dilemmas hok te slaan, sal daar in kurrikulering 'n duidelike afstap van die klerikale bedieningsmodel na 'n meer beroepsgerigte model moet plaasvind. Daar sal egter moet gewaak word teen fragmentasie en pluralisme wat ook die gevolg van 'n multidimensionele opleiding kan wees. Daar kan dus 'n gebrek aan integriteit ontstaan. Die normatiewe kan ook skade ly, wat die kandidaat die basis en vermoë tot gefundeerde kritiek ontneem.

Die gevaar in die kurrikulering van die NKR blyk te wees dat daar aan die een kant eensydig vanuit die konteks gekurrikuleer word of aan die ander kant eensydig vanuit die kurrikulering gedeponeer kan word sonder die raadpleging van die konteks. Edward Farley (1989:164) wil soos Kelsey na aanleiding van Schleiermacher ook die beginsels van waarheid, geloof en nor-

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



matiewe kritiek as vereistes stel om teologiese opleiding teologies te maak, en wat in hierdie opsig die integriteit van die eenheidsbeginsel dien.

Soos Kelsey kies hy vir 'n dialektiese metode en in die praktyk kom dit daarop neer dat hy twee teologiese modelle van kurrikulering teenoor mekaar stel naamlik (1) die pedagogiese model wat die klem op die teorie ten koste van die praktyk lê en (2) die omgekeerde model *van die situasie na die vakdissipline*[242] wat dieselfde fout begaan om die skeiding tussen teorie en praktyk te maak. Dit is 'n gevaar wat die NKR ook bedreig. Dieselfde gevaar bedreig enige kurrikulummodel of dit die TOE-model,die klassieke residensiële modelle, die Berlynse model of die Atheense model is.

Die dilemma van kurrikulering bring dus die hele debat van wat teologie is en wat dit teologies maak na vore (Farley 1989:171). Farley wys op die verstaan van teologiese opleiding deur drie matrikse of modi van teologiese verstaan. Dit is (a) die wat deur die kulturele situasie van die gelowige bepaal word, (b) die van die kerklike ampte en (c) die matriks van "inquiry in scholarship" wat die variasie van veranderde denke oor die eeue in aanmerking neem en kandidate toerus om in meer as een konteks aan te pas of te funksioneer (Farley 1989:158).

Dit is egter hier waar gevaarligte ook by SAKO flits, omdat hulle ook maar weer 'n oorsese model kan probeer oorplant sonder die inagneming van die behoeftes in die konteks. Die model en formaat, asook die tegniese vereistes wat SAKO stel, vra baie kundigheid waarvoor daar dalk nie genoeg persone en kundiges in praktyk is nie.

## 11.8.6 Oplossing uit die dilemma: vernuwing

Farley (1989:167) stel nie 'n spesifieke kurrikulum voor nie, maar wil ons in die regte rigting wys, naamlik om nie net wetenskap te laat vernuwe nie, maar om die spektrum van matrikse van waardes en doelwitte self te oorsien en te rehabiliteer. Farley wil hê dat ons ook die huidige Westerse kurrikuleringsmodel krities moet bedink en geen verabsoluterings in metodiek sal aanvaar nie, dat selfkritiek deel van ons bestaan sal wees.

Hier het die NKR 'n groot stap vorentoe geneem. Die grootste winspunt in NKR lê daarin dat alle studie (ook teologiese studie) gedemokratiseer en toeganklik gemaak word. In die verlede was teologie 'n elitistiese bedryf. Persone wat nie aan die nodige voorvereistes voldoen het nie, het nie volle toegang tot teologiese opleiding gehad nie. Die aanvaarding van die NKR se filosofie bring 'n afstap van die klerikalistiese opleidingsmodel na die pedagogiese model mee wat teologiese opleiding vir alle lae oopstel, selfs tot op die profetevlak (in ooreenstemming met Farley 1989:196). Dus is daar gelyke beregtiging.

'n Probleem wat reeds na vore gekom het, is dat die NKR van die veronderstelling uitgaan (vgl *Learning Area for Life Orientation*) is dat godsdiensvryheid godsdiensspesifieke vorming uitsluit (byvoorbeeld in godsdiensonderrig op skool). Dit beteken onder andere dat sake soos vooroueraanbidding nie aangespreek kan word nie. In hierdie verband wil J van Niekerk (1997: 124) 'n stem laat hoor dat kurrikulering in godsdiensonderrig, net soos teologie, ook 'n probleemoplossende en remediërende funksie moet hê. So sou daar in skole vir sekere groepe gekurrikuleer word om vir partikuliere norme in 'n groep voorsiening te maak. So sou voorouerverering byvoorbeeld aanvaar word, maar hekseverbrandery ontmoedig word. Derhalwe sal dit volgens Van Niekerk al hoe moeiliker raak om objektief te kurrikuleer (Van Niekerk 1997:126).

Dit sal die spanning inhou tussen godsdiensvryheid aan die een kant en vormende opleiding aan die ander kant. Laasgenoemde word maklik as indoktrinerende opleiding gebrandmerk.[243]

---

242 Die vertrek vanaf die situasie na die vakdissipline is duidelik die model waarin die konteks die grootste sê het en wat die gevaar inhou dat kurrikulering van kerkopbou van onder na bo alleen te doen.

243 Die Kairos-dokument het as agenda vir die profetiese teologie gestel om onder andere kurrikulering toe te spits op en af te grens tot 'n politieke strategie "based upon a clear political and social analysis" waarin daar geen ruimte gelaat word vir ander

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Dit is uit talle studies duidelik dat die teologiese opleiding van profete nie kurrikulêr-beleidsmatig bedink kan word sonder om godsdiensonderrig op skole daarby te betrek nie (Van Niekerk 1997:133,151). Daarmee word nie bedoel dat godsdiensonderrig op die basis van verpligte onderwys 'n teologiese opleiding in die kleine probeer wees nie. Godsdiensonderrig moet in elk geval altyd op die basis van vrywilligheid geskied (na aanleiding van Van Niekerk 1997a). Die raakpunt lê daarin dat die NKR-filosofie so verstaan kan word dat beide godsdiensonderrig en teologiese opleiding in terme van 'n wetenskaplike paradigma plaasvind wat veronderstel is om subjektiewe geloof en denominasionaliteit te bowe te gaan. In Farley (1989:196) se woorde: "The reason is simply that theologia, a dialectical reflection which presides over faith's self-conscious and critical response to the world, is the heart and soul of any Christian paideia." Slegs waardes wat met die openbare konsensus (en ideologie) ooreenstem, mag dan ingeprent word.

Samevattend sal dit jammer wees indien die klem so sterk op akademiese en beroepsgerigte opvoeding geplaas word dat formatiewe en waarde-remediërende opleiding as minder belangrik beskou word.

Aan die ander kant hou NKR 'n voordeel in wat daarin geleë is dat die sisteem oop is vir vernuwing en dat dit die klem lê op die antwoord wat uit die konteks moet kom deur dialoog, kritiese denke en refleksie eerder as die bloot kognitiewe opname van vooropgestelde kennis waar die teorie en praktyk dikwels verskil (Els 1997:38, Theron 1995:49). Dit vorm natuurlik 'n teenstelling met wat hierbo beskryf is.

NKR het om integriteit te handhaaf 'n raamwerk daargestel, met die volgende beginsels:

1. Die integrasie van die opleiding en opvoedkunde met die oog daarop dat die gaping in teorie en praktyk oorbrug word.
2. Geloofwaardigheid van prosesse van standaardvasstelling.
3. Die deursigtigheid in prosesse, en talle reëls en maatreëls van kwaliteitversekering (DDLL T NQF 1996:34 en 61). Die gevaar is dat daar in reëls opgegaan word en dit maar weer abstraksie veroorsaak. Hier sal refleksie uit die praktyk van kardinale belang wees.

Laasgenoemde sal altyd die paradoks moet verreken van vryheid in 'n demokrasie, maar ook gebondenheid aan reëls van integriteit.

kennisoordrag en kurrikuleringsmetodes as dié wat radikale verandering in strukture tot gevolg het nie. Hiervolgens word die kurrikuleringsmodel bepaal deur die kies en herinterpretasie van stof in terme van radikale revolusionêre aksie alleen (Venter 1986:12-25).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# Hoofstuk 12

# REFLEKSIE: DIE TEOLOGIESE OPLEIDING VAN PROFETE EN LERAARS TEEN DIE AGTERGROND VAN KERKLIKE OPBOU

In hierdie hoofstuk word probeer om tot 'n finale model te kom aan die hand van refleksie oor opleiding- en kerkopboumodelle, soos bespreek en in die praktyk beproef. Dit kom neer op die integrasie van die ekumeniese, multi-dimensionele opleidingsmodelle (gerig op die profeet en die leraar) met die ekumeniese kerkopboumodel, met die klem op kerugma, diakonia en koinonia. Dit is nie finaal in die sin van afgesluit nie, omdat kontekstualisering 'n voortgaande proses is.

Die proses wat hier beskryf word, is die dubbele refleksie waarmee in die praktyk van die navorsing begin is.

## 12.1 KERUGMATIESE, KOINONIALE EN DIAKONALE VERTREKPUNTE – SINKRONIES EN DIAKRONIES BENADER

Die multi-dimensionele, ekumeniese opleidingsmodelle van profete en leraars wat vroeër bespreek is, was daarop gemik om die AOK indirek na kerkopbou te lei. Hulle is min of meer aan die hand van die volgende indeling bespreek:

- Opleiding met die oog op amptelike leierskap
- Gawe-geöriënteerde opleiding georganiseer aan die hand van en gefokus op diakonia, kerugma en koinonia (persoonlik en situasioneel)
- Kerkopbougerigte opleiding en vorming – vaardighede en persoonlike karaktertrekke.

Daar is ook gewys op die noodsaaklikheid om twee perspektiewe of aksies gelyktydig aan die orde stel, naamlik verchristeliking en inkulturasie (Sundkler 1961:191).

Dit was nogtans beperkte modelle om die volgende redes:

- Die begrip kerkopbou waarmee ons werk, gaan tog in 'n sekere mate uit van die "ideële kerk" soos wat ons ons dit op grond van die Skrif sou voorstel (teties en antiteties – vergelyk ook voetnoot 119) (Bavinck 1954:146)
- Teologiese opleiding kan kerkopbou slegs indirek dien. Uiteindelik is dit die AOK self wat kerkopbou moet beoefen en kontekstualiseer aan die hand van hulle eie interpretasie en uitdrukking van kerkwees.
- Kerkopbou is 'n medium- tot langtermynproses. Om hierdie rede kan die modelle nie uitvoerig in die praktyk getoets word nie.
- Die probleem met al hierdie modelle was dat alhoewel hulle die problematiek van die kontekstualisering van teologiese opleiding en kerkopbou aangespreek het, hulle die dialektiek tussen teorie en praktyk, woord en konteks, kerk en kultuur nie genoegsaam kon verreken

nie. (Daar is ook nie 'n moontlikheid om die wisselwerking tussen genoemde sake oor 'n bevredigende periode na te gaan nie). In hierdie verband is 'n dubbele beweging ter sprake waaraan aandag gegee moet word: Bosch noem dit "inculturation of Christianity and the Christianization of culture." (Bosch 1993:454; ook Kraft 1979:280, Pobee 1979:80).

Nietemin is probeer om die beginsels van kerkopbou en 'n Bybelse genesingsbedieningsbeginsels te kontekstualiseer in eksperimentele kortkursusse (soos weergegee in die eksemplariese stof[244]). So is daar probeer om kerkopboubeginsels in AOK- of tradisionele terme (solidêr-krities) te aktualiseer (teties-antiteties en sinkronies-diakronies). Die dubbele werking / wisselwerking / groeiproses het hierna begin.

Indien die modelle vir die opleiding van profete en leraars met mekaar vergelyk word, sou bevind word dat daar 'n oorvleueling in die koinoniale aspek is. Dit is dan ook die gemeenskaplike veld wat hierdie twee rolle tot dialektiese interaksie dwing.

Die koinoniale sou op sy beurt ook weer in twee komponente onderskei (maar nie geskei) kon word, naamlik kerkopbou en kontekstualisering. Die tradisionele begrip *ubuntu* speel hierby 'n belangrike rol vir sover dit vir verchristeliking vatbaar is.

Ons kan dit voorstel met kerk en kultuur wat mekaar iewers in die middel moet ontmoet om 'n osmoties-organiese balans daar te stel. Dit is egter die ware gekontekstualiseerde Bybelse koinonia wat hierdie balans bring – in die praktyk met die Temba-Winterveld profete is gesien dat die kontektualisering van koinonia 'n sleuteldimensie uitmaak in kerkopbou. En dit is ook 'n belangrike sleutel tot opleiding.[245] Vervolgens is van koinonia gebruik gemaak om die *notae ecclesiae* te kommunikeer of die betekenis daarvan te aktualiseer. Vanuit die intensie van kerkopbou is koinonia die dimensie wat sorg dat *ubuntu* verchristelik word.

## 12.2 KERKOPBOU EN KONTEKSTUALISERING

### 12.2.1 Christologie

Ten opsigte van die Christologie het ons gesien dat daar kerke is wat neig om die voorouerkultus as 'n Christelike kultus te beoefen, met Christus self as 'n voorouer gesien. Die ander soos die Moshoehoe Kerk in Lesotho (en Matitta se MBBRC) distansieer hulle totaal van voorouer-aanbidding. Vooroueraanbidding is anti-Christus by sommige groepe, eerder as anti-God (Nussbaum 1984:57).

Die ontoepaslikheid en/of vreemdheid van geloof in sulke gevalle skryf Nussbaum (1984: 260) toe aan die feit dat die sendelinge te piëtisties en a-histories was in leer en verkondiging. Christus moet volgens hom meer gekontekstualiseer word om die dualisme oorkom:

> The AIC will not settle for an other worldly religion and their lack of emphasis on Christ has shown that Western Christology defined him too much in otherworldly terms. He must be brought down for that is the centre of African religion.
>
> (Nussbaum 1984:260)

Hy maak dan ook die voorstel dat Christus in die kategorie van die *ouer broer* aangebied moet word, eerder as die Bybels-Westerse beeld van *verlosser*. Dit kan dan as 'n Bybels-koinoniale kategorie beskryf word. Alhoewel mens dit sou wou aanvaar, maak Nussbaum nie

---

[244] Vergelyk Inleiding vir verduideliking van die eksemplariese stof (par 1.3.1.4.7.1, p 25).

[245] Die ekumeniese-genesingsmodel en die multidimensionele, ekumeniese kerkopboumodel vir leraars is ook in wese koinoniale modelle. Die begrip koinonia betrek al die prosesse van kontekstualisering, kommunikasie, inkulturalisering, dissipelskap (marturia) die oorbrugging van teorie en praktyk, herderlike omgee en ekumene. Koinonia is by uitstek die katalisator wat die *dubbele werking* in kontekstualisering en kerkopbou laat plaasvind. (Vgl par 8.4.7, p. 190, vir profete en par 10.5.6, p 237, vir leraars, sowel as die eksemplariese stof, vgl aanhangsels ).

genoeg van die beginsels van en spanning tussen kontinuïteit en diskontinuïteit nie. Sy latere werk probeer hierdie gaping vul as hy van die sogenaamde narratief-diakroniese metode gebruik maak, wat 'n oorsig oor die Skrif behels, maar ook op so 'n wyse dat daar van die AOK se kant aan die heilsgeskiedenis deelgeneem kan word met die oortreffing van TAG en transformasie in Christus. Dus eers identifisering, maar dan ook deelname aan die volk van God as korporatiewe gegewe op grond waarvan almal van die bloedlyn van Christus sy erfgename word sonder verdienste. Die korporatiewe metafoor van familie of troonopvolging is volgens hom die mees doeltreffende metafoor op grond waarvan die verlossing as vrye genade tuisgebring kan word (Nussbaum 1987:186).

Daar is tog die ervaring dat teologiese opleiding by baie inheemse en onafhanklike groepe of kerke 'n transformasie ten opsigte van die Christologie te weeg gebring het. Die insig dat die Here Jesus God was wat mens geword het soos wat die AOK 'n "koning" het wat mens is (alhoewel van "koninklike" afkoms) het eerw Goredema van die Shonas voortdurend ontwyk, totdat hy die teologiese opleiding van Fambidzano deurloop het. Laasgenoemde het met die kontekstualisering van die evangelie en kerkopbou daarin geslaag om die besef van God se nabyheid (al bly Hy anders en ver) in Christus te aktualiseer en tuis te bring. Die Logos het vir hulle deur die kontekstualisering van teologiese opleiding baie naby gekom (Daneel 1989:330). Pobee maak melding dat kontekstualisering ook sodanig is dat dit 'n ekspressie is van die benadering wat God gebruik het om uitdrukking te gee aan menswees in sy omgang met die mens (Hiebert 1997:4).

Dit was ook my ervaring dat die Temba-Winterveld-profete baie positief gereageer het op 'n koinoniale onderrigaanbieding, asook op die uitnodiging om deel te neem aan die refleksie oor die kursusse en dat hulle insette waardevol geag word. Hulle het teologiese opleiding as iets meer as net boekekennis ervaar – ook die teenwoordig stel van Christus self. Gekontekstualiseerde teologiese opleiding kan as 't ware as 'n *ikoniese geleentheid* benut word om iets van Christus se verlossing te aktualiseer (Becken 1985:61, Sundkler 1976:193).

Volgens Crafford (1973:43) sal die AOK wat nie altyd 'n goeie kerkbegrip het nie, met 'n goeie teologiese opleiding moeiliker 'n Swart Teologie en 'n Swart Messias aanvaar.[246] Dit gaan egter oor 'n identiteitskrisis wat by die AOK aangespreek word en waarby aangesluit moet word by wyse van kontekstuele verstaan en soeke na balans. Indien daar in die konteks van die Romeine-brief van Jesus Christus as die *tweede Adam* gepraat word, kan daar seker in dieselfde korporatiewe sin van Christus gepraat word as die *oudste broer* wat ons vooruitgaan, sonder die negatiewe konnotasies van vooroueraanbidding. Die korporatiewe metafoor sal egter gevul moet word met die inhoude van die Bybelse koinonia om die toets te deurstaan. Hier oorreageer iemand soos Van Aarde (1994:359) as hy die beeld van die oudste broer per se as universalisties vertolk. (Vergelyk ook Ladd 1974:421).

## 12.2.2 Doop, nagmaal en begrafnis

Deurdat assimilasie en integrasie by die AOK van toepassing is, tref 'n mens die verskynsel aan dat tradisionele rites, praktyke en simbole aangepas en herinterpreteer word ten einde kontinuïteit met Bybelse rites, praktyke en simbole te verkry. Die sogenaamde Jordaandoop is 'n goeie voorbeeld. Dit is al vanuit verskillende hoeke beoordeel en dikwels veroordeel, omdat die konteks nie in ag geneem is (Turner 1983:14-15). Die meeste kritici is ook afkomstig uit kringe waar die gedagtes van verinheemsing en inkulturasie nog vreemd is.

---

246 Daar sal moet onderskeid gemaak word tussen die kontekstualisering van Swart Teologie wat 'n Swart Messias voorstaan wat revolusie predik en wat sy ontstaan in Amerika en Afrika gehad het. Dit behels ook 'n teologie met 'n bewuswording van die tuiste van unieke geloofsbelewing en self-teologisering. Dit sal ook afgegrens moet word van Afrika-teologie en Westerse teologie (Kato 1975:48, 55).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Een van die vrese wat in die kritiek na vore kom, is die van sinkretisme en dat gebruikmaking van tradisionele rites, praktyke en simbole 'n terugkeer verteenwoordig na magie en die heidendom. Dit kan egter ook anders verstaan word.

So byvoorbeeld die simboliek rondom die doop. Alhoewel algemeen beweer word dat die Afrika-mens nie 'n toekomsvisie het nie, blyk die teenoorgestelde by sommige AOK se doopgebruike. Daar word byvoorbeeld na die ooste gebuig as uitdrukking van hulle verwagting dat die lewenddooies sal opstaan. Die lewenddooies word gevul met nuwe inhoud vir sover daar verwagting is van 'n huidige en toekomstige verlossing in Jesus Christus (Daneel 1984:76).

Dit is bekend dat daar rondom die nagmaal in die AOK groot simboliese kreatiwiteit teenwoordig is. Die Sothovolke neig byvoorbeeld om ongesuurde pap in die plek van die brood te gebruik (Oosthuizen 1979:124). Dit kan in 'n dubbele sin verstaan word: skakeling met tradisionele simbole en handelinge (by wyse van verinheemsing), maar ook verdieping en verchristeliking. Verskeie skrywers debatteer oor die vraag of daar wel konfrontasie met TAG plaasvind al dan nie (Oosthuizen 1979:120-129). JP Kiernan (1980:131) sien die nagmaal by die Sioniste as iets wat nie kommunaal (stamverbonde) is nie, maar eksklusief en inklusief is: eksklusief ten opsigte van die belydenis van sonde met afstand van die nog wêreldse gelowiges, en inklusief vir sover dit 'n ekumeniese geleentheid is saam met ander Sionistiese gelowiges. So het die nagmaal volgens JP Kiernan (1980:125) selde die magiese konnotasie wat kritici daaraan wil heg en vind daar inderdaad konfrontasie plaas (ook Oosthuizen 1979:120). Die feit dat nagmaal nie so gereeld bedien word nie, dui ook daarop dat dit in die meeste gevalle nie 'n magiese rol speel nie.

Aan die ander kant kan dit sekerlik nie ontken word dat daar AOK is (veral dié wat geïsoleerd en geheimsinnig funksioneer) waar die tradisionele en magiese voorop staan nie.

Nog 'n begrip, naas verinheemsing en inkulturasie, is Christelike transformasie. Ook hierna moet gekyk word wanneer oor die nagmaalsgebruike van die AOK gehandel word. Die toetssteen is koinonia en vraag in watter mate koinoniale transformasie plaasgevind het (Jansen 1968: 70). Indien wel, kan die nagmaal byvoorbeeld as 'n katoliek-ekumeniese geleentheid beoordeel word.

Begrafnis speel tradisioneel 'n belangrike rol in die lewe van die Afrika-mens. Daar bestaan ook 'n menigte van handelinge en simbole wat hiermee verband hou.[247] Die begrafnis bied dus 'n goeie geleentheid om inkulturasie en Christelike transformasie waar te neem.

By die Temba-Winterveld-studiegroep het dit daarop neergekom dat dit vir hulle by begrafnisse al minder oor die verering van die dooie gaan en meer oor die prediking van die Woord. Dit dui onder andere daarop dat daar 'n groter erns met die eise van die Skrif gekom het en die rol van die profeet-prediker. Daar is meer 'n diakonale (offervaardige) dimensie in die liturgie en prediking gekommunikeer.

Dit blyk onder andere uit die antwoorde wat die Temba-Winterveld-profete op vrae in die evaluasie gegee het. So het hulle op die vraag of daar Christelike of tradisioneel-Afrika-godsdienstige konnotasies te heg is aan die ritueel om objekte in die kis te plaas, as volg gereageer: "Vir ons is dit duidelik dat hierdie gebruik nie noodwendig vooroueraanbidding is nie, maar dit hang af wat so iemand se motiewe is." In die opsig het die profete getransformeer na meer 'n gebalanseerde uitkyk.[248] Dit dui op die groot verskil wat selfs beperkte teologiese opleiding op die proses van inkulturasie en kerkopbou kan hê.

---

247 Vergelyk die eksemplariese stof vir 'n uitgebreide uiteensetting.

248 Volgens A Nculele het die ou tradisionele Zulu-koningshuis iemand gedood om die koninklike dooie te vergesel. Dit was vir hom net so buitensporig soos die gebruik van die Sotho-koningshuis om 'n hele huis in die vorm van 'n graf in te rig. Dit het vir hom egter uit balans geblyk (evaluering van A Nculele, J Mohlala en S Mothobi en andere). Sien ook die refleksie in aanhangsel wat in die stof opgeneem is (Sien par. 14.2.3.1, p 316 -14.2.3.4.1, p. 316).

### 12.2.3 Transformasie en teologiese opleiding[249]

Hier gaan dit oor die dubbele werking. Soos Daneel dit uitdruk: "A combination is important because it illustrates what the respondents themselves select from their Church tradition and from biblical studies." Hierdie gekontekstualiseerde refleksie kan in teologiese opleiding gesistematiseer word en kan tot groter insigte lei met betrekking tot die inkarnasie van Christus en tot groter transformasie en kerkopbou (Daneel 1989:332).

TOE het in die Temba-Winterveld-konteks as "reflection action reflection" meer probleemgesentreerd geraak en koinonia (as kontekstualisering) het meer ingebed geraak in die didaskalia (Snook 1992:31). Didaché alleen kan nie kerkopbou verseker nie. So 'n poging sou eensydig wees en sou nie dieselfde transformasie tot gevolg hê nie. Alhoewel Daneel (1989:332) verder as baie ander gegaan het in kontekstualisering, sou hy nog verder kon gaan tot die punt waar totaal wegbeweeg word van teoretiese boekmateriaal na kursusse wat uit geënkodeerde gesprekvoering bestaan ("encoded conversation") (Snook 1992:32).

Nogtans moet gewaarsku word teen 'n oormatige pendulumswaai na die praktyk met 'n onderbeklemtoning van die teorie. Die ander gevaar is pragmatistiese kerkgroei in getalle sonder die nodige teoretiese inbou van kerkopboubeginsels (Kornfield 1985:217). Hierdie is ook 'n dialektiek wat kreatief benut moet word tussen skolingsmetodiek en situasie-refleksie-metodiek (Kelsey 1992:210, vgl 14:8).

#### *12.2.3.1 Verskil in kontekste en metodes*

Dit wil voorkom of daar in teologiese opleiding nie altyd genoegsaam gelet word op die verband tussen konteks en metodiek nie en dat elke konteks sy eie gekontekstualiseerde metode-aanslag vereis nie. So verskil die metode van kontekstualisering van konteks tot konteks. Daar vind nie kontekstualisering en kerkopbou plaas buite die koinoniale opdrag van die Skrif nie. Dit is egter duidelik dat die kerke onderling baie verskillende praktyke volg en dat sekere groepe (dalk die meeste) die nagmaal nie as die mees prinsipiële gebeure in die liturgiese pakket beskou nie (Nussbaum 1984:245, Turner 1983:14-15).[250]

Die konfrontasie en opbou lê daarin dat die nagmaal nie 'n voortsetting is van die tradisionele gemeenskapsmaal nie, maar dat dit tog duidelike Bybels koinoniale trekke bevat. Dit geskied met simbole en simboliese taal wat lank nog onderbenut gebly het in teologiese opleiding, aangesien te veel Westers-abstrak en te teoreties te werk gegaan is. Teologiese opleiding het die verantwoordelikheid om kerkleiers van die AOK op te lei tot meer verantwoordelike hantering van simbole.

Die voorstel van PG Hiebert (1997:4) dat daar meer van Afrika-simboliek soos tromme en sang en beweging gebruik gemaak moet word, geld hier. Dit sal egter ook beteken dat die kontekstualiseringsbeginsel altyd deur die ordebeginsel van opbou in toom gehou moet word en geskaaf moet word. Die potensiaal vir konflik en wanorde in die erediens moet die teologiese opleiding noop om te soek na ware simboliek en beklemtoon die opboubeginsel van gees van onderskeid, maar ook die ekumeniese soek na simbole en vorme (Pobee 1998:14).

#### *12.2.3.2 Balans*

Daar word nie altyd in teologiese opleiding genoeg klem gelê op die noodsaaklikheid van balans tussen kontekstualisering en opboubeginsel nie. Die probleem met teologiese opleiding is dat dit die dinamiese waarheid en opbouende krag van kontekstualisering kan demp, omdat dit op teoretisering afgestem is. Waar die dinamiek van kontekstualisering egter per se nagestreef word

---

[249] Vergelyk ook 12.2.5.

[250] Daar word baie meer status aan die doop gegee. Vergelyk ook 9.5.4.1, p 203.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



sonder teologiese refleksie, bestaan die gevaar dat dit ydel, oppervlakkig en vals kan word (Hiebert 1997:4). Die spanning tussen die pelgrims- en die inheemse beginsel moet in kreatiewe balans benut word om mekaar aan te vul en te korrigeer.

Sommige teoloë het te ver na die verinheemsingskant toe oorgehel en kerkopbou te veel begin begrond op "primordial social (tribal) ties" (byvoorbeeld biskop Tucker, Bruno Gutmann en A Tippet (Sundkler 1960:57;102)). Sundkler wil in teologiese opleiding 'n balans soek tussen die radikale standpunt wat stamleierskapspatrone as vertrekpunt wil neem aan die een kant en aan die ander kant 'n antikulturele, piëtistiese benadering (Sundkler 1960:302, kyk ook Tippet 1969:91-94).

Kontekstualisering moet altyd gemeet word aan die *notae ecclesiae* van apostolisiteit[251] en katolisiteit[252] wat tegelyk as kerkopboubeginsels hanteer kan word. Pobee (1989:7-8) praat van die beginsels van selfontlediging (kenosis), bekleding (skenosis), dienskneg te wees, teken en sakrament van die koninkryk te wees. In hierdie opsig moet daar gewaak word teen die kerk of instituut wat 'n grandieuse Bastille is en wat nie in voeling is met sy konteks nie. Newbigin (1978:172,175) wys hier op die kontekstualisering van die Westerse kultuur *per se* sonder die inagneming van die dialektiese spanning dat daar ook 'n kontinuïteit en diskontinuïteit ten opsigte van die Westerse kultuur moet geld. Alleen so sal balans in kontekstualisering verkry word.

A Nculele van die Temba-Winterveld-profete het iets van die kontinuïteit en diskontinuïteit uitgedruk in sy evaluasie van begrafnisgebruike (vergelyk voetnoot 248). Daar het ook 'n mooi balans uitgekom met betrekking tot die dubbele werking van inkulturasie en verchristeliking, met die gevaargrense van omhelsing van TAG of stampatroon aan die een kant en kultureelontkenning aan die ander kant. Hieruit blyk dit ook dat die profete soek vir 'n balans tussen kultureelontkennende benadering en totaal oorhel na die TAG kant. Daar is byvoorbeeld besef dat die grafsteen wat in die plek van die rituele offers ná die begrafnis gekom het, nie net 'n akkulturatiewe gebruik is nie, maar dit het ook met Christosentriese inhoudgewing plaasgevind (Becken 1993:337). So is daar ook in die begrafnisprediking gepoog om aan al die dimensies van kerugma, leitourgia, diakonia en koinonia ewewigtige aandag te gee. Dit kom ook na vore in J Mohlala se berig dat weeskinders onder sorg geneem is na die dood. (Refleksie van Mohlala).

### 12.2.4 Magie en beskerming teen magie

Dit blyk dat die Shona van Zimbabwe neig om voort te gaan met die gebruik om 'n *nyanga* te raadpleeg met die oog op die teenwerking van siekte of magiese benadeling. Nogtans heg die Shona-pasiënte reeds ander konnotasies aan die "behandeling". Alhoewel hulle iets in die hand mag neem, word dit nou vergesel deur gebed en handoplegging. Dus het die simboliese objekte en handeling ook simbool geraak van geloof in Christus en is die suiwer tradisionele magie nie meer van toepassing nie (Daneel 1984:69-71). Ook Z Buthelezi is 'n voorbeeld van 'n profeet wat nog van die amulette gebruik maak (vergelyk CRICA, 6.9, p 129). Die vraag is of dit genoegsaam staan in die teken van diskontinuïteit?

Volgens MC Pauw (1960:147) is magie nog teenwoordig as 'n objek magies "geaktiveer" word en as daar gedink word dat die magiese krag of werking direk van God kom. Nussbaum (1984:264) voel dat daar nog nie genoegsaam verduidelik is hoekom God nie ook soortgelyke metodes gebruik wat magies voorkom, maar dit nie is nie. Myns insiens lê die toets nie soseer in

---

251 Apostolies: Die kerk as 'n hermeneutiese koinonia moet altyd die oorgelewerde leer en tradisie in aanmerking neem. Om kontekstualisering te soek, beteken nie die opheffing van die kontinuïteit met die apostoliese leer wat op sy beurt self 'n verstaan van die Skrif verteenwoordig nie (Hiebert 1979:8).

252 Katolisiteit: Dit wil die eenheid en volheid van die kerk erken waar daar ruimte gemaak word die verskeidenheid. Dit slaan op die omvattendheid van kultuur, waarheid en geskiedenis (Crafford & Gous 1993:84).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



die metodes nie, maar eerder in die gesindheid en teologie daaragter. A Shorter (1985:13) impliseer dat Christus oënskynlik dieselfde metodes gebruik het, "(but) He went infinitely further."

### *12.2.4.1 Dogmatiese of magiese verskille by die doop?*

Een van die gevare by teologiese opleiding met die oog op kerkopbou is dogmatiese indoktrinering of die inprenting met eie dogmas. In praktyk het die doop geblyk die een saak te wees waaroor gemoedere gaande kan raak. Dit sal egter soos enige leerverskil gehanteer moet word. Daar sal gewaak moet word om te verval in dogmatistiese verskille en die veruiterliking van godsdiens. Hier kan sake van *kategoriese geldigheid*[253] en *prinsipiële geldigheid*[254] onderskei word om die evangelie te beveilig: Die metodiek van dialoog kan ingespan word – die gesprek is belangriker as die gee van klinkklare beslissings – 'n beginsel wat nie noodwendig minder Reformatories is nie. Hier moet die studente toegelaat word om die antwoorde vir hulleself te soek (Sundkler 1961:204).

Waar die waarheid egter kategories én prinsipieel is, is dit nie onderhandelbaar nie. So kry ons ononderhandelbare waarhede soos God, die liefde van God, verlossing van sonde, ensovoorts (Hesselgrave & Rommen 1998:125). Die skeidslyn is ook nie altyd so maklik te trek tussen die vormlike en die inhoudelike nie. Ook in hierdie opsig is daar tog iets heiligs aan 'n vorm ten spyte van sommige teoloë se standpunt hieroor (Hesselgrave & Rommen 1989:174). Die omgekeerde is dan ook waar dat daar soms iets onheiligs kleef aan sekere vorme (veral in sekere kontekste) en dat dit daarom ongeskik is vir evangeliese diens.

Daar sal egter nie geswyg kan word oor die magiese, *ex opera operato* konnotasie van die doop indien dit so aangewend word nie. Agter die magie lê ook 'n dogmatiese betekenisveld wat aangespreek moet word.

## 12.2.5 Transformasie deur teologiese opleiding[255]

### *12.2.5.1 Fambidzano*

Daneel (1989:336-337) maak melding van die anti-magiese genesingsdienste wat as gevolg van die deurwerk van die teologiese opleiding van Fambidzano al hoe minder op die konsep van die vreesinboesemende eksorsisme gesteun het. Christus is meer gesien as die persoonlik intieme nabye. Daneel verwys na die kontekstualisering wat so ver deurwerk dat dit 'n merkbare lewenstylverandering tot gevolg het. Weereens vervang die eenvoudige Christosentriese prediking en die praktiese toepassing van die boodskap die eksorsisme (Daneel 1989:334).

### *12.2.5.2 Temba-Winterveld en ander profete/leraars*

Die gevolg van gesprekke wat met die profete van die Temba-Winterveld gevoer is, is dat hulle weer die ander Sionistiese groepe gekonfronteer het en baie van hulle lidmate oorgewen het na hulle kerke, omdat hulle volgens hulleself 'n meer suiwer gebedsgenesingsbediening van handoplegging beoefen. Dit bestaan daaruit om nie geeste op te roep nie, maar meer in vas te wag op God se antwoord en dan te kom met die regte raad. (Vgl gesprek met die Temba-Winterveld

---

253 Kategoriese geldigheid is die dele van die evangelie wat absoluut ononderhandelbaar is (Hesselgrave & van Rommen 1989:172-173). Vergelyk ook voetnoot 131.

254 Prinsipiële geldigheid is die beginsel dat daar waarhede is wat spruit uit die nuwe lewe in Christus. Daar word twee onderskei: Die een is die wat neutrale waardes in die reseptorkultuur verteenwoordig, soos respek vir die koning, wat nie noodwendig in stryd is met die Christelike geloof nie. Die tweede soort is die waardes wat kan verander en waarvoor daar speling gelaat moet word, omdat dit in verskillende kulture anders geïnterpreteer word. So kry ons aspekte in die gelykenisse wat hieronder ressorteer (Hesselgrave & Rommen 1989:176-174).

255 Vergelyk ook 12.2.3

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



profete en S Mothobi onder par 6.12.3). Alhoewel hulle pentekostalisties geneig het, het een deel van hulle meer voorsiening gemaak vir die biologiese genesing en nie totaal 'n kultuurontkennende benadering gevolg nie, wat ooglopend was by die pinkstergroepe. Hierdie evangelies-inheemse groep het totaal verskil van die inheems-eklektiese groep, wat geneig het om genesing met toordery op te vermeng (Gilliland 1986:266). Vir diegene was dit belangrik om nog van water van 'n sekere bron gebruik te maak, wat oor genesingskragte sou beskik.

Die transformasie wat daar gekom het toe eksemplariese teologiese stof met hulle behandel is, was dat hulle metodes meer Bybels komprehensief begin hanteer. So is die pasiënt ook meer as deel van sy gesinsdinamika en universele sisteem benader. Oorsake vir krisisse is meer sistemies gesien sodat die gesinslede ook 'n bydrae te lewer het. Ook is meer ondersteuning van die gesin gevra. Alkoholisme, epilepsie en polio is meer gesien as siektes wat in gebed, maar ook deur mediese behandeling aangespreek moet word. Die siek persoon is dus gesien as sosiaal, geestelik en ook biologies uit balans. (Vergelyk ook Cheetam & Rzadkowolski. 1980:322).

Daar is tot die insig gekom dat baie ander valse profete onmenslike metodes aanwend in dergelike gevalle. Een profeet het vertel hoe hy as kind toe hy polio gehad, daarvan beskuldig is dat sy ma (ook 'n poliolyer) se bose gees op hom gerus het. Die profete het op hom getrap om so van die bose gees ontslae te raak.

### 12.2.5.2.1 Redes vir postulering van transformasie

Ek sal die volgende redes aanbied as postulasie dat daar deur die aanbieding van die eksemplariese stof transformasie by die profete gekom het:

- Hulle openbaar 'n leergierige gees teenoor die meeste ander profete wat dit nie het nie. Hulle is dan ook ingeskrewe studente by 'n opleidingsinstituut.
- Die grootste gros van die profete met wie in gesprek gegaan is, konfronteer magie en onderskei dit van ware genesings. (Vergelyk ook De Jongh van Arkel 1987:144). Hulle konfronteer dan ook ander profete in die verband.
- Hulle pas nie as 'n reël dwangmatige metodes toe nie. (Vergelyk De Jongh van Arkel 1987: 144)
- Hulle lê op die kontinuum van *pentekostalistiese tradisie* (A)[256], die sogenaamde *tussengroep* (B)[257] en/of *tradisioneeldenkende groep.* (C)[258] Die nuwe transformerende groep (X) het myns insiens na 'n posisie tussen die drie groepe begin transformeer. Hulle het die insig ontwikkel dat hulle deur transformasie meer gebalanseerd sal raak in die beoefening van 'n genesingsbediening. Mothobi se groep (A) het besef dat hulle meer van kulturele metodes soos die *muta*-beginsels[259] met klinies-pastorale insigte[260] daarby behoort gebruik te maak.

---

[256] Groep A was 'n meer *pentekostalisties-Westerse* groep van die IAOGC (Assemblies of God Church (S Mothobi, D Ntsane en Mohlala). Gilliland (1986:267) klassifiseer die kerke as die *primêre evangelies-pentekostalistiese tipe*: Hulle is sending-geïnisieerde en gefundeerde kerke. Hulle lê groot klem op die gesag van die Skrif en is oop vir teologiese opleiding (Gilliland 1986:267).

[257] Groep B was 'n *evangelies, inheemse tussengroep* wat Westerse, tradisionele plus pentekostalistiese metodes vermeng het (Nculele, E van die Church of the Apostolic Saints. Voorheen was hy van die Izonto Ikupileni in Kwazulu) (Gilliland 1986:266). Gilliland tipeer hulle *as sekondêre evangeliese pentekostaliste.* Hierdie groep is dan ook 'n groep wat nie sou inpas by die ander twee tipes (A en C) nie en hulle is eers getipeer nadat die ander getipeer is. Ons kan ook sê dat hulle alle kategoriese klassifikasie wou ontwyk. Die Bybel is nogtans sentraal by hulle. Dit is 'n minder geskoolde groep (Gilliland 1986:268).

[258] Groep C (byvoorbeeld van Z Buthelezi en K Molepe en ander). Desnieteenstaande die feit dat hulle aan een van die mees evangeliese groepe behoort het, soos die van Frank Ntsuntsha se Church of Christ, is hulle geneig om tradisionele met evangeliese denke te vermeng, maar neig hulle ook om meer *tradisioneel, nieu-primaal* of *inheems-eklekties te wees* (Gilliland 1968:269). Met hierdie groep is nie soseer stof hanteer nie, maar onderhoude gevoer. Molepe was ingeskrewe student van DI. Hy was opleiding goedgesind, maar sy skolastiese standaarde was sodanig dat hy anders as die ander hanteer moes word.

[259] Dit is die denke van die *muta* of huis (familie) wat die nodigheid benadruk dat daar nie net sakramentalisties gebid kan word nie, maar dat daar ook na die dieperliggende probleme in die familiesisteem gekyk moet word (Müller & Van Deventer 1998:263-264, Henen 1989:89).

Groep B wat eers weerstand gebied het, het ook meer in die rigting van Bybelse koinoniale insigte beweeg. (Nculele bring meer eer aan God by die begrafnis en lê meer klem op die Woord se gesag as die verheerliking van die afgestorwene. Hy beweeg van kommunale begrafnisdenke na meer kerugmatiese en Bybelse koinoniale intensie. Hy konfronteer dan ook die voorouerverering. Sy prediking is volgens hom ook meer gesistematiseerd en Christosentries).

- Daar is 'n lyn van profete (groep X) wat meer 'n balans soek tussen drie spiritualiteite van A, B en C (vergelyk fig 5). Hulle was besig om te transformeer na 'n posisie wat meer ooreengestem het met die spiritualiteit van Kwa Sizabantu, omdat hulle die gevare van emosionele opwerking en transferensie-toestande[261] konfronteer. Een getuig dat hy diagnoses[262] helderder ervaar en sien as die tradisionele *isangoma*. Ook is daar 'n lyn van profete (Mothobi se Groep A) wat geen vaste metode by eksorsisme gebruik het nie, maar wat die elemente van belydenis van sonde, gebed en bevryding belangrik ag (Du Toit 1987:92).




*Figuur 5: 'n Grafiese voorstelling van transformasie in kerkopbou by die profeet-leraars*

neerkom dat hulle, indien nie self nie, dit tog vir hulle lidmate toelaat om ritueel met die

[260] Die groep profete het koinoniaal 'n Bybelse verbreding en verdieping ten opsigte van die kennis oor die pastoraat tot gevolg gehad. Dit het impliseer dat hulle die terreine van maatskaplike en psigiese dissiplines as bondgenote begin sien het om genesing van siektes te verstaan en genesing te bewerkstellig. Dus is die uitbreiding van koninkryk om hierdie kennis in te trek deel van die koinoniale model en opdrag by uitnemendheid (Van der Merwe 1083:42).

[261] Transferensie is 'n Westerse sielkundige term om die toestand aan te dui waarvolgens die profeet emosies en toestande ervaar wat by die sieke teenwoordig is. Dit word uit Westerse konteks met "invoeling" vertaal (Sien Thorpe 1982:84; vergelyk ook voetnote 55 en 157). In die gebruik van die AOK konteks, dui tranferensie eerder op 'n geestranferensie.

[262] Diagnoses word volgens die getuienisse van bekeerde toordokter, AM, as visies ervaar, in plaas van die drome van die *Isangoma* (volgens die getuienis van 'n gesprek met 'n bekeerde toordokter op band 29/9/96).

trom besig te wees, solank dit matig bly en nie aanleiding gee tot beswymingstoestande nie. (Na aanleiding van gesprek met C Day van Tshwane Teologiese Kollege).

- Hulle verskil hier van TAG vir sover hulle nie opwerkend dans nie, maar meer gewyde sang beoefen. Ook verskil hulle van die pentekostalistiese tradisie, omdat hulle nie liedere sing wat emosioneel opsweep terwyl genesings plaasvind nie (Pretorius 187:138). Hulle beoefen nie een metode (soos handoplegging) alleen nie, maar veral handoplegging word toegepas.[263] Daar is die profete onder die Winterveld-Temba groep wat na TAG neig en as sodanig gebruik hulle nog *heilige water* (alhoewel dit net so wel kan dui op Roomse en Apostoliese invloede (vgl ook Sundkler 1976:64,81).[264]
- Die meeste van die profete se genesingsbedienings gaan met 'n sterk evangeliese appèl tot bekering gepaard. (Veral Groep A was hier prominent, maar derglike tendense is ook by Groep C bespeur).
- Sekere van die profete het meer van pluriforme en buigbare genesingsmetodes gebruik gemaak wat dui op komprehensiewe benaderings. 'n Verdere groep het tekens vertoon dat hulle uit isolasie begin kom en dat hulle besef dat daar alternatiewe metodes is. (Vergelyk ook Farrand 1986:100;102). Veral Groep A was hier prominent.
- Die meeste leraars/profete wat studeer, werk nie in isolasie as hulle genesing beoefen nie, maar trek siekes in 'n helingsgemeenskap in. (Vergelyk ook Bolkestein 1964:37). Ook het die meeste profete/leraars by al die institute begin om oor te beweeg na 'n meer inkulturatiewe benadering van die verchristeliking (byvoorbeeld liturgiese trombegeleiding en dans). Leraars het ook meer ontvanklik vir die profete se bediening geword en die profete het meer leraar-georiënteerd geraak, sonder om totale funksie te verloor. Dit het ook geblyk dat die leraar en die profeet 'n groter bewussyn ontwikkel van hulle onderlinge afhanklikheid (byvoorbeeld Mothobi en Nculele).

#### 12.2.5.3 Evaluering

Van die Temba-Winterveld-profete loop tog ook gevaar om te kan roem op genesings en so as geloofsgenesers bekend te staan wat vir hulleself statuur bou. Die gevaar van konkurrensie is nie uitgesluit nie. Verder sal dit nie anders kan as dat voorsiening gemaak moet word vir een of ander vorm van eksorsisme nie. Volgens JD Gort (1967:123) moet egter 'n beveiligde vorm daarvan uitgewerk word. (Vergelyk ook riglyne hiervoor in kursus, Eksemplariese Stof 14.2.1.4.3, 14.2.2.3).

Die verskynsel van spreek in tale is ook by sommige teenwoordig, maar meer as 'n private of persoonlike verskynsel. Ook kan dit nie weggeredeneer word dat dit met heelwat melodrama gepaard gaan nie (Nussbaum 1984:82; ook my gesprek met Chuc Day van Tshwane Teologiese Kollege), soos ook die spiritualiteit van die IAOG (International Assemblies of God) en verskeie ander. Die opboubeginsel van 1 Kor 12:1-5 sal hier toegepas moet word as evalueringsbeginsel, om dit Skriftuurlik te begrond of te toets. Ook was dit duidelik dat die teologiese opleiding wat Temba-Winterveld-profete, die Tshwane-groep, asook die Temba-groep, deurloop het, nie genoegsaam gekontekstualiseer was nie. Veral is dit die probleem met die IAOG of Groep A. (C Day het dit oor IAOG bevestig by Tshwane Teologiese Kollege). Daar is baie wat nie die kursusmateriaal verstaan alvorens dit vertaal is nie. Veral het die ongeskooldes gebaat by die vertaling van die kursus in eie taal.

---

263 Handoplegging word baie deur KJ Kraan in die pastoraat voorgestel. Miskien ten koste van die terapeutiese gesprek. Dit is ook die gevaar wat by baie profete dreig. G Heitink wil Kraan korrigeer en weer die klem op die terapeutiese gesprek plaas. Dit is egter duidelik dat die terapeutiese gesprek en gebed nie weggelaat kan word nie (Heitink 1984:261, Kraan / Van Leeuwen 1972:17).

264 Alhoewel een profeet heilige water gebruik, kom dit meer uit sy leerervaring by die ander kerke soos die St Johns Apostolic (Sundkler 1976:81).

Alle liturgiese uitinge soos musiek en sang wat in moderasie gedoen word, blyk die aangewese Bybelse weg te wees (Pretorius 1987:138).

### 12.2.6 'n Bybelse pastorale grondhouding van balans: die hantering van *ukuthwasa* as eksemplaar

Dit is duidelik dat daar by beide Afrika en Westerlinge verkeerde hantering van die siekte van *ukuthwasa* voorkom. Vanuit Westerse psigiatriese oogpunt word so 'n pasiënt maklik as neuroties, onstabiel of afwykend gediagnoseer. Afrika is weer geneig om sulke gevalle te beskou as die gevolg van kragte- of geestesbesetenheid, met die gevolg dat hulle maklik geviktimiseer word.

Daar sal in laasgenoemde geval 'n duidelike wegbeweeg van die neiging tot die soek van 'n sondebok moet wees en die hele gemeenskap sal betrek moet word by die transformasieproses – weg van 'n toorderyteorie na 'n evangeliese verstaan (wat in die laaste instansie neerkom op 'n rehabilitasie van hulle Godsbegrip). (Vgl Bac 1995:110 hier vir rehabilitasie in die opsig).

Dit is noodsaaklik dat 'n totale paradigmaskuif in opleiding (ten opsigte van magie) te weeg gebring moet word wat gegrond is op 'n Bybelse model. Daneel (1989:46) maak daarop aanspraak dat dit wel met weinig Westerse opleiding by die Nyasha's plaasgevind het. Die vraag bly egter of die profete altyd daarin slaag om die viktimiseringsmentaliteit te bowe te kom. Daneel maak melding van 'n "beveiligde eksorsisme" wat daarop gemik is om die beheptheid met magte en geneigdheid tot viktimisering uit te dryf.

Miskien moet in hierdie verband gedink word in terme van 'n glyskaal vanaf geestelik skadelik tot geestelik heilsaam. Dit wat op die glyskaal lê, kan maklik as sinkretisme afgemaak word, maar aan die ander kant moet daar ook aan die neiging aandag gegee word – byvoorbeeld 'n beweging in die regte rigting, weg van tradisionele Afrika-godsdienstigheid.

Daar is dus sprake van 'n paradigmaskuif wat nie net by die Afrika volke moet plaasvind nie, maar ook by die Westerse opvoedingsinstansies. (In laasgenoemde geval kom dit neer op 'n duidelike afstap van die dualistiese piëtistiese teologiese opleiding). Daar sal gewaak moet word om alles in 'n Afrika-konteks as magies te sien. TAG is meer as magie. "There is more to religions than magic" (Kato 1975:22). Volgens Mbiti (1969:10): "In this way both the Western missionary approach and African traditional religion overlooked people's total distress and offer only partial solutions." (Ook Bosch 1987:51).

Ook sê JH Kane (1978:42) in hierdie verband: "Christians facing with the aftermath of the belief in witchcraft and attended need for healing are joining the new religious movement of charismatic healing." Maar ook: "All expressions of evil, the counterpoint of life have been humped together and labelled 'witchcraft.' This is a pejorative label and one that is inappropriate." Die grootste gevaar bly om waardes mis te verstaan. Marginalisasie, etikettering en demonisering is die noodwendige gevolge daarvan (Kane 1978:60).

Gesprekke wat skrywer in hierdie verband met lidmaat LL gevoer het, wil veral laasgenoemde bevestig.[265] Sy was onderhewig aan die *ukuthwasa*-siektetoestand na haar man se dood. Sy het dan ook as gevolg hiervan by die *isangomas* beland. Sy het die nodige amulette gedra wat gewys het dat sy self moontlik ook 'n *isangoma* sou word. Toe hierdie toestand nie genees nie, het sy na die profeet van 'n onafhanklike kerk gegaan wat uit die Wesleyaanse kerklike omgewing gestam het. Daar is daagliks hiervoor gebid en sy het begin deelneem aan die eredienste (alhoewel sy agter in die eredienste gestaan het en nog nie ten volle deel daarvan was nie). (Vergelyk ook *Bakudi ba moya en ukuthwasa*, Eksemplariese Stof 14.3.3.4.1).

---

[265] Eerste helfte van 1999. Lidmaat LL het deels 'n Kleurlingagtergrond gehad en was dus meer verwesters as die gewone swart persoon.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Volgens haar het die krale geen mag meer gehad nie en het sy dit nog net gedra om die *isangomas* se toorn nie op haar te haal nie. Ook het sy reeds verligting van die droom- en siektetoestande begin ervaar. Die hele proses sou nogtans afgesluit word met die slag van 'n bees. Sy was tussen twee wêrelde vasgevang. Sy was onderworpe aan die druk van die godsdiens van haar man en sy ma enersyds en andersyds die trekkrag van die geloof in Christus wat sy aangeneem het. Sy het gekies vir Christus, maar sy kon nie dadelik die bande met die tradisionele kragdokters deursny of hulle magsdomein verlaat nie. Die kerk waarby sy aansluiting gesoek het, het dit gerespekteer en haar toegelaat om die oorgang geleidelik te maak. So het dit vir haar moontlik geword om haar van die tradisionele wêreld van die kragte te ontworstel en 'n geestelike tuiste in die betrokke kerk te kry. (Sien ook Kraft 1979:71,241, Sundkler 1960: 211, Turner 1989: 105).

Die vraag is of 'n kerk met Westerse bande haar op dieselfde simpatieke wyse sou hanteer het. 'n Verdere vraag is of teologiese opleiding hierdie werklikhede voldoende ken of in aanmerking neem. Dit is interessant dat die vrou die Bybelstudie-boeke, *Karabo mababi le badimo* en *Eba setho se phelang*, insiggewend gevind het en gesê het dat dit haar gehelp het om tot verdere geloofsrypheid te groei.

Teologiese opleiding kan dus belangrike insette lewer ten opsigte van ondersteuning in lyding en uiteindelik ook opbou. Die praktiese werklikheid is dat kontinuïteit en diskontinuïteit in 'n sekere balans voorgestel moet word. Dit is egter duidelik dat daar meer sukses behaal sal word met kursusse wat die AOK meer ten opsigte van die emotiewe (sowel as die kulturele) aanspreek. (Vergelyk ook Dreyer 1968:157-159). Dit is feitlik net Willis 1985b wat vir die Indonesiese Sending geproduseer is, wat oor 'n dissipelskap- en opboukursus beskik en wat genesingsbediening op 'n gebalanseerde wyse aanspreek. (Vergelyk Willis 1985b:94-95, 356). Selfs die werk *Eba setho se phelang* skiet te kort (Mogale & Viljoen 1976).

Die betrokke AOK het nie onmiddellik van die vrou verwag om ontslae te raak van al haar magiese parafernalia soos krale ensovoorts nie. Hulle sou geen onmiddellike diskontinuïteit stel tussen die vrou en die *isangomas* nie, alhoewel hulle geweet dat dit 'n verkeerde praktyk is. Hulle het haar dus nie gedwing om te breek met die *isangomas* nie, omdat hulle geweet het dat die vrou in 'n stryd verkeer.

Indien die kerk verlief sou neem met die vrou se besoeke aan die *isangomas* sonder om haar pastoraal te begelei, sou hulle haar nie gehelp het om die oorgang te maak nie. Deur dit wel te doen het hulle daarin geslaag om magie en dinamisme effektief te konfronteer. Aan die ander kant staan Westerse teoloë en leraars van KMWB, sowel as radikaal ekumeniese teoloë, gewoonlik daaraan skuldig dat gevalle soos die geïgnoreer word. Beide radikale kontinuïteit en diskontinuïteit kom in sulke gevalle dus daarop neer dat tradisionele Afrika-ontologie en gepaardgaande sienswyse, gebruike en rituele nie genoegsaam konfronteer word nie.

Aan die ander kant moet die gevaar van universalisme en kontinuïteitsdenke ook nie uit die oog verloor word nie. So word van teoloë soos Sundkler, Sawyer en Mbiti gesê word dat hulle te ver gaan met verinheemsing deurdat hulle afgestorwe voorouers en die ongeborenes in die groot korporatiewe familie (koinonia) insluit en 'n soort Christelike voorouerverering voorstel (Hesselgrave & Rommen 1989:96-97). Kato (1975:49) sê: "Mbiti rationalizes ancestral worship to make it into ancestral respect." (Ook Hesselgrave 1989:109).

Die grootste gevaar is dat tradisionele versoeningsgebruike (in die geheim) langs die kerk of onder 'n Christelike dekmantel beoefen word en dat kerklike instansies dit doelbewus kan ignoreer of sanksioneer. Teologiese opleiding sal dit eenvoudig moet aanspreek. Kontinuïteit en diskontinuïteit moet in balans bedink word en wel op so 'n wyse dat die tradisionele gekonfronteer word. Hiervoor moet 'n onverminderde Bybelse teologiese aanslag gebruik word, veral waar beide Ou en Nuwe Testament verdiskonteer word.

#### *12.2.6.1 Akademiese assessering*

Iemand wat so 'n gebalanseerde benadering probeer volg, is Samuele Mothobi van die International Assemblies of God Church wat as profeet opereer. Hy het byvoorbeeld tydens opleiding van gebed gebruik gemaak om *ukuthwasa* by 'n pasiënt te genees. Op die oog af het hy dramatiese resultate met 'n pasiënt behaal. Teologiese opleiding het hom egter geleer dat as die gebede gewerk het, daar steeds 'n lang opboupad van toerusting met Skrifkennis voorlê. Hy sou ook leer dat die sakramentalistiese benadering van gebed nie genoeg is nie. Sy verdere hantering van die genoemde *ukuthwasa*-geval was dat hy die familie as geheel pastoraal moes begelei. Hy sou ook 'n duidelike rol kon speel in die beesslagseremonie om te verseker dat dit 'n evangeliese betekenis dra. Indien dit op versoeningsgebruik (*poelano*) neerkom, sou hy dit kon konfronteer. Indien die bees vir ander doeleindes as Christelik geslag sou word, sou na gelang bevind van sake gehandel moes word.

So het dit dan ook in LL se geval gebeur dat daar bees geslag is, maar dit is deur almal geëet en daar was nie toegegee aan die *ubuntu* en gemeenskap met die voorouers nie. Laasgenoemde sou behels dat die bees geslag word om verbrand te word, waarna om die slagoffer gedans word. Dat daar duidelik 'n soeke na 'n balans is, vind ek by Mothobi, omdat hy bereid was om selfkrities teologiese oor sulke gebruike na te dink en verdere bronne te eksploreer, soos om ander te betrek, verdere vrae te vra, nie meer te vinnig diagnoses maak nie.

Op grond hiervan kan aangeneem word dat hy volgens die uitkomsgerigte (kruisveld-) evaluering positief geëvalueer sou word, alhoewel hy op sekere aspekte in sy bediening gekorrigeer kon word.[266] Veral sou die positiewe evaluering spruit uit spesifieke uitkomsgerigte prestasiemeting (of assessering) waarmee hy begelei is. (Vgl par 11.5.4.2.1 p. 245 vir kurrikulering en evaluering).

Evaluering sal dus uitkomsgerig moet wees.

#### 12.2.6.1.1 *Ukuthwasa* en kerugma

Die profete het geleer dat genesing met Woordverkondiging gepaard moet gaan en dat dit nie uit eksorsisme alleen kan bestaan wat buitendien met 'n verwronge kerugmatiese benadering saamgehang het nie. Dit het gebeur namate hulle verstaan van die evangelie al meer Skrifgetrou geword het. Daarom stel die skrywer uit die refleksie in die praktyk amper 'n omgekeerde werkswyse voor van 'n element 1 as diakonaal-teoretiese fase met die daaropvolgende fase wat verteenwoordig word deur element 2, 'n kerugmaties-teoretiese fase.[267] Ook kan dit meer as 'n integrasie van die twee voorafgaande fases onder mekaar gesien word.

---

266 Volgens die *Discussion Document for Lifelong Training through a National Qualification Framework* (Report of the Ministerial Committee for Development Work on NQF, February 1996) is daar 'n paradigmaskuif nodig ten opsigte van die toekenning van krediete. Met die hantering van die eksemplariese stof by die Temba-Winterveld-profete is prestasie nie, soos in die Westerse skolastiese onderwys, alleen gemeet op grond van verworwe teoretiese kennis wat teruggereflekteer is nie. Daar was minder teoretiese meting, omdat die klem meer op die refleksie tussen die teorie en die praktyk geval het. So is daar seker gemaak dat die leerder die vereiste uitkoms sou bereik (DDLL T NQF 1996:30). Hier kan 'n supervisiemodel van essensiële belang wees as die rol van die supervisor gedefinieer kan word as die een wat die supervisant begelei om die teorie in die praktyk te ontdek en die ervaring so te integreer met die teorie. Die stappe moet dan ook tot bewuswording; doelgerigte en sistematiese verstaan en die ontwerp van 'n eie prosedure lei. Ook kan die leergroep 'n supervisie-funksie vervul.

Supervisie verskil egter van die gewone onderrig-leerbenadering deurdat dit 'n persoonlike betrokkenheid van die dosent by die student behels, iets meer as 'n berader-kliëntgeoriënteerde situasie (Heitink 1977:313,315).

267 Element 1 – Diakonaal-teoretiese fase: Dit bestaan uit probleemsketsing (probleemformulering by Kinsler 1978:*262)*.

Meer in die besonder is dit die identifisering en oplos van probleme, in hierdie geval siekte. (Sien "Elements and performance criteria." (14.3.3.3, p 323)) Dit word verteenwoordig deur die deponering van stof en die teoretisering wat daarmee saamgaan. Dit sou dan ook die modelle insluit wat alhoewel sinkronies-diakronies geskryf is, nog nie diakronies in die praktyk getoets is nie. Die gedeeltes B.2.3. oor die "Teologie van die genesing as Skrifopdrag," sowel as die "Unieke bediening van Christus" ensovoorts was voorbeelde van kerugmaties-teoretiese funderings. Die diakonale stof met meer in die besonder die kerugmaties-teoretiese

Kerugmaties gesien, beteken dit nie dat teologiese opleiding wat veel maak van 'n genesingsbediening, minder evangelies bedryf moet word nie. Hiermee saam hang die beginsel dat Christelike opvoeding vanself evangeliserend moet wees. "Christian education is already Evangelism and should be done evangelistically" (Arias & Johnson 1992: 20). CJA Simpson (sj:116-132) se metode om diakonia, koinonia telkens kerugmaties te begrond deur 'n Bybelstudie, blyk baie vrugte af te werp by teologiese opleiding. Die beginsel dat die kerugma, koinonia en diakonia mekaar onderling verryk en ondersteun, sou onder andere tot gevolg hê dat Westerse medisyne en 'n verchristelikte Afrika-kragontmoeting gepaar word.

Hierdie gedagte moet egter deurgevoer word na 'n praktyk van gelowige selfontdekking, byvoorbeeld waar die sieke huiswerk gegee word in die vorm van Bybelstudie. LL was 'n geval wat positief gebaat het met so 'n vorm van selfontdekking. Twee aspekte, die van menslike selfontdekking en goddelike openbaring, word dus beklemtoon en met persoonlike groei as 'n belangrike uitkoms.

Dit kan ook wees dat sterk koinoniale elemente alreeds in die kerugmatiese fase moet kom. Aan die begin moet eerder 'n klimaat geskep word wat groei bevorder, deur iets soos die "growth feedbackmodel". Dit sou partykeer die omgekeerde behels van om eers die visie en die ideaalmodel van dissipelskap te leer en dan deur praktiese modelering aan die studente oor te bring (by wyse van dialoog en werwing van dissipels ("discipling")) (Kirkpatrick 1987:28, Dreyer 1986:115).

### 12.2.6.1.2 *Ukuthwasa* en diakonaat

Die teorie en die praktyk behoort so geïntegreer te word dat die student maklik daarmee kan identifiseer (deur aktualisering). Die diakonale dimensie is hier ingewerk om seker te maak dat daar nie net by die kerugmatiese-charismatiese gestagneer word (byvoorbeeld deur die beoefening van eksorsisme) sonder die bykoms van diakonale en die koinoniale dimensies nie. Dit is egter die koinoniale refleksie wat lei tot spontane diakonale aksies soos empatie, versoening en gebed van bevryding. Klem behoort dus ook op die suprakulturele dimensie van die openbaring geplaas te word, waarvan 'n gevolg is dat God Hom *sui generis* kan openbaar in die kultuur van die AOK. Dit sluit op sy beurt nou aan by die koinoniale intimiteit tussen God en die mens in krisis.

Skrywer het oortuig geraak dat die diakonale in die opleiding net tot sy reg kom as aksie-refleksie-aksie in terme van 'n dialogiese model (Thompson 1996:145, Hoke 1996:160). Dit hou ook verband met die verskuiwing vanaf dosent-georiënteerde onderrig na student-georiënteerde leer, weg van die deponering van kennis na die eksplorering en groei in kennis (Thompson 1996:144-145).[268]

---

fundering van die genesingsbediening, was aan die adres van die profete gerig. Die weg sou alreeds hier berei word na 'n Bybelse diakonia-bediening via koinonia.

Die kerugmatiese het die funksie dat dit onder andere die kennisdimensie aan die diakonia verleen. Maar ook verleen dit die diensintensie aan die diakonia. Gensichen praat hier van "die Zeugnis des Wortes und der Tat einschlissen" (Gensichen 1971: 207). Dit het gemaak dat sending nie teenoor diens gestaan het nie, maar eeder sending in diens. (Gensichen 1971:205).

Element 2 – **Kerugmatiese-teoretiese fase:** Die oproep van kennis, eksplorasie van ander kennis of kennis van inhoudelike aard (SAQA vii, GDNE). Die assessering is hier meer diagnosties van aard. (Sien 14.3.4.3, 325: "Element 1: To develop their own cultural method through dialogue which will validate biblical norms." Neem ook kennis dat elemente 1 and 2 onder mekaar ingebed kan word en/of omruilbaar is. Ons wil egter alreeds in die fase diakonaal te werk gaan om sover as moontlik 'n kerugma-alleen-benadering te vermy wat op deponering sou neerkom.

Die fase is grootliks foneties (van buite) alhoewel die verskynsels van eksorsisime en genesing ook emies benader is (maar nie soveel as die fonetiese nie). Die opdrag en teologie van genesing sou weereens hier ook genoem kan word as 'n teoreties-kerugmatiese gegewe.

268 Element 3 – **Diakonaal-praktiese en marturia-fase** (Elmer 1984:263): Weereens oproeping van kennis, maar dan ook toepassing, waar nie net oor teorie en praktyk gepraat of gespekuleer word nie. Teorie word wesenlik na die praktyk toe geneem (Solansky 1984:163). Kinsler (1987:265) praat van die versterking van die begrip van kennis. Probleemoplossing vind net plaas as

Ook is die probleemoplossende fase iets wat kan terugwerk na die teoreties-kerugmatiese in die vorm van die marturia. Die eerste oplossing is nie die volmaakte nie, maar na elke aksie en refleksie met verskeie siklusse beweging is daar uit die foute van die verlede geleer.[269] (Vergelyk ook Elmer 1984:238).

Die profete-leraars het uit die hantering van *ukuthwasa* en ander siektes die idee gesnap dat sosiale ongebalanseerdhede weer ongebalanseerdhede in die huise veroorsaak wat siektetoestande tot gevolg kan hê. Hulle het dus betrokke geraak by baie gemeenskapsprojekte. Soos wat RWS Cheetham en A Rzadkowolski (1980:322) dit uitdruk: "Damage my occur at various levels, for example molecular, cellular organic or environmental, upsetting and creating disharmony in numerous systems..." en "... Illness may then be seen as the state of imbalance consequent upon man's own relationship with the physical and social environment."

Tog het daar in hulle teologiese opleiding 'n sekere ongebalanseerdheid na vore gekom wat ook aandag moes kry. In die geval van die opleiding van profete is al die opleidingsinstansies nie voldoende gekontekstualiseer tot die vlak van die profete nie. 'n Groot deel van die opleidingsmateriaal was byvoorbeeld nog te veel Westers, teologies te gesofistikeerd en abstrak en dikwels irrelevant. In die praktyk het die koinoniale (as medium van kontekstualisering) sterk na vore gekom sonder dat dit altyd by voorbaat in die opleidingstrategie verreken is.

Ons het gepoog om die behoefte na groter kontekstualisering te ondervang, byvoorbeeld deur die geënkodeerde eksemplariese stof oor genesingsbediening en gemeenskapswerk. Die kandidate is gehelp om te verstaan dat die klem moet verskuif van rituele offers na offervaardigheid in diens.[270]

CJA Simpson koppel gemeenskapswerk aan gemeenskapsentrums wat weer opleidingsentrums word. So moedig hy op grond van die liggaamsmetafoor (1 Kor. 12:12-31) en dissipelskapbeginsels gemeenskapswerk in die groter koninkryksverband aan. Dit is gebaseer op die sterk dissipelskapbeginsels wat deur die leiers self toegepas moes word en wat neerkom op 'n soort vakleerlingskap. Dit gaan om meer as om net bekeerlinge te wen. Die gevestigde model van profetiese vakleerlingskap word dus gebruik en met Christelike inhoud gevul. (Sien ook Becken 1972:139 ev; sien ook die eksemplariese stof rondom hierdie beginsel van gemeenskapswerk en die fases van sentrumstigting met dissipelskap en koinoniale dimensies).

(Vergelyk ook die beginsel waaraan die afleweringsisteem getoets kan word volgens Bybelse vereistes, Hf 6).

### 12.2.6.1.3 *Ukuthwasa* en koinonia

Sommige studente/profete het geneig om slegs koinoniaal (verwronge natuurlik) om te gaan met siekes en die hantering van siektes. So het hulle die siekes aan hulle vasgemaak en van ander behandeling geïsoleer.

---

daar gedurige refleksie tussen teorie en die praktyk plaasvind. Waar kerugma, koinonia en diakonia mekaar sny, word die konteks vir probleemoplossing geskep (vergelyk grafiese voorstelling, p 233).

[269] Probleemoplossend (SAQA viii- GDNE.) sien 14.3.3.3 (p 323), element 3. "To describe the symptoms of an *ukuthwasa, ufufunyana* etc case ..." en 14.3.4.3 (p 325), element 2: "To describe the steps of handling an *ukuthwasa* patient." Ook 14.3.3.4.3 (p 325): evaluasie met verwysing na transformatiewe uitkomste.

[270] Vergelyk ook Pobee 1989:97, asook module 3.5, subeenheid (Didaché) oor "educational co-operation", wat positief is, maar wat meer uitkomsgerig gemaak moet word. Ook stel Simpson (sj:166) ten opsigte van gemeenskapswerk as diakonale werk dat mense moet opgelei moet word om opvoeders te wees. Rom 12:1: "... lewendige offers wat hulleself as lewendige offers vir God gee."

Een leraar H Mohlala is deur die stof van Simpson (sj:67) geïnspireer om samesprekinge te voer met onderwysowerhede om Bybelopvoeding aan die kinders te verskaf. Hy het hierin egter baie leiding en inspirasie nodig gehad. As die opleiding uitkomsgerig was, sou Mohlala met die nodige begeleiding en fasilitering waarskynlik sukses behaal het (wat in die omstandighede egter nie die geval was nie). Daarenteen het hy wel sukses behaal met sy eie opleidingsentrum wat aan die hand van die vakleerlingbeginsel geopereer het.

In hierdie fase (waar Solansky (1984:163) die oproeping en bevestiging van kennis beklemtoon), is dit die effektiewe kommunikasie en samewerking in 'n groep (wat die eenheid tussen die praktyk en die teorie betrek) wat geassesseer kan word (SAQA viii), veral verifieerbare aspekte soos die eenheid tussen die praktyk en teorie, transformasie en selfeksplorasie. Dit is die vormende assessering wat tot sy reg kom.[271]

Die "growth feedback"-model wat grootliks berus op sistemiese denke berus, het hier handig te pas gekom.[272]

Dit het verder geblyk dat die *muta*-beginsel wat die sistemiese denkpatroon in Afrika saam met *ubuntu* verteenwoordig, benut kan word vir heling, groei en kerkontwikkeling.[273] So het Mothobi gou die nut daarvan ingesien om die hele gesin en wyer die gemeenskap te betrek in genesing en nie meer geïsoleerde, eensydige en enkelvoudige eksorsisme te beoefen nie.

Hier is egter ook gesnap dat *muta* verchristelik moet word en nie voetstoots uit die tradisionele konteks oorgeneem kon word nie. Mothobi se kerk volg byvoorbeeld 'n positiewe, kerugmaties-konfronterende en korrigerende rol teenoor die ander AOK waar isangomas en dinamistiese metodes aangewend word.

Dis egter belangrik dat ofskoon in hierdie proefskrif 'n ontwerpmodel (binne 'n kurrikulerings- en assesseringsraamwerk) daargestel is (vergelyk die eksemplariese stof), elke AOK vir homself 'n eie gebalanseerde Bybelse genesingsbedieningsmodel sal moet ontwikkel en wel as "dauerndes Korrektiv." Soos Becken (1972:160) dit ook uitdruk: "... Im zu einer eigenen, fundamentalistischen Heilungsteologie zu entwickeln, die es ihnen ermöglicht auch in Distanzierung von den Missionen ihre eigenen Gedanken und Formen zu artikulieren." Dit kan taamlik wyd gaan om byvoorbeeld waterrituele (onder andere doop) en dergelike liturgiese elemente in te sluit (en in LL se geval 'n waarheid- en kragontmoeting). (Vergelyk ook Becken 1972:85-161). Baie rituele "are sordid and corrupt and enshrouded in secrecy and should not be accepted." Ander weer, is neutraal, maar vra vir kennisinhoud en betekenisinhoud van die Skrif (Hesselgrave & Rommen 1989:125) "A sound theological understanding is then necessary if a *balanced* assessment would be made, lest we throw out the baby with the bath water. It is such spirit directed theological study that can help check the errors of syncretism and liberalism ..." (Onunwa 1986:194).

Dit het egter geblyk dat 'n koinoniale inset die verlore dimensie is wat die aspekte van kontekstualisering, kommunikasie en refleksie betrek. Dit is duidelik dat dit in teologiese opleiding ontgin moet word en dat dit al is wat die hantering van siektes en evaluering van die hantering sowel as transformasie moontlik gemaak het.

In die geval LL het dit vir my telkens duidelik geword dat voortgaande refleksie op die praktyk van kardinale belang is om agter die waarheid te kom en transformasie te fasiliteer. In LL se geval het dit daartoe gelei dat daar by die afhaalseremonie 'n bees geslag en gaargemaak is wat deur almal geniet is. Daar is nie toegegee aan die tradisionele ritueel om ook 'n brandoffer te bring en daaromheen te dans nie. Ook is daar geen gebede of lof ter ere van die voorvaders gesing nie. (Sien ook Becken 1993:336).

---

271 Sien 14.3.3.3 (p 323), element 2. Ons sou ook 'n koinoniaal-kommunikatiewe fase of dimensie onderskei. Hier sou die klem op samewerking en spanwerk en groei lê. Alhoewel dit in element twee op sy sterkste sou funksioneer sou dit ook deursuur tot die ander fases. As sodanig is dit 'n geval dat die kerugmatiese-teoretiese deurvoer na die diakonaal-praktiese en andersom.

272 Dié model wat voortbou op die sisteemteoretiese denke in die pastoraat, wil dit moontlik maak om eers 'n verhouding te stig en nie te veroordelend te wees teenoor 'n spiritualiteit wat van jou eie verskil nie. Dit skakel ook nou aan by die Johari-venster. Op so wyse word geloofsgroei en opbou verseker deur positiewe terugvoer aan die student te gee (Dreyer 1986:115 ).

273 Vergelyk voetnoot 259.

#### *12.2.6.2 Eskatologie*

Dit sou nog te gou wees om van LL te verwag dat sy soos mev Miria Hore van die teologiese opleiding in die Fambidzano, nadat sy die lewe van Christus bestudeer het, sou getuig: "The study of his life changed my life." Tog het LL alhoewel sy op die ou end met vigs gediagnoseer is en die begeleiding nie noodwendig haar siekte totaal genees het nie, saam met Hore ervaar dat daar tog 'n gerealiseerde hoop is wat hier en nou geld en dat dit nie om 'n utopie in die verre verskiet gaan nie.[274]

Soos Hore daarvan kon getuig: "Thus there can be no accusations of witchcraft against me, and even if people should accuse me, it does not matter, because I am saved, protected by God." (Daneel 1989:238).

## 12.3 TOE

### 12.3.1 TOE, finansies en die kweekhuiseffek

Opleidingsinstansies sal aandag moet gee aan duidelike etnies-kulturele vereistes en persoonskwaliteite wat beteken dat stabiele (waarskynlik ouer) leiers opgelei word wat getroue huwelike handhaaf en wat meer koste-effektief in die kulturele konteks is. Dus, minder intellektuele eise wat baie ivoortoring-tipe opleiding vra en in elk geval baie duur is (Cole 1990:40), asook groter klem op konteks- en praktykgerigte programme wat nie oor lang periodes strek nie. Alhoewel TOE self 'n duur stelsel kan word, het dit die potensiaal om in inheemse konteks goedkoper as ander opleidingstelsels te wees.

Hoewel eksterne fondse nuttig kan wees om 'n opleiding aan die gang te kry en daarna te ondersteun, moet gewaak word teen die kweekhuiseffek wat op die lang duur die ondergang van so 'n opleiding kan wees.[275]

By 'n deel van die Temba-Winterveld-profete wat as dosente funksioneer het, het die kweekhuiseffek slegte gevolge gehad toe die instelling waarby hulle ingeskakel het, naamlik Didaché Instituut (DI), sy fondse grootliks onttrek het aan die TOE-program waarvan hulle deel was (Januarie 1998). Die talle vervoerprobleme, die onttrekking van befondsing het my weer laat besef dat selfs TOE 'n baie duur en moeilik bekostigbare sisteem in Afrika kan wees. By DI het die dosente spoedig besef (onder andere deur my fasilitering) dat hulle op hulle eie voete sal moet begin staan en minder afhanklik sal moet wees van buitehulp.

Buitehulp kom ook in die vorm van onderrigmateriaal wat gereed lê in Westerse kerke se programme. L Engel (1997:25) stel die problematiek soos volg: "Zu viele Programmen waren aus den historischen Kirchen zu verständigen." Westerse stof en metodiek is net so oorgeneem, omdat TOE selfs te vinnig ontwikkel het om eie stof daar te stel. Die vraag is hoe kan 'n gekontekstualiseerde TOE-model die kweekhuiseffek ondervang? (Zorn 1975:9).

Pobee (1989:8) reageer op Zorn ('n voorstander van residensiële opleiding) se kritiek op TOE: "Standards for evaluating new patterns and methods ultimately have to be found within the context, whatever reference is made to Western standards." Dit moet nie 'n klakkelose kopie

---

274 Daneel (1989:238) maak melding hoe die oorspanne futuristiese eskatologie waarvolgens 'n utopie verwag is, deur Bybel- en teologiese opleiding in die AOK onder die Shonas gekorrigeer is. Bosch (1979:235,237-238) waarsku teen die eskatologiese koors in sekere kringe wat die eskatologiese horlosie wil aandraai. En die ander skool wat die horlosie wil terugdraai sodat die "alreeds" swaarder weeg as die "nog nie." Daar bly dus ook altyd 'n stuk onvoltooidheid, 'n bewussyn dat nie al die vrae nou reeds antwoorde kan verwag nie. Hy waarsku ook teen agteroor sit en passiwiteit. Hy wil sien dat daar eerder 'n "geduldige ongeduld van hoop in aksie" sal wees. Dit is die kreatiewe spanning tussen die "reeds" en die "nog nie."

275 Hiervolgens is die teologiese opleiding van eksterne finansiering en hulp afhanklik en word die studente, soos in 'n kweekhuis beskermd gekweek en versorg. Indien die voedingsaar van finansies afgesny word, stort alles in duie (Zorn 1975:8-11).

van Westerse programme wees nie, maar 'n dinamiese proses daarstel wat die struktuur van kerkwees kan uitdaag.

Oor finansiering van teologiese opleiding skryf S Talitwala (1987:16): "We must develop local support from within Africa, while simultaneously cutting back on expenditures. It must be relevant to African situation." Die terugsny moet egter nie ten koste wees van uitmuntende opleiding nie. By die Temba-Winterveld-leraar-profete het dit daarop neergekom dat alhoewel hulle fondse vir navorsingsdoeleindes ontvang het, hulle meesal selfonderhoudend in eie studiebehoeftes geword het.[276] Skrywer het deur korttermynprojekte gepoog om hulle te help om in hulle eie behoeftes te voorsien. Daar is begin met gemeenskapsprojekte om leraars en profete finansieel onafhanklik te maak. Daar is ook probeer om buitelandse fondse te werf om in DI se basiese behoeftes te voorsien.

Dit is duidelik dat wanneer probeer word om 'n billike opleidingstandaard te handhaaf, minimum eksterne befondsing noodsaaklik is.

### 12.3.2 Slotsom

TOE word baie keer nie goed beplan nie en kan ook taamlik duur word indien dit nie doeltreffend bedryf word nie. Die aansprake van baie TOE-instansies op groot getalle en koste-effektiwiteit is waarskynlik meer propaganda as werklik.

Dit is duidelik dat waar 'n TOE-opleiding probeer om finansieel grotendeels selfstandig te funksioneer, daar nie van voltydse dosente gebruik gemaak kan word wat deur 'n eksterne instansie betaal word nie, maar dat daar sterk gedink moet word aan tentmakerdosente.

Na aanleiding van fasilitering rondom leierskap, beplanning en visievorming (sien die Bybelse Nehemia as leier by eksemplariese stof) het baie dosente begin met klein sakeondernemings met die oog op selfonderhoud. Die plaaslike teologiese sentrum het geblyk hierin 'n onontbeerlike fasiliteringsrol te speel. Hieronder tel landboubedrywighede, tuindienste ("cleaning and gardening") en 'n vertalingsburo.[277]

### 12.3.3 Kontekstualisering van kerkopbou in kurrikulum

By baie opleidings wat op die AOK gerig is, blyk die probleem van gebrekkige kurrikulumbeplanning. Goeie kurrikulumbeplanning hang in hierdie verband saam met realistiese kontekstualisering. Een van die maniere om behoorlike konteks- en behoeftebepaling te doen, is deur vraelyste in die betrokke kerke. So sal tot meer doeltreffende kerkopbou in teologiese opleiding gekom kan word. FR Kinsler (1978:263) bevestig: "Therefor we should devise a way in which our curricula will respond to the students' needs and problems."

Hier moet in terme van kritiese kruisveld-uitkomste beplan word, met die oog op 'n integrasiekurrikulum wat dit moontlik maak om vir die kerklike bediening, maar in 'n mindere mate ook vir sekulêre werk te kwalifiseer.

Voorts behoort die kursusse met die benutting van *kernmateriaal* deels omskrywe te word om aan die hoofdoelwit van die spesifieke newedoelstelling, naamlik kerkopbou in die konteks, te beantwoord (Engel 1997:26-27, Malan 1989:58). Die metodes uitgespel in hierdie proefskrif kan goedskiks as *modus operandi* aanvaar word vir hantering van die informasiefase, beplan-

---

[276] Hulle is deur skrywer aangestel om hom met die veldwerk vir sy navorsing behulpsaam te wees.

[277] Fasilitering in dié opsig was nie soseer die doel van die navorsing nie en skrywer het ook nie 'n mandaat daarvoor gehad nie, maar dit het natuurlik uit die navorsing voortgevloei. Die aanbieding en deurgee van die dienste van Kula, Escom en ander se gemeenskapshulp is probeer. Dit was belangrik dat studente en dosente eienaarskap aanvaar vir die van stapel stuur van sulke projekte. Dit is ook nie die doel om hier verslag te gee oor die sukses van die gemeenkapsbedrywighede nie. Die proses van kontekstualisering en opbou is aan die gang gesit.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



ning, visievorming, stofopstelling en evaluering. (Sien relevante hoofstukke soos Hoofstuk 1, vraelyste en eksemplariese kursus).

Laastens behoort 'n TOE-opleiding in staat te wees om materiaal van verskeie instansies te benut. Dit nie nodig om die wiel van vooraf uit te vind nie. Trouens, daar behoort 'n netwerk van onderlinge samewerking tussen TOE-opleidings (en dalk ook ander opleidings) tot stand te kom.

#### *12.3.3.1 Eenheid en balans*

Sundkler (1962:225) lê klem op die vasstelling van 'n *kernkurrikulum* en *kernkursusmateriaal*. Dit is die redelik klassieke inhoude. Die res kan meer gekontekstualiseer word. Daar word dus gedink in terme van 'n *balans* tussen die kontekstualiseringsbeginsel en die meer universele opboubeginsel (wat met eersgenoemde korreleer). In hierdie verband sal dit beter wees om in die geval van die verskillende vlakke 'n diakronies integrerende benadering te volg, eerder as om opbou in vier waterdigte kompartemente (na aanleiding van die vier vakgroepe volgens die visie van Schleiermacher) te benader. Integrasie van kurrikulering behoort na aanleiding van die eise van kontekstualisering te geskied (Pobee 1989:12, Kelsey 1992:215).

Ook moet die spanning tussen die ministeriële wat 'n gawebediening is en wat meer op die vorming afgestem is, aan die een kant en die wetenskaplik-teologiese opleiding aan die ander kant kreatief in teologiese opleiding benut word deurdat die twee op so 'n wyse gepaar word dat die spanningsdinamiek benut word. Dit geld ook vir die seminarie.

Enige teologiese opleiding wat die bediening op die oog het, maar wat uiteindelik in wetenskapsteologiese opleiding opgaan, is op 'n ontsporingsbaan. Dit geld veral seminaries en enige opleiding wat op die AOK afgestem is (Ferris 1996:108).

Dieselfde spanning sou ook van toepassing wees in die verhouding tussen sosiale wetenskappe en "Bybelse teologie" (deur Ferris "Theology of message" genoem) in die teologiese opleiding. 'n Teologiese opleiding wat eersgenoemde te swaar beklemtoon, loop die gevaar van behaviorisme en kontekstualisme (deur Ferris "Theology of engagement" genoem). 'n Teologiese opleiding van laasgenoemde te swaar beklemtoon, loop die gevaar van abstraksie en van Bybelse ivoortoringteologie (Ferris 1996:104-105). Die sogenaamde "Ecumenicals" word gewoonlik van eersgenoemde verwyt en die "Evangelicals" van laasgenoemde. Dit sou egter ook gesê kon word dat die Afrikaanse kerke se opleiding na laasgenoemde neig.

Die gevaar in die geval van die opleiding wat ongebalanseerde na "Bybelse teologie" neig, is dat so op Skrifwaarhede gefokus word dat dit dikwels verwring word deur 'n oormaat van klem op liniêre en sinkroniese denke. Waarheid in abstraksie lei maklik tot dwaling, omdat nie ingesien word dat die waarheid altyd gekontekstualiseerd aan ons verskyn nie. Eers wanneer erns gemaak word met die konteks (waaronder kultuur), kan 'n greep na die suprakulturele gemaak word. Dit is egter nooit iets wat ons kan besit nie.

Ferris (1996:109) voel sterk daaroor dat die "Theology of message" en "Theology of engagement" op 'n balanseerde wyse in die teologiese opleiding toepassing moet vind.[278]

#### *12.3.3.2 Profete en leraars*

By die kontekstualisering van die eksemplariese stof is die dimensies nie net sinkronies in die afdelings van diakonia ("profetebeen"), koinonia ("leraar- en profetebeen") en kerugma ("leraarsbeen") ingedeel nie, maar is ook diakronies aan die elemente van diakonia, koinonia en ke-

---

[278] Hier is daar die debat tussen die opleiding van *Christian Life Training* wat 'n sterk ministerieel-pragmatiese bediening voorop-stel en teologiese opleidings wat aan universiteite gesetel is en wat klem op 'n meer teologies-wetenskaplike bedieningopleiding lê. Hierdie twee groepe kan mekaar vrugbaar stimuleer en beïnvloed. Altwee sou egter ook by 'n teologie met groter koinoniale betrokkenheid kon baat vind.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



rugma onder elke eenheidstandaard aandag gegee. Op dié wyse word balans gehandhaaf in kurrikulering en kom die Bybelse omvattendheid tot sy reg. Selfs Ou-Testamentiese eksegese het 'n diakonale en koinoniale gestaltegewing ontvang. Die studente moet teksvaardig wees en die kurrikulering moet daarop afgespits word om as 't ware aanvaarbare metodes of werkswyses te ontwerp wat kontekstueel is. (Ook Venter 1994:404-405, Gensichen 1971:212).

In die geval van die profeet is die kurrikulêre uitgangspunt die koinonia, maar moet daar steeds uitgekom word by die kerugma. In die geval van leraar is die kurrikulêre uitgangspunt die kerugma, maar moet daar tog ook deurbeweeg word na koinonia en diakonia. In beide gevalle is die onderskeie charismata die vertrekpunt.

So word die ontmoetingsvlak tussen profeet en leraar groter en het dit tot gevolg dat hulle mekaar ondersteun, maar ook in toom hou. Ampte, maar ook amp en charisma, tree dus in dialoog.

## 12.3.4 Kontekstualisering van die vakke

Teologiese opleiding van AOK kan nie los van of met ontkenning van ander (ook Westerse) teologiese opleidings plaasvind nie. Die konteks van die AOK is ook nie net die tradisionele konteks nie, aangesien die tradisionele, inheemse konteks vandag deur 'n breër globale konteks omvat word. Dit maak die kontekstualisering van teologiese opleiding wat op AOK gerig is, soveel moeiliker.

### *12.3.4.1 Eksegese en prediking*

Die vraag in watter mate teologiese opleiding wat op die AOK gemik is, erns moet maak met kritiese Bybelwetenskap, is 'n baie ingewikkelde en moeilike vraag om te beantwoord. Hoewel dit aanvaar word dat kandidate nie in onkunde betreffende die moderne Bybelwetenskap gehou moet word nie, is dit ook 'n feit dat die AOK se ganse bestaan en funksionering meestal Bybelsfundamentalisties is. Teologiese opleiding wat byvoorbeeld daarop gemik is om kandidate na 'n Westerse geontmitologiseerde verstaansmodel te voer, gaan sulke kandidate nie alleen ontredder laat nie, maar hulle ook ongeskik maak vir die bediening van sulke kerke. Gekontekstualiseerde hermeneutiese opleiding sal in elk geval daarop gemik moet wees om by prediking uit te kom wat die Skrif verstaanbaar en aktueel aan die leser/hoorder in sy of haar konteks kan kommunikeer.

Meer as een aanslag kan in die konteks van die AOK toepaslik wees, omdat dit onmoontlik is om resepte te gee. Dit gaan in die eerste plek om die dialektiese verhouding tussen eksegese en prediking, tussen hermeneutiek en predikkunde. Tog onderlê die kerugma ook die res van die kerklike bediening. Om wanbalans na die een of ander dimensie van die bediening te voorkom, sal daar aan die hermeneutiese siklus vasgehou moet word. (Vgl 9.6.2 3 en ook Eksemplariese Stof 14.1.3, element 3; 14.4.1.3 vir die balans in prediking en eksegese. Sien die balans tussen analitiese en sintetiese eksegese en prediking.)

Die metodiek van Skrifeksegese wat in die verlede voorgestel is vir die AOK, is die sistematiese kombinasie van die analitiese benadering (byvoorbeeld die stap-vir-stap-metode, volgens 14.4.1.3) met die sintetiese benadering met die oog op 'n homiletiese uitleg wat verduidelikend en kerugmaties van aard is. Dit is belangrik dat die predikers van die AOK 'n begrip en waardering sal ontwikkel vir die analitiese eksegetiese benadering (byvoorbeeld elemente van struktuuranalise), maar sulke metodes moet grootliks aangepas word vir die AOK-konteks. Hier stel die skrywer 'n meer sikliese metode voor wat met die genoemde metodes gepaar word.

In teenstelling met die Westerse liniêre styl van logika en retoriese argument, is die AOK geneig om 'n sikliese styl van argument en retoriek te volg. Dit kom neer op een of meer (verbandhoudende) gedagtes of temas wat op 'n sikliese wyse met tekste, frases, persoonlike ervarings en verstaan en kontekstuele verwysings uitgebou word.

Die sikliese beweging kan wel nuttig aangewend word, maar met minder intense siklisiteit. Chang (1984:119) maak trouens die stelling dat die Westerse liniêre logika en retoriek nie teruggaan na die Skrif nie, maar na die Griekse filosofie. As sodanig verteenwoordig dit 'n minderheidsdenkvorm in die wêreld en selfs in die Christendom. Hy kies ten gunste van 'n potjiekosmetode waarin 'n wye verskeidenheid van bestanddele mekaar aanvul om 'n hoogs interessante en smaaklike gereg te lewer. So 'n gereg sal egter grootliks gestruktureer moet. So kan die sikliese metode benut word soos verskillende bestanddele, elkeen met sy eie karakter, wat die gemengde "potonyana" (potjiegereg) karakter tot sy reg te laat kom. (Pauw 1960:139). (Die metode van die potjiekos vertoon nogal ooreenstemming met die sintetiese metode (sien p 200, par 9.4.2).

Dit is egter belangrik dat die analitiese benadering ten minste daarin na vore kom dat meer as een Bybelvertaling gebruik word by die voorbereiding van die prediking in die ontginning van 'n sentrale tema met ondergeskikte temas wat die hooftema ondersteun. Te veel spronge van die een stam na die ander en na ander bome sal die hoorder verwar en nie die opbou dien nie.

Die suiwer struktuuranalitiese metode het nie in die konteks van die AOK gedeug nie, indien dit ooit wesenlik toepassing gevind het. Dit word teengestaan word omdat dit ervaar word as onbetrokke wetenskaplik en te analities, 'n werkswyse wat die vry vloei en werking van die Heilige Gees in die gemoed van die eksegeet onderdruk.

Die analitiese blyk in die algemeen te kort te skiet as enigste metode (Van Zijl 1981:45-50). Dit moet verryk word deur 'n gemengde *potonyana*-metode of 'n meer sikliese aanbieding van die hoofidee. Wanneer 'n mens potjiekos maak sou jy sekere bestanddele en geure kon meng om smaak te gee. Dit moet egter verstaan word dat sekere geure nie gemeng kan word nie, omdat dit bots. So byvoorbeeld meng jy nie vleissoorte in die dieselfde pot as jy nie seker is dat hulle mekaar sal komplementeer nie. Aan die ander kant, hoe minder bestanddele, hoe minder interessant die gereg.[279]

Ons weet egter uit ervaring dat die AOK uit hoofde van die kulturele agtergrond van hulle prediking, die meer letterlike Skrifeksegese verkies (onder andere as gevolg van 'n soort kopiëringsmotief).

Daarom is die kennisname en die toepassing van die hermeneutiese sirkel van kardinale belang.[280] Die kennis oor die hermeneutiese sirkel behels dat die teks, konteks en die leser in gedagte gehou moet word. Die hermeneutiese sirkel plaas die spanning tussen die teks, konteks en die leser op die voorgrond. Die wisselende klem in die hermeneutiese sirkel wil sorg dat die subjektiewe vertolking deurbreek word. Daarom moet dit altyd oop wees vir korreksie en nie vasgevang word deur 'n waarheidsillusie of 'n naïef realistiese benadering wat deur fundamentalistiese skole op hulle afgeforseer kan word nie (Jonker 1963:191). Die dialektiek van die Scylla en die Charibdes is ook hier van toepassing. Daar kan eensydig te veel na die Woord-kant klem gelê ten koste van die konteks en andersom (Pieterse 1986: 88).

Groepsdenke en dialoog (*indaba*) kan ter wille van kruisbestuiwing en opleidingsdoeleindes aangewend word. Hier kan iets van die moderne kommunikasieteorieë met vrug benut word. Die simbolies interaksionele kommunikasiemodel[281] kan die profeet-leraar help om homself te

---

279 Sien ook Nehemia se stof, NI/3 E,5 - NI/13 E,38, wat hanteer is naas die eksemplariese stof (aanhangsel 14.4, by die leraarbeen).

280 "Onder hermeneutiek verstaan ons die refleksie op die proses van die koms van God in sy Woord na die mens in sy situasie, waarin drie momente onderskei kan word: verstaan, verstaanbaar maak en die tot verstaan kom (verklaring)" (Vos 1995:23). Meer in die besonder behels dit 'n oorbrugging van 'n kultuurafstand deur die integrasie of versmelting van twee horisonne (Vos 1995:24). Hierdie kloof kan net opgehef word deur die toets van die preekbelydenis in die koinonia, diakonia en kerugma (Vos 1995:23).

281 Binne die dialogiese kommunikasieraam leer die prediker om die rolle in te neem van beide hoorder en prediker. Daar vind 'n uitwisseling van simbole plaas in die prediker-hoorder-situasie (Vos 1995:158-159). In die simmetriese kommunikasiemodel funksioneer die groepsgedagte en die dialoogrolle sterk. Dit gaan uit van 'n kommunikasie op die vlak van die hoorder. Gemotiveer

objektiveer, en te help om empaties met sy konteks te kommunikeer. Dit behels dat die leraar in verskeie rolle van hoorder en prediker geplaas moet word (Pieterse 1993:150). Hierdie proses moet al by die eksegese voorgestel word as van dialoog gebruik gemaak word om 'n heen-en-weer hermeneutiese sirkel te skep (Pieterse 1993:82).

So was dit ook skrywer se ervaring by DI dat die Bybelstudieskole wat Saterdagoggende met die oog op prediking aangebied is en waar 'n Bybelgedeelte eksegeties-homileties behandel is, 'n belangrike bydrae gelewer het vir die prediking wat op Sondag gevolg het. Dit is hieruit duidelik dat die koinonia as 'n aspek wat selfs aan prediking grondliggend kan funksioneer, tot sy reg sal moet kom in teologiese opleiding. Dit voorkom stereotipiese prediking rondom sekere lieflingstekste en plaas die klem op ander Skrifgedeeltes waarin die konteks meer verreken word (Pauw 1960:139). Omdat die profete baie eklekties is in metodes en modelle, kan die Saterdagoggendskool gebruik word om hulle aan 'n groter verskeidenheid bekend te stel. Dit is dan ook die ideaal om meer preekmodelle (en eksegetiese werkswyses) voor te stel, soos die homilie, tekstematiese en selfs die verhalende prediking wat verrykend en korrigerend op mekaar kan inwerk (Vos 1995:169).

Uiteraard is dit onrealisties om onderrig in Bybelvakke op 'n hantering van die oorspronklike grondtekste te baseer. Die profete en leraars van Temba-Winterveld het baie goed gerespondeer op die gebruik van verskillende vertalings om die betekenis van tekste te ontsluit. Die profete en leraars het hoofsaaklik met die King James Version (as 'n meer letterlike vertaling) en daarmee saam met meer vrye vertalings gewerk.[282] Die kuns is om 'n pad tussen die uiterstes van 'n letterlike en 'n vrye verstaan van die Skrif te vind. Nida is gekant daarteen dat 'n letterlike vertalings soos AV (Authorised Version), ERV (English Revised Version) en ASV (American Standard Version) alleen gebruik word, sonder 'n parafrastiese vertaling in 'n inheemse taal. Parafrastiese vertalings hou die voordeel in dat dit die konkordistiese gebruik van die Bybel ontmoedig aangesien dit vormkorrespondensie teenwerk wat 'n probleem in die Skrifhermeneuse van die AOK is. 'n Verdere voordeel van parafrastiese vertalings is dat die kandidate leer dat daar alternatiewe vertaling- en uitdrukkingswyses is as die Bybelse vorme (Nida 1961:12; 78-79). Die verkeerde variante vertaling, of indien te vry vertaal word, kan egter tot 'n verwarring by die lesers oor die teks aanleiding gee (Nussbaum 1984:238).

Na aanleiding van refleksie op die praktyk het ons tot die gevolgtrekking gekom dat 'n vertalingsmodel van eksegese gebruik kan word. Deist (1984:233) noem die moontlikheid van 'n plinêre vertaalmetode. Dit wil 'n pregnante "vertaling" van die teks gee in die lig van die Bybelse kerugma en kom dus neer op 'n kombinasie van vertaling en teologiese kommentaar. Die ander pool is 'n fundamentalistiese metode wat die Skrif as 'n versameling van *dicta probantia* (bewysplase) hanteer. Dit dui op 'n Skrifgebruik wat daarop ingestel is om Skriftekste te versamel wat gebruik kan word om dogmatiese standpunte te sanksioneer of selfs te "bewys".[283] (Vgl ook Nida 1961:12, 78,-79 en Deist 1994:223).

Die gebruik van verskeie vertalings moet nie geskied sonder om die dialektiek tussen letterlike en vrye interpretasie in vertaling te verdiskonteer nie. SW Nussbaum (1984:238) vertel dat 'n vertaling van Mat 5:17 deur die AOK aangehaal word asof dit sou impliseer dat Christus die doop en die nagmaal tot die gebooie en die offers wou byvoeg in plaas van dat die sakramente die gebooie en offers vervul. Die vertaling wat hulle gebruik, gebruik die woord *tlatsa* (toevoeg)

---

deur die verbondenheid (liefdesgemeenskap) van die wynstok en die lote. Die wisseling van die rolle behoort uitermate emosionele verhewendheid, geheimsinnigheid, en die meer instruktiewe aard van die AOK se prediking te korrigeer wat ooreenstem met die onnatuurlike en verhewe oordrag by sommige van die KMWB (Vos 1995:164, Kellerman sj:169).

282 Profete-leraars van Temba-Winterveld het gemaklik gebruik gemaak van verskillende inheemse en Europese Bybelvertalings. Sommige kan as parafrasties beskryf word, terwyl ander weer meer letterlik was, soos die TYNT 1987 (*Thulaganyo ya Ntlha Tswana*).

283 Die gevaar hier is dat Skrif in die tweede plek ingedwing word met die dogma in die eerste plek. 'n Verdere probleem is dat die Skrif nie meer in eie reg gelees en waardeer word nie, maar bloot as myn van tekste gebruik word (Hasel 1972:17).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



in plaas van *phetha* (volbring, uit te voer, toe te pas).[284] Die ander uiterste sou wees om die woord *qetile* (voltooi) te gebruik.

Ook in die vertaal van die teologiese stof is dit beter om begrippe te beskryf, eerder as om dit net konkreet te vertaal.[285] Kontekstualisering moet deurentyd ook hier as 'n faktor meespeel.

#### *12.3.4.2 Ou en Nuwe Testament*

Sundkler (1960:216) meen dat dit belangrik is dat teologiese opleiding in 'n sendingsituasie (asook die wat op die AOK gerig is) die Nuwe Testament as die vervulling van die Ou Testament sal aanbied. Waar die AOK-leraar geneig is om meer aanklank te vind by die Ou Testament en geneig is om daar vas te val, moet hy geskool word om deur die beklemtoning van die organiese groei- en opboubeginsel die gaping tussen die twee te oorbrug. Dit sal die fokus op Christus plaas as die sentrum van die prediking. Laasgenoemde moet plaasvind deur denkvorme in die tradisionele kultuur te soek waarmee dit gekommunikeer kan word (Sundkler 1960:217).

Byvoorbeeld: Alhoewel Christus se soenoffer 'n end aan rituele offers gebring het, glo sommige AOK dat Jesus die wet nie hier verander het nie. Christus sou volgens hulle nog "wette" bygesit het in die vorm van die nagmaal en die doop. Nussbaum (1984:237) beveel ook aan dat die diskontinuïteit tussen die rites van die Ou Testament en die sakramente van die Nuwe Testament tuisgebring word deur 'n gekontekstualiseerde evangelie wat hierdie sake oënskynlik op dieselfde vlak hanteer, maar juis ook die vervulling en vernuwing van die wet en die rituele offers in Christus na vore sal bring (Nussbaum 1984:237).

Hier soek hy vir beelde en metafore wat die evangelie byvoorbeeld meer verstaanbaar sal maak onder die Sotho. Hy gebruik die ontwikkelingsfases van die mens en die sogenaamde oorgangsrites om die organiese ontwikkeling en groei in die openbaring uit te druk (Nussbaum 1987:182-183). Dit lyk egter of die voorbeeld van 'n boom (na aanleiding van natuurbeelde in die gelykenisse) die historiese ontwikkeling ook net so goed kan uitbeeld. Sodoende kan die gaping tussen Ou Testament na Nuwe Testament, asook vanaf TAG na die AOK oorbrug word. Die Skrifgedeelte moet dus elke keer in historiese perspektief gestel word om veral die a-historiese, mitiese en magiese kosmologie teen te spreek en te korrigeer.

Deist (sj:21) probeer om balans daar te stel deur beide die kontinuïteit en diskontinuïteit tussen die OT en NT te beklemtoon. Dieselfde balans soek hy deur die beklemtoning van beide kontinuïteit en diskontinuïteit tussen konteks en kerkopbou. Dit word verder gevoer deur 'n balans in die eksegetiese oorweging van diakronie en sinkronie, onder andere tussen teks en konteks. Goppelt stel die hermeneutiese verhouding tussen Ou Testament en Nuwe Testament as "... positively or antithetically ... but at the same time eschatologically elevated." (Goppelt 1982:58; ook Venter 1994:405).

'n Grammatiese-historiese eksegetiese metode sal meer reg laat geskied aan die kontekstualisering, omdat dit meer geneig sal wees om die dubbele werking van kontekstualisering en kerkopbou alternatiewelik heilshistories en vanuit linguïsties-kulturele hoek te verreken.[286] Byvoor-

---

[284] *Tlatsa* se leksikale betekenis word nie noodwendig as "bygevoeg" in die woordeboek aangegee nie, maar word deur die AOK vanuit hulle teologiese standpunt so geïnterpreteer. Dit sou egter kon help om dit meer diakronies toe te lig deur die heilshistoriese dimensie te beklemtoon. Dit moet ook duidelik word dat die heilshistoriese betekenis van die besnydenis byvoorbeeld in die doop gekontinueer word, maar dat daar ook diskontinuïteit tussen besnydenis en doop is (Cullmann 1967:261). Soos in die geval van die Judaïseerders wat nie doop ernstig geneem het nie, moet daar gekyk word na die AOK se bedoeling agter die ritueel van besnydenis, omdat dit die "alreeds" van die doop nie tot sy reg laat kom nie (Cullmann 1967:261). Dit wil in elk geval voorkom of *phethehile* die betekenis van vervulling beter uitdruk (Nussbaum 1984:238).

[285] Die vertalers Dora Moropa en Ben Molekoa is spesiaal hiertoe toegerus met 'n vertalingskursus wat hulle by die SANW gedoen het. Vergelyk ook die vertaling in Wes-Tswana wat dinamies-ekwivalent vertaal is (Bylae sowel as Eksemplariese Stof).

[286] 'n Grammaties-historiese eksegese: Die enkel sinkronies-literêre benadering neig om die teks aan sy konteks te ontkoppel. Sodoende word dit maklik idealisties en immanent en dreig die gevaar ironies genoeg dat dit juis a-histories word. Die diakroniese benadering neig weer om die teks materialisties vanuit sy konteks te benader. So word nie genoegsaam aandag gegee aan die

beeld: Eerder as om die term *vader* te gebruik in die matriargale familiesisteme, is dit beter om die begrip in die kultuur histories en kosmologies te beskryf (Hesselgrave & Rommen 1989:57).

Die diakroniese metode hou die moontlikheid in om reg te laat geskied aan die betekenis van die kontinuïteit en diskontinuïteit tussen Ou en Nuwe Testament, byvoorbeeld met die oog op die verhouding tussen die animistiese TAG en die Christelike AOK. So ook die oorgang van die rituele offers aan die voorouers na die nagmaal as die viering van die *communio sanctorum*: dat die Skrif (volgens Hebr 10 en 11) rituele offers nie meer nodig ag nie, maar dat daar *eens vir altyd* (*hangwe feela* – S-Sotho) *versoening* (*poelano*) bewerkstellig is.

Deist se DI-studiehandleiding (Theology in outline, Module 1.6, Study Unit 8: God's holy presence) is 'n goeie voorbeeld van hoe die Ou Testament uitkomsgerig aangebied kan word.[287]

### 12.3.4.3 Dogmatiek

By Dogmatiek is die beginsels van opbou en kontekstualisering mooi te sien. Op grond van die Skrif en solidêr met die konteks moet opbouende kritiek op die konteks gelewer word. Die vak moet verder ook uitkomsgebaseerd aangebied word. Sake soos magie en voorouerverering moet onder die loep geneem en in die klas bespreek word. Aan die ander kant moet daar ook nie oor Westerse foute of euwels (byvoorbeeld materialisme) geswyg word nie, aangesien dit ook deel van die AOK se konteks uitmaak.

Ware kontekstualisering sal altyd 'n etiese onderbou hê. Kontekstualisering sal egter ook nooit anders as dogmaties kan wees nie. Dit sal die onderliggende hermeneutiek van suspisie uitmaak waarvan Hesselgrave en Van Rommen (1989:59) praat

Die eis van kontekstualisering vereis dat indien Dogmatiek-handleidings van elders gebruik word, hulle in die AOK-idioom vertaal of oorgeskryf moet word (Sundkler 1962:25).

Teologiese opleiding gerig op die AOK vind plaas in 'n veranderde konteks waar verstedeliking, sekularisasie, konsumerisme, wetenskap en tegnologie 'n rol speel, wat nie anders kan as om op die wêreld van die AOK te impakteer nie. Teologiese opleiding sal leiding moet gee om vraagstukke te beantwoord wat as gevolg van daarvan in sulke kerke en die harte van hulle lidmate opkom (Hulbert 1988-89:31).

---

fynere literêre besonderhede van die teks nie. Ook kan dit al te liberaal tekskrities opereer en die gesag van die Woord ondermyn (Deist 1994:288). Hierdie skema maak Hesselgrave ook van toepassing op die kontekstualisering en opbou van die evangelie as hy redeneer dat die literêre benadering in die grammaties-historiese metode die letterlike bedoeling in die grondteks blootlê en dit die dinamies-ekwivalente vertaling moontlik maak. Die historiese dimensie in die grammaties-historiese benadering wil veral die klem laat val op die heilshistoriese lyn (Hesselgrave en Rommen 1989:57). Deist (1994:288) wil die positiewe van die literêre (sinkroniese) en die historiese (diakroniese) benadering saamtrek in die grammaties-historiese benadering met die oog op 'n meer gebalanseerde holistiese benadering. Ook dien dié benadering die dubbele werking van kerkopbou en kontekstualisering die beste.

Die grammatiese (literêre) sal meer fokus op die regte vertaal en kontekstualisering, terwyl die historiese benadering ruimte wil maak vir die verchristeliking van die inheemse vorme.

[287] Die leerdoelwitte gee 'n idee daarvan:

"At the end of this study unit students should be able to:

1. Elaborate and briefly explain the various symbols of God's presence among Israel and in what need did it anticipate (forsee).
2. Give a brief explanation of the Old Testament's festive cycle in terms of the presence of God.
3. Give a brief explanation of the Old Testament sacrificial practices in terms of the presence of God. Discuss 2 and 3 in a group as well as the transformation that took place to the New Testament.
4. Explain some of the prophets seeming opposition to Israel's system. Discuss how this can be made applicable to the Christianisation of culture and the inculturation of Christianity.
5. What would the solution be in terms of the application of Gods presence to the Church today. In this regard plan a small project to bring about Gods presence or to correct wrong perceptions about His presence."

Let wel: By leerdoelwit 5 sou die hele prosedure van problematisering, beplanning en probleemoplossing in die praktyk herhaal kon word. Dit sou in die vorm van 'n preek, werkstuk of gemeenskapsprojek uitkomsgerig gemaak kon word.

#### 12.3.4.4 Kerkgeskiedenis

Sundkler (1962:217) het die behoefte uitgespreek dat Kerkgeskiedenis meer gekontekstualiseer moet word. Kerkgeskiedenis benader uit Westerse ervaringshoek kan die opboubeginsel nie na wense dien nie. Ochola (1988-89:20) is van mening dat die integrasie van Bybelse materiaal met Kerkgeskiedenis en kontemporêre gevallestudies die studente behoort te help om die bediening te kontekstualiseer. Kerkgeskiedenis moet toegespits wees op die probleme waarmee gesukkel word. (Vergelyk ook Sundkler 1962:223; sien verder Eksemplariese Stof 14.3.2.3).

Onderrig in Kerkgeskiedenis het by die Temba-Winterveld-leraar-profete daartoe gelei dat hulle insig in hulle eie ontstaan en geskiedenis gekry het. Spontaan is van herkoms vertel wat weer in teologiese opleiding ingewerk kon word. DJ Crafford (sj) se handleiding geskryf vir DI is 'n voorbeeld van baanbrekerswerk wat gekontekstualiseerde Kerkgeskiedenis betref. 'n Mens mis egter 'n meer kritiese evaluering van die bydrae van verskeie figure in die AOK. Daar sou ook meer gedoen kon word om 'n gees van onderskeid rondom profetebediening te bevorder. Verder is hierdie stof nog nie in inheemse tale vertaal nie. (sien 14.2.1.2 element 3).

In die hantering van die kerkgeskiedenis behoort op kontinuïteit en diskontinuïteit by kontekstualisering in die geskiedenis gewys te word. As model kan Ntsikana en die kontekstualisering wat alreeds daar ten opsigte van begrafnisgewoontes plaasgevind het, ontgin word (Hodgson 1984:33, Saayman 1991:54). In die eksemplariese stof is die ervaring van Walther Matitta ontgin.

Die Temba-Winterveld-leraars-profete het afskeidings oordink en die verklaring aangebied dat dit nie altyd op skeuring neerkom nie, maar dat leiers besluit om soos Abraham en Lot te verdeel wanneer daar geen ander uitweg is nie. Daar is egter volgens hulle 'n tipe kerkbelydenis nodig wat op skrif moet wees, sodat struwelinge uitgeklaar kan word. Die visievorming waartoe by die Temba-Winterveldse PTS (plaaslike teologiese sentrum), "The Centre," gekom is, het die uitwerking gehad dat die verteenwoordigers van die verskillende kerke as span begin saamwerk het. Daar het onderlinge koinonia tot stand gekom rondom gemeenskaplike probleme wat geïdentifiseer is. Hulle is ook deur ekonomiese en ander nood gedwing om saam te werk.

Dit wat DB Barret (1968:155) die gemeenskaplike oorsaak van alle wegskeuringe noem, naamlik 'n gebrek aan liefde (vs onselfsugtige liefde, wat die merkteken is van ware Christelike koinonia) kan maklik aan die voorbeeld van sendelinge en Westerse instansies toegeskryf word wat dikwels weinig liefde in onderlinge konkurrensie geopenbaar het. Dit moet egter ook op die AOK-leiers van toepassing gemaak word wat op geen wyse vir die sendeling in dié opsig agtergestaan het nie.

Dit is duidelik dat opleiding en geletterdheid as sodanig nie die oplossing is om skeuring te voorkom nie, maar dat 'n opleiding wat klem lê op die koinonia (dalk 'n verchristelikte *ubuntu*) wat deur 'n ware liefdesdimensie gekenmerk word, heelwat kan doen om dié probleem te bowe te kom (Barret 1968:102). Hierdie liefde moet egter ook gekommunikeer kan word in 'n agterdogtige wêreld wat ook deur intimidasie gekenmerk word.

In hierdie verband het Daneel (1989:351) die herstelde *kommunikasie* as koinonia-gebeure onder die verskillende lede van Fambidzano beklemtoon. Lede wat op die punt gestaan het om weg te breek of reeds geskeur het, het met dialoogvoering en onderhandeling begin om geskille by te lê en tot versoening te kom. Die blote bewus wees van foute uit die geskiedenis het gemaak dat daar 'n koinoniale atmosfeer geskep is vir gesprek en dit het talle skeurings afgeweer (Daneel 1989: 351).

#### 12.3.4.5 Praktiese Teologie en Sendingwetenskap

Sundkler (1961:230) lê ook klem op die opboubeginsel in die Praktiese Teologie en meen trouens dat dit aan die grondslag lê van die pastoraat. Ochola (1988/9:20) wil sien dat teologiese op-

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



leiding meer gekontekstualiseer en geaktualiseer word in die vorm van diens in die situasie van die teologiese opleiding self – "service in the here and now learning situation."

Uiteindelik moet dit wat in die opleiding geleer word, deurgevoer word na die kerke self. Dit kom daarop neer dat daar aan die bediening in elke kerk geskaaf moet word met die oog op evangeliese transformasie. Die opleiding moet kerke ook indirek help om struktureel en organisatories meer effektief te word.

In die lig van die tentmakerbediening wat in die AOK toepassing vind, kan daar meer aandag gegee word aan die saak van spesialisering in een bediening. Dit is trouens so dat die bekleërs van die tentmakerbediening dit moeilik vind om in die week administratiewe en pastorale verpligtinge na te kom (Sundkler 1960:304).

### 12.3.4.5.1 Apostolaat, kerk- en gemeenskapsontwikkeling

Waar dit in die pastoraat grootliks gaan oor die opbou en die instandhouding van die geloofsgemeenskap deur die bemoediging en vermaning, was die missionêre volgens die tradisionele sienswyse toegespits op die verafgeleë heidendom. Dit is, soos reeds gestel, gesien as die red van siele en kerkplanting.

Die klem sou moes verbreed om die *missio Dei* te betrek wat die klem meer op die *missiones ecclesiae Dei* geplaas het wat op sy beurt die klem meer op diens laat val het. Maar dan die belangrike balans waar die kerk en die sending in kreatiewe spanning verkeer. Waar hierdie spanning opgehef is en daar na die een of die ander kant oorgehel is, het uitwasse gevolg. Waar na die kerk oorgehel is het 'n soort asketiese, piëtistiese kerkisme ontwikkel. Waar na apostolaat oorgehel is, het 'n soort social gospel gevolg en het die kerk oorbodig geraak vanweë die oormatige klem op die koninkryk (Bosch 1993(91):391-392).

Die missionêre dimensie moes meer insluit en het verruim om ook die diakonale en die koinoniale te betrek. Sending het nie net meer ekstensiewe na-buite-gerigte betekenis gehad nie, maar ook meer intensiewe betekenis. Kerkopbou na buite lei daartoe dat dissipels gemaak word en kerkopbou na binne dat hulle geleer word. Hier is die AOK aan die voorpunt as die profetiese genesingsbediening wat sterk missionêr-diakonaal is, in ag geneem word. Die pastoraat word as 't ware met die missionêre gepaar op so 'n wyse dat dit 'n sterk groeikompetensie na buite ontwikkel. Ongelukkig sou dit nie per se positief of negatief beskou kon word nie. Dat die ou missionêre kerke hier verbygesteek word, word deur die afwaartse statistiese kurwe aangetoon. Soos Masuku (1996:450) dit stel: "This is a challenge even to their theological training curricula. These churches have a more appealing message to the majority of African people."

### 12.3.4.5.2 Evaluerende opmerkings

Simpson probeer om onder die noemer van die Praktiese Teologie, die sending en evangelisasie as dimensies tot hulle reg te laat kom. Stof word gekurrikuleer as "evangelism and community service." Sonder om evangelisasie en sending te verwar, word daar nie alleen aandag gegee aan die planting van die plant nie, maar ook aan die koestering van die plant deur die pastoraat en opbou (Simpson sj:196).

Die balans tussen die ekstensiewe missionêre en die intensiewe kerkopbou word mooi in die eksemplariese stof uitgebeeld en het die skrywer onder die opskrif Marturia weer die omgekeerde van Simpson probeer doen deur 'n kerkopboudimensie aan die missionêre te verleen. (Sien ook die *notae ecclesiae* in die eksemplariese stof). Dit betrek dan ook 'n aantal binêre foci wat in kreatiewe balans moet verkeer, naamlik 'n opbou na binne en 'n numeriese kerkuitbreiding na buite; introverte piëtisme en apostolaatsteologie; kerkplanting aan die een kant en diens met die klem op ontwikkeling in die mees komprehensiewe sin van die woord aan die ander kant (Bosch 1993(91):381). Waar Simpson die gedagte wil weergee dat die kerk by uitstek missionêr besig is, wil die skrywer deur die kurrikulering van die stof die gedagte beklemtoon dat die sending by

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



uitnemendheid kerkwerk is, nie net in uitbou-sin nie, maar ook in opbou-sin (Bosch 1993(91):372). Die missionêre dimensie word dan ook missionêre intensie en is in die sin uitkomsgerig deur die betrokkenheid en diens in die samelewing (Bosch 1993(91):373).

## 12.3.5 Ensiklopediese evaluering van kurrikulering en onderrig

Dit spreek vanself dat 'n mens nooit by 'n finale kurrikulum of onderrigmodel uitkom nie en dat voortdurende kritiek en evaluering daarvan noodsaaklik is. In so 'n evaluering moet die volgende vrae byvoorbeeld aandag geniet.

### *12.3.5.1 Integrasie of fragmentasie?*

Dit is belangrik dat die aspekte van kerkopbou en kontekstualisering in kurrikulering en stofopstelling teties-antiteties en sinteties neerslag sal vind. Dit is 'n stuk dialektiek wat in gesonde en kreatiewe spanning gehou moet word.

Dit sal tot gevolg hê dat vakke in die kurrikulum nie uitmekaar gehaal word nie, maar eerder geïntegreer word. Die grootste integrasie sal met die praktyk plaasvind. Andersyds moet vir te veel duplisering opgepas word (Pobee 1989:12) Die eklektiese beginsel in die navolging van die waarheid moet uitgespel word (Pobee 1989: 14). Ons sal hierin 'n *modus operandi* moet volg met die volgende orde:

- Eers 'n fenomenologiese studie, 'n fonemiese, van-binne-benadering wat die akkurate weergawe nastreef van die woorde gespreek.
- Dan 'n ontologies-teologiese benadering wat die waarheid of onwaarheid daarvan toets.
- Dan 'n fonetiese (van-buite-) benadering wat 'n diakroniese, vergelykende ondersoek behels en wat die konteks waarbinne die waarheid gekommunikeer word, eksploreer. So het elke kultuur byvoorbeeld sy eie klassifikasie van siektes en eie etiologie. Ons kan vooropgesteld net ons eie wetenskaplike denke erken en die werklikhede van 'n tradisionele konteks ontken. Die eise van effektiewe kommunikasie neig egter om ons kulturele vooropgesteldhede te korrigeer (Hiebert 1995:17).
- In die laaste instansie moet dit inkarnasioneel-inkulturatief wees. Dit behels dat daar 'n onderskeid sal wees tussen menslike kultuur en die evangeliese openbaring en dat die ware evangelie in die reseptorkultuur oorvertaal word (Hiebert 1995:19). Laasgenoemde is 'n proses en vereis meer as net vaste kurrikula. Dit sal balans moet bring tussen die kultuur (konteks) en die Woord. So sal reduksionisme by integrasie voorkom word.[288]

### *12.3.5.2 'n Klompie realiteitstoetsbeginsels*

1) Gebalanseerde opleiding sal in kurrikulering rekening hou met die gemeenskapsprobleme, politieke en kulturele probleme van Afrika (Sundkler 1962:232).

---

288 Hiebert PG (1995:14-15) praat van komplementariteit. Elke verstaansmodel word ernstig geneem, maar moet ook kongruent met die ander wees. Christus kies vir die integrasie van metodes van sy tyd met 'n suprakulturele komponent (Onunwa 1995:127-129.

Steffen (1994:363) stel 'n kerkplantmodel as basis vir integrasie voor deurdat dit die nouste met die praktyk skakel en die sosiokulturele patrone en gegewe in aanmerking moet neem. Verder moet dit afgestem wees op die Skrifuurlike beginsel van volwassenheid en dissipelskap.

Op grond van tradisionele groepsdinamika word min studente per klas voorgestel. Dit korreleer met die kulturele model wat ook min vakleerlinge per profeet het. Lesings en stofontwerp moet koinoniale behoeftes en tradisionele kulturele waardes verdiskonteer.

Steffen se kerkplantmodel is afgestem op die opleiding en verdere opleiding van natuurlike leiers. Dus indiensopleiding wat sterk uitkomsgerig is.

2) Die geïntegreerde benadering eerder as vaste kurrikulum om die vrae in die konteks te beantwoord, moet oorweeg word. (Sien eksemplariese stof, Eksemplariese Stof 14.1, 14.2 en 14.3). Die vashou aan die konteks sal vakdissiplinêre fragmentasie voorkom (Pobee 1989:8-19).
3) Die kerke moet meer betrokke wees by evaluering van resultate van teologiese opleiding (Snook 1992:38).
4) Die proses begin al aan die begin met die keuse van leiers deur die kerk aan die hand van 'n siftingsproses (Sundkler 1960:171).
5) Is die opleiding genoegsaam interkultureel en fonemies? Teologiese opleiding moet ook meer in die rigting van die ekumene beweeg sodat daar van die ander kontekste geleer kan word. Dus moet 'n beweging van eie *oikos* na *oikumene* voorgestaan word. (Pobee 1989: 14). Dit sal kulturele hubris en etnosentrisme verhoed. Dit sal ook verhoed word deur die liggaam van Christus as aspek van die koinonia te beklemtoon (Hulbert 1988-89:38). Bosch praat van interkulturele betrokkenheid. Hier het ons weereens met 'n stuk dialektiek te doen. D Farley (1989:167) sowel as M Kelsey (1992:216) wil kies vir balans in kurrikulering tussen die eenheidsbeginsel en pluralisme. In die lig hiervan beveel Sundkler (1960:237-254) 'n inheemse taal en 'n handelstaal vir onderrigkommunikasie
6) Laastens moet 'n bepaalde vorm van TOE nooit aanvaar word as finaal nie, maar moet dit gedurig in elke konteks opnuut gekontekstualiseer word. Die aanname van finale vorme lei onwillekeurig tot verabsolutering en sektariese valsheid (Snook 1992:40). Sundkler (1962: 217) is van mening dat vertaalwerk deur Westerlinge ook tydelik moet wees. Kontekstualisering behels ook Westerse kulturele insette wat tuiskom in Afrika-konteks se basiese beginsels, selfs in die geesteswetenskappe, soos sielkunde, en sosio-ekonomiese wetenskappe. Verskillende spesialiteitsvelde verg verskillende kurrikulêre ontwerpe (Pobee 1989:10).

Hierdie stappe is dan ook gevolg in die stofopstelling betreffende die *ukuthwasa*-siektetoestand.[289]

- Eers is *ukuthwasa* emies bestudeer met die oog op 'n fenomenologiese verstaan.
- In 'n tweede fase is dit met ander ooreenstemmende verskynsels vergelyk en aangebied (diakronies).
- Derdens was daar teologiese en realiteitstoetsing, met die oog op meer indringende verstaan en groter verheldering. Dit sou in verdere fases onderverdeel kon word. (Sien refleksie by Eksemplariese Stof).
- Dit kom vierdens neer op 'n sintese van Westerse teoretiese en Afrika-verstaan – 'n horisonsversmelting dus. Die bedieningsmodel vir die hantering van *ukuthwasa*-gevalle het dan amper vanself inkulturatief gestalte aangeneem.
- Vyfdens is dit 'n proses en nooit 'n afgehandelde saak nie. Selfteologisering moet een van die doelwitte wees. Dit het behels dat die profeet-leraar op die ou end self die teologie of teorie van genesing moes laat vergestalt in rituele en simboliek. Die stof is net die raamwerk en die profete moet die res van die vleis insit. (Vergelyk Hiebert 1997:61-62).

---

289 Sien ook Kinsler se metode van programmering by kursusopstelling:

Programmering behels dat stofopstelling en kurrikulering volgens 'n vaste skema van probleemhantering gedoen word wat prosesse behels van behoeftegerigte analise, stofopstelling, toetsing met studente met die oog op bevestiging of korreksie, dan die implementering van die onderrigprogram en prestasiemeting na afloop daarvan (laasgenoemde wat weer gebruik kan word vir verdere verbetering of aanpassing). Die gevaar is dat dit as enigste metode gesien kan word en dat dit ook weer op 'n oorbeklemtoning van skedulering en organisasie kan uitloop (Kinsler 1978:92, 264-265).

Die programbenadering was ook gevolg met 'n kortkursus oor die ontwikkeling van gawes te ontwikkel, om meer krities te wees op eie bediening en om uitkomsgerig te wees ten opsigte van getuienis en diens (sien Eksemplariese Stof).

Iets van hierdie aspekte het skrywer by die meeste van die profete teruggevind nadat die stof met hulle gehanteer is.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



- Sesdens sou die stof hoër en laer vlakke bereik nagelang kontekstualisering op verskillende vlakke en in verskeie lokaliteite realiseer (Kinsler 1978:37-92).

## 12.4 DIE KOINONIALE DIMENSIE

Die koinoniale aspek lê baie klem op die verhouding teenoor God en die naaste. Ware gemeenskap met God loop uit op 'n betrokkenheid by jou gemeenskap wat getuig van liefde en medeleelsaamheid, deelname en Christelike buurskap. Dit is die situasionele dimensie wat myns insiens (onder andere na aanleiding van refleksie op die praktyk) geblyk het onontbeerlik is in teologiese opleiding wat op die AOK gerig is. (Ook na aanleiding van Bosch 1979:229 en Cole 1990-91:37). Indien koinonia volgens die Skrif verstaan sentraal in die teologiese opleiding funksioneer, word dit in 'n sekere sin die uitdrukking van God se uitreik waarmee Hy Homself teenwoordig stel (Hiebert 1997:4).

Baie teologiese opleidings neig om 'n kerugmatiese aanslag te laat domineer, omdat dit gemaklik korreleer met 'n akademies teologiese aanslag. In die geval van 'n teologiese opleiding wat op die AOK gerig is, is koinonia egter die sement wat so 'n onderneming bymekaarhou. Dit sal verder die KMWB wat vennote in so 'n opleiding mag wees, se onbaatsugtige verantwoordelikheid wees om nie die foute van die verlede te herhaal om deur paternalisties of imperialisties te werk te gaan nie.

Die AOK beskik oor 'n stuk koinonia waarby teologiese opleiding aanklank moet vind en dit moet positief benut word vir die opbou van die kerke. Nooit moet die kultuur-eie sonder meer plek maak vir Westerse individualisme of rasionalisme nie. Die AOK se *bona fides* sal grotendeels aanvaar moet word om 'n eiesoortige koinonia te vorm wat nogtans in ooreenstemming is met die Skrif.

### 12.4.1 Koinonia bring in voeling met behoeftes

Koinonia is die beginsel en basiese gesindheid van Christelike kommunikasie en sleutel tot die verstaan van die behoeftes en die kulturele eie van ander Christene. Theron (1995:54) beklemtoon koinonia as die gemeenskaplike noemer by gemeente wees en by gemeente-opbou.

Koinonia kan nie anders as om kontekstualisering in die hand te werk nie en volgens die onderhawige model van koinoniale kerkopbou en kontekstualisering is dit die sleutel in die bereiking van 'n balans tussen didaskalia, kerugma aan die een kant en pastoraat en diakonia aan die ander kant. Sundkler (1960:302-304) praat in dié verband van die *laos Theou.* G Jansen (1968: 67) pleit vir die voortdurende bekering en vernuwing van die koinonia by die inheemse kerke en wel op so 'n wyse dat dit in die gestaltes van selflose liefde, aanbidding, versoening en gebed tot uitdrukking kom. Meer in besonder wil hy hierdie aspekte beklemtoon as aspekte wat in ag geneem moet word by die verinheemsing van gemeentebou. Snook (1992:32) beklemtoon die plaaslike leierskap en meen dat in TOE nie net aan didaskalia prominensie verleen word nie, maar ook aan die koinonia.

### 12.4.2 Koinonia wil die volgende —

1) Dit is die skakel tussen die kerugma en die praktyk in teologiese opleiding. Dit wil die teorie by die praktyk uitbring (Kuhnke 1990:104-106).
2) Dit soek eenheid in geloofsdeelname, maar wil ook verder soek na die ekumeniese vergestalting van eenheid op talle vlakke met ander kerke van gemeenskaplike geloofsbelydenis.
3) Dit integreer baie ander dimensies of aspekte van kerk- en Christenwees in teologiese opleiding. Theron (1995:52) noem baie, soos die Woord, Christelike tradisie, gespesialiseerde

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



kennis, behoeftes, probleme van die kerk, studentwees en die gemeenskap. Dit help dat studie en die kennis wat sodoende opgedoen word, integreer en deel word van die student se persoon en lewe.

### 12.4.3 Koinonia by kerkopbou en kontekstualisering

Dit is die gemeenskaplike brug by kerkopboumodelle wat van die profete en leraar uitgaan vir sover dit integrasie moontlik maak tussen die inkulturasiemodel en die kerugmatiese model. Die koinonia kan maklik ontspoor as dit aan die hand van fenomenologiese, moreel-psigologiese of groepsdinamiese insigte herontwerp of bestuur word. Dit moet uitgaan en deel vorm van 'n evangeliese, gelowige kerklike lewe en kan byvoorbeeld nie bloot in die ekumeniese tussenruimte bestaan nie. Die koinonia as ekumene sal ook nooit 'n doel opsigself kan raak anders as om die kommunikatiewe verstaansfunksie te vergestalt en te verklaar tussen Woord (God) en konteks(te) nie.

Koinonia is die dimensie wat die valse polarisasie tussen diens en sending ontlont. Volgens Gensichen (1971:209):

> Jene falsche polarisierungvon Mission und Dienst, die ja auch dadurch gekennzeichnet ist, dass dadurch die gemeinde nur um ihre Kerygma und um ihre Diakonia, sondern auch om ihre *Koinonia* gebraucht zu werden droht: Sozialrevolutionäre, die längst am Reformwillen der Amtskirche verzweifelt sind, stehen gegen diejenigen, die nach wie vor an der Zeugnis- verpflichtung festhalten, und irgendwo im Niemandsland zwischen ihnen sucht die Ortsgemeinde vergeblich nach ihre Standort.

Die gevolg is 'n holistiese multidimensionaliteit wat die dualisme afbreek deur 'n wisselwerkende kreatiewe spanning tussen kerk en konteks. Koinonia verseker dat die twee sisteme vir mekaar oop bly (Jansen 1968:44-46,54). Koinonia tot God lei tot koinonia met die naaste en het diakonia tot gevolg (Issler 1996:20-209).

Dit het die implikasie dat die profete deur die Skrif geleer word om nie stereotipe metodes te gebruik nie, maar aanpasbaar in hulle aanslag te wees. Teologiese opleiding raak dan die instrument ook van kerkopbou deurdat hy pluraliteit van metodes by die profeet uitbring (Van Engen 1996:225, Gilliland 1986:266-267).

### 12.4.4 Koinonia laat TOE tot sy reg kom

Die koinoniale perspektief in die ekumene kan daartoe bydra dat TOE tot sy reg kom, veral ten opsigte van die aspekte van bevryding, kontekstualisering, integrasie en opbou. Ralph Winter (1996:169-184) druk dit mooi uit: "TEE was designed to integrate theory reflection and experience." Die balans word egter ook gestel deur Gort (1996:69): "The textual witness can not be satisfactorily comprehended, apart from contextual circumstances."

Die omgekeerde is ook waar: "No social context can be sufficiently fathomed without the help of the text." Daar is dus 'n voortdurende dialoog tussen teks (=Skrif) en konteks.

Daar is ook 'n verdere dialoog, naamlik tussen die wetenskapskant (*molao*) en die tradisionele of kulturele en impliseer die volgende beginsels.

- Genesing kan nie by wyse van gebed of kerklike ritueel alleen hanteer word nie, maar ook nie daarsonder nie. Die aanwending dus van een of ander metode van eksorsisme is haalbaar, maar ook is die gees van onderskeid so ver moontlik aan die Temba-Winterveld profete uitgespel.
- Hierdie aspekte is leergierig deur die Temba-Winterveld-leraars-profete ontvang. Dit sou ook kon beteken dat sommige profete van hulle gawes kon verloor nadat hulle ekumenies en pluriformies gekonfronteer is, maar die openheid om koinonia te beoefen en te deel, het getoon dat hulle die kennis waardeer het en prakties toegepas het.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



- Indien daar *koinonia* tussen die lede van die *groepe* so kan ontwikkel dat elkeen 'n taak kry en daar saamgewerk word, word daar 'n leer- en saamwerkkultuur geskep. Die beginsels wat so 'n kultuur skep, is die volgende:
  - Die erkenning van die groepsdinamiese aspek van 'n leerkultuur. Interaksie, kruisbestuiwing, onderlinge verduideliking en ondersteuning.
  - Die aanvaarding van eienaarskap en verantwoordelikheid (Kirkpatrick 1995:25).

Pretorius et al (1987:96) beklemtoon telkens die voordele van 'n groep en hy wil veral klem lê op die didaktiese voordele van kleingroepdinamika. Onder andere leer die groepslede die uniekheid van koinonia, om mekaar se laste te dra, asook die liggaam wat opgebou moet word om te groei. "They learn to see in their daily toil not a curse"

Dit was ook my ervaring by die sentrumfase van stigting dat daar baie meer inisiatief gekom het toe daar eienaarsbelang gekom het met groepsvorming[290] en die stigting van 'n loodskomitee ("Steering Committy").[291] Teologiese opleiding het gekontekstualiseer tot op die vlak om genesing te bring deur ware Bybelse koinonia wat die elemente van gebed; aanbidding en versoening as 'n terapeutiese krag aan te wend. (Vergelyk ook Jansen 1968:67-69).

### 12.4.5 Evaluering

Die didaskalia (kerugma en teorie) wat weekliks in die groepsklas in dialoog sy beslag gevind het, het deur ware Bybelse koinonia uitgeloop op vernuwende verbondsopbou en -uitbou. Ook het dit impliseer 'n dinamiese, kreatiewe spanning tussen diens aan God en die diens aan die mens (Mackie 1969:51).

Die gevaar van opleiding is dat dit die piëtistiese (en skiëntistiese) fragmentarisme en kompartementalisme voortsit, waar kerugma en diakonia naas mekaar en sonder interaksie beoefen word. Dit is dan ook in botsing met die Bybelse en die Afrika-volkere se holistiese reïntegrasiebeginsel wat al die dimensies betrek (Onunwa 1986:193). Behoeftes en node kom op alle vlakke en in alle dimensies na vore en moet dus nie gefragmeteerd of reduksionisties beskou word nie, maar holisties en geïntegreerd.

In al hierdie verbande kry ons in die Lausanne-verklaring 'n korreksie op die piëtisme (Artikel 11 ten opsigte van leierskap en teologiese opleiding):

---

290 Sien die vorming van groepe onder Aanhangsel 14.3.

291 Eienaarskap het soos volg begin verloop:

1. Daar is uit eie beweging inisiatief geneem om te onderhandel met die Departement Onderwys en Opleiding om klasse vir die leerlinge te bied wat belanggestel het in Bybelonderrig.
2. Daar is met 'n aantal werkverskaffingsinisiatiewe begin, byvoorbeeld.
   - Daar is besluit om 'n skouhuis op te rig met die oog op 'n behuisingsprojek.
   - Daar is begin met 'n vertalingsprojek. Daar is besluit om dit groepsgewys aan te pak.

   Hulle het eie situasie en konteks goed genoeg geken om te weet dat daar eers koinonia moes kom alvorens met hierdie dienste sukses behaal kon word.
3. Een profeet was besig om sy eie lokale sentrum (LS) ('n ekumeniese sentrum waar op 'n gereelde grondslag vergader en informele gemeenskapsonderrig of *indaba* plaasvind) op die been te bring in die naburige Winterveld. Sy ideaal is dat sy LS ook uit verskeie groepe sal bestaan.
4. Toe 'n profeet oorlede is, het die stof wat op daardie stadium toevallig gehandel het oor die hantering van rousmart en troos, spontaan 'n uitkoms gevind het. Die koinonia van die groep is ook versterk.. Die behoefte van die groep het verder gegaan as net studiegroep: daar is ondersteuning verleen aan die vrou van die profeet. Vir haar seun is daar moeite gedoen toe hy werkloos was om hom 'n ambag te laat loop deur die fasilitering van die sentrum.
5. Kerugma het deur die opboubeginsel (*oikodeme*) in koinonia, in studie spontaan tot onderlinge diakonia oorgegaan wat nie net 'n uitbouperspektief ingehou het nie, maar ook 'n opbouperspektief. Dus is hier 'n balans gebring. (Vergelyk ook Smit 1988:39-41, Van Engen 1993:97).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



> We confess that we have sometimes pursued church growth at the expense of church depth and divorced Evangelism from Christian nurture. We also acknowledge that some of our missions was too slow to equip and encourage national leaders to to assume their rightfull responsibilities. Yet we are commited to indigenous principles and long that every church might have national leaders who manifest a Christian style of leadership in terms of service, not of domination. We recognize that there is a great need to improve theological education of national leaders. In every nation there should be an effective training program for pastors and laymen in doctrine, discipleship, evangelism nurture and service.
>
> (Dayton & Wilson 1984:199).

In hierdie opsig is 'n seminaar in 'n groepsverband uitgewerk (vergelyk eksemplariese stof) met die oog op die ontwikkeling van 'n praktiese, probleemoplossende dimensie in gemeenskapsbetrokkenheid. Dit het onder andere uitgeloop het op daadwerklike ondersteuning toe 'n naasbestaande vertroos is by die afsterwe van sy geliefde. Die saak sou dus ook multi-dimensioneel vanuit die diakonia-perspektief gesien kon word. Dan is kerugma en koinonia as 't ware variante vorme van diakonia (1 Kor 12:5, Van Engen 1991:96).

Koinonia sal ook beklemtoon moet word binne die raamwerk van die verbond. So sal die AOK ook sy unieke roeping as kerk besef: om aan die een kant sy identiteit te beskerm in die wêreld, maar aan die ander kant die wêreld te dien. (Vergelyk ook die koninkryksperspektief by Van Engen 1993:103). Die teologiese opleidingsinstansies gerig op die AOK moet die kandidate begelei om die ware ekklesia te ontdek vir sover die kerk nie verstaan word as hiërargie nie, maar as *volk van God* (Van Engen 1993:104).

Teologiese opleiding sal hom daarop moet toelê om die kerk met sy gestaltes (dimensies) in so 'n mate te kontekstualiseer dat hy waarlik profeet, koning, en priester in die wêreld kan wees, al moet dit ook 'n nuwe unieke vorm van kontekstualisering wees. Dit impliseer konstante doelwitstelling in kontekstualisering in teologiese opleiding, anders bly kontekstualisering net 'n teoretiese saak (Van Engen 1993:125-127,141).

Soos wat die kerk 'n passie behoort te hê vir die verlore siel, so sal hy op alle vlakke van die geletterdheidskool of genesingsbediening oop moet wees om die hele volk van God te soek ten einde hulle toe te rus om dissipels te wees. Alle dimensies en vlakke moet in ag geneem word en aan teologiese opleiding gehoorsaam gemaak word, sodat dit die ware dissipelskap tot stand kan bring wat geleer is, maar ook uitgestuur is (Van Engen 1993:153).

In die geval van die genesingsbediening impliseer dit nie dat die kerk sonder meer as genesingsinstituut moet funksioneer nie, soos by sommige AOK. Dit maak nie professionele hulpverlening oorbodig nie, maar wil dit reeds benut en in die regte evangelies-pastorale perspektief plaas. 'n Mens kan dit voorstel as kringe van genesing en versoening en talle ander dimensies wat op verskeie afstande van die kern om die middelpunt van Christus as die groot Geneesheer draai (Jansen 1968:68). Net soos sending bestaan die teologiese opleiding se skopus nie uit 'n Woorddiens én mediese diens én sosio-ekonomiese diens nie, maar uit 'n sekere geïntegreerdheid, wat beteken dat enige invalshoek die geheel sigbaar laat word. So kan selfs die prediking multidimensioneel ervaar word, soos by die Temba-Winterveld-leraar-profete (Smit 1982a:34-35).

Indien ware Bybelse koinonia as die balanspunt gestel word, sal dit tot gevolg hê dat die kreatiewe spanning tussen die kerugma en diakonia, teorie en praktyk benut kan word. Indien koinonia sonder die kerugmatiese of die diakonale in teologiese opleiding funksioneer, raak dit verwronge en het ons uitwasse na die pïetisme of die sinkretisme (De Clerq 1988:2-6). Dus moet die teorie of teks in teologiese opleiding gekoinonialiseer word. Maar ook moet *ubuntu* geëkklesiologiseer (nie verekklesiologiseer) word deur die koinonia. Dus is dit 'n dubbele werking wat moet plaasvind om balans te verkry.

Die kerugma sal moet begin by hulle primêre behoefte wat nie noodwendig 'n gelukkige lewe na die dood is nie. Tradisioneel gaan dit eerder oor welvarendheid, stabiliteit, mag en ge-

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



sondheid (Pretorius et al. 1987:127). Kerkopbou beteken onder andere dat ook hierdie persepsies sal verskuif, byvoorbeeld na selfverloëning, diensbaarheid, die liefde van/vir God en die naaste.

Teologiese opleiding moet werk na 'n model waarin verskillende en selfs konflikterende kontekste geakkommodeer kan word (Pretorius et al 1987:112). Hiervoor is dialoog dikwels meer nuttig as elentiek. Kontekstualisering in teologiese opleiding kan vergelyk word met vermaning en regstelling wat nie sonder troos, ondersteuning en opbou in die kerk aanvaarbaar is nie. Kontekstualisering vra dus vir sensitiwiteit en geduld.

Die holistiese benadering van teologiese opleiding sal daartoe lei dat ongeag met watter dimensie begin word, die ander ook in die gesigsveld kom. Koinonia speel egter 'n belangrike fasiliterende rol hierin. Gensichen (1971:94) praat van die dialoog tussen die dimensie en die intensie wat verhoed dat daar valse antiteses geskep word, en dat die uitkomsgerigte en missionêre dimensies daarvan verseker word.

Die koinonia van die Heilige Gees "als missionarische Kommunikation" is dit wat die tweërlei ("doppelte") werking tot sy reg laat kom – vernuwing ("erneuernde Wirkung") as die dimensionele beklemtoon word en die "Kultur eingehen" as die intensionele beklemtoon word (Gensichen 1971:193,199).

Dit sal alleen tot sy reg kom indien die koinonia raakgesien en in teologiese opleiding benut kan word om 'n balans tussen die sinkroniese en diakroniese werking van kerkopbou en kontekstualisering te bewerkstellig. Die balans sal die aspekte van uitkomsgerigte opleiding, kontekstualisering, koinonia, kodering en dekodering, kenosis en skenosis in teologiese opleiding tot sy reg laat kom (Hesselgrave 1991:164). Ook sal ander negatiewe aspekte vermy kan word soos ekstraksie, abstraksie, etnosentrisme, magie en dispensasionalisme.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# Hoofstuk 13

# SLOTSOM

## 13.1 STELLINGS

1. Ofskoon daar 'n multidimensionele ekumeniese opleidingsmodel voorgestel word, is dit die koinoniale dimensie waaraan die meeste aandag verleen sal moet word in 'n teologiese opleiding wat op die AOK gerig word.
2. Koinonia sal in teologiese opleiding gesoek moet word as die verlore dimensie. In die AOK speel hierdie dimensie 'n belangrike rol, alhoewel baie keer verwronge. Daar moet gevolglik gesoek word na 'n Bybelse balans tussen die drie spiritualiteite van Westerse opleiding (rasioneel), die AOK (kultureel) en die pentekostaliste (emotief).
3. Daar moet gefokus word op die groep. Dialoog wat luister na die gemeenskaplike in Christus, maar ook verder gaan tot trialoog waar die Heilige Gees inkom wat mense van sonde kan oortuig (Pretorius 1987:114).
4. Dit is belangrik by teologiese opleiding dat die opleiding "bemark" sal word saam met sekulêre kursusse (byvoorbeeld vaardigheidsopleiding). Daarmee saam hang die kurrikuleringsbeplanning wat so gedoen moet word dat beide 'n teologiese rigting en 'n sekulêre beroep se uitkomste bereik kan word. Teologiese opleiding moet dus behoeftegerig (koinoniaal) wees. Teologiese opleiding moet help dat die vrae beantwoord word wat in die konteks gevra word (Cole 1991:36).
5. Teologiese opleiding moet die wederkerigheid (tussen diskontinuïteit en kontinuïteit) beklemtoon deur diakronies en sinkronies te werk te gaan. Dit verleen balans. Die gevaar (in die piëtisme) is om net diakronies of net sinkronies (a-histories) in kontekstualisering te werk te gaan.
6. Teologiese opleiding sal moet voorsiening maak vir 'n kragontmoeting wat herlei word na 'n persoonlike ontmoeting met Christus. Blote Westerse gerasionaliseerde teologie sal die AOK en die TAG nie raak nie. Daar sal by die AOK gebruik gemaak moet word van evangelisasie en dissipelskapbeginsels om kerkopbou te beoefen.
7. Daar moet meer in teologiese opleiding op die koinoniale gekonsentreer word. As die koinoniale dimensie gesond is, is daar outomaties beveiliging teen oormatige of verkeerde eksorsisme, sondeboksoekery of onmenslike metodes. Die liefde van Christus dryf alle vrees uit.
8. Die opboubeginsel sal meer afgestem moet word op die tug, konfrontasie, suiwering en eenheidsbeginsel, en die kontekstualisering meer op die akkommodering, verstaan en verchristeliking van kultuur en tradisionele gewoontes.
9. Daar bestaan 'n groep profete wat 'n bediening van genesing beoefen wat nie te ver van die Skrif is nie en wat deur teologiese opleiding nog meer gebalanseerd kan opereer. Teologiese opleiding behoort nie daarop ingestel te wees om so 'n genesingsbediening tot niet te maak nie, maar dit eerder tot groter Skrifverantwoordbaarheid te begelei. Dat hierdie onderskeid nie altyd duidelik deur teoloë soos J Becken geskets word nie, is duidelik. Hierdie profete is afkomstig uit verskillende tipes AOK en hulle was besig om in groepsverband suiwering toe te pas, maar het op sentrumvlak ander betrek wat nie soos hulle opgetree het nie.

10. Hieruit blyk dit daar verskillende koinonias is waarvoor ruimte gemaak moet word. Dit stem ooreen met die vlakke van ekumenisiteit. Hier moet die KMWB hulle rol om samewerking te fasiliteer, nie onderskat nie. Westerse kerke wat by teologiese opleiding aan leiers van die AOK betrokke is, moet hulle daarvan weerhou om 'n enkele verstaan of tipe van koinonia af te dwing.
11. In diagnostiese assessering moet vir al die vlakke voorsiening gemaak word. Daar moet met teologiese opleiding ook op die NKR-vlakke laer as vlak 5 gemik en gekontekstualiseer word, om dit toeganklik te maak vir diegene wat nie hoog geskool is nie. Ook moet opleiding in die AOK-konteks sowel as die produsering van stof meer uitkomsgerig benader word.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# LITERATUURLYS

Acocella, JR 1980. *Abnormal psychology.* New York: Random House.

Adams, JE 1970. *Competent to counsel.* Phillipsburg, NJ: Presbyterian & Reformed Publ Co.

Adutchum, AA 1993. The church and the issue of polygamy. *ATJ* 22/1, 25-30.

Alan, R 1983. *Christians and religious pluralism.* SCM Press.

Algemene Kommissie vir die Diens van Barmhartigheid van die NG Kerk 1986. *Diakonia en koinonia.* Pretoria: NGK Boekhandel (aangehaal as AKDB 1986).

NG Kerk in Afrika, Algemene Sinodale Kommissie 1991. Agenda en handelinge van die agtste gewone vergadering van die Algemene Sinode van die NGKA te Pretoria, 9 Julie 1991 en volgende dae. Bloemfontein: Sendingpers (aangehaal as ASK 1991).

Allen, R 1962. *Missionary methods – St Paul's or ours?* Nashville: Abingdon Press.

Anderson, A 1991. *Moya. The Holy Spirit in an African context.* Pretoria: Unisa.

Anderson, A 1991. Pentecostal Pneumatology and African power concepts. *Missionalia* 19/1: 65-73.

Anderson, A 1992. *Bazalwane.* Pretoria: Unisa.

Anderson, A 1992. Frederick Modise and the International Pentecost Church: A modern African messianic movement? *Missionalia* 20/1:186-200.

Anderson, A 1993. *The faith of the African Pentecostals in SA.* Pretoria: Unisa Research Project.

Anderson, A 1996. The hermeneutical processes of Pentecostal-type African Initiated Churches in South Africa. *Missionalia* 24/2:171-185.

Anderson, A. 1993. African Pentecostalism and the ancestor cult: Confrontation or compromise. *Missionalia* 21/1:26-39.

Baarda, TJ et al 1979. *God met ons. Over de aard van Schrifgezag.* Leusden: Kerk Informasie.

Bac, M 1985. Progress towards health for all in the Gelukspan Health Ward. Pretoria: Medunsa, unpublished doctoral thesis.

Baeta, CG 1962. *Prophetism in Ghana.* London: SCM Press.

Barnes, M 1989. *Christian identity and religious pluralism. Religions in conversation.* Nashville: Abingdon Press.

Barret, CK 1971. *The epistle to the Corinthians.* Kansas City: Adam & Charles Black.

Barret, CK 1982. *The gospel according to John.* London: William Clowes.

Barret, DB 1968(1974). *Schism and renewal in Africa – an analysis of six thousand contemporary religious movements.* London: Oxford University Press

Bartelink, JGM 1966. *Grieks-Nederlands Woordenboek.* Utrecht: Aula-Boeken.

Bate, SC 1993. Inculturation and healing. Pretoria: UNISA, DTh Dissertation.

Bate, SC 1994. *Inculturation and healing. Coping healing in South African Christianity.* Pietermaritburg: Cluster.

Bavinck, H 1976. *Gereformeerde Dogmatiek (IV).* Kampen: JH Kok.

Bavinck, JH 1954. *Inleiding in de Zendingswetenschap.* Kampen: JH Kok.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




Beck, CM (ed) 1984. *Mental health psychiatric nursing. A holistic health cycle approach.* St. Louis, Toronto: The CV Mosby Company.

Becken HJ 1993. Ancestor cult and missiological research. *Missionalia* 21/3:332-339.

Becken HJ 1993. Beware of the ancestor cult! A challenge to missiological research in South Africa. *Missionalia* 21/3:336.

Becken, HJ 1972. The African Independent Churches' understanding of the ministry, in Bosch 1972:134-144.

Becken, HJ 1972. *Theologie der Heilung. Das heilen in den Afrikanischen Unabhängigen Kirchen in SA.* Hermannsburg: Missionshandlung Verlag.

Becken, HJ 1985. *Wo der Glaube noch jung ist.* Erlangen: Der Verlag der Ev. Luth. Mission.

Beckford, JA 1985. World images of new religious and healing movements, in Jones 1985:72-87.

Bodemer, W 1986. Satanism, witchcraft and the occult – a psychiatrist's view. Unpublished assignments of the Conference on "The church and demonic powers." Held at UNISA, 2-3 July 1986.

Bolkestein, MH 1964. *Zielzorg in het Nieuwe Testament.* Den Haag: Uitgeverij Van Keulen.

Bonhoeffer, D 1984. *The cost of discipleship.* London: CSM Press.

Bosch, DJ 1972. *Ampsbediening in Afrika.* Pretoria: NGK Boekhandel.

Bosch, DJ 1984. Mission in Theological Education, in Conn & Rowen 1984:xiv-xxxix

Bosch, DJ 1987a. Sending: 'n prinsipiële besinning. *In die Skriflig* 21/82:3-13.

Bosch, DJ 1987b. The problem of evil in Africa. A survey of African views on witchcraft and the response of the Christian church, in De Villiers 1987:38-62.

Bosch, DJ 1993. *Transforming mission. Paradigm shifts in theology of mission.* Maryknoll, New York: Orbis Books.

Bosch, DJ 1994. *Spirituality of the road.* Scottdale, PA: Herald Press.

Bosch, DJ, Jansen, G 1968. *Sending in Meervoud. Komprehensiewe aspekte van moderne mediese sendingwerk.* Pretoria: NG Kerk Boekhandel.

Bridger, F, Atkinson, D 1994. *Counselling in context. Developing a theological framework.* London: Harper-Collins.

Brown, C 1978. *New international dictionary of New Testament theology.* Vol. 1 & 3. Exeter, UK: Paternoster Press.

Bühlmann, W 1974. *The coming of the Third Church.* Slough, England: St Paul Publications.

Bührmann, MV 1986. *Some Aspects of Healing among black South Africans*, in Oosthuizen 1986:105-114.

Burden, JJ 1994. Teologiese opleiding: 'n toekomsblik. *HTS* 50/1 & 2:111-139.

Burger, CW, Müller, BA (eds) 1987. *Riglyne vir prediking oor die gelykenisse en die wonderverhale.* Pretoria: NG Kerk Uitgewers.

Buswell, JM 1978. Contextualization: theory, tradition and method, in Hesselgrave 1978:87-110.

Cassidy, M 1983 *Bursting the wineskins.* London: Hodder and Stoughton.

Cheetham, RWS, Rzadkowolski, A 1980. Cross-cultural psychiatry and the concept of mental illness. *SA Medical Journal* 58/8:320-325.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Chirenje, JM 1987. *Ethiopianism and Afro-Americans in Southern Africa (1883-1916).* Louisiana: Louisiana University Press.

Chisholm, M 1984. Anxiety, in Beck 1984:401-441.

Clark, MS, Lederle HI et al 1989. *Pentecostal theology.* Pretoria: Unisa.

Clinard, MB, 1974. *Sociology of deviant behavior.* New York: Holt, Rinehart and Winston.

Clinebell, HJ 1966. *Basic types of pastoral care and counselling.* Nashville, Tennessee: Abingdon Press.

CLT 2000a. Guide for Quality Assurance and Assessment. Pretoria: Christian Life Training.

CLT 2000b. Bachelor of ministry: Assessment schedules. Pretoria: Christian Life Training.

CLT 2000c. Bachelor of ministry CL: Assessment Schedules and Program Instruments. Pretoria: Christian Life Training.

Codrington, JC 1986. Demonic powers from an evangelical persective. Unpublished assignments of the Conference on "The church and demonic powers." Held at UNISA, 2- 3 July 1986.

Cole, V 1990-91. The training of leaders for the ministry: Implications for Theological Education. *Journal for Evangelistic Theology (AJET)* 10/2:33-43.

Coleman, VD, Barker SH 1992. A model of career for a multicultural work force. *International journal for the advancement of counselling* 15:127-139.

Combrinck, HJB 1981. Enkele opmerkings oor metodes van Skrifinterpretasie. *Skrif en kerk* 4/2: 3-13.

Conn, HM 1973. *Contemporary World Theology. A layman's guidebook.* Philipsburg, New Jersey: Presbyterian and Reformed publishing Co.

Conn, HM 1984. Teaching missions in the Third World: the cultural problems, in Conn & Rowen 1984:249-276.

Conn, HM, Rowen, SF 1984. *Missions and theological education in world perspective.* Farmington, Michigan: Associates of Urbanus.

Crabb, LJ 1977. *Effective Biblical counselling.* London: Marshall Morgan & Scott.

Crafford, D 1973. Swart teologie en die Ned. Geref. Kerk in Afrika. *NGTT* 14/1:36-47.

Crafford, D 1978. *Die sosiale betrokkenheid van die kerk in die sending, ekumene en praktyk.* Pretoria: NGK Boekhandel.

Crafford, D 1982. Ekumenika. Leerplan en kernaantekeninge. Pretoria: UP

Crafford, D 1984. *Pluralisme as religieuse verskynsel: die onafhanklike swart kerke bewegings en groepsverhoudinge in Suid-Afrika.* Pretoria: ISWEN.

Crafford, D 1986. Typology of the African Independent Churches and the challenge posed by the Spirit Churches, in Oosthuizen 1986:75-81.

Crafford, D 1988. *Uitdagings vir die kerk in Afrika.* Pretoria: NG Kerk Boekhandel

Crafford, D, Gous, G 1993. *Een liggaam – baie lede. Die kerk se ekumeniese roeping.* Pretoria: ISWEN.

Cronjé, JM 1982. *Born to witness.* Pretoria: NGK Boekhandel.

Cullmann, O 1965. *Heil als geschichte: Heilsgeschichtliche Existenz im neuen Testament.* Tübingen: JCB Mohr.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Cullmann, O 1967. *Salvation in History*. London: SCM Press. Translated from *Heil als Geschichte.*

Cullmann, O 1963. *The Christology of the New Testament.* London: SCM Press.

Cuthbertson, G 1991. "Cave of Adullam:" Missionary reaction to Ethiopianism at Lovedale, 1898-1902. *Missionalia* 19/1:57-64.

Daneel, ML 1970. *Zionism and faith healing.* The Hague: Mouton & Co.

Daneel, ML 1978. *Quest for belonging.* Gweru: Mambo Press.

Daneel, ML 1983. Communication and liberation. Missionalia 11/1:57-93

Daneel, ML 1984. Towards a theologia Africana? The contribution of Independent Churches to African theology. *Missionalia* 12/ 3:64-88.

Daneel, ML 1987. *Quest for belonging. Introduction to a study of African Independent Churches.* Gweru: Mambo Press.

Daneel, ML 1988. *Old and new in Southern Shona Independent Churches.* Vol. 3. Gweru: Mambo Press.

Daneel, ML 1989. *Fambidzano. Ecumenical movement of Zimbabwean Independent Churches.* Gweru: Mambo Press.

Daneel, ML 1990. Exorcism as a means of combating wizardry: Liberation or enslavement? in Kritzinger & Saayman 1990:223-226.

Daneel, ML, Kritzinger, JNJ 1989. *Mission as liberation.* Pretoria: Unisa.

Dauermann, S 1996. Training Missiologists for Jewish Context, in Woodberry, JD (ed) 1996: 159-156

Davis, HG 1958. *Design for preaching.* Philadelphia: Fortress Press.

Davis, RJ 1978 Missiology and the coherence of theological education, in Elmer & McKinney 1996:93-100.

Dayton, ER, Fraser, DA 1980(1990). *Planning strategies for world evangelization.* Grand Rapids: Eerdmans.

Dayton, ER, Wilson, SW 1984. *The future of World Evangelization; the Lausanne Movement.* Monrovia, USA: MARC.

De Gruchy, JW 1979. *The church struggle in South Africa.* Grand Rapids: Eerdmans.

De Jonge, M 1988. *Christological titles in the New Testament. God's final envoy: Early Christology and Jesus' own view of mission.* Grand Rapids: Eerdmans

De Jongh van Arkel, JT (sj). To teach the essence of pastoral work. Module 3.3 of Preaching, teaching and pastoral work. Hammanskraal: Didache study guide.

De Jongh van Arkel, JT 1987. Pastoral counselling and demonology, in De Villiers, GR (ed.). 1987:141-146.

De Jongh van Arkel, JT 1987a. Pastoraat aan lidmate met psigiatriese probleme, in De Villiers, DW & Anthonissen, JAS 1987:169-177.

De Jongh van Arkel, JT 1988. Die pastoraat: noodsaaklike onderskeidings. 'n Posisiebepaling na 25 jaar, in Smuts 1988:1-5.

De Klercq, S 1988. Bazalwane/Bapoloswa. *ISWEN Kommunikasie* 10/2:1-9.

De Klerk, JJ 1978. *Herderkunde.* Pretoria: NG Kerk Boekhandel.

De Klerk, JJ 1986. Die koinoniale aard van die gemeente, in AKDB 1986:7-20.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



De Klerk, WJ 1977. *Rousmart. Die pastorale sorg oor bedroefdes na die oorlye van 'n dierbare.* Pretoria: Die Evangelis Boekhandel.

De Villiers, DR 1972. Die agtergrond en ontwikkeling van die teologiese opleiding deur die NG Kerk in Suid-Afrika. Pretoria: UP, ongepubliseerde doktorale proefskrif.

De Villiers, DW 1977. *Prediking en pastoraat.* Kaapstad: NG Kerk Uitgewers.

De Villiers, DW, Anthonissen, JAS 1978. *Dominee en dokter by die siekbed.* Kaapstad: NG Kerk Uitgewers.

De Villiers, GR (ed) 1989. *The Bible and Stress.* Pretoria: Unisa.

De Villiers, PGR (ed) 1987. *Like a roaring lion.* Pretoria: CB Powell Bible Centre, Unisa.

De Villiers, S Young, J 1979. *SAQA Bulletin* 1:1-17.

Deist, FE (sj). The Bible and its message. Biblical theology in outline. Pretoria: Didaché Institute, study material.

Deist, FE 1984. *A concise dictionary of theological and related terms.* Pretoria: JL van Schaik.

Deist, FE 1994. *Ervaring, rede en metode in Skrifuitleg. 'n Wetenskapshistoriese ondersoek na Skrifuitleg in die Nederduitse Gereformeerde Kerk 1840-1990.* RGN Studies in metodologie. Pretoria: RGN.

Diangienda, K 1984. *Histoire du Kimbanguisme.* Kinshasa: Editions Kimbanguistes.

Didache 1990. *Prospectus.* Pretoria: Didache Institute.

Dierks, F 1983. Communications and worldview. *Missionalia* 11/3:43-56.

Dlamini, I 1986. Zionist Churches from the perspective of a Zionist church leader, in Oosthuizen 1986:210-210

Dreyer, JGM 1986. Building up the body of Christ. Westminster Theological University: Unpublished doctoral thesis (DMin).

Du Plessis, J 1965. *A History of Christian Missions in South Africa.* Kaapstad: Struik.

Du Preez, J 1985. Tien-dimensionele sending. *ISWEN Kommunikasie* 7/2:1-19.

Du Rand, JA 1985. Die dinamiek van Christenskap – koinonia. *Fax theologica* 5/1:55-75.

Du Toit, AB 1985. Die kerk as Pneumatologiese werklikheid by Paulus — 'n paar hooflyne. *Fax theologica* 5/1:1-3.

Du Toit, W 1987. *God se genade. Die verhaal van Kwa Sizabantu.* Durban: Skryweruitgawe.

Duewel, WL 1990. *Mighty prevailing prayer.* Grand Rapids: Zondervan.

Dwane, S 1984. The high church doctrine of infant baptism, in König et al (eds) 1984:52-58.

Earle, R 1986. *Word Meanings in the New Testament.* Michigan: Baker Book House.

Easthope, G 1985. Marginal healers, in Jones 1985:52-62.

Ellenberger, EM 1938. *A century of mission work in Basutoland.* Morija: Sesuto Book Depot.

Elliston, E 1996. Moving forward from where we are in missiological education, in Woodberry 1996:232-253.

Elliston, EJ 1996. Research in missiological curriculum and instruction, in Elmer & McKinney 1996:132-140.

Elmer, D 1984. Education and service. A model for praxis education, in Conn & Rowen 1984: 226-244.

Elmer, D, McKinney, L (eds) 1984. *With an eye on the future.* Monrovia, California: MARC.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Elmer, M & Elmer, D 1996. Dialogue, fix-it pills, and development, in Elmer & McKinney, 1969:188-196.

Els, J 1998. Kurrikulum 2005. *Sarie Aktueel* 49/15:37-38.

Engel, L 1992. Wie die Kirchen in Afrika ihre personellen Resourcen für theologische Ausbildung besser einsetzen können. *ZMiss* 18/1:21-29.

Ericson, NR 1978. Implications from the New Testament for contextualization, in Hesselgrave 1978:121-123.

Evans-Pritchard, EE 1958. *Witchcraft, oracles and magic among the Azande.* Oxford: Clarendon.

Farley, E 1983. *Theologia – the fragmentation and unity of theological education.* Philadelphia: Fortress Press.

Farrand, D 1986. *Choice and perception of healers among black psychiatric patients*, in Oosthuizen GC 1986:97-104.

Ferris, RW 1996. Directions in theological training, in Elmer & McKinney 1996:55-57.

Fohrer, G 1971. Priester undProphet-Amt und Charisma? *Kerugma und Dogma* 17/1:14-25.

Foulkes, IW 1984. Case Study: PRODIADIS: A New Way of Doing Theological Education in Latin America, in Conn & Rowen 1984:55-64.

Friedman, M 1998. The dialogue of touchstones as an approach to interreligious dialogue, in Gort 1998:76-84

Gaybba, B 1987. The development in Biblical times of belief in demons and devils and the theological issue raised by such a development, in De Villiers 1987:90-100.

GCOWE 1997. Congress of Presidents and Academic Deans (PAD Congress) 1-3 July, 1997. Held at Pretoria. Working document.

Gensichen, H-W 1971. *Glaube für die Welt. Theologische Aspekte der Mission.* Gütersloh: Gütersloher Verlagshaus Gerd Mohn

Gerdener, GBA 1958. *Recent developments in the South African mission fields.* London: Marshall, Morgan & Scott.

Gibellini R 1994. African theologians wonder... and make some proposals, in Gibellini 1994:1-7.

Gibellini, R (ed) 1994. *Paths of African theology.* Mary Knoll: Orbis Books.

Gilliland, DS 1986. How "Christian" are the African Independent Churches? *Missiology* 14/3: 259- 272.

Gnanakan, KR 1996. The training of missiologists for Asian contexts, in Woodberry 1996: 113-116.

Gonlag, M 1996. Relationships that transform, in Elmer & McKinney 1996:209-211.

Goppelt, L 1982a. *Theology of the New Testament. Vol I. Grand Rapids: Eerdmans.*

Goppelt, L 1982b. *Theology of the New Testament.* Vol II. Grand Rapids: Eerdmans.

Gort, JD et al 1998. *Dialogue and syncretism. An interdisciplinary approach.* Amsterdam: Eerdmans.

Gous, AGS 1984. *Dankie, dokter.* Roodepoort: Cum Boeke.

Griffith, H 1988. Models of theological education yesterday and today. *EAJET* 7/1:45-55.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Grobler, NJ (sj). Opgebou en uitgestuur. Die Gemeenteboureeks (Seminaar 1). Wellington: Bybelkor.

Groenewald, EP 1932. *Koinonia (Gemeenskap) by Paulus*. Delft: WD Meinema (doktorale proefskrif).

Grosheide, FW 1959. *II Korinthe*. Kampen: JH Kok.

Groves, CP 1964. *The planting of Christianity in Africa, 1878-1914*. Vol 3, London: Butterworths.

Guthrie, D 1981. *New Testament Theology*. Leicester, England: Intervarsity Press.

Habermas, RT 1996. Producing extraordinary wine and extraordinary leaders, in Elmer & McKinney 1996:201-207.

Haenchen, E 1971. *The Acts of the Apostles*. Oxford: Basil Blackwell.

Hanekom, C 1975. *Krisis en kultus*. Kaapstad: Printpak.

Hasel, G 1972. *Old Testament Theology - Basic Issues in the Current Debate*. Grand Rapids: William B. Eerdmans.

Hawkins, JM 1994. *The Oxford English Dictionary*. New York: Oxford University Press.

Hayes, S 1995. Christian responses to witchcraft and sorcery. *Missionalia* 23/3:339-353.

Hedlund, NL 1984. Communication: in *Mental health psychiatric nursing. A holistic health cycle approach*, in Beck, CM (ed) 1984:104-157.

Heitink, G 1997(84). *Pastoraat als hulpverlening*. Inleiding in de pastorale theologie en psychologie. Kampen: Uitgeversmaatschappij JH Kok.

Helen, SB 1989. Death and the family, in De Villiers 1989:86-93.

Hesselgrave, DJ, Rommen, E 1989. *Contextualization: meanings, method and models*. Grand Rapids: Baker Book House.

Hesselgrave, DJ 1978. *Theology and mission. Papers and responses prepared for the consultation on theology and mission given at Trinity Evangelical Divinity*. School of World Mission and Evangelism. March 22-25. Grand Rapids, Mich: Baker Book House.

Hesselgrave, DJ 1980. *Planting churches cross-culturally – a guide for home and foreign missions*. Grand Rapids: Baker Book House.

Hesselgrave, DJ 1991. *Communicating Christ cross-culturally*. Grand Rapids: Zondervan.

Heyns, JA 1975. *Teologie van die revolusie*. Kaapstad: Tafelberg.

Heyns, JA 1981. *Dogmatiek*. Pretoria: NGK Boekhandel.

Hiebert PG 1996. Missiological Education for Global Era, in Woodberry 1996:34-42.

Hiebert, PG, Hiebert Meneses, E 1995. *Incarnational Ministry. Planting churches in Band, Tribal, Peasant and Urban Societies*. Grand Rapids, Michigan: Baker Book House.

Hildebrandt, J 1990. *History of the church in Africa: A survey*. Achimota: Africa Christian Press.

Hiltner, S 1954. *Preface to pastoral theology*. New York/Nashville: Abingdon Press.

Hinson, GE 1967 A brief history of glossalia, in Stagg 1967:45-76.

Hodges, MI 1953. *The indigenous church*. Springfield, Missouri: Gospel Publishing House.

Hodgson, J 1983. Ntsikana – a precursor of independency. *Missionalia* 11/3:19-33.

Hoke, ST 1996. The Art of Facilitating Change, in Elmer and Mc Kinney 1996:157-168.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Horn, JMC 1963. *My Bybel en ek.* Pretoria: NGKB

Hulbert, TC 1988-89. The quest for renewal in theological education. *EAJET* 7/2:28-41.

Illich, ID 1971. *Deschooling society.* Aylesbury: Compton Printing.

Irvine, D 1975. *From witchcraft to Christ.* Hothorp Hall: Concordia Press.

Issler, K 1996. Habits of an excellent teacher, in Elmer & McKinney 1996:215-222.

Jabavu, DDT 1920. *The black problem.* Lovedale: The Book Department.

Jansen, G 1968. Komprehensiewe aspekte van moderne mediese sendingwerk, in Bosch & Jansen 1968:41-89.

Jenkinson, W, O'Sullivan, H (eds) 1991. *Trends in Mission.* Mary Knoll: Orbis Books.

Johnson, MP 1994. Isangoma or prophet? in Oosthuizen 1994:166-179.

Johnston, AP 1978. Church Growth – theology and world evangelization, in Hesselgrave 1978: 189-205.

Jones, KR 1985. *Sickness and Sectarianism.* Brookfield, Vermont: Grower Publishing Co.

Jongeneel, JAB 1991. *Missiologie. II. Missionaire Theologie.* 's-Gravenhage: Uitgeverij Boekencentrum B.V.

Jonker, WD 1982. Enkele opmerkings oor die probleem God en siekte, in De Villiers & Anthonissen 1982:12-14.

Kamphausen, E 1976. *Anfänge der kirchliche Unabhängigkeitsbewegung in Süd Afrika. Geschichte und Theologie der Äthiopischen Bewegung, 1872-1912.* Frankfurt: Herbert Lang.

Kane, JH 1978. *A concise history of Christian world mission.* Grand Rapids: Baker Book House.

Kapteina, D 1999. Das Ganze Evangelium dem Afrikaner. Profile afrikanischer evangelikaler Theologie. Dissertation Doctor in de Godgeleerdheid. Heverlee (Leuven): ETF.

Kato, BH 1975. *Theological pitfalls in Africa.* Kisumu, Kenya: Evangelical Publishing House.

Kato, BH 1985. *Biblical Christianity in Africa.* Achimoto, Ghana: Africa Christian Press.

Kellerman, JS (sj). Diakonologie. DKN 602 en 603, Deel 3. Bloemfontein: UOVS, studiegids.

Kellerman, JS (sj). Gemeentebou. Lesing 1 van diktaat. Bloemfontein: UOVS, studiegids.

Kelsey, DH 1992. *To understand God truly. What's theological about a theological school?* Louisville, Kentucky: Westminster/John Knox Press.

Kelsey, MT 1973. *Healing and Christianity.* London: SCM Press.

Kemp, J, Fourie, WF (sj). I believe in God: Doctrines; Meet the Master: The life and teachings of Jesus Christ. Matthew, Mark, Luke and John. Mondeor: Didacsa, TTI study guide.

Keyter, J 1979. Godsdiensonderrig op skole. *Die Voorligter* 62/[7]8:44.

Kiernan, JP 1975. Old wine in new wineskins. A critical appreciation of Sundkler's leadership types in the light of further research. *African studies* 34/4: 193-201.

Kiernan, JP 1980. Zionist communion. *Journal of religion in Africa* 11/2:125-130.

Kiernan, JP 1990. *The production and management of therapeutic power in Zion churches within a Zulu city.* London: Edwin Mellen Press.

Kiev, A 1964. *Magic, faith and healing.* London: Collier MacMillan.

Kim, C 1984. Contextualization of theological education, in Conn & Rowen 1984:47.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



King, FJ 1994. Angels and Ancestors. A Basis for Christology? *Mission Studies* 11/1:11-25.

Kinsler, FR 1978. *The extension movement in theological education.* Pasadena: William Carey Library.

Kirkpatrick, TG 1995. *Small groups in the Church. Handbook for creating community.* Washington: Alban Institute Publication.

Knoetze, JG 1987. Onderrigontwikkeling: riglyne vir effektiewe kurrikulering. Pretoria: Buro vir Akademiese Steundienste, UP.

Koch, K 1972. *Christian counselling and occultism.* Grand Rapids: Kregel Publications.

Koch, K 1981. *God among the Zulus.* Kransfontein: Mission Kwa SizaBantu.

König, A et al (eds) 1984. *Infant baptism.* Roodepoort: CUM Books.

Kornfield, D 1984. Seminary education toward adult education alternatives, in Conn & Rowen 1984:169-219.

Kraan, KJ, Van Leewen, PC 1972. *De dienst der Genezing.* De Tijdstroom Lochem: N.V.

Kraft, CH 1979. *Christianity in culture. A study in dynamic Biblical theologizing in cross-cultural perspective.* Maryknoll: Orbis Books.

Kritzinger, JJ 1979. *'n Missionêre bediening. Op weg na strukture vir 'n jong kerk.* Pretoria: NGK Boekhandel.

Kritzinger, JJ 1988. *Die onvoltooide sendingtaak in Suid-Afrika.* Pretoria: ISWEN, UP.

Kritzinger, JJ, Meiring, PGJ, Saayman, WA 1994. *On being witnesses.* Orion Publishers, Halfway House.

Kritzinger, JNJ 1995. Studying religious communities as agents of change: an agenda for Missiology. *Missionalia* 23/3:366-394.

Kritzinger, JJ 1999. Kerk in die wêreld: Onafhanklike swart kerke groei merkwaardig, in *Die Voorligter* 64,4:37.

Kritzinger, JNJ, Saayman, WA 1990. *Mission in creative tension.* Pretoria: SA Missiological Society.

Kruss, GC 1986. A critical review of the study of African Independent Churches, in Oosthuizen 1986:21-31.

Kuhnke, U 1990. *Koinonia. Zur theologische rekonstruktion der Identität christlicher Gemeinde.* Düsseldorf: Patmos Verlag.

Ladd, GE 1974. *A theology of the New Testament.* Grand Rapids: Eerdmans.

Landrum, PA et al 1984. The person as a client, in Beck 1984:319.

Larson, DN 1984. Missionary preparation: confronting the presuppositional barrier, in Conn & Rowen 1984:298-306.

Lategan, BC, Maimela, SS (respondent) 1984. Aspects of baptism in the New Testament, in König 1984:7-23.

Leahy, D 1975. *Satan cast out. A study in Biblical demonology.* Illinois: Banner of Truth Trust.

Liefield, WL 1978. Theology of Church Growth, in Hesselgrave 1978:217-218.

Lienemann-Perrin, C 1981. *Training for a relevant ministry.* Madras: WCC Diocesan Press.

Lindijer, CH 1979. *Handelingen van die apostelen II.* Nijkerk: GF Callenbach.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Lindström, F 1983. *God and the origin of evil. An contextual analysis of alleged monistic evidence in the Old Testament.* Lund: Gleerup.

Linn, M, Linn D (eds) 1981. *Deliverance prayer: experiential, psychological and theological approaches.* New York: Paulist Press.

Lohse, E 1971. *Colossians and Philemon.* Philadelphia: Fortress Press.

Louw, DJ 1982. *Pastoraat en lyding.* Reeks 1: Teologie Aktueel. Kaapstad: NGK Uitgewers.

Louw, DJ 1984. *Pastoraat in eskatologiese perspektief.* Reeks 3: Teologie Aktueel. Kaapstad: NGK Uitgewers.

Ludike, JL 1984. Die etiek van alkoholisme. Bloemfontein: UOVS, ongepubliseerde BTh-skripsie.

Ludike, JL 1993. Ditaba. *Quarterly magazine of the Didaché Institute* 2/3:4.

Luzbetak, LJ 1989. *The church and cultures. New perspectives in missiological anthropology.* Maryknoll: Orbis Books.

MacArthur, J (jnr) 1988. *Body Dynamics.* Wheaton: Victor Books.

MacArthur, J (jnr) 1992. *Charismatic chaos.* Grand Rapids: Zondervan.

Macdonald, M 1982. Religion, social change and psychological healing in England 1600-1800 in Sheils, WJ 1982:101-127.

Mackie, SG 1969. *Patterns of ministry.* London: C Tinling & Co.

Maddocks, M 1981. *The Christian Healing Ministry.* London: SPCK.

Mahon, EH 1986. The formation of the Christian Catholic Church in Zion and its earliest contact with South Africa, in Oosthuizen 1986:167-174.

Maimela, SS 1985. Salvation in African traditional religion. *Missionalia* 13/2:63-77.

Makhubu, P 1988. *Who are the Independent Churches?* Braamfontein: Skotaville Publishers.

Malan, SPT 1989. Doelwitgerigte onderrig: 'n strategie vir onderrig- en leersukses in Bybelkunde. *Scriptura* 1989:30/31:53-70.

Maldonado, JE 1988. Theological education by extension, in Padilla 1988:37-47.

Maloney, E 1984. Theoretical approaches, in Beck 1984:34-78.

Marais, W 1995. *Gelouter deur lyding.* Pretoria: Aktuapers.

Martin, M 1987. Theology, theological education, the church: some perspectives from African independency, in *Ministry of missions.* Shank 1987:120-133.

Mashao, EL 1992. Spiritual Leadership Training Programme. Presented at Consultations Karen '92 Nairobi. Mondeor: Didacsa, TTI.

Masuku, T 1995. African Initiated Churches:Christian partners or antagonists? *Missionalia* 24/3:441-445.

Mazibuko, BA 1987. *Education in Mission. Acritical comparative study of selected approaches.* New York: Verlag Peter Lang.

Mbiti, JS 1969. *African religions and philosophy.* Londen: Heinemann Educational Books.

Mbiti, JS 1971. *New Testament in eschatology in an African background.* London: Oxford University Press.

Mbiti, JS 1987. An ecumenical approach to teaching the Bible. *Ecumenical review* 39/4: 404-415.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



McGavran, D 1974. *The clash between Christianity.* Washington: Canon Press.

Mcrae-Mcmahon, D 1997. The Formation of the Laos, in Pobee 1997:109-120.

Meo JI, 1997. A response to Mcrae-Mcmahon, in Pobee 1997:127-131.

Mews, S 1982. *Revival of Spiritual Healing,* in Sheils 1982:299-332.

Miller, P 1969. *Equipping for ministry in East Africa.* Herald Press: Central Tanganyika Press.

Ministerial committee for development work on the NQF 1996. Lifelong Learning through a National Qualifications Framework. (Febr.1996). Discussion document. Pretoria: Department of Education. (Verwys as DDLL T NQF 1996)

Mofokeng, TA 1990. Mission theology from an African perspective: A dialogue with David Bosch, in Kritzinger et al 1990:168-180.

Mogale, SE, Viljoen, JJF 1976. *Eba setho se pelang!* Wellington: Bible Cor.

Mohono, M 1988. *Lenqosa la Modimo Walther Matitta* (Engelse vertaling: *Messenger of God – Walter Matitta*). Morija: Morija Book Depot.

Mojola, AO 1993. Vernacularization and the African Independent Churches. Cross-cultural encounters. Some preliminary observations from close quarters. *ATJ* 22/2:130-145.

Mostert, JP 1986. Men of "the Spirit" or of "Spirit", in Oosthuizen 1986:86-89.

Mpolo, MM 1988. Sorcery and pastoral care and counselling. *ATJ* 19/1: 41-52.

Mukhanyo Bible School (sj). *Prospectus.* KwaMahlanga: Mukhanyo.

Müller, J 1990. My enigste troos. (Heidelbergse Kategismus Sondag 1), in Vos & Müller 1990: 109-126.

Müller, J, Van Deventer, W 1989. African Cosmology and Pastoral Family Therapy, in *Missionalia* 26/2:260-271.

Myklebust, OG 1957. *The study of missions in theological education.* Kopenhagen: OC Olsen & Co.

Narramore, C 1966. *Encyclopedia of psychological problems.* Grand Rapids: Zondervan.

Ncube, VS 1989. The final message from the great pastor Modise IPC. *Gospel News - The Christian Voice* Dec, 11, 1989.

Nehemia (sj). Module 1 (N1/2): Laying the foundation, 50-52 – Building Up a Growing Church. Wellington: Bible Cor.

Nehemia (sj). Module 1 (N1/3): Laying the foundation, 17-20 – Building Your Preaching Ability. Wellington: Bible Cor.

Nehemia (sj). Module 1 (N1/3): Laying the foundation, 18-20 – Building Your Preaching Ability. Wellington: Bible Cor.

Nehemia (sj). Module 1 (N1/4): Laying the foundation, 37 – Building the Knowledge of the Old Testament. Wellington: Bible Cor.

Nehemia (sj). Module 1 (N1/4): Laying the foundation, 45 – Building the Knowledge of the Old Testament. Wellington: Bible Cor.

Nehemia (sj). Module 3 (N1/3): Laying the foundation, 48 – Building Your Preaching Ability. Wellington: Bible Cor.

Nehemia (sj). Module 4 (N4/1): Fitting the doors, 58 – Building Your Spiritual Discernment. Wellington: Bible Cor.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Nehemia Bible Institute, 1993. *Prospectus.* Wellington: Bible Cor.

Neill, S 1964. *A history of Christian missions.* Harmondsworth, Middlesex, England: Penguin Books.

Nel, M 1994. *Gemeentebou.* Halfway House: Orion.

Newbigin, L 1966. *Honest religion for secular men.* Grand Rapids: Eerdmans.

Newbigin, L 1978. *The open secret.* Grand Rapids: Eerdmans.

Newbigin, L 1984. Theological education in a world perspective, in Conn & Rowen 1984:3-18.

Newbigin, L 1986. *Foolishness to the Greeks.* Grand Rapids: Eerdmans.

Neyrey, JH 1990. *Paul, in other words.* Louisville: Westminster/John Knox.

Ngada, NH (ed) 1985. *AIC's – speaking for ourselves.* Johannesburg: Institute for Contextual Theology.

Ngubane JB 1986. African Church independentism: An attempt at inculturation, in Oosthuizen 1986:68-74.

Ngubane, H 1977. *Body and mind in Zulu medicine.* London: Academic Press.

Nichol, JT 1966. *The Pentecostals.* Plainfield, NJ: Logos International.

Nicholls, BJ 1979(1978). *Contextualization. A theology of gospel and culture.* Exeter: Paternoster Press.

Nida, E 1960. *Message and mission. The communication of the Christian faith.* Pasadena: William Carey Library.

Nida, E 1961. *Bible translating. An analysis of principles and procedures, with special reference to the aboriginal languages.* London: UBS.

Nida, E 1968. *Religion across culture. Study in communication of Christian faith.* New York: Harper & Row.

Niebuhr, HR (1951)1975. *Christ and culture.* New York: Harper.

Ntsuntsha, F (sj). Millions are still waiting to hear. Prospectus: Christ the Rock Independent Churches.

Nussbaum, S 1987. Biblical narrative approach to strengthening the Christology of Independent Churches in Lesotho, in Shank 1987:180-187.

Nussbaum, S W 1985. *Toward theological dialogue with Independent Churches: a study of five congregations in Lesotho.* Pretoria: Unisa.

Nyamiti, C 1994. Contemporary African Christologies: Assessment and practical suggestions, in Gibellini 1994:62-76.

O Brien, S 1991. Early learnings from some efforts of AIC theological training in South Africa, in Shank 1991:293-309.

O'Driscoll, M 1997. Response to Raiser, K 1997. The Importance of the Ecumenical Vision for Theological Education and Ministerial Formation, in Pobee 1997:60-65.

Oates, WE & Chapman, TW (ed) 1992. *A Practical Handbook for Ministry.* Louisville Kentucky: Westminster/John Knox Press.

Oates, WE 1973. *Psychology of religion.* Waco: Word Book.

Oates, WE 1975. *When religion gets sick.* Philadelphia: Westminster Press.

Oberholzer, JP 1994. Tendense in teologiese opleiding: die pad vorentoe. *HTS* 50/1 & 2:31-37.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Ochola, JN 1988. An integrated approach to theological education in Africa, in *EAJET* 7/2:19-22.

Odendaal, DH 1982. Magie, siekte en genesing, in De Villiers & Anthonissen 1982:28-37.

Ollewagen, F 1986. Members of the African Independent Church movement in prison: charting a religious experience, in Oosthuizen 1986:131-137.

Onunwa, UR 1986. Biblical basis for some healing methods in Africa. *ATJ* 15/1:189-195.

Onunwa, UR 1990. Religion and psychiatry. A theological evaluation of psychiatry in an Igbo society. *ATJ* 19/2:124-138.

Oosthuizen, GC (sj). The prophet in African Independent Churches. Ongepubliseerde aantekeninge.

Oosthuizen, G C 1984. *Afro-Christianity. Its dynamics and strategies.* Leiden: EJ Brill.

Oosthuizen, GC (ed) 1986. *Religion alive*. Bergvlei, Johannesburg: Hodder & Stoughton.

Oosthuizen, GC 1987. The interpretation of reaction to demonic powers in indigenous churches, in De Villiers 1987:36-89.

Oosthuizen, GC 1989. *The birth of Christian Zionism in South Africa.* KwaDlangezwa: University of Zululand Press.

Oosthuizen, GC 1994. *Afro-Christianity at grassroots. Its dynamics and strategies.* Leiden: EJ Brill.

Oosthuizen, GC 1994. The interpretation of/and reaction to demonic powers in indigenous churches. Conference on the Church and Demonism held at UNISA, 2-3 July 1986. Ongepubliseerde referate

Oosthuizen, GC 1994. The interpretation of/and reaction to demonic powers in indigenous churches. Conference on the Church and Demonism held at UNISA, 2-3 July 1986, in De Villiers, PGR (ed) 1987. Pretoria: CB Powel Bible Centre, UNISA

Padilla, CR 1988. *New alternatives in theological education*. Grand Rapids: Nueva Creation.

Padilla, CR 1988. Non-formal theological education, in Padilla 1988:126-133.

Pakendorf, G 1993. Albert Kropf and the Berlin Mission. *Missionalia* 21/1:233-234.

Patterson, BE 1977. *Reinhold Niehbuhr.* Waco, Texas: Word Books.

Pauw, BA 1960. *Religion in a Tswana chiefdom.* London: Oxford University Press.

Pauw, BA 1984. Religious independency in the central region of Malawi, in Oosthuizen 1984:50-66.

Pieterse, HJC 1985. *Verwoording en prediking.* Pretoria: NGK Boekhandel.

Pieterse, HJC 1993. *Praktiese Teologie as as kommunikatiewe handelingsteorie. RGN-studie in Praktiese Teologie.* Pretoria: RGN-Uitgewers.

Pillay, GJ 1988. The use of functional type theories in the study of the Independent Christian Movement: a critique. *Neue ZMiss* 44/2:125-135.

Pobee, J 1997. *Towards Viable Theological Education. Ecumenical Imperative, Catalist of Renewal.* Geneva Switzerland: Publication WCC.

Pobee, JS 1989. Comments on the future of theological education in Africa. *Scriptura* 28/30:1-23.

Pobee, JS 1997. *Toward an African Theology.* Nashville: Abingdon.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Potgieter, PC 1985. Die kerk: sy wese en taak. *Fax theologica* 5/1:26-38.

Potgieter, PC 1988. *Voorberei en toegerus. 'n Studie oor bedieningsgerigte kurrikulering aan teologiese fakulteite.* Bloemfontein: Pro Christo-Publikasies.

Potgieter, PC 1997. Duiwel kan nie beset. *Die Kerkbode* 158/11:1.

Potgieter, PC, Smit, JH 1988. *Vernuwing of konfrontasie.* Kaapstad: Lux Verbi.

Pretorius, HL (ed.) 1987. *Reflecting on mission in the African context.* Bloemfontein: Pro Christo Publications.

Pretorius, HL 1983. *Bitter as the juice of an aloe*. Pretoria: ISWEN.

Pretorius, HL 1984. Historical trends in Transkeian Zionism. *Missionalia* 11/3:7-8.

Pretorius, HL 1985. *Sound the trumpet of Zion.* Pretoria: Iswen.

Prins, JMG 1986. Die koinoniale nood van die mens vandag, in *Diakonia en koinonia.* "Die Diakonaat en die Gemeenskap van die heiliges." Pretoria: Algemene Kommissie vir die Diens van Barmhartigheid van die Nederduitse Gereformeerde Kerk.

Queiros, E 1989. *Gemeente en sending.* Bloemfontein: Pro Christo Uitgewers.

Raiser, K 1997. The Importance of the Ecumenical Vision for Theological Education and Ministerial Formation, in Pobee 1997:55-60.

Ralipedi, PM (sj) *Dikarabo mababi le badimo.* Wellington: Bybel Kor.

Ranger, T 1982. Medical science and Pentecost: The dilemma of Anglicanism in Africa, in Sheils 1982:333-365.

Retief, A 1988. *Method and theory in cross-cultural psychological assessment.* Pretoria: HSRC.

Reynders, J, Kock, L 1985. Emosionele probleme (Neuroses). Bloemfontein: UOVS. Ongepubliseerde seminaarstuk.

Richardson, A, Bowden, J (eds) 1983, *A New Dictionary of Christian Theology.* London SCM Press.

Ridderbos, H 1969. *The coming of the Kingdom.* Philadelphia: The Presbyterian and Reformed Publishing Company.

Ridderbos, H 1971. *Paulus.* Kampen: JH Kok.

Robinson PJ 1990. Mission as ethos, ethos as mission, in Kritzinger & Saayman 1990:160-165.

Robinson, PJ 1987. Markus 2:18-22, in Burger 1987:83-92.

Rowen, SF 1978. A response to O Buswell, J's lecture, Contextualization, Theory, Tradition and Method, in Hesselgrave 1978:115-116.

Rowen, SF 1996. Missiology and the coherence of theological education, in Elmer & McKinney 1996:93-100.

Saayman, W 1990. Bridging the gulf: David Bosch and ecumenical/evangelical polarization, in Kritzinger & Saayman 1990:99-108.

Saayman, W 1991. *Christian mission in South Africa.* Pretoria: Unisa.

Saayman, W 1993. Some reflections on the development of Pentecostal mission model in South Africa. *Missionalia* 21/1:46-56.

Salamone, FA, Mbabuike, M 1995. The ancient wind: inculturation and resistance. An Igbo example. *Missionalia* 23/3:261-282.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Sanneh, L 1989. *Translating the Message. The missionary impact on culture.* Maryknoll, NY: Orbis Books.

SAQA (sa). Procedures for preliminary accreditation Private Higher Education. Criteria and procedures regulating the preliminary accreditation of institutions providing learning in the National Qualification Framework: National Departement of Education, CERTEC, South African Universities Vice Chancellors Association, Quality Promotion Unit. Pretoria: Working document.

Schlosser, K 1949. *Propheten in Afrika.* Braunschweig: Albert Limbach Verlag.

Schoffeleers, M 1998. Syncretism and healing, in Gort 1998:116-120.

Setiloane, GM 1986. The contribution of the Methodist Church to the African Indigenous Church Movement, in Oosthuizen 1986:186-196.

SEVTO [1995]. Reglement vir basiese teologiese opleiding. Pretoria: SEVTO, ongepubliseerde dokument. (Intussen hersien as STG 2000)

Shank, DA (ed) 1987. *Ministry of Missions – AIC's Papers presented.* Conference of Ministry to African Independent Churches held at Abidjan, Côte d'Ivoire. Elkhart: Mennonite Board.

Shank, DA 1991. *Ministry in partnership with African Independent Churches.* Elkhart: Mennonite Board of Missions.

Sheils, WJ 1982. *Church and healing: Papers read at the twentieth summer meeting and the twenty first winter meeting of the ecclesiastical History Society.* Oxford: Blackwell.

Shorter, A 1985. *Jesus and the witchdoctor.* London/Maryknoll: Orbis Books.

Shorter, A 1994. *Evangelization and culture*. London: Chapman.

Siew, Y 1996. Theological education in Asia, in Elmer & McKinney 1996:58-68.

Simpson, CJA (sj). Preaching teaching and pastoral work, Module 3.5: Evangelism and community service. Hammanskraal: Didache Institute.

Smit, JH (sj). Sendingwetenskapdiktaat (SDW 601, Deel D). Bloemfontein: UOVS.

Smit, JH 1981. Bediening en sending in eskatologiese perspektief. Reeks *Bediening en bedienaar in die Kerk van Christus* 1/1. Bloemfontein: UOVS.

Smit, JH (red) 1982. *Ek was siek ... (Mt 25:36).* Reeks sonder naam 2/1. Bloemfontein: Fakulteit Teologie, UOVS.

Smit, JH 1982a. Diakonaat in missionêre perspektief. Reeks: *Die diakonaat as kerklike bediening* 2/2. Bloemfontein: UOVS.

Smit, JH 1980 Plaaslike Sending, in *ISWEN KOMMUNIKASIE* 2/2:3-15.

Smith, OJ 1959. *Wêreldevangelisasie – die uitdaging.* Pretoria: Promedia.

Smuts, AJ (red) 1988. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika.* Pretoria: NG Kerk Boekhandel.

Smuts, M 1995. Ontwikkeling van 'n gemeentlike bedieningsmodel. Ongepubliseerde doktorale verhandeling. Pretoria: UP.

Snook, GS 1992. *Developing leaders through theological education by extension.* Wheaton: Wheaton College, Billy Graham Center.

Solanky, AD 1984. A Critical Evaluation of Theological Education in Residential Training, in Conn & Rowen 1984:156-168

Stagg, F (ed) 1967. *Glossolalia.* Nashville/New York: Abingdon Press

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Steckel, CJ 1985. Directions in pastoral training, in Wicks 1985:26-36.

Steffen, TA 1994. Selecting a church-plant model that works. *Missiology an International Review* 12/3:361-173.

Sentrum vir Teologie en Gemeenskap 2000. Reglement: Projek vir Basiese Teologiese Opleiding. Pretoria: Fakulteit Teologie, UP (aangehaal as STG 2000).

Stott, JRW 1961. *The preacher's portrait. Some NT word pictures.* London: Billing & Sons.

Sundkler, BGJ 1960. *The Christian ministry in Africa.* London: SCM Press.

Sundkler, BGJ 1961. *Bantu prophets in South Africa.* London: Oxford UP.

Sundkler, BGJ 1976. *Zulu Zion and some Swazi prophets.* London: Oxford UP.

Talitwala, S 1987. Theological education in the modern African context. *EAJET* 6/11:12-15.

Taylor, JV 1963. *The primal vision*. London: SCM Press.

Ter Haar, G 1992. *Spirit of Africa. The healing ministry of Archbishop Milingo of Zambia*. London: Hurst & Co.

Theron, JPJ 1987. Some aspects of the ministry of deliverance from evil forces, in De Villiers 1987:147-160.

Theron, PF 1995. Theological training for social transformation in Africa. *Missionalia* 23/1: 45-56.

Theron, PF 1996. *African Traditional Cultures and the Church.* Pretoria: IMER (Institute for Missiological and Ecumenical Research) University of Pretoria.

Thomas, MM 1978. *Toward a theology of contemporary ecumenism.* Madras: Diocesan Press.

Thompson, JA 1996. Training Church Planters. A Competency-Based Learning Model. in Elmer & McKinney, 1969:141-152.

Thorogood, BG 1990. An appreciation of Leslie Newbigin. *International Review of Missions*, LXXVIX /79:66-75.

Thurneysen, E 1946. *Die Lehre von der Seelsorge.* Zürich: Evangelischer Verlag AG.

Thorpe, MR 1982. *Psycho-diagnostics in a Xhosa Zionist Church* (Apostolic Holy Church in Zion, AHCZ). Pietermaritzburg: University of Natal.

Tienou, T 1996. The training of missiologists for an African context, in Woodberry 1996:93-96.

Tippet, AR 1967. *Solomons Islands Christianity. A study in growth and obstruction.* London: Lutterworth Press.

Tokun, O 1997. Strategies for a historical God-directed vision (summary of lecture), in GCOWE 1997:18.

Tooke, H 1993. Toward contextual evangelism. *Missionalia* 21/2:124-137.

Tracy, D 1981. *The analogical imagination. Christian theology and the culture of pluralism.* London: SCM Press.

Tripp-Reimer, T 1984. Cultural diversity in therapy, in Beck 1984:381-395.

TTI (sj). Molaetsa wa Testamente Ya Kgale. (Sesotho). (The Faithfull pastor) Message of the OT. Mondeor: Didacsa.

TTI (sj). Phetheha Ha Mokreste. (Tekanyetso ya Mmuso wa Modimo). (Study material). Mondeor: Didacsa.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



TTI (sj). Shepherding God's flock. Biblical truths about pastoral care (including the way of salvation explained). (Studymaterial). Mondeor: Didacsa.

TTI 1991-2. Spiritual leadership training. (Spiritual leadeship Guide). Mondeor: Didacsa.

Turkson, P, Wijsen, F 1994. *Inculturation. Abide by the otherness of Africa and the Africans.* Kampen: JH Kok.

Turner, HW 1979. *Religious innovation in Africa.* Boston: GK Hall & Co.

Turner, HW 1983. Shona and or Christian. *Missionalia* 11/8:11-15

Turner, WH 1998 *New religious movements and syncretism in tribal cultures,* in Gort 1998: 105-112.

Twelftree, GH 1986. Εἰ ΔΈ ... ἘΓΏ ἘΚΒΆΛΛΩ ΤᾺ ΔΑΙΜΌΝΙΑ, in Wenham & Blomberg 1986:361-399.

Ukpong, JS 1994. Christology and inculturation: a New Testament perspective, in Gibellini 1994:40-58.

Undey, H (ed) 1979. *Out of Africa – Kimbanguism.* London: Christian Education Movement.

Van Aarde, AG 1994. Kultuurimperialisme as 'n hermeneutiese dilemma: Eerste-wêreldse en Derde-wêreldse perspektiewe op Jesus as die Seun van God. *HTS* 50/1 & 2:330-344.

Van den Berg, JH 1965. *Psychologie en geloof.* Nijkerk: Callenbach NV.

Van der Horst, H, Mc Donald 1997. *Manual for OBE.* Pretoria: Kagiso Publishers.

Van der Merwe, DCS (sj). Doctrines – God, Christology and the Holy Spirit. TTI Study guide. Mondeor: Didacsa.

Van der Merwe, JDG 1982. Die pastor in die kliniese pastoraat, in Smit 1982:39-57.

Van der Merwe, PJ 1989. Paradigmas en progressie in die teologie: 'n perspektief op die RGN-kongres van April 1988. *HTS* 45/2:476-507.

Van der Merwe, PJ 1994. Oorreding in evangelisasie. *HTS* 50/1 & 2:423-445.

Van der Merwe, WJ 1972. *Bekering binne die Nederduitse Gereformeerde Bantoekerke.* Pretoria: NGK Uitgewers.

Van der Spuy, RJR 1995. Profiel van die Afrika-Onafhanklike Kerke onder die Suid-Sotho van die Senekalse distrik: 'n empiries-historiese studie. Pretoria: UP, ongepubliseerde doktorale proefskrif.

Van Deventer, L, König A 1989. Skrifbeskouing en Skrifgebruik – verskuiwings soos gereflekteer in die diskussie. Oor die plek van die vrou in die gereformeerde kerke. *NG Teologiese Tydskrif* 30, 3:300-309.

Van Engen, C 1991. *God's missionary people. Rethinking the purpose of the local church.* Grand Rapids: Baker Book House.

Van Engen, C 1996. Specialization / Integration in Mission Education, in Woodberry 1996: 208-228.

Van Niekerk, AS (sj). Pastoral Counselling in *Preaching teaching and pastoral work.* Module 3.4. van DI-studieaantekeninge.

Van Niekerk, JG 1997. Godsdiensonderrig: Gevaarligte flikker met "Curriculum 2005". *Kerkbode* 158/11:4.

Van Niekerk, JG 1997. Leerinhoude vir relevante Bybelonderrig in Suid-Afrikaanse skole. PU vir CHO, ongepubliseerde magisterverhandeling.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Van Rheenen, G 1991. *Communicating Christ in animistic contexts.* Grand Rapids: Baker Book House.

Van Rooyen, E 1997. Skolewet bring verwarring. *Kerkbode* 158/11:14.

Van Rooyen, E, Small, M 1997. Godsdiensonderrig op skool. *Die Voorligter* 62/8:44.

Van Wyk JH 1986. *Die separatisme en inheemse kerklike bewegings onder die Bantu en Sotho groepe.* Voll 1 en 2. Pretoria: RGN.

Van Wyk, JA 1989. *Thuto Ya Bokreste. E Hlopisitswe ke Komisi Ya kakaretso ya Sinodo kakaretso sa die NGKA.* Bloemfontein: NG Sendingpers.

Van Zyl, AH 1981. Eksegese in die maalstroom? *Skrif en kerk* 2/1:43-50.

Vassiliadis, PA 1997. A response to Raiser, K 1997. The Importance of the Ecumenical Vision for Theological Education and Ministerial Formation, in Pobee 1997:66-72.

Venter, D 1995. Mending the multi-coloured coat of a Rainbow Nation: Cultural accommodation in ethnically mixed urban congregations, in *Missionalia* 23/3:312-337.

Venter, PM 1994. Ou-Testamentiese wetenskap in die Nederduitsch Hervormde Kerk. *HTS* 50/1&2:400-422.

Venter, R 1986. The Kairos Document – a theology of political praxis. *Iswen Kommunikasie* 8/1:10-15.

Verkuyl, J 1981. *Inleiding in die nieuwere Zendingwetensckap.* Kampen: JH Kok.

Verster, P 1997. All-inclusive mission – a discussion of Transforming Mission. *In die Skriflig* 31/3:251-256:

Viljoen, H 1994. Ons plaas vir Christus. (Inligtingstuk.) Projek Amos.

Villa-Vicencio, C, De Gruchy, JW (eds) 1985. *Resistance and hope: South African essays in honour of Beyers Naude.* Cape Town: David Philip

Vos, C, Müller, J 1990. *God in lyding.* Goodwood: Nasionale Boekdrukkers.

Vos, CJA 1995. *Die Blye Tyding.* Studies in Praktiese Teologie. Pretoria: RGN.

Vriezen, THC 1966(1977). Hoofdlijnen der Theologie van het Oude Testament. n.v. Wageningen: Veeneman en Zonen

Walls, AF 1982. The gospel as the prisoner and liberator of culture. *Missionalia* 10/3:93-105.

Wang, T 1987. World Evangelization. The Lausanne dream. Basic approach on World Evangelization with reference to the Lausanne Covenant, in *The Lausanne Movement* 13/49:6-7.

Ward, T 1984. Servant, leaders and tyrants, in Conn & Rowen 1984:19-40.

Ward, T 1996. Evaluating metaphors of education, in Elmer & McKinney 1996:43-52.

Watkins, L 1983. *The real exorcists.* London: Methuen.

Wenham, D, Blomberg, C 1986. *The miracles of Jesus.* Gospel perspectives. Vol 6. Red Wood Burn, England: University of Sheffield.

West, M 1975. *Bishops and prophets in a black city.* Cape Town: David Philip.

White, E 1975. *Exorcism.* New York: Morehouse-Barlow Co.

Whiteman, D 1996. The Role of the Behavioral Sciences in Missiological Education, in Woodberry 1996:133-143.

Wicks et al (ed) 1985. *Clinical handbook of pastoral counselling.* New Jersey: Paulist Press.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Wilfred, F 1987. Action groups and the struggle for justice in India (ecclesiological implications). *Ecumenical Review* 39/3:291-309.

Williams, CP 1982. Healing and Evangelism: the place of medicine in later Victorian Protestant missionary thinking, in Sheils 1982:287-298.

Willis, AW 1985a. *The disciples personality.* Masterlife (Book 2). London: International Publication Services.

Willis, AW 1985b. *Discovering your Spiritual Gifts.* Masterlife (Book 6) (For use in Indonesia). The Sunday School Board of the Southern Baptists Convention. London: International Publication Services.

Wimberley, EP 1985. Minorities, in Wicks 1985: 304-316.

Winter, RD (ed) 1969. *Theological education by extension.* South Pasadena: William Carey Library.

Woodberry, JD (ed) 1996. *Missiological education for the 21st century.* Maryknoll: Orbis books

Yamauchi, E 1986. Magic or miracle, diseases, demons and exorcisms, in Wenham & Blomberg 1986: 89-184.

Young, EJ 1952. *My servants the prophets.* Grand Rapids: Eerdmans.

Young, M 1996. Planning Theological Education in Mission Settings, in Elmer & McKinney, 1969: 69-86.

Zorn, H M 1975 *Viability in context. A study of the viability of theological education in the Third World. Seedbed or sheltered garden?* Genève: TEF.

# BYLAE:

# VRAELYS

## VRAELYS AAN DIE KERKLEIERS (DOSENTE EN STUDENTE) VAN DIE TEOLOGIESE OPLEIDINGSINSTITUTE VAN DIE AOK

**Questionnaire for church leaders as well as students and lecturers of a Church or Theological Training Institute**: (TTI)

**1. Methods, norms and standards**

Of which training model (*mogwa wa ikatiso*) does your Institute (Church) make use? Centralization or distance (decentralization, *phatlalatstso*) or both. Neither of the two. Please describe the methods (i.e.: on the job training, assignment or modelling, using of library etc).

What is the main purpose or vision (*pono*) of the institute (church) re training?

How long is the course? (Training as a prophet or a minister in your Church)

How are the standards (*maemo*)? Difficult or easier than other institutes (Churches)?

Do you make room for different levels of training? Also name levels of training

Is previous learning experience taken into account?

Are you interested to let your leaders be facilitated (*lesefatswa*) to get recognition (in part or fully) of previous experience at a National Qualification Level?

From which institute is accreditation (*tumelelo*) obtained?

How is assessment and moderation (*tshekatsheko*) done?

What is the fruit of your TT (theological training) up till now? (For your church as leader)

Did you obtain some results? Please name the results?

How do you see the road for the future as far as training is concerned?

How many courses are translated? (*fetolela*)

Do you make use of Western handbooks (methods)?

Do you feel that courses are sufficiently contextualised? (*tswaragantshitsego*) (Written in indigenous idiom, referring to worldview and culture, to express belief.)

When last has this course (documents in the case of Church) been revised?

Do you describe your course or learning system in your church as —?

- Mainly kerygmatic (dogmatic, preaching, *thutatumelo*);
- Focusing on healing;
- Diaconial (*tirelo*, rendering service);
- Koinonial (sharing, *bogwera*);
- Involving other fields of knowledge (like psychology).

**2. The training of lecturers**

How are your lecturers being trained?

What minimum qualifications must your lecturers possess?

How do you feel with regard to the decentralisation of courses? (TEE)

How far has been progressed in this regard?

What has been done to contextualise training methods (while adhering to Biblical principles)?

Are you aware of these principles? Name a few you regard as important for your church or institute?

Do you think that a lecturer must have all the answers when lecturing to students?

What do you understand by the mode of facilitation? Don't you think lecturers must be facilitated? How do you think must students be facilitated?

(Only for students.)

**3. Type of office**

Are you a prophet; elder; healer; evangelist or bishop? (What office if not mentioned?)

Can you read or write?

What is your highest academical Qualification?

**4. Content and learning and lecturing strategy**

**4.1 Methods of lecturing**

What is the medium of education?

How do you feel about the method of training? (Dialogue, monologue etc.)

Do you gather in groups?

How many times do you converse (*boipolelo*) as centre (or conference as church leaders for the purpose of training)?

How do you feel about the content of your course-material (or as church leader about the course material of other institutes?)?

Is it comprehensible, above your level, of a too low in standard? Is it addressing the problems and illnesses in the community? Give your motivation?

Is enough clarification been given in groups with the help of the lecturer? How can it be better or improved according to you?

**4.2 Dialogue:**

How does it take place?

How do you reach consensus (*le utlwane*) if you differ? (*faralogane*) (With regard to leaders in church discussion sessions)

Do you immediately practise the aspect of what you've learned theoretically?

Do you have feedback of the work immediately the next time in group discussion? (*sehlophapoledisano*) Do you get clarification on certain problem areas?

**4.3 Examination**

How are students been examined? For example: Orally, (*ka polelo*) by writing, (*ka ngwala*) by workbook, by multiple choice questions etc.?

*4.4 View of culture*

What is your view of culture?(*mogwa*). (What was Christ's attitude to culture?)

Do you represent one culture or group?

Are you neutral or against (*kgahlanong*) culture?

Do you transform culture by Scripture? (Do you scratch where it itches?)

**5. Healing**

**5.1 Ministry of healing (*melaetsa ya phodiso - Tsw.*)**

In what sense have you reached the prophets (*baprofeta*) by a course on the ministry of healing?

In what sense have you equipped (*tlametse jwang*) the prophets of the AIC to confront (*ikop-anya* – Tsw). the traditional healer? (Dingaka) How do you feel about a course for a ministry of healing? (*melaetsa ya phodiso* - Tsw).

Do you get enough guidance from your institute? (Church leaders) in this respect?

Is the need really addressed (*fithlela keletso*) by Theological Training (TT)? (*fithlela*)

**5.2 Theology of healing:**

According to the framework of the messages of healing miracles (*melaetsa ya phodiso le metl-holo la makwalo*) in Scripture, what according to you, is the meaning of these in Scripture?

Is there continuity or discontinuity with your ministry (lecturing) or both?

How does magical healing differ (farologane) from the healing in the Biblical times?

Can you discern (*faraloganya*) between magical healing (*semowa*) and real spiritual healing today?

How do you regard exorcism in Scripture?

Did Jesus always exorcise demons? (*leleka meoya* - N-S) Do you also think that there is a viable ministry of demon exorcism in Scripture?

Did Jesus heal all people that were ill?

Is evil (*abathakathi*) the cause of all evil or only of certain illnesses?

Do you perhaps perform healing (*fodisa*) in your church?

Do you think healing can be more true to Scripture?

Do you work alongside Western educated medical doctors or do you advise your church members not to go to them?

Describe such a healing ceremony. When praying, do you make use of sticks (*dirisa mare*), laying on of hands? (*baya batho matsogo*)

What medication (*dithlare*) is prescribed? For instance: *Isiwasho,* tea etc. Name other methods where you differ from other churches as far as healing is concerned?

Community involvement: Do you address the big problems in the community as leaders? Such as —

- high infant mortality rate,
- AIDS or
- Alcoholism?

Do you do it in co-operation with other community and Church leaders? Name such a project (such as a drug prevention program)?

**6. Calling (*pitso*)**

How did you receive your calling to study theology (or to be a prophet)?

Is it by dreams (*ditoro*) of forefathers, angels? Mention how?

(At this question a short history of your church can also be given in written at the back of the paper.)

**7. Ecumenical**

How is your co-operation (*dirisana* - Tsw) with other churches?

To what ecumenical organisation do you belong or have contact with?

How do you regard other churches as the ZCC etc? How do you differ or how do you agree? (*faralongana mo kae*)

What progress has been made in this respect of putting up ties with institutes and other churches?

How do you feel about working with other churches?

Do you see it as a Biblical command?

May we as Christians really live in isolation according to Scripture like John 17:21?

**8. Governing body and financial admin**

What are the costs of the course per students per year?

From where do they get their support? (*dithlokwa – dithekjo*)

To what extend are they self-supporting?

Are there work opportunities after finishing their studies?

Is their curriculum structured as to help them in having a descent job to make a living?

To what extend are you trained to practise a tentmaker ministry? (*modiraeletente*)

For instance computer-training alongside the work of a minister?

Name other jobs you are also trained to handle?

To what extend are you facilitated to bring up your own self-supporting projects to generate funds?

Is funds properly administrated and how?

Is the governing body involved constructively in fundraising or job creation?

**9. Conclusion**

What are the weak and strong points of your training in your church and institute? How do you think it can be improved?

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# EKSEMPLARIESE STOF

# PROGRAMME: HEALING AND CHURCH DEVELOPMENT

## 14.1 VERSLAG, WERKSWYSE, STRATEGIE

- Studente is vir 30 weke gedurende 1997 gesien, Dinsdae telkens vanaf 10:00 tot 13:00.
- Werkswyse: kontaksessies en groepbesprekings.

  Elke eenheidstandaard ("unit standard") het nagenoeg drie weke in beslag geneem. Die studiemateriaal is aangebied en aan indringende gesprek in die groep onderwerp. Die gesprek is telkens met 'n aantal vooraf-opgestelde vrae gestimuleer wat probeer het om die ware behoeftes van die groep te identifiseer en in die gesprek te betrek. Gesprekvoering het ten doel gehad om die inhoude te aktualiseer en die groep so ver te kry om eienaarskap daarvan te aanvaar.
- Aan die einde van elke eenheidstandaard is evaluering toegepas. Dit het probeer om die verskillende vlakke van uitkoms te assesseer en het daarom ook verskillende assesseringsmetodes behels.

## 14.2 COURSE IN A DIACONAL HEALING MINISTRY FOR PROPHETS OF THE AFRICAN INDEPENDENT CHURCHES

**Duration**

9 weeks.

**Course objectives**

1. The primary overarching aim of this course is to guide the students to a biblical responsible healing ministry against the background of the deaconate.
2. The second, indirect aim is to stimulate a more discerning frame of mind with the students regarding the church and to serve building up the church in the long run.

### 14.2.1 Unit Standard 1: Introduction to healing ministry

#### *14.2.1.1 Purpose statement*

To guide the students towards developing a broad framework of reference regarding healing ministry which is biblically viable and which takes the history and culture of healing in the AIC into account. This automatically implies that the deaconate be involved, under-girded by the dimensions of koinonia and kerygma.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



### 14.2.1.2 Study objectives

### 14.2.1.3 Elements and performance criteria

*Element 1*: Students must describe the biblical foundations of a healing ministry (synchronically viewed). The students must also be able to account for different approaches relating to different interpretations of the Bible. (Synchronic and diachronic exercise).

*Element 2*: To contemplate on Jesus Christ as Healer (synchronically).

*Element 3*: To apply derived principles to a AIC case study (Walther Matitta) (synchronically and diachronically):

*Element 4*: The students accept ownership by working out (synchronically and diachronically, in group and individually) an assignment on a healing ministry set within their cultural and church context and situation, in order –

A To get feedback and reflection

B To evaluate according to aspects of koinonia (communication), self-exploration, transformation, strategies of problem-solving. (According to critical cross-field outcomes listed in 11.5.4.2).

### 14.2.1.4 Learning offerings

Study material, contact sessions, group discussions, writing an assignment, evaluation.

#### 14.2.1.4.1 Study notes

Notes were made available to the students on the following:

- The Scriptural basis of healing and a healing ministry.
- Jesus as Healer.
- The diaconial aspect of healing.
- A historical case-study: Walther Matitta (1876 →).

Group discussion and reflection sometimes generated ideas and angles which were worked out in the form of additional study material.

#### 14.2.1.4.2 Contact sessions and group discussions

The study material was made available at the start of the course and students were required to do their own reading of it. The material was presented in broad outline and discussed during a period of two weeks. The format was one of group discussion, dialogue and reflection.

#### 14.2.1.4.3 Assignment

A group assignment of 5-10 pages of the main aspects of a healing ministry. The following aspects had to be covered:

- The need for a healing ministry.
- Counselling aspects as far as suffering in sickness is concerned. What methods are to be used?
- How existing healing practises (e.g. exorcism) should be transformed in order to form part of a responsible healing ministry.
- How to integrate a healing ministry with the other aspects of ministry, i.e. preaching?

The assignment aimed to stimulate group discussion, individual growth and a sense of ownership (cf Kirkpatrick 1995:65). The group met in their own time to work on the assignment.

One scheduled meeting was set aside to discuss and critically evaluate the product of their combined effort.

*Material to be consulted:*

Notes provided by the course developer.
Prescribed books (Theron 1995, Wicks 1985, Narramore 1966).
Didaché modules selected for highlighting certain healing models (e.g. Van Niekerk: Module 3.4: "To develop cognitive skills in African context;" as well as De Jongh van Arkel: Module 3.3: "To teach the essence of pastoral work" (especially pp 57-58)).

#### 14.2.1.4.4 Evaluation

Evaluation was done at the end of the course. Individual assessing and feedback continued throughout the course as part of the interaction between course leader and students.

### 14.2.2 Unit Standard 2: A multi-dimensional pastoral-ecumenical approach to healing ministry

#### *14.2.2.1 Purpose statement*

How can the Christianisation of traditional healing methods (exorcism, etc. and inculturation of Christ's method of prayer bring about more than one form (method) of healing which is biblical and effective in practise.[292]

#### *14.2.2.2 Study objectives*

- To explore a more holistic approach (including psychological and biochemical approaches).
- To distinguish between magic and religion.
- To be culturally relevant in treatment of illness. (For instance, to employ a "safeguarded" exorcism.)
- Handling marriage and alcohol problems.
- To grasp the theology of healing by prayer.
- To evaluate by a Scriptural theology of healing with reference to characteristics of the church.
- To arrive at some balanced approach.

#### *14.2.2.3 Elements and performance criteria*

*Element 1*: To explore a more holistic approach towards healing, Christianisation of traditional healing (synchronical).

The student must be able to describe the essence of the following methods:

1. Using counselling methods alongside prayer and Biblical viable exorcism.
2. Using biochemical methods (*Mokgwa bodupe ka bophara* – W-Tsw).
3. Using African traditional method. Discerning it from the methods of the prophet. To discern between magic (*masalemose* – W-Tsw) and pure religion (*bodumedi ba nnete* – W-Tsw).

---

292 Multi-dimensional pastoral-ecumenical approach: Using more than one culture and one method, preventing stereotypes and establish friendship over language borders, to learn from them and to demonstrate unity in faith.

*Element 2*: To be culturally relevant (*go nna le kitso*- W-Tsw) in treatment of illness. To develop a Christian exorcism (*Ho alefa ka setso*- W-Tsw) by inculturation of Christian healing principles (diachronical).

1. The student must be able to describe exorcism in the following contexts:
   - ATR
   - Prophet.
2. The student must be able to design theoretically a Christian exorcism against the backdrop of Biblical theology, but within the African context.

*Element 3*: Christianisation of cultural and traditional healing parallel with inculturation of Christianity (diachronical and synchronical).

The student must be able to describe the following:

1. Describe the relevant methodology.
2. Describe the theology of healing by prayer (*Phodiso ya thapelo* – W-Tsw).
3. Handle a case in practise (similar to Mulungu) and to integrate psychological, biochemical and sacramental approaches.
4. Evaluate by reflection, communication, self-exploration and transformation (according to critical cross-field outcomes listed in **11.5.4.2**).

### *14.2.2.4 Learning offerings*

Study material, contact sessions, group discussions, and evaluation.

#### 14.2.2.4.1 Study notes

Notes were made available to the students on the following:

- How psychology integrated with prayer can be used in handling grieve and alcoholism. (with reference to Mulungu's autobiographical narrative).
- The office of the prophet.
- The difference between magic and religion.
- Exploring a cultural healing ministry which is Biblical.
- Exorcism.

#### 14.2.2.4.2 Contact sessions and group discussions

The material was presented in broad outline and discussed during a period of three weeks. The format was one of group discussion, dialogue and reflection. Students were expected to write their own assessments of the material and the group discussions, substantiated by own experiences if possible.

#### 14.2.2.4.3 Evaluation

Evaluation was done at the end of the course. Individual assessing and feedback continued throughout the course as part of the interaction between course leader and students.

### 14.2.3 Unit standard 3: Individual eschatology and death

#### *14.2.3.1 Purpose statement*

To communicate the vindication (triumph) over death by Christ in such a way as to be true to cultural customs and Christian preaching, burial practises and transforming the notion on death.

#### *14.2.3.2 Study objectives*

- Describing the notion of death in ATR.
- Showing the influence of ATR on burial practises (i.e. the inculturation of burial forms).
- Describing the Christianisation of ATR notions and practises.
- Describing the process of inculturation regarding death and funeral.
- Elements and performance criteria

#### *14.2.3.3 Elements and performance criteria*

*Element 1*: Showing the essence of the notion of death for African Theology (synchronical)
Showing the essence of the notion of biblical notion of death in relationship to sin, sickness, forefathers and ritual offerings (synchronic).

The student must be able to describe –

1. Describe the influence of ATR (African Traditional religion) on the AIC's notion of death.
2. Christianisation of ATR notion of death and burial practices (synchronically).
3. Inculturation of a Christian theology of death and burial (diachronically)

*Element 2*: To reach a balance between Christian thinking and cultural customs (synchronical and diachronical).

The student must be able to –

1. Practice this in a sermon or burial sermon (*matsediso*).
2. Evaluate burial practises and the specific aspects of diaconia and koinonia as set out *inter alia* by the checklist of critical cross-field outcomes listed in 11.5.4.2

#### *14.2.3.4 Learning offerings*

Study material, contact sessions, group discussions, and evaluation.

##### 14.2.3.4.1 Study notes

Notes were made available to the students on the following:

- Death and burial in ATR.
- Christianisation of traditional notions of death and burial and inculturation of a Christian theology of death and burial.

##### 14.2.3.4.2 Contact sessions and group discussions

The material was presented in broad outline and discussed during a period of three weeks. The format was one of group discussion, dialogue and reflection. Students were expected to write their own assessments of the material and the group discussions, substantiated by own experiences if possible.

#### 14.2.3.4.3 Evaluation

Individual assessing and feedback (including peer assessing) continued throughout the course as part of the interaction between course leader and students.

Students were evaluated at the end of the course. Evaluation was done group-wise and individually.

## 14.3 COURSE IN A KOINONIAL HEALING MINISTRY FOR AIC PROPHETS OR MINISTERS AGAINST THE BACKGROUND OF A CHURCH DEVELOPMENT MINISTRY

**Duration**

9 weeks.

**Course objectives**

- To facilitate formulating a vision of healing and training against the background of church development.
- To use discipleship principles to actualise koinonia and to stimulate Church growth.
- To have students appreciate the doctrine of ecclesiology, the characteristics of the true Church and history of the AIC.
- To describe the illnesses which are typically encountered in the course of a healing ministry.
- To formulate guidelines for a Biblical healing ministry which can accommodate the medical professions and promote Church development.
- Evaluation.

### 14.3.1 Unit Standard 4: Groups and the local healing and training centre

#### *14.3.1.1 Purpose statement*

To guide the students towards using discipleship and planning principles to form up groups and to develop a local healing and training centre such as to nurture koinonia and a learning environment.

#### *14.3.1.2 Study objectives*

- To form a core group of candidates who can be trained on a regular basis at a local centre
- To facilitate planning aspects of a ministry that accommodates healing.
- To be able to form and motivate a group Scripturally and have them meeting regularly at the local training centre.
- To help students forming their own disciple groups; to help them to synchronise their groups' activities with the activities and study program of the centre.

#### *14.3.1.3 Elements and performance criteria*

*Element 1*: Students must define koinonia and discern it from *ubuntu*.

The students must be able to –

A. Describe the concept of theological training in extension (TEE)

B. Be able to integrate koinonia with TEE.

*Element 2*: Students must use planning principles to bring about a group and centre.

Students must be able –

A. To name and describe Biblical role models as examples of leadership and management planning of aspects of ministry or training.

B. To make it applicable to the foundation and management of a group and centre (synchronically)

*Element 3*: Using discipleship principles for putting up a group and centre.

Students must be able –

A. To base these discipleship principles Scripturally.

B. To spell out important principles as far as groups and group work is concerned.

C. To plan forming a group and putting up a centre, and to spell out the phases in detail.

D. To use principles and texts to motivate and practice a church development ministry by distinguishing the aspects of discipling ministry, i.e. conversion, development and training.

*Element 4*: To integrate discipleship principles and planning in bringing about groups and a centre.

Students must be able –

A. To form groups in practice. (Discipleship and training groups)

B. To have study groups co-operating with individuals, church groups (building up the church).

C. To plan own study programmes, finances, evangelism outreach (for minister), healing centre (for prophet), and church and training centre (for lecturers, study leaders and facilitators).

D. To get feedback and evaluate according to communication, koinonia, self exploration and transformation (According to critical cross-field outcomes listed in 11.5.4.2).

#### *14.3.1.4 Learning offerings*

Study material, self study, contact sessions, group discussions, and evaluation.

##### 14.3.1.4.1 Study notes

Study material was made available to the students on the following:

- Koinonia (sharing; communication and contextualization); *ubuntu*; koinonia as Christianised *ubuntu.*
- TEE (Theological Training in Extension) with a koinonial dimension.
- Planning, management and leadership in the church:
  - Principles of church membership, leadership and teamwork
  - Identification and development of personal gifts and talents within the church
  - Study of three leadership role models (Andrew, Nehemiah and Moses)
  - Principles of planning, management and leadership.
- Planning and managing of the founding of a Local Centre.

- The vision (with special reference to discipleship)
- The strategy
- The plan
  Nucleus phase
  Group phase
  Centre phase
- Other important principles in putting up a local centre (for advanced students).

The following material was also prescribed:

Simpson, CJA sj. Preaching, teaching and pastoral work, Module 3.5, *Evangelism and community service*. Didaché Institute.

Willis, AW 1985a. *The disciple's personality. Masterlife.* (Book 2) London: International Publication Services.

Willis, AW 1985b. *Discovering your Spiritual Gifts. Masterlife* (Book 6). London: International Publication Services.

### 14.3.1.4.2 Self-activity

**Initial stage**

Self study activities:

- Study and describe the disciples' cross (Masterlife, book 1, p. 28)
- Identify and explain the requirements that applied to the disciples (Masterlife, book 1, p. 29-38)
- Explain three requirements for Quiet Time (Masterlife, book 1, pp. 39-46).

**Advanced stage**

- Study Simpson sj.:157-172: "Action plan to achieve objectives, evaluating results, informational co-operation and financial co-operation."
- A mini-project was set for each individual student in which the principles set out by Simpson were to be applied.

**Instruction 1:**

Basic and advanced: Organise yourself a group using the principles and methods outlined in the study material.

Advanced: Lecture them principles how to disciple other people. Make use of "Eba setho se phelang" and Masterlife.

Or:

Approach five different people and use the above mentioned texts and principles as to either disciple, building up or training them.

Or:

Role play – basic and advanced: Let a member of your group rehearse the role of an unbelieving person, and lead him to Christ.

Or:

Let a member of your group rehearse a role of a believing person who is still clinging to worldly things, and guide him or her to full commitment to the kingdom.

**Instruction 2:**

Study leaders: Guide individual students towards organising new groups with themselves as group leaders.

Or:

Basic (Adult Basic Education Training level (ABET)): Use the pictures of *Eba setho se pelang*, and tell the story connected to pictures. Or use a tape recorder alongside the pictures of the booklet. Try and associate the right picture in *Eba setho se phelang* with the Bible reading played.

**Instruction 3:**

Advanced:

Use the principles contained in the study material to plan a budget for your church.

Or: Plan an evangelistic outreach while using the material of Simpson sj:40-74.

#### 14.3.1.4.3 Evaluation

Individual assessing and feedback (including peer assessing) continued throughout the course as part of the interaction between course leader and students.

Students were evaluated at the end of the course. Evaluation was done group-wise and individually.

## 14.3.2 Unit standard 5: The origins, development and fruits of AIC with special reference to a healing and church development ministry

### *14.3.2.1 Purpose statement*

To obtain knowledge of the origins and history of the AIC; to foster a spirit of Spiritual discerning between what is good and bad fruits in history (from the perspective of a ministry of healing and building-up or development); to apply insights to various situations, i.e. in a way of problem-solving in a situation of latent schism.

### *14.3.2.2 Study objectives*

- Learning the roots and origins of AIC in such a way as to become aware of both the negative and positive aspects, and having the students identify with the special character and role of these churches.
- Learning the causes of schisms objectively.
- Understanding the characteristics of the true church.

### *14.3.2.3 Elements and performance criteria*

*Element 1*: Origins and roots.

The student must be able to –

A. Trace and describe the general factors leading to the foundation of the AIC.

B. To briefly describe in a paragraph the role of the founder leaders of the Ethiopian and Zionist Churches.

*Element 2*: Splits – inevitable, justifiable?

The student must be able to –

A. Discern the factors and circumstances which may lead to church splitting.

B. Discern between inevitable and unjustified schisms.

C. Implement building-up principles concerning leadership characteristics and a Spiritually inspired ministry, which will prevent negative splits.

*Element 3*: The positive or negative outcome of a split in the local community

The student must be able to –

A. Do a short, informal research on the history of his/her church(s) with special reference to koinonia.

B. Evaluate it by reference to the critical cross-field outcomes listed in 11.5.4.2 (In other words, by reference to the fruits of real communication, service to the community, transformation, problem solving etc).

#### *14.3.2.4 Learning offerings*

#### 14.3.2.4.1 Study notes

Study notes were made available to the students on the following:

- The origins of AIC
  - The schisms from the Methodist Church
    - The Unzondelelo (zeal) movement
    - Tile Nehemiah (1891)
    - Dwane
    - Mokone, Mongena Moses
  - Scottish Mission Lovedale- M. Mzimba and J. Stewart
    - J Stewart
    - P.I Mzimba
  - The L.M.S. (London Missionary Society)
    - Ntsikana and Makanda
    - Robert Moffat and the Bechuanaland Mission
    - Sechele
  - Origin of the Zionist Churches
    - Joseph Kerr and Job Mtandi
    - PL le Roux, the Founder of the Zulu Zionists
    - Pentecostalism and Indigenous churches
    - The Sotho Zionists
    - Black pioneers of AIC who further Zionism
    - Evaluation of Zionism and Ethiopianism
  - Metaphors for church building: The integration of diaconia and kerugma in the koinonia
  - The characteristics of a true church
  - Reflection of Bishop A Nculele

**Bishop Antonio Nculele** broke away from his previous church, the *Isonto Ekuphileni* (Church of Healing) because he said that he had found that after his theological knowledge grew, he could no longer remain in that church. Too much focus fell on healing ministry and he increas-

ingly grew uncomfortable with the way it was practised. He repudiated his former church, split and chose to start his own church: *The Church of the Apostolic Saints*[293] which had a more pentecostalist dimension.

He is still very much involved in healing. His ministry is now characterised by fasting and waiting in prayer for God to reveal to him the cause of illness. His transformation was largely the result of theological training at various centres and an acquired appreciation of healing through Western medicine which he called "law."[294] (Western scholarship and science tend to be understood as "law" – the same term is also applied to the churches of the law – *molau.* (Cf also Van der Spuy 1995:150,226)).

Antonio Nculele however exposed a great ecumenical craving for actually being the only Bishop of the AIC's being involved with Bishop Desmond Tutu's Honouring Ceremony and was personally greeted by Tutu. He told me that Tutu's was crying when meeting him and as such acknowledged him as a bishop of a church.

PT Mokhoanatse, a teacher and member of the Uniting Reformed Church in South Africa and student of Didaché the next year, also doing this assignment, also reflected on Bishop Nculele: "He accepted Western medicine as a means of healing, alongside prayer healing. To me this split is a genuine one, and his main weapon is prayer. He believes that he should be in direct contact with God before he does anything."

#### *14.3.2.5 Contact sessions and group discussions*

The study material was made available at the start of the course and students were required to do their own reading of it. The material was presented in broad outline and discussed during a period of three weeks. The format was one of group discussion, dialogue and reflection.

#### *14.3.2.6 Evaluation*

Individual assessing and feedback (including peer assessing) continued throughout the course as part of the interaction between course leader and students. Much were made of concepts like kerygma, koinonia and diaconia in as much they applied.

Students were evaluated at the end of the course. Evaluation was done group-wise and individually.

### 14.3.3 Standard unit 6: Traditional, scientific and ministerial perspectives on medical, emotional and psychological disorders – description

#### *14.3.3.1 Purpose statement*

The students must be able to link traditional, scientific and ministerial knowledge and/or categories regarding medical, emotional, psychological and psychiatric conditions; the student must be able to describe the symptoms of *ukuthwasa* and similar cases and discern real causes.

---

[293] This name may bear witness to an epithet ("Saints") of the Israelite Independent Church in the times of Isaiaha Shembe (1935) or JG Shembe (1942→),(Sundkler 1976:172, Sundkler 1961:163).

According to an assignment of student PT Mokhoanatse who must have known Nculele personally, the name of the church was changed from "Church of the All Saints" to "Church of the Apostolic Saints."

[294] Law: This term describes the more Western or scientific way of thinking where hard and fast natural principles or laws predominate. This is regarded to be the opposite of *moya* which is supposed to be a purely spiritual method.

#### *14.3.3.2 Study objectives*

- To give a broad framework (classification) of illnesses encountered in the course of a typical healing practice/ministry.
- To give traditional descriptions of related disorders, to describe the symptoms of such disorders and the traditional etiology.
- To discern between epilepsy, neurosis, psychosis and social abnormal behaviour.

#### *14.3.3.3 Elements and performance criteria*

*Element 1*: To describe a broad framework of disorders encountered in the course of a typical healing practice/ministry.

The students must be able to –

A. Describe said disorders from the viewpoint of traditional knowledge

B. Describe the same disorders from the viewpoint of medical science and psychology.

*Element 2*: To describe and discuss possible causes of illness with the aim of developing relevant methods of treatment or ministerial approaches.

The student must be able to –

A. Describe symptoms of neurotic and psychotic cases.

B. To describe the circumstances and/or causes related to neurosis and psychosis and name the correct pastoral approach in example cases.

*Element 3*: To describe the symptoms of an *ukuthwasa, ufufunyana* etc case.

The students must be able to –

A. Describe the symptoms as such that it could be recognised.

B. Describe the different ways of approaching the *ukuthwasa, ufufunyana* etc –

- ATR (African traditional religion).
- Prophetical healing
- Western healing.

#### *14.3.3.4 Learning offerings*

#### 14.3.3.4.1 Study notes

Study material was made available to the students on the following list of illnesses, their symptoms and relevant methods of therapy or healing. This study material also applied to Unit standard 7.

- The difference between neurosis and psychosis
- Neurosis (*kuthlobohloko*) and neurotic illnesses (*malwetse a tswanang lea methapo* – W Tsw)
  - *Ukuphutelwa* – Xh (*Go phetelwa* – W Tsw)
  - *Umbilini*
  - *Ukubuda* – Xh
  - *Ukulawula amaphupha* – Xh
  - *Intloko engxolayo* – Xh
- Psychosis, various forms and types of psychoses and psychotic illnesses
  - *Amafufanyana* – Xh (*Mafofonyane* – W Tsw)

- *Amakhosi*
- *Ukushiywa ziinngqondo*
- *Ukuphapazela* – Xh (*Go fafamoga* – W Tsw)
- Ukuthwasa – Xh (Go Thwasa – W Tsw)

***Ukuthwasa- Xh.(Go Thwasa- W-Tsw.):***

ATR

*Ukuthwasa* comes from the ancestors and is a calling for becoming a prophet. Prophets describe this condition of a feeling on your shoulder. If a contact was made with an *idlozi,* then a goat is slaughtered to apologize to the *amadlozi*. Other when experiencing that God (Jesus) is touching them, they go to a church. Here water is given to them and they are being prayed for. For seven weeks they are at weekends baptized in the river after their fetishes have been removed and put back. This is a rinsing ritual. The prophet is sometimes forced to still bless the goat being brought to him. This was the situation with some of the Durban prophets interviewed by Oosthuizen GC (sj:88).

Symptoms: The person is always crying. He thinks his going mad. His heart is beating faster. Nussbaum describes this condition of *phaphatheha* (S-S.) it occurs under the Sotho's as presenting fits, (*tlisa seebane-* W-Tsw.) fainting, loss of memory and wandering in a trance *tsamay mo torong-* W-Tsw.). Broadly referred to as *bokudi ba moya* (*bokuli ba moea.* (French orthography of Paris Evangelical Missionary Society of this illness.); (*bolwetse ba moya-* W-Tsw.)}. (Nussbaum 1985:66) This is experienced in the Sotho sense to become a *lethuele*.[295]

Treatment: The person is taken to a witch doctor. Strong herbs are prepared and put in water and poured over his head. They call it *ukuphelela-* Xh. Then a goat is taken and killed. He is now an apprentice going with the witchdoctor. If not cured by the witchdoctor, being difficult, the person will get mad. *(umphambana-Xh.)*

Prophet treatment: In the church the *ukuthwasa* is driven away by prayers.

Biological treatment: In the West these persons are regarded as out of feeling with reality, and destined for a mental hospital. Africa judges this as having a greater touch with a deeper reality.

**Evaluation:**

These illnesses are differently evaluated from Western and African perspectives

(Nussbaum 1985:66). Most sicknesses according to traditional methods can only be healed by dancing and drumming with a special sacrifice of a goat. This seems not to be true in every case according to the research of Nussbaum, S in Lesotho under a few AIC's churches. The AIC's showed a great variety of spirit experiences. According to Nussbaum the difference between the church related spiritual rankings can be clearly distinguished. These church-related groups submit to the Holy Spirit as perceived and not the traditional Spirit (Nussbaum 1985: 57-66).

Not al sicknesses can be classified according to this above scheme, because some defile this classification, if not most. Such an illness is *bokudi ba moya* (*bokuli ba moea* - French orthography of S-Sotho) (Nussbaum 1985:66). This is accompanied by stabbing pains in the ribs. And headaches. (Nussbaum 1985:71) Although *spirit sickness* can be easily systematized under heading of the *ukuthwasa* (*go thwasa* - W-Tsw.) for showing some of the same symptoms. This still differs a lot in content to what is more Christian. This spirit is an invading spirit of the Holy Spirit urging somebody to become a member of the AIC's. In this way the person is then healed by the AIC's when treated by them (Acc. Nussbaum 1985:74).

---

295 *Lethuele:* The *lethulele* devining by using going into a trance and using drumming and music. The other types in Lesotho are the *selaoli* devining by bones and the senohe by touching persons clothes. The *ngaka* are of two types: *Ngaka e chitja* which is a herbalist and *ngaka ea linaka* which is more determining the illness resulting from the spiritual world. (Nussbaum 1985:65)

For further elaboration on the list of illnesses as far as diagnosis, treatment, etc., see Oosthuizen GC, "The prophet in the African Independent Churches" ( sj:56-115).

  - *Amandiki*
  - *Indawe*
- Treatment of depression as form of neurosis or psychosis or combination of both.
- Epileptic illnesses (*seebane* – W Tsw)
  - *Isathuthuwane* – Xh
  - *Uxhozula* – Xh
- Somatic illnesses (*Mefuta ya malwetse a mmele*)
  - Tuberculosis
  - *Umlambo* – Xh
  - *Iphika* – Xh

#### 14.3.3.4.2 Contact sessions and group discussions

The material was presented in broad outline and discussed during a period of three weeks. The format was one of group discussion, dialogue and reflection.

#### 14.3.3.4.3 Evaluation

Individual assessing and feedback (including peer assessing) continued throughout the course as part of the interaction between course leader and students.

Students were evaluated at the end of the course. Evaluation was done group-wise and individually.

## 14.3.4 Unit standard 7: Traditional, scientific and ministerial perspectives on medical, emotional and psychological disorders – diagnosis, treatment and ministry

### *14.3.4.1 Purpose statement*

To describe how diagnosis, treatment and ministry form a integrated whole and how the correct healing approach can be based on establishing a relationship between healer and member/patient using aspects of paraclese (kerugma), of healing, guiding, sustaining (koinonia) and of healing and reconciliation (diaconia).

### *14.3.4.2 Study objectives*

- To form a holistic, balanced and cultural approach through group dialogue which will validate Biblical norms.
- To be able to use the concept of paracletos in forming a balanced approach in handling *ukuthwasa* and related conditions.
- To handle these cases as part of a team in a pastoral way and to have the knowledge to refer cases to the appropriate professions as well.

### *14.3.4.3 Elements and performance criteria*

*Element 1*: To develop their own cultural method through dialogue which will validate Biblical norms.

The students must be able to –

A. To act out different cases (role play) and ministering to such cases.

C. To develop a method which is holistic and balanced.

B. To get involved in prevention programmes.

C. Evaluate it by reference to the critical cross-field outcomes listed in 11.5.4.2. (In other words, by reference to the fruits of real communication, service to the community, transformation, problem solving etc). Also to evaluate by reference to diaconia, koinonia as also set out by the checklist of critical cross-field outcomes.

D. Refer patients correctly for the relevant therapy (medical, psychological, psychiatric, social work).

*Element 2*: To describe the steps of handling an *ukuthwasa* patient.

A. The diagnosis and evaluation.

B. The strategy of problem solving been taken.

C. Establishment of a relationship through empathy *inter alia* by taking into account the background of the patient.

D. The holistic or multidisciplinary approach using paraclese (kerygma) and aspects of healing, guiding, sustaining (koinonia) and healing and reconciliation (diaconia).

E. The spurring for a balance in the handling by the *Parakletos* (kerygma).

F. The feedback has been given and koinonia (communication) had been created, - re-evaluation took place plus a new strategy been planned.

G. There has been positive transformation at the patient and prophet/minister.

H. Assessment: To what extend had the family been transformed and did the fellow believers grow?

### 14.3.4.3.1 Study notes

The study notes followed basically the same pattern as previously mentioned, but under the following headings:

a. The handling of an *ukutwasa* case

b. Problem in pastoral counselling:

b.1. The real cause

b.2. Handle according to situation

b.3. "Checks"

c. Strategy taken for instance in *guiding, healing, sustaining and working reconciliation* in someone's crisis so that he may grow spiritually:

c.1. Sustaining

c.2. Enmity and flight cleared up by reconciliation

c.2.1. Deny evil or not?

c.3. Healing and paracletos as diaconia

c.3.1. Prayer

c.3.2. Ritual and symbols used in reconciliation and healing.

### 14.3.4.3.2 Contact sessions and group discussions

Contact sessions took place during which the study material was presented in broad outline and discussed during a period of two weeks. The format was one of group dis-

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



cussion, dialogue and reflection. Students were expected to write their own assessments of the material and the group discussions, substantiated by own experiences if possible.

**Individual assignment:**

Apply the principles as set out to a case of illness you have ministered to, write down a short report following the appropriate steps.

What are the names been used for these illnesses in your culture?

**Group activity:**

- Describe the weaknesses and strengths of each method, whether it may be cultural, Western (*ka molao*), or that of the prophet/minister.
- Discuss the statement: No method is correct when applied in isolation.
- What would a balanced position be?
- Explain your own view on the handling of the individual disorders and say why you followed that method.
- Discuss the question whether healing ministry should take place in tandem with community health services.
- Give your proposals for a ministry in exorcism. Don't you think that exorcism is totally misused when illnesses like epilepsy or polio are exorcised. To strike a balance, don't you believe that there must be some safeguarded form of exorcism? Say how these insights helped you to develop a spirit of distinguishing the true from the false.
- Would prayer not be a viable element of any method of exorcism?

### 14.3.4.3.3 Evaluation

1. What would you regard the main difference between magic and real God-given healing?

1)Is it that objects are bestowed with power in magic?

2) Or: Is it that God is bribed (manipulated) to give healing.

3) Is it both?

2. What would be the characteristics of a real God given healing.
3. How would you judge a ritual such as the placing of an object (*ditshupo*) in the coffin of somebody? Choose one of the following answers as the correct answer:

   1) He is busy with forefather sacrificing.

   2) He is not busy doing anything wrong.

   3) He has a good intention but demonstrates it wrongly.

   4) He is not automatically wrong. It all depends on his attitude towards God. If it has compulsion over God, it is magical and wrong.
4. Did the material about the church history help you to identify better with your own churches origin? Do you think to initiate a schismatic action (split) from your church is right or wrong? (According to 1 Cor. 3.) Choose the best answer:

   1) I think it is the right option when my church is going astray.

   2) I think it is right when the group is growing to big.

   3) When the leader has died.

   4) No, God want us to be one (united) family in Jesus Christ. And it to ought to be the last option. It is better to negotiate a settlement, by going back to Scripture.

5. If a person is an alcoholic, epileptic or somebody having polio, what will your ministering to him be?
   1) Exorcising a devil out of him, for this is the only cause of his illness.
   2) It is his fault only being a drunken and such behaviour is against the Scripture.
   3) Alongside prayer, the ill person must also be handled by a clinic or hospital.
   4) In the case of an alcoholic the alcohol must be withdrawn out of his bloodstream and as such elevating his craving. (There can be more than one correct answer)
6. What are the meaning of *diaconia* (to be a servant rendering help as a healing activity), *koinonia* (to be a shepherd guiding and sustaining), *kerygma* (to be a messenger of the king, proclaiming not my word, but His)? And did these fields of work influence your ministry to be more Biblical balanced? Elaborate on the description. What were the results for your church and what transformation occurred in this regard?

   Choose the right answer:

   1) The people found more support and comfort from me, being more of a shepherd to them and caring for them after or during the course.

   2) They found me to be more serving like a servant.

   3) I grew in character from being unselfish to be more a servant in fulfilling their needs, not mine. I was led more into koinonia with God in prayer.
7. Think about the following statement as far as preaching as kerygma is concerned: I was proclaiming the Lord's Word more, not my own. How did your preaching and transformed life (example) motivated the members to get more involved?

## 14.4 *KERYGMA* AND *MARTYREIA*

### 14.4.1 Preaching ministry for ministers of the African Independent Churches against the background of church development

#### *14.4.1.1 Unit standard 8: Kerygmatic ministry*

**Duration:** 6 weeks

##### 14.4.1.1.1 Purpose statement

Students must be able to use a method of Biblical exegesis which employs more than one hermeneutical principle and in preaching give a balanced scope to the aspects of koinonia, diaconia and kerygma.

##### 14.4.1.1.2 Study objectives

- To learn of different (complementary) methods in scripture-exegesis.
- To analyse sermons which illustrate limited, one-sided exegesis and exposition, as well as sermons which illustrate balanced contextualised exegesis and exposition.
- Understanding of the importance of systematisation: The outline of the sermon.
- Contextualization of preaching (koinonial dimension)
- To show that preaching must flow over in the building-up of the church.
- To show how liturgical aspects of rituals and symbols can be transferred into diaconia and again lead to liturgia (Malan 1994:37).

#### 14.4.1.1.3 Elements and performance criteria

*Element 1*: Describe pluriform functions in preaching

A. The student must be able to describe and reflect on the metaphors of messenger, slave and shepherd.

B. Students must be able to link it to certain figures and metaphors of ministry, like diaconia, koinonia and kerugma as well as to describe the contents there-of.

C. Students must be able to describe certain functions in the sermon which express the different above mentioned dimensions.

*Element 2*: Describe different sermons and elements of sermon.

A. Students must describe and analyse different sermons.

B. The student must be able to show how the dimensions named above, alongside with the emotional, doctrinal and koinonial, were distorted in various sermons and evaluate it as such.

*Element 3*: Different exegetical approaches and ways of designing a sermon.

A. Students must be able to describe the two forms of analytical and synthetical methods of exegesis.

B. Students must be able to describe the exegetical steps.

C. Students must be capable to put the exegetical results into a concept sermon.

D. Student must be able to evaluate it by critical cross-field outcomes listed in 11.5.4.2. (In other words, by the fruit of real communication, service to the community and transformation and problem solving etc)

#### 14.4.1.1.4 Learning offerings

##### 14.4.1.1.4.1 Study notes

Study material was made available to the students on –

- Kerygma
- Introduction to exegesis
- Systematic and cyclical Scriptural exegesis
- Exegesis and working out a sermon
- Various types of sermons
- Communication, kerygma and koinonia in preaching

##### 14.4.1.1.4.2 Contact sessions and group discussions

Contact sessions took place during which the study material was presented in broad outline and discussed during a period of nine weeks. The format was one of group discussion, dialogue and reflection.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



**Group discussion**

1) Reflect on the Bible texts referred to in the study material. Does it apply to diaconia, koinonia and kerygma?
2) Do you agree with the statement that when the different faculties of head, heart and hands-feet are met, that aspects of diaconia, koinonia and kerygma are also met (Vos 1995:25, 221, 151).Which faculty is referring to which ministry?
3) How are all these aspects functioning in your sermon? In other words how do you realise the functions of a) messenger of the king (kerygma), b) good shepherd (koinonia), c) slave (diaconia), d) teacher (didaché)?
4) What does this imply for the application part of your sermon?

**Assignment**

Prepare a sermon on Genesis 32. Deliver it and let one of your fellow students judge you on the above aspects.

##### 14.4.1.1.4.3 Evaluation

Evaluate a minister colleague's sermon by asking the following questions:

- Was the sermon Christ centred, self-centred?
- Was it centred around one topic?
- Did he (the preacher) have branches in his sermon following out of the main stem?
- Did he distinguish the occasion? (contextual)
- According to you, is the preacher's lifestyle exemplary of his preaching?
- Did the sermon address the needs of the community and did it motivate people to get involved in the levels of koinonia ( acting like a shepherd) -being a servant tot somebody or be a messenger by proclaiming the Gospel (winning souls).
- Was it only soul seeking, instructional or did it also comfort people in their trails and tribulations. Give a mark on a scale 1-10 for each question (Daneel 1989:411)

## 14.4.2 Witnessing ministry for prophets or ministers of the African Independent Churches against the background of a church development ministry – martyria dimension (witnessing intension)

### *14.4.2.1 Unit standard 9: Witnessing and building up the church*

Duration: 6 weeks.

#### 14.4.2.1.1 Purpose statement

To be able to use witnessing in building up the church in such a way that the ministry is focussed both inwardly and outwardly. This boils down to a koinonial dimension married with a missionary intention as method of building the church (Gensichen 1971:75).

#### 14.4.2.1.2 Study objectives

- To bring about church development by communicating the essence of the Church.
- To contextualise the *notae ecclesiae* of the church.
- To distinguish the true church from the false.

- To relate the *notae ecclesiae* with the *missio Dei.*
- To use the koinonial dimension married with missionary intention as applied to diaconia as a method of building the church.

### 14.4.2.1.3 Elements and performance criteria

*Element 1:* The building-up of the church

The students must be able to describe the being of the church by using the *notae ecclesia* and the *missio Dei.*

*Element 2:* To use Bible study of the book Ephesians to motivate students for the building-up of the church inwardly.

The students must be able to –

A. Use Bible study of Ephesians to motivate the building-up of the church outwardly; to name and describe images portraying outward action.

B. To integrate these two: church development outwardly and inwardly.

*Element 3:* To use and motivate own Bible study groups in promotion of an inward church development and outward missionary plan.

A. The students must discuss and design a strategy for using and motivating own Bible study groups as said.

B. The students must relate the *notae ecclesiae* with the fruits of martyria, koinonia and diaconia. They must also describe how this will realise in the practical life of the church.

### 14.4.2.1.4 Learning offerings

#### 14.4.2.1.4.1 Study notes

Study material was made available to the students on the following:

- Kerygma, martyria, koinonia and the church
- The holiness of the church
- The universality of the church
- The unity of the church
- The apostolicity of the church
- The *missio Dei* and the church

#### 14.4.2.1.4.2 Reading

Simpson's Didaché module 3.5:

1) Mission and evangelism redefined (pp 15-22)
2) Preaching teaching and pastoral work.
3) The church as household of God.
4) The church as body of Christ
5) The church as community of believers.
6) The church as the salt of the earth (Simpson sj:132-146).

DJ Bosch (1993) on Paul's theology of mission: *Transforming mission*, 33-139.

#### 14.4.2.1.4.3 Contact sessions and group discussions

**Discussion and reflection**

Church renewal contains an inner tension within itself. It can never be revolutionary. On the other side it follows from the Biblical realisation that both us sinners and the church of which we are part of, are in need of continuous rebirth, which in itself is a quite radical concept. Church renewal is a command from Scripture. Never must the tree (= the church) be cut down by an axe. But even a so called healthy church needs continuous pruning to bring forth real fruit.

We must be aware that the church is not a static or dead entity, but a living organism, comparable to a tree, which not only is supposed to grow and bear fruit, but also to multiply (acc. Heyns 1977:203). However a legalistic (*ka molau feela*) or enthusiastic attitude, claiming being led by the spirit means nothing if the right fruit are not produced (Matthew 7:9) (Bosch 1993: 81).

Some churches focus their church development towards the inner dimension and existence of the church and thus they tend to become more and more self-centred. Other churches tend to go the opposite way. They concentrate most of their energy on the outward expansion of the church at the cost of inner development.

The images of the church in Scripture must be combined in order to construct a balanced picture of church development. Mt. 28:19,20 is a good example where both building out (go to all the nations and make them my disciples) and building up ("and teach them") are mandated (Kellerman sj:4-5).

**Group evaluation**

*General*

- State which of the following texts refer to the inward development and which to the outward development of the church: Rom. 12:17, Phil. 1:27, Cor. 4:16, 1 Thes. 1:6-7, Col. 1:10, 1 Peter 2:12.

*Ministers*

- What are the features or qualities of a true church?
- How did this course influence you to start your own study group, or discipleship group in Church?
- Evaluate the progress by your group (just mentioned) towards church development.[296]

#### 14.4.2.1.4.4 Evaluation

Evaluate by feedback, communication, self-exploration and transformation (according to critical cross-field outcomes listed in 11.5.4.2).

296 Questions in terms of Kinsler 1978:246-247 and Daneel 1989:411.

# SLEUTELTERME

| | |
|---|---|
| Afrika | Africa |
| Animisme | Animism |
| Diakonia | Diakonia |
| Diakronie | Diachronical dimension |
| Dinamisme | Dinamism |
| Genesingsbediening / Helingsbediening | Healing ministry |
| Godsdiens | Religion |
| Godsdienstigheid | Religiosity |
| Inheemsheid | Indigeneity |
| Kerk | Church |
| Kerkopbou | Developing the church |
| Kerugma | Kerygma |
| Koinonia | Koinonia |
| Kontekstualisering | Contextualisation |
| Leiers | Leaders |
| Liturgia | Liturgia |
| Siekte | Illness |
| Sinkronie | Synchronical dimension |
| Teologiese opleiding | Theological training |
| Uitkomsgebaseerde onderrig | Outcomes-based education |
| Welsyn | Well-being |